

Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954

C. Blignaut

20312814

Verhandeling voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad *Magister Artium* in Geskiedenis aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: prof. J.A. du Pisani

April, 2012

Opgedra aan my ouers

Title:

Volksmoeders (Mothers of the nation) in the limelight: A historical-theoretical exploration of the role of women in the Ossewa-Brandwag 1938 to 1954

Summary

The Ossewa-Brandwag (OB) was a unique Afrikaner organisation, swept along by the current ideologies of the late thirties and forties of the twentieth century. Although the history of this organisation was thoroughly recorded there is hardly any material available on the role of women in the OB. The aim of this dissertation is to break the silence surrounding OB women by a historical-theoretical exploration of the agency of Afrikaner women. In this exploration use is made of gender as a category of historical analysis to point out how contemporaries' understanding of sexual differences was influenced by the ideal of the *volksmoeder* (mother of the nation). The focus is on how, by means of social organisation, women asserted themselves as political agents in the OB, seen in the context of contemporaries' understanding of sexual differences. The theoretical method of Joan Wallach Scott is used not only to *describe* the agency of women but also to *explain* and *interpret* it.

The above-mentioned exploration is done by looking at how Afrikaner women from the very beginning of the movement were involved in every facet of the Ossewa-Brandwag's activities-- from fund raising to cultural activities to social work to violent resistance to the Smuts government. In all these activities gender was used as a norm for the division of labour and social organising.

Against the backdrop of social constructionism it is demonstrated how women by these activities took part in the *volksmoeder* discourse often by reconstructing their own subjective identity within the limits of the conceptual language of the discourse. In the OB mainly two symbolical aspects of the *volksmoeder* emerged, namely the spirit of freedom and motherhood. The former was used particularly by OB women *themselves* to give content to their identity. In their resistance to South Africa's participation in World War II the traditional boundaries of the gender order were transcended and new meaning was given to the image of the *volksmoeder* by the women themselves. On the other hand women's agency was underplayed in the official policy of the OB by the biological determinism underlying contemporaries' understanding of sexual differences. "The cradle of the Afrikaner woman" was seen as a norm confining women to the family. Thus the "highest calling" of women was

described in the OB as “motherhood”. The *volksmoeder*, however, is a dynamic and often contradictory construction of identity. Seen against the background of Michel Foucault’s understanding of “power” women used their position as mothers to extend their political agency even further. In this way women of the OB not only gave new meaning to the image of the *volksmoeder*, they even made use of the narrower version of the *volksmoeder* to lay a claim to a central position for themselves in the movement. This was done by women in their practical activities *themselves* giving content and meaning to the constructed image of “true femininity”. The performative nature of gender turned all activities in the OB into *gender activities*.

Historically spoken Afrikaner women played a central part in the OB from 1938 to 1954. Theoretically spoken this part depended on contemporaries’ understanding of sexual differences and the way women used their agency was profoundly influenced by gender.

Key terms: Women, Afrikaner women, mother of the nation, *volksmoeder*, gender, Ossewa-Brandwag, World War II, Afrikaner nationalism, National Socialism, Fascism, gender history, women’s history, feminism.

Titel:

Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954

Opsomming:

Die Ossewa-Brandwag (OB) was 'n unieke Afrikanerorganisasie, meegesleur deur die heersende ideologieë van die laat dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu. Alhoewel die geskiedenis van hierdie organisasie deeglik opgeteken is, is daar byna geen materiaal beskikbaar oor die rol van vroue in die OB nie. Die doel van hierdie verhandeling is om die stilte rondom OB-vroue te breek deur 'n histories-teoretiese verkenning van Afrikanervroue se agentskap. In hierdie verkenning word daar gebruik gemaak van gender as kategorie van historiese analise om aan te dui hoe tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil beïnvloed is deur die *volksmoeder*-ideaal. Die fokus is op hoe vroue, deur sosiaal te organiseer, hulleself laat geld het as politieke agente in die OB, gesien binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Die teoretiese metode van Joan Wallach Scott word gebruik om nie net die agentskap van OB-vroue te *beskryf* nie, maar ook te *verklaar* en *interpreteer*.

Die bogenoemde verkenning word gemaak deur te let op hoe Afrikanervroue van die beweging se stigting af betrokke was by elke faset van die Ossewa-Brandwag se aktiwiteite. Van fondsinsameling tot kulturele werksaamhede tot maatskaplike werk tot gewelddadige verset teen die Smutsregering. In al hierdie aktiwiteite is gender gebruik as norm vir die verdeling van arbeid en sosiale organisering.

Teen die agtergrond van sosiaal-konstruksionisme word daar aangedui hoe vroue deur hierdie aktiwiteite deelgeneem het aan die *volksmoeder*-diskoers deur hulle eie subjektiewe identiteit dikwels te rekonstrueer binne die perke van die konseptuele taal van die diskoers. In die OB het daar veral twee simboliese aspekte van die *volksmoeder* na vore getree, naamlik vryheidsin en moederskap. Eersgenoemde is veral deur OB-vroue gebruik om *self* inhoud te gee aan hulle identiteit. In hulle verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is die tradisionele grense van die genderorde oorskrei en nuwe betekenis is deur vroue self aan die *volksmoeder*beeld gegee. Aan die ander kant is vroue se agentskap in die amptelike beleid van die OB onderspeel deur die biologiese determinisme onderliggend aan tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. “Die wieg van die Afrikanervrou” is gesien as norm wat die vrou beperk tot die huisgesin. So is die vrou se “hoogste roeping” in

die OB beskryf as “moederskap”. Die *volksmoeder* is egter ‘n dinamiese en dikwels teenstrydige identiteitskonstruksie. Gesien teen die agtergrond van Michel Foucault se verstaan van “mag”, het vroue gebruik maak van hulle posisie as moeders om hulle politieke agentskap nog verder uit te brei. So het OB-vroue nie net nuwe betekenis gegee aan die *volksmoeder*beeld nie, maar hulle het selfs gebruik gemaak van die meer eng weergawe van die *volksmoeder* om vir hulleself ‘n sentrale posisie in die beweging toe te eien. Dit is gedoen deurdat vroue in hulle praktiese werksaamhede *self* inhoud en betekenis gegee het aan die gekonstrueerde beeld van “egte vroulikheid”. Die performatiewe aard van gender het van alle aktiwiteite in die OB, *genderaktiwiteite* gemaak.

Histories gesproke het Afrikanervroue ‘n sentrale rol gespeel in die OB vanaf 1938 tot 1954. Teoreties gesproke was hierdie rol afhanklik van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil en is die uitoefen van vroue se agentskap diep beïnvloed deur gender.

Sleutelterme: Vroue, Afrikanervroue, *volksmoeder*, gender, Ossewa-Brandwag, Tweede Wêreldoorlog, Afrikanernasionalisme, Nasionaal-Sosialisme, Fascisme, gendergeskiedenis, vrouegeskiedenis, feminisme.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord en bedankings.....	i
Lys van illustrasies.....	vi
 <i>Hoofstuk 1</i>	
Inleiding: die kollig op navorsingsdoelwitte, historiografie en genderteorie.....	1
 <i>Hoofstuk 2</i>	
Die <i>volksmoeder</i> as kategorie van historiese analise: ’n Middel tot die verstaan van die rol en plek van vroue as agente in die Ossewa-Brandwag.....	51
 <i>Hoofstuk 3</i>	
Erfenis van OB-vroue: Agtergrond en stigting van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling.....	108
 <i>Hoofstuk 4</i>	
Van fondsinsameling tot Vryheidsdag: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van die <i>volksmoeder</i> , 1939-1943.....	167
 <i>Hoofstuk 5</i>	
Die rol van vroue in die Tweede Rebellie: OB-vroue se aandeel in die verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog.....	206
 <i>Hoofstuk 6</i>	
“Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil”: Die aard van gender-ideologie in amptelike OB-beleid en die betekenis daarvan vir die plek en rol van vroue.....	238
 <i>Hoofstuk 7</i>	
“Die hand aan die wieg regeer die land”: Vroue se agentskap as <i>volksmoeders</i> betrokke by volksorg tot volkspolitiek.....	290
 <i>Hoofstuk 8</i>	
Gevolgtrekking.....	344
 Bibliografie.....	 363

UITGEBREIDE INHOUDSOPGAWE

Voorwoord en bedankings.....	i
Lys van illustrasies.....	vi

HOOFSTUK 1

Inleiding: die kollig op navorsingsdoelwitte, historiografie en genderteorie.....	1
1.1 Inleiding.....	1
1.2 Oor brandwagte en vroue: 'n Historiografiese oorsig.....	5
1.2.1 Historiografie van die Ossewa-Brandwag.....	6
1.2.2 Historiografie van vrouegesiedenis: Oorsprong en tendense.....	10
1.2.3 Afrikanervroue in Suid-Afrikaanse historiografie.....	18
1.3 Teoretiese beoordeling van die rol van Afrikanervroue in die Ossewa-Brandwag: Gender as kategorie van historiese analise.....	29
1.3.1 “[A]n artful use of argument”: Gender in die geskiedwetenskap.....	32
1.3.2 Gender en die OB-vroue: Oorweging van navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en hoofstukindeling	42

HOOFSTUK 2

Die volksmoeder as kategorie van historiese analise: 'n Middel tot die verstaan van die rol en plek van vroue as agente in die Ossewa-Brandwag.....	51
2.1 Die verskynsel van die volksmoeder in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing.....	53
2.2 Die aard van die volksmoeder en die bruikbaarheid daarvan vir historiese analise.....	59
2.3 Die vloeibaarheid van identiteit: die evolusie van die konsep “Afrikanervrou” teen die agtergrond van vroue se “sin vir onafhanklikheid”.....	68
2.3.1 Die Hollands-Afrikaanse vrou en die stryd om onafhanklikheid gedurende die negentiende eeu.....	72
2.3.2 Die Voortrekkervrou se sin vir onafhanklikheid gedurende die Groot Trek.....	76

2.3.3	Die Boervrou se sin vir onafhanklikheid gedurende die Anglo-Boereoorlog.....	81
2.3.4	Die Afrikanervrou se stryd om onafhanklikheid vanaf 1902 tot 1938.....	88
2.4	“[O]m ’n vrije volk te teel”: Vroue se sin vir onafhanklikheid as onafskeidbare kenmerk van die volksmoeder-konstruksie.....	99

HOOFTSTUK 3

	Erfenis van OB-vroue: Agtergrond en stigting van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling.....	108
3.1	Klas, etnisiteit en gender: Die verskynsel van die volksmoeder in die 1930’s as erfenis van vroue wat lede sou word van die Ossewa- Brandwag.....	109
3.1.1	Vroueverenigings, die Groot Depressie en die Armblankevraagstuk: Die volksmoeder as middelklasverskynsel.....	110
3.1.2	Die impak van verstedeliking op vroue: die volksmoeder as werkersklasverskynsel....	114
3.1.3	’n Betwiste beeld van vrouwees: Deelname van selfbenoemde volksmoeders uit alle klasse aan die Voortrekkereëufees.....	119
3.2	Faktore wat agentskap motiveer: Die stigting en ideologie van die Ossewa-Brandwag.....	128
3.3	’n “Spesiale” plek vir vroue: Die skep en organisasie van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling.....	136
3.3.1	Omstandighede rondom die totstandkoming van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling en Vroue Adjunkraad.....	138
3.3.2	Die konseptuele praktyke van mag: Aanvanklike organisasie en leierskap van vroue in die Ossewa-Brandwag.....	140
3.3.3	Die tekstuele taal van gender: Die amptelike taak van OB-vroue, 1940-1943.....	152
3.3.4	Die materiële en visuele taal van gender: Die volksmoeder en die uniforms van OB-vroue.....	157

HOOFSTUK 4

Van fondsinsameling tot Vryheidsdag: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van die *volksmoeder*, 1939-1943..... 167

- 4.1 “Die wêreld van die vrou”: Die algemene werksaamhede van OB-vroue, 1939-1943..... 168**
- 4.1.1 “Vroue vlytig in hul diens”: OB-vroue en fondsinsameling..... 169
- 4.1.2 OB-vroue se algemene kultuuraktiwiteite..... 180
- 4.2 “[D]oing gender is unavoidable”: Tydgenote se verstaan van gender en die rol van die *volksmoeder* soos weerspieël in vroue se deelname aan OB-aktiwiteite..... 193**

HOOFSTUK 5

Die rol van vroue in die Tweede Rebelle: OB-vroue se aandeel in die verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog..... 206

- 5.1 “Dit is die vrou van die Boerenasie wat daar stap en vra vir vryheid”: Die OB se aandeel in die vroue-optog van 22 Junie 1940..... 207**
- 5.2 “Ek sal my mede-Afrikaner nooit in die steek laat nie”: Elsa Nel, die eerste heldin van die OB..... 211**
- 5.3 “[D]it was ’n gloeiende, toejuigende, saambrullende mensdom gewees”: Die Katdorings as voorbeeld van vroue se “versetkultuur” 216**
- 5.4 “[E]k was eintlik die ene wat kwaai was, my man was nie kwaai nie”: Ondergrondse *volksmoeders*..... 223**
- 5.5 Volksmoeders met vryheidsin: OB-vroue se verset teen die agtergrond van gender..... 231**

HOOFSTUK 6

“Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil”: Die aard van gender-ideologie in amptelike OB-beleid en die betekenis daarvan vir die plek en rol van vroue..... 238

- 6.1 Die hantering van geslagtelike verskil in die eiesoortige ideologie van die Ossewa-Brandwag..... 240**
- 6.1.1 Die Afrikanerorganisme: Die gedagte aan die organiese eenheid van die volk..... 240
- 6.1.2 Die Afrikanerorganisme en die ideaal van ’n nuwe samelewingsorde: Die OB se verstaan van die organiese eenheid van die Afrikanervolk..... 250

6.1.3	Die <i>kern</i> van die Afrikanerorganisme: Die Ossewa-Brandwag se amptelike gesinsbeleid.....	253
6.1.4	Die essensie van die vrou en die essensie van die man: Die betekenis van die OB se organiese nasionalisme en die amptelike gesinsbeleid vir die plek en rol van die Afrikanervrou in die samelewing.....	261
6.2	Die Ossewa-Brandwag Vroue Volksorg Vertakking: Die Vroue-afdeling ondergaan 'n klemverskuiwing.....	272
6.2.1	“Moeder draer van Volk se lewe”: Geoffrey Cronjè se beskouing van die rol van die vrou in die Ossewa-Brandwag en haar rol in die volkslewe.....	277
6.2.2	Die amptelike doelstellings en taak van die Vroue Volksorg Vertakking.....	286

HOOFSTUK 7

	“Die hand aan die wieg regeer die land”: Vroue se agentskap as <i>volksmoeders</i> betrokke by volksorg tot volkspolitiek.....	290
7.1	Volksorg in praktyk: die werksaamhede van vroue as deel van die Vroue Volksorg Vertakking.....	291
7.1.1.	Die vrou moet op haar eie voete kan staan deur met haar eie voete te spin: Die spin van wol as voorbeeld van praktiese volksorg.....	297
7.1.2	Arbeid en die biologiese verstaan van geslagtelike verskil: Gender as norm vir die verdeling van arbeid in die OB.....	307
7.1.3	Die sorgende kwaliteite van die <i>volksmoeder</i> : Gender, volksorg en die Noodhulpfonds.....	314
7.2	“Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?": OB-vroue en politiek.....	322
7.2.1	Vrouestemme: OB-leidsters oor die Ossewa-Brandwag as volksbeweging en hulle eie posisie en beeld in dié beweging.....	324
7.2.2	Vrouestemme: OB-vroue en die politieke stryd tussen die OB en HNP.....	331
7.4	Die agteruitgang en ontbinding van die Ossewa-Brandwag.....	338

HOOFSTUK 8

Gevolgtrekking.....	344

8.1 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag.....	345

8.1.1 Die aard van vroue se agentskap en rol in die Ossewa-Brandwag.....	327

8.1.2 Gender en die politiek van die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag.....	352

8.1.3 Volksmoeders in die kollig: OB-vroue en die sosiale konstruksie van die <i>volksmoeder</i>	356

<u>BIBLIOGRAFIE</u>.....	363

1. Argivale Bronne

1.1 Ossewa-Brandwag argief (OB-argief), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.....	363

1.1.1. Dokumenteversamelings van die OB-argief.....	363

i) Boekeversameling van die OB-argief.....	363

ii) <i>Die OB</i> -koerant gehuisves in die OB-argief.....	363

iii) Skenker-versamelings.....	365

iv) Mondelinge onderhoude: Transkripsieversameling van die OB-argief.....	371

v) Fotoversameling van die OB-argief.....	372

1.2 Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Bloemfontein.....	373

1.2.1 Skenker-versamelings.....	373

2. Periodiese publikasies.....	373

3. Joernaal- en tydskrifpublikasies.....	374

4. Gepubliseerde literatuur.....	381

5. Ongepubliseerde literatuur.....	397

6. Elektroniese bronne.....	399

7. Persoonlike informasie.....	399

Voorwoord en bedankings

Ek was in standard agt toe ek vir die eerste keer gehoor het van die Ossewa-Brandwag-Argief. Dit was tydens my besoek aan die Puk waar ek ook vir die eerste keer vir prof. Kobus du Pisani ontmoet het. Op daardie stadium het ek gedink 'n argief is 'n versameling boeke – amper soos die Wêreldspektrum of Kennisensiklopedieë – die boeke waarmee ek grootgeword het en wat tot op daardie stadium my hoofbronne was. Vier jaar daarna, in my tweede jaar op universiteit, het prof. Dup my reggehelp en die OB-Argief vir my gewys. Van daardie dag af is my hart gesteel. Nie net is die OB-Argief die eerste argief wat ek as voornemende historikus besoek (en gebruik) het nie, dit is ook 'n goudmyn van onskatbare historiese waarde wat my horisonne onherroeplik verbreed het wat die abstrakte aard van die “historiese bron” betref. Sedert my tweede jaar het ek al verskeie argiewe besoek en gebruik, maar ek het geweet dat my eerste historiese skrywes vir baie jare vorentoe sou afhang van die beskikbare bronne in die Ossewa-Brandwag-Argief. Hierdie verhandeling is die resultaat van daardie wete.

**

Ek het die boek ontdek in die Merenski Biblioteek terwyl ek besig was met my Honneurs in Kultuurgeskiedenis by Tuks. Dit was 'n swart hardebandboek, sonder 'n stofomslag wat geen tekens van die verweer van baie gebruik getoon het nie. Die titel op die rug was gedruk in blink rooi letters: *Gender and the politics of history*. Dit was in my tweede semester by Tuks – toe ek vir die eerste maal ernstig begin dink het oor Afrikanervroue en hulle geskiedenis. Die boek was manna uit die hemel. Elke woord van Joan Scott het my nader gebring aan 'n rewolusie in my eie denke wat uiteindelik sou kulmineer in my bestudering van Michel Foucault, Jacques Derrida, Joan Kelly en die Suid-Afrikaanse skrywers van vrouegeskiedenis soos Belinda Bozzoli, Louise Vincent, Elsabé Brink, Marijke du Toit en Lou-Marie Kruger. Scott, saam met hierdie Suid-Afrikaanse historici, was deurentyd my rigtinggewers terwyl ek besin het oor die aard van die historiese subjek se agentskap en die faktore wat dit beïnvloed.

Ek het opgelees oor klas as een van dié faktore, ras is vir my gevoer in beide my studies aan Puk en Tuks tot ek later wou bars. Ouderdom, opvoeding, biologie en selfs estetika het ek oorweeg as faktore wat tydgenote se agentskap beïnvloed. Deur al die gelees en gedink het ek

tot die slotsom gekom dat daar wel iets is wat al hierdie faktore saamvat, naamlik sosiaal konstruksionisme. Toe het ek besef dié slotsom het ek eintlik al vir die eerste keer gevind in daardie swart hardebandboek van Joan Scott, saamgevat in die gelaaide konsep “gender” as nie net een van die faktore wat agentskap rig nie, maar as nuttige kategorie van historiese analise. Teen die agtergrond van my oorweging van vrouegesiedenis het ek geweet dat hierdie kategorie onlosmaaklik verbonde is aan die geskiedenis van Afrikanervroue en dat ek vir myself die faktor gekry het wat hulle agentskap verklaar – *nie* gender nie, maar *Scott se weergawe van gender*. Met die metateoretiese raamwerk min of meer vir myself uitgewerk het die Afrikanervroue, opgesluit in die dokumente van die OB-Argief, skril en hard na my begin roep. Hierdie verhandeling is my antwoord op hulle roep.

**

Hierdie is natuurlik ’n studie gewortel in die feministiese tradisie. Alhoewel ek myself nie ’n feminis in die volste sin van die woord wil noem nie, sal ek erken dat my denke byna altyd geneig is om die kritiese bruikbaarheid van feminisme in te span wanneer ek dink oor die geskiedenis. In die verloop van my navorsing het sommige akademici, wat hulleself wil tipeer as “feministe”, dikwels die vraag aan my gestel: “Maar jy is dan ’n man, hoe kan jy vrouegesiedenis skryf?” Ek het nooit my asem gemors om hulle te antwoord nie, maar het lekker in my mou gelag toe ek ná my leeswerk besef het dat hierdie “feministe” deur só ’n vraag hulle onkunde oor feminisme aan die lig gebring het. Akademici wat glo dat slegs ’n vrou kan skryf oor vroue, trap in die gat van reduksionisme *wat juis deur die feministiese tradisie vermy wil word*. Die resultaat is amusant en ironies: ’n feminis wie se denke gerig word deur essensialisme en die biologies deterministiese binêre opposisies van geslag/gender en man/vrou – dieselfde soort essensialisme waarteen akademiese feminisme haar van die begin af verset! Daar is absoluut geen “mistieke vroulike” biologiese kwaliteit wat ek nodig het om vrouegesiedenis te skryf nie: “One is not born, but rather becomes, a woman”.

Daar is twee redes waarom die verhandeling in Afrikaans geskrywe is: Eerstens, dit is my moedertaal en die enigste aspek van my Afrikaneretroisiteit wat ek sonder skroom aanvaar en deelmaak van my eie identiteit. *Die taal* is in my bloed, as ek die primordialisme van die OB moet gebruik. Al is ek baie gemaklik met *die taal* word dit egter by die dag moeiliker om sosiaal-wetenskaplik om te gaan met Afrikaans. Ter wille van die blootstel van my navorsing aan ’n groter gehoor is hierdie my enigste, en laaste, groot studie in Afrikaans – vir eers.

Tweedens is Afrikaans die taal van die tydgenote waaroor my verhandeling handel. Nie net is die dokumente in Afrikaans nie, maar OB-vroue se anti-Engelse houding het my oorreed om, ter wille van hulle, ten minste die verhandeling in Afrikaans te skryf – enige artikels wat hieruit voortspruit sal hoofsaaklik in Engels publiseer word.

Aangesien die Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit geen woordbeperking op 'n MA-verhandeling in geskiedenis plaas nie, het ek die vryheid geneem om elke moontlike faset van OB-vroue, beskikbaar in die argief, hier neer te pen. Hierin het ek egter gefaal. Toe ek vir die eerste keer rondgesnuffel het in die OB-Argief, op soek na dokumente oor vroue, het dit vir my duidelik geword dat daar soveel argivale materiaal beskikbaar is dat ek beslis 'n seleksie van bronne sal moet maak. Alhoewel ek elke moontlike faset van OB-vroue *aanraak*, is dit nog geensins die laaste woord oor die tema nie. Ten spyte hiervan is die lengte van hierdie studie op sigself 'n standpunt. Vir 58 jaar, vanaf die finale ontbinding van die OB, het daar geen deeglike studie oor OB-vroue verskyn nie. 'n Mens sou dink hulle was onaktief en dat die dokumente hierdie onaktiewe agentskap weërspeel. Dit is my innige hoop dat elke aspek van hierdie verhandeling getuig van die teendeel en dat die stilte rondom OB-vroue finaal gebreek is.

**

Graag wil ek my dank betuig aan die volgende mense:

My mentor, studieleier, kollega en vriend, prof. J.A. du Pisani. Min studente is bevoorreg genoeg om 'n mentor te hê wat hom/haar ondersteun in alle aangeleenthede. In die ses jaar as my mentor het prof. Dup by wyse van sy sagte, vriendelike en innemende geaardheid my nie net baie geleer oor die geskiedenis nie, maar leer hy my steeds elke dag ook oor die lewe en veral die mooi wat daar in die mensdom kan wees deur die voorbeeld wat hy stel. Dit is geen oordrywing nie as ek sê sy invloed en mentorskap is verantwoordelik vir enige meriete wat moontlik in hierdie verhandeling te bespeur is. Dit is ook min dat 'n mentor sy student toelaat om met onbeperkte vryheid te speel met verskeie idees en epistemologieë wat nie noodwendig ooreenstem met sy eie menings nie. Voorts wil ek dankie sê vir sy geduld en vertroue in my onafhanklike optrede en sy kritiek en kommentaar wat nog altyd getuig het van opregte belangstelling en ingeligte studieleiding. Prof. Dup is geen “nit-picker” met illusies van akademiese elitisme nie – hy het nie nodig om een te wees nie, want hy is

inderdaad 'n meester van geskiedenis. Dit is 'n riem onder die hart om te weet dat ek nog vir baie jare vorentoe sy student kan wees.

Prof. G.J.J. Oosthuizen, wie se deur altyd oop was (en is) wanneer ek mismoedig met my navorsing geword het of wanneer ek bloot net nodig gehad het om oor iets anders te praat as die vroue van die Ossewa-Brandwag. Hy is een van diegene wat van 'n baie vroeë stadium af my denke oor geskiedenis verskeie rigtings laat inslaan het en is byna alleen verantwoordelik vir die groot respek wat ek het vir Leopold von Ranke. Prof. Oosthuizen se passie vir die narratief-beskrywende tradisie van geskiedskrywing, en sy vaardigheid met die Afrikaanse taal, bly my altyd by – met watter teorie van die dag (of gister) ek ook al besig is om mee te speel.

My skoordirekteur, prof. S.J. Zaaiman, vir die vertroue wat hy plaas in een van sy jongste personeellede deur die navorsingsondersteuning wat hy my altyd onvoorwaardelik bied. Al is prof. Zaaiman 'n sosioloog wat moet optree as administrateur van vyf akademiese dissiplines in die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, is hy wel 'n sosioloog met 'n besondere aanvoeling vir die geskiedenis. Daarom het sy raad en opmerkings dikwels baie vir my beteken terwyl ek besig was met die skryf van my verhandeling. Voorts het sy vrygewigheid met kantoorverlof dit baie maal vir my moontlik gemaak om ontsettend baie te skryf in 'n dag (of dae) waar ek nie deur die klaagliedere van my studente onderbreek is nie.

My kollegas, Pia Bombardella en Andrè Goodrich – die intelligentste (en enigste) Sosiale Antropoloë wat ek ken – vir hulle vriendskap en stimulerende geselskap wat my meer as een keer die nodige energie gegee het om 'n moeilike leesstuk onder die knie te kry of my laat besef het dat ek die verkeerde rigting inslaan met sekere idees. In besonder wil ek dankie sê vir Pia wat met haar deeglike kennis van die historiografie van Afrikanervroue vir my 'n baie noodsaaklike klankbord was die afgelope twee jaar.

Die personeel van die Ossewa-Brandwag-Argief, in besonder me. Annette Kellner. Min navorsers is so bevoorreg om saam met 'n argivaris soos me. Kellner te werk. My werk in die argief was (en is) 'n baie, baie groot plesier juis vanweë haar vaardigheid en kennis wanneer die die OB-versameling ter sprake is. Die doeltreffendheid waarmee die argief geadministreer word, is ook een van die redes waarom ek graag nog vir baie lank wil werk oor die OB. Nie alleen is dit gerieflik om binne loopafstand van die argief te wees nie, maar die wete dat me.

Kellner net 'n oproep ver is om dadelik te help met een of ander dokument se verwysingsnommer of met 'n foto wat ek dringend nodig het, is 'n riem onder die hart. Sonder haar hulp, geduld en vaardigheid sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek. Ek wil veral dankie sê vir Marieta Buys wat so dikwels met die spoed van witlig vir my 'n artikel of boek opgespoor het.

My taalversorger, dr. Marietjie Nelson, vir haar geduld met my, maar ook vir haar deeglike uitwys van die “konsekwente taalfoute” wat ek gemaak het en die geleentheid wat sy my bied om te leer uit hierdie foute. Haar belangstelling in my verhandeling was ook dikwels bemoedigend. Enige taalfout wat wel ingesluip het, is totaal my eie verantwoordelikheid.

My ouers, Brenda Joan Blignaut (née Lee) en Phillip Grové Blignaut, vir hulle opoffering en liefde sedert die dag wat ek in die lewe gebring is. Alhoewel my pa nie altyd verstaan nie, ondersteun hy my van die dag af wat ek besluit het om geskiedenis te swot. My ma het my liefde vir kennis van 'n baie jong ouderdom af aangevuur en haar onvoorwaardelike ondersteuning deur die jare is meer as wat enige kind kan vra.

Laastens wil ek my dank betuig aan die Onbeweeglike Beweger – God deur wie alles moontlik is. Is al die kategorieë wat ons gebruik om na die mens, samelewing en verlede te kyk nie tog maar net rimpeleffekte van God wat sy vinger in die water van die werklikheid steek nie?

Charl Blignaut
Potchefstroom, April 2012

LYS VAN ILLUSTRASIES:

Nommer en beskrywing	Bladsy
<i>Figuur 2(a)</i> Die Voortrekkermitologie as deel van die fisiese manifestasie van die <i>volksmoeder</i> in die Ossewa-Brandwag.....	50
<i>Figuur 3(a)</i> Afrikanervroue tydens die Eeufeesvieringe.....	123
<i>Figuur 3(b)</i> Skematiese uiteensetting van die Vroue-afdeling.....	142
<i>Figuur 3(c)</i> Hoofvroue van die Ossewa-Brandwag.....	144
<i>Figuur 3(d)</i> Waar daar mans was, was daar vroue.....	148
<i>Figuur 3(e)</i> Die wit rokke van OB-vroue en Boeredogters.....	159
<i>Figuur 3(f)</i> Mites rondom swart en wit.....	162
<i>Figuur 4(a)</i> Vrouekamp te Bellville.....	184
<i>Figuur 4(b)</i> Program: Vrystaatse Vrouekamp: 13 tot 16 Februarie 1945.....	185
<i>Figuur 4(c)</i> Die Boeredogters van die Ossewa-Brandwag.....	187
<i>Figuur 4(d)</i> OB-Boeredogters tuur in die vuur tydens Vryheidsdag op Majuba.....	189
<i>Figuur 4(e)</i> Die Kaapstadse Remskoer Toneelvereniging.....	192
<i>Figuur 4(f)</i> Boeredogters geklee in hulle OB Voortrekker-uniforms.....	203
<i>Figuur 5(a)</i> Mev. N. Seymore in 'n wit Voortrekkerrok en Mev. B.C. Seymore (langs mev. N. Seymore), Hoofkommandante van OB Noord-Transvaal.....	209
<i>Figuur 5(b)</i> Elsa Nel ná haar vrylating uit die tronk.....	214

<i>Figuur 6(a)</i>	
Prof. G. Cronjé, hoof van die Noodhulpfonds en die afdeling Sosiale Volksorg.....	278
<i>Figuur 6(b)</i>	
Die patriargale Boerehuisgesin.....	279
<i>Figuur 6(c)</i>	
Skematiese voorstelling van vrouewerksaamhede ná reorganisasie.....	289
<i>Figuur 7(a)</i>	
Program van spinkursus, 11 tot 19 Mei, 1943 te Bloemfontein.....	299
<i>Figuur 7(b)</i>	
Gebied C se spinkursus as praktiese voorbeeld van volksorg.....	302
<i>Figuur 7(c)</i>	
Teen 1946 is spin en weef gebruik as algemene praktyk vir fonsinsameling.....	305
<i>Figuur 7(d)</i>	
Amptelike propagandaplakaat van die OB Noodhulpfonds.....	320
<i>Figuur 8(a)</i>	
Eerste uniale laertrek van OB-offisiere, 13-14 Okt. 1941.....	344

Nota oor die teks

Die teks is nie genderneutraal geskryf nie, maar die verwysings na die manlike en vroulike geslagtelike vorme word in die verhandeling gebruik soos wat dit in die primêre dokumente verskyn. Die kategorie “vrou” word wel nie as vanselfsprekend aanvaar nie, soos die studie aandui. Die rede waarom ek só na vroue verwys, deur gebruik te maak van die vroulike vorm van ’n naamwoord of titel, is omdat tydgenote só na vroue verwys het. Dieselfde reël is gevolg vir die gebruik van die kategorie “volk” sowel as die verwysing na witmense as “blankes”.

Vir die voetnote en bibliografie het ek gebruik gemaak van die *gewysigde* “Verwysingsriglyne van P.J.J. Prinsloo”, soos voorgeskryf deur die Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur. Verwysings na primêre bronne is só gedoen om dit maklik opspoorbaar te maak vir toekomstige navorsers. Daar word verwys na bronne presies soos die OB-Argiefsisteem daarna verwys.

The most beautiful as well as the most ugly inclinations of [wo]man are not part of a fixed biologically given human nature, but result from the social process which creates [wo]man.

- Erich Fromm -

HOOFSTUK 1

Inleiding: die kollig op navorsingsdoelwitte, historiografie en genderteorie

1.1 Inleiding

Die Ossewa-Brandwag (OB) was 'n unieke Afrikanerorganisasie, meegesleur deur die heersende ideologieë van die laat dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu. 'n Eiesoortige Nasionaal-Sosialisme sou ontwikkel op die bodem van Afrika met die Ossewa-Brandwag as voorvegter daarvan. Gebore uit die intense emosionele gevoel rondom die Eeufeesviering van die Groot Trek in 1938, het die Ossewa-Brandwag ook 'n sterk karakter van Afrikanernasionalisme aangeneem. Die Eeufeesviering was die katalisator vir die stigting van 'n beweging soos die OB, juis omdat dit gepaard gegaan het met 'n gees van groeiende eksklusiewe nasionalisme wat reeds voor 1938 aan die ontwikkel was. Nuwe stukrag is gegee aan 'n nasionale Afrikanerbeweging met manifestasies op alle terreine van die volkslewe.¹ Die OB se nasionalistiese karakter tree sterk na vore in die amptelike doelstellings wat tydens die stigting op 4 Februarie 1939 geformuleer is:

1. Die bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees in ons land.
2. Die handhawing, uitbou en uitlewing van die taal en tradisies van die Boerenasie.
3. Die beskerming en bevordering van die godsdienstige, kulturele en materiële belange van die Afrikaner.
4. Die aankweking van vaderlandsliefde en nasietrots.
5. Die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie doel onderskryf en gewillig is om hulle daarvoor kragdadig te beywer.²

Die laaste punt is veral veelseggend. Tydens stigting het die Ossewa-Brandwag al erken dat die eienaam “Afrikaners” verwys na “manne sowel as vroue”. Nie net die erkenning is belangrik nie, maar ook die onderskeid tussen die twee kategorieë, aangesien hierdie onderskeid ook 'n wesenlike kenmerk van die OB se aard en werksaamhede sou word. Van die begin af is die rol van vroue in die beweging dus erken.

¹ P.J.J. Prinsloo, "Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952", in Van der Schyff, P.F. (red.), *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras*, p. 15. Vir meer besonderhede oor die eeufeesviering van 1938, kyk E.A. Messina, "Die Voortrekkereeufees, 1938" (MA-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981).

² A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag*, pp. 12-13.

Die belangrikheid van die vroulike Afrikaner is bevestig nog voor die stigting van die OB, naamlik in die organisasie se voorloper: die simboliese ossewatrek van die 1938 Eeufeesvieringe. Die geesdrif onder Afrikaners, manne sowel as vroue, het soos 'n veldbrand deur die land versprei soos wat die waens oor die vlaktes en deur dorpe en stede gerol het. Hierdie simboliese trek van vier maande het vir die meerderheid Afrikaners die sinnebeeld van "die volk se trek op die pad van Suid-Afrika" geword.³

Een van die ossewaens wat die trek onderneem het, het bekend gestaan as "Vrou-en-Moeder". Die vordering van hierdie wa oor die vlaktes van Suid-Afrika het "onvermydelik gelei tot die herbeelding en herroeping van die rol wat die vrou in die Afrikaner se geskiedenis vervul het".⁴ Regdeur die Eeufeesvieringe is die rol van die vrou benadruk in aanhalings soos: "Die vrou was die stille, lydende party in die Trek. Haar lyding was in die stilte, maar in die stilte was sy die krag van die Trek. Waar die mans soms moedeloos was, was dit sy wat hom moed ingepraat en hom raad gegee het".⁵ Hierdie aanhaling sluit aan by die gevoel van adv. Gladys Steyn, dogter van president en mevrou Steyn, wat die ossewa gedoop het tot "Vrou-en-Moeder". Vir haar was dié besondere wa "simbool van die Afrikanervrou en die moeilikhede, sorg, lyding en aanslae wat sy moes trotseer".⁶

Die sterk simboliese karakter van die ossewatrek is betekenisvol. Deur legendes van vroue wat kaalvoet oor die Drakensberge klim en verhale van swygende lyding in Britse konsentrasiekampe, het Afrikanervroue 'n prominente plek ontvang in die mitologie van Afrikanernasionalisme. Ten spyte hiervan is daar 'n veelseggende stilte oor die rol wat vroue gespeel het in die Afrikanergeskiedenis, asook hul rol in die vorming van Afrikanernasionalisme. In die historiografie van die Afrikaner word mans uitgebeeld as aktiewe agente in die geskiedenis, instrumenteel in die mobilisering van die Afrikanerdom, terwyl vroue hoofsaaklik geskets word as simbole. Die Afrikanervrou as simbool tree op as inspirasie, regverdiging vir en ondersteuner van die optrede van manlike agente in die Afrikanergeskiedenis.⁷ Die ossewa, Vrou-en-Moeder, simboliseer dus meer as net die

³ D. Mosterd, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 57.

⁴ E.A. Messina, "Die Voortrekkereufees, 1938", p. 93.

⁵ J.J. Ross, "Karaktertrekke van die Trekkers: die goeie uit die verlede waarop ons 'n toekoms kan bou", in Sentrale Volksfeestekomitee, *Gedenkboek: Voortrekkereufees 1838-1938*, p. 82.

⁶ E.A. Messina, "Die Voortrekkereufees, 1938", p. 95.

⁷ L.M. Kruger, "Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the *volksmoeder* discourse of *Die Boerevrou*, 1919-1931", p. 1.

karaktereienskappe van die Afrikanervrou. Dit is as't ware die simbool van 'n simbool. In die woorde van T. Dunbar Moodie:

If the Afrikaner man was indeed the instrumental agent who worked out God's will in Afrikaner history, the woman provided a deep well of moral fortitude which complemented and even surpassed her husband's more practical exploits.⁸

Gedurende die Eeufeesvieringe het dit duidelik geword dat die Afrikanervrou 'n magtige simbool was. Sy het kwaliteite soos reinheid, onskuldige lyding en geduld verteenwoordig. Hierdie kwaliteite sou uiteindelik byeengebring word in die nasionalistiese artikulasie van die Afrikanervrou-as-simbool, naamlik in die idee van die "volksmoeder". In die heersende historiografie van die Afrikaner word vroue se optrede meermale gegiet in hierdie simboliese vorm. Die gevolg hiervan is dat die aktiewe agentskap van Afrikanervroue "op die Pad van Suid-Afrika" misgekyk word.

Die ossewa genaamd "Vrou-en-Moeder" is veelseggend as die stigters van die Ossewa-Brandwag se onderskeid tussen "manne sowel as vroue" ter sprake is. Dit beteken dat daar sterk ideë gevestig is oor die "rol van die man" teenoor die "rol van die vrou". Ná die amptelike stigting van die OB het die intense emosionele gevoelens, opgewek deur die Eeufees, steeds hoogty gevier en die Afrikaners, manne sowel as vroue, het in hul duisende by die OB aangesluit. Al het beide geslagte aangesluit by die OB, is die rol van die vrou in die geskiedenis van die OB tog onderspeel. 'n Nadere ondersoek na die historiese rekord lewer egter 'n oorvloed bewyse dat die Afrikanervrou baie meer as net 'n simbool was: sy was ook 'n aktiewe agent in die mobilisering van die Afrikaner. Een van hierdie bewyse lê opgesluit in 'n stilte wat tot vandag toe nog nie gebreek is nie, naamlik die verhaal van die vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag.

Die primêre doelwit van hierdie studie is 'n histories-teoretiese verkenning van Afrikanervroue se rol in die Ossewa-Brandwag deur gebruik te maak van gender as kategorie

⁸ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: power, Apartheid, and the Afrikaner civil religion*, p. 17. Moodie se sentrale argument is dat die Afrikaner se magsopkoms voor 1948 gemotiveer is deur 'n burgerlike godsdiens (wat beide Christelik en Calvinisties was); dat die Afrikaners geprojekteer is as 'n uitverkose nasie vir wie God 'n plan het. In *The rise of Afrikanerdom* poog hy om die simbole te verstaan wat die Afrikaners gebruik het om uiteindelik hulle werklikheid mee te vorm. Dit is in hierdie konteks dat vroue deur Moodie uitgebeeld word as sentrale simbole in die Afrikaner se weergawe van die volk se "heilige geskiedenis".

van analise. Soos die titel van die studie dit wil hê, bestaan die verhandeling uit beide 'n historiese en teoretiese komponent, met drie sekondêre doelwitte wat onderling aanvullend is en poog om 'n histories-teoretiese analise te verwerklik.

Die histories-teoretiese aard van dié studie behels die neerpen van 'n narratief-beskrywende geskiedenis van vroue betrokke by die OB, maar op 'n analitiese wyse. Die skynbare teenstrydigheid in die laasgenoemde sin verdwyn wanneer die navorsingsvrae van die verhandeling ter tafel gelê word. Die volgende vraag vloei voort uit só 'n histories-teoretiese beoordeling: Wat is die aard van Afrikanervroue se agentskap in die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van 'n historiese gender-analise? In hierdie studie maak die verkenning van die rol van OB-vroue gebruik van gender as 'n *kategorie* van historiese analise. Die gebruik van gender om die primêre navorsingsvraag te beantwoord behels dat drie aanvullende vrae beantwoord word, naamlik (1) Wat was die rol van die Afrikanervrou, as historiese agent, binne die konteks van die wesensaard, aktiwiteite en ideologie van die Ossewa-Brandwag? (2) Hoe het vroue, deur sosiaal te organiseer, hulleself laat geld as politieke agente in die OB, gesien binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil? (3) Hoe is vroue beïnvloed deur (en het op hulle beurt weer 'n invloed uitgeoefen op) die sosiale konstruksie van die *volksmoeder*? Deur die beantwoording van hierdie vrae word OB-vroue se verhaal terselfdertyd neergeskryf. Sodoende word daar gehoor gegee aan die hoofdoelwit van die skool van vrouegeskiedenis, naamlik die breek van die stilte oor vroue in die geskiedenis, maar ook word die verhandeling op 'n sterk teoretiese basis geplaas deur hulle geskiedenis te ontleed en gebruik te maak van gender as kategorie van analise. Hierdie studie is dus 'n tweesnydende swaard.

Die heersende ideologiese genderkonstruksies van die dertiger- en veertigerjare word in berekening gebring en die vorme van identiteit wat die vrou aangeneem het, word bepaal deur hulle optrede (agentskap) as lede van die Ossewa-Brandwag te beoordeel. OB-vroue se politieke rol word geskets langs die lyne van gender se legitimeringsfunksie van mag op grond van geslagtelike verskil en hoe dit die agentskap van vroue beïnvloed het. 'n Beter perspektief word gebied op hoe die vroue hulle eie agentskap gesien het, en wat presies die rol en “plek” van vroue in die OB was. Voorts word die manifestasies van die *volksmoeder* geïnterpreteer by wyse van die genderdiskoers en die metaforiese implikasies van dié identiteitskonstruksie word gemeet aan die hand van normatiewe betekenis wat tydgenote

geheg het aan die verskil tussen “man” en “vrou”. Hierdie studie is ook die eerste wat gebruik maak van die ryk fotoversameling in die OB-argief as deel van die historiese teks.

Die res van hierdie inleiding verskaf ’n algemene motivering vir die gender-analise van Afrikanervroue se rol in die Ossewa-Brandwag, asook ’n ekstrapolering van die navorsingsdoelwitte. Daar word gelet op die bestaande literatuur oor die OB (1.2.1), ’n bespreking van die oorsprong en tendense van die skool van vrouegeskietskrywing – ’n skool waarin hierdie studie geposisioneer is – word verskaf (1.2.2), asook ’n oorsig oor die plek van Afrikanervroue in die Suid-Afrikaanse historiografie by wyse van ’n literatuuroorsig oor die beskikbare korpus van historiese werke oor Afrikanervroue (1.2.3). Die bereiking van die studie se hoofdoelwitte is gegrond op die genderteorie van Joan Wallach Scott. Om daardie rede volg daar ’n uitgebreide bespreking van haar teorie wat ook die metodiese aspekte van hierdie navorsingstuk sal bepaal (1.3) Die metodologiese komplikasies vir die skryf van vrouegeskiedenis word ook uiteengesit deur te let op die relevante werkswyse wat gebruik word om só ’n studie aan te pak (1.3.2). Voordat die navorsingsdoelwitte in verdere besonderhede bespreek word, is ’n uiteensetting van die relevante historiografie eers nodig.

1.2 Oor brandwagte en vroue: ’n Historiografiese oorsig

Die doelwitte van hierdie studie is ook hoofsaaklik ’n reaksie op drie stellings wat deur prominente figure uit drie verskillende vertakings van die geskiedenis gemaak is. Dit probeer gehoor gee aan die prominente lid van die Ossewa-Brandwag, H.M. van der Westhuizen, se geloof in die geskiedeniswetenskap toe hy vol vertroue geskrywe het “[d]ie geskiedenis as *wetenskap* sal eendag ’n juiste oordeel vel oor die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag in die wordingsproses van die Afrikaner en sy toekomstige, selfstandige, Christelike en nasionale Republiek.”⁹ Dit reageer op die historikus, R. Miles, se uitslating oor vroue- en gendergeskiedenis wanneer sy sê “[a]ny women’s history has to be alert to the blanks, the omissions and the halftruths. It must listen to the silences and make them cry out.”¹⁰ Boweal stem hierdie studie saam met F.A. van Jaarsveld se verklaring dat die geskiedenis van die Afrikanervrou “skromelik verwaarloos” is in die Suid-Afrikaanse

⁹ Ossewa-Brandwag-Argief (hierna OBA), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, H.M. van der Westhuizen, “Die Ossewa-Brandwag en die oordeel van die geskiedenis”, in *OB Jaarboek 1948*, p. 3 (Outeur se kursief). Vir enige geskiedenis om “regverdig” te wees behoort vroue ingesluit te word.

¹⁰ R. Miles, *Women’s history of the world*, p. 13.

historiese rekord.¹¹ Dus stel dié verhandeling dit ten doel om een van die verwaarloosde aspekte van die geskiedenis, naamlik die rol van die vrou in die OB, te omskep in 'n deeglik nagevorste tema. Dat só 'n omskepping wel noodsaaklik is, blyk duidelik uit die verskillende historiografiese tradisies relevant vir die verkenning van die vrou se rol.

1.2.1 Historiografie van die Ossewa-Brandwag: Waar is die vrou?

Die meeste informasie oor die Ossewa-Brandwag lê opgesluit in die versamelings van die OB-Argief van die Noordwes-Universiteit. Byna alle sekondêre bronne (van wetenskaplike waarde) wat ná 1954 publiseer is bestaan uit navorsing wat sterk leun op die primêre materiaal in die OB-Argief. Daar is egter nie 'n totale gebrek aan akademiese navorsing oor die Ossewa-Brandwag nie, maar gegewe die omvang van die beweging, sowel as die argief, is die hoeveelheid navorsing maar karig. Nietemin is daar 'n korpus van werke wat enige navorser van die Ossewa-Brandwag onder oë moet neem. Die eerste is 'n reeks boeke wat ook beskou kan word as primêre materiaal.

Die vroegste boek wat poog om 'n geskiedenis van die OB op skrif te stel, is die werk van A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag*, wat in 1944 publiseer is.¹² Dit is in 'n meerdere mate 'n tydgenootlike publikasie wat deur 'n geleerde lid van die OB geskryf is toe die beweging sy hoogtepunt bereik het. Enige studie oor die OB behoort te begin met die eerste “geskiedenisboek” oor die organisasie.

In 1953, 'n jaar na die ontbinding van die OB, het *Agter tralies en doringdraad* verskyn.¹³ Hierdie boek is uitgegee deur die Bond vir Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (BOPG). Die meeste mense wat destyds in interneringskampe was, was lede van die Ossewa-Brandwag. Die boek bestaan uit 'n reeks hoofstukke wat hoofsaaklik geskryf is deur oud-lede van die organisasie, onder andere ook die Kommandant-Generaal (KG) van die beweging, J.F.J. (Hans) van Rensburg. Dit werp lig op die denkpatroon van die destydse OB's en voorts dui dit ook op die invloed van die OB in terme van die politieke gevaar wat hulle vir die Smuts-regering ingehou het. Die versorging van geïnterneerdes was op 'n stadium die

¹¹ F.A. van Jaarsveld, *Wie en wat is die Afrikaner?*, p. 69.

¹² A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg, Kultuur en Voorligtingsdiens van die Ossewa-Brandwag, 1944).

¹³ H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953).

hartklop van die OB, veral ná 1945 toe Duitsland die Tweede Wêreldoorlog verloor het. Die boek is hoofsaaklik 'n gedenkboek en dek verskeie aspekte van die destydse politieke internering, insluitende die saampak van oorlogswolke, die kampe, die rol van die vrou en die gevolge van internering. Dit is 'n bron wat lig werp op baie aspekte van die organisasie, selfs ná die ontbinding daarvan.

Vier jaar ná die amptelike ontbinding van die OB, in 1956, verskyn die outobiografie van die organisasie se leier, J.F.J. van Rensburg.¹⁴ *Their paths crossed mine* was grootliks 'n teleurstelling, aangesien Van Rensburg die kontroversiële vrae rondom die OB in sy boek geïgnoreer het. Nuanses van 'n leier wat die bitter smaak van ondergang geproe het, is duidelik in die boek te bespeur. Nietemin is dit 'n belangrike primêre dokument vir die verstaan van die OB se Kommandant-Generaal. Dit werp veral lig op die verhouding tussen die OB, die Nasionale Party (NP) en die OB se aktivistiese vleuel, die Stormjaers. Eers twee dekades later sou nog 'n boek oor die OB verskyn.

In 1976 het G.C. Visser se werk oor die OB verskyn. Visser was 'n polisieman wat destyds die polisieondersoek hanteer het oor die OB se ondergrondse aktiwiteite. In sy boek, *OB: traitors or patriots?* hanteer hy die polemieke rondom verraad in Afrikanergeleedere.¹⁵ Die boek is geskryf deur 'n nie-spesialis en is hoofsaaklik sy herinneringe aan die hoogty van die OB se bestaan. Dit is baie bruikbaar deurdat baie dele daarvan gebaseer is op amptelike polisiedossiere en -verslae en natuurlik ook op die eerstehandse ervaring van die outeur. Dit is egter 'n nie-akademiese studie en behoort so hanteer te word. Deurgaans is daar 'n totale gebrek aan verwysings en daar is ook geen bronnelys te vinde nie.

Van die belangrikste akademiese bydraes oor die Ossewa-Brandwag is gelewer in die laat sewentiger- en vroeg tagtigerjare deur die Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Finansiële ondersteuning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het die wiel aan die rol gesit. Die doel was 'n in-diepte navorsingsprojek wat al die aspekte van die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag sou dek. Druk vanaf die RGN het navorsers gedwing om die finale, dog

¹⁴ J.F.J. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, CNA, 1956).

¹⁵ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Johnathan Ball, 1976).

onvoltooide, navorsingsverslag aan die einde van 1984 te publiseer.¹⁶ Hierdie verslag is die deeglikste werk beskikbaar oor die OB in Afrikaans en word gehuisves in die Africana-afdeling van die Ferdinand Postma-biblioteek.

Alhoewel daar die begeerte was om 'n gesaghebbende publikasie oor die OB die lig te laat sien, was daar verskeie faktore wat dit verhoed het. Daar is toe egter besluit om die navorsingsresultate van die RGN-projek in boekvorm te publiseer. Dit het gelei tot die publikasie van 'n versamelwerk onder die redaksie van P.F. van der Schyff, *Die Ossewabrandwag: Vuurtjie in droë gras* (1991).¹⁷ Die verslag is effens aangepas en afdeling VI daarvan ("Die Beeld van die Ossewa-Brandwag") is weggelaat as gevolg van kosteoorwegings. Nietemin is hierdie boek een van die belangrikste sekondêre bronne vir enige studie oor die OB.

In hierdie versamelwerk is van die ongepubliseerde navorsing oor die OB opgeneem. Onder die ongepubliseerde navorsing oor die organisasie tel 'n verhandeling en 'n proefskrif. Albei studies is 'n hermeneuties-filologiese bestudering van hoofsaaklik die primêre dokumente in die OB-Argief. In sy MA-verhandeling getiteld *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag* (1985) het J.J. Badenhorst 'n gedetailleerde uiteensetting gegee van die administratiewe organisasie van die Ossewa-Brandwag.¹⁸ Een van die hoofkenmerke van die OB het in hierdie deeglike studie volledig tot sy reg gekom. L.M. Fourie het in 1986 sy proefskrif getiteld *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid, 1939-1942* voltooi, waarin hy die politieke gevolge van die Ossewa-Brandwag binne die konteks van die Afrikanereenheidstrewa evalueer.¹⁹ Albei hierdie studies is in beknopte vorm in *Vuurtjie in droë gras* opgeneem. Voorts het daar in 1985 ook 'n artikel verskyn deur D. Prinsloo wat die verhouding tussen die OB en dr. H.F. Verwoerd uitgepluis het. Dit is egter nie opgeneem in *Vuurtjie in droë gras* nie.²⁰

¹⁶ P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (ongep. verslag, Departement van Geskiedenis, PU vir CHO, 1984).

¹⁷ P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras*. (Potchefstroom, PU vir CHO, 1991).

¹⁸ J.J. Badenhorst, "Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag" (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1985).

¹⁹ L.M. Fourie, "Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid" (ongepub. D.Litt-proefskrif, PU vir CHO, 1987).

²⁰ D. Prinsloo, "Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952", *Kleio*, vol. 17, no. 1, 1985, pp. 73-85.

In die versamelwerk is J.J. Badenhorst se bydrae oor die organisasiestruktuur opgeneem in die vorm van 'n aangepaste artikel wat hy in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* publiseer het.²¹ L.M. Fourie se proefskrif is gekondenseer en die verhouding tussen die OB en NP en die OB se invloed op Afrikanerpolitiek val in die boek onder die hoofstuk “Die mobilisering van die Afrikanerdom”. P.J.J. Prinsloo se bydrae tot die RGN-projek het gewentel rondom die kultuuraktiwiteite van die OB en is ook in die finale produk ingesluit. Voorts het daar ook twee artikels van P. de Klerk in die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* verskyn, naamlik “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag” en “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”.²² Hierdie twee artikels is aangepas om te dien as die hoofstuk “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag” in *Vuurtjie in droë gras*. P.F. van der Schyff hanteer die aktivistiese karakter van die OB in die hoofstuk “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, wat 'n oorsig bied oor die ondergrondse aktiwiteite van die beweging se Stormjaer-vleuel wat die OB destyds (en vandag steeds) in kontroversie hul.

In dieselfde jaar wat *Vuurtjie in droë gras* verskyn het, het P. J. Furlong se boek, *Between crown and swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist movement in the fascist era*, die lig gesien.²³ Die boek getuig van in-diepte navorsing en is een van die min akademiese poginge om die Nasionaal-Sosialistiese wortels van Suid-Afrikaanse politiek te analiseer. *Between crown and swastika* is 'n essensiële teks vir die kontekstualisering van die OB binne die heersende *Zeitgeist* van Europa, maar ook vir die verstaan van Suid-Afrikaanse politiek in die era van die Tweede Wêreldoorlog.

Die mees onlangse werk oor die Ossewa-Brandwag is C. Marx se monumentale studie: *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag*.²⁴

²¹ J.J. Badenhorst, “Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 12, no. 3, Des. 1987, pp. 54-82.

²² P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 1, Jun. 1989, pp. 43-81; P. de Klerk, “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 2, Des. 1989, pp. 90-131.

²³ P.J. Furlong, *Between crown and swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991). Sien ook P.J. Furlong, “Fascism, the Third Reich and Afrikaner nationalism: an assessment of the historiography”, *South African Historical Journal*, no. 27, 1992, pp. 113-126.

²⁴ C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, UNISA, 2008). Sien ook C. Marx, “The Ossewa-Brandwag as a mass movement, 1939-1941”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 20, no. 2, Jun. 1994, pp. 195-219; C. Marx, “‘Dear listeners in South Africa’: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941”, *South African Historical Journal*, vol. 27, 1992, pp. 148-172. Nog 'n onlangse publikasie oor die OB is C. Blignaut &

In 1998 het dit in Duits verskyn en die Engelse weergawe in 2008. Dit is gebaseer op Marx se post-doktorale studie. Saam met *Vuurtjie in droë gras* is hierdie sekerlik die publikasie wat gebruik maak van die grootste empiriese basis om navorsingsresultate te staaf. Die boek bevat 'n nuwe benadering tot sosiale geskiedenis van Afrikanernasionalisme en handhaaf die mening dat laasgenoemde omskep is vanaf 'n populistiese tot 'n kulturele nasionalisme wat terselfdertyd geradikaliseer is. Marx se fundamentele voorveronderstelling is dat die OB nie verstaan kan word buite die konteks van *radikale* Afrikanernasionalisme nie. Die boek bestaan uit drie dele. Eerstens fokus hy op die langtermyn strukturele oorsake wat 'n goeie verklaring vir die ontstaan van Afrikanernasionalisme bied, die tweede is 'n intensiewe ontleding van die radikaliserings van Afrikanernasionalisme in die dertiger- en veertigerjare van die twintigste eeu. Binne die konteks van die vorige twee afdelings evalueer Marx in die derde deel die “geskiedenis” van die Ossewa-Brandwag. Die boek is 'n belangrike sekondêre bron vir enige studie oor die OB.

Soos dit duidelik blyk is daar 'n aantal studies wat intensief fokus op een of twee aspekte van die OB. Die vraag wat hierdie verhandeling aan die historiografie oor die OB vra, is “waar is die vrou?” In die bogenoemde werke geniet die vrou slegs hier en daar aandag in 'n sin of paragraaf wat as't ware as 'n soort nagedagte na haar verwys. Slegs een van die werke wy 'n hoofstuk aan die rol van die vrou.²⁵ Die stilte rondom die vroue van die Ossewa-Brandwag is onnodig as dit gesien word teen die agtergrond van die hoeveelheid bewysmateriaal beskikbaar oor die plek wat sy bekleed het. Die vroue betrokke by die OB *hoef nie* onsigbaar te wees nie. Die gebrek aan 'n geskiedenis oor hierdie spesifieke vroue is egter nie uniek nie. Die tekort aan historiese werke oor die Afrikanervrou is 'n simptoom van die plek wat vroue bekleed het in beide die wêreldhistoriografie en die Suid-Afrikaanse historiografiese tradisies van die vorige eeu. 'n Oorsig behoort die belangrikheid van die neerpen van OB-vroue se geskiedenis verder te benadruk.

1.2.2 Historiografie van vrouegeskiedenis: oorsprong en tendense

Dat daar so iets soos “die geskiedenis van die vrou” bestaan is vandag byna regoor die akademiese wêreld 'n gegewe. Dit was egter nie altyd die stand van sake nie. So onlangs as

1969 was die reaksie op die voorstel oor 'n gesprek oor vrouegeskiedenis deur die *History Workshop* van Ruskin College, Oxford, niks meer as die skaterlag van ongeloof nie.²⁶ Hierdie ongeloofwaardigheid het sy wortel in die “aanvaarde” metanarratief van Westerse geskiedenis, wat veronderstel dat slegs mans aktiewe agente in die geskiedenis is. Selfs al sou daar gepraat word oor vrouegeskiedenis, sou dit 'n futiele gesprek wees, want daar is geglo dat daar geen bronne bestaan om die skryf van só 'n geskiedenis te regverdig nie. Virginia Woolf het in een van haar essays verwys na die newelagtigheid rondom die geskiedenis van die vrou op die volgende satiriese wyse:

“It has been common knowledge for ages that women exist, bear children, have no beards and seldom go bald, but save in these respects, and in others where they are said to be identical with men, we know little of them and have little sound evidence upon which to base our conclusions. Moreover we are seldom dispassionate.”²⁷

In die bogenoemde aanhaling lewer Woolf kommentaar op die situasie soos dit daar uitgesien het in die 1920s. Haar uitlating spel dit duidelik (alhoewel spottend) vir die historikus uit dat daar “little sound evidence” bestaan om 'n historiese narratief op te bou. In die tyd waarin sy skryf, het daar nog nie iets soos “die geskiedenis van die vrou” bestaan nie. Die rede hiervoor is dat vrouegeskiedenis baie nou verbonde is aan die opkoms van feminisme.²⁸ Die eerste vlaag van feminisme (“first wave feminism”) het begin in die negentiende eeu (Virginia Woolf is een van die stemme daarvan). Vroue het hulself beywer vir gelykheid in eiendomsreg, veranderinge in die huwelikskontrak en uiteindelik die reg om te stem. Die tweede vlaag van feminisme (“second wave feminism”) sou eers gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu begin posvat en wentel rondom diskriminasie. Kulturele, sosiale en politieke sake is op die agenda van die georganiseerde “Women’s Liberation Movement”

²⁶ M. Roberts, “Women’s history and gender history”, in P. Lambert & P. Schonfield (eds.), *Making history*, p. 192.

²⁷ R. Bowlby, *Virginia Woolf, A woman’s essays*, p. 18.

²⁸ Die skeiding tussen die “private sfeer” en die “publieke sfeer” word ook dikwels as rede aangevoer. Dit was veral gedurende die 19de en vroeg 20ste eeu toe vroue 'n invloed gehad het in die huishoudelike, private sfeer van die “tuiste” (“home”), terwyl mans besig was met die regering van lande, die maak van geld en besluitneming oor die gang van die mensdom se geskiedenis. Hierdie is die populêre gedagte agter vroue se “passiewe” bestaan in die geskiedenis. Die skeiding van die twee genoemde sfere het nie noodwendig beteken dat vroue *geen* invloed gehad het nie, maar dit het hulle tot 'n sekere gender-bepaalde rol in die samelewing gebind. Met die groot sosiale en ekonomiese revolusies van die 19de en 20ste eeue het die verskillende rolle van mans en vrouens meer wasig geword soos wat vroue begin het om die manlike sfeer te betree. Geslagtelike verskille, wat beskou is as onveranderlik en lewensbepalend, is gedestabiliseer en ontwig deur oorloë, rewolusies en ekonomiese ontwikkelings, soos die opkoms van industriële kapitalisme. Dit het vrugbare grond verskaf vir die feministiese beweging om pos te vat en die gevolglike “ontdekking” van vrouegeskiedenis.

geplaas.²⁹ Dit is met die opkoms van “second wave feminism” dat die geskiedenis van die vrou ernstige aandag begin geniet het. As deel van feministe se doelwitte is die “hidden history of women” opgegrawe en is daar gevind dat daar wel “[a lot of] sound evidence” bestaan om die beeld van vroue wat Woolf hier bo kritiseer totaal omver te werp.³⁰ Die skaterlag van die *History Workshop* se ongeloof sou, ironies genoeg, vervang word met ’n klem op vrouegesiedenis wat deur Barbara Taylor, huidige redakteur van die *History Workshop* se joernaal, beskryf sou word as “that for which the History Workshops were the primary seedbed”.³¹

Geskiedskrywing oor die vrou het dus ontstaan in ’n atmosfeer van twyfel. Sommige akademici het ernstig gewonder of daar so iets soos die “geskiedenis van die vrou” moontlik is. Ander weer het die moontlikheid van só ’n geskiedenis oorweeg, maar het geglo dit is onmoontlik om dit neer te pen, aangesien “daar geen bronne bestaan nie”.³² Dat daar wel bronne bestaan, is bewys deur die aktiviste van tweede vlaag feminisme. Soos wat vroue betrokke by die “Women’s Liberation Movement” hulle ervaring van onderdrukking en ongelykhede bespreek en geanaliseer het, het hulle gevoel dit is belangrik om navorsing te doen oor die lewens van hulle voormoeders. Hierdie begeerte is aangevuur deur die opkoms van sosiale geskiedenis.³³ Sosiale geskiedenis se klem op die alledaagse lewe (insluitende die lewe in die “private sfeer”), het stukrag verleen aan vrouegesiedenis.

In die feministe van die 1960’s se navorsing is daar baie min akademiese werke oor vroue gevind. Die geskiedenis was grootliks geskrywe deur mans en oor mans se optrede in die publieke sfeer – oorlog, diplomatie, politiek en administrasie. Vroue is uitgelaat en wanneer hulle genoem is, is hulle uitgebeeld in stereotipiese rolle, soos vroue, moeders, dogters en minnaresse. D. Beddoe beskryf die situasie as volg:

²⁹ ’n Historiese oorsig oor feminisme tot by die “oorsprong” van vrouegesiedenis kan gevind word in C. Brown & J. Seitz, “‘You’ve come a long way baby’: Historical Perspectives”, R. Morgan (ed.), *Sisterhood is powerful: An anthology of writings from the Women’s Liberation Movement*, pp. 3-28.

³⁰ J. Purvis, “Hidden from history”, in *The Polity reader in gender studies*, p. 139.

³¹ B. Taylor, *History Workshop Journal*, 2008, www.history.ac.uk/makinghistory/resources/articles/HWJ.html, Datum van gebruik: 7 September 2010.

³² D. Beddoe, *Writing women’s history*, p. 1.

³³ J. Tosh, *The pursuit of history*, p. 133-134.

“With the dawning of the second wave of the women’s movement, in the late 1960s and 1970s, came the consciousness that women had been left out of the historical record. At a time when women were seriously challenging the *status quo*, they began to look to their past to throw light on their present. Only history can begin to explain “why is it like this now? or “has it always been like this?”³⁴

Met die ontdekking dat “women had been left out of the historical record”, het feministe ernstig begin met “the project of recovering women’s history”.³⁵ Aktiviste het in die sestigerjare die begeerte uitgespreek vir ’n geskiedenis wat heldinne insluit, bewyse van vroue se aktiewe agentskap in die geskiedenis, verduidelikings vir onderdrukking asook inspirasie vir aksie. Feministe in die akademie het gereageer op hierdie soeke na ’n “herstory” deur hulle skrywes deel te maak van ’n wyer politieke agenda: daar moes bewyse gelewer word dat vroue wel ’n geskiedenis het, maar ook ’n aktiewe invloed op historiese verandering uitgeoefen het.³⁶

Ná die “ontdekking” van vrouegeschiedenis in die sestigerjare, het akademiese werk oor vroue in die 1970’s begin om weg te beweeg van die politieke agenda van feminisme. As georganiseerde studieveld is die vrae wat vrouegeschiedenis vra, uitgebrei deur byna alle aspekte van vroue se lewens in die verlede op te teken. Só het die veld ’n momentum van haar eie begin ontwikkel. Die grootskaalse uitsette in terme van akademiese monografieë, artikels en die interne kontroversie, sowel as deurentydse vertolkende dialoë, saam met die opkoms van erkende outoriteite op die gebied, het die opkoms van ’n nuwe akademiese veld aangedui.³⁷ J.W. Scott skryf dat “[a]ll of this adds up to what is justifiably termed ‘the new knowledge about women’”.³⁸

Die produksie van hierdie nuwe kennis word gekenmerk deur ’n buitengewone diversiteit in onderwerp, metode en interpretasie – soveel so dat dit onmoontlik is om die veld te reduseer tot ’n enkele vertolkende of teoretiese standpunt. Afgesien van die wye reeks onderwerpe wat in die veld bestudeer word, beide as gevallestudies of as groot vertolkende oorsigte, vra nie een dieselfde soort navorsingsvrae nie. Daarby het die geskiedenis van die vrou in die begin

³⁴ D. Beddoe, *Writing women’s history*, p. 1.

³⁵ S. Rowbotham, *Hidden from history* (New York, Pantheon, 1974).

³⁶ J.W. Scott, “Women’s history”, in P. Burke (ed.), *New perspectives on historical writing*, p. 44.

³⁷ M.J. Boxer, “Women’s studies as women’s history”, *Women’s Studies Quarterly*, vol. 30, nr. 3, Winter, 2002, pp. 44-45.

³⁸ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 16.

(en in sommige gevalle vandag steeds) nog nie 'n gevestigde en definieerbare historiografiese tradisie gehad waarin interpretasies gedebatteer en hersien kon word nie. In plaas van 'n vaste historiografie (soos in die geval van politieke geskiedenis) is die vrou, as onderwerp van historiese studie, gebou op ander tradisies van geskiedskrywing, of in isolasie daarvan. Ten spyte van hierdie diversiteit kan daar tog sekere tendense identifiseer word.

Van die eerste eksperimente in vrouegeskiedenis het hoofsaaklik hoofstroom-modelle van interpretasie gevolg. Soos wat vrouehistorici se stemme begin opgaan het in die praktyk, het hulle hierdie modelle uitgebrei om voorsiening te maak vir hulle interpretatiewe behoeftes. Die model van “aparte sfer” het voorsiening gemaak vir 'n uitbreiding, en vervanging, van die heersende raamwerk van “klas” as metode van analise.³⁹ Daarby het skrywers van vrouegeskiedenis die bewyse van *diversiteit* en *verandering* van die verlede beklemtoon as reaksie teen essensialistiese ideë rondom vroue.⁴⁰ Die vroegste tendens (wat 'n karaktereienskap van vrouegeskiedenis geword het) was egter die “ontdek” van geskiedenis, die poging om dit wat “verborge” was “aan die lig” te bring.⁴¹ Nie net maak vrouegeskiedenis gebruik van hoofstroom- interpretatiewe modelle nie, maar lewer ook self 'n bydrae tot die historiese praktyk. Michael Roberts skryf oor die aanvanklike tendense dat “... it [vrouegeskiedenis] also entailed an *interdisciplinary* approach, and often an innovative approach to source materials, the study of women's history found itself moving to the centre of contemporary intellectual concerns”.⁴² Stelselmatig het daar tendense gevorm wat 'n nuwe tradisie van geskiedskrywing daargestel het. Die belangrikste is natuurlik die “herskryf” van geskiedenis waar vroue hulle regmatige plek inneem.⁴³

Nog 'n tendens in vrouegeskiedenis is ook arbeid (of ekonomiese geskiedenis). Geskiedenis oor vrouearbeid skenk byvoorbeeld aandag aan kontemporêre feministiese vraagstukke, soos die verhouding tussen lone en status, terwyl ander weer hulle studies bou binne die konteks

³⁹ Sien L. Davidoff, “Gender and the ‘Great Divide’”, *Journal of Women's History* vol. 15, no. 1, Spring, pp. 11-27.

⁴⁰ M. Roberts, “Women's history and gender history”, p. 193.

⁴¹ Uitmuntende voorbeelde van werke wat wentel rondom die “sigbaar maak” van vroue is S. Rowbotham, *Hidden from history: 300 years of women's oppression and the fight against it* (London, Pluto Press, 1973). R. Bridenthal & C. Koonz, *Becoming visible* (New York, Houghton Mifflin Harcourt, 1987).

⁴² M. Roberts, “Women's history and gender history”, p. 194.

⁴³ Sien Afdeling 1.3 vir 'n uitgebreide bespreking oor die revisionistiese aard van vrouegeskiedenis. Dit is belangrik om in ag te neem dat die genoemde tendense slegs enkele voorbeelde is van die wye veld van vrouegeskiedenis.

van debatte onder Marxiste en teorieë oor die impak van industriële kapitalisme.⁴⁴ Reproduksie dek ook 'n wye terrein waarin vrugbaarheid en kontrasepsie bestudeer word. Somtyds word dit behandel binne die grense van historiese demografie as aspekte van “demografiese transisie”.⁴⁵ Alternatiewelik word hierdie temas ook beskou binne die konteks van gesprekke oor konflikterende politieke analyses deur Malthusiaanse politieke ekonome en sosialistiese arbeidsleiers. Vrugbaarheid en kontrasepsie geniet ook aandag by wyse van evaluasies oor die impak van die negentiende eeu se “huishoudelike ideologie” en vroue se beheer binne families. Ander benaderings tot vrouegeskiedenis beklemtoon weer feministiese debatte oor seksualiteit en die geskiedenis van vroue se eise om die vryheid van hulle liggame.⁴⁶ Daarby het sommige Marxistiese feministe voortplanting herdefinieer as die funksionele ekwivalent van produksie in 'n poging om vroue in die korpus van Marxistiese werke te integreer.⁴⁷ Judith Mitchell se essay “Women: The Longest Revolution” is 'n voorbeeld van hierdie poging tot integrasie. Dit het die eerste analitiese raamwerk verskaf waarin die verhouding tussen die elemente van produksie, voortplanting, geslag en die grootmaak van kinders bestudeer is:

“The variations of woman’s condition throughout history will be the result of different combinations of these elements – much as Marx’s analysis of the economy in *Precapitalist Economic Formations* is an account of the different combinations of the factors of production, not a linear narrative of economic development.”⁴⁸

⁴⁴ Voorbeelde van sleutelwerke oor die geskiedenis van vrouearbeid is A. Amsden (ed.), *The economics of women and work* (London, Penguin Books, 1980); J.W. Scott & L.A. Tilly, *Women, work and family* (New York, Holt, Rinehart and Winston, 1978); A. Oakley, *Women’s work: The housewife past and present* (New York, Pantheon, 1974); L.L. Frader, “Gender and labor in World History”, T.A. Meade & M.E. Wiesner-Hanks (eds.), *A companion to gender history* (London, Blackwell, 2004).

⁴⁵ Sleutelwerke oor “demografiese transisie” sluit in R.V. Wells, “Family history and demographic transition”, *Journal of Social History*, vol. 9, 1956, pp. 1-19; J.A. Banks, *Prosperity and parenthood* (London, Routledge, 1954), K.O. Mason, “The status of women: Conceptual and methodological issues in demographic studies”, *Sociological Forum*, vol 1, nr. 2, 1986, pp. 284-300.

⁴⁶ Sien in hierdie verband A. McLaren, “Contraception and the working classes: Social ideology of the English birth control movement in its early years”, *Comparative Studies in Society and History*, vol. 20, 1978, pp. 408-51; A. Davin, “Imperialism and motherhood”, *History Workshop*, vol. 5, 1978, pp. 9-66.

⁴⁷ Belangrike studies waar voortplanting met Marxisme integreer word, is R. Bridenthal, “The dialectics of production and reproduction in history”, *Radical America*, vol. 10, 1976, pp. 3-11; N. Folbre, “Of patriarchy born: The political economy of fertility decisions”, *Feminist Studies*, vol. 9, 1983, pp. 261-248.

⁴⁸ J. Mitchell, “Women: The longest revolution”, *New Left Review*, vol. 40, p. 16.

Vroue en kinders het dus feministe (vrouehistorici) se ekwivalent van die Marxistiese proletariaat geword, aldus S. Rowbotham.⁴⁹ Ekonomiese en sosiale geskiedenis is egter net twee van die velde waarin vrouegeskiedenis waag om te beweeg.

Binne die manlik-oorheerste politieke geskiedenis poog baie studies om te demonstreer dat vroue te vinde was in die “publieke sfeer”.⁵⁰ Voorts word daar ook aandag geskenk aan die kontroversie rondom die historiese onaanpasbaarheid tussen die eise van sommige feministe. Die struktuur en ideologie van georganiseerde vakbonde en politieke partye (soos sosialisme se “mislukking” om vroue te akkommodeer) is ook ontleed. ’n Ander benadering tot politieke geskiedenis, is om ondersoek in te stel na die interne organisering van vroue se politieke organisasies in ’n poging om die bestaan van ’n duidelik onderskeibare vroulike kultuur op te teken.⁵¹ Dit is ook vanselfsprekend dat geografiese verskille klemverskuiwings in tendense veroorsaak. Daarom is dit belangrik om in ag te neem dat die ontwikkeling van sekere tendense in vrouegeskiedenis van land tot land verskil.⁵²

Alhoewel dit so mag voorkom in die bogenoemde uiteensetting, is die geskiedenis van die vrou geensins beperk tot die moderne geskiedenis nie. Volgens Roberts is die mees populêre temas in vrouegeskiedenis wel temas wat te make het met politiek, mag en arbeid in die moderne periode; politiek en mag in die vroeg-moderne periode; gevolg deur die plek van vroue in die familie/gesin ná 1800.⁵³ Nie eens die Middeleeue is uitgelaat nie. As die middelpunt van ekonomiese aktiwiteite en die mikropolitiek van voor-industriële samelewings, het die familie (en die vrou se rol daarin) die meeste aandag ontvang van

⁴⁹ S. Rowbotham, *Promise of a dream: Remembering the Sixties*, p. 214.

⁵⁰ Voorbeelde hiervan is J. Abrey, “Feminism in the French Revolution”, *American Historical Review*, vol. 80, 1975, pp. 43-62; P. Hollis, *Women in public* (London, Allen & Unwin, 1979).

⁵¹ Daar is tientalle voorbeelde van studies oor die opkoms van vrouebewegings, maar die volgende vier studies verteenwoordig die tendens onder verskillende metodes en verskillende lande: E. Dubois, *Feminism and suffrage: The emergence of an independent women's movement in America, 1848-69* (Ithaca, N.Y., Cornell University Press, 1978); A. Rosen, *Rise up women! The militant campaign of the Women's Social and Political Union* (London, Routledge, 1974); R. Evans, *The feminist movement in Germany, 1933-1934* (London, Sage Publications, 1976); R. Stites, *The women's liberation movement in Russia* (Princeton, Princeton University Press, 1978).

⁵² Bibliografiese studies wat die ontwikkeling van vrouegeskiedenis in die drie hoofsentrums van die dissipline skets (naamlik die V.S.A., Brittanje en Frankryk) is die volgende: B. Sicherman, E.W. Monter, J.W. Scott & K.K. Sklar, *Recent United States scholarship on the history of women* (Washington, D.C., American Historical Association, 1980); B. Kanner, *The women of England from Anglo-Saxon times to the present* (Hamden, Conn., Archon Books, 1979); K.M. Offen, “First wave feminism in France: New work and resources”, *Women's Studies International Forum*, vol. 5, 1982, pp. 685-689.

⁵³ M. Roberts, “Women's history and gender history”, p. 197.

historici wat die Middeleeue bestudeer.⁵⁴ Byna alle temas van die historiese beroep is al deur historici van die vrou aangeraak juis vanweë die revisionistiese karakter daarvan. Die reaksie van J. Kelly op die “ontdekking” van vroue in haar spesifieke gebied, naamlik die Renaissance, som hierdie karakter op:

“The change I went through was kaleidoscopic. I had not read a new book. I did not stumble upon a new archive. No fresh piece of information was added to everything I knew. But I knew now that the entire picture I had held of the Renaissance was partial, distorted, limited and deeply flawed.”⁵⁵

In die lig van die bogenoemde kan die historikus saamstem met Roberts wanneer hy skryf “[w]omen’s history has thus shaped, and been shaped by, changing views of the purpose of historical writing as a whole”.⁵⁶ Soos wat vrouegeskiedenis ’n erkende akademiese dissipline geword het, het dit in die 1980s begin beweeg in die rigting van gendergeskiedenis. Reeds in 1975 het N. Z. Davis die oorgang na gender aangeraak toe sy as volg argumenteer het: “... we should be interested in the history of both women and men... we should not be working only on the subjected sex any more than the historian of class can focus entirely on peasants.”⁵⁷

Die swaai na gender was ’n breek met vrouegeskiedenis se politieke (radikaal-feministiese) inslag, aangesien gender beskou word as ’n neutrale term, leeg van enige ideologiese inslag.⁵⁸ J.W. Scott verwys na die ontwikkeling van vrouegeskiedenis tot gendergeskiedenis soos volg: “The emergence of women’s history as a field of scholarship involves... an evolution from feminism to women to gender; that is, from politics to specialized history to analysis”.⁵⁹ Die tema van hierdie verhandeling staan met een been in die tradisie van vrouegeskietskrywing en met die ander in die tradisie van gendergeskietskrywing.⁶⁰

⁵⁴ Historiese studies oor vroue in die Middeleeue, Renaissance en vroeë moderne tyd sluit die volgende in: S. Shadar, *The fourth estate: A history of women in the Middle Ages* (London, Routledge, 2003); J. Kelly, “Did women have a renaissance?” in R. Bridenthal & C. Koonz (eds.), *Becoming visible* (New York, Houghton Mifflin Harcourt, 1987); L. Gowing, *Common bodies: Women, touch and power in seventeenth-century England* (New Haven, Yale University Press, 2003).

⁵⁵ J. Kelly, *Women, history and theory*, p. xiii.

⁵⁶ M. Roberts, “Women’s history and gender history”, p. 198.

⁵⁷ N.Z. Davis, “Women’s history in transition: The European case”, *Feminist Studies*, vol. 3, 1976. p. 90.

⁵⁸ J.W. Scott, “Women’s history”, p. 44.

⁵⁹ J.W. Scott, “Women’s history”, p. 44.

⁶⁰ Sien afdeling 1.3 vir ’n volledige bespreking van “gender” as komponent in geskietskrywing oor die vrou en hoe hierdie verhandeling gebruik maak van gender as kategorie van historiese analise.

Die rede waarom 'n uiteensetting van die bogenoemde historiografie belangrik is, is omdat die produksie van kennis wat in hierdie studie plaasvind stewig gevestig is in 'n jong, maar sterk tradisie van geskiedskrywing. Vrouegeskiedenis is 'n nóg meer gespesialiseerde veld as Vrouestudies.⁶¹ Om hierdie rede is die tema van dié verhandeling duidelik afgebaken ten einde gehoor te gee aan die algemene doelwit wat te bespeur is in *elke* tendens van vrouegeskiedenis, naamlik om vroue (in hierdie geval Afrikanervroue) die *fokus* van die ondersoek te maak, die onderwerp van 'n storie – die *agent* van beide die narratief en interpretasie.⁶²

Gesien teen die agtergrond van die bogenoemde historiografiese tradisie, is die geskrewe akademiese werke oor die Afrikanervrou skandelik min. Hierdie gebrek aan studies kan wel verklaar word deur 'n oorsig te gee van die beskikbare materiaal. So is die feit dat daar geen geskiedenis oor die Afrikanervrou se betrokkenheid in die Ossewa-Brandwag bestaan nie, geensins verbasend in die lig van die duisternis waarin die verteenwoordiging van vroue in Suid-Afrikaanse historiografie gehul is nie.

1.2.3 Afrikanervroue in Suid-Afrikaanse historiografie

Sedert die begin van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is die Afrikanervrou se agentskap grootliks onderspeel. Hoofstroomgeskiedskrywing lê klem op die “publieke sfeer”. Vroue, aan die ander kant, was meesters van die “private sfeer”, maar die “onbelangrikheid” hiervan het hulle tot die randgebied van geskiedskrywing beperk.⁶³ In sy Afrikanernasionalistiese boek, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, skryf W. Postma in 1918 dat in die huis van die Boervrou “vind ons nog die egte huismoederlikheid. Vir haar kinders het die huismoeder altijd nog tyd. Van die Voortrek af was die eerste lewensjare van die kind in die hande van die moeder. En nog is dit so in die huis van die egte Boervrou.”⁶⁴

As ons Postma se argumentasie moes volg sou die “plek” van die Afrikanervrou in die “publieke sfeer” fokus op moederskap. In 'n soortgelyke boek as dié van Postma skryf A.P. van Rensburg in 1966: “In wese is en was die Afrikanervrou nog nooit 'n politieke mens nie.

⁶¹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 16.

⁶² J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 17.

⁶³ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 18.

⁶⁴ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, pp. 97-98.

Waar sy tot haar reg kom, is op die liefdadigheidsterrein, met welsynwerk, in die opvoeding.”⁶⁵ Is hierdie ’n akkurate beeld van die Afrikanervrou se rol in die geskiedenis?

Beide historici wat behoort tot die Afrikanernasionalistiese en liberale skool van geskiedskrywing het mans uitgebeeld as aktiewe agente van Afrikanergeskiedenis, terwyl vroue opgetree het as die *volksmoeder*-simbole van die beweging.⁶⁶ Daar het in die loop van die twintigste eeu verskeie geskiedenisboeke verskyn wat gebou is op die konsep wat in Postma se boek gepropageer word, naamlik dié van die rein, amper heilige, *volksmoeder*.⁶⁷ Ten spyte van hierdie skynbare simboliese belangrikheid word daar skaars melding gemaak van Afrikanervroue in die belangrikste werke voortvloeiend uit Afrikanernasionalistiese historiese en akademiese tradisies.⁶⁸ Een van die mees prominente redes hiervoor was dat Afrikanernasionalistiese geskiedskrywers vroue gebruik het om hulle eie ideale te bevorder. ’n Voorbeeld hiervan is die voorstelling van vroue se posisie in die Anglo-Boereoorlog.⁶⁹ Die kommentaar van Albert Grundlingh is hier van belang:

⁶⁵ A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 99.

⁶⁶ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner Nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging”, p. 1.

⁶⁷ Die vroegste boeke van hierdie aard sluit in W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1918) en E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1921). Die feministiese teoloog, Christina Landman, gee ’n effektiewe beskrywing van hierdie twee boeke in haar werk *The piety of Afrikaans women: Diaries of guilt* (Pretoria, UNISA, 1994). Sy beskryf Postma se boek as “patrio-religious” en Stockenström s’n as “ethico-religious”. Met ander woorde, *Die Boervrou: moeder van haar volk* prys Afrikanervroue (oftewel Boervroue) vir hulle patriotisme en godsdienstigheid, terwyl *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* die oorsprong van die Afrikaanse nasie terugherlei na 1568. Deur dit te doen identifiseer hy die geskiedenis van Afrikaanse vroue met dié van Nederlandse vroue wat saam met Kenau Hasselaar in die Tagtigjarige Oorlog geveg het en gee ’n “regverdiging” vir Afrikanervroue se etnies-gesentreerde onafhanklikheidsin. Hierdie twee boeke het ’n groot rol gespeel in die vestiging van die subjektiewe identiteitskonstruksie van die *volksmoeder*. Dit sou in die jare na die publikasie van hierdie tekste tot sy volle potensiaal ontwikkel. Nóg boeke wat hierdie gedagtegang volg is D.G. Venter, *Die vrou in die openbare lewe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1937), *Die Gereformeerde Vroueblad, Gedenkboek. die gereformeerde vrou, 1859-1959* (Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1959); A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk* (Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1966); A. de Villiers, *Barvoets oor die Drakensberg: Pioniersvroue van die neëntiende eeu* (Johannesburg, Perskor, 1975); F. van der Watt, *Ek sien haar wen* (Pretoria, Daan Retief Uitgewers, 1980).

⁶⁸ Sien in hierdie verband F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1959); F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner en sy geskiedenis* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959), F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se Groot Trek na die stede* (Johannesburg, Perskor, 1982). Vroue is skaars genoem in G.D. Scholtz se agt-volume werk *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* (Johannesburg, Voortrekkerpers/Perskor, 1967-1984). Selfs in een van die mees onlangse werke oor Afrikanergeskiedenis word vroue slegs in die verbygang genoem, naamlik H. Giliomee se *Die Afrikaners: ’n biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004).

⁶⁹ Daar bestaan verskeie onlangse akademiese studies wat wentel rondom vroue se “lyding” en rol gedurende die Anglo-Boereoorlog, asook studies oor die na-oorlogse reaksie daarop. Dit sluit onder andere in A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument: The making and mutation of meaning in Afrikaner Memory of the South African War” in Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-*

“Afrikaans women were maltreated during the war by the British to achieve their war ideals; after the war their own men misused them to accomplish nationalist ideals. Martyrdom did not introduce Afrikaans women into the male dominant culture. On the contrary, because of the nationally honoured martyrdom, suffering became an inseparable part of the nature of these women”.⁷⁰

Gevolgtrek het “nationally honoured martyrdom” daartoe gelei dat die agentskap van Afrikanervroue in die historiese rekord skandelik onderspeel is.⁷¹

Aandag aan Afrikanervroue in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is egter net so gebrekkig onder diegene wat nie deel uitmaak van die Afrikanernasionalistiese skool van geskiedskrywing nie. Die sogenaamde “liberale” historici wat die eerste “buite-perspektief” oor die Afrikaner gebied het, het min of meer dieselfde gedagtegang gevolg oor vroue, of het vroue andersins bloot net aangeraak as ’n nagedagte.⁷² ’n Prominente “liberale” historikus, T. Dunbar Moodie, het die rol van die Afrikanervrou gesien as gesetel in die “[provision of a] deep well of moral fortitude which complemented and even surpassed her husband’s more practical exploits”. Ten spyte van hierdie oënskynlike lof is dit steeds die man wat volgens Moodie opgetree het as: “the instrumental agent who worked out God’s will in Afrikaner history”.⁷³ Ander liberale geskiedenis, soos John Fisher se *The Afrikaners* volg ook die tendens om Afrikanervroue as simbole uit te beeld. In die 15 bladsye van sy 380 bladsy lange boek waarin daar na vroue verwys word, vind die leser telkens uitlatings soos “God-fearing women... who helped to raise the moral tone of the settlement”. Selfs idees wat ooreenstem met dié van Postma en Stokentröm is te vinde, soos dat vroue ’n “driving force” was in die strewe na onafhanklikheid. Ook die verhewe martelaarskap van die vrou word bevestig: “...the heroine of the concentration camps”.⁷⁴ Ander baanbrekerswerk onder die liberale skool van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing maak ook geen melding van vroue nie.⁷⁵

1902, (Cape Town, David Phillip, 2002), pp. 18-36; E. van Heyningen, “The voices of women in the South African War”, *South African Historical Journal*, no. 41, November, 1999, pp. 22-34; E. van Heyningen, “Women and gender in the South African War 1899-1902”, in N. Gasa (ed.), *Women in South African History*, (Cape Town, HSRC, 2007), pp. 91-125; H. Bradford, “Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African War” in Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, (Cape Town, David Phillip, 2002), pp. 37-66.

⁷⁰ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 21.

⁷¹ Sien Hoofstuk 2 vir ’n bespreking van die volksmoeder as genderkonsep binne die Suid-Afrikaanse historiografie.

⁷² M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, p. 2.

⁷³ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 17.

⁷⁴ J. Fisher, *The Afrikaners*, pp. 8, 63, 353.

⁷⁵ Sien K. Smith, *The changing past*, pp. 103-154.

Met die opkoms van neo-Marxistiese geskiedskrywing het daar 'n transformasie gekom in die Suid-Afrikaanse historiografie. Stiltes wat voorheen ignoreer is, is deur hierdie skool aangeraak. L.M. Kruger dui byvoorbeeld daarop dat D. O'Meara in sy boek *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948* die stilte in Suid-Afrikaanse geskiedskrywing aangeraak het met betrekking tot die Afrikaner werkersklas as aktiewe agente in die geskiedenis. O'Meara het egter nagelaat om enigsins die vrouewerker in ag te neem. Kruger som dit soos volg op: "Even if one accepts his rigorous materialist analysis, one has to criticise the silence of women in his work".⁷⁶

In kort kan die bogenoemde soos volg saamgevat word: Sedert die begin van Suid-Afrikaanse geskiedskrywing het die "publieke sfeer" die historiografie oorheers. Aangesien Afrikanervroue slegs op die buitelyne betrokke was in "formele" politiek, is hulle nie beskou as aktiewe politieke akteurs nie en dus ook nie as aktiewe agente in die vorming van geskiedenis nie. Hierdie verstaan van die "plek" en "rol" van Afrikanervroue is tot baie onlangs gehandhaaf in alle skole van geskiedskrywing (koloniaal, nasionalisties, liberaal, Marxisties) wat te make het met die Afrikaner.⁷⁷

Die geskiedenis van die Afrikaner is dus al geanaliseer in etniese en klasterme; dit is al bestudeer in terme van kapitaal, arbeid en die staat; historici het al gefokus op die militêre, konstitusionele en politieke worstelinge wat die geskiedenis van die nasie gemotiveer en gehandhaaf het. Dit sou egter eers in die middel tagtigerjare van die twintigste eeu wees dat Afrikanergeskiedenis deur die lens van genderverhoudinge, gender identiteit en genderrolle geanaliseer sou word.⁷⁸

Vroue het eers in die laat 1970's en 1980's begin aandag geniet onder historici en akademici van Suid-Afrika. Die begin van vrouegeskiedskrywing in Suid-Afrika het grootliks gefokus op Engelssprekende en swart vroue.⁷⁹ Dit het gepaard gegaan met die vinnig-groeiende internasionale literatuur oor vroue se aandeel in kerke en liefdadigheidsorganisasies, soos D. Gaitskell se werk oor vroue se betrokkenheid in sendingwerk en swart vroue se gebedsgroepe

⁷⁶ L.M. Kruger, p. 18. Sien D. O'Meara, *Volkskapitalisme. Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983).

⁷⁷ L.M. Kruger, "Gender, community and identity", p. 18.

⁷⁸ L.M. Kruger, "Gender, community and identity", p. 19.

⁷⁹ E.L. Cloete "Frontierswomen as volksmoeders: Textual invocations in two centuries of writing", p. 34.

in Suid-Afrika.⁸⁰ Afrikanervroue het nie dadelik aandag geniet nie. P. Hetherington noem dat van die redes hiervoor die apartheidsstelsel was, sowel as 'n dominante kultuur wat nie ontvanklik was vir nuwe ideë nie. Hierdie toestand “seems likely to inhibit the writing of women’s history”.⁸¹ Sedert 1970 het daar dus verskeie studies verskyn waarvan vroue die fokus is, maar waar Afrikanervroue steeds slegs op die buitelyne genoem word.⁸²

Van die eerste stiltes wat oor Afrikanervroue verbreek is, het gewentel rondom hulle posisie as arbeiders in stedelike gebiede. E. Brink, I. Berger en L. Vincent het belangrike bydraes gelewer tot die verstaan van Afrikanervroue se privaat en professionele lewens as aktiewe lede van werkersunies.⁸³ Navorsing oor Afrikanervroue het egter nie net gebly by hul betrokkenheid in werkersunies nie. Die organisering van Afrikanervroue in liefdadigheidsorganisasies het ook al baie aandag geniet, met die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (ACVV) waaroor daar sekerlik die meeste geskrywe is, onder andere in M. du Toit se doktorstesis.⁸⁴ Verskeie Afrikanervroue wat in liefdadigheidsorganisasies gewerk het, sowel as vroue betrokke by die Sosiale Welstand afdelings van universiteite, het self 'n aantal boeke publiseer wat aspekte van hulle werk dek, of wat fokus op die lewens van werkersklasvroue.⁸⁵

⁸⁰ D. Gaitskell, “Female mission initiatives: Black and white women in three Witwatersrand churches, 1903-1939 (Ph.D thesis, University of London, 1981) en D. Gaitskell & J. Kimble “‘Wailing for purity’: Prayer unions, African mothers and adolescent daughters, 1912-1940” in S. Marks & R. Rathbone, (eds.), *Industrialization and social change in South Africa* (London, Longman, 1982).

⁸¹ P. Hetherington, “Women in South Africa: The historiography in English”, *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 26, nr. 2, 1993, p. 247.

⁸² Vir die historiografie en literatuur oor Engelssprekende en swart vroue deur Suid-Afrikaanse akademici, sien B. Bozzoli, “Marxism, feminism and South African studies”, *Journal of Southern African Studies* vol. 9, nr. 2, 1983; C. Walker, “Women and gender in Southern Africa to 1945: An overview”, in C. Walker (ed.), *Women and Gender in Southern Africa* (Claremont, David Phillip, 1990), C. Landman (ed.) *Digging up our foremothers: Stories of women in Africa* (Pretoria, UNISA, 1996), asook meer onlangs N. Gasa (ed.), *Women in South African history* (Cape Town, HSRC, 2007).

⁸³ E. Brink, “The Afrikaner women of the Garment Workers’ Union, 1918-1939” (M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, 1986); E. Brink, “Maar net 'n klomp ‘Factory’ meide’: Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920s” in B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives* (Johannesburg, Ravan Press, 1987). Sien ook I. Berger, “Solidarity fragmented: Garment workers of the Transvaal, 1930-1960” in S. Marks & S. Trapido (eds.), *The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa* (London, Longman, 1987), asook L. Vincent, “Bread and honour: White working class women and Afrikaner nationalism in the 1930s”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 26, no. 1, Maart, 2000, pp. 61-78.

⁸⁴ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939 (Cape Town, University of Cape Town, 1996).

⁸⁵ Hierdie studies sluit in H.C. Lambrechts “Die eerste vyftig jaar: Geskiedenis van die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging” (Ph.D-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1956); E. Theron & H.C. Lambrechts, *Vrouevolksdiens* (Kaapstad, HAUM, 1956). Dit is ook die moeite werd om aandag te skenk aan die werk van M.E. Rothman, *The poor white problem in South Africa. report of the Carnegie-Commission, Part V: The mother and daughter of the poor family* (Stellenbosch, Pro

Dit is interessant om te sien dat die meeste akademiese studies wat verskyn oor Afrikanervroue se betrokkenheid in liefdadigheidsorganisasies nie soseer fokus op die “tradisionele” rol van vrou as “geneesheer” en “koeksisterbakster” nie, maar op hoe hulle betrokkenheid in hierdie organisasies, en selfs hulle moederskap, bygedra het tot die groei en handhaaf van Afrikanernasionalisme. Vroue hoef nie noodwendig betrokke te wees in formele politiek om ’n bydrae te lewer in die publieke sfeer nie. In die woorde van L. M. Kruger: “by assuming the roles of mothers, wives and housekeepers in the private sphere [women] may in some relevant sense be playing an important and indeed political role”.⁸⁶ Vroue se aandeel in verskillende organisasies was beslis nie apolities nie en juis vanweë die komplekse aard van die “overlapping of spheres” kan daar met Kruger saamgestem word wanneer sy sê daar is ’n “problematic relationship between women and Afrikaner nationalism.”⁸⁷ Omdat hierdie verhandeling ook dié problematiese verhouding bepreek, sal daar vir ’n oomblik stilgestaan word by die belangrikste akademiese bydraes en argumente wat tot dusver gefokus het op hoe Afrikanervroue by wyse van *organisasies* aktiewe agente in die vorming van Afrikanernasionalisme was.

Een van die eerste navorsers wat daarop gedui het dat liefdadigheidsorganisasies bygedra het tot die ontwikkeling van die Afrikaner se politieke identiteit was I. Hofmeyr. In haar opstel “Building a nation from words” skryf sy dat hierdie tipe organisasies onder die beheer was van middelklas Afrikanervroue wat gewerk het onder “poor Afrikaner women” en in die proses “influenced sections of the poor who derived benefits from identifying and presenting themselves as ‘white Afrikaners’”.⁸⁸ M. du Toit dui daarop dat Hofmeyr se idees ooreenstem met dié van J. Butler wat geskrywe het oor vroue se betrokkenheid by die ACVV in die Karoo.⁸⁹ Butler skrywe dat “Afrikaner women, acting outside the explicitly political realm... frequently played an important part in defining Afrikaners as a self-conscious ethnic group...”⁹⁰ Dit stem ooreen met Hofmeyr se argument dat Afrikaanse kulturele tydskrifte juis

Ecclesia, 1932) asook E. Theron, *Fabriekwerksters in Kaapstad* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1944). Sien ook M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner Nationalism”, p. 5.

⁸⁶ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 21.

⁸⁷ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 2.

⁸⁸ I. Hofmeyr, “Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924” in S. Marks & S. Trapido (eds.), *The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa*, p. 106.

⁸⁹ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, pp. 5-6.

⁹⁰ J. Butler, “Afrikaner women and the creation of ethnicity in a small South African town, 1902-1950” in L. Vail (ed.), *The creation of tribalism in South Africa*, p. 56.

so suksesvol was vanweë vroue se posisie in die gesin. Die rede hiervoor was dat Afrikaans geassosieer is met die “intimate terrain of the household” terwyl die mans van vroue steeds in die 1920’s gehoor gegee het aan ’n “English labour political culture”.⁹¹ Afrikanervroue was dus hulle mans een voor wat betref Afrikanernasionalisme, want “their wives had already internalised an Afrikaner identity by reading Afrikaans books and magazines”.⁹² Hierdie identiteit het dan ook neerslag gevind in die verskillende organisasies waaraan vroue behoort het en wat onder hulle beheer geval het.⁹³

Ander studies wat ’n soortgelyke gedagtegang volg, is dié van B. Eisenberg wat handel oor die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF). In dié werk skrywe sy dat die liefdadigheidsaktiwiteite van die SAVF gemotiveer was deur politieke ideale en dat die beweging “a great champion of Afrikaner nationalism” was.⁹⁴ Sy gaan selfs verder en sê dat lede van die SAVF “worked devoutly” om nasionalistiese ideale te laat realiseer.⁹⁵ D. Gaitskell en E. Unterhalter het in 1989 ’n opstel publiseer wat ’n verband getrek het tussen moederskap en Afrikanernasionalisme. Dit sluit aan by die gedagte dat die private sfeer ook politiek van aard is deur daarop te dui dat die Afrikaners van die 1920’s en 1930’s die rol van moederskap beklemtoon het in die hoop dat “their homes would be a maternal powerhouse of ethnic mobilisation.” A. McClintock het gebruik gemaak van die werk van Gaitskell en Unterhalter om ’n teoretiese studie te doen oor die aard van gender in nasionalisme. Wat die rol van moederskap in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme betref, skrywe sy dat “women played a crucial role” en dat “in Afrikaner nationalism motherhood is a political concept under constant contest.”⁹⁶

Onderliggend aan al hierdie studies is daar egter die voorveronderstelling dat vroue se aksies geregleer is deur ’n posisie in die samelewing wat mans aan hulle toegeskryf het. L.M. Kruger skrywe dat “[w]hile setting out to break the silence about women’s role in history these feminist histories in fact stress the ways and extent to which women’s identities, roles

⁹¹ I. Hofmeyr, “Building a nation from words”, pp. 113-114.

⁹² M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, p. 5.

⁹³ Sien in hierdie verband M. du Toit, “The domesticity of Afrikaner nationalism: *Volksmoeders* and the ACVV, 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1, 2003.

⁹⁴ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism: the South African Vrouefederasie”, p. 33.

⁹⁵ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism”, p. 96.

⁹⁶ A. McClintock, “Family feuds: Gender, nationalism and the family, *Feminist Review*, vol. 44, 1993, pp. 61- 80; A. McClintock “No longer in a future heaven’: Women and nationalism in South Africa, *Transition*, no. 51, 1991, pp. 104-123. Sien ook C. Walker, “Conceptualising motherhood in Twentieth Century South Africa”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 21, no. 3, Sep., 1995, pp. 417-437.

and actions are ultimately moulded by men.”⁹⁷ Die literatuur beskikbaar oor Afrikanervroue se verhouding met nasionalisme fokus egter nie almal uitsluitlik op hoe die huishoudelike sfeer dit beïnvloed het of vroue se betrokkenheid by liefdadigheidsorganisasies bygedra het tot die ontwikkeling daarvan nie. ’n Aantal studies handel oor Afrikanervroue se agentskap deur organisasies en dade van eksplisiete politieke aard wat ’n duidelike breuk is met die idee dat mans vroulike identiteit reguleer.

Die eerste in-diepte studie wat ’n prentjie geteken het van Afrikanervroue se aktiewe *politieke* rol in nasionalisme, is juis dié van L.M. Kruger: *Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931* (1991). Kruger se studie bevat baie eerstes. Dit is die eerste studie wat op grond van gedetailleerde empiriese navorsing historiese rekenskap gee van Afrikanervroue se publieke en nasionalistiese aktiwiteite vanaf die begin van die twintigste eeu tot aan die einde van die 1920’s. In die tweede plek verskaf sy ook ’n in-diepte ekstrapolering van die *volksmoeder*-diskoers van die 1920’s en dui daardeur aan dat Afrikanervroue nie net bloot passiewe “mangemaakte” agente van die geskiedenis was nie, maar ook aktiewe en invloedryke figure in die konstruksie van die *volksmoeder*-ideaal. M. du Toit se reeds-genoemde doktorstesis sluit aan by Kruger deurdat sy in haar studie kies “to examine not only the gendered construction of nationalist discourse and identity, but also the organized activities of nationalist supporting women who worked in welfare.”⁹⁸

Daar is dus ’n duidelike ontwikkeling te bespeur in die akademiese groei van geskiedskrywing oor die Afrikanervrou in Suid-Afrika. Aanvanklik het akademici soos I. Hofmeyr, E. Brink, D. Gaitskell, E. Unterhalter en A. McClintock in die tagtigerjare begin om die stemme van Afrikanervroue in die historiese rekord hoorbaar te maak, maar hulle het steeds aangevoer dat Afrikanervroue se identiteite, rolle en optredes deur mans gevorm is. E. Brink skrywe byvoorbeeld dat “(o)ne of the means by which men in male-dominated societies control women is by giving them a well-defined but circumscribed position within society...”⁹⁹ Met ander woorde vroulike Afrikanernasionaliste was, in die woorde van Brink,

⁹⁷ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 25.

⁹⁸ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, p. 10.

⁹⁹ E. Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the *Volksmoeder*”, in C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, p. 273.

“man-made women”.¹⁰⁰ Kruger en Du Toit het in die 1990s gebreek met hierdie manier van dink deur aan te dring op die volgende:

If feminist historians really are to put women back into history and understand their importance as active agents, they will have to show not only how women co-operated with men in formulating roles for women, but also adapted, shaped and articulated (and sometimes even rejected) these roles... Afrikaner women were neither absent from, nor silent partners of a male political movement.¹⁰¹

Studies oor Afrikanervroue se agentskap as lede van politieke vroueorganisasies, het in onlangse historiografie meer aandag begin geniet. Daar is aangedui dat Afrikanervroue nie uitgesluit was uit die internasionale beweging onder vroue om agitering vir stemreg nie. In 1921 al het Marie du Toit Afrikanervroue se politieke posisie by die stembus behandel in “Vrou en Feminist: Iets oor die vrouevraagstuk”.¹⁰² Sestig jaar later sou hierdie vraagstuk eers in akademiese kringe onder die soeklig geplaas word. Ook hier is daar ’n verskil van mening tussen navorsers. L.M. Kruger noem dat die vraag om vrouestemreg byna nooit in die *Boerevrou*-tydsrif aangeraak is nie en meen dus dat Afrikanervroue nie ’n prominente rol in die verkryging van stemreg gespeel het nie.¹⁰³ M. du Toit se studie oor die ACVV kom tot min of meer dieselfde slotsom wanneer sy noem Afrikanervroue het gevoel die “unbiblical suffragettes” bedreig die harmonie van die huishouding.¹⁰⁴ C. Walker het in die versamelwerk “Women and Gender in Southern Africa to 1945” geskrywe dat Afrikanervroue gevangenes was van ’n Calvinisties-patriargale ideologie en geen bydrae tot die beweging om stemreg gelever het nie. Sy handhaaf dat “its leaders were not rural or Afrikaner, but characteristically middle-class, urban and English-speaking”.¹⁰⁵ As daar gelet word op die gevolgtrekkings van hierdie akademië, wil dit voorkom asof die Afrikanervrou geen eksplisiete politieke agentskap getoon het vir die uitbrei van hulle mag by die stembus nie.

¹⁰⁰ E. Brink, “Man-made women”, pp. 281, 290.

¹⁰¹ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 26.

¹⁰² M. du Toit, *Vrou en feminist: Iets oor die vrouevraagstuk*. (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1920).

¹⁰³ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 183.

¹⁰⁴ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, p. 144.

¹⁰⁵ C. Walker, “The women’s suffrage movement”, in C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, p. 318.

Soos reeds genoem is daar nie net “stiltes” oor vrouegeskiedenis nie, maar ook “halwe waarhede”.¹⁰⁶ L. Vincent het die halwe waarheid oor Afrikanervroue en stemreg in verskeie studies bespreek.¹⁰⁷ By wyse van deeglike navorsing het sy aangetoon hoe die beweging om vrouestemreg *nie* uitsluitlik onder die Engelse middelklas plaasgevind het nie en dat Afrikanervroue wel ’n prominente rol gespeel het in die agitering om vrouestemreg. Sy dui daarop dat Afrikanervroue bestaande idees oor die vrou se rol en “plek” in die samelewing moes uitdaag ten einde hulle doel te bereik. Om hierdie rede het hulle gebruik gemaak van ’n diskoers van “huishoudelikheid” en “moederskap” ten einde die legitimititeit van hulle aanspraak op stemreg te onderskraag.¹⁰⁸ Ten spyte van hierdie navorsingsresultate wyk Vincent nie totaal af van die idees van haar voorgangers nie. Vincent stem saam met C. Walker se aanduiding dat die verkryging van stemreg deur blanke vroue in Suid-Afrika nie die fundamentele herordening van gender-verhoudinge teweeggebring het wat so deur mans gevrees is nie.¹⁰⁹ Vincent het die redes hiervoor analiseer deur te let op die politieke agentskap van Afrikanervroue betrokke by die *Vroue Nasionale Party* en die *Nasionale Vroue Party*. In haar artikel, *Power behind the scenes: The Afrikaner nationalist women's parties, 1915-1931*, voer sy aan dat die gender-ideologie van Afrikanernasionalisme vroue nie verhoed het om ’n rol in die politiek te speel nie, intendeel leidende figure het hulle posisie gebruik om die gender-ideologie van die *volksmoeder* te herdefinieer.¹¹⁰ Op hierdie wyse het vroue die idee van die *volksmoeder* wyer interpreteer, wat hulle toegelaat het om hulle rol in die politiek te regverdig. Die gebruik van die volksmoeder was egter ’n tweesnydende swaard, want dit het vroue gedwing om gehoor te gee aan ’n gekonstrueerde identiteit, vol inherente ongelykhede. Daarmee saam het die mag wat vroue verkry het in hulle aparte partye verdwyn toe hulle in 1930, na verkryging van stemreg, saamgesmelt het met die groter, manlik-oorheersde, partye.¹¹¹

In ’n referaat wat ’n oorsig gee oor Afrikanervroue se politieke betrokkenheid, sluit Herman Giliomee aan by Vincent se navorsingsresultate. Hy noem dat vroue ironies genoeg ná die

¹⁰⁶ R. Miles, *Women's history of the world*, p. 13.

¹⁰⁷ Sien L. Vincent, “A cake of soap: the Volksmoeder ideology and Afrikaner women's campaign for the vote”, *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 32, no. 1, 1999, pp. 1-17; L. Vincent, “Power behind the scenes: the Afrikaner Nationalist Women's Parties, 1915-1931”, *South African Historical Journal*, vol. 40, May, 1999, pp. 51-73; L. Vincent, “Bread and honour: White working class women and Afrikaner nationalism in the 1930s”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 26, no. 1, Mar., 2000, pp. 61-78.

¹⁰⁸ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 2.

¹⁰⁹ C. Walker, “The women's suffrage movement”, p. 340.

¹¹⁰ L. Vincent, “Power behind the scenes”, p. 53.

¹¹¹ L. Vincent, “Power behind the scenes”, p. 73.

verkryging van stemreg so te sê verdwyn het van die politieke terrein: “the Afrikaner nationalist project of political emancipation and liberation between 1935 and approximately 1960 did not go hand in hand with the emancipation and liberation of the Afrikaner women”. Hy gaan sover as om te sê “Afrikaner women almost disappeared from the political scene as political actors in their own right.”¹¹² Dat Afrikanervroue totaal van die politieke toneel af verdwyn het, is beslis ’n oordrywing deur Giliomee, soos die ontleding van vroue se rol in die OB aan die lig sal bring. Nietemin, daar kan met Giliomee saamgestem word dat Afrikanervroue, in vergelyking met hulle susters in ander dele van die wêreld, “one of the least assertive female communities in the Western world” geword het.¹¹³ Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Van die belangrikste is alreeds genoem, naamlik die Afrikanernasionalistiese gender-konstruksie van die *volksmoeder*.

Die *volksmoeder* is ’n konstruksie wat in die sosiale gewete van die Afrikaner ’n sterk invloed uitgeoefen het. In die 1980’s het akademiese navorsing die lig begin sien wat ’n ontleding van dié konstruksie gemaak het. Hierdie navorsing het gelei tot ’n debat oor die subjektiewe identiteit van die Afrikanervrou wat steeds aan die gang is. Hoofstuk 2 fokus in-diepte op die sogenaamde “volksmoeder-debat”¹¹⁴ en analiseer dié identiteitskonstruksie met die oog op die OB-vroue.

’n Vinnige blik oor die literatuur en historiografie van die Ossewa-Brandwag bied alreeds genoegsame motivering vir die relevansie van hierdie studie. Daar is beslis ’n leemte in die

¹¹² H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, 2 Augustus 2003, <http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp>, (geraadpleeg op 20 November 2010), p. 13.

¹¹³ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 13.

¹¹⁴ Die volgende gepubliseerde studies maak deel uit van hierdie “debat”: E. Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the *Volksmoeder*”, in *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Phillip, 1990), pp. 273-292; E. Cloete, “Afrikaner identity: Culture, tradition and gender”, *Agenda*, no. 13, 1992, pp. 42-56; M. du Toit, “The domesticity of Afrikaner nationalism: *Volksmoeders* and the ACVV, 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1, Mar., 2003, pp. 155-176; L. Vincent, “A cake of soap: the *Volksmoeder*-ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote”, *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 32, no. 1, 1999, pp. 1-17; L. Vincent, “The power behind the scenes: the Afrikaner nationalist women’s parties, 1915-1931”, *South African Historical Journal*, vol. 134, no. 40, pp. 51-73; L. Vincent, “Bread and honour: white working class women and Afrikaner nationalism in the 1930’s”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 26, no. 1, Mar. 2000, pp. 61-78; L. van der Watt, “The comradely ideal and the *volksmoeder* ideal: Uncovering gender ideology in the Voortrekker tapestry”, *South African Historical Journal*, vol. 39, Nov. 1998, pp. 91-110; E. Brink, “Die *Volksmoeder*: ’n Beeld van ’n vrou” in Grundlingh, A.M. & Huigen, S. (eds.), *Van volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke* (Stellenbosch, Sun Press, 2008), pp. 7-16; D. Gaitskell & E. Unterhalter, “Mothers of the nation: A comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress” in Yuval-Davis, N. & Anthias, F. (eds.), *Women-Nation-State* (London, Macmillan, 1989), pp. 58-78.

geskiedenis van die OB, maar wanneer die bydraes van vrouegeskiedenis tot op hede oorweeg word, is hierdie verhandeling ook 'n bydrae tot die geskiedenis van die Afrikanervrou in die algemeen. Wat meer is, daar het lanklaas 'n in-diepte studie verskyn oor die verskynsel van die *volksmoeder*. Daarom bou hierdie studie ook voort op die vorige bydraes van die *volksmoeder*-debat deur te let op die manifestasies daarvan in die OB en hoe hierdie manifestasies 'n nuwe perspektief bied op die dinamika en vloeibaarheid van die *volksmoeder*.

Wat egter van hierdie studie 'n unieke bydrae maak binne die Suid-Afrikaanse historiografie is nie bloot net die vul van 'n leemte of 'n nuwe perspektief op 'n ou debat nie. Wat dit wel oorspronklik maak, is die gebruik van *gender* as kategorie van historiese analise.

1.3 Teoretiese verkenning van die rol van Afrikanervroue in die Ossewa-Brandwag: Gender as kategorie van historiese analise

In die laat 1980's en vroeë 1990's is die geskiedeniswetenskap 'n nuwe rigting ingestuur. Kategorieë van historiese analise – ras, klas, nasie, identiteit en gender – het belofte om 'n meer genuanseerde geskiedenis van mag en weerstand te bied. Wat hierdie kategorieë besonder bruikbaar maak, is die feit dat subjekte, wat deur ouer raamwerke in die geskiedenis verskans was, nou op dramatiese nuwe en betekenisvolle maniere sigbaar word.¹¹⁵ Gender, as een só 'n kategorie van analise, is veral belangrik by die skryf van vrouegeskiedenis, aangesien dit vroue sigbaar maak, met verreikende gevolge.

Daar is genoem dat die produksie van nuwe kennis oor vroue sedert die 1960's gekenmerk word deur 'n buitengewone diversiteit in onderwerp, metode en interpretasie – soveel so dat dit onmoontlik is om die veld van vrouegeskiedenis te reduceer tot 'n enkele interpretatiewe of teoretiese standpunt. Dit is teen hierdie agtergrond dat stemme begin opgaan het vir meer teoretiese koherensie wat betref die bestudering van vrouegeskiedenis. Die sterkste van hierdie stemme is dié van Joan Wallach Scott.¹¹⁶ Sy het die antwoord gebied deur gender as

¹¹⁵ J. Boydston, "Gender as a question of historical analysis", *Gender and History*, vol. 20, nr. 3, Nov., 2008, p. 558.

¹¹⁶ Scott is ongetwyfeld een van die belangrikste figure in gendergeskiedenis. Haar vernaamste werke oor gender- en vrouegeskiedenis sluit die volgende in: J.W. Scott & L. Tilly, *Women, work and family*, (New York, Holt, 1978). Ook vertaal in Italiaans (1981), Frans (1987) en Koreaans (2008); J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, (New York, Columbia University Press, 1988). Die gewysigde weergawe het verskyn in 1999. Die boek is ook vertaal in Japanees (1992) en Spaans (2008); J.W.

kategorie van historiese analise, en al die konsekwensies daarvan, op fenomenale wyse uit te pluus.

In 'n artikel wat Scott in 1983 publiseer het, het sy die “extraordinary diversity” van vrouegeskiedenis opgemerk. Juis vanweë hierdie diversiteit is dit maklik om in die slagkat van reduksionisme te val wanneer 'n koherente teoretiese basis vir hierdie werke gesoek word. Scott was van plan om reduksionisme ten alle koste te vermy deur nie al die studies te probeer terugspoor na “a single interpretive or theoretical stance” nie. Sy meen dat “[i]t is precisely in the acknowledgement of its complexity and confusions that one finds both an understanding of women's history and also the basis for critical evaluation of it.” Volgens Scott is die teoretiese “confusions” van vrouegeskiedenis veroorsaak deur die gebrek aan “a definable historiographic tradition within which interpretations are debated and revised”. Sy was wel ten gunste van die kompleksiteit van vrouegeskiedenis, maar sy het voorgestel dat daar ook die moontlikheid van koherensie bestaan. Haar probleem met vrouegeskiedenis is dat studies wat op vroue fokus nog nie die historikus se verstaan van “social processes or social movements” fundamenteel verander het nie. Sy glo die rede hiervoor is omdat “the issue of gender... has not been sufficiently singled out as either providing qualitatively different insights or as raising different kinds of historical questions”. Scott se antwoord was dus die gebruik van gender in die geskiedenis, maar as “a method or procedure of investigation” in plaas van 'n enkele teorie.¹¹⁷ As uitvloeisel van hierdie probleme en

Scott "Politics and the profession: Women historians in the 1980's," *Women's Studies Quarterly*, vol. 9, no.3, 1981; J.W. Scott, "The mechanization of women's work," *Scientific American* 247, no. 3, September, 1982, pp. 166-87; J.W. Scott, "Women's history: The modern period," *Past and Present*, no. 101, November, 1983, pp. 141-157; J.W. Scott, "Gender: A useful category of historical analysis," *American Historical Review*, vol. 91, No. 5, December, 1986, pp. 1053-75. (Hierdie artikel is ook vertaal in Frans, Italiaans, Spaans, Portugees, Bulgaars, Estnies en Pools); "On language, gender, and working class history," *International Labor and Working Class History*, vol. 31, Spring, 1987, pp. 1-13 & "Reply to critics of this piece," vol. 32, Fall, 1987, pp. 39-45. (Ook vertaal in Spaans en Sweeds); J.W. Scott, "Rewriting history," in Margaret Higonnet, et al. (eds.), *Behind the lines: Gender and the two world wars*, (Yale University Press, 1987), pp. 19-30; J.W. Scott, "History and difference," *Daedalus*, Fall, 1987, pp. 93-118; J.W. Scott, "Deconstructing equality versus difference, or, The uses of poststructuralist theory for feminism," *Feminist Studies*, Spring, 1988, pp. 33-50; J.W. Scott, "The problem of invisibility," in S. Jay Kleinberg (ed.), *Retrieving women's history: Changing perceptions of the role of women in politics and society*, (London and Paris, Berg/Unesco, 1988), pp. 5-29; J.W. Scott, "History in crisis? The others' side of the story," *American Historical Review*, vol. 94, June, 1989, pp. 680-692; "Women's history," in P. Burke, (ed.), *New perspectives on historical writing*, (London, Polity Press, 1991), pp. 42-66; "Some reflections on gender and politics," in M. Marx, J. Lorber, & B. Hess, (eds.), *Revisioning gender*, (Sage Publications, 1999), pp. 70-96; J.W. Scott "Unanswered questions," bydrae tot AHR Forum, "Revisiting 'Gender: A useful category of historical analysis'," *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1422-30; J.W. Scott, "Gender: Still a useful category of analysis?" *Diogenes*, vol. 57, no. 225, Feb, 2010; J.W. Scott, *The fantasy of feminist history* (Durham & London, Duke University Press, 2011).

¹¹⁷

J.W. Scott, "Women in history: The modern period", *Past and Present*, vol. 101, 1983, pp. 141-157.

oorwegings het Scott in 1986 haar seminale artikel “Gender: A Useful Category of Historical Analysis” gepubliseer.

Hierdie artikel is vandag tydloos deurdadig vir meer as twintig jaar beskou word as essensiële leesstof vir die verstaan van analitiese teorie en metodiek in die geskiedeniswetenskap. In die woorde van Robert A. Schneider: “Scott’s article has become canonical, one of the most oft-cited in all of contemporary historical literature, a staple on readings lists and syllabi, and a model for scholars wishing to reshape our analytical discourse.”¹¹⁸ Die statistiek van die akademiese soekenjin, JSTOR, gee ’n aanduiding van die artikel se populariteit. Van al die artikels wat deur die *American Historical Review* gepubliseer is, is dit die mees populêre. Sedert 1997 het gebruikers van JSTOR die artikel meer as 38 000 keer afgelaai en meer as 25 000 kopieë daarvan gedruk.¹¹⁹ Dat Scott se idees vandag nog relevant is, word bevestig deur die debat wat sedert 1983 aan die gang is en veral in Scott se mees onlangse bevestiging (in 2010) van die bruikbaarheid van gender vir die historikus van die 21ste eeu.¹²⁰ Daarby is die impak van haar idees dwarsoor die akademiese wêreld te sien.¹²¹

Ten spyte hiervan bestaan daar nie een studie in Suid-Afrikaanse vrouegeskiedenis wat Afrikanervroue teoreties op die grondslag van spesifiek Scott se verstaan van gender as kategorie van historiese analise verken nie.¹²² Gevolglik is die Suid-Afrikaanse historikus se verstaan van die “social processes or social movements” wat Afrikanervroue se rol in die geskiedenis beïnvloed het, nie net nog nie fundamenteel verander nie, maar ’n basiese begrip daarvan, in die lig van gender, ontbreek. Vervolgens word die teoretiese metode van Joan Scott in besonderhede bespreek deur ’n ontleding van die debat rondom haar verstaan van “gender”. Die teoretiese basis waarop hierdie verhandeling gebou is, word daardeur

¹¹⁸ R.A. Schneider, “Revisiting ‘Gender: A useful category of historical analysis’”, *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008, p. 1344.

¹¹⁹ J. Meyerowitz, “A history of gender”, *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008, p. 1346.

¹²⁰ J.W. Scott, “Gender: Still a useful category of analysis?”, *Diogenes*, vol. 225, Feb., 2010, pp. 7-14.

¹²¹ Haar impak regoor die wêreld word behandel in die forum van die *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008. Buiten die V.S.A. en Europa sluit dit ook in: Chinese geskiedenis: G. Hershat & W. Zheng, “Chinese history: A useful category of gender analysis”, pp. 1404-1421; Latyns-Amerikaanse geskiedenis: H. Tinsman, “A paradigm of our own: Joan Scott in Latin American history”, pp. 1357-1374; Oos-Europese geskiedenis: M. Bucur, “An archipelago of stories: Gender history in Eastern Europe”, pp. 1375-1389; Ook die geskiedenis van die Middeleeue is op verreikende wyse beïnvloed: D. Elliott, “The three ages of Joan Scott”, pp. 1390-1403.

¹²² Daar is wel studies wat gebruik maak van gender in die metodiek en teoretiese oorwegings daarvan, maar dit reageer geensins op die uitdagings wat deur Scott gestel word nie en gevolglik kan daar telkens dieselfde kritiek teen hierdie studies ingebring word, soos die bespreking van gender in die geskiedwetenskap (1.3.1) duidelik aan die lig bring.

uiteengesit. Voorts word die navorsingsvrae, teen die agtergrond van gender as kategorie van historiese analise, in meer besonderhede uitgepluis met verwysing na die toepaslikheid daarvan vir die beoordeling van vroue se rol in die OB.. Wat meer is, die doelwitte wat gestel word deur 'n histories-teoretiese beoordeling van die rol van vroue in die OB, teen die agtergrond van Joan Scott se verstaan van “gender”, word baie duidelik uitgespel.

1.3.1 “[A]n artful use of argument”¹²³: Gender in die geskiedwetenskap

Wat beteken “gender”? Enige Afrikaanssprekende behoort dadelik uit te wys dat hierdie woord nie in die Afrikaanse taal bestaan nie. “Gender” is 'n Engelse woord. Die Afrikaanse woord(e) wat die naaste kom aan 'n plaasvervanger vir hierdie Engelse woord is “seksuele verskil”. “Seksuele verskil” is egter saam met die woord “geslag” onvoldoende, aangesien dit verwys na die biologiese verskil tussen “man” en “vrou”. Die woord “gender” wil juis die biologiese determinisme, inherent tot die woorde “geslag” en “seksuele verskil” negeer. Dit word duidelik dat dit wenslik is om die woord “gender” net so in die korpus van Afrikaanse woorde op te neem as die geskiedenis van die konsep in ag geneem word.

Voor die 1950's is die term “gender” gebruik as 'n grammatikale klassifikasie. Fowler se *Dictionary of modern English usage* het die woord soos volg beskryf: “Gender. n. A grammatical term only. To talk of persons or creatures of the masculine or feminine gender, meaning of the male or female sex, is either a jocularity (permissible or not according to context) or a blunder”.¹²⁴ Gender is dus verstaan as 'n wyse waarop natuurlike verskynsels klassifiseer word; 'n gemeenskaplik-aanvaarde sisteem van verskille, anders as 'n objektiewe beskrywing van inherente kenmerke.¹²⁵ Dit is juis hierdie laaste element wat die konsep besonder aantreklik gemaak het vir feministe. Die woord “gender” is gebruik om daarop te wys dat seksuele verskil fundamenteel gegrond is op sosiaal-gekonstrueerde verskille en nie in die biologiese nie. So het die woord 'n verwerping geword van die biologiese determinisme wat in die woorde “geslag” en “seksuele verskil” bevat word. Meyerowitz skryf dat Amerikaanse feministe die woord in die 1970's oorgeneem het en die betekenis daarvan transformeer het. Die woord het so 'n gemeenskaplike verwerping geword van “the notion that the perceived sex differences in behaviour, temperament, and intellect were simply

¹²³ J. Meyerowitz, “A history of gender”, *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008, p. 1346.

¹²⁴ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 28.

¹²⁵ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 29.

natural or innate...”¹²⁶ Die gevolg van feministiese gebruik van die woord, het gelei tot ’n totale nuwe verstaan daarvan. Die *American heritage dictionary* het dit in 1992 soos volg beskryf:

traditionally, *gender* has been used primarily to refer to the grammatical categories of “masculine,” “feminine,” and “neuter”; but in recent years the word has become well established in its use to refer to sex-based categories, as in phrases such as *gender gap* and *the politics of gender*. This usage is supported by the practice of many anthropologists, who reserve *sex* for reference to biological categories, while using *gender* to refer to social or cultural categories. According to this rule, one would say *The effectiveness of the medication appears to depend on the sex (not gender) of the patient*, but *In peasant societies, gender (not sex) roles are likely to be more clearly defined*. This distinction is useful in principle, but it is by no means widely observed, and considerable variation in usage occurs at all levels.¹²⁷

Hierdie definisie dui op die duidelike verskil tussen “gender” en “geslag”. Dit is juis om hierdie rede dat die woorde “geslag”/“seksuele/geslagtelike verskil” nie kan dien as plaasvervangers vir die woord “gender” nie. Laasgenoemde stel dit immers ten doel om ’n teenvoeter vir die woorde “geslag” en “seksuele verskil” in die sosiale konteks te wees. Daarom is dit wenslik om “gender” net so te neem uit die Engels. Dit is ook meestal die gebruik om die woord sonder wysiging in die woordelys van ’n ander taal oor te neem.¹²⁸

Die geskiedenis van die gebruik van die woord stem in ’n mate ooreen met die historiografie van vrouegeskiedenis. Dit is ook eers gebruik vir aktivisme. Die doel was om daarop aanspraak te maak, in die woorde van Simone de Beauvoir, dat: “one is not born a woman, one is made one”.¹²⁹ Later het gender egter ’n ernstige akademiese vorm aangeneem. Dit is grootliks te danke aan Scott dat die gebruik van gender ’n gerespekteerde metode in die geskiedenis geword het. Baie historici mag vra wat hierdie uiteensetting van die woord “gender” met die geskiedenis te make het. Die antwoord is dat dit ons verstaan van die

¹²⁶ J. Meyerowitz, “A history of gender”, pp. 1354-1355. Dit is belangrik om te onthou dat nie alle feministiese akademiese akademici saamgestem of ooreengestem het in die gebruik van die woord nie. Sien in hierdie verband ’n oorsig oor die vroeë gebruik van gender in J. Meyerowitz, “A history of gender”, *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008, p. 1353-1355.

¹²⁷ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 199.

¹²⁸ J.W. Scott, “Millennial fantasies: The future of ‘gender’ in the 21st century”, *L’Homme. Zeitschrift fuer Feministische Geschichtswissenschaft*, vol. 13, nr. 2, 2002, p. 9.

¹²⁹ S. de Beauvoir, *The second sex*, p.1.

verlede beïnvloed, aangesien dit vra vir 'n analise van nie net die verhouding tussen manlike en vroulike ervarings in die verlede nie, maar ook die konneksie tussen die geskiedenis van die verlede en die huidige praktyk van geskiedskrywing. Hoe werk gender (as aanwyser van sosiale konstruksies) in die geskiedenis? Hoe gee gender betekenis aan die organisering, maar ook ons beskouing, van historiese kennis? Die antwoorde hang af van gender as 'n analitiese kategorie in historiese metodiek.¹³⁰

Toe Scott "Gender: A useful category of historical analysis" in 1986 publiseer het, was dit in 'n tyd van "great epistemological turmoil" in die sosiale wetenskappe. Akademici in die humaniora "were shifting from scientific to literary paradigms". Dit was ook 'n tyd waar feministiese teoretici "scholarly and political allies" gevind het binne die geledere van post-strukturalisme.¹³¹ Scott se idees is dus sterk gewortel in die sogenaamde "linguistic turn" wat nie net die legitimiteit van geskiedenis bevraagteken het nie, maar ook verreikende gevolge ingehou het vir geskiedenis as wetenskap. Daar is onder andere na geskiedenis verwys as "a relic of humanist thought".¹³² Dit is in antwoord op die uitdagings wat post-strukturalisme aan die geskiedenis gestel het dat Scott haar artikel geskrywe het.

Scott voel dat die uitdagings wat die gees van denke in daardie stadium aan geskiedenis gestel het, nie beteken dat die historikus "should quit the archives or abandon the study of the past" nie. Dit is egter nodig dat die historikus se werkswyse verander moet word en die vrae wat historici vra gewysig word. Binne die konteks van vrouegeskiedenis behoort die metodes van analise wat historici gebruik onder die vergrootglas geplaas te word, voorveronderstellings moet uitgepluis word en daar behoort ernstig gedink te word oor hoe verandering plaasvind. In plaas van 'n soeke na enkele oorspronge meen Scott dat die historikus kennis moet neem van prosesse wat mekaar so oorvleuel dat dit onmoontlik is om dit uitmekaar te haal. Sy noem dat die historikus natuurlik probleme identifiseer wat uiteindelik dien as "points of entry into complex processes", maar dit is belangrik om deurentyd spesifiek die prosesse in gedagte te hou. Die historikus moet met ander woorde meer vra *hoe* dinge gebeur het ten einde te verklaar *hoekom* dit gebeur het: "we must pursue not universal, general causality but meaningful explanation". Haar bedoeling word duidelik wanneer sy die antropoloog, Michelle Rosaldo, aanhaal: "It now appears to me that women's

¹³⁰ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 31.

¹³¹ J. Meyerowitz, "A history of gender", pp. 1355.

¹³² J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 42.

place in human social life is not in any direct sense a product of the things she does, but of the meaning her activities acquire through concrete social interaction”. Om met ander woorde beteken is in die geskiedenis te vind (“to pursue meaning”) moet die historikus werk met *sowel* die individuele subjek *as* sosiale organisasie en die aard van die interaksie tussen hierdie twee duidelik te onderskei. Die rede hiervoor, noem Scott, is dat kennis van beide belangrik is vir die verstaan van hoe gender werk en hoe verandering in die geskiedenis plaasvind.

Scott gaan verder en noem dat die historikus laastens sy/haar verstaan van mag moet vervang vanaf “the notion that social power is unified, coherent, and centralised” na iets meer in die rigting van Michel Foucault se konsep van mag “as dispersed constellations of unequal relationships, discursively constituted in social ‘fields of force’”. Scott glo dat daar binne hierdie prosesse en strukture ruimte is vir ’n konsep van menslike agentskap wat poog om ’n identiteit, ’n lewe, ’n stel verhoudings en ’n gemeenskap te skep “within certain limits and with language – conceptual language that at once sets boundaries and contains the possibility for negation, resistance, reinterpretation, the play of metaphoric invention and imagination.”

Die punte wat hierbo uiteengesit is, is almal relevant vir Scott se verstaan van gender. Haar definisie van gender het twee dele met verskillende onderafdelings. Hierdie afdelings is interafhanklik, maar analities onderskeibaar van mekaar. Die volgende definisie van Scott vorm deel van die analitiese basis van hierdie verhandeling:

The core of the definition rests on an integral connection between two propositions: gender is a constitutive element of social relationships based on perceived differences between the sexes, and gender is a primary way of signifying relationships of power.

Wat die eerste proposisie betref, naamlik dat gender ’n versameling elemente van sosiale verhoudings is, gebaseer op verskille wat tussen die geslagte waargeneem word, noem Scott vier oorvleuelende elemente. Dit beskryf die “prosesse” wat gender-verhoudings in die geskiedenis konstrueer. Eerstens, *kultureel-beskikbare simbole* wat verskeie (en dikwels teenstrydige) voorstellings oproep, soos Eva en Maria as simbole van die vrou, maar ook mites van lig en donker, reinheid en besoedeling, onskuld en korrupsie. Vir historici is die interessante vrae: watter simboliese voorstellings word opgeroep en in watter kontekste? Tweedens, *normatiewe konsepte* wat interpretasies bied van die betekenis van die simbole en

wat poog om die metaforiese moontlikhede daarvan te beperk of te keer. Hierdie konsepte word byvoorbeeld geartikuleer in godsdienstige, opvoedkundige, wetenskaplike, regs- en politieke doktrines en neem tipies die vorm aan van 'n vaste binêre opposisie wat kategorieë en onomwonde die betekenis van “man” en “vrou”, “manlik” en “vroulik” neerlê. Die punt van historiese ondersoek sal in hierdie verband die “vastigheid” van die binêre opposisie teengaan en probeer vasstel hoe 'n tydlose permanensie verskyn het in binêre gendervoorstelling. Die derde punt kom daarop neer dat 'n ontleding van gender in die geskiedenis altyd moet kennis neem van *sosiale instellings en organisasies*. Dit sluit in die arbeidsmark, opvoeding en politiek. Die vierde aspek van gender is *subjektiewe identiteit*. In hierdie verband behoort historici die wyse waarop identiteit op grond van gender gekonstrueer word, te bestudeer. Hulle bevindinge moet dan in verhouding geplaas word met 'n reeks aktiwiteite, sosiale organisasie en histories-spesifieke kulturele voorstellings.

Die eerste deel van Scott se definisie bestaan uit al vier die bogenoemde elemente en nie een funksioneer sonder die ander nie. Die skets wat Scott gee van die proses wat genderverhoudings konstrueer, kan ook gebruik word om klas, ras, etnisiteit of enige ander sosiale kategorie te bespreek. In die uiteensetting van hierdie proses verduidelik Scott hoe die historikus moet dink oor die effek van gender in sosiale en institusionele verhoudings.

Die tweede deel van haar definisie is net so belangrik, naamlik dat gender 'n primêre manier is om magsverhoudings aan te dui. Scott noem dat gender nie die enigste konsep is wat magsverhoudings uitwys nie, maar dat dit een van die belangrikste is:

Established as an objective set of references, concepts of gender structure perception and the concrete symbolic organization of all social life. To the extent that these references establish distributions of power (differential control over or access to material and symbolic resources), gender becomes implicated in the conception and construction of power itself.

Daar is dus 'n soort legitimiseringsfunksie in gender wat die verspreiding van mag regverdig. Dit kom daarop neer dat konseptuele taal gebruik maak van differensiasie om betekenis te vestig en dat geslagtelike verskil 'n primêre manier word om differensiasie aan te dui. Gender verskaf met ander woorde 'n wyse waarop historiese betekenis ontsyfer kan word en 'n manier waarop die komplekse konneksies tussen verskillende vorme van menslike interaksie verstaan kan word. Wanneer historici kyk hoe die konsep van gender gebruik is om sosiale

verhoudings te legitimeer en konstrueer, dan ontwikkel hulle nie net insig in die wisselwerkende aard van gender en die samelewing nie, maar veral ook in die partikuliere en *kontekstueel-spesifieke* maniere waarop politiek (mag) gender konstrueer en gender politiek konstrueer. Die komplekse aard van hierdie proses word duideliker in Scott se verduideliking van die konneksie tussen outoritêre regimes en die beheer daarvan oor vroue:

...emergent rulers have legitimized domination, strength, central authority, and ruling power as masculine (enemies, outsiders, subversives, weakness as feminine) and made that code literal in laws (forbidding women's political participation, outlawing abortion, prohibiting wage-earning by mothers, imposing female dress codes) that put women in their place. These actions and their timing make little sense in themselves; in most instances, the state had nothing immediate or material to gain from the control of women. The actions can only be made sense of as part of an analysis of the construction and consolidation of power. An assertion of control or strength was given form as a policy about women. In these examples, sexual difference was conceived in terms of the domination or control of women.

In die lig van hierdie aanhaling is gender een van die repeterende verwysings waarmee politieke mag geskep, gelegitimeer en gekritiseer is. Dit verwys na en skep die betekenis van die opposisie man/vrou. Ten einde politieke mag te regverdig moet die verwysing (gender) vas en seker voorkom, buite menslike konstruksie, deel van 'n natuurlike of godgegewe orde. Op hierdie wyse word die binêre opposisie en die sosiale proses van genderverhoudinge beide deel van die betekenis van "mag" self. Om dit te bevraagteken of enige aspek daarvan te probeer verander, bedreig die stabiliteit van die ganse sisteem.

Scott skrywe dat "significations of gender and power construct one another". Sy noem dat die aard van hierdie proses slegs vasgestel kan word binne die konteks van die tyd en plek van historiese agente. Historici kan slegs die geskiedenis van die proses skrywe as hulle erken dat die kategorieë "man" en "vrou" beide leeg en oorvol is. Leeg omdat dit geen absolute of transendente betekenis het nie. Oorvol omdat, selfs wanneer dit wil voorkom asof dit vaste kategorieë is, dit steeds alternatiewe, ontkennende of onderdrukte definisies bevat. Dus is dit die taak van die historikus om die opposisie tussen man en vrou as problematies te hanteer, iets wat kontekstueel definieer word en deurentyd gerekonstrueer word.¹³³ Scott se

¹³³ Die bespreking van Scott se definisie van gender is baseer op J.W. Scott "Gender: A useful category of historical analysis", *American Historical Review*, vol. 91, nr. 5, Dec., 1986, pp. 42-49.

tweeledige definisie van gender bemagtig die historikus om die prosesse wat in die begin genoem is doeltreffend te ontleed.

Ná die publikasie van haar boek, *Gender and the politics of history* (1988), waarin haar artikel opgeneem is, het daar ontsettend baie studies verskyn wat gebruik maak van gender as analitiese kategorie in die geskiedenis.¹³⁴ In 1999 het die tweede, gewysigde, uitgawe van haar boek verskyn. In hierdie uitgawe het Scott haar mening gelug oor die impak van gender op die geskiedenis sedert die publikasie van haar artikel, maar wat veral belangrik is, is die kritiek wat sy ingebring het teen akademië se gebruik daarvan.¹³⁵ Tussen 1999 en 2010 is belangrike punte van kritiek gelug. Die belangrikste kritiek teen die gebruik van gender in die geskiedenis is deur Scott self ingebring.¹³⁶ Haar kritiek wentel hoofsaaklik rondom die volgende:

[G]ender seemed to have become routinized, contributing to, rather than unsettling the stability of the man/woman opposition. I got tired of finding myself cited in books and articles that simply took for granted the transparency of physical differences between the sexes, that raised gender to the status of a theory, when in fact it served merely as a synonym for the uninterrogated categories “women” and “men”. My own use of gender depended (still depends) on what has been called “the linguistic turn,” I have been dismayed to see that theory evacuated by the thematization of “gender”.¹³⁷

Wanneer vrouegeskiedenis geskryf word, is dit belangrik om te verstaan dat “differences of sex were not set by nature but were established through language, and to analyze language as a volatile, mutable system whose meanings could never be finally secured.”¹³⁸ Die probleem wat Scott met die “transparency of physical differences” het, is dat dit nie genoegsaam is as ’n gegewe waarop ’n studie gebou kan word nie. Gender is die sosiale reëls wat poog om die verhoudings tussen mans en vroue in samelewings te organiseer en hierdie proses produseer die kennis wat ons het oor geslag en seksuele verskil. Beide geslag en gender is uitdrukkings van sekere beskouings oor geslagtelike verskil: “they are organizations of perception rather

¹³⁴ Sien bogenoemde bespreking van historiografie.

¹³⁵ Sien die hoofstuk “Some more reflections on gender and politics”, in J.W. Scott, *Gender and the Politics of History*, pp. 199-222.

¹³⁶ Daar is natuurlik baie ander akademië wat kritiek gelewer het op gender as kategorie van historiese analise, maar vir die doeleindes van hierdie studie word daar slegs gefokus op Scott.

¹³⁷ J.W. Scott, “Millennial fantasies. The future of ‘gender’ in the 21st century”, p. 8.

¹³⁸ J.W. Scott, “Unanswered questions”, *American Historical Journal*, vol. 113, nr. 5, Dec., 2008, p. 1423.

than transparent descriptions or reflections of nature.”¹³⁹ Geslag, gender en seksuele verskil is *effekte* van ’n historiese proses wat beide diskursief en histories produseer word. Om hierdie rede kan dit *nie* gebruik word as ’n punt van oorsprong vir ons studies nie.¹⁴⁰ In plaas daarvan moet die studie van gender beskou word as die artikulasie en implementering van kennis oor die verskil tussen geslagte. Scott self gee drie maniere om te verhoed dat die “transparency of physical differences between men and women” as vanselfsprekend aanvaar word:

First, it would mean discarding the idea (inherent in the notion of gender as a “category”) that there is anything fixed or known in advance about the terms “men” and “women” and the relationship between them. Second, “men” and “women” are ideals established to regulate and channel behavior, not empirical descriptions of actual people, who will always fall short of fulfilling the ideals. Third, there is a discrepancy, even contradiction, in the cultural norms and social roles offered to articulate the difference between the sexes. That means reading for specific meanings rather than assuming uniformity in all spheres and aspects of social life.¹⁴¹

Gender moet dus gebruik word om die wyse waarop tydgenote geslag en seksuele verskil verstaan het te *historiseer*.¹⁴² Die historikus vermy so die slagkat van reduksionisme deur die produksie van die kategorie “vrou” self na te spoor as ’n politieke en historiese gebeurtenis en waarvan die omstandighede en effekte die objek van analise is. Scott skryf dat die studie se punt van oorsprong dan nie vloei uit die binêre opposisie man/vrou as ’n transendente gegewe nie: “Instead of reinscribing the naturalized terms of difference (sex) upon which systems of differentiation and discrimination (gender) have been built, analysis begins at an earlier point in the process, asking how sexual difference is itself articulated as a principle and practice of social organization.”¹⁴³ Dit is duidelik dat die kategorieë “man” en “vrou” nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie. Vir die historikus beteken dit “analyzing in context the way any binary opposition operates, reversing and displacing its hierarchical construction, rather than accepting it as real or self-evident or in the nature of things.”¹⁴⁴ Daar moet dus gelet word op die taal van gender om te verstaan watter betekenis tydgenote geheg het aan “geslagtelike verskil”.

¹³⁹ D. Keats, “Sexual difference”, in E. Wright, (ed.), *Feminism and Psycho-analysis: A Critical Dictionary*, p. 201.

¹⁴⁰ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 201.

¹⁴¹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 206.

¹⁴² J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1428.

¹⁴³ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 207.

¹⁴⁴ J. Alberti, *Gender and the historian*, p. 64.

’n Ontleding van die “taal van gender” impliseer dat navorsing oor vroue nie net moet aandui hoe gender politiek konstrueer nie, maar ook hoe politiek gender konstrueer. Daar behoort by uitstek ’n historiseringsproses plaas te vind. Politiek beteken hier meer as net magsverhoudinge. Dit dui ook op die “eksterne” invloede op konsepsies van die “vrou” deur dit te sien in die lig van konsepte wat op die oog af niks te make het met geslag nie (soos oorlog, ras, burger, rede, spiritualiteit, natuur of die universele). Vrae moet dus gevra word oor die veranderende aard van die betekenisgeheg aan die woord “vrou” oor tyd heen en binne spesifieke kontekste. Scott skrywe dat “asking how ‘women’ are defined in relation to ideas such as these is, for me, part of the unfinished business of the transformation in historical consciousness that the ‘Gender’ article has come to signify.”¹⁴⁵

Om die konsepte van geslagtelike verskil, naamlik “vrou” en “man” nie te historiseer nie, skep groot probleme. Die gevolg is dat daar gewerk word met ’n “vaste betekenis” vir hierdie kategorie wat die fisiese kenmerke van mans en vroue beskou as sinoniem vir ’n kollektiewe entiteit (“man” en “vrou”). Waar kom hierdie “vaste betekenis” vandaan? Dit is gegrond op ’n ander “vaste betekenis”, naamlik dié van die geslag/gender binêre opposisie. Hierdie opposisie is gegrond in die hiërargiese binêre opposisie van natuur versus konstruksie (“kultuur”) wat veronderstel dat daar ’n deursigtige “natuur” is wat geken kan word apart van die kennis wat ons daarvoor produseer. Die feit van die saak is egter dat die konsepte “natuur” en “geslag” ook geskiedenis het. Dit word geartikuleer deur taal en die betekenis daarvan verander oor tyd en kulture heen. Wanneer die geslag/gender opposisie nie die rol van taal in die konstruksie van die natuur in ag neem nie, werk dit mee dat die natuurlike (ahistoriese) status van geslag (en gevolglik biologiese determinisme) weer bevestig word.¹⁴⁶ Dieselfde geld vir die binêre opposisie man/vrou. Deur as vanselfsprekend te aanvaar dat daar “an underlying continuity of real women above whose constant bodies changing aerial descriptions dance”¹⁴⁷ is, word die konsep “vrou” as *natuurlike* verskynsel gereïfiseer, selfs al maak die historikus aanspraak daarop dat vroue diskursief geskep word.¹⁴⁸ Die konsep “vrou” kan met ander woorde nie gebruik word as ’n “gegewe” punt van oorsprong vir die historikus nie. Denise Riley skrywe dat “‘women’ is indeed an unstable category... this instability has a historical foundation” en dat die identiteit is “inconstant, and can’t provide an ontological foundation.” Die biologiese is ook nie vir Riley genoegsaam om hierdie fondament te gee

¹⁴⁵ J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1425.

¹⁴⁶ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 200.

¹⁴⁷ D. Riley, “Am I that name? Feminism and the category of “women” in history”, p. 7.

¹⁴⁸ J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1424.

nie: “The body doesn’t provide that foundation either, since it is itself a concept that must be read in relation to whatever else supports and surrounds it. For all its corporeality, the body is not an originating point nor yet a terminus; it is a result or an effect.”¹⁴⁹ Spesifiek die historiese-linguistiese konteks van “vrou” behoort dus in *enige* studie van die vrou by uitstek in ag geneem te word en wel om die volgende rede: “There is no essence of womanhood (or of manhood) to provide a stable subject for our histories; there are only successive iterations of a word that doesn’t have a fixed referent and so doesn’t mean the same thing.”¹⁵⁰

In haar mees onlangse artikel bevestig Scott dat enige geskiedenis van die vrou (of man) geskryf moet word in verhouding tot die historiese kontekste en taal. Wanneer gender op hierdie wyse gebruik word, is dit steeds ’n bruikbare kategorie van analise:

The "language of gender" cannot be codified in dictionaries; nor can its meanings be easily assumed or translated. It doesn't reduce to some known quantity of masculine or feminine, male or female. It's precisely the particular meanings that need to be teased out of the historical materials we examine. When gender is an open question about how these meanings are established, what they signify, and in what contexts, it remains a useful category of historical analysis.¹⁵¹

Dit is met ander woorde belangrik dat geslag, seksuele verskil, gender en die vrou *self* ook onder die vergrootglas geplaas word, ook gehistorieseer word, deur te let op die betekenis wat daaraan geheg is deur tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil op gegewe stadiums in die geskiedenis. ’n Studie wat dit nie doen nie, impliseer dat een van hierdie konsepte transendent en universeel is en sodoende ’n “gegewe” en abstrakte punt van oorsprong verskaf, bokant die geskiedenis, wat gebruik kan word om ’n historiese proses te ontleed. Die probleem hiermee is dat daar geen so ’n gegewe bestaan nie, aangesien alles ’n geskiedenis het wat diskursief ontleed kan word.

Die doel van die historikus is, in die woorde van Natalie Zemon Davis: “to understand the significance of the sexes, of gender groups in the historical past. Our goal is to discover the range in sex roles and in sexual symbolism in different societies and periods, to find out what meaning they had and how they functioned to maintain the social order or to promote its

¹⁴⁹ D. Riley, “Am I that name?”, pp. 5, 2, 104, 102.

¹⁵⁰ J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1426.

¹⁵¹ J.W. Scott, “Gender: Still a useful category of analysis?”, p. 13.

change.”¹⁵² Dat gender ’n bruikbare kategorie van historiese analise is om hierdie doel te bereik, behoort bo alle twyfel nou duidelik te wees. Scott het, in die woorde van Meyerowitz, gebruik gemaak van “an artful use of argument” om haar saak te stel.¹⁵³

In kort kan die bogenoemde uiteensetting soos volg saamgevat word: Navorsing oor gender behoort te vra hoe die sosiale organisering van verhoudings tussen mans en vroue gereguleer is deur tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Dit kan gedoen word deur die betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil (deur die kategorieë “man” en “vrou”) te historiseer deur ’n ontleding van ’n samelewing se sosiale verhoudinge, gebaseer op waargenome verskille tussen die geslagte van ’n gegewe samelewing in ’n gegewe tyd. Voorts behoort die verhoudings tussen mans en vroue ook geëvalueer te word deur die differensiasie van mag gegrond op gender. Die historikus se belang moet wees “how the differences between the sexes are conceived and what the effects of that construction are”.¹⁵⁴ Dit is presies wat hierdie studie beoog met die beoordeling van die rol van die vrou in die OB.

1.3.2 Gender en die OB-vroue: Oorweging van navorsingsvrae, navorsingsdoelwitte en hoofstukindeling

Scott self verskaf genoegsame motivering vir ’n studie van Suid-Afrikaanse geskiedenis wat gebruik maak van gender as kategorie van analise: “Gender... provide[s] a critical wedge in other countries, where there have been fewer feminist inroads in politics and the academy, particularly where there is no exact translation for the word. As a foreign import, often left untranslated, gender serves as a point of contestation for a whole range of issues”.¹⁵⁵ Hierdie sake (“issues”) sluit in ’n ontleding van “social definitions of gender as they are developed by men and women, constructed in and affected by economic and political institutions, expressive of a range of relationships which included not only sex, but class and power.”¹⁵⁶ Enige studie oor gender behoort dus hierdie elemente in ag te neem.

Die primêre doelwit van hierdie studie is ’n histories-teoretiese beoordeling van Afrikanervroue se rol in die Ossewa-Brandwag deur gebruik te maak van gender as kategorie

¹⁵² N.Z. Davis, “Women’s history in transition: The European case”, *Feminist Studies*, vol. 3, no., 3-4, 1976, p. 90.

¹⁵³ J. Meyerowitz, “A history of gender”, p. 1346.

¹⁵⁴ J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1427.

¹⁵⁵ J.W. Scott, “Millennial fantasies. The future of 'gender' in the 21st century”, p. 9.

¹⁵⁶ J.W. Scott, “Women in history: The modern period”, p. 153.

van analise. Die vraag wat deur hierdie doelwit gevra word, is die volgende: Wat was die rol van Afrikanervroue in die OB teen die agtergrond van 'n historiese gender-analise? Die doel is dus tweërlei van aard, naamlik om 'n beskrywing te gee van die rol en agentskap van vroue in die OB, maar om hierdie rol terselfdertyd te *beoordeel* deur gebruik te maak van gender as kategorie van historiese analise wat in besonder klem plaas op die *volksmoeder*-konstruksie. Ten einde die primêre doelwit van hierdie studie te bereik, word dit opgedeel in drie sekondêre doelwitte, elkeen met sy eie navorsingsvraag waarin die gender-aannames van Scott ingebou is. Die drie doelwitte moet geensins afsonderlik van mekaar beskou word nie. Dit word gedoen deur te fokus op “historiese agentskap”, “politiek/mag” en “identiteit”.

Eerstens stel die verhandeling dit ten doel om gehoor te gee aan die oudste oogmerk van die “skool” van vrouegeskietskrywing, naamlik om die vroue van die Ossewa-Brandwag *sigbaar* te maak in die historiese rekord. Die doel is dus om die *plek* en *rol* van die vrou in die OB histories te verantwoord deur haar *storie* (*her-story*) neer te skrywe. Dit word gedoen deur die volgende vraag te beantwoord: Wat was die rol van die Afrikanervrou, as historiese agent, binne die konteks van die wesenwaard en ideologie van die Ossewa-Brandwag? Dit behels die beskrywing en beoordeling van vroue se rol *as lede van die Ossewa-Brandwag*. Met ander woorde die aard van die OB, onder andere die organisasie se doelstellings, optrede, klasse-aard, plek in Afrikanergeskiedenis en in besonder die OB se beskouing van die vrou. Die vrou se voorafbepaalde plek *binne die konteks van die OB se weergawe van Nasionaal-Sosialisme* sal ook in berekening gebring word wanneer vroue se aktiewe agentskap oorweeg word. Die doel is nie om bloot net 'n “aanvulling” te skryf vir die geskiedenis van die OB wat vroue as 'n soort nagedagte hanteer nie, maar om 'n geskiedenis te skryf wat nie net vir die eerste keer die rol van vroue in die OB beskryf nie, maar ook 'n *nuwe* perspektief bied op die OB self. Die tweede sekondêre doel sluit hierby aan.

Die tweede doelwit wentel rondom OB-vroue se politieke agentskap en tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Die doel is om die aard van OB-vroue se agentskap te evalueer deur gebruik te maak van gender as kategorie van analise. Hierdie verhandeling stem ook saam met Lou-Marie Kruger wanneer sy Afrikanervroue se politieke agentskap opdeel in drie vlakke. Kruger het in haar studie oor vroue se bydrae tot Afrikanernasionalisme tot die volgende slotsom gekom:

“... women were active agents of Afrikaner nationalism on three different, but related, levels. They firstly served the nationalist cause in organisations and actions of an explicitly political nature. In the second place they were instrumental to Afrikaner nationalism as the active members of public women’s organisations, even if these were not explicitly political organizations, but welfare organizations or cultural groupings. Thirdly, on a much more basic level, as mothers, wives and houseworkers, they also contributed to Afrikaner nationalism in the private sphere of their own households.”¹⁵⁷

Vroue se politieke agentskap kom voor op al drie hierdie vlakke in die Ossewa-Brandwag. Eerstens was vroue betrokke by die OB as ’n politieke organisasie wat gestrewe het na die magsoorname van die Suid-Afrikaanse regering (alhoewel dit nie ’n politieke party was nie). Die OB wou egter meer wees as net ’n politieke organisasie en het homself gesien as “’n volksbeweging met omvattende oogmerke – politiek, ekonomies, maatskaplik en kultureel van aard – en wat die Afrikaanse nasionale strewe vertolk en beliggaam”.¹⁵⁸ Tweedens was daar in die vorm van die Noodhulpfonds ’n sterk welsynskarakter wat terselfdertyd instrumenteel was tot die bevordering van die OB se politiek, omrede dit onder andere gedien het as anti-oorlogspropaganda. Derdens was die OB van die begin af ’n volksorganisasie “wat homself wou laat geld op alle terreine van ons volkslewe.”¹⁵⁹ Die afdruk van sy stempel op die huisgesin, die “sfeer” van die vrou, oftewel “the private sphere of their own households”, was een van die hoofprioriteite van die OB: “Volksorg word gerig op die versekering van gesonde huisgesinne...”¹⁶⁰ Beide die *volksmoeder* en die konteks van die OB se politieke ideale is weereens hier belangrik. Vroue se politieke agentskap word geëvalueer teen die agtergrond van die beweging se Christelike Nasionaal-Sosialisme en heersende idees oor die sosiaal gekonstrueerde verskille tussen die geslagte. Dit is dus belangrik om die tweede proposisie van Scott se gender-definisie in ag te neem, naamlik dat gender ’n aanduiding van *mag* is, aangesien die magsverhouding van die OB gereguleer is deur die betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil: “manne sowel as vroue.”¹⁶¹ Die tweede doelstelling behels dus dat die vrou se funksionering op hierdie drie vlakke op die grondslag van gender as aanduiding van mag ontleed word deur die beantwoording van die volgende vraag: Hoe het vroue, deur sosiaal te organiseer, hulleself laat geld as politieke agente in die

¹⁵⁷ L.M. Kruger, “Gender, community, identity”, p. 23

¹⁵⁸ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, in P.F. van der Schyff (red.), *Die OB: Vuurtjie in droë gras*, p. 292.

¹⁵⁹ OBA: *Die OB*, Ketting-vlugskrifte, no. 1, 1941.

¹⁶⁰ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 136.

¹⁶¹ P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952”, p. 15.

OB, gesien binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil? Daar word gereageer op Scott se kritiek dat te min studies let op hoe “politics constructs gender” deur juis te kyk na die artikulasie van geslagtelike verskil op grond van beide die amptelike konstruksie van identiteit en die eiening van die OB-ideologie deur vroue self. In hierdie verband word daar gebruik gemaak van skrywers wat saamstem met Scott se epistemologie van sosiaal-konstruksionisme.

Laastens stel die studie dit ten doel om die kollig te laat val op ’n identiteitskonstruksie wat baie prominent na vore tree in die geskiedenis van Afrikanervroue, naamlik dié van die *volksmoeder*. Die oogmerke sluit in om, deur gebruik te maak van beide die eerste en tweede proposisie van Scott se gender-definisie (dat gender ’n saamgestelde element van sosiale verhoudings is, gebaseer op verskille wat tussen die geslagte waargeneem word en dat gender ’n aanduiding van mag is), vas te stel hoe die kulturele simbool van die *volksmoeder* geïnterpreteer is deur die normatiewe konsepte gebruik deur die OB en hoe hierdie konsepte die politieke agentskap, werksaamhede in die OB en daaglikse lewe van vroue gekonstrueer het. Die *volksmoeder* word beskou as ’n sosiale konstruksie wat ’n sterk invloed uitgeoefen het op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Wat betref die *volksmoeder* se bydrae tot ’n histories-teoretiese verkenning van OB-vroue se agentskap, word die volgende vraag gevra: Hoe is vroue beïnvloed deur (en het op hulle beurt weer ’n invloed uitgeoefen op) die metaforiese konstruksie van die *volksmoeder*?

Die bogenoemde drie vrae integreer die kernelemente van Scott se gender-kategorie en bied terselfdertyd ’n geskiedenis van OB-vroue aan. Al drie oogmerke vorm deel van die eerste deel van Scott se definisie. Ook die tweede proposisie van Scott se definisie vorm ’n belangrike deel van die studie. Nie net is die elemente van die eerste proposisie ook teenwoordig nie, maar die legitimeringsfunksie van gender word ontleed deur te let op hoe politiek (mag) op grond van biologiese determinisme in die OB gereguleer is en hoe dit die agentskap van vroue beïnvloed het. Die vier subafdelings van Scott se eerste proposisie (kultureel-beskikbare simbole, normatiewe konsepte wat hierdie simbole interpreteer, sosiale instellings en organisasies wat hierdie normatiewe konsepte in die daaglikse lewe struktureer en subjektiewe identiteit) sowel as haar proposisie oor mag verander wel nie die binêre struktuur van gender self nie, maar die doel van hierdie verhandeling is nie ’n filosofiese oorweging van hoe die binêr vervang kan word nie. Dit is wel die neerpen van analitiese geskiedenis deur gebruik te maak van hierdie twee proposisies: “Gender history would be the

story of their complex and altering interplay...”¹⁶² Dit is dus belangrik om die doelstellings nie in isolasie van mekaar te beskou nie. Die een beïnvloed die ander en daarom word die geheel van die dele behou deur die analitiese aspek van die verhandeling afhanklik te maak van ’n sterk logiese verloop wat afspeel tussen 1938 en 1952, maar nie noodwendig hou by kronologie nie. Voorts word daar ook deurentyd in die studie kennis geneem van ander kategorieë van analise, soos klas en etnisiteit, en die bruikbaarheid daarvan word erken, maar dit is belangrik om in gedagte te hou dat die analitiese fokus vir die doeleindes van hierdie verhandeling uitsluitlik gerig is op gender (wat, as metode van ondersoek, ook elemente soos klas en etnisiteit verreken).

Scott skryf dat dit belangrik is om vrae te vra wat “the articulation of sexual difference itself the problem to be investigated” maak omrede dit nie net aspekte van “ideology and subjectivity” insluit nie, “but also of political, economic, and social institutions and the power relations they attempt to implement.”¹⁶³ ’n Begrip van die artikulasie van geslagtelike verskil in die OB tussen 1938 en 1954 impliseer dus ’n ontleding van die sosiale, ekonomiese en politieke prosesse van die tyd. Om hierdie rede word daar in elkeen van die hoofstukke ook kennis geneem van die betekenis wat tydgenote geheg het aan “geslagtelike verskil” (met ander woorde wat hulle verstaan het onder die konsepte “man” en “vrou”). Nie net die narratief verseker ’n koherente geheel nie, maar die verhandeling word ook aanmekaargebind deurdat die sosiaal-gekonstrueerde betekenis wat tydgenote geheg het aan die verskil tussen man en vrou soos ’n fyn lyn dwarsdeur die teks ontleed word. In die beantwoording van elkeen van die bogenoemde vrae is die artikulasie van geslagtelike verskil, binne die konteks van die Ossewa-Brandwag en die Afrikanersamelewing van 1938-1954, ook deel van die tema van ondersoek.

In verband met hierdie ondersoek is dit belangrik om te onthou dat “[s]tudying gender is less a question of a single theory than of a method or procedure for investigation.”¹⁶⁴ Elke historikus van vroue se metode stem nie noodwendig ooreen met ’n enkele teorie nie. In die geval van hierdie verhandeling is die teoretiese basis gebou op die idees van Joan Scott, maar daar word ook gebruik gemaak van denkers wat gender vanuit verskeie hoeke ontleed het. Die potensiaal van sosiaal-konstruksionisme vir die verstaan van die rol van vroue in die

¹⁶² J. Boydston, “Gender as a question of historical analysis”, *Gender and History*, vol. 20, nr. 3, Nov., 2008, p. 563.

¹⁶³ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 217.

¹⁶⁴ J.W. Scott, “Women in history: The modern period”, p. 153.

Ossewa-Brandwag lê opgesluit in die primêre bronnemateriaal gehuisves in die Ossewa-Brandwag Argief van die Noordwes-Universiteit. Wat die ontleding van hierdie bronne betref word daar gebruik gemaak van 'n individualiserend-hermeneutiese benadering tot die geskiedenis. Die rede hiervoor spruit uit die aard van die bronne wat in die argief bewaar word. Die hermeneuties-historiese benadering tot argivale bronne sluit hoofsaaklik filologiese kritiek in wat *uiters* bruikbaar is in die hantering van primêre bronne.¹⁶⁵ Voorts is die bronne gelees en geïnterpreteer teen die agtergrond van beide die studie se doelwitte en gender as kategorie van historiese analise.

Elkeen van die drie vrae, sowel as die temas van ondersoek, word geïntegreerd en in besonderhede in ses kernhoofstukke bespreek. Voordat OB-vroue se geskiedenis op die grondslag van gender se temas van agentskap en politiek beskou word, ontleed **hoofstuk twee** die gekonstrueerde identiteit van Afrikanervroue in 1938. Daar word gehoor gegee aan Scott se kritiek teen gegewe betekenis van “man” en “vrou”. Die problematiese binêre opposisie word verken deur die kategorie “Afrikanervrou” histories te bevraagteken en te analiseer. In hierdie verband is die *volksmoeder*-konstruksie besonder bruikbaar en die idee van die “Afrikanervrou” word ontleed in terme van die *volksmoeder*. Erkenning word ook gegee aan die vloeibaarheid van identiteit deur te let op hoe die kategorie verstaan is in 1938 en hoe dit verander en ontwikkel het sedert die negentiende eeu tot dan. Om te kyk hoe die betekenis geheg aan “Afrikanervrou” verander het en wat die volle implikasies daarvan is, is 'n studie in eie reg. Daarom word daar hoofsaaklik gefokus op die invloed wat die gekonstrueerde identiteit van die *volksmoeder* uitgeoefen het op die beskouing van vrouwees in die Afrikanersamelewing. Die *volksmoeder* word bestudeer aan die hand van Suid-Afrikaanse akademici se navorsing daaroor, en die invloed wat dit uitgeoefen het op tydgenote se beskouings van geslagtelike verskil word bepaal. Voorts word die aard van die *volksmoeder* as sosiale konstruksie ontleed ten einde in die latere hoofstukke met groter detail te kyk na hoe vroue se identiteit as *volksmoeders* neerslag gevind het in die Ossewa-Brandwag van 1938 tot 1954.

Hoofstuk twee bevat ook 'n historiese kontekstualisering gemik op die omstandighede wat gelei het tot die stigting van die OB en Afrikanervroue se verset teen “vreemde” oorheersing. Só 'n kontekstualisering is nodig om te verstaan wat die motiewe van vroue was wat deel

¹⁶⁵ F.A. van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en geskiedenisfilosofie*, p. 7.

gevorm het van die Ossewa-Brandwag. Die hoofstuk stel dit ook ten doel om in besonder op een aspek van die *volksmoeder*-identiteit te fokus, naamlik vroue se “sin vir onafhanklikheid”, omrede daar baie klem gelê is op hierdie kwaliteit in die Ossewa-Brandwag. Lede van die OB het hulleself immers gesien as die “Tweede Rebelle”. Dit bied ook ’n agtergrond van die plek en rol van vroue in beide Afrikanergeskiedenis en die Afrikanersamelewing van veral die negentiende eeu.

In **hoofstuk drie** word die onmiddellike omstandighede wat gelei het tot die stigting van die OB oorweeg. Die onstuimige dertigerjare word beskryf aan die hand van vroue se reaksie op die veranderende ekonomiese en sosiale situasie deur te let op hoe vroue uit verskillende klasse van die Afrikanersamelewing gegryp het na die *volksmoeder*. Die *volksmoeder* het sterk gemanifesteer in die OB en die rede hiervoor is die klimaks wat die konstruksie bereik het in 1938. Die dinamiese aard van die *volksmoeder*-diskoers word hier ontleed met die oog op die verstaan van tydgenote se gebruik van die konstruksie in die OB. Dit wil voorkom of die lede en leierskap van die OB se verstaan van die verskille tussen die geslagte (en veral tydgenote se verstaan van die plek van die vrou) grootliks beïnvloed was deur die *volksmoeder*konstruksie. Gender is gebruik as legitimeerder van die vrou se afgebakende rol. ’n Beskrywing word gegee van die totstandkoming van die OB Vroue-afdeling in 1939 sowel as van die organisasie en leierskap van die afdeling. Die OB se amptelike beleid rondom die plek en rol van die vrou is ’n uitstekende voorbeeld van hoe gender politiek konstrueer en hierdie proses word ontleed deur veral aandag te skenk aan die betekenis van gender in die OB soos ontbloot deur die tekstuele, visuele en materiële taal van gender. Laasgenoemde drie aspekte werp nie net lig op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil nie, maar dit is ook vol metaforiese gebruike van die *volksmoeder* wat ’n belangrike noordster was vir vroue se agentskap.

Die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag vroue-afdeling kan opgedeel word in twee kenmerkende fases waar die rol van vroue sekere *klemverskuiwings* ondergaan het. Vanaf 1939 tot 1942/43 was die vroue-afdeling deel van die OB as massabeweging met ’n dualistiese karakter van kultuur en verset. Hoofstuk vier en vyf gee gehoor aan die eerste doelwitte van die skool van vrouegeskiedskrywing deur hoofsaaklik ’n *historiese beskrywing* te gee van vroue se agentskap in hierdie eerste fase. In hierdie hoofstukke word die genderinterpretasies van die beskrywing geskei. Gedurende hierdie jare het vroue hulle rol as fondsinsamelaars van die beweging gevestig, maar het hulle ook deelgeneem aan byna elke

kultuuraktiwiteit van die OB. **Hoofstuk vier** beskryf vroue se rol in dié algemene aktiwiteite van die OB, maar gaan ook verder as dit. Vroue se optrede is sterk beïnvloed deur hulle gekonstrueerde identiteit. Om hierdie rede word daar veral aandag geskenk aan hoe vroue in die OB gender “gedoen” het teen die agtergrond van die *volksmoeder* en performatiewe teorie. Die belangrikheid van genderdade, wat voortspruit uit die normatiewe aard van die *volksmoeder*, word gehandhaaf deur uit te wys hoe die *volksmoeder* ’n belangrike rol gespeel het in die bepaling van vroue se plek in die OB. Die konstruksie is gewysig en aangepas om die beweging se doelwitte te dien. Teen die agtergrond van die OB se amptelike beleid en doelstellings word vroue se agentskap geëvalueer na aanleiding van hulle werksaamhede in die beweging tot ongeveer 1943. Voorts word daar geargumenteer dat OB-vroue ’n unieke karakter aan die *volksmoeder* verleen het deurdat die karaktereienskap van onafhanklikheid sterk uiting gevind het in hulle deelname aan die verzet teen Smuts se oorlogspoging. Tussen 1939 en 1943 het die oorlogsomstandighede OB-beleid bepalend beïnvloed. Die meeste internerings van OB-lede deur die Smutsregering het in hierdie tyd plaasgevind en daarmee saam ook die grootste verzet vanaf die Ossewa-Brandwag – in besonder die Stormjaers. **Hoofstuk vyf** bestudeer die verskillende wyses waarop OB-vroue deel gevorm het van die Afrikaner se verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Die dinamika van die *volksmoeder* is duidelik te bespeur in beide die passiewe en ondergrondse verzet van vroue in die OB. Hierdie hoofstuk poog primêr om die stemme van vroue self te laat praat oor hulle ervarings in die “Tweede Rebelle”. Die implikasies van vroulike verzet vir politieke agentskap word ook oorweeg en daar word aangedui hoe die betekenis van Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid, soos beskryf in hoofstuk 2, ’n hoogtepunt bereik het in OB-vroue se gekonstrueerde genderidentiteit.

Die tweede fase wat geïdentifiseer kan word, het aanvang geneem ná die reorganisasie van die OB in 1942/43. Tydens reorganisasie is die rol van die vrou in die OB opnuut oorweeg en dit het gelei tot die totstandkoming van die OB Vroue Volksorg Vertakking wat ’n klemverskuiwing in vroue se gekonstrueerde identiteit teweeggebring het. **Hoofstuk ses** verduidelik hierdie klemverskuiwing deur uitsluitlik te fokus op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil in die amptelik-gekonstrueerde beeld van vrouwees. Die gender-ideologie van die OB word ontleed teen die agtergrond van die organisasie se gebruik van die begrip “die organiese eenheid van die volk” en die OB se gesinsbeleid word beskryf ten einde vas te stel hoe tydgenote vroulikheid konstrueer het binne die konteks van sosio-politiese invloede. Hoofstuk ses let hoofsaaklik op die konstruksie van vroue as “moeders” in die amptelike

beleid van die OB. Die implikasies van die amptelike beeld van die vrou vir vroue se politieke agentskap word nagespeur deur te fokus op die nuwe rigting wat die Vroue-afdeling ná reorganisasie ingeslaan het, naamlik dié van volksorg.

Hoofstuk sewe bou op die verkenning van vroulike identiteit deur te wys hoe vroue *self* hierdie “amptelike identiteit” aangeneem en/of rekonstrueer het in die aktiwiteite van volksorg. ’n Uiteensetting word gegee van volksorg in praktyk en hoe vroue, deur hulle keuse van werksaamhede, deelgeneem het aan die konstruksie van vroulike identiteit, maar meer nog: hoe hulle deelgeneem het aan die *volksmoeder*-diskoers in die OB. So gee hoofstuk sewe ook aandag aan vroue se *eie* stemme ten einde uit te wys hoe vroue selfs in die openbaar opgetree het as politieke agente wat aktief deelgeneem het aan die identiteitsposisies van gender wat hoofsaaklik gewentel het rondom die *volksmoeder* as sosiale instelling. Die uiteindelijke agteruitgang en ontbinding van die OB word ook bespreek deur uit te wys hoe vroue, selfs aan die einde van die beweging se lewensloop, steeds volhard het in die dikwels-veranderende doelstellings van die OB. **Hoofstuk agt** bevat die gevolgtrekkings van hierdie studie.

HOOFSUK 2

Die volksmoeder as kategorie van historiese analise: 'n Middel tot die verstaan van die rol en plek van vroue as agente in die Ossewa-Brandwag

In lyn met Scott se uitlating dat die gebruik van gender in die geskiedenis nie soseer 'n enkele teorie is nie, maar “a method or procedure of investigation”¹, is dit moontlik om 'n eiesoortige metode uit te werk vir die verkenning van vroue se rol in die Ossewa-Brandwag. Aangesien gender, volgens Scott en die meeste akademici se verstaan daarvan vandag, gegrond is op die sosiaal-gekonstrueerde werklikheid van historiese tydgenote se begrip van geslagtelike verskil, is dit wenslik om te bepaal op watter simboliese grondslag en sosiale instellings OB-vroue se optrede gekonstrueer is. In Afrikanergeskiedenis is daar veral één genderkonstruksie wat besonder bruikbaar is as 'n eiesoortige manier om die rol van vroue te beoordeel, naamlik die idee van die *volksmoeder*. Hierdie konstruksie is besonder belangrik vir die beantwoording van die vraag “Hoe werk gender (as aanwyser van sosiale konstruksies) in die geskiedenis?” 'n Evaluering van die *volksmoeder* behoort die historikus ook in staat te stel om 'n beter begrip te kry van tydgenote se klassifisering van die natuurlike verskynsels van geslag en die implikasies daarvan vir die samelewing. As simboliese uitdrukking van vrouwees roep die *volksmoeder*-konsep verskeie beelde op wat prominent gefigureer het in die Ossewa-Brandwag. Die betekenis van hierdie beelde lê diep ingebed in die Afrikaner se wandel op die suidpunt van Afrika en om hierdie rede is dit belangrik om die historiese ontwikkeling van die *volksmoeder* in ag te neem.



Figuur 2(a): Die Voortrekkermitologie as deel van die fisiese manifestasie van die *volksmoeder* in die Ossewa-Brandwag²

¹ Sien J.W. Scott, “Women’s history: The modern period”, pp. 141-157.

² OBA: Ossewa-Brandwag Fotoversameling, fotonr. 856: Vroue-protesoptog; OB Jaarboek 1948, Gebied F; OB Fotovers., fotonr. 1156: Boerejeug-uniform.

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om die verskillende aspekte van die *volksmoeder* te evalueer en om die spesifieke verstaan daarvan in die Ossewa-Brandwag te historiseer by wyse van 'n historiese agtergrond. Die feit dat die *volksmoeder* 'n “sosiale konstruksie” genoem word, word dikwels deur historici aanvaar as 'n gegewe.³ In Hoofstuk 1 is daar verduidelik wat die gevaar van só 'n aanname is. Daarom word daar in hierdie hoofstuk gelet op die aard en evolusie van die *volksmoeder* as 'n genderkonstruksie bestaande uit 'n versameling elemente van sosiale verhoudings, gebaseer op verskille wat tussen die geslagte waargeneem word. Die implikasies van die *volksmoeder* as 'n aanduider van mag in die Afrikanersamelewing word ook ontleed. In verband hiermee skryf Scott: “significations of gender and power (wat in hierdie geval wentel rondom die *volksmoeder*) construct one another”. Die aard van hierdie proses word vasgestel deur die konteks van die tyd en plek van historiese agente te verstaan.⁴ Die doel is om uiteindelik te verstaan waar diegene betrokke by die OB se verstaan van die verskille tussen die geslagte (en spesifiek hulle verstaan van “vrouwees”) vandaan kom.

Ten einde die bogenoemde te bereik, word daar gereageer op Scott se kritiek in verband met die kategorieë “man” en “vrou”. Vir die doeleindes van hierdie studie kan soortgelyke kritiek ingebring word teen die “volksmoeder” as genderkategorie. Elkeen van hierdie kategorieë word onder die vergrootglas geplaas deur beide die opposisie tussen man en vrou en die idee van die *volksmoeder* (wat net soos “man” en “vrou” sosiaal gekonstrueer is) problematies te hanteer as iets wat kontekstueel gedefinieer word en deurentyd gerekonstrueer word. In hierdie verband word die *volksmoeder* beskou as 'n middel tot die verstaan van tydgenote se kennis van, en die betekenis wat hulle geheg het aan, geslagtelike verskil. Die konstruksie word *nie* gebruik as 'n punt van oorsprong vir hierdie studie *nie* aangesien dit beide diskursief en histories geproduseer is. Daar word liever gelet op *hoe* hierdie konstruksie geproduseer is en wat die implikasies daarvan is vir 'n historiese verstaan van genderverhoudinge in die OB. Die rede hiervoor is om die slagkat van reduksionisme te vermy deur hierdie kategorieë na te spoor as *historiese* gebeurtenisse. Veral die kategorie “Afrikanervrou”, wat deur die OB gebruik is om na vroue te verwys, kan nie as vanselfsprekend aanvaar word nie en voor die geskiedenis van OB-vroue hoegenaamd aangeraak word, moet dit eers onder die historiese vergrootglas geplaas word.

³ Sien afdeling 2.1.

⁴ J.W. Scott “Gender: A useful category of historical analysis”, p. 49.

Hoofstuk 2 behels dus die daarstel van 'n metode wat van die *volksmoeder*-konstruksie (en alle elemente daarvan) gebruik maak as 'n kategorie spesifiek geskik vir die analise van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag tussen 1938 en 1952. Terselfdertyd verskaf dit 'n historiese agtergrond van Afrikanervroue se rol in die onafhanklikheidsstryd teen Brittanje. Ook die produksie van kennis oor die *volksmoeder* het die diskursiewe ontwikkeling daarvan beïnvloed. Daarom word daar eerstens gelet op die historiografie daarvan.

2.1 Die verskynsel van die *Volksmoeder* in Suid-Afrikaanse akademiese geskiedskrywing

Die *volksmoeder* is 'n konstruksie wat 'n sterk invloed op die sosiale gewete van die Afrikaner uitgeoefen het. In die 1980's het akademiese navorsing die lig begin sien wat 'n ontleding van dié konstruksie gemaak het. Hierdie navorsing het gelei tot 'n debat oor die subjektiewe identiteit van die Afrikanervrou wat steeds aan die gang is. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n bespreking van die belangrikste akademiese studies relevant, omrede die verhandeling ook deel uitmaak van die “*volksmoeder*-debat”.

Historici en skrywers binne Afrikanergeleedere het gedurende die negentiende- en twintigste eeue die Afrikaanse vrou in die kontinuum van Suid-Afrikaanse geskiedenis voorgestel as “moeder van haar volk”.⁵ Skrywers in die nasionalistiese skool van die geskiedenis het uit gebeure soos die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog die beeld van die *volksmoeder* geromantiseer. Hierdie beeld sou uiteindelik 'n wesenlike invloed uitoefen beide op die voorstelling van die vrou in die geskiedenis en die agentskap van die Afrikanervrou.

Die tradisionele geskiedennis van die Afrikaner het Voortrekker- en Boervroue hoofsaaklik voorgestel as “moeders” van die ontwakende Afrikanervolk wat 'n verantwoordelikheid het teenoor die “organiese eenheid” van die nasie.⁶ Die vrou is geensins uitgesluit in Afrikanergeskiedenis nie, maar haar teenwoordigheid volg 'n duidelike stereotipe wat haar

⁵ Uitstaande voorbeelde hiervan is W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk* (Nasionale Pers, Bloemfontein, 1918); E. Stokenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (Pro Ecclesia, Kaapstad, 1921); D.G. Venter, *Die vrou in die openbare lewe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1937), *Die Gereformeerde Vroueblad* (red.), *Gedenkboek. Die gereformeerde vrou, 1859-1959* (Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1959); A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk* (Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1966); A. de Villiers, *Barrevoets oor die Drakensberg: Pioniersvroue van die neëntiende eeu* (Johannesburg, Perskor, 1975).

⁶ Oor die tydgenootlike idees rondom die “organiese eenheid” van die Afrikaner, sien N. Diederichs, *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1936). Die impak van “organiese eenheid” op OB-ideologie word in Hoofstuk 6 in meer detail bespreek.

wel verborge maak. In haar literatuurstudie van die volksmoederdiskoers skryf E. Cloete dat “the stories of frontierswoman and Boerwomen [were] intrinsically part of the metanarrative of Afrikaner nationalism which in turn has been posed as a history of the past which vindicates the present”.⁷ E. Brink skryf dat die genderkonstruksie van die volksmoeder “involved the emulation of characteristics such as a sense of religion, bravery, a love of freedom, the spirit of sacrifice, self-reliance, houswifeliness (“huismoederlikheid”), nurturance of talents, integrity, virtue and the setting of an example to others”.⁸ Die *volksmoeder* was dus in die “tradisionele” geskiedenis van die Afrikaner, soos die vroue wat deur hierdie beeld beïnvloed was, in diens van Afrikanernasionalisme. Alhoewel die verskeie studies wat die *volksmoeder* aanraak nie uitsluitlik fokus op die aard van Afrikanervroue se agentskap nie, werp dit tog lig op hierdie verskynsel. Van die eerste ontledings van hierdie ideaal was dié van E. Brink wat meen dat die subjektiewe identiteit van die *volksmoeder* histories gefundeer (ook gekonstrueer) is deur manlike Afrikanerhistorici.⁹

In haar bydrae tot die versamelwerk, “Women and gender in Southern Africa to 1945”, skryf Brink dat die idee van die *volksmoeder* uitsluitlik ’n manlike diskoers is.¹⁰ Die historiese fundering daarvan het hoofsaaklik plaasgevind deur die geskiedenisboeke van Willem Postma in 1918, *Die Boervrou: Moeder van haar volk* en Eric Stokenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (1921) wat later in meer besonderhede bespreek word. Die *volksmoeder* is dus deur Afrikanernasionalistiese historici veredel.¹¹ Brink skrywe dat “one of the means by which men in male-dominated societies control women is by giving them a well-defined but circumscribed position...”¹² As Brink se gedagtegang gevolg moet word, beteken dit dat vroue geensins hulle eie posisie in ’n manlik-gedomineerde samelewing kan bepaal nie. Brink gaan sover om te sê dat “[e]ven though some of the images were produced by women themselves, they were utilised in an utterly different context, and ultimately the *volksmoeder* became part and parcel of an Afrikaner nationalist ideology”.¹³ Studies wat dieselfde uitgangspunte as Brink volg met betrekking tot die invloed van die *volksmoeder*-ideaal op vroulike agentskap is dié van D. Gaitskell en E.

⁷ E. Cloete, “Frontierswomen as *volksmoeders*”, p. 3.

⁸ E. Brink, “The Afrikaner women of the Garment Workers’ Union, 1918-1939”, p. 280.

⁹ E. Brink, “Man-made women”, p. 279.

¹⁰ E. Brink, “Man-made women”, p. 279.

¹¹ L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women’s National Coalition van 1991 tot 1994* (ongepub. Ph.D. proefskrif, US, 2004), p. 12.

¹² E. Brink, “Man-made women”, p. 273.

¹³ E. Brink, “Man-made women”, p. 290.

Unterhalter. Volgens hierdie skrywers is Afrikanervroue se agentskap, in die vorm van moederskap, daargestel deur “male cultural entrepreneurs” en na vroue self word daar verwys as “silent in their stereotypical portrayal”.¹⁴ B. Eisenberg se studie van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie sluit ook aan by Brink se mening dat Afrikanervroue by wyse van die *volksmoeder* “man-made women” was deur te skrywe dat hierdie ideaal “was appropriated by a certain sector of the population in the 20th century... this sector of the population... consisted of the male members of the Afrikaans middle class”.¹⁵

Daar is dus ’n tendens te bespeur in die eerste studies wat die *volksmoeder* aangeraak het. Vroulike agentskap is ontleed op die grondslag van manlike agentskap. Amper as ’n soort nabootsing. Die een is gesien in terme van die ander. Hierdie tendens is nie uniek tot die vroeë studies oor die Afrikanervrou nie. Scott noem dat hierdie tipe studies kenmerkend is van die eerste akademiese werke oor die vrou deurdat dit poog om vroue se “essential likeness as historical subjects to men” uit te wys.¹⁶ Alhoewel die bogenoemde ontledings van die *volksmoeder* in ’n sekere mate geslaag het in hierdie doel, is die voorveronderstellings waarop dit gebaseer is problematies. Hierdie voorveronderstellings het te make met die invloed van vroue se agentskap op die konstruksie van die *volksmoeder* en hulle “rol” oor die algemeen. L.M. Kruger argumenteer dat die bogenoemde studies geensins die stilte oor vroue breek nie, aangesien die argument agter “man-made women” van só aard is dat dit inherent vroue se subjektiwiteit en aktiewe agentskap negeer.¹⁷

Kruger se eie studie, *Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931*, was ’n wesenlike bydrae tot die historiografie van die *volksmoeder* deurdat dit gebreek het met die idee van “man-made women”. Haar tesis het ’n nuwe pad ingeslaan wat betref studies oor die Afrikanervrou se subjektiewe identiteit (spesifiek die “volksmoeder-debat”). Ten spyte van Kruger se kritiek op Brink, stem sy wel saam dat die uiteengesette en koherente beeld van die *volksmoeder* wel ’n konstruksie van manlike Afrikanernasionaliste was, maar sy noem dat “it would be a gross oversimplification to claim that the social identities of Afrikaner women were entirely

¹⁴ D. Gaitskell en E. Unterhalter, “Mothers of the nation: A comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress” in N. Yuval-Davis & F. Anthias (eds.), *Woman-Nation-State*, p. 60.

¹⁵ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism, p. 10.

¹⁶ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 18.

¹⁷ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 25.

determined by Afrikaner nationalism”.¹⁸ Kruger ontken in haar studie die beeld van vroue as passiewe slagoffers van manlike diskoerse. Op grond van uitmuntende navorsing dui sy aan hoe Afrikanervroue ook aktief was in die vorm van hulle eie rolle en identiteite: “even while being shaped by Afrikaner nationalism, women themselves were active in the shaping of Afrikaner nationalism”.¹⁹

’n Skrywer wat min of meer tot dieselfde slotsom kom as Kruger, is M. du Toit in haar studie *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939*. In terme van die aktiwiteite van die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging (ACVV) spoor Du Toit die aktiewe gebruik van die *volksmoeder* terug na die laat negentiende eeu.²⁰ In ’n gepubliseerde weergawe van haar gevolgtrekkings sluit sy aan by die menings van Kruger en noem dat “female Afrikaner nationalists were articulate and audible in their construction and elaboration of the *volksmoeder* discourse”.²¹ Anne McClintock deel hierdie siening deur in haar boek, *Imperial leather: Race, gender and sexuality in the colonial contest*, te verwys na die “gender-komponent” in Afrikanernasionalisme.²² Sy skryf dat alhoewel hierdie komponent sinoniem was met blanke mans se belange, aspirasies en politiek, is die *volksmoeder* nie afgedwing op “hapless female victims” nie, maar Afrikanervroue het ’n onontbeerlike rol gespeel in die skep van die Afrikanerdom.²³ Om hierdie rede sien sy die beeld van die *volksmoeder* as “a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and women”.²⁴ In haar beskrywing van die *volksmoeder* lê McClintock klem op die rol van visuele kultuur in die skep van Afrikanernasionalisme. Deur te verwys na die Eeufeesvieringe van die Groot Trek skrywe sy dat “the singular power of nationalism has been its capacity to organize a sense of popular, collective unity through the management of mass national *commodity spectacle*”.²⁵ In een só ’n studie van visuele kultuur maak Lize van der Watt gebruik van ’n Afrikanernasionalistiese kommoditeit om ’n verdere dimensie aan die *volksmoeder* te gee,

¹⁸ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 308.

¹⁹ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 338.

²⁰ Sien R. van der Merwe, “Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies? Female students at the University of Pretoria, 1920-1970”, *Historia*, vol. 56, no. 1, 2011, p. 82.

²¹ M. du Toit, “The domesticity of Afrikaner Nationalism: *Volksmoeders* and the ACVV. 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, nr. 1, Maart, 2003, p. 158.

²² A. McClintock, *Imperial leather: Race, gender and sexuality in the colonial contest*, p. 378.

²³ A. McClintock, *Imperial leather*, pp. 377-379. Sien ook R. van der Merwe, “Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies?”, pp. 82-83.

²⁴ A. McClintock, *Imperial leather*, p. 378.

²⁵ A. McClintock, “Family feuds: Gender, nationalism and the family”, *Feminist Review*, vol. 44, summer, 1993, p. 70.

naamlik die Voortrekkertapisserieë in die Voortrekkermonument.²⁶ Deur te let op die rol van visuele kultuur sluit Van der Watt aan by die bogenoemde studies wat meen die definisie van die *volksmoeder* is nie uitsluitlik gevorm deur Afrikanermans nie:

... Afrikaner women actively took part in constructing the meaning of this public image, they negotiated its content in various ways and at various stages. The Voortrekker Tapestry presented one such opportunity to enrich the concept of the *volksmoeder*, by giving women the chance to be *volksmoeders* through their *volksdiens*, their service to the nation.²⁷

Dit is dus duidelik dat Afrikanervroue op verskeie wyses die ideologiese konstruksie van die *volksmoeder* beïnvloed het, maar ook daardeur beïnvloed is. Hierdie verskillende maniere sluit in: hulle betrokkenheid by liefdadigheidsorganisasies, vroue se optrede binne die huishoudelike sfeer en hulle deelname aan Afrikanernasionalistiese simboliek. Afrikanervroue het egter ook deur spesifiek hulle aktiewe politieke agentskap nuwe dimensies aan die *volksmoederbeeld* gegee.

Die reeds genoemde studies van Louise Vincent fokus ook op die invloed van die *volksmoeder* op vroue se betrokkenheid in formele politiek gedurende die begin van die twintigste eeu. Vincent maak in haar studies gebruik van die Nasionale Party se vrouepublikasie, *Die Burgeres*, ten einde uit te wys hoe “leading figures in the nationalist women’s parties came to redefine the notion of the *volksmoeder*, articulating a broader interpretation of this ideology which allowed them to legitimise their political role while remaining within the framework of Afrikaner nationalism”.²⁸ Volgens hierdie manier van dink het Afrikanervroue die beeld van die *volksmoeder* gebruik as politieke gereedskap. Vincent dui egter ook daarop dat die aard van die *volksmoeder*-diskoers veranderend is, aangesien dit gedien het as “the ideological battlefield upon which the desirability of the political active Afrikaner woman was both affirmed and denied”.²⁹

²⁶ L. van der Watt, “Art, gender ideology and Afrikaner Nationalism: A history of the Voortrekker Monument tapestries”, (M.A.-thesis, University of Cape Town, 1996).

²⁷ L. van der Watt, “The Comradly ideal and the *volksmoeder* ideal: Uncovering gender ideology in the Voortrekker tapestry”, *South African Historical Journal*, vol. 39, Nov. 1998, p. 93. Nog ’n studie wat gebruik maak van visuele data in die evaluering van die *volksmoeder* as konstruksie van Afrikanernasionalisme is H. Terre Blanche, “Mothers of the nation: Afrikaans women’s magazine advertisements in the 1940s”, *Kleio*, vol. 28, 1996.

²⁸ L. Vincent, “The power behind the scenes”, p. 54.

²⁹ L. Vincent, “The power behind the scenes”, p. 64. Sien ook R. van der Merwe, “Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies?”, pp. 82-83.

Die veranderende aard van die *volksmoeder*-diskoers word veral aangeraak in Vincent se *A cake of soap: The volksmoeder ideology and Afrikaner women's campaign for the vote*. Hierin dui sy daarop dat die Vroue Nasionaleparty 'n groot bydrae gelewer het tot die oorwinning van die Nasionale Party in 1924 deur uitstekende organisatoriese vaardighede en finansiële bydraes. Ten spyte hiervan het die mans begin om vroue se nuutgevonde selfvertroue op politieke en sosiale terrein te beskou as 'n bedreiging.³⁰ Van der Merwe som dit soos volg op "... with the economic crisis brought on by the Great Depression, the men felt that they could no longer tolerate nor control an independent and critical (and vibrant) voice within their ranks, who would also be competition in the labour market".³¹ Gevolglik het juis dit wat Afrikanervroue politieke speelveld gegee het, begin om hulle in die voet te skiet. Die einste kwaliteite van die *volksmoeder* wat vir vroue die geleentheid gegee het om vir meer politieke regte te agitêr, het hulle uiteindelik uit die formele politiek uitgesluit: "The more traditionalist strain in the *volksmoeder* ideology came to the fore once more, urging women back into the home... to devote their time to their families and household as well as welfare organizations".³²

Die *volksmoeder* is dus 'n komplekse, dinamiese en paradoksale sosiale konstruksie wat 'n sleutel bied tot die verstaan van Afrikanervroue se rol in Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daarby bly die *volksmoeder* 'n tema wat akademië se aandag trek. Onlangse studies fokus byvoorbeeld op die *volksmoeder* as herinneringsplek "met emosionele dryfkrag aan wie etlike geslagte Afrikaanse vroue blootgestel is".³³ In 'n referaat wat aanvaar is vir publikasie in die vakjoernaal, *Historia*, kyk Ria van der Merwe na die invloed van die *volksmoeder* op die onderrig van vroue, spesifiek by die Universiteit van Pretoria, en hoe aspekte van hierdie onderrig "would serve as the ideal preparation for female students to fulfil their role as future *volksmoeders*".³⁴ Die *volksmoeder* is dus al as navorsingstema van verskeie kante bekyk. Die aard van die Ossewa-Brandwag en die agentskap van vroue betrokke by hierdie beweging behoort 'n verdere (en selfs nuwe) blik te gee op hierdie verskynsel in Afrikanergeskiedenis. Voorts verskaf die beskouing daarvan vanuit 'n gender-teoretiese oogpunt die gereedskap om die OB se verstaan van geslagtelike verskil doeltreffend te evalueer.

³⁰ L. Vincent, "A cake of soap", p. 15.

³¹ R. van der Merwe, "UP and the *volksmoeder*", p. 9.

³² L. Vincent, "The power behind the scenes", p. 69; Kyk ook R. van der Merwe, "UP and the *volksmoeder*", p. 9; L. Vincent, "A cake of soap", pp. 15-16.

³³ E. Brink, "Die *volksmoeder*: 'n Beeld van 'n vrou" in A.M. Grundlingh & S. Hulgen (reds.), *Van volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke*, p. 7.

³⁴ R. van der Merwe, "Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies?", p. 89.

2.2 Die aard van die volksmoeder en die bruikbaarheid daarvan vir historiese analise

*Society is a human product. Society is an objective reality. [Wo]Man is a social product.*³⁵

Die groot aantal akademiese studies wat handel oor die verskynsel van die *volksmoeder* in Suid-Afrikaanse geskiedenis getuig van die belangrikheid daarvan as middel tot die verstaan van genderverhoudinge in die verlede. Die gebruik van die *volksmoeder* as konstruksie, wat spesifiek lig werp op die genderverhoudinge van die verlede, kom veral baie sterk na vore in die genoemde studie van L.M. Kruger, *Gender, community and identity: Women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931*. Haar metode is hoofsaaklik 'n diskursiewe ontleding van die *volksmoeder* soos dit gefigureer het in die Afrikaanse tydskrif, "Die Boerevrou". Alhoewel sy geensins saamstem met Brink se standpunt oor "man-made-woman" nie, handhaaf sy tog dat Afrikaanse vroue se identiteit en genderrolle eers sedert 1918, ná die publikasie van Willem Postma se "Die Boerevrou: Moeder van haar volk" 'n gesprekspunt geword het.³⁶ Aangesien die meeste publikasies van hierdie tyd geskrywe is deur mans, het Kruger spesifiek gefokus op die *volksmoeder*-diskoers van 'n vrou, Mabel Malherbe, ten einde uit te wys dat dit nie net 'n manlik gedomineerde diskoers was nie. In haar studie, wat baie naby kom aan die gebruik van die *volksmoeder* as kategorie van historiese analise, maak sy gebruik van sekere sleuteltekste as bronne van betekenis, norme en ideale oor gender wat bygedra het tot die vorming van die *volksmoeder*-diskoers.

Daar kan saamgestem word met Kruger dat die *volksmoeder* as diskoers nie kon manifesteer in tekste as dit nie was vir die opkoms van Afrikanernasionalisme en 'n koherente "volkskonsep" nie.³⁷ Die twee loop hand aan hand met mekaar. Die oorsprong van die *volksmoeder*-diskoers kan wel teruggevoer word na 1918. Daar is egter 'n probleem met hierdie argument. Deur slegs te fokus op twee tekste as diskoers geskrywe deur mans (Postma en Stockenström) en die *volksmoeder*-diskoers van Mabel Malherbe in *Die Boerevrou* (hoofsaaklik beperk tot Afrikaanse middelklasvroue) skep die probleem van elitisme. Dit negeer die ideaal van vrouegeskiedenis wat sterk gewortel is in "history from below". Voorts reduceer dit die produksie van die *volksmoeder*-konstruksie tot iets wat voortvloei uit 'n paar tekste oor die geskiedenis van die rol van vroue. Die dinamiese

³⁵ P.L. Berger & T. Luckmann, *The social construction of reality: A treatise in the sociology of knowledge*, p. 53.

³⁶ L.M. Kruger, "Gender, community and identity", p. 193.

³⁷ L.M. Kruger, "Gender, community and identity", p. 194.

historiese proses wat gelei het tot die konstruksie van hierdie genderbeeld word uit die oog verloor. Dit is hoofsaaklik 'n probleem wat spruit uit 'n “suiwer” diskoersanalise – dit is beperkend van aard. Hierdie verhandeling beskou die *volksmoeder* nie uitsluitlik as 'n diskoers nie, maar as 'n sosiale konstruksie wat, as komplekse en onophoudelike proses, betekenis geheg het aan verskillende historiese tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Waar Kruger gelet het op die diskursiewe produksie van die *volksmoeder* let hierdie studie op hoe die *volksmoeder* 'n effek is van 'n historiese proses wat *beide* diskursief en histories geproduseer word – die klem word dus meer geplaas op die historiese agentskap van vroue in die produksie van genderbetekenis. Wanneer die kwaliteite van die *volksmoeder* beskryf word, gebruik die historikus wel altyd tekste wat deel uitmaak van 'n diskoers, maar die produksie van 'n sosiale konstruksie is nie noodwendig altyd beperk tot teks nie. Die wyse waarop die *volksmoeder* in die OB gefunksioneer het, beide as aanduider van mag en bron van genderbetekenis, het dus 'n lang geskiedenis gewortel in die proses wat genoem kan word “die sosiale konstruksie van die werklikheid”, wat in verhouding met J.W. Scott se verstaan van gender gesien moet word.

In bogenoemde verband moet daar in ag geneem word dat daar 'n diskrepansie, en dikwels selfs weersprekinge, is in die kulturele norme en sosiale rolle wat gebruik word om die verskille tussen die geslagte te artikuleer. In plaas daarvan om hierdie norme en rolle as uniform te aanvaar, is dit wensliker om die spesifieke betekenis wat tydgenote daaraan geheg het, te probeer uitpluis.³⁸ Dit kan gedoen word deur die werklikheid te beskou in verhouding met die epistemologiese aard van gender, naamlik as 'n sosiale konstruksie. In hierdie verband word daar gebruik gemaak van P. L. Berger en T. Luckmann se verstaan van institusionalisering in hulle baanbrekerstudie *The social construction of reality* (1966).³⁹ Die volgende vraag word oorweeg: Wat is die aard van die *volksmoeder* in 'n wêreld waar geslagtelike verskil sosiaal gekonstrueer word?

Die *volksmoeder* kan gesien word as 'n sosiale instelling wat deur die proses van sosiale institusionalisering deel geword het van die Afrikanersamelewing in die tydperk van die OB

³⁸ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 206.

³⁹ Daar is bewys dat die sentrale idees in hierdie werk steeds uiters relevant is vir die sosiale wetenskappe, sien in hierdie verband: C. Calhoun, J. Gerteis, J. Moody, S. Pfaff & I. Virk (eds.), *Contemporary sociological theory*, p. 26.

se bestaan. In die woorde van Berger en Luckmann is dit 'n "social concept or mental representation".⁴⁰ Die invloed daarvan op 'n gegewe groep mense word soos volg beskryf:

[P]ersons and groups interacting in a social system form, over time, concepts or mental representations of each other's actions, and these concepts eventually become habituated into reciprocal roles played by actors in relation to each other. When these roles are made available to other members of society to enter into and play out, the reciprocal interactions are said to be institutionalised. In the process of this institutionalisation, meaning is embedded in society. Knowledge and people's conception (and belief) of what reality is becomes embedded in the institutional fabric of society.⁴¹

Die essensiële karakter van die *volksmoeder* het dus sy oorsprong in die interaksie tussen die geslagte. Volgens Berger en Luckmann is alle menslike aksies onderworpe aan gewoontevorming. Enige aksie wat dikwels herhaal word, word gegiet in 'n patroon en roetine wat mettertyd as vanselfsprekend aanvaar word. Aksies-van-gewoonte het inherente betekenis wat van só 'n aard is dat die betekenisvolheid nie verlore gaan ten spyte van die vanselfsprekendheid daarvan nie. Institusioneleisering vind plaas wanneer daar 'n wedersydse tipifikasie⁴² van aksies-van-gewoonte uitgevoer word deur sekere tipes akteurs. Met ander woorde, daar word gepraat van die tipifikasie as 'n sosiale instelling aangesien dit die voorveronderstellings bevat van gedeelde kennis in 'n samelewing.⁴³ In verband met gender is hierdie tipifikasies soortgelyk aan Scott se uitlating dat "'men' and 'women' are ideals established to regulate and channel behaviour, not empirical descriptions of actual people, who will always fall short of fulfilling the ideals."⁴⁴ Hierdie soort institusioneleisering veroorsaak met ander woorde dat daar, deur gedeelde waarneming van mekaar en gesamentlike besluite van "wie doen wat", verskeie instellings geskep word wat deel uitmaak van die "sosiale orde".⁴⁵ Die *volksmoeder* is een só 'n instelling.

Die geïnstitusioneleiseerde optrede van die lede van 'n samelewing veronderstel dat sekere rolle toegeskryf word aan sekere tipes akteurs. So word verskille tussen die geslagte

⁴⁰ P.L. Berger & T. Luckmann, *The social construction of reality*, p. 50.

⁴¹ S.G. Sapp, *The social construction of reality: Notes*, www.soc.iastate.edu/sapp/Berger.pdf. Datum van gebruik: 14 Oktober 2011.

⁴² Tipifikasie word hier verstaan as die skep van 'n "standaard" sosiale konstruksie gebaseer op voorveronderstellings wat die standaard stel vir iets om te behoort aan daardie tipe.

⁴³ P.L. Berger & T. Luckmann, "The social construction of reality" in C. Calhoun, J. Gerteis, J. Moody, S. Pfaff & I. Virk (eds.), *Contemporary sociological theory*, p. 42.

⁴⁴ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 206.

⁴⁵ P.L. Berger & T. Luckmann, *The social construction of reality*, p. 53.

waargeneem en sosiale betekenis word daaraan geheg wat op sy beurt weer die verwagting skep dat sekere aksies slegs uitgevoer kan word deur lede van die manlike of vroulike geslag: “[h]abitualization carries with it the important psychological gain that choices are narrowed.”⁴⁶ Dit stem ooreen met Scott se standpunt dat gender “a constitutive element of social relationships based on perceived differences between the sexes”⁴⁷ is. Sosiale betekenis word geheg aan die biologiese verskille tussen die geslagte en gevolglik skep die samelewing geslagsrolle met gender as belangrike skeidslyn vir die bepaal van optrede. As Berger en Luckmann se argument tot sy uiterste gevoer word, kan mens vra wat is meer geroetineerd as die menstruele siklus van ’n vrou? Of die gewoontevormende aksies wat geskep word rondom die baar en grootmaak van kinders? Die sosiale betekenis en die implikasies vir optrede wat veral aan spesifiek hierdie biologiese prosesse geheg word, het in die geval van die Afrikanersamelewing van die 1930’s en 1940’s sy klimaks bereik in die vorm van die *volksmoeder*. Die oorsprong van dié betekenis kan gevind word in dit wat Berger en Luckmann noem “the social stock of knowledge” van ’n samelewing oor ’n gegewe instelling:

... theoretical knowledge is only a small and by no means the most important part of what passed for knowledge in a society... the primary knowledge about the institutional order is the sum total of ‘what everybody knows’ about a social world, an assemblage of maxims, morals, proverbial nuggets of wisdom, values and beliefs, myths and so forth.⁴⁸

Die “social stock of knowledge” oor die *volksmoeder*, en daarmee saam die “standaard” of “ideaal” waaraan Afrikanervroue se optrede in die samelewing van die eerste helfte van die twintigste eeu gemeet is, het onder andere ingesluit ’n sterk sin vir godsdiens, bravade, ’n sin vir onafhanklikheid en vryheid, die gees van selfopoffering, self-onderhoud, “huismoederlikheid”⁴⁹, woekering met talente, integriteit, reinheid en die daarstel van ’n voorbeeld vir ander.⁵⁰ Hierdie aspekte is wat Berger en Luckmann noem wederkerige tipifikasies van aksies. Die oorsprong daarvan lê opgesluit in die proses van gewoontevorming wat lei tot institusionalisering, maar dit lê nog te meer opgesluit in die gedeelde geskiedenis van ’n samelewing: “reciprocal typifications of actions are built up in the course of a shared history. They cannot be created instantaneously. Institutions always

⁴⁶ P.L. Berger & T. Luckmann, *The social construction of reality*, p. 53.

⁴⁷ J.W. Scott “Gender: A useful category of historical analysis”, p. 42.

⁴⁸ P.L. Berger & T. Luckmann, *The social construction of reality*, p. 65.

⁴⁹ Die konsep word bespreek in hoofstuk 7.1.2.

⁵⁰ E. Brink, “Man-made women”, p. 280

have a history of which they are the products.”⁵¹ Ons vind dus weereens ’n ooreenstemming met Scott, naamlik dat ’n genderorde slegs verstaan kan word as dit onderwerp word aan die historiseringsproses.⁵² Tydgenote se persepsies van geslagtelike verskil is dus gekleur deur hulle eiesoortige waarneming van die werklikheid, hulle interaksie met mekaar op grond van daardie waarneming, die invloed van historiese prosesse en die betekenis wat hulle aan natuurlike verskille heg.

Voorts lê die aard van die *volksmoeder* ook opgesluit in die proses wat genderverhoudings konstrueer, soos geïdentifiseer deur Scott.⁵³ Hierdie proses pas soos ’n handskoen in Berger en Luckmann se beskrywing van institusioneelsing. As sosiale instelling bevat die *volksmoeder* verskeie *kultureel-beskikbare simbole* wat beelde oproep van die ideaal van vrouwes. Dié simbole sluit die bogenoemde kwaliteite in sowel as ’n klem op mitiese aspekte rondom vrouwes (soos die kaalvoet Voortrekkervroue wat kop-omhoog die Drakensberg uitklouter as simbool van onafhanklikheid of die spierwit Voortrekkerrokke as simbool van die volk se reinheid). L. Vincent stel dit soos volg: “a highly stylised symbolic identity of ideal womanhood to which the ordinary women of the nation are meant to conform or at least aspire to.”⁵⁴ Soos genoem, sluit die proses ook *normatiewe konsepte* in wat die betekenis van hierdie simbole interpreteer en die metaforiese moontlikhede daarvan beperk. Wat is die normatiewe betekenis en metaforiese moontlikhede van die *volksmoeder*? As verskynsel wat gemanifesteer het in die godsdienstige, opvoedkundige, wetenskaplike en regs- en politieke doktrines van die Afrikanersamelewing, was die *volksmoeder* ’n paradoksale konstruksie wat telkens gebruik is om veral die politieke aspirasies van beide mans en vroue te dien. Die *volksmoeder* het in essensie ’n Janusgesig. L. Vincent wys byvoorbeeld uit dat vroue gebruik gemaak het van die konstruksie in hulle agitering om stemreg. Vroue het gebruik gemaak van die “language of home-making and motherhood to legitimize their claim to the vote”.⁵⁵ In haar navorsing kom sy tot die slotsom dat “leading figures in the nationalist women’s parties came to redefine the notion of the *volksmoeder*, articulating a broader interpretation of this ideology which allowed them to legitimise their political role while remaining within the framework of Afrikaner nationalism”.⁵⁶

⁵¹ P.L. Berger & T. Luckmann, “The Social construction of reality”, p. 42.

⁵² J.W. Scott, “Unanswered questions”, p. 1428.

⁵³ Sien J.W. Scott “Gender: A useful category of historical analysis”, p. 42 en Hoofstuk 1.3.1.

⁵⁴ L. Vincent, “The power behind the scenes”, p. 64.

⁵⁵ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 2.

⁵⁶ L. Vincent, “The power behind the scenes”, p. 54.

Die *volksmoeder* is egter, in lyn met Scott se beskrywing van só 'n tipe konstruksie, vol teenstrydighede en inherente ongelykhede. Toe blanke Suid-Afrikaanse vroue in 1930 die stemreg kry, het mans hierdie nuutgevonde mag van vroue beskou as 'n bedreiging.⁵⁷ In die woorde van Ria van der Merwe: "... with the economic crisis brought on by the Great Depression, the men felt that they could no longer tolerate nor control an independent and critical (and vibrant) voice within their ranks, who would also be competition in the labour market".⁵⁸ Ironies genoeg was dit juis die konstruksie wat vroue politieke mag gegee het wat begin het om hulle in die voet te skiet: "The more traditionalist strain in the *volksmoeder* ideology came to the fore once more, urging women back into the home... to devote their time to their families and household as well as welfare organizations".⁵⁹ Duidelik is die *volksmoeder* dus ook sterk gewortel in die binêre opposisie van "man" en "vrou" en die "vastigheid" wat tydgenote daaraan geheg het as normatiewe konsep. Dit is soos 'n pendulum wat dán na die een kant, dán na die ander kant swaai. Die eenkant is die meer tradisionele, reaksionêre verstaan van moederskap, naamlik in die private sfeer. Die ander kant is die meer radikale en politieke verstaan van *volksmoederskap* in die publieke sfeer. 'n Ontleding van hierdie dinamiese proses word gedoen van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag later in hierdie studie.

Sosiale instellings en organisasies se impak op die *volksmoeder* het in die 1930's en 1940's die ideologiese insluiting van vroue in 'n manlik gedomineerde nasionalisme daargestel. E. Brink skryf: "In this way a socially, morally, economically and politically subordinate place was clearly defined for women in society".⁶⁰ Ten spyte hiervan het die sosiale instelling van die gesin vir vroue die mag gegee om politiek op te tree binne hierdie sogenaamde "subordinate place". Vroue se huislike posisie was in hierdie sin nie ondergeskik nie deurdat hulle ook in hulle kapasiteit as huisvroue kon optree as politieke agente. Dit word uitstekend saamgevat in M. du Toit se gebruik van die volgende konsep: "the *domesticity* of Afrikaner nationalism."⁶¹ Voorts speel die genderaspek van *subjektiewe identiteit* ook sy rol. Die *volksmoeder* as instelling is 'n versameling betekenis wat spruit uit 'n komplekse reeks persepsies, in die woorde van M. Thea Sinclair: "the construction of subjective identity

⁵⁷ L. Vincent, "A cake of soap", p. 15.

⁵⁸ R. van der Merwe, "Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies?", p. 83.

⁵⁹ L. Vincent, "The power behind the scenes", p. 69; R. van der Merwe, "Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies?", p. 83; L. Vincent, "A cake of soap", 15-16.

⁶⁰ E. Brink, "Man-made women", p. 291.

⁶¹ M. du Toit, "The domesticity of Afrikaner nationalism: *Volksmoeders* and the ACVV", pp. 115-176.

[takes place] through the media, the state, and the education system, offering women images of the values of the home, motherhood, and... work...”⁶²

Regdeur die bogenoemde koppeling van die *volksmoeder* met Scott se definisie, en Berger en Luckman se teorie van institusionalisering, word dit duidelik dat *mag* ’n ontsettende belangrike rol speel. As sosiale instelling het die *volksmoeder* beslis die verspreiding, toekenning en beperking van mag geregverdig. Scott beskou gender by uitstek as ’n aanduider en legitimeerder van politieke mag. Ook Luckmann en Berger sluit hierby aan deur te handhaaf dat

[i]nstitutions also, by the very fact of their existence, control human conduct by setting up predefined patterns of conduct, which channel it in one direction as against the many other directions that would theoretically be possible. It is important to stress that this controlling character is inherent in institutionalization as such, prior to or apart from any mechanisms of sanctions specifically set up to support an institution. These mechanisms (the sum of which constitute what is generally called a system of social control) do, of course, exist in many institutions and in all the agglomerations of institutions that we call societies.⁶³

Die *volksmoeder* is dus ’n instelling wat vroue se optrede beperk en binne ’n aanvaarbare patroon giet. Nietemin, dit is belangrik om die implikasies te begryp van Berger en Luckmann se noem van “other directions that would theoretically be possible”. Vroue het dikwels die grense van “predifined patterns of conduct” oorskrei by wyse van die dinamiese, paradoksale, aard van die *volksmoeder*. A. McClintock stel dit soos volg: “The icon of the *volksmoeder* is paradoxical. On the one hand, it recognizes the power of (white) motherhood; on the other hand, it is a retrospective iconography of gender containment, containing women’s mutinous power within an iconography of domestic service.”⁶⁴ In die geskiedenis van Afrikanervroue was mans hoofsaaklik in beheer van die samelewing en alhoewel vroue ook onderworpe was aan ander instellings van sosiale beheer behalwe die *volksmoeder*, kon dié konstruksie gebruik word om ’n bepaalde plek in die samelewing aan vroue toe te ken: “To say that a segment of human activity has been institutionalized is already to say that this segment of human activity has been subsumed under social control.”⁶⁵

⁶² M. Thea Sinclair, “Women, work and skill: economic theories and feminist perspectives” in N. Redclift & M. Thea Sinclair (eds.), *Working women: international perspectives on labour and gender ideology*, p. 2.

⁶³ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 43.

⁶⁴ A. McClintock, “Family feuds: Gender, nationalism and the family”, p. 72.

⁶⁵ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 43.

Beteken dit nou dat vroulike identiteit, in plaas daarvan om 'n manlik geproduseerde konstruksie te wees, 'n sosiaal geproduseerde instelling is van 'n samelewing waarin mans *in elk geval* die beheer voer? Nee, die aard van institusionalisering maak dit onmoontlik vir betekenis om geheg te word aan genderidentiteit *net deur mans*. Nie mans of vroue was in beheer van die skep van die *volksmoeder* nie, dit is nie 'n “man-made” of “woman-made” konstruksie nie. Die rede hiervoor lê opgesluit in die wederkerige aard van institusionalisering: “What must be stressed is the reciprocity of institutional typifications and the typicality of not only the actions but also the actors in institutions.”⁶⁶ As konstruksie is die *volksmoeder* geskep deur die gewoontes, gedeelde interpretasies, roetines, sosiale prosesse, verdeling van arbeid, die verstaan van geslagtelike verskil en so meer deur 'n samelewing. Dit kan nie ontleed word deur noodwendig *slegs* die patriargie te gebruik as sondebok nie.

Daar is veral twee kwaliteite van die *volksmoeder* wat besonder belangrik is vir die verstaan van die impak daarvan op die agentskap van OB-vroue, naamlik moederskap en vroue se sin vir onafhanklikheid.

Die *volksmoeder* word dikwels beskou as 'n Afrikanernasionalistiese konstruksie. E. Brink skryf dat volgens hierdie konstruksie “the Afrikaner woman was depicted not only as the cornerstone of the household but also as a central unifying force within Afrikanerdom and, as such, was expected to fulfil a political role as well.”⁶⁷ Afrikanernasionalisme het hoofsaaklik 'n appèl gemaak op vroue op grond van hul status as moeders. Die moederskap van die vrou het beide biologiese en metaforiese betekenis wanneer dit verbind word aan die vrou se plek in die samelewing. Elsie Cloete toon sterk ondertone van Scott se idees wanneer sy noem dat nasionalisme se giet van vroue in die vorm van moeders gebou is op die voorveronderstellings van 'n soort biologiese essensialisme. Laasgenoemde beteken dat vroue glad nie sosiaal gekonstrueerde wesens kan wees nie en dat die aard van hulle identiteit en rol in die samelewing *volkome* bepaal word in terme van biologiese funksies.⁶⁸ Cloete haal Weedon aan in die verduideliking van só 'n teorie:

... language and consciousness are but outward signs of internal genetic and hormonal differences which determine the nature, female or male, of the individual. Within this

⁶⁶ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 42.

⁶⁷ E. Brink, “Man-made women”, p. 273.

⁶⁸ E. Cloete, “Frontierswomen as *volksmoeders*”, p. 3.

model of gender acquisition language is merely a coding system which stands for innate feminine and masculine features which find their ultimate rationale in the efficient reproduction of the species.⁶⁹

Die biologiese essensialisme van Afrikanernasionalisme het die *volksmoeder* as't ware geskep en gebruik as ideaal waarmee die plek en rol van die vrou in die geskiedenis geïnterpreteer is. Die vermoë van die vrou om kinders te baar en te versorg, word met ander woorde geabstraheer tot 'n metafoor waar Afrikanernasionalisme van vroue verwag om hulle “essensiële biologiese funksies” in te span in diens van die nasie.⁷⁰ So word dit die taak van die vrou om as 'n moeder, 'n *volksmoeder*, te waak oor die volk en toe te sien dat dit, soos haar eie kind, versorg word. Cloete noem dat hierdie tipe retoriek die crux is van 'n verwarring waar “[b]iological females are confused with the social category of women”.⁷¹ Die probleem is dat die kategorie van “geslag” verwar word met dié van “gender”. Soos reeds verduidelik: geslag verwys na die biologiese onderskeid tussen man en vrou terwyl gender verwys na die teoretiese en sosiale konstruksie van “manlikheid” en “vroulikheid”. J. Butler verwys na só 'n sosiale konstruksie as “the sculpting of the original body into a cultural form”.⁷² Hierdie giet van individue in 'n bepaalde vorm vind plaas wanneer 'n gemeenskap sekere verwagtinge, eienskappe en gedragspatrone ontwikkel wat toegeskryf word aan die kategorie van “menswees”.⁷³ Daar word dan verwag van 'n kind/mens wat in 'n samelewing gebore word om aan hierdie verwagtinge te voldoen. Laasgenoemde is die “genderrolle” wat dan geskep word deur 'n spesifieke sosiale eenheid.⁷⁴ Hoe die betekenis van moederskap deel geword het van die sosiale instelling van die *volksmoeder* in die OB word in 'n latere hoofstuk bespreek. Moederskap en vroue se sin vir onafhanklikheid is twee aspekte in die “social stock of knowledge” van die OB wat 'n baie belangrike rol gespeel het in die bepaal van vroue se agentskap in die OB. 'n Oorweging van vroue se onafhanklikheidsin as deel van die *volksmoeder* behoort gehoor te gee aan sowel die historiseringsproses van genderbetekenis, wat so belangrik is in Scott se werkswyse, as die verskaf van 'n algemene historiese agtergrond en kontekstualisering oor waar OB-vroue vandaan kom.

⁶⁹ C. Weedon, *Feminist practice and poststructuralist theory*, p. 92.

⁷⁰ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 17.

⁷¹ E. Cloete, “Frontierswomen as *volksmoeders*”, p. 3.

⁷² Butler, J., *Undoing gender*, pp. 62-67.

⁷³ H. Eisenstein, *Contemporary feminist thought*, p. 7.

⁷⁴ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 42.

2.3 Die vloeibaarheid van identiteit: die evolusie van die konsep “Afrikanervrou” teen die agtergrond van vroue se “sin vir onafhanklikheid”

Een van die hoofdoelwitte wat feministe gehad het met die skep van die konsep “gender”, was om die essensialistiese verstaan van geslagtelike verskil te vermy. Die doel is om uiteindelik nie in die slaggat van reduksionisme te trap nie. Historici kan nie aanvaar dat die kategorieë “man” en “vrou” as vanselfsprekend aanvaar kan word – en gebruik word – in geskiedenis en geskiedskrywing nie. Ons kan die invloed van gender in die geskiedenis slegs bepaal ‘if we recognize that “man” and “woman” are at once empty and overflowing categories. Empty because they have no ultimate, transcendent meaning. Overflowing because even when they appear to be fixed, they still contain within them alternative, denied, or suppressed definitions.’⁷⁵ Definisies, norme en ideale vir “vrouwees”, soos die *volksmoeder*, behoort dus problematies gehanteer te word, aangesien dit deurentyd kontekstueel-spesifiek gedefinieer word en altyd in ’n proses van konstruksie en rekonstruksie is.

Die tradisionele geskiedenis van die Afrikaner, soos bespreek in Hoofstuk 1, het byna nooit die kategorie “Afrikanervrou” as problematies hanteer nie. Beide die etniese en die gendersy daarvan is nooit onder die vergrootglas geplaas nie – die binêre opposisie tussen man en vrou, gegrond op biologiese essensialisme, is as vanselfsprekend aanvaar.⁷⁶ Vir baie van hierdie historici is die problematisering van geslagtelike verskil, sowel as die konseptualisering van gender, geensins sake wat aandag geniet in hulle geskiedskrywing nie. Judith Lorber beskryf die “fixity” van gender soos volg: “Gender is so much the routine ground of everyday activities that questioning its taken-for-granted assumptions and presuppositions is like thinking about whether the sun will come up.”⁷⁷ Die kern van vroue se agentskap lê egter opgesluit in die feit dat gender ’n veranderlike konstruksie is: “gender, like culture, is a human production that depends on everyone constantly ‘doing gender.’”⁷⁸ So skep vroue ook die kontekste en definisies van vrouwees in die geskiedenis deur gender te “doen” – hierdie proses is nie net toeganklik vir mans nie. So is gender ook in die geval van die Afrikanervrou iets wat deurentyd “gedoen” word. Ook die *volksmoeder* deel die kenmerk dat dit as

⁷⁵ J.W. Scott “Gender: A useful category of historical analysis”, p. 49.

⁷⁶ Die doel van hierdie verhandeling is nie die problematisering van Afrikaneridentiteit nie – die hooffokus is op gender.

⁷⁷ J. Lorber, “Night to his day”: The social construction of gender”, in P.S. Rosenberg (ed.), *Race, class and gender in the United States: An integrated study*, p. 54.

⁷⁸ C. West & D. Zimmerman, “Doing gender”, *Gender and Society*, vol. 1, no. 2, Jun., 1987, pp. 126.

kategorie van vrouwees beide leeg en oorvol is (dit is nie gewortel in biologie nie, maar word deurentyd gekonstrueer). Elsabé Brink problematiseer die *volksmoeder* as ideaal van “Afrikanervrouwees” deur te skryf: “the parameters of [women’s] position, within which may be found the notion of ‘ideal womanhood’, may evade exact definition but yet be widely acknowledged and accepted.”⁷⁹ Historici behoort dus die *effek* van die historiese proses van betekenis te bepaal wat beide diskursief en histories geproduseer word.

Die kategorie “Afrikanervrou” het ook ’n lang geskiedenis. Daarby kan die *volksmoeder* nie so eenvoudig beskryf word as om die betekenis daarvan toe te skryf aan biologie nie. Die diskursiewe en historiese konstruksie van beide die konsepte is egter ’n studie in eie reg. In hierdie afdeling word daar aandag geskenk aan hoe ’n sekere kenmerk van die *volksmoeder* histories gefundeer is deur gebeure in die geskiedenis. Hoe het tydgenote se toeskryf van die vryheidsin aan vroue in die 1930’s tot stand gekom? Die geskiedenis van ’n sosiale instelling soos die *volksmoeder* is besonder belangrik vir die bepaal van die effek daarvan op vroue se agentskap. Berger en Luckmann skryf: “It is impossible to understand an institution adequately without an understanding of the historical process in which it was produced.”⁸⁰ Die *volksmoeder* is wel ook diskursief geproduseer en hierin lê die meriete van L.M. Kruger se genoemde studie. Dit is egter die doel van hierdie verhandeling om haar idees nog verder te voer en om, teen die agtergrond van Berger en Luckmann sowel as Suid-Afrikaanse bydraes, te let op hoe betekenis histories gekonstrueer is in die geval van die *volksmoeder*. Vanweë die omvang van só ’n studie word daar slegs gefokus op twee aspekte van die *volksmoeder* wat hoofsaaklik relevant is vir verstaan van vroue se agentskap in die Ossewa-Brandwag, naamlik moederskap en vroue se onafhanklikheidsin. Moederskap word bespreek in Hoofstuk 6. Vervolgens word daar ’n historiese verkenning van Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid gegee as historiese agtergrond.

*

In die amptelike RGN-verslag, getiteld “Die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag”, maak P.F. van der Schyff die volgende belangrike uittaling rakende die aard van die OB:

⁷⁹ E. Brink, “Man-made women”, p. 273.

⁸⁰ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 42.

Die Ossewa-Brandwag se wortels was diep ingebed in die geskiedenis van die Afrikaners se stryd om die bande met Brittanje te breek, om onderhorigheid aan 'n vreemde moondheid af te sweer, om – soos in die republikeinse era – oor sy eie lotgevalle te kan beslis.⁸¹

Die OB was 'n uitvloeisel van Afrikanernasionalisme. 'n Nasionalisme wat, onder andere, daarop gemik was om die Afrikaner se soewereiniteit op die suidpunt van Afrika te verkry en te handhaaf. As die Ossewa-Brandwag se wortels diep in hierdie stryd ingebed was, is dit nie verkeerd om dieselfde te sê oor die vroue wat by hierdie beweging betrokke was nie. Die term “Afrikaners” verwys tog na beide geslagte wat hulleself beywer het om “oor sy/[haar] eie lotgevalle te kan beslis”. Of vroue enigsins later oor hul eie lotgevalle kon beslis, word later bespreek.

Voordat die Vroue-Afdeling van die Ossewa-Brandwag van nader bekyk kan word, moet daar eers 'n goeie begrip gevorm word van waar hierdie vroue vandaan kom. As daar 'n plek vir hulle was in die Ossewa-Brandwag, dan was daar beslis ook 'n plek vir hulle in die “wortels” wat die Ossewa-Brandwag moontlik gemaak het.

In lyn met Van der Schyff se bogenoemde aanhaling word daar in hierdie afdeling kortliks gelet op spesifiek Afrikanervroue se aandeel aan die onafhanklikheidsstryd tot 1938. Daar word baie oorsigtelik gekyk na die rol en plek van die vrou in tye van verset teen Britse oorheersing met die doel om die Afrikanervrou wat aangesluit het by die OB te kontekstualiseer. Dit behoort 'n goeie aanloop te wees tot die bespreking van die vroue van die OB. Die plek en rol van die Afrikanervrou in die onafhanklikheidsstryd is grootliks “bepaal” en “gedikteer” deur manlike Afrikanerhistorici.⁸² Elsabé Brink skrywe: “This notion of idealised Afrikaner womanhood, which had its origins in apologetic Dutch-South African historiography of the nineteenth century, is remarkable for its continuity until at least the mid-twentieth century.”⁸³ 'n Ontleding oor die vrou se rol in die stryd teen Brittanje moet dus aandag skenk aan hierdie geskiedskrywing.

Deur te sê die *volksmoeder* was in diens van Afrikanernasionalisme, is om die instelling te sien binne die konteks van Berger en Luckmann: ‘human sexuality is socially controlled by

⁸¹ P.F. van der Schyff e.a., *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, p. 2.

⁸² E. Cloete, “Frontierswomen as *volksmoeders*”, p. 35.

⁸³ E. Brink, “Man-made women”, p. 273.

its institutionalization in the course of a particular history in question.”⁸⁴ Een van die fundamentele karaktereenskappe van die *volksmoeder* is die veronderstelde sterk gees van onafhanklikheid teenwoordig by Afrikanervroue. Wat betref Afrikanervroue se wil om vry te wees deur die geskiedenis heen skryf Stockenström die volgende:

Die vroue was onder 'n diep besef dat hulle die moeders van die toekomstige Afrikanervolk was, en hulle was ten volle bewus van die feit dat hul kinders en kleinkinders nooit in 'n roemryke, eerbare volk sou ontwikkel nie, *as hulle nie absoluut onafhanklik en vry was nie. Die vroue het dit in die diepte van hul siel gevoel dat die bewind van 'n vreemde moondheid, hoe regverdig ook, niks minder as 'n vreemde juk en 'n slawejuk was nie.*⁸⁵

Willem Postma sluit aan by Stockenström in 'n hoofstuk oor die karaktereenskappe van die “Boervrou” in *Die Boervrou: Moeder van haar volk*:

Naar alle getuienis was die vrijheidsin bij die vrouwens nog sterker, als bij die mans ontwikkel... Die Boervrou was haarself bewus, dat zij moeder word van 'n volk en zij het haar voorgeneem om geen moeder van 'n slawe ras te wees nie... Die gedagte aan en begeerte naar vrijheid vir haar geslag het die vrouw laat trek van Kaapstad af al verder en verder, het haar gehard al meer en meer. Van afsien of omdraai was geen sprake.⁸⁶

As Elsabe Brink se gedagtegang oor die belangrikheid van hierdie tekste gevolg moet word, dan het Stockenström en Postma ook die volksmoeder se vryheidsin histories gefundeer. Nietemin moet hierdie geskiedkundige werke gesien word binne die konteks van die tyd waarin dit geskrywe is. Dit is hoofsaaklik produkte van Afrikanernasionalisme wat die argument van biologiese essensialisme gevolg het. Dit het die Afrikanervrou verhef tot simbool van, onder andere, die sterk gees van onafhanklikheid onder die “volk”.⁸⁷ Soos Cloete dit tereg stel: “Historians of the Afrikaner volk have... deliberately imbued Boerwomen with historical significance, but a significance constructed in terms of issues of nationhood”.⁸⁸ Sekerlik een van die belangrikste “issues of nationhood” was die onafhanklikheid van die Afrikanernasie. Cloete bevestig die belangrikheid hiervan deur te

⁸⁴ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 43.

⁸⁵ E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 232. (Outeur se kursief).

⁸⁶ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 84.

⁸⁷ Sien in hierdie verband afdeling 2.4.

⁸⁸ E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 35.

noem dat Afrikanerhistorici “were inclined to commandeer the Afrikaner woman in order to spread the message of nationalism and freedom from the ‘yoke of British imperialism’”.⁸⁹

Ten spyte van die histories gekonstrueerde beeld is die vroue tog ook, soos die mans, meegesleur deur die gebeure van die negentiende en die eerste helfte van die twintigste eeu. Hulle moes ook, op hulle eie, die begeerte gehad het om “oor hul eie lot te beslis”. Vroue was aktiewe agente in Afrikanergeskiedenis, soos Helen Bradford tereg uitwys: “Women could also construct gender...”⁹⁰

Soos reeds genoem is dit geen maklike taak om die geskiedenis van die vrou te skrywe nie. Dit is egter belangrik en noodsaaklik om ’n idee te kry van haar rol in die Afrikaner se stryd teen “vreemde oorheersing”. In die woorde van Rosalind Miles: “Any women’s history has to be alert to the blanks, the omissions and the halftruths. It must listen to the silences and make them cry out”.⁹¹ Teen hierdie agtergrond word ’n oorsig gegee van die historiese invloed op die konstruksie van die *volksmoeder*. Dit dien ook as algemene historiese agtergrond en kontekstualisering vir die verkenning van vroue se rol in die OB.

2.3.1 Die Hollands-Afrikaanse vrou en die stryd om onafhanklikheid gedurende die negentiende eeu

Die wortels van die strewe na onafhanklikheid onder die groep blankes van Suid-Afrika wat uiteindelik die Afrikaners sou word, kan teruggetrek word na die agtiende-eeuse trekboere van die Kaap. In 1657 het Jan van Riebeeck 9 Kompanje-amptenare as “vryburgers” toegelaat om te boer met die doel om voedsel vir die verversingstasie te voorsien. Die getalle van die vryburgers het gegroei soos wat immigrante vanaf die Europese kontinent die natuurlike aanwas van die blanke bevolking aan die Kaap laat toeneem het. Omdat die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie nooit die vestiging aan die Kaap bedoel het as die stig van ’n kolonie nie, kon die Kompanjie nie bybly met die behoeftes van ’n groeiende volksplanting op die bodem van Afrika nie. Hollandse vroue het al in 1706 saam met hulle mans geprotesteer teen die korrupte regering van goewerneur W.A. van der Stel. Hulle het hul griewe op verbale wyse oorgedra aan die landdros Starrenberg wat aan Van der Stel

⁸⁹ E. Cloete, “Frontierswomen as *volksmoeders*”, p. 37.

⁹⁰ P.M. Krebs, The last of the Gentlemen’s wars’: Women in the Boer War concentration camp controversy, *History Workshop* 33, 1992, p. 48.

⁹¹ R. Miles, *The women’s history of the world*, p. 13.

gerapporteer het: “de wijven zijn alsoo gevaarlijk als de mans, en zijn niet stil”.⁹² Een van die eerste artikulasies van ’n vryheidsin was die Kaapse Patriotte se stryd om meer burgerregte en vryhede vanaf die Kompanjie, maar ook hul afkeer van die Kompanjie se bewind.⁹³ Dit was in die tydperk 1784 tot 1785. Van Rensburg noem dat die Patriotte dokumente opgestel het wat onderteken is deur “voornaamste burgeren van de kaap de goede Hoop...’s Volks Representanten”. Die handtekeninge van ’n hele aantal vroue verskyn op hierdie dokumente.⁹⁴

Die burgers het so begin om stelselmatig hulle rug op die Kompanjie, die see en handel te draai en het deur hulle *isolasië* in die binneland begin om ’n eie lewensvorm te ontwikkel. C.W. de Kiewiet lewer kommentaar op hierdie isolasië en noem dat “... this isolation sank into their character, causing their imagination to lie fallow and their intellects to become inert. Their tenacity would degenerate into obstinacy, their power of endurance into resistance to innovation, and their self-respect into suspicion of the foreigner and contempt for their inferiors”.⁹⁵ ’n Liefde vir die *ongereguleerde* vryheid en ’n begeerte vir die behoud daarvan het dus onder hierdie nuwe Afrikane ontkiem.

Met die isolasië van die moederland sowel as die uitdagings en onafhanklikheidsgevoel op die grensgebiede, het die blanke setlaars al gaandeweg begin om hulle verbintenis met Nederland te verloor. ’n Sin van onafhanklikheid op die grense het die burgers gelei in die rigting van ’n *nuwe* identiteit, alhoewel sekere basiese erfenisse van Europa bly voortleef het. Daar moet egter onthou word dat die burgers op hierdie stadium nog geen nasionalistiese gevoel van solidariteit onder mekaar gehad het nie. Dit sou eers later in die negentiende eeu plaasvind.

Soos wat die burgers veeboerdery aangeneem het, het hul nood vir grondgebied al hoe meer geraak en die grense van die “verversingstasie” het aanhou skuif. Die veeboere het spoedig verander in trekboere (wat nomadies saam met hul vee getrek het na beskikbare weivelde). Hulle was pioniere op ’n lewendige/oop grens.

⁹² A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2de uitgawe, p. 82.

⁹³ L. Maritz, “Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women’s National Coalition van 1991 tot 1994” (ongepub. Ph.D. proefskrif, US, 2004), p. 3.

⁹⁴ A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 111.

⁹⁵ C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa*, p. 17.

Die grens of “frontier” is ’n baie interessante verskynsel in geskiedenis wat veral sy hoogtepunt bereik het in die koloniale uitbreidings van die negentiende eeu. Lamar en Thompson skryf dat die grens beskou moet word “not as a boundary or a line, but as a territory or zone of interpretation between two previously distinct societies”.⁹⁶ Dit is op die grens waar definisies van beskawing geskep is op grond van anti-beskawing en heel dikwels word woorde soos “barbarism, savagery, heathenism” gebruik om toestande op die grens te beskryf en koloniale uitbreiding te regverdig.⁹⁷ In Suid-Afrika van die negentiende eeu kan die ganse gebied buite Kaapstad gesien word as ’n “grensgebied”. Die interaksie op die grens gedurende die negentiende eeu dui daarop dat een van Lamar en Thomson se “previously distinct societies”, naamlik die Kaapse trekboere, begin indring het op die gebied van die reeds-gevestigde swart stamme van Suid-Afrika deur die grens te “open”. Die “oopmaak” van die grens veronderstel dat nuwe invloede deur ’n nuwe gemeenskap die grens binnebring word. In verband hiermee skryf Cloete:

Frontiers are said to ‘open’ with the arrival of the intruding society. Like much colonialist rhetoric the connotation of opening can be read analogous with the idea of ‘bringing the light of civilization, with freeing an area from ‘savagery’ and ‘barbarism’... [s]uch a dichotomy often provides the justification for further expansionism and colonization.⁹⁸

Die groepie trekboere op die Kaapse Oosgrens pas goed in by Cloete se beskrywing. Postma volg ’n duidelike koloniale retoriek in sy skrywe oor die Afrikanervrou se aandeel in die “oopmaak” van die grens. Hy vertel dat hierdie mense hulle eie idees oor die beskawing in die binneland ingeneem het met die doel om die wilde ooptes te “tem” deur die “lig van beskawing” te bring en “*Suid Afrika te open vir Kristendom en Beskawing*”.⁹⁹ Stokenström sluit hierby aan en noem dat die blankes op die grens nie “geheel en al in ’n barbaarse toestand verval het nie...” om hoofsaaklik twee redes: “Die ou pioniers het die *Bybel* saamgeneem om ’n lig te wees op hul donker pad” en “’n ander vername rede waarom die Boere van die ou stempel op sy voorposte in die woeste binneland hul karakter en sedes behou het was omdat hulle deur hul vroue vergesel was”.¹⁰⁰ Dit was hoofsaaklik omstandighede op die grens wat bygedra het tot die ontwikkeling van ’n sterk individualisme

⁹⁶ H. Lamar & L. Thompson (eds.), *The frontier in history: North America and Southern Africa compared*, p. 7.

⁹⁷ E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 43.

⁹⁸ E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 44.

⁹⁹ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 84.

¹⁰⁰ E. Stokenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 232 (Stokenström se eie kursief)

onder die trekboere en 'n verdere aanvuur van die gewoonte om “onafhanklik” te wees – 'n proses wat ongetwyfeld ook die vrou beïnvloed het. Vir generasies was hulle gewoon aan baie min of feitlik geen regeringsbeheer nie en was daar ook nie institusionele faktore wat hulle kon inperk nie. Dit is dus te verstane dat enige bedreiging van die *status quo* groot reaksie sou ontlok.

Beide die uitbreidingsbeweging na die Oosgrens en die *isolasië* van die trekboere het 'n liefde vir vryheid en selfbeskikking gekweek wat later een van die sterkste karaktereienskappe van die Afrikaner sou word. F.A. van Jaarsveld noem dat “[u]it die grenspionier het 'n nuwe soort kolonis te voorskyn gekom...” en Giliomee praat van “[a] special kind of burgher”.¹⁰¹ Van Jaarsveld sluit ook aan by De Kiewiet se aanhaling hierbo wanneer hy uitbrei op die karaktereienskappe van die groeiende nasie: “Daar was eienskappe soos individualisme, wat deur die geïsoleerde plase bevorder is, en selfstandigheid, behendigheid, koppigheid, verset teen dwang, liefde vir die vryheid en die veld met sy ruimte”.¹⁰² Met die Britse besetting van die Kaap in 1795, en permanente Britse beheer in 1806, sou die nuwe regering juis teen hierdie eienskappe te staan kom. Dit is hier waar die wortels van die Ossewa-Brandwag lê, asook die wortels van die organisasie se vrouebeweging. Ten einde aan te toon dat die vrou 'n sterk sin vir onafhanklikheid getoon het, is dit nodig om te kyk na die manifestasies daarvan in tye wanneer dit die meeste op die voorgrond getree het. Dit is natuurlik wanneer vroue se “vryheid” bedreig was. Met ander woorde die vrou se *stryd* om onafhanklikheid van Brittanje sal ontleed word in terme van haar *sin* vir onafhanklikheid en die artikulasie/manifestasie daarvan. In die loop van die negentiende eeu was daar hoofsaaklik twee gebeurtenisse wat genoegsame bewys lewer van Afrikanervroue se reaksie op Britse oorheersing. Gedurende die eerste, naamlik die Groot Trek, was daar nog geen etniese bewussyn onder die Afrikaner nie en moet die “onafhanklikheidsgees” gesien word in die lig van die trekboere se *status quo* op die grens. Met die tweede gebeurtenis, naamlik die Anglo-Boereoorlog, was daar reeds iets wat genoem kan word Afrikanernasionalisme. Die aard van vroue se onafhanklikheidsin het duidelik verander vanaf die Groot Trek tot die Anglo-Boereoorlog. Die vrou se aandeel in hierdie onafhanklikheidsstryd moet gesien word in hierdie lig, aangesien die vroue wat aangesluit het by die Ossewa-Brandwag hulle eie stryd om onafhanklikheid gesien het as die stryd teen Britse oorheersing.¹⁰³

¹⁰¹ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 21.

¹⁰² F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn*, p. 16.

¹⁰³ Sien Hoofstuk 5 vir 'n uiteensetting hiervan.

2.3.2 Die Voortrekkervrou se sin vir onafhanklikheid gedurende die Groot Trek

In die bogenoemde uiteensetting is daar baie verwys na die trekboere. Hierdie groep mense het hoofsaaklik die binneland ingetrek op soek na nuwe weivelde vir hulle vee. Daar was ook 'n tweede groep emigrante wat die Kaapkolonie sou verlaat, maar om politieke redes, naamlik die Voortrekkers wat deelgeneem het aan die Groot Trek. Die massa-migrasie van diegene wat aan die Trek deelgeneem het, was 'n verset teen Britse beheer en 'n uiting van die wil om selfbeskikking.

Toestande op die grensgebiede het die koloniste wat daar gewoon het, gedwing tot aksie. Daar is baie redes vir die Groot Trek, maar dit kan opgesom word in die woorde van Giliomee "... as a lack of land, labor and security, coupled with a pervasive sense of being marginalized".¹⁰⁴ Die gevoel van marginalisering is aangevuur deur die Britse administrasie van die Kaap en hoofsaaklik 'n grootskaalse ontevredenheid oor Ordonnansie 50. Die oorsake van die Groot Trek word oor die algemeen vertolk as 'n gebrek aan arbeid as gevolg van hierdie Ordonnansie en die bevryding van slawe asook 'n tekort aan grond en sekuriteit, maar in besonder vir die vrou was rassegelykstelling ook 'n oorsaak.¹⁰⁵ Dié gelykstelling het in konflik getree met vroue se godsdienstige uitgangspunte.

Vroue se posisie is versterk deur die feit dat kerklidmaatskap slegs tot wittes beperk was. Teen 1790 was sowat negentig persent van die groot Stellenbosse gemeente aangenome lidmate van die kerk. Die wit gemeenskap van die slawe sowel as ander bediendes wat die nie-wit gemeenskap uitgemaak het, was dus onderskei van mekaar deur die beperking van kerklidmaatskap. Die gevolg hiervan was dat kinders wat uit bloedvermenging gebore is, in die slaweregister opgeteken is en hulle nie kon aanspraak maak op die boedel van 'n familie nie. So sou die Europese vrou haar posisie in die gemeenskap versterk.¹⁰⁶ Die vrystelling van slawe en die rassegelykstelling onder Ordonnansie 50 sou hierdie posisie bedreig.

Vir die Hollands-Afrikaanse vrou was godsdiens dus een van die hoofredes om die Kaapkolonie te verlaat. 'n Voorbeeld van só 'n vrou is Anna Steenkamp, die niggie van Piet Retief. Sy het die gelykstelling van slawe as teenstrydig met die wette van God en die

¹⁰⁴ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 144.

¹⁰⁵ L. Maritz, "Afrikanervroue se politieke betrokkenheid", p. 3.

¹⁰⁶ H. Giliomee, "The rise and fall of Afrikaner women", pp. 7-8.

natuurlike onderskeid tussen ras en godsdiens gesien.¹⁰⁷ Pioniersvroue het dus gevoel hul vryheid word bedreig deur die sosiale gelykstelling van mense wat aan verskillende statusgroepe behoort het. Die pioniere se geloof was gegrond in Calvinisme wat geleer het dat indien 'n groep mense se Christelike oortuigings en gewoontes onderdruk word, mag onderdane die juk van die regering afwerp.¹⁰⁸ Maritz noem dat “[r]asse eksklusiwiteit, gebaseer op Christelike oortuigings, was die dryfveer agter die begeerte om weg te beweeg van die Britse regering en hulle self te regeer”.¹⁰⁹ So het hierdie invloede daartoe bygedra dat sommige getuienisse uit die tyd van mening was dat vroue meer vasbeslote was as mans om te trek.¹¹⁰

Dit is duidelik dat vroue se motiewe nie gespruit het uit 'n sin vir gemeenskap of die gevoel van patriotisme en solidariteit vir 'n etniese groepering nie. Die redes vir die Groot Trek was iets wat die pioniere “persoonlik” aangeraak het. Kruger noem dat daar voor 1870 'n soort “individualisme” of “voor-individualisme” was onder die pioniere.¹¹¹ Dit beteken daar was 'n gebrek aan gemeenskaplike diskoers. Die onafhanklikheidsgees en sin vir die eie onder die vroue wat deelgeneem het aan die Groot Trek moet dus gesien word in die lig van die reeds genoemde *status quo* op die grens. Nietemin was vroue bewus daarvan “that they were participating in unusual and significant events”¹¹², aangesien die redes vir die Trek nie net sosiaal en ekonomies was nie, maar ook polities. Dit is duidelik uit die dagboek van Anna Steenkamp. Oor haar dagboek skrywe sy “Dit geschrift is gemaak voor mijn vamielje, kinderen en kints kinderen die tans nog in de binnelanden woonagtig zijn, opdat zij weeten waarom hunne ouders en grootouders hun lant verlaten heeft...” en oor die politiese skryf sy “het is niet nodig om van deese geschillen iets meer aan te halen bewus zijn dat gij met al deese saaken bekend zijt”.¹¹³ Vroue was so nou betrokke by gebeure dat Anna Steenkamp bloot aangeneem het die leser sou vertrouwd wees daarmee.

Voortrekkervroue het aktief deelgeneem aan die Groot Trek. Hulle het die Kaapkolonie verlaat in familie-eenhede, met ander woorde, die vroue het nie aangesluit by die mans *na* die trek nie, maar was ten volle deel van die uitdagings en ontberings wat daarmee gepaard

¹⁰⁷ A. Steenkamp et al., *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 11.

¹⁰⁸ D.J. Kotzé, *Nasionalisme: geskiedenis en pan-nasionalistiese bewegings*, Nasionalisme as historiese faktor, deel 2, p. 22.

¹⁰⁹ L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid*, p. 4.

¹¹⁰ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 14.

¹¹¹ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 54.

¹¹² E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 49.

¹¹³ A. Steenkamp et al., *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek*, p. 11.

gegaan het. Dit wil sê dat daar later ook in hulle die gevoel was dat hulle (wat ook die ontberings van die Trek meegemaak het) kon aanspraak maak op selfbestuur en onafhanklikheid van 'n vreemde moondheid.

Gedurende die verloop van die Groot Trek het vroue dikwels bygedra tot die strewe na selfbestuur deur te dien as groot motivering in moeilike tye. Kort na die Voortrekkers se aankoms in Natal was daar 'n besluiteloosheid onder die trekkers, aangesien Panda, Dinga se halfbroer, 'n wesenlike bedreiging ingehou het. Delegorgue, 'n Franse reisiger en natuurkundige skryf dat as Panda nog een tree gegee het "... the advice of the women would prevail, for the African Dutch women have strong opinions and do not hesitate to make them known. The husbands do as their wives bid them".¹¹⁴ In hierdie geval was die vroue se opinie dat die mans moes bly en Panda teenstaan.

Voortrekkervroue het dikwels ook aktief deelgeneem aan die baie veldslae en skermutselinge van die Trek. Mev. Joubert (die vrou van Piet Joubert) onthou hoe vroue die hande van Zoeloe-impis afgekap het wat probeer het om die waens los te maak. Sy onthou ook dat daar in die aande wag gestaan moes word en dat selfs jong meisies diensbeurte gehad het. Sy beskryf dit soos volg:

"Ons het die woord 'seneweagtig' nie geken nie. Weet jy wat die vroue gemaak het? Hulle het nie so 'n ding as seneweas kan gebruik nie... hulle het moes koeëls giet. Koeëls giet, terwyl die asgaaie om hul koppe gier. Dit het vaak gebeur dat die Kaffers ongemerk die laer bytrek om te probeer die waens los te kry. En menige vrou, en ik ook, het opgepas as ons nie koeëls giet nie... en dan sien ons 'n hand verskyn, niks as 'n swart hand nie wat die wa wil loskry, en ons kap die hand af. Daar staan die mans en skiet, daar staan die meisies agter hul vaders en laai die gewere, en daar staan die vroue wat die koeëls giet... ons kan nie eers roep nie, ons kap die hande af".¹¹⁵

Die "gevoel van onafhanklikheid" onder Voortrekkervroue kan ook gesien word as 'n begeerte om weer die rus en vrede van 'n gevestigde huis te hê. Die huishoudelike was die plek waar Voortrekkervroue se gesag gesetel was. Dit is interessant dat hierdie sentiment juis geartikuleer is deur die vroue. Rikie Postma skryf dat: "Die Voortrekkervrou het haar huislike omgewing met haar meegevoer. Sy het die wa selfs op die trekpad omgeskep in 'n tuiste waar

¹¹⁴ A. Delegorgue, *Travels in Southern Africa*, p. 83.

¹¹⁵ Rompel-Koopman, *Wat mev. joubert vertelt*, pp. 23-25.

haar man 'n ruspunt kon vind en haar kinders versorg en onderrig kon word, waar Gods Woord in 'n devote atmosfeer oopgeslaan en gelees kon word".¹¹⁶

Deurdad vroue aktief deelgeneem het aan die Trek is dit te verstane dat hulle ook sou voel dat onafhanklikheid van Brittanje en selfbestuur hulle toekom. Hierdie gevoel onder vroue het sekerlik die beste tot uiting gekom in die gebeure rondom die anneksasie van die Republiek van Natalia en die kontroversie rondom Susanna Smit.

Die eerste groot groep wittes wat Natal binnegedring het, was die Voortrekkers. Teen 1839 was daar ongeveer 6000 Voortrekkers wat in die Republiek van Natalia, suid van die Tugelarivier, gewoon het. Soos die ironie van die geskiedenis dit wil hê, was Brittanje in 1843 op die punt om die gebied te annekseer. Brittanje se doel was om strategiese redes, om te verhoed dat 'n ander Europese moondheid 'n staanplek op die suidpunt van Afrika kry. In die begin van Augustus 1843 het die Britse Hoë Kommissaris, Henry Cloete, in Pietermaritzburg gearriveer om die anneksasie van die Republiek deur Brittanje te onderhandel. 'n Dokument is oorhandig aan die Volksraad wat die artikels van anneksasie uiteengesit het. In Pietermaritzburg het lede van die Volksraad gedebatteer oor of hulle die anneksasie moes aanvaar, trek of bly en Brittanje teenstaan. Die Voortrekkers se opsies was beperk.

Terwyl die kommissaris aanwesig was in Pietermaritzburg, het 'n deputasie Voortrekkervroue, onder leiding van Susanna Smit, vrou van eerwaarde Erasmus Smit, Henry Cloete besoek. Hier het Susanna Smit baie duidelik die Voortrekkervrou se sin vir onafhanklikheid op verbale wyse tot uiting gebring. Die vernaamste bewys van Susanna Smit se publieke uitlating is te vinde in die verslag van die kommissaris:

"The state of suspense in which I was kept was agreeably relieved by a formal deputation which I recieved from the standing committee of the ladies of Pietermaritzburg, headed by Mrs. Smit, the wife of a person officiating as missionary. The spokeswoman commenced by declaring that, in consideration of the battles in which they had been engaged with their husbands, they had obtained a promise that they would be entitled to a voice in all matters concerning the state of this country; that they had claimed this privilege, and although now repelled by the Volksraad, they had been deputed to express their fixed determination never

¹¹⁶ R. Postma, "Die kind en die Groot Trek", *Huisgenoot Gedenkuitgawe*, p. 156.

to yield to British authority; that they were fully aware that resistance would be of no avail, but they would walk out by the Drakensberg barefooted, to die in freedom, as death was dearer to them than the loss of liberty”.¹¹⁷

Volgens Gustav Preller, wat gebruik gemaak het van ooggetuies se herinneringe in die opstel van sy populêre geskiedenis oor die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, het mev. Smit vir Cloete die geskiedenis van die Voortrekkers se trek in die binneland vertel. Sy het gepraat oor die onsekerheid van die lewe op die Oosgrens van die Kaapkolonie, die gebrek aan simpatie wat die boere ontvang het vanaf die Britse outoriteite en die uiteindelijke noodsaaklikheid om weg te trek vanaf die kolonie. Sy het verder vertel van die “wilde natuur en sy wilde inwoners”, die lewensverlies wat hulle ervaar het aan die hand van die Zoeloes en die Voortrekkers se uiteindelijke oorwinning by Bloedrivier. Nadat mev. Smit die kommissaris aangespreek het, het ’n ander vrou, Johanna Maré, ’n petisie gelees wat geteken was deur 400 vroue. In hierdie petisie het hulle die Britse regering aangevat oor die beoogde oornamen van die Republiek nou dat hulle uiteindelik vrede in die area gehad het en die boere hulleself gevestig het.¹¹⁸ Gemoedere het ook blykbaar hoog geloop in die saal. Cachet vertel dat een van die vroue in die vergadering was so opgewonde dat sy die kommissaris wou aanrand: “Zo hoog liep het gevoel, dat een vrouw in die Volksraadzaal te Pietermaritzburg den Kommissaris Cloete met een degen te lijf wilde”.¹¹⁹ Die houding van die vroue jeens Cloete het hom erg ontstem. Hy het gevoel hulle was heeltemal te vryseggend en het dit beskou as “a disgrace on their husbands to allow them such a state of freedom”.¹²⁰

Alhoewel die woorde van Susanna Smit gedurende die twintigste eeu gebruik is in diens van Afrikanernasionalisme en gebeure rondom haar uitlating grootliks geromantiseer is¹²¹, is die ganse gebeurtenis tog veelseggend wat betref vroue se sin vir onafhanklikheid. Daar is twee dimensies aan Susanna Smit se openbare verklaring aan die kommissaris. In die eerste plek was daar die duidelike begeerte om *nie* onder Britse beheer te leef nie. Dit sou die gevoel skep dat die ganse trek, waarvan die vrou elke ontbering gedeel het, tevergeefs was. Die ontberings van die trek het ongetwyfeld vroue se sin vir onafhanklikheid van spesifiek Brittanje aangevuur, aangesien hulle juis *weggetrek* het van Britse beheer. In die tweede plek

¹¹⁷ J. Bird, *The annals of Natal – 1495 to 1845*, volume 2, pp. 258-259.

¹¹⁸ G.S. Preller, *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal*, pp 293-294.

¹¹⁹ F.L. Cachet, *Worstelstrijd der Transvalers*, p. 248.

¹²⁰ J. Bird, *The annals of Natal – 1495 to 1845*, volume 2, p. 259. Sien ook Karel Schoeman, *Die wêreld van Susanna Smit, 1799-1863* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1995), pp 112-159.

¹²¹ E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 55.

is daar 'n dieper dimensie wat daarop dui dat Voortrekkervroue 'n baie sterk onafhanklikheidsin vir vroue in daardie tyd gehad het. Dit was die begeerte om seggenskap in die regeringsake van die Republiek te hê. Nie net lewer die Groot Trek 'n bewys van die Voortrekkervroue (later Afrikanervroue) se vryheidsin nie, maar hulle aktiewe deelname aan die trek het ongetwyfeld ook die gevoel van onafhanklikheid onder hulle laat groei en, soos Susanna Smit se uitlating dit duidelik uitwys, dit vir vroue makliker artikuleerbaar gemaak. Die nageslag van Susanna Smit se stryd teen Britse oorheersing het gedurende die negentiende eeu sy hoogtepunt bereik in die vorm van die Anglo-Boereoorlog. Gedurende die Eerste, sowel as die Tweede “onafhanklikheids-” of “vryheidsoorloë” het die Afrikanervrou 'n wesenlike rol gespeel.

2.3.3 Die Boervrou se sin vir onafhanklikheid gedurende die Anglo-Boereoorlog

Met die anneksasie van Transvaal het die “individualisme” en “voor-individualisme” van die Voortrekkers verander in 'n sin vir solidariteit onder mekaar. Voor die 1870's was daar 'n duidelike gebrek aan 'n sin vir gemeenskap en Giliomee skryf dat “extreme individualism, self-aggrandizement and even anarchy” het hoogty gevier in die twee republieke voor die laat 1870's.¹²² Die anneksasie van Transvaal in 1877 het dit verander en die wiel van Afrikanernasionalisme is aan die rol gesit. E.J.P. Jorissen bevestig dit in sy “Transvaalsche herinneringen. 1876-1886” as hy die volgende opmerkings maak:

“Het besef van een ‘vaderland’ wast slechts langzaam, en tenzij dit alle hoofden en harten vervult, blijft het eigenbelang, of wat men daarvoor houdt, regeeren... De Boer woonde op zijn eigen plaats, vrij van alle aanraking met regeering: een koning op zijn eigen terrein. Is zijn rust gestoord en gedwongen om zich met politieke zaken in te laten, waren't niet de belangen van het land of van de staat, maar die van zijne vrienden, zijne kliek of zijne kerk, die hij ter harte nam. *Eerst na, en zeker door de annexatie is het besef van burgers van een land te zijn bij de Boere wakker geworden*”.¹²³

Die eerste Britse anneksasie van die Transvaal in 1877 het aanvanklik nie baie reaksie ontlok nie. Rider Haggard skryf dat “the majority of the inhabitants, who would neither fight nor pay

¹²² H. Giliomee, “The beginnings of Afrikaner ethnic consciousness” in Vail, L. (ed.), *The creation of tribalism in southern Africa*, p. 24.

¹²³ E.J.P. Jorissen, *Transvaalsche herinneringen, 1876-1886*, ‘Een woord vooraf’ en pp. 21-22. (Outeur se kursief).

taxes, sat still and awaited catastrophe, utterly careless of all consequences”.¹²⁴ Hierdie stand van sake is nie verbasend as mens die gebrek aan gemeenskaplike bewussyn en staatsinstellings wat tot op daardie stadium kenmerkend was van die Transvaal in ag neem nie. Dinge het egter binne die volgende paar jaar spoedig verander. Daar was ’n grootskaalse opkoms van ’n gemeenskaplike bewussyn wat omgesit het in mobilisasie-strategieë teen Brittanje. Hierdie strategieë het groot vergaderings van Transvaalse burgers in volksbyeenkomste ingesluit, ’n reis dwarsdeur Suid-Afrika deur die leiers van die Zuid-Afrikaansche Republiek en ’n mediaveldtog in die koerant *De Volkstem* wat die mondstuk geword het van Transvaal se stryd teen die Britse anneksasie.¹²⁵ Kruger noem dat veral die volksbyeenkomste die geleentheid gebied het vir die ontwikkeling van ’n gemeenskaplike gevoel onder die Boere.¹²⁶ Jorissen skryf oor een só ’n byeenkoms dat “de onderscheidende partijen, politieke en kerklijke, kwamen tot het inzicht dat er iets hoogers was dan deze kleine kringen, dat er een Vaderland was, dat alles en allen omvatten”.¹²⁷ Dit is dus duidelik dat die ou koloniste, pioniere, Voortrekkers en Boere se sin vir onafhanklikheid verander het in iets soos ’n nasionale gevoel in die laat 1870’s.

Die Boervroue was nie uitgesluit van hierdie proses nie. Giliomee noem dat die vroue die hart was van die Transvaalse opstand teen die Britse anneksasie in 1880-1881 wat gelei het tot die oorwinning van die Boere by Majuba en die ontrekking van die Britte uit die Hoëveld.¹²⁸ Olive Schreiner sluit aan by Giliomee en skets ’n beeld wat die vrou in die middelpunt van die opstand plaas:

The Transvaal War of 1881 was largely a woman’s war; it was from the armchair beside the coffee table that the voice went out for conflict and no surrender. Even in the [Cape] Colony at the distance of many hundred miles Boer women urged sons and husbands to go to the aid of their northern kindred, while a martial ardour often far exceeding that of the males seemed to fill them.¹²⁹

Schreiner se mening dat die vroue soms meer vasberade was as die mans, het konkrete uiting gevind in die Anglo-Boereoorlog. Dit is belangrik om in ag te neem dat in die

¹²⁴ Aangehaal deur L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 59

¹²⁵ E.L. Buys, “Die drukkers- en uitgewersbedryf in Transvaal, 1857-1902” (ongep. M.A. verhandeling, RAU, 1988), p. 54. Sien ook L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 58-59.

¹²⁶ L.M. Kruger, “Gender, community and identity”, p. 59.

¹²⁷ E.J.P. Jorissen, *Transvaalsche herinneringen. 1876-1886*, p. 44.

¹²⁸ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 15.

¹²⁹ O. Schreiner, *Thoughts on South Africa*, p. 176.

Boeregemeenskap vroue dikwels aktief betrokke was by openbare en politieke sake, alhoewel hulle geen politieke regte gehad het nie. S.B. Spies brei uit oor hierdie betrokkenheid van vroue deur te noem “that women ameliorated the harshness of pioneering conditions, played a leading role in educating their children and used their ‘womanly power’ to support or incite their men during times of political crisis.”¹³⁰ Daarby was vroue se invloed sterk gegrond in hulle posisies as die crux van hegte, groot familie-eenhede. Olive Schreiner skryf oor die posisie van die Boervrou dat “[a]s a rule she not only brings to the common household an equal share of material goods, but, and this is infinitely of more importance, she brings to the common life an equal culture. The fiction of common possession of all material goods... is not a fiction but a reality among the Boers, and justly so, seeing that the female as often as the male contributes to the original household stock”.¹³¹ Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is die meeste van hierdie familie-eenhede omvergewerp en het vroue op hulle eie manier ook deelgeneem aan die oorlog en die stryd teen Brittanje. Dit was ten tyde van die oorlog dat vroue se sin vir onafhanklikheid verander het in ’n soort fanatiese republikanisme, ’n nasionalisme wat getrouheid aan die Boererepublieke veronderstel het en opgeteken is deur baie tydgenote wat oor die oorlog geskrywe het.¹³²

Op 11 Oktober 1899 het Boervroue beheer op die plase oorgeneem toe hulle mans opgeroep is vir kommando. Saam met hulle kinders het hulle seker gemaak die boerderybedryf gaan voort. Ander vroue weer, wat nie oor voldoende kos of klere beskik het nie of wat bedreig gevoel het deur die inheemse bevolking, het na die dorpe getrek.¹³³ Vir solank as wat die Britte op die grense van Transvaal en die Oranje Vrystaat gestuit is, het die vroue ’n ongelooflike belangrike rol in die oorlog gespeel, beide op ’n geestelike en materiële vlak. Hulle het briewe en boodskappe van bemoediging na die burgers op kommando gestuur sowel as voorrade vanaf die plase.¹³⁴ Hierdie patroon het vir goed verander met Lord Roberts se inval in die Westelike deel van die Oranje Vrystaat in Maart 1900 en Generaal Buller se inname van Transvaal in Junie 1900. Die taktiek wat Roberts, Buller en later Kitchener gebruik het met betrekking tot die vroue en kinders is belangrik vir hierdie afdeling van die hoofstuk. Hoe hulle Boervroue gesien het, gee ’n idee van hierdie vroue se sin vir

¹³⁰ S.B. Spies, “Women and the war”, in Warwick, P. & Spies, S.B. (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899- 1902*, p. 162.

¹³¹ O. Schreiner, *Thoughts on South Africa*, p. 175. Sien ook H. Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 231-232.

¹³² Sien byvoorbeeld E. van Heyningen, “The voices of women in the South African war”, pp. 22-43.

¹³³ F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog*, p. 54.

¹³⁴ F. Pretorius, *The fate of Boer women and children*, in F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 37.

onafhanklikheid en die Boervroue se reaksie teenoor die maatreëls van die Britte werp verdere lig daarop.

Die verskroeideaardebeleid van die Britte sowel as die konsentrasiekampstelsel was deel van Brittanje se militêre strategie. Die ondersteuning wat die vroue op die plase gebied het, het sake vir die Britte bemoeilik. Daarby is die weerstand van die Boere op kommando aangevuur deur die vroue. Brittanje het dus beslis ook teen die Boervrou se vryheidsin te staan gekom soos blyk uit Kitchener se woorde aan Roberts: “... there is no doubt the women are keeping up the war and are far more bitter than the men...”¹³⁵

Vroue se hulp aan die kommando's, sowel as hulle spioenasie-aktiwiteite het 'n wesenlike bedreiging vir die Britte ingehou. Een van die hoofredes vir die vestiging van die konsentrasiekampe was juis hierdie bedreiging. Kitchener het die kampe uitgebrei om nie net die burgers wat oorgegee het, te vestig nie, maar ook Boervroue en kinders. Sy rede word duidelik uiteengesit in 'n telegram wat hy gestuur het aan die Oorlogsekretaris in Londen: “Every farm is to them [die Boere] an intelligence agency and a supply depot so that it is almost impossible to surround or catch them”. Die vroue wat na die dorpe toe getrek het na die uitbreek van die oorlog het ook daar Boerespioene gehuisves en weggesteek.¹³⁶ Oor vroue se spioenasie skryf die oorlogskorrespondent, Edgar Wallace “[w]omen have played a great part in this war, not so much the part of heroine as of spy” en dat “through ill nature women and children make war on us”.¹³⁷

Die groot lyding en ontberings wat die vroue bereid was om deur te maak het beide die Boeremans sowel as die Britte sprakeloos gelaat. Vroue het in berge, bosse of in die plantegroei van riviere weggekruip, ander het weer rondgewandel in die sogenaamde *vrouwen laagers* om te verhoed dat hulle gevang en na die konsentrasiekampe gestuur word.¹³⁸ Ander vroue het op georganiseerde wyse die Boere bygestaan deur vir hulle te spioeneer op die Britte. Hierdie faset van vroue se stryd teen Brittanje word uiteengesit in Johanna Brandt se publikasie “The Petticoat Commando” of “Die Kappiekommando”.¹³⁹

¹³⁵ Kitchener in 'n brief aan Roberts, aangehaal deur S.B. Spies, “Women and the war”, p. 168.

¹³⁶ S.B. Spies, “Women and the war”, 164.

¹³⁷ E. Wallace, aangehaal deur P.M. Krebs, The last of the Gentlemen's Wars': Women in the Boer War concentration camp controversy, *History Workshop* 33, 1992, p. 44.

¹³⁸ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 15.

¹³⁹ J. Brandt, *Die Kappie Kommando of Boervrouwen in geheime dienst* (Kaapstad, HAUM, 1915).

In die stryd teen Britse imperialisme het baie Boervroue selfs gedreig om die wapen op te neem as hulle mans te lafhartig was.¹⁴⁰ Alhoewel vroue nie op georganiseerde wyse die wapen opgeneem het nie, is daar geïsoleerde gevalle waar hulle wel betrokke was by gevegte. Voorbeelde hiervan is dié van mev. Otto Kranz wat saam met die mans was gedurende die veldtog in Natal, en mev. Helena Wagner van Zeerust “who spent five months fighting in the laagers and trenches without her identity being revealed”.¹⁴¹ Daar kon ook ander vroue gewees het, maar hierdie voorbeelde dien as bewys dat die vroue ten volle bewus was van dit wat deur die oorlog op die spel geplaas is en dat hulle, net soos die mans, bereid was om te veg vir die behoud daarvan. Daar is selfs bewyse dat vroue se sin vir onafhanklikheid sterker was as dié van die mans, soos blyk uit hul optrede teenoor mans wat die front verlaat het. Na vernietigende verliese in die tweede fase van die Anglo-Boereoorlog was die burgers van Transvaal teen Junie 1900 gereed om oor te gee. Twee faktore het dit gestuit. Die Vrystaatse burgers onder president M.T. Steyn en die Boervroue van die twee republieke.¹⁴²

Bradford verwys na Theal se kommentaar oor Boervroue se sin vir onafhanklikheid gedurende die oorlog waar hy sê: “Remember, the women are the fiercest advocates of the war to the bitter end. For independence the Boer women will send husbands and son after son to fight to the last”.¹⁴³ Vroue het nie net probeer om hul mans te oorreed om nie oor te gee nie, maar het hulle in baie gevalle gedwing. Mans wat hulle kommando’s verlaat het, het teruggekeer na ’n huis met ’n bittere weerstand teen die feit dat hy nie op die front is nie. Die vroue van hierdie mans het in sekere gevalle geweier om vir hulle kos te gee, gedreig om hulle te vervang op kommando en dit duidelik gemaak dat hulle lafhartig was.¹⁴⁴ Daar is baie opgetekende gevalle van vroue wat gemeen het “Go and fight. I can get another husband but not another Free State”. “Remain loyal to your duty... I can always find another husband but not another Transvaal”.¹⁴⁵ J.H. Breytenbach skryf die Boervroue kon op ’n baie meer effektiewe wyse die drosters en hendsoppers oor die vingers tik as wat die Boeregeneraals dit kon doen.¹⁴⁶

¹⁴⁰ E. Brink, “Man-made women”, p. 276.

¹⁴¹ S.B. Spies, “Women and the war”, p. 162.

¹⁴² H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 12.

¹⁴³ G.M. Theal, aangehaal deur H. Bradford, “Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African War” in Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, p. 47.

¹⁴⁴ H. Bradford, “Gentlemen and Boers”, p. 49.

¹⁴⁵ H. Bradford, “Gentlemen and Boers”, p. 49.

¹⁴⁶ J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (vol. 5), p. 451.

Nadat die Britte die Vrystaat oorrompel het teen die middel van 1900, was daar alreeds baie *hensoppers* wat oorgegee het. Boervroue se sin vir onafhanklikheid tree sterk op die voorgrond teenoor diegene wat nie so 'n sin toon nie. M. Marquard vertel van een Boervrou se opinie oor hulle: “[W]e think the men should be on commando instead of meekly giving up their arms to, and getting passes from, the English”.¹⁴⁷ In een van die konsentrasiekampe het die Britte dit oorweeg om die *hensoppers* van die vroue in die kamp te skei vanweë die vroue se hatige houding jeens hulle.¹⁴⁸ Albert Grundlingh skryf een *hensopper* in 'n konsentrasiekamp het geskryf dat hy was “unmercifully persecuted by the anti-British sex”.¹⁴⁹ Die feit dat die Boervrou se sin vir vryheid en verset teen Brittanje buitengewoon sterk was, word verlig deur haar bereidwilligheid om die onmenslike lyding in die konsentrasiekampe deur te maak, sowel as die troos wat die idee van onafhanklik hulle daar gegee het.¹⁵⁰

Alhoewel vroue se lyding in die konsentrasiekampe gebruik is om nasionalistiese sentimente onder die Afrikaner aan te vuur, gee die uitlatings van vroue in hierdie kampe tog 'n idee van die belangrikheid wat hulle geheg het aan vryheid van Britse beheer. Ewald Steenkamp skryf van 'n ene mev. Janse wat op haar doodsbed troos gevind het in die gedagte dat die oorlog nie tevergeefs is nie: “Elke vrou wat in hierdie oorlog oorlede is, het gely vir die vryheid en reg van hul volk en nageslag. Hulle wil geen monumente daarvoor hê nie, geen eie eer nie. Die grootste eer wat hulle aangedoen kan word, is die verwesenliking van daardie ideaal waarvoor hulle gesterf het”.¹⁵¹ Die republikenisme van Boervroue in die kampe word ook bevestig deur Elizabeth van Heyningen wat noem dat Boervroue nie stilgemaak is deur die Britse offisiere nie, maar “[i]n the camps they often expressed their anger loudly and vigorously”.¹⁵² Helen Bradford sluit hierby aan deur daarop te wys dat “[w]omen were not... imprisoned for flaunting republican sympathies”.¹⁵³ Dus kon Boervroue in die openbaar hulle menings oor Brittanje lug, asook hulle haat vir alles wat Brits is. Soveel so dat Britse troepe

¹⁴⁷ M. Marquard, *Letters from a Boer parsonage*, p. 78.

¹⁴⁸ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 13.

¹⁴⁹ A.M. Grundlingh, *Die 'Hensoppers' en 'Joiners': die rasionaal en verskynsel van verraad*, p. 142.

¹⁵⁰ Dit is natuurlik nie van toepassing op elke vrou wat die oorlog deurgemaak het nie, maar dit gee 'n idee van die gevoel onder die meerderheid Boervroue.

¹⁵¹ E. Steenkamp, *Helkampe*, p. 115.

¹⁵² E. van Heyningen, “Women and gender in the South African War 1899-1902”, in N. Gasa (ed.), *Women in South African History*, p. 93.

¹⁵³ H. Bradford, “Gentlemen and Boers”, p. 48.

ongemaklik begin word het oor die diepte van hierdie haat en opgemerk het dat “Boer woman – strong, fierce, and uncompromising – is a force to be reckoned with”.¹⁵⁴

Vroue se stryd teen Brittanje, wat later ook deur die vroue van die Ossewa-Brandwag “voortgesit” sou word, word duidelik geartikuleer in ’n soort haat wat veroorsaak is deur die Anglo-Boereoorlog. Giliomee volg dieselfde gedagtegang as Bradford, hy dui daarop dat die Boere se oorgawe aan Brittanje die vroue sterker laat vashou het aan hulle eie kultuur. In reaksie op die Britte se verskroeideaardebeleid het ’n Boervrou gewonder of sy moet toelaat dat haar kinders moet voortgaan om Engels te leer. ’n Ander Vrystaatse vrou het weer gereflekteer oor die kwaliteite wat haar skei van die Britte, en haar antwoord was republikenisme, geskiedenis, die taal en “hatred of the [British] race”.¹⁵⁵ ’n Britse besoeker, J.R. Macdonald het ná die oorlog opgemerk “[i]t was the *vrouw* who kept the war going on so long. It was in her heart that patriotism flamed into an all-consuming heat. She it is who returns, forgiving nothing and forgetting nothing”.¹⁵⁶

Met die oorwinning van Brittanje oor die Boeremagte het vroue se republikenisme en sin vir onafhanklikheid nie opgedroog nie. Die volgende aanhaling uit ’n studie van Elizabeth van Heyningen is ’n uitstekende voorbeeld van vroue se gevoel na die oorlog:

Still they can never take from us the feeling that we are Republicans and Freestaters, let them call us what they will. We were born and bred here; we have the old traditions, which alone can make a nation; our fathers and brothers have fought for the country, and they and our grandfathers have helped to build up a dynasty which has been the freest in the world; and what is more the enemy have not and can never have “the taal”, as we know it – the taal which will not die out for 50 generations of Englishmen and more. They are strangers in a strange land, and will remain so – for this war has taught us what we are – has brought out the Africanderism which hitherto has lain dormant in us. Even today, the entrance of the enemy here has caused hundreds of irresolute men and women to feel what they are losing, and [therefore] to side entirely with us. And in this question women cannot be left out. It is not the boer who will long continue to breed race-hatred which is inevitably between us & the enemy – it is his wife who sitting alone on her farm, does & will instill into her children, that intense hatred of the Englishman, which she looks upon as part of her

¹⁵⁴ H. Bradford, “Gentlemen and Boers”, p. 49.

¹⁵⁵ H. Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 13.

¹⁵⁶ J.R. MacDonald, *What I saw in South Africa*, p. 24.

religion. The Boer goes to market, sells his wares to the Eng; gets to know & tolerate & perhaps even like him in time. But the Boer woman – never. An Englishman especially at such a time as this is to her as a red rag is, to a bull.¹⁵⁷

Die bogenoemde is die woorde van Elsa Levisseur soos aangehaal deur E. van Heyningen. Dit som die sentiment van baie Boervroue ná die oorlog effektief op. Die “stryd” teen Brittanje was duidelik vir vroue wat hierdie mening gehuldig het nog nie verby nie. Dieselfde vroue wat hierdie sentimente gekoester het se dogters sou hulle later in die vorm van die Ossewa-Brandwag weer teen die ou vyand, Brittanje, verset. Daar was egter eers ’n aanloop tot die verset wat vorm aangeneem het in die Ossewa-Brandwag vrouebeweging. Die wortels van OB-vroue lê ook diep ingebed in die Rebelle van 1914 (wat van groot belang was vir die Ossewa-Brandwag) sowel as vele ander ontwikkelings gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu.

2.3.4 Die Afrikanervrou se stryd om onafhanklikheid vanaf 1902 tot 1938

Onder die kroonkolonieregering was die Afrikanerpolitiek na die Anglo-Boereoorlog magteloos en politieke inisiatief het hoofsaaklik uit Engelstalige gelede gekom. Die aanvanklike reaksie teen “Milnerisme” vanuit Afrikaneroord het die vorm aangeneem van ’n kulturele herlewing. Die begeerte onder Afrikaners om hul eie taal te vestig en uit te bou was ’n belangrike aspek in die bewaring van hul identiteit.¹⁵⁸ Daarby het Botha, De la Rey en De Wet na die oorlog dwarsoor Europa geld ingesamel vir die Boereweduwees en -wese. Hulle het ongeveer £125 000 ingesamel. Hierdie geld is egter nie gebruik vir armsorg nie, maar is aangewend vir die vestiging van koerante en ander projekte wat die politieke herlewing van die Afrikaner kon bevorder. Die ywer vir die ontwikkeling van taal en kultuur het ook aanleiding gegee tot die stigting van die tweede Afrikaanse taalbeweging, wat in 1903 onder Onze Jan Hofmeyr en ander Kaapse Afrikaners ingelui is. In die Noorde is die tweede taalbeweging ingelei deur mense soos Gustav Preller en Eugene Marais. Die poësie van Eugene Marais, C. Louis Leipoldt, Totius (J.D. du Toit) en Jan Celliers het nie alleen die aanspraak van Afrikaans as literêre taal bevestig nie, maar ook die Afrikaner se politieke bewussyn verskerp.¹⁵⁹

¹⁵⁷ E. van Heyningen, “The voices of women”, p. 28.

¹⁵⁸ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 269.

¹⁵⁹ C.F.J. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 372.

Alhoewel die ou bittereindergeneraals van die oorlog die leiers van die Afrikaner sou word in die begin van die nuwe eeu, beteken dit geensins dat die Afrikanervrou onverskillig teenoor die politiek gestaan het nie. Vroue se sin vir onafhanklikheid en patriotisme gedurende die oorlog sou hulle 'n sentrale plek gee in die openbare lewe. Hierdie plek was nie noodwendig 'n sê in politieke aangeleenthede nie, maar het vorm aangeneem as 'n simbool van Afrikanerwaardes (gebruik deur manlike Afrikaner nasionaliste). Vroue was dan ook nie net instrumente in manlike hande nie, maar het ná die oorlog by wyse van 'n groot aantal vroueverenigings hulle merk op die samelewing gemaak. Elizabeth van Heyningen skryf dat “The war drew women into public political life. The changes in white women’s role in society between 1902 and 1914 testify to the function of the South African War in breaking the conventional mould and modernising South African society”.¹⁶⁰

Nie net sou vroue na die oorlog die publieke sfeer betree deur te behoort aan vroueverenigings nie, maar die sake van vroue het ook op die politieke agenda van die naoorlogse Afrikaner groter aandag geniet. Die rede hiervoor is dat genderverhoudinge gedurende enige oorlog gewysig word. Die waarneming is al gemaak dat oorlog gee vir vroue “considerable independence and public experience, often leaving them with a greater familiarity with confronting local bureaucracy than their husbands had when they returned from the front, the experience brought with it... a pride and social identity”.¹⁶¹ In die vorige afdeling se uiteensetting van Boervroue se onafhanklikheidsin gedurende die oorlog, is dit duidelik dat sommige vroue bokant hul omstandighede uitgestyg het, ten spyte van die haglike toestande in die konsentrasiekampe. Alhoewel genderkonstruksies gedurende 'n oorlog gewysig word, is dit waar dat hierdie konstruksies ná die oorlog weer kan terugkeer na vooroorlogse “normaliteit”: “[a]s soon as life returns to 'normal' the women’s sphere becomes re-defined and maintained by the prevailing patriarchal structures, regardless of the events of the... immediate past”.¹⁶²

In die geval van die naweë van die Anglo-Boereoorlog, het vroue se rol in die samelewing ongetwyfeld verander. Alhoewel die patriargale sisteem steeds hoogty gevier het, het vroue in die publieke sfeer groter aandag geniet. Hieroor skryf Albert Grundlingh dat: “[t]he war propelled Boer women onto center stage, and their experiences demanded public

¹⁶⁰ E. van Heyningen, “The voices of women”, p. 43.

¹⁶¹ J. Fentress & C. Wickham, *Social memory: new perspectives on the past*, p. 141.

¹⁶² E. Cloete, “Frontierswomen as volksmoeders”, p. 109.

recognition”.¹⁶³ Die grootste uitdrukking van vroue se nuwe plek in die publieke sfeer was sekerlik die oprig van die Nasionale Vrouemonument wat deel was van die kulturele herlewering van die Afrikaner ná die oorlog. In die gebeure rondom die oprig van die monument, sowel as die verskeie kontroversiële doelwitte wat die monument moes dien, kan die Afrikanervrou se verset teen Brittanje op interessante wyse raakgesien word.

Daar is in die loop van die twintigste eeu baie betekenis gegee aan die Vrouemonument. Oorspronklik was dit bedoel as ’n monument wat die heroïese lyding van Boervroue in die konsentrasiekampe moes herdenk, maar akademici uit verskeie oorde sien die saak vanaf die 1990’s heeltemal anders. Dit is al geïnterpreteer (dekonstrueer) as ’n “falliese simbool” van die patriargie en ’n “transcendental signifier of a phallogocentric folks-metaphysic”¹⁶⁴ wat impliseer die monument handel geensins oor vroue nie.¹⁶⁵ Christina Landman meen dat die monument bloot ’n poging was van manlike Afrikanernasionaliste “to win international sympathy for the nation”¹⁶⁶ en ander handhaaf die opinie dat die oorspronklike boodskap van die Vrouemonument deur “... Afrikaner national ideologues” geneem is en “applied parochially to the role of women in Afrikaner society”.¹⁶⁷ Al hierdie interpretasies dui op die komplekse karakter van die oprig van ’n Vrouemonument in ’n samelewing waar mans die politieke hef in die hand het. Oor die interpretasie van die boodskap(pe) van die Vrouemonument gee Albert Grundlingh ’n baie meer gebalanseerde opinie en dui daarop dat dit belangrik is om in ag te neem dat elke generasie die monument anders geïnterpreteer het, elkeen op grond van sy eie subjektiewe ervarings van tydgenootlike historiese gebeure deur te praat van “selective commemoration”.¹⁶⁸

Alhoewel daar ’n tikkie waarheid in elkeen van die bogenoemde interpretasies kan wees, is die Vrouemonument ook ’n simbool van Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid en die bevryding van die volk van die Britse juk. Een van die vele boodskappe van die monument, binne tydgenootlike konteks, was ongetwyfeld dat die Afrikaner se stryd teen Brittanje geensins verby was met die sluit van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 nie. Die

¹⁶³ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 19.

¹⁶⁴ E.L. Cloete, “Afrikaner identity: culture, tradition and gender”, *Agenda*, vol 13, 1992, p. 15.

¹⁶⁵ Hierdie argument word verder uiteengesit in E.L. Cloete, “Die vrou in Afrikanergeskiedenis: ingeskryf, herskryf en weggeskryf”, *Woord en Daad*, no. 370, Somer, 1999, pp. 14-16.

¹⁶⁶ C. Landman, *The piety of Afrikaans women: Diaries of guilt*, pp. 4, 19.

¹⁶⁷ E. Brink, “Man-made women”, p. 279.

¹⁶⁸ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 33. Die hele skryfstuk is ’n uitstekende reaksie op die kontroversie rondom die Vrouemonument en die herdenking wat die monument ten doel stel.

“verset” van die Vrouemonument bring vroue op unieke wyse betrokke by die stryd teen Brittanje.

Die Vrouemonument in Bloemfontein is baie kort ná die oorlog opgerig, skaars elf jaar ná die sluit van die vrede. Iets soos die Voortrekkermonument in Pretoria het aan die ander kant ’n baie lang en uitgerekte geskiedenis.¹⁶⁹ Die bittere gevoel teenoor Brittanje was dus steeds baie sterk teenwoordig met die oprig van die monument. Die stadsraad van Bloemfontein, waarvan die oorgrote meerderheid Engelssprekend was, het byvoorbeeld aanvanklik ’n beswaar gehad teen die oprig van ’n monument wat dalk negatief op Brittanje sou reflekteer. Dit was eers na ’n redelike debat dat toestemming gegee is vir die monument se oprigting.¹⁷⁰ Daar sou dus ongetwyfeld ’n nuanse van “stryd teen Brittanje” en nuanses van “onafhanklikheid van Brittanje” betrokke wees in die betekenis van die monument op die stadium van oprigting. Die monument herdenk immers die opoffering wat Afrikanervroue bereid was om te maak in die naam van onafhanklikheid. Die feit dat een van die vele betekenisgeheg aan die monument ook die stryd teen Brittanje verteenwoordig, blyk duidelik uit gebeure rondom die inwyding van die monument.

Die inwyding van die Nasionale Vrouemonument het plaasgevind op 16 Desember 1913, Geloftedag. Pres. M.T. Steyn van die voormalige Vrystaat het ’n prominente rol gespeel en het seker gemaak dat die dag nie een sou wees van politieke opsweep nie, maar van kalmte en vroom refleksie. Die idee was dat ’n sterk geestelike boodskap oorgedra moes word en nie ’n politieke een nie.¹⁷¹ Ten spyte hiervan het die gevoel van bitterheid teenoor Brittanje wel kop uitgesteek.

Van die leiers wat toesprake gelewer het, was L. Botha, D.F. Malan en J.D. Kestell. Hulle het hulle boodskappe in ’n godsdienstige vorm gegiet om in te pas by die gewyde atmosfeer van die dag. Christiaan de Wet, die beroemde bittereindergeneraal, was ’n belangrike uitsondering. Daar is berig dat De Wet gepraat het “from the heart” en dat hy “the hearts as well as the ears of his audience” gehad het.¹⁷² Hy het die noodlottige gebeure in die resente verlede van die Afrikaner vertel en gevra of “vooruitgang” al bereik was sedert die Anglo-

¹⁶⁹ Sien P.J.J. Prinsloo, “Die oorsprong van die ideaal om ’n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig”, *Historia*, vol. 4, no. 1, 1996, pp. 62-73, asook E. Delmont, “The Voortrekker Monument: Monolith to myth”, *South African Historical Journal*, vol. 29, 1993, pp. 70-102.

¹⁷⁰ N. Kruger, *Rachel Isabella Steyn: Presidentsvrou*, pp. 94-95.

¹⁷¹ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 27.

¹⁷² *The Friend*, 17 December, 1913.

Boereoorlog en of hierdie “vooruitgang” in die rigting van Afrikanerbelange was. Sy toespraak het groot positiewe reaksie van die skare van 20 000 mense ontlok en pres. Steyn moes vra vir stilte om die gewydheid van die dag te handhaaf.¹⁷³

Die reaksie wat De Wet uit die skare gekry het dui op die feit dat onder die kalmte en plegtigheid van die dag, daar ’n groot behoefte was aan ’n meer politieke boodskap wat uiting sou gee aan die sin vir onreg wat onder die Afrikaners geheers het. Hierdie gevoel word bevestig deur ’n ander bittereindergeneraal, C.F. Beyers, wat in Oktober 1913 die monument geïnterpreteer het as ’n “bron van herinneringe” wat die toekomstige generasies moes inlig en die weg wys vir ’n “vrije volk”.¹⁷⁴ Gedurende die inwyding was daar ’n duidelike poging om die politieke gevoel van die Afrikaner teen Brittanje te ondermyn, maar soos Albert Grundlingh dit tereg uitwys:

the memories associated with the Monument provided a vast reservoir of unexpressed emotions that could be channeled along nationalistic lines of common suffering, humiliation, and *a need for retribution*. The reaction to De Wet’s speech was a clear indication of this, yet these forces still had to be harnessed effectively. And that lay in the future.¹⁷⁵

Die Vrouemonument was vir die Afrikaners teenwoordig by die inwyding dus ook ’n simbool van hul voortslepende stryd teen Brittanje. Hoe is dit ’n simbool van spesifiek die Afrikanervrou se stryd teen Brittanje?

Soos reeds genoem, is die vrou se stryd teen Brittanje, binne die konteks van die Vrouemonument, ’n interessante verskynsel. Afrikanervroue was beide aktiewe en passiewe agente in die vorming van die onafhanklikheidsin as kwaliteit van die destydse Afrikaner. Laasgenoemde is een van die betekenisse wat aan die Monument geheg is. Vroue was aktiewe agente in dié sin dat hulle die lyding in die konsentrasiekampe deurgemaak het en deurgaans gedurende die oorlog steunpilare van republikanisme was. Hierdie optrede van vroue het die behoefte laat ontstaan dat die kwaliteite wat hulle gedurende die oorlog getoon het, simbolies ingespan moes word by wyse van die Vrouemonument. Hulle stryd teen

¹⁷³ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 28.

¹⁷⁴ Brief van C.F. Beyers aan M.T. Steyn, 3 Oktober 1913, aangehaal deur A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 28

¹⁷⁵ A.M. Grundlingh, “The National Women’s Monument”, p. 29. (Outeur se kursief)

Brittanje het ook 'n passiewe dimensie. Die rede hiervoor is dat vroue se sin vir onafhanklikheid, wat hulle gedurende die oorlog getoon het, deur die Nasionale Vrouemonument geprys, geromantiseer en *verewig* is. So het die Monument ook 'n simbool geword van die vryheidsin van die Afrikanervrou, maar terselfdertyd is die simboliek daarvan deur manlike Afrikanernasionaliste in gesagsposisies *gebruik* in die stryd teen Brittanje. So het vroue, by wyse van die “aktiewe” redes wat hulle gegee het om die Monument op te rig, beide *direk* en *indirek* bygedra tot die stryd teen Brittanje. Dat die Vrouemonument beskou is as simbool van die stryd teen Brittanje, ook relevant vir die Ossewa-Brandwag, blyk uit die woorde van studente verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit wat teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gekant was:

Ons word nie net met 'n meerderheid verplig om oorlog teen 'n bevriende nasie te voer nie, maar ons moet Engeland in hierdie saak steun. Ons moet ons enigste buitelandse vyand ondersteun! ... En al praat Engeland vandag ook mooi, al tree sy op as voorvegter vir klein nasies, ons weet beter! *Die vrouemonument te Bloemfontein roep nog altyd om wraak!* Daardie onreg is gepleeg teenoor ons nasie, daardie wreedheid wat na die hemel roep. En die merk is te diep in ons harte gebrand, dit is te na aan ons hart dat ons dit ooit sal vergeet!¹⁷⁶

Die Afrikanervrou het dus op komplekse wyse deur die Vrouemonument verdere regverdiging gegee vir die *verset* teen Brittanje. Die “forces to be harnessed” waarvan Grundlingh gepraat het, sou in die jaar net ná die inwyding van die Vrouemonument sporadies tot uitbarsting kom in die Rebelle van 1914. Ook hieraan het die vrou geen klein aandeel gehad nie.

Ten tyde van die inwyding van die Vrouemonument was daar nie net spanning tussen Boer en Brit nie, maar ook binne Afrikanergeleedere was daar verdeeldheid. Daar was spanning tussen die ondersteuners van Botha en Hertzog en tussen die Afrikaners en Engelssprekende blanke bevolking. Gemoedere by die inwyding van die Monument het dit duidelik gemaak dat die tyd nog nie ryp was vir die neerlê van die strydbyl nie. Die Eerste Wêreldoorlog het dit byna onmoontlik gemaak.

¹⁷⁶ *Die Besembos*, September 1939, p. 3. (Outeur se kursief).

Verdeeldheid binne blanke geledere sou spoedig intensiveer met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914, skaars twaalf jaar na die Vrede van Vereeniging en vier jaar na die unifikasie van Suid-Afrika. Die Britse oorlogsverklaring aan Duitsland het die lede van die Britse ryk, sonder keuse, in die oorlog gebring. Vanselfsprekend het dit Suid-Afrika ingesluit. Die herinnering aan hul verlore onafhanklikheid was nog nie dood onder die Boeregeneraals nie. In die woorde van F.A. van Jaarsveld: Brittanje se verleentheid (teen Duitsland) kon die Boere se geleentheid word.¹⁷⁷ Hierdie was veral die gevoel onder die ou generaals soos J.H. de la Rey, C.R. de Wet, C.F. Beyers en by leëroffisiere soos Manie Maritz en J.C.G. Kemp, dieselfde Kemp wat die gevoel onder die Bittereinders van genl. De la Rey beskryf toe hulle by Doornkop die wapen moes neerlê ná die sluiting van die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902:

Maar toe ons hulle so onverwags die pynlike tyding meedeel, toe staan hul verpletterd aan die grond genaël. Hete, soute tranes rol oor die bruingebrande wange om op die verskroeië grashalmpies aan hul voete te val. Onuitspreeklik bittere droefheid omklem 'n ieder hart. Groue grysaards en baardlose seuns het gesnik en geweën toe hul op versoek van genl. De la Rey hul getroue wapens neerlê aan die voet van die koppie.¹⁷⁸

Op 10 Augustus 1914 het die Britse regering die Unieregering versoek om Duits-Suidwes-Afrika van die Duitsers te verower. In 'n spesiale sitting van die Volksraad gedurende die tweede week van September is dit met 92 teenoor 12 stemme goedgekeur (wel teen die sin van Hertzog).¹⁷⁹ Onder baie ou Republikeinse Afrikaners van die Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal (die kern van die ou Voortrekkerrepubliek Winburg-Potchefstroom) was daar onrus en verset teen die idee om vir Brittanje, die veroweraar van die Boere, te veg. Verdere oorsake vir onrus was die besluit van die Unieregering om Duits-Suidwes-Afrika in te val, asook die ou republikeinse gevoel onder Afrikaners en die uitsetting van Hertzog uit die Kabinet.¹⁸⁰

Op 15 September 1914 het genl. C.F. Beyers bedank as kommandant-generaal van die Unie-Verdedigingsmag en verklaar dat hy nie bereid was om 'n inval in Duits-Suidwes-Afrika te lei nie. Kort hierna het Beyers en De la Rey per motor van Pretoria na Potchefstroom vertrek.

¹⁷⁷ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 273.

¹⁷⁸ J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en reg*, p. 476, soos aangehaal deur N.C. Weidemann, *Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907*, D.Phill.-proefskrif, U.P. 1955, p. 241.

¹⁷⁹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 273.

¹⁸⁰ C.F.J. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 405.

Langs die pas by Langlaagte in Johannesburg is genl. De la Rey deur die polisie, wat op soek was na die berugte Fosterbende, per ongeluk doodgeskiet nadat hy 'n stopbevel verontagsaam het. Die protesplan van die Afrikaners wat wou rebelleer was hiermee voorlopig opsy gestel, maar toe Manie Maritz, die bevelvoerder van die militêre kamp by Upington, op 9 Oktober die Unie tot 'n onafhanklike republiek uitroep en na die Duitsers van Duits-Suidwes-Afrika oorloop, het die ontevredenheid onder Afrikaners in die vlamme van rebellie uitgeslaan.¹⁸¹ Kort hierna was Louis Botha verplig om krygswet af te kondig toe die voormalige Boeregeneraals Christiaan Beyers, J.G. Kemp, Manie Maritz en Christiaan de Wet met minstens 11 472 man gerebelleer het.¹⁸² 'n Redelike aantal van die rebelle was “armblankes” en bywoners wat deur beloftes van 'n beter toekoms aangelok is.¹⁸³

Die rebelle was egter nie teen 32 000 manskappe opgewasse wat die regering in die veld gestoot het om die rebellie in die kiem te smoor nie. Daarby is hulle ook deur die staat se toegang tot gemotoriseerde vervoer benadeel, wat die taktiek uit die Boereoorlog om te perd te veg, uitgedien gemaak het.¹⁸⁴ Daarby was die rebelle swak bewapen en ongeorganiseerd – daar was nie duidelike planne nie en ook nie veel onderlinge samewerking nie. Die opstand was meer 'n spontane gevoelsuiting.¹⁸⁵ Die rebellie is binne vier maande onderdruk. Daar was ongeveer 41 500 mense betrokke en 124 lewens van rebelle en 19 van regeringskant is geëis. Sowat 80 rebelle is voor die hof gedaag en tronkstraf of boetes opgelê. Die gevolg van die rebellie was dat duisende Afrikaners daardeur verarm is, maar ook dat genl. Botha se party daardeur verswak is en die republikeinse gevoel vurig herleef het.¹⁸⁶

Nie net die mans wat fisies die wapen opgeneem het, het hulleself in 1914 as rebelle beskou nie. Daar was baie Afrikanervroue wat ook na hulleself verwys het as “rebelle” en op hulle eie manier deelgeneem het aan die verset. Albert Grundlingh en Sandra Swart dui daarop dat “die primêre rol van vroue gedurende die rebellie was ondersteunend en infrastruktureel”.¹⁸⁷ Nie net het hulle soos ten tyde van die Anglo-Boereoorlog beheer oor die plase oorgeneem

¹⁸¹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 273.

¹⁸² G.D. Scholtz, *Die Rebellie van 1914/15*, p. 96.

¹⁸³ H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 239. Oor die rol van armoede in die Rebellie, sien S.S. Swart, “‘Desperate men’: The 1914 Rebellion and the Politics of Poverty”, *South African Historical Journal*, vol. 42, May, 2000, pp. 161-175.

¹⁸⁴ H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 238.

¹⁸⁵ C.F.J. Muller, *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 407. Sien in hierdie verband die onlangse boek oor die dinamika van die Rebellie, naamlik A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose rebellie?: Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2009).

¹⁸⁶ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p. 274.

¹⁸⁷ A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose rebellie?: Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebellie*, p. 59.

nie, maar daar is weereens op geestelike en morele vlak ondersteuning gebied. In hierdie verband skryf Sandra Swart dat Afrikanervroue wat met die rebelle geïdentifiseer het, hoofsaaklik drie rolle vervul het. Die eerste rol herinner baie aan vroue se optrede gedurende die Anglo-Boereoorlog. Vroue het, in die woorde van Swart, opgetree as republikeinse “cheerleaders” wat hulle mans aangemoedig het om die wapen op te neem en te rebelleer.¹⁸⁸ Weereens het tydgenote kommentaar gelewer oor die vroue se vurige republikanisme: “women as well as men know how to approach extremes of national inflexibility” en dat daar ’n “intensely passionate patriotism” onder hulle was.¹⁸⁹ Nog ’n parallel wat met die Anglo-Boereoorlog getrek kan word, was vroue se houding teenoor mans wat nie gerebelleer het nie. Swart skryf: “men who refused to rebel or volunteered for active service were publicly castigated by Afrikaner women”.¹⁹⁰

Grundlingh en Swart skryf dat daar vir vroue ’n verband tussen die rebelle en “Boeremartelare” geskep is.¹⁹¹ Dit kan duidelik waargeneem word in die woorde van Christine Joubert, ’n Afrikanervrou van Frankfort, wat deur Harm Oost, ’n rebel, opgeteken is:

Nou, my man, bekommer jou nie oor my nie. Die almagtige God sal my en my kinders beskerm. Wat ook oor jou sal kom, ja al moet jy sterf, soos die vyf helde van Slachtersnek, soos Gideon Scheepers... en al die slagoffers wat hulle lewe gegee het vir ons dierbare volk, sterf jy dan soos ’n man. Ek weet dat jy altyd soos ’n man geveg en gestry het... Ek sal stry al moet ek ook sterwe, saam met my kinders.¹⁹²

Hierdie verbinding wat vroue gemaak het met die vorige helde in die stryd om onafhanklikheid is besonder insiggewend. Dit dui daarop dat die Rebelle van 1914 in hulle historiese bewussyn ’n soort voortsetting was van die stryd teen Brittanje, dat die historiese kontinuum steeds aan die gang was. Dieselfde sou gebeur met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog toe die Ossewa-Brandwag weer teruggegryp het na die martelare van die Rebelle, in besonder Jopie Fourie. Die tweede rol wat vroue in die Rebelle vervul het, was as tussengangers en voedselvoorsieners. Hulle het ook wapens geberg,

¹⁸⁸ S.S. Swart, “‘Motherhood and otherhood’: Gendered citizenship and Afrikaner women in the South African 1914 Rebellion”, *African Historical Review*, vol. 39, no. 2, 2007, p. 46.

¹⁸⁹ F.V. Engelenburg, *General Louis Botha* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1928), p. 298, sien ook S.S. Swart, “‘Motherhood and otherhood’”, p. 46.

¹⁹⁰ S.S. Swart, “‘Motherhood and otherhood’”, p. 46.

¹⁹¹ A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose Rebelle*, p. 60.

¹⁹² H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, p. 318.

kommunikasienetwerke in stand gehou en oorlogsnuus versprei.¹⁹³ Die derde rol wat die Afrikanervrou in die Rebelleie gespeel het, het ná die Rebelleie plaasgevind. Dit was 'n baie belangrike rol, aangesien dit die mislukte rebelleie 'n "tweede lewe" gegee het.¹⁹⁴ Hier word verwys na die groot Vroueoptog van 1915. Al drie rolle was vorms van verset teen Brittanje en die regering.

Generaal de Wet was as een van die leiers van die Rebelleie tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis en moes 'n boete van £2 000 betaal. Twee dae ná die afkondiging van die vonnis, het twee bekende Afrikanervroue, mev. Hendrina Joubert en F.G. "Nettie" Eloff 'n ope brief in verskeie koerante publiseer waarin hulle 'n beroep doen op Afrikanervroue van al vier die provinsies om deel te neem aan 'n "monster vrouwenbetoging".¹⁹⁵ Gedurende hierdie betoging sou hulle die goewerneur-generaal vra om De Wet se vonnis van die hand te wys.

Joubert en Eloff het advertensies in koerante geplaas waarin hulle 'n beroep gedoen het op die "mede-susters en dogters van Suid-Afrika" om bymekaar te kom in Pretoria en by die regering te pleit vir die vrylating van generaal De Wet en die ander rebelle. Ongeveer 6 000 afgevaardigdes het op 4 Augustus 1915 in Pretoria aangekom. Hul het 65 000 vroue verteenwoordig uit alle dele van die land en was gewapen met 40 000 handtekeninge.¹⁹⁶ Hul het gemarsjeer vanaf Kerkplein tot by die Uniegeboue. Daar het 'n deputasie van vroue 'n petisie oorhandig aan Lord Buxton, die goewerneur-generaal.¹⁹⁷ Die Vroueoptog was 'n belangrike uiting van verset, dit "was an active, women-led demonstration against the state".¹⁹⁸

Die belangrikste nalatenskap van die vrou se rol in die Rebelleie, is sekerlik die feit dat soveel vrouebewegings uit die verset gebore is. Die Rebelleie het die Afrikaner nog armer gelaat as voorheen en vroue het gemobiliseer om diegene wat deelgeneem het aan die rebelleie by te staan en hulle lot te verlig. Die Nasionale Vrouevereniging is in Pretoria gestig en in Julie 1915 is die Vrouwen Nasionale Partij in Braamfontein, Johannesburg deur Johanna Brandt

¹⁹³ S.S. Swart, "Motherhood and otherhood", p. 46.

¹⁹⁴ A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose rebellie?*, p. 66.

¹⁹⁵ S.S. Swart, "Motherhood and otherhood", pp. 51-52.

¹⁹⁶ L. Maritz, "Afrikanervroue se politieke betrokkenheid", p. 19.

¹⁹⁷ Sien S.S. Swart, "Motherhood and otherhood: Gendered citizenship and Afrikaner women in the South African 1914 Rebellion", *African Historical Review*, vol. 39, no. 2, 2007, pp. 50-54 en A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose rebellie?: Dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebelleie*, p. 61-64 vir 'n oorsig oor die Vroueoptog.

¹⁹⁸ S.S. Swart, "Motherhood and otherhood", p. 51.

gestig. Die Transvaalse komitees het in Oktober 1915 verenig om die Nasionale Vroueparty te vorm om hulle te beywer vir die rebelle se bevryding, te sorg vir rebelle se gesinne, studiebeurse vir kinders te verwerf en die nuutgestigte Nasionale Party te ondersteun.¹⁹⁹ Nie net hierdie verenigings is gestig nie, maar in 1915 het die *Helpmekaarbeweging* ook tot stand gekom om boetes en siviele eise wat teen die rebelle ingestel is, te betaal. Afrikanervroue het hard gewerk in hierdie bewegings en sommige dorpe het selfs afsonderlike vrouetakke gehad. 'n *Nasionale Vroueweldadigheidsgenootskap* is in die Kaapprovinsie gestig en die *Nasionale Vroue Helpmekaar-vereniging* in Natal. Almal se doel was die bevordering van die Afrikanersaak, 'n saak wat onder andere gerig was teen Britse oorheersing.²⁰⁰ Die stig van hierdie vroueverenigings was 'n belangrike verwikkeling ook in die stryd teen Brittanje, want dit sou nou by wyse van die vrouebewegings wees waar Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid kon neerslag vind. Daar bestaan verskeie studies wat die bydraes van hierdie bewegings aanraak.²⁰¹

Die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling deel 'n erfenis met baie Vroueverenigings wat ná die Rebelle by wyse van hul werksaamhede bygedra het tot die stryd teen Britse oorheersing. Hierdie was nie openlike verset teen Brittanje nie, maar die beywering vir die behoud en uitbou van 'n *volkseie* Afrikanerkultuur wat die teenvoeter moes wees vir die vreemde Britse idees en ideologie. Die “stryd teen Brittanje” het 'n nasionalistiese vorm aangeneem waar die handhawing en groei van 'n unieke Afrikanernasionalisme uiteindelik die “vyand” van Britse beheer oor Suid-Afrika sou word. Vroue se sin vir onafhanklikheid was egter nie al wat in die OB sou neerslag vind nie. Verskeie aspekte van die *volksmoeder* het ingespeel om 'n unieke karakter aan Afrikanervroue te gee. Nietemin, vroue se vryheidsin het sterk gemanifesteer in die OB. Dit is duidelik dat tydgenote se toeskryf van die vryheidsin aan vroue in die 1930's sterk gewortel is in hulle verstaan en interpretasie van gebeure in die verlede. Watter gevolgtrekkings kan dus oor hierdie kenmerk van die volksmoeder (as sosiaalgekonstrueerde instelling) gemaak word teen die agtergrond van die bogenoemde historiese faktore?

¹⁹⁹ A.M. Grundlingh & S.S. Swart, *Radelose rebellie?*, p. 64.

²⁰⁰ L. Maritz, “Afrikanervroue se politieke betrokkenheid”, p. 19.

²⁰¹ Sien M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: A social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870-1939”; L. Vincent, “Power behind the scenes: the Afrikaner Nationalist Women's Parties, 1915-1931”, *South African Historical Journal*, vol. 40, May, 1999, pp. 51-73.

2.4 “[O]m ’n vrije volk te teel”²⁰²: Vroue se sin vir onafhanklikheid as onafskeidbare kenmerk van die volksmoeder-konstruksie

Tydgenote se verstaan van vroue se rol in die heilsgeskiedenis van die Afrikaner was gewortel in ’n objektiewe verstaan van die werklikheid. Daarmee saam is die verskille tussen die geslagte verklaar deur argumente van biologiese essensialisme gewortel in die “objektiwiteit” (oftewel objektifisering) van die binêre verskil tussen “man” en “vrou”. Scott se metode van genderanalise stel die historikus in staat om insig te verwerf oor waarom tydgenote dit so beskou het, aangesien hulle beskouings oor geslag en gender “organizations of perception rather than transparent descriptions or reflections of nature” was.²⁰³ As objektiewe instelling het die *volksmoeder* normatiewe waarde gekry en so het dit ’n ideaal van vrouwees in die Afrikanersamelewing geword. Die wêreld van sosiale instellings, waarvan die *volksmoeder* een is, is geneig om objektief voor te kom. Dit is egter die diskursiewe, historiese en menslike faktore wat iets soos die *volksmoeder* geskep het. Die volgende uitlating van Berger en Luckmann is van belang vir die verstaan hiervan:

It is important to keep in mind that the objectivity of the institutional world, however massive it may appear to the individual, is humanly produced, constructed objectivity. The process by which the externalized products of human activity attain their character of objectivity is objectivisation. The institutional world is objectivated human activity, and so is every single institution. In other words despite the objectivity that marks the social world in human experience, it does not thereby acquire an ontological status apart from the human activity that produced it.²⁰⁴

Hierdie uitlating van Berger en Luckmann is gebou op dieselfde voorveronderstellings as dié van Scott se kritiek teen die gebruik van sosiale konstruksies as ontologiese punte van oorsprong. Alhoewel dit in Hoofstuk 1 al aangeraak is, is dit belangrik om dit aan te haal teen die agtergrond van Berger en Luckmann:

First, it would mean discarding the idea (inherent in the notion of gender as a “category”) that there is anything fixed or known in advance about the terms “men” and “women” and the relationship between them. Second, “men” and “women” are ideals established to

²⁰² W. Postma, *Die Boervrou, Moeder van haar volk*, p. 84.

²⁰³ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 206.

²⁰⁴ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 46.

regulate and channel behavior, not empirical descriptions of actual people, who will always fall short of fulfilling the ideals. Third, there is a discrepancy, even contradiction, in the cultural norms and social roles offered to articulate the difference between the sexes. That means reading for specific meanings rather than assuming uniformity in all spheres and aspects of social life.²⁰⁵

Bogenoemde is Scott se kritiek teen historici wat die deursigtigheid van fisiese verskille tussen mans en vroue as vanselfsprekend aanvaar. Haar kritiek kan gebruik word om nie net die voorveronderstellings van geskiedskrywing bloot te lê nie, maar ook te verstaan hoe 'n gegewe samelewing in die verlede gekyk het na geslagtelike verskil. Wanneer 'n samelewing se verstaan hiervan gewortel is in biologiese determinisme, word dit moontlik om haar kritiek te gebruik as metode, aangesien haar kritiek gerig is teen argumente wat neig tot determinisme. So kan die historikus vroue se spesifieke plek in 'n samelewing identifiseer deur byvoorbeeld te let op hoe die objektifisering van die ideale van “man” en “vrou” plaasgevind het. In die geval van die OB is die *volksmoeder* geobjektifiseer as 'n beskrywing van die werklikheid – die objektiewe institusionele wêreld. Die historikus kan die impak hiervan op vroulike agentskap bepaal deur te let op hoe hierdie ideaal vroulike gedrag gereguleer en voorgeskryf het, maar meer nog: hoe vroue meesters was van hulle eie gedrag deur self die ideaal te internaliseer en/of hulle daarteen te verset. Wat meer is: tydgenote was dalk nie bewus van die verskille en weersprekinge tussen kulturele norme en sosiale rolle wat gebruik is om die verskille tussen die geslagte te artikuleer nie. Die genderhistorikus is wel bewus van hierdie interne kontradiksies en gevolglik aanvaar hy/sy die norme en rolle wat gedrag reguleer nie as eenvormig en uniform nie, maar lees in sy/haar geskiedskrywing vir die spesifieke betekenis wat tydgenote hieraan geheg het.

Dat Scott se kritiek gebruik kan word as metode om tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil te ontleed, word die duidelikste gemanifesteer in die “historiese fundering” van die *volksmoeder*. Soos genoem het hierdie proses begin in 1918, met die publikasie van *Die Boervrou: Moeder van haar volk*. Teen 1938 het die *volksmoeder* as ideaal van vrouwees dus 'n duidelike karakter gehad. Die vraag wat dus geopper word, is hoe het tydgenote die geskiedenis van vroue (wat hierbo uiteengesit is) gebruik en geïnterpreteer binne die beperkinge van hulle artikulering van geslagtelike verskil? Hoe het hulle verstaan van die geskiedenis, sowel as hulle reaksie daarop, die sosiale instelling van die *volksmoeder*, en

²⁰⁵ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 206.

gevolglik kulturele norme en sosiale rolle vir vroue, beïnvloed? Ten tyde van die “historiese fundering” van Afrikaner-vrouwees, voor die stigting van die OB, is dit belangrik om in ag te neem dat tydgenote ’n baie duidelike politieke doel voor oë gehad het wanneer hulle die kategorie “vrou” gebruik het. Gevolglik sien ons dat gender nie net politiek konstrueer nie, maar dat politiek ook gender konstrueer.

Daar is gesê argeologie is “socio-political action in the present”.²⁰⁶ Teen die agtergrond van hoe die verlede, in besonder vroue se optrede, gebruik is in diens van Afrikanernasionalisme, word dieselfde konteks geskep in geskiedenis. Soveel so dat ons ook kan sê “History is socio-political action in the present.” Die diskursiewe aard van geskiedenis, oftewel geskiedskrywing – die menslike produksie van geskiedenis – bestaan net soos argeologie uit ’n verband tussen die hede en die verlede. C. Tilley skryf in ’n baanbrekershoofstuk:

As archaeology [lees ‘history’] is a relationship between past and present mediated between individuals, groups and institutions, it has, inescapably, some contemporary relevance. Inevitably it becomes political and ideological in character. The knowledge it produces does not in any sense consist of a body of detached subject matter to be transmitted and learnt. It is, and always will be, a form of individual and cultural experience which is continually being shaped and modified.²⁰⁷

Vir die Afrikaners van die vroeë twintigste eeu het die geskiedenis baie duidelike kontemporêre doelwitte gedien. Om maar slegs een voorbeeld te noem: Die oprigting van die Vrouemonument in 1913 sou ’n publieke platform kon skep vir verdere versoening tussen Afrikanergeleedere en tussen “Boer en Brit”. Soos genoem was daar sterk spanning in die samelewing te bespeur gedurende hierdie tyd. Emily Hobhouse het hierdie spanning binne die Afrikanerdom opgemerk en het die volgende geskryf aan generaal J.C. Smuts: “I am very sorry to read of all the political unrest in South Africa... I can only beg of you to kiss and be friends for my visit to Bloemfontein and bury the hatchet beneath the Vrouwen-Monument”.²⁰⁸ Tog is dit nie wat gebeur het nie. Vroue se lyding gedurende die Anglo-Boereoorlog was sterk in tydgenote se populêre bewussyn en het ’n belangrike politieke funksie gehad in die ontplooi van ontluikende Afrikanernasionalisme. E. Brink skryf: “The

²⁰⁶ C. Tilley, “Archaeology as socio-political action in the present” in V. Pinsky & A. Wylie, *Critical traditions in contemporary archaeology: Essays in the philosophy, history and socio-politics of archaeology* (Cambridge, Cambridge University Press, 1989).

²⁰⁷ C. Tilley, “Archaeology as socio-political action in the present”, p. 106.

²⁰⁸ R. van Reenen (ed.), *Emily Hobhouse: Boer War letters*, p. 112.

glorification of Afrikaner women symbolised by the *Vrouemonument* served an overt political purpose.”²⁰⁹ Hexham noem dat die inwyding van die Vrouemonument “gave the nationalist cause a symbolic victory over the advocates of conciliation.”²¹⁰ Hierdie oorwinning, wat gebou is op die gebruik van vroue as ’n simbool, is gekonsolideer deur die literêre werke van die digter Totius en sy swaer, Willem Postma.²¹¹ Hexham skryf dat hierdie twee manne “their cultural nationalism and a sense of identity” ontwikkel het “upon Afrikaner traditions and the Calvinist religion.”²¹² Postma se werk toon ’n duidelike samevloei tussen die ontwikkeling van die *volksmoeder* as sosiale instelling en die opkoms van Afrikanernasionalisme. Tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil, werklike gebeure in die verlede en die politiek van Afrikanernasionalisme het dus saamgewerk om die *volksmoeder* te konstrueer.

Postma, onder die skuilnaam van dr. Okulis, het *Die Boervrou: Moeder van haar volk* kort na belangrike gebeure in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme geskryf. Dit het gevolg op die onthulling van die Vrouemonument (“Dat die viere vryheidsgees nog leef in die hart van die hedendaagse Boervrou is ten volle bewijs in die laaste oorlog”²¹³), die Rebelle van 1914 en die einde van die Eerste Wêreldoorlog. Die oorlog het veral daartoe gelei dat vroue gebruik is as goedkoop arbeid. Daarmee saam was daar ’n reuse bevolkingsontploffing onder Afrikaners met jong dogters en seuns wat al hoe meer trek na verstedelike areas op soek na werk.²¹⁴ Groeiende armoede, saam met hierdie verstedeliking, het die staat, kerk en welsynsorganisasies bekommerd gemaak oor die morele welstand van die Afrikaner.²¹⁵

Postma se boek is in hierdie sosiale konteks gebruik om die *volksmoeder* te propageer as ideaal van vrouwees vir ’n nuwe generasie. Wat veral van belang is, is dat Postma vir die eerste maal die Boervrou se rol as moeder en sentrale fokus van haar gesin, uitgebrei het om die ganse “volk” in te sluit: “Die moederskap van die Boervrou strek sig uit tot haar volk

²⁰⁹ E. Brink, “Man-made women”, p. 279.

²¹⁰ I. Hexham, “Afrikaner nationalism 1902-14”, in P. Warwick & S.B. Spies, *The South African War: The Anglo-Boer War, 1899-1902*, p. 397.

²¹¹ E. Brink, “Man-made women”, p. 279.

²¹² I. Hexham, “Afrikaner nationalism 1902-14”, p. 401.

²¹³ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 89.

²¹⁴ Sien ook E. Brink, “The Afrikaner women of the Garment Workers’ Union, 1918-1939” (M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, 1986); E. Brink, “Maar net ’n klomp ‘Factory’ meide’: Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920s” in B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict: South African perspectives* (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

²¹⁵ Sien ook L. Chisholm, “Gender and deviance in South African industrial schools and reformatories for girls, 1911-1934” in C. Walker, ed., *Women and Gender in Southern Africa to 1945*, pp. 293-312.

net soos tot haar kind.”²¹⁶ Hier is daar ’n politieke dimensie toegeken aan die *volksmoeder*. As “moeder” van haar volk, gee haar moederskap vir haar die moontlikheid om aanspraak te maak op ’n sê in politieke sake. Hierdie “sê” was egter beperk tot sekere aanvaarbare optrede. Soos reeds genoem, het vroue hulle in 1915 verset teen die gevangeneming van genl. De Wet. Hulle sin vir onafhanklikheid – “die gees wat onse voormoeders besiel het”²¹⁷, is gedemonstreer by wyse van vroue se optog na die Uniegeboue. Hier het hulle getoon dat hulle loyaliteite lê by die rebelle en hulle optrede was aanvaarbaar teen die gendernorme van die dag: “Aan die oproep is op ’n eg vrouelike wyse gehoor gegee, sonder redeneer, sonder versuim, sonder berekening van koste of moeite.”²¹⁸ Die diskursiewe konstruksieproses in Postma se boek loop hand-aan-hand met die historiese gebeure self, naamlik vroue se eie optrede en internalisering van watter betekenis gegee word aan “’n eg vrouelike wyse.” Dit is hierdie betekenis en optrede wat later nagespeur word in die Ossewa-Brandwag.

Daar kan saamgestem word met E. Brink waar sy noem dat Postma se boek ’n ideologiese verering van Afrikanervroue behels het. Die tweede publikasie wat die *volksmoeder* histories gefundeer het, was Eric Stockenström se *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (1921). Hierdie boek verskaf volgens Brink weer ’n historiese konteks en regverdiging vir die ideologiese aard van die *volksmoeder*.²¹⁹ Dit is veral hier waar vroue se sin vir onafhanklikheid onafskeidbaar deel gemaak is van die *volksmoeder* as gekonstrueerde instelling. Daar is ook klem gelê op vroue se anti-Britse sentimente wat ongetwyfeld sou manifesteer in die OB:

“Die treffendste karaktertrek van die Boer, en waarvan hy bewys gelewer het, is sy vurige, onoorwinlike, onuitblusbare liefde vir die vryheid... Die troue vroue was altyd met groter patriotisme vervuld en altyd meer gedetermineerd om vry te wees van hul here en meesters. Hulle was altyd, en bly tot nog toe, geheel en al anti-Brits.”²²⁰

Dit behoort duidelik te wees dat hierdie werke hoofsaaklik die vrou geïdealiseer het tot magtige simbool van nasionalisme. Dit was egter meer as ’n simbool. Die *volksmoeder* is ’n sosiale instelling wat norme vir optrede daarstel. As ideaal van vrouwees reguleer dit optrede

²¹⁶ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 164

²¹⁷ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 84.

²¹⁸ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 164.

²¹⁹ E. Brink, “Man-made women”, p. 281.

²²⁰ E. Stockenström, *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*, p. 233.

te midde van die feit dat dit 'n kulturele norm is vol interne kontradiksies. Voor die stig van die Ossewa-Brandwag is daar egter ook studies gedoen wat dit nie ten doel gestel het om vroue te idealiseer nie, maar om die “werklike” lewens van vroue na te speur. E. Brink noem dat daar veral drie studies uitstaan – almal gedoen deur vroue. M.E. Rothmann (M.E.R.), latere erelid van die Ossewa-Brandwag, het teen die agtergrond van die “Armblankevraagstuk” 'n sosiologiese studie gedoen vir die Carnegie Komissie oor die omstandighede van vroue en dogters in arm blanke families.²²¹ Anders as Postma en Stökenstrom het sy 'n baie realistiese prentjie geskilder oor die pleidooi van arm vroue op die platteland en in die stede. Sy het egter die heersende gendernorm aanvaar dat die vrou se hooftaak is om haar rol as sorgende moeder in die gesin te vervul. In 'n ander studie het Hansi Pollak die werksomstandighede van blanke vroue op die Witwatersrand bestudeer gedurende die Depressiejare van 1930 tot 1932.²²² Die sake wat sy aangeraak het, was dié van werksomstandighede in fabriek, vroue se geboorteplekke, ouderdom en bydrae tot familie-inkomste wat baie anders lyk as die geïdealiseerde beeld van Stökenström en Postma. Gedurende die 1930s het Erika Theron, wat later 'n Hoofvrou in die Ossewa-Brandwag sou word, 'n soortgelyke studie gedoen oor die lewens van Kleurlinge en blanke fabriekswerkers in Kaapstad.²²³ Sy het 500 fabriekswerkers besoek en gelet op vroue se vlak van opvoeding, hulle huislike en werkslewe, sowel as ontspanningsaktiwiteite. Hierdie derde studie vorm deel van 'n baie meer realistiese prentjie oor die posisie en plek van vroue as *Die Boervrou: Moeder van haar volk* en *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk*.²²⁴ Ten spyte hiervan was die impak van hierdie werke op die populêre bewussyn van die Afrikaner uiters beperk. E. Brink skryf:

By contrast, the works of Postma and Stökenström were to exert a considerable and pervasive, though indirect, influence on the way the notion of an idealised Afrikaner womanhood was assimilated within Afrikaans popular culture. This is clearly evident when one considers how a refrain of ideas and notions formulated and expounded by them was echoed in the popular press and other publications, especially during the 1930s and culminating in the celebrations surrounding the Voortrekker Centenary in 1938.²²⁵

²²¹ M.E. Rothman, “Die moeder en dogter van die armblanke-huisgesin”, *Die armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika: verslag van die Carnegie-Kommissie* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932).

²²² H.P. Pollak, “Women in Witwatersrand industries” (M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, 1932).

²²³ E. Theron, “Fabriekswerksters in Kaapstad : 'n Sosiologiese studie van 540 blanke en kleurling-fabriekwerksters” (Phd.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1944).

²²⁴ E. Brink, “Man-made women”, pp. 282-283.

²²⁵ E. Brink, “Man-made women”, pp. 283-284.

Die Voortrekkereëufees word beskou as die geleentheid wat gelei het tot die geboorte van die Ossewa-Brandwag. Die klimaks wat die *volksmoeder* bereik het gedurende hierdie fees het sterk inslag gevind in die OB, soos later verduidelik word. Die realiteite waarmee M.E.R., Pollak en Theron die Afrikanernasionaliste gekonfronteer het, is geensins geassimileer in die *volksmoeder*-konstruksie nie. Die beeld van Postma en Stokenström “was more readily appropriated by various cultural and political agencies, in order to woo their constituencies, while the latter [die beeld van die drie wetenskaplike studies] was relegated to virtual obscurity.”²²⁶ Die OB was een van die “agencies” wat gebruik gemaak het van die *volksmoeder* soos verstaan deur Postma en Stokenström – die een waar moederskap en vroue se sin vir onafhanklikheid voorop geplaas is.

Dit is met ander woorde duidelik dat die *volksmoeder*-konstruksie nie noodwendig hoef te korreleer met die werklike stand van sake om te funksioneer as ideaal van vrouwees of sosiale instelling nie. As nasionalistiese instelling is die *volksmoeder* “verbeel” teen die konseptuele agtergrond van Benedict Anderson en is hoofsaaklik te vinde in die gedrukte media van ’n gegewe samelewing.²²⁷ Die mitologie van die *volksmoeder* skep ’n kultureel-beskikbare simbool met normatiewe konsepte wat vasgevang is in die binêre opposisie tussen “man” en “vrou”.²²⁸ Al is dit vol weersprekinge wat glad nie sin maak nie, “the institutions, as historical and objective facticities, confront the individual as undeniable facts.”²²⁹

Is hierdie vaslegging van ’n simboliese, byna mitiese, ideaal van vrouwees iets wat absoluut normatief vroue se optrede geregleer het? Sou dit vroue se politieke agentskap totaal inperk? Beteken die ignoreer van die drie bogenoemde vroue se studies in die fundering van die *volksmoeder* in populêre bewussyn dat dit werklik ’n “man-made konstruksie” is? Nee, soos reeds genoem is die *volksmoeder* ’n *gender*-konstruksie – daar is niks “absoluut” daaraan nie. Dit kon gebuig, gebreek en gebou word deur vroulike agente self, soos duidelik sal word in hierdie studie. Voorts is vroue se agentskap nie noodwendig deur mans ingeperk nie. Dit is belangrik om mag en politiek te beskou as “dispersed constellations of unequal relationships, discursively constituted in social ‘fields of force’.” Soos genoem is daar binne die prosesse en strukture wat iets soos die *volksmoeder* skep ruimte vir vroulike agentskap, maar “within

²²⁶ E. Brink, “Man-made women”, p. 285.

²²⁷ B. Anderson, *Imagined communities: Reflections on the origin and spread of nationalism* (London, Verso, 1991).

²²⁸ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 43.

²²⁹ P.L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 46.

certain limits and with language – conceptual language that at once set boundaries and contains the possibility for negation, resistance, reinterpretation, the play of metaphoric invention and imagination.”²³⁰ Die moontlikhede van vroulike agentskap moet binne tydgenote se taal van gender gelees word. So skryf Willem Postma:

’n Volk is wat sý vrou is. Die vrou is die gewete van haar volk en sý waardemeter tegelyk. Die sedelike lewe van die volk word beheers deur die vrou, aan die vrou kan ons die sedelike toestand van die volk beoordeel.²³¹

Elsabe Brink interpreteer die bogenoemde woorde van Postma as ’n verontagsaming van die politieke moontlikhede in vroue se daad deurdat enige politieke aksie van die vrou gekoppel word aan die morele sterkte van die vrou en haar volk.²³² Hier lê die fundamentele fout wat historici oor vroue maak – die fout wat L.M. Kruger en M. du Toit uitwys.²³³ Vroue se optrede hoef nie noodwendig te behoort tot formele politiek om geklassifiseer te word as “polities” nie. Deur mag te beskou in die bogenoemde terme van Scott, lyk die morele wêreld, wat behoort aan die vrou, totaal anders. Dan lyk dit meer soos die implikasies van die woorde van L. Davidoff en C. Hall: “If the moral world was theirs, who needed the public world of business and politics?”²³⁴ As vroue dus optree in hulle “tradisionele” rolle as moeders en werkers vir die morele welsyn van die volk, soos voorgeskryf deur sosiale instellings, beteken dit nie noodwendig dat hulle apolities is, of dat hulle agentskap ingeperk word nie. C. Ross stel dit tereg: “It was believed that women were the moral regenerators of the home and the nation and this could have wider ramifications as women became involved in philanthropic activities...”²³⁵ Vroue het ook bygedra tot die politieke ontwikkeling van Afrikanernasionalisme deur byvoorbeeld in hulle huishoudelike kapasiteit die draers en uitbouers van die Afrikaanse taal te wees. In die woorde van I. Hofmeyr: “Not for nothing was it called the mother tongue.”²³⁶

²³⁰ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 42.

²³¹ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 175.

²³² E. Brink, “Man-made women”, p. 281.

²³³ L.M. Kruger, “Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the *Volksmoeder* discourse of *Die Boervrou*, 1919-1931” (MA thesis, University of Cape Town, 1991); M. du Toit, “The domesticity of Afrikaner nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies*, 29, 1 (2003), 155-176.

²³⁴ L. Davidoff & C. Hall, *Family fortunes: Men and women of the English middle class* (London: Hutchinson, 1987), 183.

²³⁵ C. Ross, “Separate spheres or shared dominions?”, *Transformation*, 23, 4 (2006), 230.

²³⁶ I. Hofmeyr, “Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924”, pp. 95-123.

So is die *volksmoeder* nie 'n “man-made” produk wat as Noordster alle optrede van vroue reguleer langs apolitiese lyne nie. Dit is 'n diskursiewe en historiese proses wat “a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and women”²³⁷ aanhoudend skep. In hierdie proses, beide die historiese (gewortel in menslike optrede in die verlede) en die diskursiewe (gewortel in tydgenote se verstaan en gebruik van menslike optrede in die verlede), het die idee van vroue se sin vir onafhanklikheid en moederskap 'n onafskeidbare deel van die *volksmoeder* in die 1930s geword. Dit is veelseggend dat die *volksmoeder*-konstruksie hoogty gevier het in dieselfde jaar as wat die gedagte van die Ossewa-Brandwag ontkiem het.

²³⁷ A. McClintock, *Imperial leather*, p. 378.

HOOFSTUK 3

Erfenis van OB-vroue: Agtergrond en stigting van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling

Die simboliese ossewatrek tydens die eeufesvierings van die Groot Trek in 1938 was 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, omdat dit stimulus verleen het aan die mobilisering van Afrikanermag. Die geesdrif onder Afrikaners wat daarmee gepaard gegaan het, het soos 'n veldbrand deur die land versprei soos wat die waens oor die vlaktes en deur dorpe en stede gerol het. Hierdie simboliese trek van vier maande het vir die meerderheid Afrikaners die sinnebeeld van "die volk se trek op die pad van Suid-Afrika" geword.¹ Wat van hierdie gebeurtenis 'n mylpaal maak, is dat dit gepaard gegaan het met 'n gees van groeiende eksklusiewe nasionalisme wat reeds voor 1938 aan die ontwikkel was. Nuwe stukrag is gegee aan 'n nasionale Afrikanerbeweging met manifestasies op alle terreine van die volkslewe.² Die idee om só 'n beweging te stig, het gevloei uit die entoesiasme wat met die eeufesvierings gepaard gegaan het. J.H. (Hans) Abraham, 'n OB-lid wat later 'n Stormjaer sou word, getuig die simboliese ossewatrek

... het die volk se verbeelding gegryp op die regte sielkundige oomblik. Die volk was nou al tot so ver vol van hierdie altyd-maar-terugdeins, altyd-maar-terugdeins, en al wat Brits en Britse tradisie is, wat op hulle van toepassing gemaak is... En toe die ossewa begin rol, was die geesdrif van die volk wonderbaarlik om te aanskou. Mense van wie jy dit nooit gedink het nie, van die ou Boer-Sappe, het aan die fees deelgeneem...³

Die sterk gevoel van nasionalisme en solidariteit onder Afrikaners sou uiteindelik een van die hoof faktore wees wat gelei het tot die stigting van die Ossewa-Brandwag wat hom beywer het vir die "bestendiging van die Ossewa- en Eeufesgees in die land".⁴ Dit is 'n beweging wat "die regte sielkundige oomblik" gebruik het om te ry op die golf van Afrikanernasionalisme wat die land in 1938 getref het. In hierdie verband behoort die volgende vrae oorweeg te word: Watter faktore het van 1938 "die regte sielkundige oomblik" gemaak vir die stig van 'n organisasie waarby vroue hulleself ook kon laat geld? Op watter

¹ D. Mosterd, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p 57.

² P.J.J. Prinsloo, "Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952" (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983), p 15. Vir meer besonderhede oor die eeufesvieringe van 1938, kyk E.A. Messina, "Die Voortrekkereuefees, 1938" (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981).

³ Aangehaal in P.F. van der Schyff e.a., *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, p. 2.

⁴ A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 12.

wyse het die erfenis van die onstuimige dertigerjare die aard van vroulike optrede beïnvloed en laat artikuleer gedurende die Eeufesvieringe van 1938? Hoe het dit neerslag gevind in die aanvanklike taak van vroue in die OB?

Tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil is kontekstueel-spesifiek. Daarom is dit belangrik om te let op die faktore wat die *volksmoeder* in die 1930's laat optree het as sosiale instelling wat 'n soort norm vir vrouwees geword het – 'n norm wat uiteindelik die erfenis van OB-vroue se verstaan van gender geword het.

3.1 Klas, etnisiteit en gender: Die verskynsel van die *volksmoeder* in die 1930's as erfenis van vroue wat lede sou word van die Ossewa-Brandwag

Die 1930's kan in die geskiedenis van die Afrikaner beskou word as 'n onstuimige dekade op politieke, ekonomiese en sosiale gebied. Die woelinge op veral ekonomiese en sosiale terreine het van die *volksmoeder* 'n normatiewe konsep gemaak “that set forth interpretations of the meanings of... symbols [of womanhood], that attempt to limit and contain their metaphoric possibilities”, maar wat ook vol is van “overt contests” tussen verskillende partye se interpretasies en aanneem van die simbool van die *volksmoeder*.⁵ Die feit dat die *volksmoeder* nie die produk was van sosiale konsensus nie, maar wel van konflik op gendergebied, kan veral gesien word in hoe dit in die omstandighede van die dertigerjare opgetree het as 'n ideaal van vrouwees met duidelike politieke en klasse-ondertone. As diskoers wat gebruik is deur die meeste vrouebewegings gedurende die 1930's, is dit nie verbasend dat spesifiek hierdie erfenis van vrouwees 'n hoogtepunt sou bereik in die eeufesvieringe van 1938 nie. Die verstaan van die *volksmoeder* in 1938 sou dan ook oorgedra word na die vroue van die OB.

Dit was veral gedurende die 1930s, na die historiese fundering van die *volksmoeder*, waar verskeie vroueverenigings bygedra het tot 'n diskoers wat die *volksmoeder*-ideaal gepropageer het. Hierdie diskoers sou uiteindelik voortgesit word deur die OB-vroue. Ten spyte hiervan bevat alle studies oor die OB tot op hede 'n historiese agtergrond van die 1930's waarin vroue *hoegenaamd geensins* figureer nie. Tog was byna die helfte van OB-lede vroue en hulle is

⁵ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 43.

vanselfsprekend ook geraak deur hierdie onstuimige dekade.⁶ Alhoewel dit baie moeilik is om presies te bepaal watter Afrikanervroue reageer het op die *volksmoeder*, en dit geassimileer het as ideaal van vrouwees, kan daar wel gelet word op OB-vroue se eweknieë in liefdadigheidsorganisasies ten einde te bepaal hoe vroue voor die stig van die OB deelgeneem het aan die *volksmoeder*-diskoers. 'n Verkenning van vroue se reaksie op die *volksmoeder* teen die agtergrond van gebeure in die 1930's behoort 'n goeie konteks te skep van die *volksmoeder*-erfenis waarmee OB-vroue moes werk. Daar is egter meer as net gender hier ter sprake.

Oor die invloed van rasse-politiek, klas en gender het die antropoloog, K. Sacks, akademië aangeraai om te werk in die rigting van “a unified... theory that encompasses race and class as well as gender and sexuality.”⁷ Alhoewel die werkswyse van hierdie studie geensins aanspraak maak dat dit gebruik maak van só 'n teorie nie, is dit wel belangrik om ook die invloed van etnisiteit en veral klas in ag te neem. Die doel is om nie net te bepaal hoe die demografie van die OB-vroue daarna uitsien nie, maar om ook te sien hoe vroue se verstaan en assimilasië van die *volksmoeder* in die verskillende klasse uiteindelik deel gevorm het van OB-vroue se *volksmoeder*-erfenis.

3.1.1 Vroueverenigings, die Groot Depressie en die Armblankevraagstuk: die *Volksmoeder* as middelklasverskynsel

Die verskynsel van blanke armoede het nie sy oorsprong in die Groot Depressie of die droogte van die tyd gehad nie. Dit het in die 1930's alreeds vir meer as drie dekades hardnekkige weerstand gebied teen alle pogings om dit op te los. Die Afrikaners was al sedert die ontdekking van diamante en goud in 'n ekonomiese oorgangsfase vanuit 'n selfversorgende landelike ekonomie na 'n kapitalistiese verstedelike ekonomie.⁸ Daar was alreeds voor die Anglo-Boereoorlog armblikes aanwesig, maar die probleem het sedert 1902 so in omvang toegeneem dat dit van 1910 af politieke implikasies gehad het wat die hele ekonomiese struktuur van die land geraak het.⁹ D.F. Malan het in 1917 daarna verwys as

⁶ Sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 328.

⁷ K. Sacks, “Toward a Unified Theory of Class, Race, and Gender”, *American Ethnologist*, 16, 3 (1989), 546.

⁸ F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se Groot Trek na die stede en ander opstelle*, p. 167.

⁹ P.J.J. Prinsloo, “Die Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p.3.

’n “nasionale probleem.”¹⁰ Politici, intelligentsia en die publiek se bekommernis hieroor het gekulmineer in die vyf volumes van die Carnegie Verslag in 1932 en die Ekonomiese Volkskongres in Kimberley in 1934. M.E. Rothmann, wat bygedra het tot die sosiologiese afdeling van die Verslag, sou later ’n prominente lid van die OB word. Die 1930’s was ’n tydperk van toenemende etniese en nasionalistiese mobilisasie onder die Afrikaner wat grootliks aangevuur is deur die armblankevraagstuk. Ook Afrikanervroue is ten nouste hierdeur geraak.

In die begin van die 1930’s is daar bepaal dat die totale hoeveelheid armblankes ongeveer 300 000 is, waarvan die meeste Afrikaanssprekend was. ’n Reeks faktore het bygedra tot die verarming.¹¹ Met die sluit van die grens (“frontier”) het ’n proses van sosiale en ekonomiese differensiasie binne die blanke bevolking plaasgevind. Dit het begin in die Transvaal en ander dele van Suid-Afrika teen die einde van die negentiende eeu. Die Carnegie-kommissie het tot die bevinding gekom dat die hooforsaak van armoede onder die blankes die gebrekkige aanpassing by die veranderende, meer verstedelike en industriële, ekonomiese stelsel was.¹² Die impak van die Groot Depressie, wat saamgeval het met die droogte in 1933, het veroorsaak dat die armblanke-probleem sterker op die agenda van Afrikanernasionalisme geplaas is. Daar is egter al lank voor die 1930’s aandag gegee aan die verskynsel van wit armoede – hoofsaaklik deur vroue georganiseer in liefdadigheidsorganisasies. Dit is in hierdie organisasies waar daar ’n duidelike klassediskoers te bespeur is wat nog duideliker na vore getree het met die kulminasie van die armblanke-probleem in die 1930s. Die klassediskoers het ten nouste saamgeval met dié van die *volksmoeder*.

In al vier provinsies van die Unie was daar ’n welsynsorganisasie waaraan middelklasvroue behoort het, byvoorbeeld die *Oranje Vroue Vereniging* in die Oranje Vrystaat, die *Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging* in die Kaap en die *Natalse Christelike Vroue Vereniging* in Natal. In hierdie afdeling word E. Brink se gedagtegang gevolg deur te let op die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* (SAVF) se assimilasie van die *volksmoeder* as middelklasverskynsel in die Transvaal. Al hierdie verenigings het hulle toegespits op welsynswerk: “members were expected to take responsibility for *arme blanken* in their

¹⁰ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 130.

¹¹ Sien in hierdie verband H. Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 315-354.

¹² R.W. Wilcocks, *Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika: Verslag van die Carnegie kommissie (II): Psichologiese verslag: die Armblanke*, pp. vi-viii. Sien ook F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaners se Groot Trek na die stede*, p. 149.

neighbourhoods.”¹³ Binne die sfeer van welsynswerk het vroue van die SAVF ’n redelike mate van outonomie en onafhanklikheid geniet en E. Brink noem dat hulle binne hierdie sfeer hard gewerk het “to provide a diverse number of social services, such as poor relief; hostels for unmarried mothers and young working girls; health care and aid to poor whites.”¹⁴ Die duidelike karaktereienskap van diensbaarheid is hier te bespeur. ’n Sterk sin vir onafhanklikheid was egter ook teenwoordig in die SAVF wat in die openbaar uitsprake gemaak het ten gunste van die politieke herlewing van die Afrikaner. Die organisasie het aanspraak gemaak op “freedom, true equality, self-government for our suffering *volk*.”¹⁵

Gedurende die 1930’s was die SAVF egter sterk gefokus op die armblankeprobleem. So het die vroue ook gepoog om rassevermenging te verhoed as deel van hulle moreel-opgelede taak. Brink haal die SAVF aan: “the failed poor white on his unhappily low standard of living can so easily become the companion and roommate of the non-white. Here, as well as at the communist meeting, the non-white learns to resist the idea of white guardianship and to regard himself as at least equal to the white [man].”¹⁶ Die idee van rasse-suiwerheid was baie nou verbonde aan die *volksmoeder*. As simbool is die *volksmoeder* vol van mites rondom wit en swart, reinheid en onreinheid, barbaarsheid en beskaaftheid. Die vrou, as moeder van haar volk, was dus ook verantwoordelik vir die reinheid van haar volk wat binne die tydsgebonde idees oor rassevermenging beskou kan word as die handhaaf van rassuiwerheid. Die vrou as bewaarder van die “sedes” van die volk is sterk benadruk in W. Postma se boek: “Als daar een ding is waarin onse moeders karakter geopenbaar het, dan was dit omtrent die opvoeding en omgang van hulle dogters. Die sterke sedelikebesef, die eer van die Boervolk was vir haar bo alles en het haar kinders rein bewaar, naar die oordeel van vriend en vijand.”¹⁷

Die middelklaspersepsie van die “agteruitgang” van die armblanke en die gevare van rassevermenging het die houding van die SAVF teenoor diegene wat hulle hulp ontvang het, gekleur. Daar was byvoorbeeld ’n duidelike ambivalensie in SAVF-lede se hantering van werkersklasvroue. Aan die een kant was die edelheid van die lydende armblanke geprys, maar aan die ander kant was daar ’n hopelose prentjie geteken van die “shy, alienated, sensitive, poverty stricken, sometimes backward and usually hopeless little woman with

¹³ M. du Toit, “‘Die bewustheid van armoed’: The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904–1928”, *Social Dynamics*, vol 18, no. 2, 1992, p. 3.

¹⁴ E. Brink, “Man-made women”, p. 286.

¹⁵ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism”, p. 57.

¹⁶ E. Brink, “Man-made women”, p. 287.

¹⁷ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, pp. 107-108.

neither initiative nor ambition.”¹⁸ ’n Duidelike onderskeid is gemaak tussen die “verdienselike” (deserving) armblankes, diegene met die wil om hulle uit armoede op te werk, en armblankes wat “sleg” en lui” was.

Ons sien dat middelklas-Afrikanervroue die rol van *volksmoeder* opgehef het tot ’n posisie van uiterse *diensbaarheid*, maar terwyl hulle deelgeneem het aan hierdie diskoers, het hulle nie maklik erken dat daar *volksmoeders* kon bestaan buite hulle sfeer van invloed of werk nie. Die titel “volksmoeder” is nooit toegeken aan werkersklasvroue nie, selfs al was die enigste vereiste vir lidmaatskap om “ordentlik” en “eerbaar” te wees.¹⁹ Interessant genoeg, net soos wat lidmaatskap tot die Broederbond beperk was tot mans, so ook het middelklasvroue van die *volksmoeder* ’n eksklusiewe konstruksie gemaak. Middelklasvroue het dus die titel vir hulleself geëien en dit omvorm tot ’n normatiewe en eksklusiewe ideaal van vrouwees. So het vroue van die SAVF byvoorbeeld na twintig jaar van diens en lojaliteit ’n “volksmoederknopie” ontvang om erkenning te gee aan hulle diensbaarheid.²⁰ E. Brink noem ook van gevalle waar verskeie prominente lede van die SAVF die titel “volksmoeder” formeel ontvang het. ’n Voorbeeld is dié van die president van die SAVF gedurende die 1940’s, S.B. Broers. Met haar dood is haar lyk vervoer na die begraafplaas in ’n ossewa getrek deur verpleegsters wat gewerk het by die SAVF Moedersbond Hospitaal in Pretoria. Op haar kis was die woord “volksmoeder” in blomme uitgespel.²¹

Alhoewel alle vroue nie noodwendig oor al die kwaliteite kon beskik nie, is die *volksmoeder* verhef tot ’n *ideaal* van vrouwees. Die ideale karaktereienskappe van ’n middelklasvrou wat lid was van die SAVF – ’n *volksmoeder* – was in hierdie verband selfopoffering, patriotisme, godsdienstige getrouheid, vaste morele beginsels, uithouvermoë, energie, dapperheid, insig en die begeerte om die medemens te dien. Dit is duidelik hoe hierdie karaktertrekke gebou was op sterk historiese voorveronderstellings wat gewortel is in die genoemde heroïese ideologie wat geskep is rondom die Boervrou gedurende die laat negentiende en vroeë twintigste eeu. Ons sien die assimilasië van die *volksmoeder* deur middelklasvroue as vrye agente in die geskiedenis en die verdere uitbou van hierdie sosiale instelling as kwalifiseerder vir “ideale vrouwees” vol vereistes waaraan vroue moes voldoen. Saam met hierdie vereistes

¹⁸ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism”, pp. 61-62.

¹⁹ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism”, p. 54. Sien ook E. Brink, “Man-made women”, p. 287.

²⁰ B.Y. Eisenberg, “Gender, class and Afrikaner nationalism”, p. 48.

²¹ E. Brink, “Man-made women”, p. 288.

het die gender-dinamika gekom waar vroue wat uiteindelik voldoen het aan die vereistes van 'n *volksmoeder* groter toegang tot mag gehad het. L. Vincent som die evolusie van die konsep in hierdie jare doeltreffend op:

In the original or “orthodox” version of the *volksmoeder* ideology, the Afrikaner woman’s highest calling and greatest fulfilment was to be found in her own home where she would physically and morally reproduce the nation. However, the ideology did not remain restricted to this form. In the context of the growing concern in Afrikaner nationalism with poor whiteism, the emphasis on the individual family shifted to the role which women could play in the project of uplifting the nation’s poor.²²

Onderwys het ook in die 1930’s ’n belangrike rol in die intellektuele en politieke ontwaking van Afrikanervroue begin speel deurdat onderwys meer toeganklik vir vroue geword het. Vroue soos Erika Theron en haar tydgenote was die eerste geslag Afrikaanse vroue wat tersiêre kwalifikasies verwerf het. Voorts het die beklemtoning van vroue se tweeledige rol, naamlik as moeders van die huisgesin en moeders van die volk, vir vroue die geleentheid gebied om deel te neem aan verskeie projekte buite die private sfeer van die huis. So het die vroue van die ACVV byvoorbeeld ’n sterk afkeer gehad van bewegings wat manlike outoriteit uitgedaag het, maar het terselfdertyd geagiteer vir ’n legitieme plek vir Afrikanervroue in die publieke sfeer deur konserwatiewe idees rondom die rol van vroue aan te vat.²³ Binne hulle duidelik omskrewe posisie en plek het vroue hulle beywer vir meer mag, maar sonder om af te wyk van die *volksmoeder*-diskoers. Die woorde van Scott resoneer duidelik in die verskynsel van die *volksmoeder* onder middelklasvroue: “Established as an objective set of references, concepts of gender structure perception and the concrete symbolic organization of all social life.”²⁴ Teen die agtergrond van hierdie aanhaling is dit nie verbasend dat die eiening van die *volksmoeder* nie net beperk was tot middelklasvroue nie.

3.1.2 Die impak van verstedeliking op vroue: die *volksmoeder* as werkersklasverskynsel

Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu was die Afrikaners baie vinnig besig om te verstedelik: van 29 persent in 1910, 50 persent in 1936 tot 75 persent in 1960. In 1936 was hulle ’n kwart van die blanke populasie van beide Kaapstad en Johannesburg en die helfte van

²² L. Vincent, “Bread and honour”, pp. 64-65.

²³ M. du Toit, “Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism”, pp. 122-123.

²⁴ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 45.

Pretoria en Bloemfontein.²⁵ In die 1930's was die grootste getal Afrikaners deel van die werkersklas. As alle familieledede in berekening gebring word, was ongeveer 500 000, oftewel een helfte van die Afrikaners, deel van die werkersklas.²⁶ Saam met die verstedeliking het blanke vroue se deelname in die arbeidsmark ook toegeneem tussen 1900 en 1930. Hulle het tussen 14 en 15 persent van die industriële arbeidsmark verteenwoordig in 1924/25 en ten spyte van die Depressie het dié getal toegeneem tot 25 persent in 1938.²⁷ Ongeveer 90 000 blanke vroue was besig met arbeid buite die huishouding teen 1926. Vanselfsprekend het dit 'n krisis in tradisionele genderverhoudings veroorsaak. Getroude Afrikanervroue het bygedra tot ongeveer 20 tot 40 persent van huishoudelike inkomste in blanke stedelike gebiede.²⁸ In baie huishoudings was vroue die enigste broodwinner en hierdie ekonomiese situasie het gevolglik die outoriteit van hulle vaders en mans uitgedaag.²⁹ Een van die hoofareas waar vroue werk kon kry, was in Suid-Afrika se bloeiende vervaardigingsindustrie, in besonder die klerefabrieke.

Saam met vroue se toetrede tot die arbeidsmark is daar ook toenemende druk geplaas op die konserwatiewe idee van die *volksmoeder* as 'n vroulike persona van onwankelbare getrouheid aan moederskap en huishoudelike arbeid. Die beeld van die hardwerkende, maar afgeronde huisvrou en welsynswerker wat die Afrikanervrou as *volksmoeder* moes oproep, was ver verwyder van die harde realiteit onder die jong, nuut-verstedelikte Afrikanervroue wat gewerk het in Suid-Afrika se klerefabrieke in die 1920's en 1930's. Die Depressie van 1930 tot 1932 het sake net vererger met baie fabrieke wat nie meer aan vroue lone kon betaal nie. Werkersklasvroue het hulle in 'n onmoontlike situasie bevind. L. Vincent haal 'n klerewerker aan wat hierdie situasie beskryf:

What could we do? We had no money to take us home, the instalments on the few pieces of furniture we possessed had to be paid, we could expect no financial help from home because the depression had hit the farmers equally hard as industry and our parents were in the same boat as ourselves. We stayed on and had to eat less food, and lived on practically nothing until we all got ill.³⁰

²⁵ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 405.

²⁶ E.P. du Plessis, *'n Volk staan op: Die ekonomiese volkskongres en daarna*, p. 125.

²⁷ L.M. Kruger, "gender, community and identity", p. 45.

²⁸ E. Brink, "Maar net 'n klomp factory meide", pp. 185-187.

²⁹ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 425.

³⁰ Johanna Cornelius soos aangehaal in L. Vincent, "Bread and honour", pp. 65-66.

Hierdie omstandighede het nie noodwendig die simpatie van die Afrikanermiddelklas opgeroep nie. Klerewerkers is beskou as “morally suspect” in die oë van die middelklas. Vincent skryf dat daar gedurende ’n vergadering oor die oprig van ’n losieshuis vir vroue in die Belgravia voorstad van Johannesburg, ’n petisie onderteken deur 250 Afrikaners die bou van die losieshuis teengestaan het. Daar is geargumenteer dat die losieshuis die waarde van eiendom sou degradeer en dat die hoë standaarde van die gebied in gedrang gebring sou word. Een van diegene wat die petisie onderteken het, het gekla: “you want to make a second Sophiatown of Belgravia, by building these hostels there. How would you like to live right in front of a hostel for factory girls?”³¹

Dieselfde gedagtegang is gevolg deur prominente nasionaliste soos J.D. Kestell wat dikwels geargumenteer het in die nasionale pers dat dit verkeerd was vir vroue om die plase te verlaat en na die stede te gaan. Die idee van die plattelandse lewe was sterk verbonde aan die *volksmoeder*beeld wat geskep was deur kulturele entrepreneurs soos W. Postma en E. Stokenström. W. Postma skryf byvoorbeeld: “Die vrou is trots om haar eie boerderij te drijf binne en buite die huis... Die huismoeder is daar trots op om self haar boerderij in die haak te hou.”³² Vir Postma was daar geen sprake dat ’n Afrikanervrou enigiets anders as ’n boervrou op die plaas kon wees nie. Kestell se motiewe met sy uitsprake was dieselfde as dié van Postma met die skryf van sy boek en dit was gewortel in ’n normatiewe verstaan van vrouwees. Die stede is beskou as ’n morele bedreiging vol gevare van verengelsing. Afrikaners se vrees vir die agteruitgang van die volk het uiting gevind “in the reverberating cry of back to the land.”³³ Jong Afrikanervroue wat dus onlangs verstedelik het en gebly het in die krotbuurte van Johannesburg, verwyder van die bande van familie, is beskou as ’n bedreiging vir die ideologiese en rassuiwerheid van die volk.

Klerewerkers het nie die kritiek van mense soos Kestell ligtelik opgeneem nie. ’n Leidende figuur onder die klerewerkers, Johanna Cornelius, het die idealisering van die verlede deur mense soos Kestell gekritiseer deur die harde realiteit van Afrikanervroue op die Rand daarmee te kontrasteer:

³¹ L. Vincent, “Bread and honour”, p. 66.

³² W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, pp. 97 & 99.

³³ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 49.

As an Afrikaner woman, I disagree with the sentiments expressed by Dr. Kestell. I and thousands of my fellow working women in the factories are moved by bread and butter problems and cannot become sentimental about the beauties of the countryside. I am not afraid of the towns nor of the march of progress. What is best in the traditions of my people, I shall always carry forward, not being content with lamentations about our people, but by carrying on the fight for our rights which the Voortrekkers started.³⁴

Die bogenoemde aanhaling dui op 'n unieke verstaan deur fabriekswerkers van Afrikanernasionalistiese mites. Terwyl sosiale en ekonomiese struikelblokke werkersklasvroue verhoed het om lede te word van die SAVF, of enige ander middelklasvereniging wat aan hulle die status van 'n *volksmoeder* sou toeken op grond van vrywillige welsynswerk, het hulle verpligte toetrede tot die arbeidsmark hulle nie gekeer om ook aanspraak te maak op die titel nie. Dit is duidelik te sien in die geledere van Afrikanervroue wat lede was van die Klerewerkstersunie – een van die mees militante vakbonde gedurende die oorlogsjare.³⁵

Werkersklasvroue het in hierdie vakbond op 'n kulturele vlak aanspraak gemaak op die Afrikaner se gedeelde erfenis. Soos die bogenoemde aanhaling van Cornelius aandui, het vroue hulle eie stryd om oorlewing in die fabriek gekoppel aan die stryd van Voortrekkervroue en het so 'n bewussyn van hulleself as vroue en werkers in 'n vervreemde industriële wêreld gekweek.³⁶ Die geïdealiseerde uitbeelding van Afrikaner-vrouwees, gesimboliseer in die *volksmoeder*, was uit verskeie oogpunte 'n aantreklike beeld – veral vir vroue wie se sosiale status in die samelewing voortdurend onder kritiek deurgeloop het. By wyse van die *volksmoeder* is daar aan vroue 'n sentrale plek gegee in die belangrikste historiese herinneringe van Afrikanernasionalisme. Dit is dus nie verbasend nie dat werkersklasvroue vasgehou het aan die beeld van hulleself as vindingryk, trots en moreel onkreukbaar.³⁷ Leidende vroue in die Klerewerkstersunie het baie moeite gedoen om uit te wys hoe die positiewe karaktereenskappe geassosieer met die tradisionele *volksmoeder*beeld net so relevant was vir vroue se nuwe lewens as fabriekswerkers. Anna Jacobs het byvoorbeeld die deursettingsvermoë van die Voortrekkervroue en Susanna Smit se beroemde dreigement van 1843 gekoppel aan die stryd van die vroulike werker: “We workers of our

³⁴ Johanna Cornelius soos aangehaal in L. Vincent, “Bread and honour”, p.67.

³⁵ Sien E. Brink, ‘The Afrikaner women of the Garment Worker’s Union, 1918-1939’ (MA thesis, University of the Witwatersrand, 1986).

³⁶ E. Brink, “Man-made women”, p. 298.

³⁷ L. Vincent, “Bread and honour”, p. 67.

state and for all the women in our country, shall take the lead and climb the Drakensberg again.” Anna Scheepers het hierby aangesluit deur te noem dat werkersklasvroue ’n belangrike bydrae het om te lewer: “In every country in the world and like the Voortrekker woman in this country, women workers contribute their share towards the progress of the trade union movement and of the nation as a whole.”³⁸ Daar kan dus saamgestem word met Brink dat “[t]he garment workers, representative of at least part of the Afrikaner female working-class community on the Witwatersrand, did indeed see themselves as successors to the heroic tradition of Voortrekker women.”³⁹

Die *volksmoeder*beeld wat Afrikanervroue uitbeeld as eerbaar, rein, dapper en hardwerkend het vir werkersklasvroue iets gegee om mee terug te veg in hulle posisie van uiterse marginalisering. Die gryp na die *volksmoeder* was hierdie vroue se reaksie op die geweldige aanpassing wat vereis is deur ’n veranderende en verstedelike Suid-Afrika. Dit was iets waarmee hulle die gevoel van minderwaardigheid in ’n klasbewuste samelewing kon bestry. In plaas daarvan om die etniese identiteit te verwerp, het hulle as’t ware aanspraak gemaak daarop om erken te word as Afrikaners en het die stryd om ’n beter lewe gekoppel aan die beste tradisie van die Afrikanerdom.⁴⁰ Lede van die Klerewerkstersunie het aktief met die metaforiese moontlikhede van die *volksmoeder* gewerk en het dit op só ’n wyse herinterpreteer dat die beeld ook vir werkersklasvroue ’n plek in Afrikanernasionalisme gegee het.

Wanneer vroue se omgang met die *volksmoeder*beeld oorweeg word, kan daar volkome met Scott saamgestem word dat die konstruksie van gender bestaan uit ’n *subjektiewe identiteit*. Middelklasvroue, sowel as werkersklasvroue, het hulle identiteit gekonstrueer op grond van ’n reeks aktiwiteite, by wyse van sosiale organisasie en die gebruik van histories-spesifieke kulturele voorstellings.⁴¹ Ons sien dat die *volksmoeder* geensins ’n vaste punt met tydlose permanensie in die binêre voorstelling van gender is nie. Dit is ’n konstruksie gebou op vroue se tydsgebonde en sosiaal gebonde verstaan van geslagtelike verskil. Wat meer is: dit is nie net ’n subjektiewe konstruksie nie, maar ook ’n identiteitsvoorstelling waaraan daar voortdurend nuwe betekenis geheg word deur verskeie groepe wat aanspraak maak daarop. Soveel so dat ons dit ’n betwiste beeld van vrouwees kan noem.

³⁸ E. Brink, “The Afrikaner women of the Garment Worker’s Union, 1918-1939”, p. 41.

³⁹ E. Brink, “Man-made women”, p. 290.

⁴⁰ L. Vincent, “Bread and honour”, p. 67.

⁴¹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 44.

3.1.3 'n Betwiste beeld van vrouwees: Deelname van selfbenoemde volksmoeders uit alle klasse aan die Voortrekkereufees

Nie net werkersklasvroue het in die dertigerjare onder die swaard van 'n minderwaardigheidsgevoel geleef nie. Grootse verstedeliking, dekades van armoede en die proses van verengelsing het die ganse Afrikanerbevolking soms in 'n niemandsland gedompel. Giliomee noem dat saam met die dominansie van Britse kultuur, Britte en mense van Joodse afkoms ook hoofsaaklik georganiseerde arbeid beheer het. Slegs 10 persent van leierskapsposisies was in die hande van die Afrikaner.⁴² Op beide ekonomiese en kulturele gebied was daar 'n stryd aan die gang soos blyk uit die woorde van E. Louw, een van die eerste Afrikaanse diplomate, aan D.F. Malan:

Ons moet die feit erken dat die Engelse seksie van die bevolking “sterker” is as die Afrikaner-seksie. Op taalgebied is hulle sterker omdat hulle taal 'n wêreldtaal is. Op ekonomiese gebied is hulle veel sterker omdat feitlik al die besigheid van die hele land in hul hande is. Die “gemiddelde” Engelse Suid-Afrikaner is beter opgevoed (“educated”) as die gemiddelde Afrikaanssprekende – en wel omdat die gros van die Afrikaanssprekendes op die platteland en op boereplase woon, terwyl die gros van die Engelse stedelinge is. Dan ook gee die “Britse konneksie” aan die Engelse 'n sekere mate van politieke en morele sterkte...⁴³

Anna Neethling-Pohl, prominente lid van die OB, het meer as veertig jaar later hierdie gevoel van minderwaardigheid, toegeskryf aan Brittanje, beskryf as “... daardie vyand, daardie denasionaliserende vyand van destyds wat in ons skole, in ons meubels, in ons kuns, in ons alles ons probeer verkleineer het.”⁴⁴ Hierdie proses is deur die verdeeldheid in Afrikaner-politieke gelede net vererger. Met al die veranderinge in die dertigerjare, het Afrikaners begin laertrek rondom die *volkseie*. Dit het gelei tot die verdieping van die kultuurbegrip van Afrikaner-wees wat saamgehang het met die groeiende Westerse nasionalismes in hierdie tyd.⁴⁵ Onbewustelik is die ideaal van 'n volksbeweging daargestel wat as gevolg van die politieke verdeeldheid nooit werklik momentum kon kry nie. Die drang na volkseenheid het

⁴² H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 423.

⁴³ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n biografie*, p. 357.

⁴⁴ OBA: Bandopname, onderhoud, transkripsie (hierna tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 3.

⁴⁵ J.J. Badenhorst, “Vroeë organisasiestruktuur”, p. 26.

egter nie vervaag en verdwyn nie, maar die begeerte het ontstaan om 'n beweging daar te stel wat oor die grense van klas en politiek die Afrikaner sou saambind.

Teen die einde van die dertigerjare het dit al hoe beter begin gaan met die Afrikaner op ekonomiese gebied en veral in die stede het daar 'n groeiende nasionalisme in Afrikanergeleedere beslag begin kry. Die “armblanke-mentaliteit” is ook geleidelik deur die Afrikaner afgeskud en geleidelik het hy vir hom en sy taal en sy kultuur 'n regmatige plek begin opeis. Dit het saamgevloei terwyl die Afrikaner ook op die arbeidsmark en in die beroepswêreld 'n impak begin maak het. Verder gestimuleer deur 'n groeiende aanwas in Afrikanergeleedere, was daar in hierdie tyd 'n sterk ontwaking van Afrikanernasionalisme te bespeur.⁴⁶ Hierdie ontwaking kan gekoppel word aan waarna verwys is as die Afrikaner se “nasionale beweging.” G. Cronjé, latere hoof van die OB vroue-volksorg, beskryf hierdie beweging soos volg:

[D]ie totale, omvattende volksaksie van die Afrikaner om homself as nasie te laat geld, om ooreenkomstig eie volksaard te lewe en te ontwikkel, om toestande of verskynsels wat sy selfverwesenliking as nasie bedreig of in die wiele ry, die hoof te bied, en om op elke gebied van die lewe – maatskaplik, godsdienstig, kultureel, wetenskaplik, opvoedkundig, ekonomies, polities – volwaardig te wees, as gelykwaardige sy plek naas ander in te neem en op gelyke voet met ander 'n rol te speel en sy bydrae te lewer.⁴⁷

Hierdie sluimerende, broeiende Afrikanernasionalisme het die geleentheid gekry vir sy uiting in die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938. Die vierings was die kulminasie van dertig jaar se werk deur Afrikanernasionaliste om die geskiedenis van hulle volk te konstrueer en populariseer. Die fees self het begin met 'n beskeie gedagte van slegs een wa vanaf Hartenbos na Pretoria. Dit het uiteindelik soveel belangstelling uitgelok dat twaalf waens op vyftien roetes getrek het.⁴⁸ Na 'n reis van byna vier maande het agt waens in Pretoria en vier op Bloedrivier aangekom. Die simboliese ossewatrek was 'n emosionele impuls in Afrikanergeleedere wat die verpersoonliking van die eiening van hulle identiteit geword het – 'n sterk reaksie op die minderwaardigheid gekweek deur Britse oorheersing: “Dit was die geweldigste demonstrasie vir selfhervinding, vir sedelike herbewapening en

⁴⁶ P.F. van der Schyff, “Agtergrond en stigting” in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurtjie in droë gras*, p. 7.

⁴⁷ G. Cronje soos aangehaal deur P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p. 333.

⁴⁸ O.J.O. Ferreira, *Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, p. 83.

ideale-beweging wat Suid-Afrika nog gesien het.”⁴⁹ T.D. Moodie noem dat die Tweede Trek besonder belangrik was vir die etniese mobilisasie van die Afrikaner. Volgens hom was die Groot Trek “formal proof of God’s election of the Afrikaner *volk* and His special destiny for them.” Om hierdie rede verwys hy na die simboliese Ossewatrek as die oomblik waarin “the civil faith became a guaranteed effective ideological agency of social and economic mobilization.”⁵⁰

Die Eeufeesvieringe het baie uitwerkings op die Afrikanersamelewing gehad. Die ideaal van Afrikanereenheid is byvoorbeeld tydelik in die politieke wapenstilstand tussen J.B.M. Hertzog en D.F. Malan verwesenlik. Die tydelike heel van hierdie wond sou ’n sterk stimulus wees vir die stig van die Ossewa-Brandwag. Die Eeufees was egter ook ’n belangrike oomblik in die konstruksie van die *volksmoeder* met Afrikanervroue uit verskillende klasse, sowel as mans met nasionalistiese motiewe, wat gewedywer het vir die toeskryf van dominante betekenis aan hierdie subjektiewe identiteit. Hierdie tipe wedywering word deur Scott soos volg beskryf:

[N]ormative concepts that set forth interpretations of the meanings of the symbols... typically take the form of a fixed binary opposition, categorically and unequivocally asserting the meaning of male and female, masculine and feminine. [N]ormative statements depend on the refusal or repression of alternative possibilities, and sometimes overt contests about them take place. The position that emerges as dominant, however, is stated as the only possible one.⁵¹

M. du Toit dui op die vergestaltung van hierdie normatiewe konsepte deur te verwys na die uitdrukking daarvan in materiële kultuur. Wanneer daar gekyk word na gedrukte werke en foto’s uit hierdie tyd, is die “tradisionele” drag van die Voortrekkers sterk opvallend, maar nog te meer: “the strongly gendered nature of ‘traditional’ dress is particularly striking.”⁵² A. McClintock skryf oor vrouens se Voortrekkerdrag: “...the women’s starched white bonnets signifying the purity of the race, the decorous surrender of their sexuality to the patriarch, and

⁴⁹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 10.

⁵⁰ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, pp. 3 & xvii.

⁵¹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 43.

⁵² Du Toit, M., “Framing volksmoeders: The Politics of female Afrikaner nationalists, 1904-c.1930”, in P. Bacchetta & M. Power, *Right-wing women: From conservatives to extremists around the world*, p. 58.

the invisibility of female labour.”⁵³ Dit bring ons terug by ’n ander vorm van materiële kultuur, naamlik die ossewa genaamd “Vrou en Moeder” waarna verwys is in Hoofstuk 1. Dit is veelseggend dat elk van die ander waens vernoem is na ’n manlike Voortrekkerleier, maar dat die een wa wat vernoem is na vroue ’n homogene geheel wil vorm van wat dit beteken om ’n Afrikanervrou te wees. Die beeld van die *volksmoeder* word so deur nasionaliste voorgehou asof dit in geheel geskep is en van die begin af teenwoordig was in die geskiedenis, in plaas daarvan om dit te beskou as ’n onderwerp wat onder konstante betwisting staan, vol groot verskille in menings oor wat ’n *volksmoeder* is. Hierdie twis om betekenis te heg aan “Afrikanervrou-wees” het sterk gefigureer in die “overt contests” tussen die motiewe van manlike nasionaliste, middelklasvroue en werkersklasvroue gedurende die Eeufees.

Die motiewe van Afrikanernasionalistiese mans kom duidelik na vore in die ossewa, “Vrou en Moeder”. Hierdie simbool bevat die “tradisionele” en “ortodokse” verstaan van die *volksmoeder*. Die generiese beskrywing van die ossewa simboliseer vroue se verhouding tot die nasie as indirek, bemiddel deur haar sosiale relasie tot mans. Haar nasionale identiteit lê in haar onbetaalde dienste aan haar man en kinders wat terselfdertyd haar diens aan die volk is.⁵⁴ Hierdie beeld onderdruk alternatiewe moontlikhede en die politieke aard van die *volksmoeder* wat dit vir vroue moontlik maak om vir hulle meer vryheid in die publieke sfeer te eien. Voorts is vroue ingespan as ’n magtige simbool wat die “morele grense” van die Afrikaner bewaar het en die simboliese laer van die volk se rassuiwerheid gevorm het. In hierdie verband verwys A. McClintock na die volgende foto as “women as boundary markers of the Afrikaans nation”⁵⁵:

⁵³ A. McClintock, “No longer in a future heaven”, p. 107.

⁵⁴ A. McClintock, *Imperial leather*, pp. 370-371.

⁵⁵ A. McClintock, “Family feuds: Gender, nationalism and the family”, p. 70.



Figuur 3(a): Afrikanervroue tydens die Eeufeesvieringe

“Verenigde Front: Vroue van De Rust simboliseer die aksie en uitkyk van die Afrikaanse vrou”⁵⁶

Hierdie foto is vir McClintock verteenwoordigend van die genderkomponent in Afrikanernasionalisme – ’n nasionalisme wat vir haar “synonymous with white male interests, white male aspirations, and white male politics” is, met die “contradictory figure of the *volksmoeder*, the mother of the nation at its center.”⁵⁷ Alhoewel die *volksmoeder* die vorm aanneem vir tydgenote as iets wat vas is in die binêre verstaan van man/vrou of ryk/arm, bevat dit as sosiale konstruksie geensins vaste betekenis nie. Dit is vol metaforiese moontlikhede en die betekenis daarvan word voortdurend geskep en betwis. Beide mans en vroue kon betekenis gee aan die *volksmoeder* deur die normatiewe konsepte in te span om hulle eie doelwitte te dien. McClintock se uitlating dat die *volksmoeder* “[o]n the one hand recognizes the power of motherhood; on the other hand, it contains that power within an iconography of domestic service”⁵⁸ beperk die “power” wat die beeld toeken tot slegs Afrikaner huisvroue – vroue wat die ideaal van “huismoederlikheid” kon uitleef.⁵⁹ Sy neem hier nie die subjektiewe aard van ’n sosiale instelling soos dié van die *volksmoeder* in ag nie. Soos blyk uit die bogenoemde bespreking van blanke klerewerkers op die Rand, hoef vroue nie noodwendig in die kombuis te leef om die konstruksie vir hulleself te eien nie. Die subjektiewe aard van die *volksmoeder* het in die Eeufees ook gestalte gevind in werkersklasvroue se deelname daaraan en die reaksie vanaf die Afrikaanse middelklas is veral veelseggend betreffende die “overt contests” tussen verskillende partye om betekenis

⁵⁶ Foto geneem uit D. Mosterd, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p.27.

⁵⁷ A. McClintock, *Imperial leather*, p. 369.

⁵⁸ A. McClintock, “No longer in a future heaven”, p. 109.

⁵⁹ Sien in hierdie verband W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, pp. 97-102.

aan identiteit te heg. Dit gee 'n duidelike blik op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil wat neerslag sou vind in die OB.

Soos reeds genoem is die moraliteit van blanke vroulike fabriekswerkers in twyfel getrek deur Afrikanernasionalistiese teenstanders van die Klerewerkersunie. Nasionaliste het dié vrou gesien as Afrikanerdogters “who went to Johannesburg to dance with Kaffirs.”⁶⁰ Toe Solly Sachs, leier van die Klerewerkersunie, voorgestel het om lede van sy vakbond te stuur na die Eeufeesvieringe toe, het die nasionaliste hom 'n antwoord gegee wat die komplekse interaksie tussen ras, klas en gender weerspieël:

We Afrikaners acknowledge no classes as you and your satellites are trying to introduce – therefore we do not want the garment workers as a “class” to participate in the celebrations, but all together with us as Boers – the factory girl with the professor’s wife. You and Johanna Cornelius, who all day organize and address kaffirs – will you dare to bring them also along to the celebrations? They are your fellow workers and comrades.⁶¹

Ander nasionaliste het verklaar dat die vakbond se deelname aan die feesvieringe “in die kiem gesmoor” moet word en ander weer dat dit “a mockery of our (Afrikaans) national traditions” sou maak. Klerewerkers het egter gereageer dat hulle as lede van die vakbond toegelaat moes word om daaraan deel te neem, aangesien daar baie onder hulle is wie se vaders gesterf het in die Anglo-Boereoorlog en boonop was byna almal van hulle afstammeling van die Voortrekkers.⁶² Voorts het Johanna Cornelius die rassediskoers van die nasionaliste teengestaan deur pogings om 'n blanke vakbond te laat posvat te beskryf as 'n kapitalistiese komplot om werkers onderdanig te hou deur rassehaat te kweek.⁶³

Teëstand uit kapitalistiese oord het die klerewerkers nie verhoed om heelhartig aan die fees deel te neem nie. Johanna Cornelius het in die amptelike mondstuk van die Klerewerkersunie, naamlik *Die Klerewerker*, 'n spesiale artikel geskryf oor die Eeufees getiteld “Ons en die Voortrekker-eeufees!” L. Vincent dui op die belangrikheid van klerewerksters se houding teenoor die fees en hulle aanneem van die *volksmoeder* ikonografie ten spyte van teenstand.

⁶⁰ J. Hyslop, “White working-class women and the invention of Apartheid: 'Purified' Afrikaner nationalist agitation for legislation against 'mixed' marriages, 1934-9”, *The Journal of African History*, vol. 36, no. 1, 1995, p. 67.

⁶¹ E.S. Sachs, *Rebels' daughters*, p. 138.

⁶² L. Vincent, “Bread and honour”, pp. 76-77.

⁶³ H. Giliomee, *The Afrikaners*, p. 426.

Cornelius het haar lesers aangemoedig om die feesvieringe ernstig op te neem. Sy het die klerewerkers opgeroep om Voortrekkerdrag te dra wanneer hulle die feesvieringe bywoon – nie net vir pret nie, maar as ’n vorm van eerbetoning aan die leiers soos Piet Retief, Piet Uys, Andries Potgieter, Pieter Maritz en ander wat met “courage and daring led the volk into a wild and uninhabited land.” Haar oproep was soos volg:

Let us here on the Rand also celebrate and go out to meet the Voortrekker wagons. Let our old folk songs once again sound among the hills. We as a garment workers’ union should shake our members who toil from early morning until late at night awake from their dreams and cheer them to join the celebrations. We should also be nurturing those three traits which stood out in our Voortrekkers, namely courage, determination and enterprise.⁶⁴

Deur hulle regmatige plek as vroue met die kwaliteite van *volksmoeders* te eis in Afrikanergeledere, het die klerewerkers ook diegene stilgemaak wat hulle moraliteit bevraagteken het: “Others may scream and blacken our names, but we continue on our way, just as the Voortrekkers followed the path into darkest South Africa. It is our culture and we want to keep it pure and hold it high.”

Klerewerkers het georganiseer in *Kappiekommando’s* onder leiding van Hester en Johanna Cornelius. Hulle het ontmoet in groepe om saam te werk ten einde hulle tradisionele Voortrekkerdrag self te maak en om danse en liedjies te oefen wat hulle voor die volk sou opvoer op 16 Desember. Vroeg in November het die organiserende komitees van die Eeufees ontmoet met die verteenwoordigers van die *Kappiekommando’s* en die ganse land opgeroep “to receive the girls into their midst and treat them as fellow Afrikaners”. So is daar nie net ’n politieke wapenstilstand bereik deur die Eeufees nie, maar die breuk in klasseterme is ook geheel. L. Vincent skryf: “Cornelius saw the 1938 Great Trek centenary celebration as marking the point at which the incorporation of working class women into the Afrikaner nation gained enduring acceptance from those already within the borders of the imagined community.”⁶⁵

Alhoewel hierdie ’n oorwinning was vir manlike Afrikanernasionaliste (met blankevroue wat die stemreg ontvang het in 1930, was die klerewerkers ’n aantreklike toevoeging van

⁶⁴ L. Vincent, “Bread and honour”, pp. 76.

⁶⁵ Hierdie en die vorige paar paragrawe is gebaseer op L. Vincent, “Bread and honour”, pp. 75-77.

stemme), kan die groei van Afrikanernasionalisme hoegenaamd nie beskou word as die produk van middelklas-kulturele entrepreneurs wat dit reggekry het om vroue aan die neus rond te lei nie. Die klerewerkers het 'n aktiewe rol gespeel in die verkryging van erkenning vir werkersklasvroue as regmatige lede van die *volk*. Weereens is die woorde van L. Vincent hier van belang:

Whereas the 'factory girl' might not have been what Willem Postma and his contemporaries had in mind when they crafted the notion of the *volksmoeder*, rather than rejecting the powerful *volksmoeder* mythology outright, leading Afrikaner women in the GWU helped to extend its interpretation to include the reality of women in wage labour.⁶⁶

Regdeur die dertigerjare was daar 'n wedywing om betekenis te heg aan die *volksmoeder*. Net soos die kategorieë "man" en "vrou" is die *volksmoeder* beide leeg en oorvol. Dit is nie gewortel in biologiese determinisme nie en is daarom leeg, maar as konstruksie is dit voortdurend vol van betekenis. Dit is juis hierdie subjektiwiteit wat dit moontlik gemaak het vir beide middelklasvroue sowel as werkersklasvroue om aanspraak te maak op presies dieselfde identiteitskonstruksie. Die *volksmoeder* het geappelleer tot middelklasvroue, want dit het hulle plek in die samelewing as vroue, moeders en welsynswerkers geregverdig. M. du Toit noem in hierdie verband dat vroulike leiers van welsynsorganisasies, soos M.E. Rothmann, 'n maternalistiese diskoers gekonstrueer het wat staatgemaak het op hoofstroomidees van vroue se primêre rol as moeder. Alhoewel hulle nie die idee van aparte sfere fundamenteel uitgedaag het nie, het die volgende gebeur:

[The] language of social housekeeping claimed responsibility for nonfamilial social spaces, extending women's mothering role beyond the home, to forge a new, more inclusive definition of the political and to claim some direct power for women in a redefined public arena.⁶⁷

Die *volksmoeder* het vir middelklasvroue iets gegee om aan vas te hou in 'n veranderende wêreld. Hulle aanvaarding van die beeld was só sterk dat dit werkersklasvroue op die verdediging geplaas het. Werkersklasvroue het die simbole en konsepte van die *volksmoeder*

⁶⁶ L. Vincent, "Bread and honour", p. 78.

⁶⁷ M. du Toit, "Framing volksmoeders", p. 67.

aangeneem en het, nes middelklasvroue, verder gegaan en dit herdefinieer vir hulleself. So het hulle, hulle aanspraak op 'n regmatige plek in die Afrikanersamelewing geregverdig.⁶⁸

Afrikanernasionaliste soos W. Postma en E. Stokenström het die normatiewe konsepte van gender geneem en die simboliek van die *volksmoeder* só ingespan om uiteindelik die metaforiese moontlikhede van die simboliek te giet in terme van 'n "narrow and defensive ethnic consciousness."⁶⁹ Beide die vroue betrokke by die ACVV en KWU het die simboliek van die *volksmoeder* gevat en die grense wat deur Postma en Stokenström daargestel is, gebreek deur die metaforiese moontlikhede daarvan te eksploiteer. In hierdie verband het vroue vindingryk omgegaan in die konstruksie van hulle eie identiteit. Daar kan dus saamgestem word met McClintock wat skryf: "The idea of the *volksmoeder* is a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and women, and adapted constantly..."⁷⁰ Vroue was aktief in die konstruksie van hulle eie identiteit en was nie net passiewe reseptore van 'n manlik gekonstrueerde beeld nie: "The process of ideological mobilization is never purely a contest between leaders in which constituents are afforded a merely responsive role."⁷¹

As die Ossewa-Brandwag sy oorsprong gehad het in die Eeufees, sou dit nie verkeerd wees om te sê dat die beeld van *volksmoeder*, soos dit kulmineer in die Eeufeesvieringe, ook neerslag gevind het in die OB nie. Van die belangrikste genderbetekenis wat deur die Eeufees oorgedra is na die OB, word saamgevat in die volgende uittaling van A. McClintock:

"From the outset, as the Eeufees bore witness, Afrikaner nationalism was dependent not only on powerful constructions of racial difference, but also on powerful constructions of gender difference. A gendered division of national creation prevailed, whereby men were seen to embody the political and economic agency of the *volk*, while women were the (unpaid) keepers of tradition and the *volk*'s moral and spiritual mission. This gendered division of labor is summed up in the imperial gospel of the family and the presiding icon of the *volksmoeder*."⁷²

⁶⁸ E. Brink, "Man-made women", p. 291.

⁶⁹ I. Berger, *Threads of solidarity: Women in South African industry*, p. 70.

⁷⁰ A. McClintock, "No longer in a future heaven", p. 109.

⁷¹ L. Vincent, "Bread and honour", p. 78.

⁷² A. McClintock, "No longer in a future heaven", p. 108.

Ten einde te bepaal hoe OB-vroue omgegaan het met die konstruksie van hulle eie identiteit en hulle eie, unieke gebruik van die *volksmoeder*, is dit nie net belangrik om te weet hoe Afrikanervroue in die 1930s deelgeneem het aan die *volksmoeder*-diskoers nie. Daar behoort ook aandag geskenk te word aan die oorsprong van die OB self en wat die impak van die manlik uitgewerkte ideologie van die OB op die metaforiese moontlikhede van die *volksmoeder* was.

3.2 Faktore wat agentskap motiveer: Die stigting en ideologie van die Ossewa-Brandwag

Sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede het alles bygedra tot die krisis van die 1930's wat uiteindelik gelei het tot die artikulasie en uitbou van georganiseerde, ekstremistiese nasionalisme. Die 1930's was 'n tyd van volgehoue ekonomiese verandering, die Depressie, erge droogtes dwarsoor Suid-Afrika, strukturele veranderinge in die politieke landskap en die agteruitgang van 'n demokratiese bewussyn.⁷³ Al hierdie faktore het daartoe bygedra om die tyd ryp te maak vir die stig van 'n beweging soos die Ossewa-Brandwag. Die emosionele en psigologiese impak van die Eeufeesvieringe het gedien as vonk in die kruitvat.

P.J.J. Prinsloo wys daarop dat “die kulturele feesgety van Desember 1938 een van die grootste gebeurtenisse in die Afrikaner se volkslewe” was.⁷⁴ Die gees van eksklusiewe nasionalisme, wat voor 1939 aan die ontwikkel was, is bevorder deur die kulturele ontwaking rondom die Eeufees. Dit het uiteindelik uitgemondd in 'n nasionale beweging in Afrikanergeleedere wat sou poog om hom op alle terreine van die samelewing te manifesteer.⁷⁵ Dit is dus nie verbasend dat een van die grootste motiverings agter die stig van die OB nie net die “bestendiging van die Ossewa- en Eeufeesgees in die land”⁷⁶ was nie, maar om “die gees van die Ossewatrek [te] bestendig in diens van Voortrekkerideale *en die volk*.”⁷⁷ Die hoofdoel van die OB sou wees om as “omvattende volksbeweging” die Afrikaner se posisie in sy geheel te verbeter.⁷⁸ Die herstel van volkseenheid en die ideaal van republikeinse onafhanklikheid sou die oorheersende motiewe agter hierdie doelwit wees. Hierdie omvattende “lewenskragtige organisasie wat ten doel het die samesnoering van alle

⁷³ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 124.

⁷⁴ P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952”, p. 15.

⁷⁵ P.F. van der Schyff, “Agtergrond en stigting”, p. 8.

⁷⁶ A.J.H. van der Walt, *h Volk op trek*, p. 12.

⁷⁷ A.J.H. van der Walt, *h Volk op trek*, p. 11.

⁷⁸ P.F. van der Schyff, “Agtergrond en stigting”, p. 10.

Afrikaners in die Unie”⁷⁹ sou ook die vrou insluit wat self ook vir haar ’n plek in die beweging sou eien en uitbou. Na aanleiding van die sterk nasionale gevoel, opgewek deur die Simboliese Ossewatrek, is die Ossewa-Brandwag amptelik in Bloemfontein gestig op 4 Februarie 1939.⁸⁰ Ná sy amptelike stigting het die OB ontsettend vinnig gegroei en in die woorde van P.J. Meyer, soos ’n “veldbrand” regoor Suid-Afrika versprei.⁸¹ Binne die eerste paar maande het die organisasie ontwikkel tot ’n massabeweging met meer as 300 000 lede.⁸²

Die leiers van die OB was bewus van die diep klasseverskille teenwoordig in die Afrikanersamelewing, onder manne sowel as vroue. Daarom wou hulle die “gees” van die Eeufees behou, ook bedoelende die heel van die breuk tussen Afrikaners vanuit verskillende ekonomiese posisies en politieke standpunte wat vir so kort tydjie in 1938 plaasgevind het. Anna Neethling-Pohl het die OB se blindheid vir klasseverskille soos volg beskryf:

Dit was nie net ’n geleerde groep akademici nie, dit was nie net ’n klomp Spoorwegmanne nie; dit was nie net ’n klompie boere nie, maar orals, soos masels, het dit uitgeslaan en dít was vir my so wonderlik dat dit ’n gesamentlike front was wat gevibreer het en wat belanggestel het in die verwerwing van die vryheid...⁸³

Die ideaal van vryheid het kort na die stig van die OB nog groter aandag begin geniet. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 1 September 1939 het die OB ’n middel vir Afrikaners geword om hulle ontevredenheid teenoor Brittanje hard en duidelik te artikuleer. Die uitbreek van die oorlog, die skeuring in die Verenigde Party en die oorgaan van die regering na Brits-gesinde hande het van die OB “Vyand No. 1 van die Imperialiste”⁸⁴ gemaak. Deelname aan die beweging was vir Afrikaners ’n soort passiewe “rebellie” teen die regering. Voorts het verset teen die oorlog ook ’n groot invloed uitgeoefen op die karakter van die jong organisasie, soos weerspieël in die OB se ideologie.

⁷⁹ OBA: N.G.S. van der Walt-vers., B/L 2/13, omslag 1: Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag.

⁸⁰ Sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 300-308 vir ’n deeglike bespreking van die omstandighede rondom die stigting van die OB.

⁸¹ P.J. Meyer, *Nog nie ver genoeg nie*, p. 32.

⁸² OBA: H.M. van der Westhuysen, “Die Ossewa-Brandwag en die oordeel van die geskiedenis”, in *OB Jaarboek 1948*, pp. 85-87. In die beginstadium van die OB, naamlik in Maart 1939, het ’n opposisiekoerant van die Afrikaner, naamlik die *Sunday Times* die ledetal van die OB op 100 000 geskat. Daar is egter meningsverskille oor die presiese getal – dit kan nie met duidelikheid vasgestel word nie.

⁸³ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 3.

⁸⁴ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 42.

Een van die hoofredes waarom die OB in die begin so aantreklik was vir die meeste Afrikaners, was moontlik omdat die beweging nie 'n duidelik uitgestippelde ideologiese profiel gehad het nie. Christoph Marx skrywe dat die OB breë doelstellings verteenwoordig het waarmee elke Afrikanernasionalis kon saamstem, ongeag geslag. Hierdie doelstellings was hoofsaaklik volkseenheid, 'n verwerping van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog en die ideaal van republiekwording.⁸⁵ Baie vroue het geïdentifiseer met hierdie doelstellings. Mev. M.E. le Roux vertel in haar herinneringe: “Ek is gebore uit 'n baie groot familie wat van vaders- en moederskant een en almal Nasionaliste was... met die eerste en beste geleentheid wat ons kon kry, het die Afrikanerbloed in ons are gebruis en gekook. Daardie geleentheid? Die ontstaan van die Ossewa-Brandwag!”⁸⁶ Mev. Debora Dommissie, kleindogter van Piet Retief, vertel dat ná die Simboliese Ossewatrek “het jy maar outomaties oorgegaan na die Ossewa-Brandwag, omdat jou gevoelens daardie tyd was, soos die gevoelens van die meeste Afrikaners, dat ons nie in die oorlog betrokke moet wees nie.”⁸⁷ Erika Theron eggo hierdie sentimente deur te skryf dat “[i]n die beweging se beginjare was al wat Afrikaner wat teen die oorlog was, lid van die OB.”⁸⁸ Mev. M.J. Louwrens noem dat sy haar man oorreed het om saam met haar by die OB aan te sluit, want “dis 'n beweging wat goed is vir Suid-Afrika om vir ons 'n republiek te kry.”⁸⁹ Vroue was deel van die tienduiseende wat aangesluit het by die OB en alhoewel vroue nie deelgeneem het aan die uitwerk van die amptelike OB-ideologie nie, sou daar 'n proses van wederkerige interaksie plaasvind tussen die normatiewe konsepte oor vrouwees inherent in die ideologie en vroue se reaksie op hierdie konsepte.

Die ideologie van die OB moet gesien word teen die agtergrond van die denkklimaat van die dertiger- en veertigerjare se heersende ideologiese ontwikkelings in Europa. Die beginsels van die OB was gegrond in 'n eiesoortige verstaan van Nasionaal-Sosialisme en Fascisme. P. de Klerk dui daarop dat verskeie Afrikaanse akademici 'n belangrike rol gespeel het in die vorming, formulering en verduideliking van OB-ideologie. Veral drie denkers staan uit, naamlik prof. L.J. du Plessis (professor verbonde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en lid van die Grootraad), dr. P.J. Meyer (doktor in filosofie en latere lid

⁸⁵ C. Marx, “The Ossewa-Brandwag as a mass-movement, 1939-1941”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 20, no. 2, 1994, p. 196.

⁸⁶ OBA: Bandopname (tr.), geen bandnr, 1985: Herinneringe van mev. M.E. le Roux, 1985, p. 1.

⁸⁷ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnrs. 205 & 211, 1978: H.M. Robinson/D. Dommissie, p. 1.

⁸⁸ E. Theron, *Sonder hoed of handschoen*, p. 41.

⁸⁹ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1985: Herinneringe van mev. M.J. Louwrens, 1985, p. 1.

van die Grootraad) en prof. H.G. Stoker (filosoof verbonde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege).⁹⁰ Al drie hierdie denkers het Nasionaal-Sosialisme en Fascisme, elk op sy eie manier, beskou as die vergestaltung van 'n nuwe wêreldorde. Stoker meen dat hierdie nuwe ideologieë “waarheidsmomente” het en die Calvinistiese Afrikaner kan aanklank vind hierby in die bereik van sy eie oogmerke.⁹¹ Du Plessis plaas minder klem op Calvinisme en sien Nasionaal-Sosialisme as die komende wêreldorde⁹² en Meyer vereenselwig hom byna ten volle met die karaktereienskappe van hierdie nuwe orde.⁹³ Wat belangrik is, is dat al drie denkers die OB sien as “die middel waardeur die Afrikaner hom kan voorberei vir die nuwe bedeling waarin hy dan sy nasionale aspirasies kan vervul.”⁹⁴ Die Grootraad, as hoogste gesagsorgaan van die OB, was verantwoordelik vir die uitreik en goedkeur van beleidstukke en beide Du Plessis en Meyer het op die Grootraad gedien.⁹⁵ Die kommandant-generaal (KG), as hoofleier van die OB, het natuurlik ook 'n belangrike rol gespeel in die formulering van beleid. Die eerste KG, kol. J.C.C. Laas (Feb. 1939 tot Okt. 1940) het egter nie 'n leidende rol hierin gespeel nie. Die tweede KG van die OB, wat gedurende die belangrikste deel van die organisasie se bestaan die leier was, dr. J.F.J. van Rensburg (Jan. 1941 tot Feb. 1951) het wel 'n rol in alle fasette van OB optrede gespeel.⁹⁶ Van Rensburg self het 'n groot waardering gehad vir die gedissiplineerdheid van die Duitse volk onder Hitler, sowel as die Nasionaal-Sosialistiese staatstelsel.⁹⁷ Die nasionale aspirasies van die Afrikaner kon volgens hierdie figure nie langs party-politieke weg verkry word nie en die OB het homself voorgehou as die alternatief.

Soos reeds genoem, kan die nasionale aspirasies opgesom word in nasionale eenheid (volkseenheid wat Afrikanergesentreerd is), verset teen oorlogsdeelname (verset teen die “vreemde”) en die republikeinse ideaal. Die ideaal van volkseenheid, sowel as die republikeinse ideaal het gestalte gevind in die amptelike doelstelling van die OB in Oktober 1940:

⁹⁰ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag” in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurtjie in droë gras*, p. 293.

⁹¹ P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 1, 1989, pp. 57-66.

⁹² P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, pp. 66-73.

⁹³ P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, pp. 73-81.

⁹⁴ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 293

⁹⁵ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 02-04.11.1943.

⁹⁶ P. de Klerk, “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 47.

⁹⁷ J.F.J. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp.38-49.

“a. Dat die hoofdoel en strewe van die Ossewa-Brandwag die voortplanting, beskerming en uitlewing van Voortrekkerbeginsels- en ideale is, insluitende die godsdienstige, morele en ekonomiese opbou van ons volk.

b. Dat die Ossewa-Brandwag, onder andere, ook die vryheidsideaal van die Voortrekkers aanvaar, te wete die stigting van ’n vrye onafhanklike Christelike-Nasionale Republiek, en tegelykertyd die diepe begeerte van die Eeufeesjaar wil help verwesenlik te wete die totstandbrining van ’n hegte, doelbewuste en blywende Afrikanervolkseenheid.”⁹⁸

Die verkryging van ’n republiek gegrond op die “Christelik-Nasionale lewensbeskouing van die Afrikanervolk” word beskryf as die OB se “vernaamste doel en strewe”.⁹⁹ Hierdie doel en strewe kan egter slegs verkry word langs Nasionaal-Sosialistiese weg. Die ganse staatkundige en sosiale struktuur van die Afrikaner moet herskep word “op die basis van die Christelik-Nasionale Republikeinse Gesagstaat daargestel deur die volk.” Die OB staan dus ’n gesagstaat voor met beklemtoning “van die sosiale aspekte, gedra deur die bewussyn van ‘Volksbelang voor Eiebelang’.”¹⁰⁰ Hierdie omvattende samelewingsideaal word soos volg beskryf: “Ons glo in die ineenstorting van die demokrasie met sy geldmag en ons glo in die republiek wat kom. ’n Republiek wat rekening hou met die sosialisme wat oor die hele wêreld kom, die Christelik-nasionale gesagstaat nasionaal en sosiaal van aard.”¹⁰¹ In lyn hiermee het dr. Van Rensburg verklaar dat die Christelik-Nasionalisme van die OB net soos die Nasionaal-Sosialisme van Duitsland en Italiaanse Fascisme die uiting is van ’n nuwe gees van volksbelang wat in elke land op sy eie, unieke manier na vore tree.¹⁰²

Die OB was nie net ’n voorstaander van ’n gesagstaat nie, maar het ook beleid en beginsels geformuleer vir byna elke aspek van die toekomstige republiek. In hierdie verband is die maatskaplike beskouing van die OB, soos geformuleer vanaf 1943, veral van belang vir die vroue.¹⁰³ Vroue het egter nie ’n belangrike invloed uitgeoefen op die formulering van beleid nie. Genle C.W. Rautenbach, hoofvrou van Gebied F, bevestig dat die Vroue-afdeling nie ’n

⁹⁸ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 03.10.1940. Dit is belangrik om in ag te neem dat die OB se doelstellings deurentyd klemverskuiwings ondergaan het soos wat lands- en wêreldomstandighede verander het.

⁹⁹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, pp. 120-121.

¹⁰⁰ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 15, omslag 4: *Ossewa-Brandwag: Vanwaar en Waarheen?*, pp. 3-6. Sien ook P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 296.

¹⁰¹ OBA: F.D. du Toit van Zyl-vers., B/L 1, omslag 7: *Die Ossewa-Brandwag en die parlamentsverkiesing: die kommuniste en die soldate*.

¹⁰² P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 298.

¹⁰³ Hierdie beskouing word in besonderhede bespreek in Hoofstuk 6.

aandeel gehad het in die beleidsformulering en die “hoë politiek” van die OB nie, maar dat vroue wel “geweldige belangstelling” daarin gehad het.¹⁰⁴ In ’n amptelike uiteensetting van die OB se beskouing van die vrou kom die ideaal van die *volksmoeder* ten sterkste na vore:

In our individualistic, egotistical and liberal society a false impression of motherhood has come into existence, namely that it is a burden and a bother while it is thought to sound very fashionable to speak, to jeer and scoff at the thought of a large family. By enlightening the *volk* we shall be able to restore the conception of motherhood as the highest calling of the woman, to its position of honour. In this way we shall be able to ensure that the *volk* place greater value on the woman who takes care of her maternal responsibilities.¹⁰⁵

Die manifestasie van die *volksmoeder* in OB-beleid en OB lede se sosiale optrede word later in besonderhede bespreek. In die tydperk 1939-1943 het die oorlogsgees nog hoogty gevier en in hierdie verband is die OB se verset teen die oorlogsdeelname amper van meer belang vir die verstaan van vroue se optrede in die OB. Daar kan gepraat word van die “verborge doelwitte” van die beweging wat klem gelê het op versetpolitiek. Kenmerkend van die eerste bestaansjare van die OB, is dat vroue veel meer beïnvloed was in hulle optrede deur die omstandighede van die Tweede Wêreldoorlog as deur ’n wasige ideologie wat P. de Klerk akkuraat beskryf as ’n toekomsvisie met “’n sterk utopiese inslag” wat “nie genoeg rekening [hou] met die werklikheid nie.”¹⁰⁶ Dit is juis hierdie wasigheid wat aanvanklik daartoe gelei het dat mense in hulle tienduisende by die OB aangesluit het en die OB ook as middel gesien het vir uiting van hulle anti-oorlogsentimente.¹⁰⁷

Met die stig van die OB in 1939 was die beweging hoofsaaklik ’n kultuurorganisasie met kulturele doelwitte. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, sowel as Hertzog se nederlaag teen Smuts en die mislukte herenigingspogings tussen Malan en Hertzog, het egter daartoe gelei dat die OB veel meer omvattende doelstellings geformuleer het. Die OB het homself gesien in die middel van ’n stryd tussen ’n ou en nuwe samelewingsorde, naamlik die kapitalisties-demokratiese en ’n nasionale en sosialistiese bedeling.¹⁰⁸ As verteenwoordiger van die nuwe orde sou die OB ’n nuwe bedeling in Suid-Afrika inlei. Sommige lede van die

¹⁰⁴ OBA: Bandopname, onderhoud, (tr.), bandnr. 23, 1985: H.M. Robinson/C.W. Rautenbach, p. 5.

¹⁰⁵ Pamflet aangehaal in L. Vincent, “Bread and Honour”, p. 70 (Oorspronklike nie beskikbaar in OB-Argief).

¹⁰⁶ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 317.

¹⁰⁷ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 332.

¹⁰⁸ Sien. P. de Klerk, “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ’n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 2, 1989, pp. 90-131.

OB het geweld ook beskou as 'n manier om hierdie bedeling te bewerkstellig en so kan daar 'n dualistiese element in die doelwitte van die beweging identifiseer word. Baie lede het ook hulle geloof in parlementêre demokrasie verloor weens die afloop van die neutraliteitsdebat en omdat hulle nie veel hoop gehad het dat die Afrikaners gou die mag in die parlement sou oorneem nie.

Voorts het die OB teruggegryp na die verlede en het in hierdie verband ooreenstemmings getoon met die Fasciste in Italië en die Nazi's in Duitsland deurdat dit 'n anti-moderniseringsbeweging was.¹⁰⁹ Die proses van Afrikanerverstedeliking het tussen 1910 en 1940 'n hoogtepunt bereik. Die eerste geslag verstedelikte Afrikaners was nie voorbereid op die “kultuurskok” van die stadslewe nie. Suid-Afrikaanse stede was op daardie stadium nog Engelsgeoriënteer. Verder het Afrikaners wat in die stede werk gesoek het nie die opleiding gehad om in myne, fabrieke, winkels en kantore te werk nie. Hulle het finansiëel en maatskaplik swaargekry in die stede. Afrikaanse instellings soos kerke, skole, klubs en koerante was in hulle kinderskoene in die stedelike gebiede. Dit was dus vir daardie eerste geslag stedelike Afrikaners 'n vervreemdende ervaring. Baie het die stad as 'n vyandige omgewing ervaar. Om 'n salaris te verdien en alles te moet koop, en om te meet en te pas om elke maand met jou salaris uit te kom, was 'n nuwe lewenswyse vir die voormalige plaasjapies. Dit was maklik vir die Afrikaanse koerante om hulle lesers wys te maak dat die imperialis, die jingo en die kapitalis (Hoggenheimer) die Afrikaner se vyande is. Die afkeer van die moderne, stedelike kapitalistiese stelsel, gedomineer deur die Engelsman en die Jood, kon dus maklik deur die OB se “wasige” teruggryp na die heroïese verlede en toekomsideaal van die herstel van die Afrikanerrepubliek aangewend word om massasteun te verwerf.

Van der Schyff noem dat hoewel die OB ten tye van die oorlog voorgekom het as 'n blote kultuurliggaam met “verhewe doelstellings ten opsigte van die Afrikaner se saak”, dit tog van sy stigting af 'n militante inslag gehad het.¹¹⁰ Van Rensburg self het ook klem geplaas op die feit dat die groot Afrikanerhelde van die verlede “manne van die swaard” en nie “salonhelde van die kultuur” was nie.¹¹¹ Dus was daar van die begin af onrus oor die militêre karakter van die beweging. Met betrekking tot dié dualistiese aard is daar in die koerante na die OB

¹⁰⁹ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?*, pp. 16-17.

¹¹⁰ P.F. van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, p. 183.

¹¹¹ OBA: J.F.J. van Rensburg-vers.: J.F.J. van Rensburg (jr.), *My Vader, Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag*, pp. 28-29.

verwys as 'n "kultuur-met-die-roer-liggaam" en as 'n "Leemetford-kultuurvereniging".¹¹² Hierdie "binominale" karakter word akkuraat beskryf in 'n verklaring van P.J. Oosthuizen wat uit die OB bedank het weens ontevredenheid daarmee:

"As geheime genootskap is die Ossewa-Brandwag tweeledig van geaardheid. Die twee aspekte van so 'n genootskap of beweging word gewoonlik bestempel met die vreemde woorde exoteries en esoteries. Wanneer ons van die exoteriese aspek van die genootskap praat, dan bedoel ons alles wat in die buitekring plaasvind en wat bekend is aan die gewone of oningewyde lede van die beweging of genootskap. En wanneer ons van die esoteriese aspek van die beweging of genootskap praat, dan bedoel ons dié dinge wat plaasvind in die binneste kring en waarvan die eintlike betekenis en doel bekend is alleen aan dié persone wat tot hierdie binneste kring ingewy is."¹¹³

Voorbeelde van die "esoteriese" karakter is geheime oefenkampe wat deur sekere OB-kringe gereël is.¹¹⁴ 'n Oud-OB vertel: "Ons het daar in Twyfelpoort in die klowe gedril asof ons mal was. Ons het gereeld bymekaargekom en ons het daar gedril met gewere en perde en alles. Ons het ons gereed gemaak. As daar moeilikheid sou kom, moes ons gereed wees."¹¹⁵ G.C. Visser wat in beheer was van die destydse ondersoek na ondermynende bedrywighede van die OB skryf oor dokumente waarop daar beslag gelê is die volgende: "The documents clearly pointed to the fact that plans were being prepared for an armed rising with the object of overthrowing the government in power. It was also obvious that the OB was not only anti-British and anti-Government, but favoured the enemy."¹¹⁶ Die OB was nie net pro-Duits omdat hulle anti-Brits was nie, maar in die woorde van Erika Theron "dit het in daardie jare gelyk of die Duitsers die oorlog gaan wen en ons het, naïef, gedink ons kry ons republiek deur die Duitsers."¹¹⁷ Deel van die sogenaamde "verborge doelstellings" was om soveel as moontlik onrus te veroorsaak in die binneland ten einde te verhoed dat die Unie verdedigingsmag deelneem aan die oorlog teen Duitsland.¹¹⁸ In hierdie verband het die Stormjaer-beweging stelselmatig sy beslag gekry en in die jare 1941 tot 1942 is Suid-Afrika oorval deur sabotasie en ondergrondse bedrywighede waar aktivistiese verset veral vanaf die

¹¹² *Die Vaderland*, 9.3.1939 & 20.4.1939.

¹¹³ OBA: N.G.S. van der Walt-vers., B/L 2/13, omslag 7: Verklaring van P.J. Oosthuizen, 10.06.1939.

¹¹⁴ OBA: J.F.J. van Rensburg-vers.; J.F.J. van Rensburg (jr.), *My Vader*, Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag, pp. 28-29.

¹¹⁵ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 129, 1979: H.M. Robinson/C.J.N. Fourie, p. 5.

¹¹⁶ G.C. Visser, *The OB: Traitors or patriots?*, p. 22.

¹¹⁷ E. Theron. *Sonder hoed of handschoen*, p. 41.

¹¹⁸ G.C. Visser, *The OB: Traitors or patriots?*, p. 55.

Stormjaer-kant gekom het.¹¹⁹ Die Stormjaers was nie amptelik deel van die OB nie, maar is deur dr. Van Rensburg beskryf soos volg: “Die suurdeeg van aktivisme in die OB was die Stormjaerorganisasie”.¹²⁰ Massa-internerings, aangevuur deur die gewelddadige verset van die Stormjaers, het daartoe gelei dat OB-vroue ’n kardinale rol sou speel in die verset teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname. Hierdie rol word in ’n latere hoofstuk bespreek.

Die Ossewa-Brandwag het dus ’n eiesoortige ideologie gehad gegrond in beide Calvinisme en Nasionaal-Sosialisme en die idee van “organiese volkseenheid”.¹²¹ Die ideaal van volkseenheid en die herstel van die Afrikaner se onafhanklikheid by wyse van ’n republiek is voorgehou as slegs moontlik langs die weë van anti-parlementêre politiek. Voorts het die OB nie gewag vir die republiek om sy beleid rondom elke aspek van die “volkslewe” te formuleer nie. As Duitsland die oorwinning sou behaal, sou die OB die logiese troonopvolger van die Smutsregering wees – daarom is daar ook duidelike beleidstukke geformuleer oor die “ideale” rol van die vrou in die OB se “ideale” staat. Daarby het die beweging ook vir nasionalisties-gesinde Afrikaners die geleentheid gebied om uiting te gee aan hulle frustrasie en ontevredenheid met Smuts se oorlogsbesluit, of dit nou was om die braaivleisvuur by ’n kultuurbyeenkoms of as deel van die Stormjaers. Lidmaatskap van die OB was nie bepaal deur geslag nie – enige blanke persoon kon aansluit by die OB. Om hierdie rede was daar ook plek vir vroue om hulleself te laat geld.

3.3 ’n “Spesiale” plek vir vroue: Die skep en organisasie van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling

Die geleentheid om te reageer op wêreldgebeure, en om saam te werk aan die uitbou van die posisie van die Afrikaner in Suid-Afrika, was nie net beperk tot mans in die OB nie. Die sterk onafhanklikheidsin van die *volksmoeder* word ook beklemtoon in vroue se rol in die OB. Hulle was inderdaad ook deel van die Afrikaners se “Tweede Rebelle”. Leiers uit die Afrikanerrebelle van 1914 is verhef tot helde in die OB en teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het OB-lede hulleself beskou in dieselfde lig as die rebelle van 1914. Die OB self is in baie opsigte deur lede en buitestaanders beskou

¹¹⁹ P.F. van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, p. 218.

¹²⁰ J.F.J. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 51 & 84.

¹²¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 15, omslag 4: *Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 27.

as die Tweede Rebellie.¹²² In die volgende afdelings en hoofstukke van hierdie studie word die rol en agentskap van vroue bespreek teen die agtergrond van die dinamiese *volksmoeder*-konstruksie asook die dualistiese karakter van die Ossewa-Brandwag. Dit word beskou as faktore wat vroue se agentskap gemotiveer het. Saam met die OB se verstaan en artikulasie van die *volksmoeder* het hierdie faktore OB-lede se verstaan van geslagtelike verskil sterk beïnvloed. Alreeds met die oorweging van die rol van vroue tydens die eerste vergaderings van die OB was die gender-dinamiek binne die politieke magspel te bespeur.

3.3.1 Omstandighede rondom die totstandkoming van die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling en Vroue Adjunkraad

Drie maande ná die amptelike stigting van die OB, is daar besluit op 'n vergadering van 27 Mei 1939 dat daar op die volgende vergadering spesifiek aandag geskenk sou word aan die plek, rol en taak wat die vrou in die OB sou beklee. Daar is tydens die vergadering van 27 Mei alreeds 'n konsep-konstitusie opgestel en N.G.S. van der Walt, wat by die vergadering teenwoordig was, skryf “op hierdie vergadering is die hele konstitusie afgehandel”¹²³ – sonder dat die rol van die vrou bespreek is. Tog is daar voorsiening gemaak dat Mev. Lizette Scholtz van Ventersburg uitgenooi word na die vergadering van 17 Julie ten einde die rol van die vrou vas te lê. A.J.H. van der Walt skryf daar is besluit dat “'n volgende vergadering in Julie *spesiaal* aandag sou skenk aan die posisie van die vrou, en mev. Scholtz is met die oog daarop *spesiaal* daarheen uitgenooi”¹²⁴ Van der Walt se dubbele gebruik van die woord “spesiaal” is veelseggend. N.G.S. van der Walt skryf ook dat hy “spesiaal” self 'n uitnodiging na mev. Scholtz gestuur het.¹²⁵ Hierdie “spesiale”, afsonderlike, hantering van vroue sou dwarsdeur die OB figureer – ook wat hulle posisie in die kommando's betref.

Die leiers van die OB het hulle dit ten doel gestel om die beweging te organiseer volgens die kommandostelsel van die eertydse Boererepublieke. Dit sou die grondslag van die organisasiestruktuur vorm en daar sou “dwarsdeur die land afdelings wees georganiseer in kommando's met die doel om samewerking te soek met alle reeds bestaande

¹²² Sien in hierdie verband die roman wat dié spesifieke tydsgeses saamvat: F.W. Quass, *Die Tweede Rebellie: 'n roman uit die dae toe die Vierkleur opnuut die simbool was van alles wat die Afrikaner verteenwoordig het* (Johannesburg, Afcet-uitgewers, 1975).

¹²³ OBA: N.G.S. van der Walt-vers., B/L 2/13, omslag 1: Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag.

¹²⁴ A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, p. 14.

¹²⁵ OBA: N.G.S. van der Walt-vers., B/L 2/13, omslag 1: Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag.

kultuurorganisasies en die organisasies vir die ekonomiese opbou van die Afrikaner.”¹²⁶ Aparte vrouekommando’s sou ook dwarsdeur die land georganiseer word.

Tydens die vergadering van 17 Julie word daar besluit dat elke kommando uit twee aparte afdelings, manlike en vroulike, sou bestaan. Elke afdeling sou oor sy eie offisiere van gelyke rang tot met die van kommandant beskik. Die manlike kommandant sou egter oor die hele kommando bevel voer, aangesien hy beskou word as die senior kommandant.¹²⁷ Hiermee is die OB Vroue-afdeling in die lewe geroep. Kommandante sou in die praktyk dwarsoor Suid-Afrika in verskillende eenhede aangestel word ten einde vroue in ’n bepaalde area te organiseer.¹²⁸ Aanstellings van kommandante word op aanbeveling van die hoofoffisiere in Bloemfontein (waar die OB hoofkwartier is) bespreek en dan bekragtig deur die hoofleier van die beweging in oorleg met die Hoofraad (later die Grootraad).¹²⁹ Voorts kon geen vrou tot ’n hoër rang as dié van kommandante vorder nie.¹³⁰ Badenhorst dui daarop dat daar volgens die OB se voorwaardes vir lidmaatskap geen onderskeid getref is tussen mans en vroue nie. Enige blanke persoon, ongeag daardie persoon se geslag, kon lid word deur ’n verklaring en ’n belofte te onderteken dat “hy/sy die doelstellings van die beweging nastreef, die verpligtinge aanvaar, hom/haar onderwerp aan die reëls en tug van die beweging sowel as om die offisiere gehoorsaam te wees.”¹³¹ Hierdie oënskynlik gelyke, byna geslagsneutrale posisie van vroue in die OB blyk by nadere ondersoek sterk gewortel te wees in die binêre verstaan van geslagtelike verskil, naamlik dat mans en vroue biologies-aparte rolle het om in die samelewing te vervul.

Daar is genoem dat die konstitusie van die OB reeds afgehandel is gedurende die vergadering wat plaasgevind het vóór die rol van die vrou bespreek is. Gevolglik het vroue op ’n vergadering van die OB se Uitvoerende Raad, gehou op 12 September, 1939, ’n “rapport... ingedien van ’n weglating in die Konstitusieboekies, nl. dat die vroue ook hul plek moet inneem op die Bestuursliggame.”¹³² Tydens dié vergadering is daar besluit dat daar in die

¹²⁶ J.J. Badenhorst, “Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag” in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurtjie in droë gras*, p. 173.

¹²⁷ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 17.07.1939.

¹²⁸ OBA: Kommandant-Generaal-vers: Kommandant-Generaal (KG) Korrespondensie: sekretaresse/J.L. Uys, 12/09/1939.

¹²⁹ OBA: Kommandant-Generaal-vers: KG Korrespondensie: sekretaresse/Mev. J. Theron, 26/01/1940

¹³⁰ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 18: Die Vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag.

¹³¹ J.J. Badenhorst, “Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, p. 78.

¹³² OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 20: Notule van vergadering, 12.07.1939.

tweede druk van die konstitusie 'n artikel bygevoeg sou word oor die rol van die vrou.¹³³ Die invoeging in die tweede druk lui soos volg: “Die boerevrou van Suid-Afrika sal ook haar plek inneem op elk van hierdie bestuursliggame.”¹³⁴ Interessant genoeg verwys die konstitusie nie na mans as “boeremans” nie. Die konsep “boere”-vroue dra 'n simboliese betekenis wat duidelike ondertone van die *volksmoeder* bevat. Ten spyte daarvan dat vroue nou genoem word in die konstitusie, sou daar later wysigings aangebring word wat die genderpolitiek van “boerevroue” sterk aan die lig bring.

Vanweë talle grondwetlike aanpassings, is daar besluit op 'n vergadering van die Grootraad in Bloemfontein, op 9 Julie 1940, dat die konstitusie weereens herdruk moes word.¹³⁵ Gedurende hierdie vergadering was die vrou glad nie onder bespreking nie, tog is daar in hierdie verband 'n wysiging in die konstitusie aangebring as artikel XV: “Die vrou van Suid-Afrika sal net so organiseer soos die mans met hulle eie Grootraad en Beheerrade.”¹³⁶ Badenhorst noem dat hierdie lyk soos 'n tipiese misstap van die eerste Kommandant-Generaal van die OB, kol. J.C. Laas, wat nie die beste administrateur was nie. Vanselfsprekend het hierdie foutiewe wysiging gelei tot groot verwarring onder lede. Dit het byvoorbeeld aanleiding gegee daartoe dat vroue-offisiere met range hoër as kommandante aangestel is. Ten einde hierdie ongerymdheid op te los, is daar weereens 'n “spesiale” sitting van die Grootraad gereël vir 29 Augustus 1940 om in meer besonderhede aandag te gee aan die vroue-afdeling en finaal verwarring oor vroue se organisasie uit te skakel.¹³⁷

Uitvoerige opdragte, onderteken deur C.R. Kotzé (voorsitter van die Grootraad), is na aanleiding van hierdie vergadering na alle provinsies deurgegee oor hoe om die vroue-afdelings te organiseer. Daar is besluit dat die vroue aan wie daar hoër range as dié van kommandante toegeken was, nie hulle range sou verloor nie, maar “dat sodanige ampsdraers met behoud van hulle range oorgeplaas word na 'n spesiale Adviserende en Propaganda-afdeling.”¹³⁸ Hierdie nuwe organisatoriese liggaam sou apart van die manne-organisasie staan en sou “adviserend van aard wees.”¹³⁹ Hulle sou hoofsaaklik die provinsiale Beheerrade van

¹³³ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 20: Notule van vergadering, 12.07.1939.

¹³⁴ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 9: OB Konstitusie, artikel VII (10), [c.1939].

¹³⁵ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 09.07.1940.

¹³⁶ OB Konstitusie, artikel XV, [c.1940], soos aangehaal in J.J. Badenhorst, “Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, p. 79.

¹³⁷ J.J. Badenhorst, “Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, p. 79.

¹³⁸ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 18: Die Vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag.

¹³⁹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 20: Notule van vergadering, 29.08.1940.

raad bedien.¹⁴⁰ Hiermee het die Vroue-Adjunkraad tot stand gekom. Die Vroue-Adjunkraad (VAR) was deel van die Vroue-afdeling (ook genoem Vrouevertakking) van die Ossewa-Brandwag en elkeen van die vier provinsies het beskik oor 'n VAR bestaande uit vroue-offisiere. As liggaam verteenwoordig die VAR die Vroue-afdeling van die OB op die Grootraad.¹⁴¹ Ná die reorganisasie van die OB in 1943 (sien Hoofstuk 6) sou ses vroue-offisiere van die nuutingedeelde ses gebiede amptelike sitting kry op die Grootraad, die hoogste gesagsorgaan van die OB. Dit het egter nie beteken hulle is gelykgestel aan die manne-kommando's nie, soos met die eerste oogopslag blyk uit die naam van die VAR. Die Vroue-adjunkraad se benaming vloei voort uit die feit dat die raad adviserend sou optree, maar ook omdat hulle die adjunk-generaal (ook genoem Assistent Kommandant-Generaal) van die OB, van raad moes bedien. Voorts wil dit voorkom of die VAR gestig is om konflik tussen die geslagte te vermy nadat vroue reeds in ampte hoër as kommandante aangestel is. Verder benadruk die "Adjunkraad" ook die vrou se "adjunk"-posisie as ondergeskik aan die manlike "senior" kommando. Hierdie posisie blyk duidelik uit die besluite wat in 1940 geneem is rakende vroue se organisasie.

3.3.2. Die konseptuele praktyke van mag: Aanvanklike organisasie en leierskap van vroue in die Ossewa-Brandwag

Alhoewel die kommando's van die vroue-afdeling, net soos die manne-kommando's, beskik het oor hulle eie offisiere van gelyke rang tot met dié van kommandant, het hulle geen bevelvoerende magte besit buite hulle afgebakende gebied nie. Die adjunkposisie van die vrou word nog te meer beklemtoon deurdat die Vrystaatse Beheerraad byvoorbeeld in Junie 1941 daarop gewys het dat VAR-lede slegs adviserende magte besit het en in geen omstandighede direkte bevel aan selfs vroue-kommandante mag gee nie. Voorts moes lede van die OB die gewone kanale deur die OB-hoofkantoor volg en kon onder geen omstandighede met die VAR skakel nie.¹⁴² Die totstandkoming van die VAR met die doel om die provinsiale Beheerraad met raad insake vrouesake te bedien, sonder bevelvoerende magte, het egter tot probleme gelei wat doeltreffende organisatoriese funksionering in die wiele gery het. Organisasieprobleme het na vore getree hoofsaaklik omdat vroue-afdelings net so vinnig gegroei het as manskommando's, maar terselfdertyd is vroue uit die hoër hiërargie van die besluitnemingsproses uitgesluit en moes die hoofkommandant van die mans

¹⁴⁰ J.J. Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p. 25.

¹⁴¹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 18, Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking.

¹⁴² OBA: Gebied C-vers., B/L 6, omslag 5: Vrystaatse OB-bevel, no 10/41, 16/6/1941.

ook die bevel van die vroue-afdeling behartig.¹⁴³ Hierdie toedrag van sake is veroorsaak deur die besluite wat geneem is rakende vroue-organisasie op die Grootraadsvergadering van 29 Augustus 1940:

Die vroue-kommando's organiseer presies op dieselfde wyse as die mans, maar staan as 'n kommando apart onder hul eie offisiere tot by die rang van kommandant. Sodanige vrouekommando, hoewel 'n aparte eenheid, vorm 'n aanvullende afdeling van die manne-kommando, wie se kommandant die bevelvoerende offisier oor beide is waar gesamentlike aksie of strewe nodig is, of verlang word, in belang van die Ossewa-Brandwag, vir plaaslike sowel as algemene aangeleenthede.

- (a) Die vroue-afdelings van die manne-kommando's staan saam onder die opperbevel van die hoofkommandant.
- (b) Elke kommando (manne en vroue) het sy eie Plaaslike bestuur, bestaande uit die kommandant, adjudant en die drie veldkornette.
- (c) Waar gesamentlike optrede nodig is, vorm die Plaaslike Bestuur van die manne- en die vrouekommando hulle vir die uitvoering daarvan tot 'n Gesamentlike Bestuur, maar origens waar dit inwendige aangeleenthede betref, staan hulle apart.¹⁴⁴


OB-leiding het egter besef dat die uitoefen van absolute beheer oor vroue by wyse van die bogenoemde indeling te veel probleme veroorsaak. Die *status quo* is tot September 1941 gehandhaaf totdat daar 'n meer logiese indeling in Kaapland tot stand gekom het waarvolgens vrouekragte tot die optimum gemobiliseer is. Dit is gedoen deur meer mag aan vroue toe te ken. Lede van die VAR het nou met die rang van hoofkommandant bevelvoerende magte op die staf van die verskillende generaalskappe van die OB verkry en sodoende het die VAR 'n deursnit van elke provinsie verteenwoordig.¹⁴⁵ Daar is ook plek gemaak vir 'n vroulike assistent-hoofkommandant in die generaalskaphoofkwartiere sodat daar op intieme voet kontak met vrouekommando's gehandhaaf kon word.¹⁴⁶ Reorganisasie van die OB sou in 1943 plaasvind en ook die vroue-afdeling raak – dit word bespreek in 'n latere hoofstuk. Aanvanklik het die organigram van die OB vrouevertakking ná die bogenoemde wysigings soos volg daar uitgesien:

¹⁴³ J.J. Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p. 25.

¹⁴⁴ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Pamflet: Die Ossewabrandwag, pp. 2-3. Sien ook OBA: Grootraad-vers., B/L 1/3, omslag 18.

¹⁴⁵ OBA: Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3/14: Gebied A-Beweel, OB Kaapland no. 37/41, 15.9.1941.

¹⁴⁶ J.J. Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p. 26.



Figuur 3(b): Skematiese uiteensetting van die Vroue-afdeling¹⁴⁷

Die taal van gender kom duidelik na vore in die betekenisse wat die leiers van die Ossewa-Brandwag gehê het aan “manne sowel as vroue”. Die genoemde binêre verstaan van geslagtelike verskil en die giet van vroulike OB-lede op die simboliese grondslag van die “boerevrou”, met kwaliteite van die *volksmoeder*, loop soos ’n goue draad deur die adjunkposisie van vroue, asook saam met hulle aparte organisering. Vroue se rol is “aanvullend” tot die manne-kommando’s en al organiseer vroue apart, “behoort” vroue-afdelings volgens die bogenoemde punt (a) aan die manne-kommando’s (“die vroue-afdelings *van* die manne-kommando’s). Verder eien mans by wyse van gender-politiek ook vir hulle meer mag as vroue in die beweging toe deur te erken dat “uit die aard van die saak is elke Afrikanervrou individueel daartoe in staat [om leiding te neem]”, ten spyte hiervan “is dit absoluut noodsaaklik dat op georganiseerde wyse deskundige voorligting verskaf word om sodoende te verhoed dat daar ’n hindernis in die pad van harmoniese samewerking tussen die manlike en vroulike afdelings geplaas word deurdat die vrou nie op uiters bekwame wyse op haar

¹⁴⁷

J.J. Badenhorst, “Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, p. 118.

afgebakende gebied doeltreffend kan optree nie.”¹⁴⁸ OB-lede se verstaan van verskille tussen die geslagte het OB-beleid beïnvloed en gevolglik het vroue-afdelings in elke kommandantskap onder die toesig van die kommandant van die mans gestaan.

Vroue het baie vinnig begin organiseer binne die geleedere van die OB. Daar is verwys na “flukse vroue met organisasietalent.”¹⁴⁹ Dinge het egter nie altyd vlot verloop nie. Een van die hoofdoelwitte met die gebruik van die kommandostelsel, was om die klasseverskille in die Afrikanersamelewing teen te werk. So kon ’n spoorwegwerker ’n kommandant van ’n gebied wees en bevele gee aan ’n akademikus wat ’n veldkornet is, sonder dat klas ’n faktor is in die uitvoer van die opdragte. Dit wil egter voorkom of die klassefaktore wat bespreek is in bewegings soos die ACVV en SAVF ook in die OB Vroue-afdeling kop uitgesteek het. Dr. J.C. Neethling, OB generaal in Transvaal, skryf dat hy probeer het om nie dadelik veel aandag aan die vroue-organisasie te gee nie, aangesien die vroue onder mekaar getwis het oor range. Hy vertel: “sodra jy met die vrouens te doene gekry het, het ons byvoorbeeld die moeilikheid gekry: Ja my man is hoof van die skool, hoekom moet ek dan ’n veldkornet wees en daardie een moet ’n kommandant wees, en so voort. Dus het ek maar, dankie Vader, taamlik laat eers begin om te probeer om die vrouens ook te organiseer.”¹⁵⁰ Aanvanklik het die OB gebruik gemaak van ’n provinsiale indeling met elke provinsie wat beskik het oor ’n VAR. Ná die reorganisasie van die OB in 1943 sou Suid-Afrika vir die doeleindes van die beweging se organisasie bestaan uit ses gebiede.¹⁵¹ Ná reorganisasie het die provinsiale Vroue-adjunkrade weggeval en ’n “hoofvrou”, na wie verwys is as “generale” is aangestel vir elke gebied. In die foto hieronder verskyn die ses hoofvroue van die OB wat sedert die totstandkoming van die Vroue-Adjunkrade in die beweging gedien het. (genle. Du Toit van die Weskaap is later vervang deur dr. Erika Theron en genle. Rautenbach van die Noord Transvaal met Mev. A.C.M. Mostert:

¹⁴⁸ OBA: Grootraadvers., B/L 1/3, omslag 18: Omsendbriewe en bevele: Organisasietegote van die OB, Junie 1940. Sien afdeling 3.3.3 vir ’n beskrywing van hierdie “afgebakende gebied”.

¹⁴⁹ J.J. Badenhorst, “Vroeë organisasietruktuur”, p. 26.

¹⁵⁰ OB Argief, Bandopname, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 1.

¹⁵¹ Voor reorganisasie is die OB provinsiaal administree. Ná reorganisasie het die administratiewe gebiede van die OB soos volg daarna uitgesien: Gebied A: Weskaap; Gebied B: Oos-Kaapland; Gebied C: Vrystaat en Grikwaland-Wes; Gebied D: Natal; Gebied E: Witwatersrand, Oos- en Wes-Transvaal; Gebied F: Noord-Transvaal.



Figuur 3(c): Hoofvroue van die Ossewa-Brandwag¹⁵²

Vlnr. (voor): Genle. C. Meyer (Gebied C), genle. E.S. du Toit (Gebied A), genle. K. Malan (Gebied E)

Vlnr. (agter): Genle. C.W. Rautenbach (Gebied F), genle. S. de la M. Michau (Gebied B), genle. H. Steenkamp (Gebied D)

Regs (invoegsel): Bo: Genle. E. Theron (latere hoofvrou van Gebied A); **Onder:** genle. A.C.M. Mostert (latere hoofvrou van Gebied F)

Dit wil voorkom of die hoofvroue se posisie in 'n mate bepaal is deur hulle mans se posisie of hulle eie aansien in die samelewing. Genle. Rautenbach was byvoorbeeld die vrou van prof. Rautenbach, voormalige rektor van die Universiteit van Pretoria.¹⁵³ Mev. Emmie du Toit was die dogter van pres. M.T. Steyn en daar is dikwels na haar verwys as Emmie Steyn du Toit.¹⁵⁴ Dat vroue geneig was om te roem op hulle mans se posisie in die samelewing blyk duidelik uit die bogenoemde aanhaling van dr. Neethling en ook hoe daar na vroueleiers in die OB verwys is. Na mev. Anna Wassenaar, vrou van dr. Theo Wassenaar, is deur OB-lede verwys as mev. dr. Anna Wassenaar.¹⁵⁵ Voorts was dr. Theron 'n gesiene vrou in die openbare wêreld met haar hantering van die verslag oor kleurlingarmoede en later as burgemeester van Stellenbosch. Alle vroue het egter nie die onafhanklike aansien van vroue soos Erika Theron geniet nie. Vanweë die beperkings van genderverhoudinge het mans se posisie in die samelewing hulle vroue ook toegang gegee tot die publieke sfeer of, op die minste, tot 'n hoër rang in hulle eie "afgebakende gebied".

¹⁵² OBA: OB Fotovers., fotonr. 849: OB Hoofvroue. Foto's van E. Theron en A.C.M. Mostert uit Ossewa-Brandwag Museum geneem.

¹⁵³ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 23, 1985: H.M. Robinson/C.W. Rautenbach, p. 5.

¹⁵⁴ OBA: *Die OB*, 12.11.1941.

¹⁵⁵ OBA: Transvaalse beheerraadvers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Lesing deur mev. dr. Wassenaar.

Daar kan na die stand van sake in die organisasie van die OB langs genderlyne verwys word as die konseptuele praktyke van mag. Aangesien gender deur tydgenote vasgestel is as 'n objektiewe stel norme wat die organisering van die sosiale lewe struktureer, lei hierdie norme tot die verspreiding van mag in terme van geslag. Vir die leierskap van die OB was geslagtelike verskil die gemene deler waarvolgens organisering sou plaasvind. Gender het een van die norme geword waarvolgens die beheer oor materiële en simboliese hulpbronne versprei en geregverdig word. Só is die bevelvoerende magte van die OB toegeken aan mans alleenlik op grond van 'n biologiese verstaan van geslagtelike verskil. Dit is ironies dat die manlike beleidvoerders selfs geskryf het dat “uit die aard van die saak is elke Afrikanervrou individueel daartoe in staat [om leiding te neem]”, maar tog word dit geïmpliseer dat hierdie vermoë 'n “hindernis” sou wees in die pad van “harmoniese samewerking” tussen manne en vroue.¹⁵⁶ Dit is 'n uitstekende voorbeeld van Scott se uitlating dat “gender becomes implicated in the conception and construction of power itself.”¹⁵⁷ Voorts is die gebruik van gender as legitimeerder van manlike mag, sowel as objektiewe norm vir die organisasiestruktuur van die OB, gebou op die problematiek rondom die universaliteit van mans teenoor die partikulariteit van vroue. Die doel hier is nie om 'n feministiese kritiek hierop te gee nie, maar om dit te ontleed ten einde 'n begrip te kry van hoe tydgenote se konstruksies van gender vroue se agentskap beïnvloed het.

Die konstruksie van mag langs genderlyne in 'n organisasie soos die Ossewa-Brandwag is gewortel in die universele aard van manlike agentskap teenoor die partikuliere aard van vroue se plek in die hiërargiese liggaam. Wanneer daar gepraat word van die “bevelvoerende plekke” van mans en vroue, oftewel die mag wat aan hulle toegeken is in die OB, kan daar verwys word na D.E. Smith se beskrywing van die organisering van mag: “that total complex of activities, differentiated into many spheres, by which... society is ruled, managed and administered... the governing of society is done in abstract concepts and symbols... and by transposing the actualities of people's lives and experience into the conceptual currency with which they can be governed.”¹⁵⁸ As “conceptual currency” dra die *volksmoeder* by tot die verspreiding van arbeid op die grondslag van gender. In die geval van die OB is die woorde van A. McClintock van belang: “A gendered division of national creation prevailed, whereby

¹⁵⁶ OBA: Transvaalse beheerraad-vers, B/L 8(i)/1, omslag 1: Organisasie-metode van die Ossewa-Brandwag met spesiale verwysing na die pligte van die verskillende range, Junie 1940.

¹⁵⁷ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 45.

¹⁵⁸ D.E. Smith, “The conceptual practices of power” in C. Calhoun, J. Gerteis, J. Moody, S. Pfaff & I. Virk (eds.), *Contemporary sociological theory*, p. 316.

men were seen to embody the political and economic agency of the *volk*, while women were the (unpaid) keepers of tradition and the *volk*'s moral and spiritual mission.” – soos gereflekteer in OB vroueleiding se “adjunk”-posisie. Die “tradisionele” verstaan van gender skets die vrou as ’n “adjunk”. Hierdie “adjunk”-posisie van vroue is in godsdienstige terme geregverdig na wat die “Skrif” daaroor sê in Genesis, waar God die vrou as “hulp” vir die man geskep het. Volgens die divisie van arbeid langs hierdie “tradisionele” verstaan van gender skryf D.E. Smith dat “men enter the conceptually organized world of governing without a sense of transition.” Die universaliteit van mans se posisie word bevestig deur die feit dat

entering the governing mode of... society lifts actors out of the immediate, local, and particular place in which they are in the body. What becomes present to us in the governing mode is a means of passing beyond the local into the conceptual order. This mode of governing creates, at least potentially, a bifurcation of consciousness. It establishes two modes of knowing and experiencing and doing, one located in the body and in the space it occupies and moves in, the other in passing beyond it.¹⁵⁹

Die partikulariteit van vroue se posisie is gesetel in die “immediate, local, and particular place in which they are in the body” en dit is duidelik te bespeur in die OB dat “[t]he domestic sites of women’s work, traditionally identified with women, are outside and subservient to this structure [die konseptuele struktuur].”¹⁶⁰ As D.E. Smith se manier van dink gevolg word beskik diegene wat toegang het tot die konseptuele organisering van die samelewing, met ander woorde *mans*, oor die beheer van die konseptuele kapitaal, soos die *volksmoeder*, wat die verspreiding van arbeid reguleer. Die hiërargiese indeling van die OB se kommandostelsel en leierskap volg beslis hierdie patroon, maar daar is ’n deurslaggewende historiese verskil wat Smith se idees radikaal wysig in die geval van die “governing mode” van die OB.

Hierdie historiese faktor kan teruggevoer word na die woorde in die doelstellings van die OB, naamlik “Die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie doel onderskryf en gewillig is om hulle daarvoor kragdadig te beywer”.¹⁶¹ Ten spyte van die feit dat daar ’n geslagsonderskeid getref word, beywer mans en vroue hulleself vir

¹⁵⁹ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 317.

¹⁶⁰ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 317.

¹⁶¹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, pp. 12-13.

dieselfde doelwitte in die Ossewa-Brandwag. Anders as organisasies soos die ACVV, SAVF en soortgelyke organisasies wat eksklusief vir vroue en deur vroue gestig was, het manne sowel as vroue saamgewerk in die OB en was beide teenwoordig in van die grootste tot die kleinste kommando's in die land. So het Anna Neethling-Pohl vertel: "...die manne het begin organiseer en 'n klompie van ons vrouens het bymekaargekom en gedink: Maar is daar niks wat ons kon doen nie?"¹⁶² Vroue was dus van die begin af betrokke in 'n organisasie wat geen geslagsonderskeid getref het vir lidmaatskap nie. Tog is vroue soms duidelik gegiet in die vorm van "die ander", soos blyk uit 'n omsendbrief oor die organisasiemetode van die OB: "Deur die belangstelling van die vrou vir *ons* beweging gaande te maak, is *ons* verseker van 'n gedurige bron van inspirasie."¹⁶³ Afgesien van die feit dat die aard van vroue se mag en posisies verskil het, met vroue wat in hulle "afgebakende gebied" moes funksioneer, het die fout in die konstitusie wat gelei het tot die skep van die VAR 'n doring in die vlees van tradisionele genderverhoudinge geword, aangesien VAR-lede later ook sou dien op OB-liggame soos die Grootraad wat besluite geneem het oor die gebruik en inspan van konseptuele kapitaal. Voorts was vroue-offisiere in hoër range nooit afwesig by groot OB-byeenkomste nie en het dikwels saam met die manlike leierskap toesprake gelewer oor die rol van die vrou.¹⁶⁴ Waar daar mans was, was daar vroue soos duidelik blyk in die onderstaande foto's:

¹⁶² OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 3.

¹⁶³ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(1)/1, omslag 1: Organisasiemetode van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940. Outeur se kursief.

¹⁶⁴ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Toespraak van dr. V. Bührmann, "Invloed van vrou en moeder op toekoms van die kind en volk".



Figuur 3(d): Waar daar mans was, was daar vroue

Bo: (regs): Swartruggens-kommando¹⁶⁵

Bo: (links en onder): OB Byeenkoms in Kaapland¹⁶⁶

Vroueleiers verskyn in die linkerkantste foto van 'n OB-byeenkoms langs die hoofleierskap van die OB, naamlik dié van AKG, J.A. Smith, en KG, J.F.J. van Rensburg. Voorts het vroue gedien op kommando's regoor Suid-Afrika: van die grootste (soos dié van Pretoria) tot die kleinste (soos in die foto hierbo van die Swartruggens-kommando in die Wes-Transvaal). Uit hierdie paar genoemde voorbeelde van vroue se posisie in die organisasie van die OB, is dit duidelik dat vroue en vroueleierskap in die OB ook toegang gehad het tot konseptuele kapitaal. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die aard van die *volksmoeder* wat, soos reeds uitgewys is, nie 'n "man-made" konstruksie is nie, maar een is wat inherent vroue terselfdertyd bemagtig en onderdruk. Die punt is dat OB-vroue self toegang gehad het tot die swaai van die *volksmoeder*-pendulum in die rigting van bemagtiging. Volgens hierdie interpretasie van vroue se posisie in die OB kon hulle, volgens 'n streng toepassing van Scott se magsbeskouing, vir hulleself beheer oor die toegang tot sekere materiële en simboliese hulpbronne eien en so die genderkonstruksie van die *volksmoeder* inspan ten einde die

¹⁶⁵ OBA: *OB-jaarboek*, 1947, p. 29.

¹⁶⁶ OBA: *OB Fotovers.*, fotonr. 677: Kaapstadse vrouewag.

konsep en konstruksie van “mag” in die OB self te beïnvloed/konstrueer.¹⁶⁷ Die hiërargiese aard van OB-organisasie veronderstel natuurlik dat dit baie makliker is vir mans om beheer oor die materiële en simboliese hulpbronne te voer, maar die *volksmoeder* is die nimmereindigende sosiaal-gekonstrueerde skuiwergat waarvolgens vroue in die OB weg kon beweeg van die meer tradisionele en beperkende definisie van Afrikaner-vrouwees, na een waar hulle groter toegang gehad het tot die konseptuele struktuur van die OB. Wat presies maak dit moontlik in die geval van die Ossewa-Brandwag?

As konstruksie wat die organisering van die OB beïnvloed het, het die *volksmoeder* met twee bene in beide die partikuliere (plaaslike, liggaamlike en onmiddellike) en die universele (regerende, konseptuele, abstrakte, praktyke van mag) gestaan. So is vroue toegang gegee tot die konseptuele struktuur van mag by wyse van die plaaslike, partikuliere struktuur, aangesien die *volksmoeder* beide universeel en partikulier gekonstrueer kan word. Smith noem dat vroue se rol in die plaaslike, private en partikuliere sfere juis dit is wat dit vir mans moontlik maak om te funksioneer in die konseptuele “governing mode”:

Men have functioned as subjects in the mode of governing [die konseptuele sfeer]; women have been anchored in the local and particular phase of the bifurcated world. It has been a condition of a man’s being able to enter and become absorbed in the conceptual mode, and to forget the dependence of his being in that mode upon his bodily existence, that he does not have to focus his activities and interests upon his bodily existence. Full participation in the abstract mode of action requires liberation from attending to needs in the concrete and particular. Under the traditional gender regime, providing for a man’s liberation..., is a woman who keeps house for him, bears and cares for his children, washes his clothes looks after him when he is sick, and generally provides for the logistics of his bodily existence.¹⁶⁸

Dit sou dus onmoontlik wees vir mans om die konseptuele sfeer te betree as daar nie vir hulle gesorg word in die partikuliere sfeer nie. In die OB word vroue se “afgebakende gebied” eksplisiet beskryf in terme van arbeid wat voorsiening maak vir “the logistics of his [die man se] bodily existence”. Die konstitusie van die OB plaas besondere klem op die rol van vroue in die OB as “boervroue” wat gelaai is met simboliese (konseptuele) betekenis: “Die boerevrou van Suid-Afrika sal ook haar plek inneem op elk van hierdie bestuursliggame.”¹⁶⁹

¹⁶⁷ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 45.

¹⁶⁸ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, pp. 317-318.

¹⁶⁹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 9: OB Konstitusie, artikel VII (10), [c.1939].

Hand aan hand met vroue se organisasie in die OB word daar bepaal dat die vrou “soos haar onvergeetlike voorgangster van Voortrekkerdae, die verpleging en versorging van huis en haard waarneem”¹⁷⁰ en dit so moontlik maak vir mans om die “governing mode” te betree.

Smith beskou hierdie stand van sake as negatief en gebruik K. Marx se verstaan van vervreemde arbeid om dit te verduidelik: die werk wat vroue doen om dit moontlik te maak vir mans om in die konseptuele te funksioneer, dra by tot hulle eie onderdrukking en uitsluiting in die bevelvoerende posisies, aangesien dit die eksterne orde van mans wat beheer voer in stand hou: “their work contributes to the strength of the order that oppresses them.”¹⁷¹ Smith se interpretasie is afhanklik van ’n gesentraliseerde en koherente verstaan van mag. Wanneer die definisie van mag waaraan Scott voorkeur gee, egter in ag geneem word, dan blyk die stand van sake nie so negatief te wees wanneer die *volksmoeder* ter sprake is nie, naamlik dat historici mag moet beskou as “dispersed constellations of unequal relationships, discursively constituted in social ‘fields of force’”. Wanneer ons mag in hierdie lig beskou, sien ons dat daar in die prosesse en strukture wat Smith beskryf, en wat beslis teenwoordig is in die OB, ruimte is vir ’n konsep van vroulike agentskap wat poog om ’n identiteit, ’n lewe, ’n stel verhoudings en ’n gemeenskap te skep “within certain limits and with language – conceptual language that at once sets boundaries and contains the possibility for negation, resistance, reinterpretation, the play of metaphoric invention and imagination.”¹⁷² Die konsep wat dit moontlik maak in die OB is natuurlik die *volksmoeder* soos vervat in die konstitusie se verwysing na die simboliese “boervrou” en om op te tree soos “haar onvergeetlike voorgangster uit Voortrekkerdae.”

Die *volksmoeder* abstraher vroue se arbeid onder die tradisionele genderregime (“die versorging van huis en haard”) tot iets wat aan vroue toegang gee tot die konseptuele praktyke van mag. Mag word diskursief geskep en so word vroue se partikuliere optrede as ’t ware konseptuele aksie. Dit blyk besonder duidelik uit genle. Meyer, hoofvrou van Gebied C, se woorde: “Die hand aan die wieg regeer die land.”¹⁷³ Dit loop hand aan hand met die idee dat vroue se optrede in die private, huishoudelike sfeer, ook politieke gevolge inhou. Vroue het dus as ’t ware ’n voorsprong bo mans, aangesien hulle toegang het tot beide die

¹⁷⁰ OBA: Transvaalse beheerraad-vers, B/L 8(1)/1, omslag 1: Organisasietegote van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.

¹⁷¹ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 318.

¹⁷² J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 42.

¹⁷³ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Werkskema: Vroue-Adjunkraad – Oranje Vrystaat.

partikuliere en die universele. Hulle tree nie net op as moeders van 'n onmiddellike gesin (partikulier) nie, maar as moeders van 'n ganse nasie (universeel). Daar kan dus sover gegaan word om te sê dat binne die konteks van die aanvanklike organisering van die OB, vroue ook oor die geleentheid beskik het om konseptuele praktyke van mag toe te pas, maar nie op dieselfde manier as mans nie. Dit was steeds binne die grense van die *volksmoeder*, maar daardie grense kon wel deur die diskursiewe konstruksieproses verskuif word. Smith argumenteer dat vroue se rol, plek en arbeid in die partikuliere dit vir mans moontlik maak om in die konseptuele te funksioneer. As toegang tot die konseptuele verstaan word as die vermoë om genderverhoudinge te skep en wysig ten einde meer mag vir mans of vroue te legitimeer, dan is OB-vroue beslis in staat gestel deur die organisasie metode van die OB om toegang te hê tot die eien van meer mag vir hulleself.

Wanneer daar egter gekyk word na tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil tussen man en vrou, naamlik as iets wat altyd gedefinieer word op simboliese grondslag, grense en *beperkings* van konstruksies soos die *volksmoeder*, word dit duidelik dat vroue mag vir hulleself kon eien tot op 'n punt. Voorts moet daar in ag geneem word dat om 'n vrou te wees en deel te neem aan die konstruksieproses van identiteit nie noodwendig beteken dat jy onmiddellik 'n aktivis word wat jou beywer vir meer politieke mag nie.¹⁷⁴ Radikaal-gesproke kon OB-vroue rebelleer teen die tradisionele genderorde deur hulle arbeid in die partikuliere sfeer te staak en dit so onmoontlik te maak vir mans om op te tree in die konseptuele sfeer wat regering en beheer moontlik maak. Dit korreleer egter nie met tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil nie. OB-vroue het hulleself beskou as *volksmoeders* en het diensooreenkomstig opgetree. So skryf genl. Mostert: “Myns insiens [is] die taak van die Vrou in die Ossewabrandwag – soos dit die taak van die Voortrekker-vrou was. Laat ons dien ons God, laat ons dien ons Volk, en laat ons dien ons Land, Suid-Afrika! Ere aan ons Boerevrou in die Ossewabrandwag!”¹⁷⁵ Die wyse waarop vroue God, land en volk in die OB gedien het, word later bespreek.

Die doel van genderanalise in hierdie hoofstuk is dus om die aard van die konseptuele praktyke van mag, sowel as die konseptuele taal van gender in die OB te verken ten einde te verstaan wat die aard van die problematiek rondom die universele en partikuliere in die OB was. As vroue se agentskap volgens Scott bepaal word deur die moontlikhede en beperkings

¹⁷⁴ Vroue se deelname aan hierdie konstruksieproses word in besonderhede bespreek in hoofstuk 4, 5 & 7.
¹⁷⁵ OBA: B.C. Seymore, “Die taak van die vrou in die Ossewabrandwag” in *OB-jaarboek 1947*, p. 28.

van konseptuele taal, sou die bogenoemde doel dus bereik kon word deur te kyk na die aanvanklike “amptelike taak” van OB-vroue. In hierdie verband behoort daar gevra te word: Wat het die OB aanvanklik verstaan onder die “afgebakende gebied” (die partikuliere sfeer) van die vrou en watter blik gee dit ons op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil?

3.3.3 Die tekstuele taal van gender: Die amptelike taak van OB-vroue, 1940-1943

Vroue se “spesiale plek” in die OB is geartikuleer gedurende die genoemde vergadering waar daar spesifiek besin is oor die rol van die vrou. Op 29 Augustus 1940 is daar besluit oor die funksie van vroue in die beweging. Die rol wat vroue moes beklee, is op die grondslag van ’n “amptelike taak” geartikuleer wat by hierdie vergadering uitgewerk is. Dit is by uitstek ’n voorbeeld van die verdeling van arbeid langs genderlyne wat dit vir mans moontlik maak om in die konseptuele sfeer te heers. In die tydperk 1940 tot 1943 was die volgende die grondslag van die OB vroue-afdeling:

“Hulle [vroue] sal die manne soveel as moontlik bystaan, deur:

- a. Hulle op te wek tot diens, pligsgetrouheid en morele steun verleen waar nodig tot nakoming van die doelstelling in die Konstitusie vervat.
- b. Volkspropaganda
- c. Fondse bymekaar te maak, o.a. deur kafees te hou by byeenkomste van die Ossewa-Brandwag, goedgesindes om bydrae en gifte te vra, spaarbussies aan te hou vir die instandhouding van die organisasie. Sodanige fondse moet gestuur word aan die Sekretaris van die Beheerraad vir die organisasiefonds.”¹⁷⁶

Die adjunk-posisie van die vrou word beklemtoon deur die idee dat vroue daar is om die manne by te staan. Dit roep byna die Bybelse woorde ten tyde van die skepping van die vrou op van “sy sal vir hom ’n hulp wees”. Punt “a” is as’t ware ’n beskrywing van die partikuliere wêreld waarin vroue hulleself bevind het. Deur op te tree as vroue en moeders staan OB-vroue hulle mans by deur die mans se arbeid verbonde aan die liggaamlike, plaaslike en huishoudelike wêreld te verlig of hulle selfs los te maak daarvan. Dit stem ooreen met Smith se beskrywing dat “[a]t almost every point women mediate for men... the relationship between the conceptual mode of action and the actual concrete forms in which it is and must

¹⁷⁶

OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Omsendbrief: Werksaamhede.

be realized, and the actual material conditions upon which it depends.”¹⁷⁷ Dit is ook nie verbasend dat “volkspropaganda” een van vroue se take is nie. Deur op te tree as *volksmoeders* is vroue alreeds ’n kragtige vorm van propaganda aangesien die *volksmoeder*-beeld gelaai is met simboliese betekenis. Die aard van hierdie soort propaganda kom duidelik na vore in ’n artikel wat geskryf is oor die taak van die vrou in die Ossewa-Brandwag:

Die Boerevrou is vir haar Volk nog altyd, soos vir haar kind – gewillig om haar lewe te wy. Onder die moeilikste omstandighede is sy steeds die kalme, selfstandige, gewillige Vrou en Moeder. In daardie kringe van die samelewing waar die uitlandse beskawing heers, is daar geen tyd vir liefdesdiens vir ons Volk nie. Selfs nie eers vir die eie huismoederlike pligte nie. Die sorg vir eie kinders en vir die huishouding word oorgelaat aan bediendes, hoofsaaklik swart bediendes. Die eie kinders is ’n las, die huishouding ’n kruis. Die Vrou in die Ossewabrandwag weier om met die stroom van hierdie soort van “beskawing” saam te gaan. Sy is trots op haar huisgesin en haar Volk. Derhalwe neem sy haar eie huislike pligte waar, sy dien as voorbeeld in haar omgewing. Wat is mooier en skoner as ’n knap Boerevroutjie, wat haar man en kinders bystaan met haar beste hulp, raad en troos; en dan nog tyd vind om Volksdiens te lewer.¹⁷⁸

Die ideaal wat dus deur vroue self in die OB gepropageer is, is een van ’n vrou wie se arbeid die tussenganger is tussen die abstrakte en konseptuele wêreld van Volksregering en die materiële kondisies wat laasgenoemde wêreld moontlik maak. Propaganda sou egter nie net plaasvind op die simboliese grondslag van die *volksmoeder* nie. Daar is ook bepaal dat vroue volkspropaganda moes maak “vir ons eie staatsbestel soos uiteengesit in uniale omsendbrief 2/41”.¹⁷⁹ Weereens vind ons ’n unieke kenmerk van vroue se plek in die OB wat teenstrydig is met die tradisionele genderregime wat vroue totaal uit die konseptuele wêreld uitsluit. Volgens die Vrystaatse OB-bevel, nommer 5 van 1942, moes vroue toesien dat hulle belese is in politieke vraagstukke en die amptelike politieke standpunte van die OB ten einde dit te propageer. So word daar hieroor geskryf deur ’n leidende OB-vrou: “Laat ons [vroue] kennis opdoen, soos Maria aan die voete van die groot Meester, deur te lees en lesings van ons voorligters by te woon...”¹⁸⁰ So word die propagandataak van die vrou in die OB op ’n byna godsdienstige wyse beskou. Voorts, wat betref die genoemde “eie staatsbestel”, wou die OB nie net ’n politieke beweging wees nie, maar ’n “algemene volksbeweging” wat op

¹⁷⁷ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 318.

¹⁷⁸ OBA: B.C. Seymore, “Die taak van die vrou in die Ossewabrandwag” in *OB-jaarboek 1947*, p. 28.

¹⁷⁹ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/4, omslag 17: Vrystaatse OB-bevel no. 5/42, 1942.

¹⁸⁰ OBA: B.C. Seymore, “Die taak van die vrou in die Ossewabrandwag” in *OB-jaarboek 1947*, p. 28.

maatskaplike, ekonomiese, politieke en kulturele gebied homself wou laat geld.¹⁸¹ Die beywering vir die “inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners” in hierdie nasionale beweging het beteken dat die OB se doelstellings in besonderhede deur elke OB-vrou geken en nagestreef moes word.¹⁸² Die konseptuele moontlikhede wat die *volksmoeder* aan OB-vroue toegeken het, word goed beskryf in die volgende uitlating van die AKG, J.A. Smith, wat aan die hoof van die vroue-afdeling gestaan het:

Die Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag is in die lewe geroep om die Afrikanervrou die volste geleentheid te gee en haar die middel en kanaal te verskaf waardeur sy naas haar binnehuise verpligtinge haar kragte en geestelike invloed in die wyere volkslewe kan laat geld tot opbouing van die Diets-Afrikaanse volk.¹⁸³

Volgens Smith was die OB dus só organiseer om dit vir vroue moontlik te maak om hulle invloed te laat geld in die konseptuele sfeer (“die wyere volkslewe”). Dit was die skuiwergat wat dit vir OB-vroue moontlik sou maak om later gebruik te maak van konseptuele praktyke van mag.

Lede van die vroueleierskap het dan ook hulle rol as deel van die beweging ernstig opgeneem. Generale A.C.M. Mostert (latere hoofvrou van Noord-Transvaal) skryf in ’n artikel “Die vrou in die Ossewa-Brandwag” dat “[d]ie opskrif lui ‘in’ en nie ‘en’ nie. Dit veronderstel al dadelik dat die vrou deel uitmaak van die Ossewabrandwag-beweging. Sy is vereenselwig daarmee. Sy is ’n lid van hierdie liggaam, en sy is ’n lewensbelangrike lid.”¹⁸⁴ Al word haar taak duidelik uitgespel as dié van ’n hulp en ’n “adjunk” het dit vroue nie gekeer om aktief deel te neem aan die werksaamhede van die OB nie. Trouens, vroue het die idee dat hulle die mans moet ondersteun, onderskraag en gepropageer in vergaderings en toesprake. Genle. Meyer het byvoorbeeld haar vroue-afdeling gedurig herinner aan die vrou se plig om haar man in die oorlogstyd by te staan. Sy moes ’n kalmerende effek op die samelewing hê en gemoeid wees met opheffingswerk.¹⁸⁵ Klaarblyklik het vroue dit geensins beskou as ’n bedreiging vir die uitoefen van hulle vrye agentskap nie.

¹⁸¹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, pp. 120-121.

¹⁸² A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, pp. 12-13.

¹⁸³ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Toespraak: J.A. Smith, “Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag”, Paarl, 29.01.1943.

¹⁸⁴ OBA: A.C.M. Mostert, “Die vrou in die Ossewa-Brandwag”, in *OB Jaarboek 1948*, p. 13.

¹⁸⁵ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 13.02.1942.

Die universele en partikuliere aard van vroue se plek in die OB is byna in elke uiteensetting van hulle werksaamhede te bespeur. So word die hou van “kafees” vir fondsinsameling, wat op die oog af ’n baie praktiese en materiële doelwit inhou, geabstraheer tot iets met konseptuele waarde, aangesien die doel nie net is om te voorsien in die onmiddellike en partikuliere nie, maar “sodat die geweldige organisasie van die OB kan aanhou om die volk vir die laaste stormloop te mobiliseer.”¹⁸⁶ Vroue se werk in die OB is nie net beskryf in terme van hulle hulpverlening aan mans nie, maar sluit ook arbeid in wat nog verder gebou is op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Hierdie werk het onder ander die volgende ingesluit:

“Oefening en opleiding van vroue deur ingestelde kursusse vir diens in die afdelings en in verband met:

- a. Eerste hulp
- b. Kantoorwerk vir die organisasie te ondersteun waar moontlik.
- c. Kursusse in te stel of lede te beweeg om kursusse te volg in gesondheidsleer, opvoedkundige vraagstukke, liggaamsopvoeding.
- d. Volkspoele en volksang by die volk aan te moedig.”¹⁸⁷

Uit hierdie paar punte wil dit voorkom of die vrou beide ’n biologiese en kulturele rol het om te vervul. Vroue se vaardigheid in eerstephulp is gerig op die oorlogsomstandighede en die gedagte dat vroue ook gereed moet wees in geval van nasionale nood. Gesondheidsleer en liggaamsopvoeding dui op die verbintenis tussen die OB vroue-afdeling en die afdeling Sosiale Volksorg. Dit het daarop neergekom dat die vrou, net soos wat sy die versorger is van die gesin, ook die versorger van die volk is.¹⁸⁸ Hier word die moederskap van die vrou voorop gestel. Gedurende ’n vroue-laertrek in 1942 is daar uitgebrei op die bogenoemde doelstellings. Mev. Anna Wassenaar gee ’n lesing oor kinderversorging en noem dat “dit is ons plig as Afrikanermoeders om eers te sorg dat ons kinders liggaamlik gesond is.”¹⁸⁹ Gedurende dieselfde laertrek lewer dr. V. Bürmann ’n lesing met duidelike propagandistiese elemente. Hy noem dat ’n moeder haar kind moet opvoed met ’n doel voor oë, naamlik “dat hy ’n gelukkige mens en ’n nuttige burger van die Staat moet wees. As hy liefde vir sy medemens

¹⁸⁶ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/4/17: Vrystaatse OB-bevel 5/42, 1942.

¹⁸⁷ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Omsendbrief: Werksaamhede.

¹⁸⁸ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L1/5, omslag 3: Verhouding tussen die afdeling Sosiale Volksorg en die Vrouevertakking van die OB.

¹⁸⁹ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Toespraak: A. Wassenaar, “Kinderversorging”.

het sal hy nie homself wil dien nie, maar die Staat.” Voorts beklemtoon Bürmann ook die vrou se aandeel in die aankweek van ’n onafhanklikheidsin in kinders – een van die belangrikste kwaliteite in die verwesenliking van die republikeinse ideaal.¹⁹⁰ Met ander woorde, *volksmoeders* met ’n sekere kwaliteit, naamlik ’n sterk sin vir onafhanklikheid “soos haar onvergeetlike voorgangster van Voortrekkerdae”¹⁹¹, sou die soort *volksmoeder* wees wat ’n vrou in die OB betaam. Mev. B.C. Seymore romantiseer die Voortrekkervrou deur te skryf: “As ons terugkyk sal ons sien, dat die taak van die Vrou in die Ossewabrandwag, die taak [is] van die Voortrekkervrou.”¹⁹²

Dit is veelseggend dat daar nie so ’n duidelik-omskrewe taak en afgebakende plek vir mans in die OB uitgewerk is nie. Die rol van mannekommando’s in die OB is as vanselfsprekend aanvaar en hulle nastreef van OB-doelwitte is nie beperk tot ’n “spesiale plek” nie. Ons sien dus ook hierin die universaliteit van die man teenoor die partikulariteit van die vrou in tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Voorts is daar baie duidelike teenstrydighede in die amptelike taak en werksaamhede van OB-vroue. Aan die een kant is “die versorging van huis en haard” voorop gestel, maar aan die ander kant moes vroue belese wees in OB-ideologie ten einde ’n “lewensbelangrike lid” en bevelvoerende offisier van die organisasie te wees. Vroue kon by wyse van die teenstrydighede in die uitvoer van hulle taak ook die konseptuele praktyke van mag beoefen. Daar is hoofsaaklik twee kwaliteite van die *volksmoeder* wat hulle uiteindelik hiertoe in staat gestel het en ook ten sterkste na vore sou tree in die Ossewa-Brandwag, naamlik die Boervrou se sin vir onafhanklikheid en haar moederskap. Dit word verken in hoofstukke 4 en 5.

Die taal van gender is nie net te bespeur in die amptelike tekste van die OB nie. Outeurs van Afrikanergeskiedenis het hoofsaaklik stilgestaan by Benedict Anderson se idee dat nasionalisme “verbeel” word en neerslag vind in gedrukte, tekstuele kultuur en het sodoende geskiedenis geskryf waarin klas, gender, godsdiens en ras “gelees” word uit primêre tekste. L. van der Watt dui egter op die uiters belangrike rol van visuele kultuur in die “lees” van hierdie kategorieë in die geskiedenis.¹⁹³ In die OB gee nie net visuele kultuur ’n unieke blik

¹⁹⁰ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Toespraak: dr. V. Bürmann, “Invloed van vrou en moeder op toekoms van die kind en volk”.

¹⁹¹ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(1)/1, omslag 1: Organisasietegewys van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.

¹⁹² OBA: B.C. Seymore, “Die taak van die vrou in die Ossewabrandwag” in *OB-jaarboek 1947*, p. 28.

¹⁹³ L. van der Watt, “The comradely ideal and the *volksmoeder* ideal: Uncovering gender ideology in the Voortrekker tapestry”, *South African Historical Journal*, vol. 39, Nov. 1998, pp. 91-110.

op die impak van gender op vroue se agentskap en verstaan van geslagtelike verskil nie, maar ook materiële kultuur. Dit is veral duidelik in die uniforms wat gedra is deur OB-vroue.

3.3.4 Die materiële en visuele taal van gender: Die volksmoeder en die uniforms van OB-vroue

Kort na die stigting van die OB is daar heelwat aandag gewy aan die idee van eenvormige kleredrag. Nie net is die OB gebore uit die Eeufeesvieringe nie, maar die Voortrekkerdrag wat gedurende die Eeufeesvieringe gedra is, het die gedagte aan eenvormige kleredrag by die OB aangespoor. A.J.H. van der Walt noem dat amptelike uniforms vir die OB “die uitwendige verskille wat sy uitdrukking gevind het in die verskil in kleredrag tussen meer en minder gegoedes moes [laat] wegval.”¹⁹⁴ Eenvormige uniforms sou dus die klasseverskille in die Afrikanersamelewing kon verbloem. Van der Walt skryf dat die Grootraad met hierdie doel voor oë ’n uniform laat ontwerp het vir “beide mans en vroue” van bruinvaal ferweel wat as “veldpak” gebruik kon word en offisiere sou ’n geleentheidspak besit van ligroomkleurige ferweel.¹⁹⁵ Dit is vreemd dat Van der Walt noem dat daar vir “beide mans en vroue” ’n “pak” ontwerp is, aangesien die dra van ’n broek deur vroue deur tydgenote as taboe geag is. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die regering egter by wyse van die Noodregulasies ’n verbod geplaas op die dra van uniforms deur gewone burgers. In reaksie hierop het die Grootraad aanbeveel dat die Voortrekkerdrag, soos tydens die Eeufeesvieringe gedra, sou dien as uniforms in die OB.¹⁹⁶ Dit was funksioneel, aangesien die meerderheid lede van die OB Voortrekkerdrag besit het uit hulle deelname aan die feesvieringe van 1938. OB-vroue het egter op eie houtjie opgetree en vir hulleself ’n doelmatige wit rok en hoed ontwerp.¹⁹⁷ Hierdie uniform in oorlogstyd sou beide teenkanting en kontroversie uitlok.

In die loop van 1940 is die wit rokke wat deur OB-vroue gedra sou word, gestandaardiseer. Vroue van kommando’s dwarsoor die land kon die knippatroon van die OB-rok vanaf die Hoofkwartier in Bloemfontein kry. Die dames het dan die patroon afgesny en dit weer aan Hoofkwartier terugbesorg.¹⁹⁸ So het dit gekom dat OB-vroue diegene was wat in terme van

¹⁹⁴ Dieselfde motief was onderliggend aan gestandaardiseerde skooluniforms in Christelik-Nasionale Onderwys.

¹⁹⁵ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 18.

¹⁹⁶ OBA: N.G.S. van der Walt-vers., B/L 2/13, omslag 9: Korrespondensie: sekretaris/P.J. Oosthuizen, 28/3/1939.

¹⁹⁷ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 18.

¹⁹⁸ OBA: Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

kleredrag die grootste eenvormigheid in die OB getoon het. Vanweë die noodregulasies was daar geen só 'n tipe patroon vir mansuniforms nie en het die mannekommando's en seuns van die Jeugfront by funksies opgedaag in “tradisionele Voortrekkerdrag”.¹⁹⁹ Aangesien hierdie klere nie die presiesheid van uniforms se eenvormigheid gehad het nie, het mans nooit werklik so duidelik eenvormig na vore getree soos die vroue nie – die kleur van die OB-rok het ook hiertoe bygedra.

Die dra van wit rokke deur vrouelede van die Ossewa-Brandwag op funksies en byeenkomste is nie net bloot om redes van eenvormigheid aangeneem nie, maar het gekorreleer met die doel om klasseverskille in die OB minder pertinent te laat voorkom. Dit is aanbeveel “om alle vroue, ryk of arm, in die geleentheid te stel om sonder bekommernis oor die mooiheid of andersins van hul rokke by geleentheid van funksies of byeenkomste gelykwaardig op te tree.”²⁰⁰ In hierdie verband verskil die OB Vroue-afdeling van organisasies soos die genoemde ACVV en SAVF in dié sin dat klas nie 'n vereiste was om hoër range in die beweging te beklee nie en die wit rokke moes hierdie boodskap duidelik oordra. Gevolglik kon werkersklasvroue ook die titel van 'n *volksmoeder* verkry, maar hieroor word daar meer later geskrywe.

Die oorlogsomstandighede het groot finansiële druk op gesinne geplaas en daar was ook 'n tekort aan materiaal wat die pryse van goeie kwaliteit materiaal die hoogte in laat skiet het. Om hierdie rede kon elke OB-vrou self besluit watter materiaal gebruik word – solank dit spierwit is. Afgesien van die ideologiese doel om die klasse-onderskeid uit te wis, het die wit rokke ook 'n praktiese doel gedien. Die rokke is gedra “ter wille van dienstigheid van die wit rok wat gewas kan word” en vir “eenvormigheid en netheid.”²⁰¹ Naas die rokke sou vroue ook 'n hoed besit wat by OB-geleenthede gedra moes word. Daar is besluit op 'n tuitbolhoed met 'n opslaanrand.²⁰² Die opslaanrand is veelseggend, aangesien hierdie tipe hoed herinner aan die Anglo-Boereoorlog waar die hoede van skerpskutters dikwels so gelyk het. Dit aksentueer die oorlogskarakter van die Ossewa-Brandwag sowel as die anti-Britse sentimente van die beweging se lede. Min of meer dieselfde reëls vir kleredrag het gegeld vir jong dogters wat onder die leiding van die Vroue-afdeling gestaan het.

¹⁹⁹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 17.07.1939.

²⁰⁰ OBA: Gebied A-vers. B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

²⁰¹ OBA: Gebied A-vers. B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

²⁰² OBA: Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

Die uniforms van die Boeredogters wat behoort het aan die Jeugfront van die OB (later genoemd die “Boerejeug”) was ook gebaseer op Voortrekkerdrag, maar weereens is wit vooropgestel as die kleur van keuse. Voor funksies is daar dikwels kennisgewings uitgereik met die woorde: “Vroue en dogters van die Jeugfront kom soveel moontlik in wit.”²⁰³ Die vereistes waaraan dogters se OB-drag moes voldoen was netheid en eenvoud (“Daar is geen swierige opskikking in hierdie drag nie”), diensbaarheid deurdat ’n duursame stof gekies is ten einde dit oor ’n lang tydperk te gebruik en alhoewel die kleredrag gebaseer was op Voortrekkerdrag, is dit “aangepas by die moderne omstandighede.”²⁰⁴ Die wit rokke van OB-vroue, oud en jonk, het soos volg gelyk:



Figuur 3(e): Die wit rokke van OB-vroue en Boeredogters

Bo: (Links): Die patroon van die wit rok en hoed;²⁰⁵ **(Regs):** Boeredogters stap in gelid agter offisiere van die Vroue-Afdeling.²⁰⁶

Onder: (Links): Lede van die Vroue-afdeling drill in wit rokke;²⁰⁷ **(Regs):** Ontvangs van die KG (dr. J.F.J. van Rensburg) deur Vrystaatse vroue met genle. C. Meyer langs die KG.²⁰⁸

Soos uitgewys, was een van die doelwitte van die Vroue-afdeling om toe te sien dat OB-vroue oor ’n goeie kennis van eerstehulp beskik. Die OB se rede hiervoor was dat baie binnelandse dokters oorlog toe gegaan het en daarom het OB-leierskap ’n tekort aan mediese

²⁰³ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1/5: Kennisgewing, 21/10/41.

²⁰⁴ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/8/34, omslag 3, Boerejeug-omsendbrief 1/44.

²⁰⁵ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3, Patroon van wit rok van Ossewa-Brandwag vroue.

²⁰⁶ OBA: OB Fotovers., fotonr. 195: Krugerdagviering.

²⁰⁷ OBA: OB Fotovers., fotonr. 1219: Wagkamp: Belville, 18.11.45.

²⁰⁸ OBA: OB Fotovers., fotonr. 675: Vrouewag, Feb. 1945.

hulp geantisipeer. Vroue is opgeroep om soveel as moontlik by die Suid-Afrikaanse Noodhulpiga aan te sluit.²⁰⁹ Teen hierdie agtergrond is dit nie verbasend dat die OB-rok opvallend voorkom soos dié van ’n verpleegstersuniform in die Rooikruis nie. Voorts het genle. Meyer van die Vrystaat dit ook by haar vrouekommando’s ingeprent dat met die noodtoestand waarin die land verkeer daar enige oomblik ’n ramp kan gebeur en “dan moet die vrou optree”.²¹⁰

Hierdie “verpleegstersparaatheid” wat simbolies deur die wit rokke voorgestel is, bevat ook elemente van die konseptuele praktyke van mag. Weereens is dit die partikuliere, onmiddellike “bodily existence” van die mans wat oorlog voer (of wat hulle verset teen die oorlog) wat op die skouers van vroue geneem word. Dit beklemtoon die *volksmoeder*beeld van die sorgende moeder/verpleegster wat waak oor die siekes en beseerdes van haar gesin. So kan die verpleeg van ’n beseerde man in die oorlog ook gesien word as deel van ’n genderorde wat vroue beperk tot die partikuliere in ’n gewysigde Marxistiese verstaan van vervreemde arbeid. Een van die “materiële/produksieverhoudinge” van oorlog is om genoeg troepe te hê om oorlog te voer. Vroue dra by tot die voortsetting van oorlog deur beseerde mans te verpleeg tot hulle weer gereed is om die slagveld te betree. In plaas van die onderdrukkende genderorde wat gehandhaaf word, is dit nou die voortsetting van oorlog wat deur vroue-arbeid gehandhaaf word deurdat hulle optree as die tussengangers van die verhouding tussen die konseptuele aksies van mans (oorlog) en die onmiddellike en konkrete vorms wat nodig is om die konseptuele te aktualiseer (voorsiening in die partikuliere voorwaardes, soos verpleging van beseerdes, wat hierdie aktualisering moontlik maak).²¹¹ Vroue wat behoort het tot die Ossewa-Brandwag het natuurlik die oorlogspoging teengestaan. Hulle paraatheid was eerder gerig op die gevolge van die OB se verset teen die oorlog – soos uitgedruk in die opgeslaande hoede. Indien Duitsland die oorwinning sou behaal, sou die OB ’n staatsgreep kon uitvoer en vroue moes gereed wees vir die bloedbad wat so dikwels in die geskiedenis daarmee gepaard gaan. Dus was hulle gereed om te voorsien in die partikuliere behoeftes van OB-mans wanneer die manlike leierskap die konseptuele beheer oor die Suid-Afrikaanse regering sou oorneem in die hipotetiese toekoms. Die simboliese uitdrukking van nasionalisme en die heersende genderorde wat gesetel is in die wit rokke, is egter nie net

²⁰⁹ OBA: Transvaalse beheerraad-vers, B/L 8(1)/1, omslag 1: Organisasietegote van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.

²¹⁰ OBA: Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 13.02.1942.

²¹¹ Sien D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 318.

beperk tot die oorlogsomstandighede nie. Elke OB-vrou het deur haar dra van die wit rok 'n spesifieke identiteitskonstruksie aangeneem.

Afgesien van die feit dat die wit rok maklik gewas kon word en die kleur gekies is in die naam van “dienstigheid”, is daar ook ander betekenisse wat geheg kan word aan die kleurkeuse. OB-vroue het hoofsaaklik 'n beeld van die *volksmoeder* geërf wat uitdrukking gevind het in die 1938-Eeufeesvieringe. A. McClintock se verwysing na die voortrekkerdrag van vroue in figuur 3(a) is veelseggend in terme van die simboliese betekenis van OB-vroue se wit rokke. Vroue wat deelgeneem het aan die feesvieringe was geklee in spierwit Voortrekkerkappies en spierwit rokke wat terselfdertyd die rassuiwerheid van die Afrikanervolk sowel as die heersende genderorde van vroue se onderdanigheid aan patriargale mans uitgebeeld het.²¹² Vroue het gedurende 1938 die simboliese grensmerkers van die Afrikaner geword wat moes toesien dat die volk biologies en moreel “rein” bly. Hierdie simboliek het uiting gevind in tradisionele voortrekkerdrag.

Alhoewel die *volksmoeder*beeld in 1938 haar klimaks bereik het, en gewortel was in 'n baie sterk assosiasie met die verlede, is hierdie spesifieke betekenis van die *volksmoeder* by uitstek 'n mitiese sosiale konstruksie en kan dit geensins aanspraak maak op 'n “objektiewe” verstaan van volksgeskiedenis nie. Dit was 'n beeld wat gedurende die dertigerjare 'n sterk konstruksieproses ondergaan het. Vroue wat deelgeneem het aan die Groot Trek was byvoorbeeld nie geklee in spierwit rokke nie – hoofsaaklik omdat dit onprakties was op die voortdurend verskuivende grens (“frontier”). Wat betref die materiële manifestasie van die *volksmoeder*konstruksie dui M. du Toit byvoorbeeld daarop dat vroue in die ACVV se voortrekkerdrag 'n evolusie ondergaan het in die eerste helfte van die twintigste eeu. Voor 1938 het vroue se voortrekkerdrag hoofsaaklik bestaan uit donker, gedrukte materiaal versier met volkskuns (Sien figuur 3f).²¹³ Ná die historiese fundering van die volksmoeder, tesame met die sterk groei van Afrikanernasionalisme in die dertigerjare, het “tradisionele” voortrekkerdrag verskuif na 'n kostuum van suiwer en simboliese wit (sien weer Figuur 3a). In hierdie verband het vroue dus ook deelgeneem aan die *volksmoeder*-diskoers as aktiewe agente deur hulle eie simboliese voorstelling daarvan in veranderende visuele en materiële kultuurkonstruksies van voortrekkerdrag uit te druk.

²¹² A. McClintock, *Imperial leather*, p. 370.

²¹³ M. du Toit, “Framing volksmoeders”, p. 69.

Afgesien van die amptelike witrok-uniform, is spierwit voortrekkerdrag ook dikwels nie net deur OB-vroue nie, maar ook deur kinders van 'n baie jong ouderdom tydens spesiale geleenthede gedra (sien figuur 3f). Hier bereik die mitiese aspekte van die *volksmoeder* 'n hoogtepunt. Die reinheid wat die wit rok voorstel, se betekenis is nou nie net gesetel in die verstaan van rassuiwerheid en die morele krag van die volk nie, maar 'n beeld vol dialektiese spanning word geskep, naamlik dié van 'n *maagdelike volksmoeder*. In die gekonstrueerde heilsgeskiedenis van die Afrikaner het kinders ook gesterf in die konsentrasiekampe in die naam van vryheid en is jong boeredogtertjies ook ingesluit in die simboliese uitdrukking van die *volksmoeder*. Hulle het egter in hierdie verband die betekenis wat geheg word aan reinheid deur die simboliek van “wit” verskerp deur die kwaliteit van 'n maagd, en al die simboliese betekenis hieraan verbonde, aan die *volksmoeder* te verleen: 'n Vrou wat 'n moeder is, maar tog steeds rein genoeg is om op te tree as die moreel-suiwerende krag van 'n volk. So het OB vroue ook deur op te tree as *volksmoeders* hulle manne aangespoor tot diens, deur te dien as simboliese en reinigende inspirasie.²¹⁴ Dat die Ossewa-Brandwag bewustelik betekenis geheg het aan die simboliek van kleredrag blyk duidelik uit die volgende amptelike standpunt oor die uniforms van Boeredogters: “Die drag van die Boeredogter is nasionaal: Die Boeredogter huldig die lewensopvatting dat sy ook in haar daaglikse kleredrag die nasionale gedagte moet uitleef.”²¹⁵



Figuur 3(f): Mites rondom swart en wit

Links: Mev. Nellie Seymore in die wit rok en Mev. B.C. Seymore (hoofkommandante van die OB-Pretoria kommandantskap) in die donker rok en kappie, versier met volkskuns.²¹⁶

Regs: Jong dogtertjies in spierwit voortrekkerdrag tydens OB Krugerdagvieringe.²¹⁷

²¹⁴ OBA: Transvaalse beheerraad-vers, B/L 8(1)/1, omslag 1: Organisasietegote van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.

²¹⁵ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/8/34, omslag 3: Boerejeug-omsendbrief 1/44.

²¹⁶ OBA: OB Fotovers., fotonr. 856, Vroue-protosoptog, 22.06.1940.

Die simboliese betekenis wat geheg kan word aan die wit rokke van OB-vroue beteken nie noodwendig dat vroue se agentskap nou gesien moet word soos Moodie wat die man beskou as die “instrumental agent... in Afrikaner history” en die vrou bloot net as ’n simbool nie.²¹⁸ OB-vroue was nie passiewe en stil bystaanders op die kantlyn van die geskiedenis nie. In die Ossewa-Brandwag het hulle toe-eiening van die *volksmoeder* deur die wit rokke nog ’n verdere dimensie aangeneem waarvan die potensiaal in elk geval teenwoordig is in enige voortrekkerdrag. Dit is natuurlik die *volksmoeder* se sterk sin vir onafhanklikheid. Soos reeds genoem, het hierdie sin vir onafhanklikheid in die OB sy manifestasie gevind in vroue se verset teen die oorlogspoging en hulle anti-Britse sentimente. Dat die wit rokke se simboliek in die OB geensins gelyk gestel kan word met McClintock se verstaan van voortrekkerdrag as “the decorous surrender of their sexuality to the patriarch”²¹⁹ nie, blyk duidelik uit die element van verset wat OB-vrouedrag simboliseer. Hierdie verset is nie net te bespeur in vroue se paraatheid om teen die Smutsregering op te tree nie, maar in die kontroversie en reaksie wat hulle dra van wit rokke in regeringsgeledere ontlok het.

OB-hoofbestuur het die dra van die wit rokke as baie belangrik geag en die dra daarvan gestel as ’n vereiste vir OB-byeenkomste en dit is as verpligtend beskou vir diegene wat aan erewagte deelneem. ’n Uitsondering op hierdie vereiste kon slegs gemaak word wanneer ’n lid nie ’n rok kon bekostig nie, of “wanneer ’n lid daardeur aan viktimisasie (vervolging) van owerheidsweë blootgestel kan word.”²²⁰

Kort na Suid-Afrika se oorlogsverklaring het die Smutsregering verskeie Noodregulasies uitgevaardig waarvan een enige burgerlike organisasie verbied het om uniforms te dra.²²¹ Dit is egter in Kaapland waar die moeilikheid rondom die wit rokke uitgebars het. In April 1941 het die adjunk-kommissaris van polisie van Kaapland die assistent-kommandant generaal van dié provinsie, dr. F. du T. van Zyl, in kennis gestel dat die dra van wit rokke by OB-funksies en die dra van armband-rangtekens deur OB-offisiere in stryd is met die Noodregulasies. Vroueledes word met vervolging gedreig indien hulle sou voortgaan om die wit rokke en rangtekens by OB-byeenkomste te dra. By ’n groot Ossewa-Brandwag vergadering wat gehou is op Calvinia, het F. du T. van Zyl ’n verklaring uitgereik in reaksie op die teenstand uit

²¹⁷ OBA: OB Fotovers., fotonr. 1112; Krugerdagviering, 10 Okt. c. 1941/42.

²¹⁸ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 17.

²¹⁹ A. McClintock, *Imperial leather*, p. 371.

²²⁰ OBA: Gebied A-vers. B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

²²¹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 18.

regeringsgeleedere. Hy het genoem dat OB-lede hulle wel binne die perke van die wet moet hou, maar tot tyd en wyl die hof beslis dat dit onwettig is om sulke rokke en rangtekens te dra, sal hy nie die OB-lede in Kaapland verbied om die wit rokke en armbande te dra nie.²²²

Die dualistiese aard van die OB kom sterk na vore in Van Zyl se verklaring. In *Die Transvaler* van 9 Junie 1941 word daar berig dat Van Zyl meen die wit rokke nie beskou kan word as amptelike uniforms van die OB nie en dat dit slegs in Kaapland gedra word.²²³ Die wit rokke is aanvanklik slegs in Kaapland gedra, maar teen 1942 is dit as standaard gestel vir OB-kommando's regoor Suid-Afrika.²²⁴ Voorts noem hy dat die dra daarvan geheel en al opsioneel is. Tog is daar later amptelik binne die OB bepaal dat die dra van wit rokke verpligtend was en dat die uitsondering om dit nie te dra nie, alleen gemaak kon word na elke geval waar aansoek persoonlik deur 'n lid gedoen en behoorlik ondersoek is deur die Kommandante. Sy kon kwytskelding verleen na goedkeuring van die Asst.-hoofdkommandante in oorleg met die generaal.²²⁵ Van Zyl het ook een van die hoofredes vir die dra van die rokke as motivering herhaal, naamlik dat dit moet voorkom “dat die meer gegoede vrou in 'n duur tabberd verskyn en die arm vrou in 'n meer beskeie rok.” Dit is gebruik as propaganda vir die OB se pogings om hulleself te bemark as 'n klaslose beweging. Oor die OB se houding teenoor die wit rokke noem Van Zyl dat die inisiatief self deur vroue geneem is en dat die hoofbestuur die vroue sou ondersteun in die dra daarvan, ten spyte van die teenkanting. Oor die patroon en keuse van kleur het hy die volgende te sê gehad:

Die patroon wat aan die hand gedoen was, is so uitgesoek dat dit ook vir ander aangeleenthede soos tennis ook kan dien. As dit nou onwettig sou wees om in so 'n wit rok te verskyn, watter waarborg het ons dan dat 'n ander rok en kleur nie ook beskou kan word as in stryd met die noodregulasies nie? Of wil die owerheid graag sien dat alle Afrikanervroue hul in rooi klee?²²⁶

Die laaste uitlating van Van Zyl is veelseggend. Die wit rokke was duidelik vir die OB se verstaan van geslagtelike verskil deel van 'n kultureel-beskikbare simbool vol metaforiese moontlikhede. Ten spyte van Van Zyl se opvallende paai en versekering van die regering dat die wit rokke geensins enige Noodregulasie breek nie, is daar in amptelike OB-dokumente

²²² *Die Transvaler*, 09.06.1941.

²²³ *Die Transvaler*, 09.06.1941.

²²⁴ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

²²⁵ OBA: Gebied A-vers. B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

²²⁶ *Die Transvaler*, 09.06.1941.

verskeie kere na die wit rokke as uniforms verwys en het die dra daarvan soos 'n veldbrand versprei totdat *elke OB-vrouekommando in die Unie* geklee was in wit rokke.²²⁷ Dit was ook geensins opsioneel nie.²²⁸ Alhoewel Van Zyl allerhande ander redes gee vir die dra van die wit rokke, het hy homself weggee in sy laaste, byna tartende, vraag oor of die owerheid graag wil sien dat Afrikanervroue hul in rooi klee – 'n kleur geassosieer met Brittanje.

Scott noem dat 'n kultureel-beskikbare simbool van gender vol mites is van lig en donker, reinheid en besoedeling, onskuld en korrupsie.²²⁹ Teen die agtergrond van die OB se verset teen Brittanje, is OB-vroue se wit rokke gelaai met metaforiese betekenis. Van Zyl het “wit” (lig, reinheid, onskuld) in sy verklaring direk in teenstelling geplaas met “rooi” (donker, besoedeling, korrupsie). Die dra van 'n wit rok teenoor die dra van 'n rooilus het simbole geword wat wys waar jou lojaliteite lê. Die genderkonteks is hier veral interessant. OB-vroue se verset teen die oorlogspoging en hulle dra van 'n rok wat herinner aan 'n verpleegstersuniform bevat 'n sterk boodskap as die metaforiese moontlikhede van hierdie kultureel beskikbare simbool aan die lig kom. Dit bevat 'n donker boodskap wat herinner aan die broedertwis ná die Anglo-Boereoorlog: “Ons maak ons gereed vir 'n ramp, maar ons verpleeg slegs dié wat *nie* in rooi geklee is nie”. Teen hierdie agtergrond kan die wit rokke beskou word as 'n simbool van verset teen Brittanje en die Smutsregering.

OB-leiding het dit moontlik nie so sterk in hierdie verband beskou nie, maar die wit rokke was duidelik iets wat prioriteit geniet het. Daar was geensins sprake daarvan om die wit rokke te verbied nie, alhoewel vroue se reaksie op die bevel daarna ietwat anders uitgesien het. Kort nadat die bevel uitgereik is dat die wit rokke belet is, het mev. Emmie du Toit, hoofvrou van Kaapland, tydens 'n Partykongres van die Verenigde Party 'n toespraak gelewer in haar kapasiteit as 'n hoofvrou van die OB. Tydens die toespraak het iemand haar gevra of sy geweet het daar het 'n bevel gekom dat OB-vroue nie wit rokke mag dra nie. Sy antwoord toe: “Nou goed, dan sal ons maar groen rokke dra as wit rokke belet is. Daar is nog baie kleure in die wêreld.” As reaksie hierop skree 'n man uit die gehoor: “En as jy al die kleure deurgegaan het, wat gaan jy dan doen?”, waarop sy antwoord “Ons sal doen wat Eva gedoen het. Dis al wat oorbly!”²³⁰

²²⁷ Sien Figuur 3(d): Swartuggens, een van die kleinste kommando's en ook baie ver van Kaapland af.

²²⁸ OBA: Gebied A-vers. B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

²²⁹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 43.

²³⁰ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnrs. 97-98, 1982: H.M. Robinson/E.S du Toit, p. 35.

AKG J.A. Smith het selfs met die betrokke minister beraadslaag ten einde die regering te verseker daar word geen noodregulasie gebreek nie. So is daar op 19 Junie 1941 bekend gemaak dat “van owerheidsweë geen verbod op die bedoelde wit rokke as sodanig geplaas is nie.”²³¹ Dit blyk egter dat dit nie eens nodig was vir die AKG om die moeite te doen nie. Mev. Du Toit vertel jare later dat haar broer, wat destyds Minister van Justisie in die Smutsregering was, Colin Steyn, nie in die uitreik van die bevel geken was nie. Hy was glo ontsteld en het gesê: “Wie het so ’n bobbejaanbevel uitgevaardig? Die vrouens gaan ons net uitlag. Ons kan mos nie al die kleure in die land belet nie! Waar land ons dan?” Voorts was mev. Du Toit oortuig daarvan dat nie sy of enige ander vrou in die tronk sou beland oor die dra van ’n wit rok nie, aangesien haar broer nie van sy suster, of enige ander vrou, ’n martelaar sou wou maak nie. Dit sou die regering verder diskrediteer.²³² Dus kon OB-vroue hulle verset in vrede voortsit.

²³¹

OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Kaapland omsendbrief no. 4/41, 19.07.1941.

²³²

OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnrs. 97-98, 1982: H.M. Robinson/E.S du Toit, p. 36.

HOOFSTUK 4

Van fondsinsameling tot Vryheidsdag: Die algemene rol van vroue in die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van die volksmoederbeeld

Afrikanervroue se rol as aktiewe historiese agente in die Ossewa-Brandwag kan nie net gesien word teen die agtergrond van die wesensaard en ideologie van die OB nie. Dit moet ook beskou word binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Afgesien van die leidrade wat die amptelike beleid oor vroue sowel as die materiële kultuur van wit rokke gee oor tydgenote se verstaan van gender, kan lede van die OB se uitkyk grootliks verstaan word deur te let op die rol en plek wat vroue in die OB beklee het deur hulle werksaamhede in die beweging na te speur.

Ten spyte van die amptelike doelwitte, wat wil voorgee dat vroue totaal beperk is tot die partikuliere sfeer, skets hulle agentskap in die OB 'n ander prentjie. Waar daar in hoofstuk 3 gekyk is na die amptelike taak van die vrou in die OB langs die konseptuele praktyke van mag, word daar in die volgende hoofstukke aandag gegee aan OB-vroue se onafhanklike optrede en die dinamika wat gepaard gaan met hulle agentskap wat sigself laat geld het in beide die universele en partikuliere sfeer. By wyse van 'n *historiese beskrywing* word vroue se eie konstruksie van hulle identiteit verken deur te kyk na hoe hulle die “amptelike taak van die vrou” geïnterpreteer het. Die implikasies van OB-vroue se agentskap word daarna teen die agtergrond van gender in afdeling 4.2 *teoreties geëvalueer*.

Die OB was inderdaad 'n organisasie wat gepoog het om hulleself te laat geld op alle terreine van die Afrikaner se volkslewe. Daar is gestrewe na die uitbou en uitleef van Afrikanerkultuur volgens 'n spesifieke gekonstrueerde ideaal – veral in die geval van vroue waar die *volksmoeder* koningin gekraai het. Hierdie strewe kan gekoppel word aan dit waarna verwys is as die Afrikaner se nasionale beweging en die OB het daarop aanspraak gemaak dat hierdie ideale in die beweging sy beslag gekry het.¹ As georganiseerde eenheid het die OB verklaar dat dit 'n volksorganisasie is wat “oor alle terreine van die volkslewe vir die volk wil brandwag staan.”² Hierdie terreine het natuurlik ook “die wêreld van die vrou” ingesluit.³

¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 15, omslag 4, *Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 10.

² OBA: Ketting-Vlugskrifte, no. 1, 1941.

³ Sien *Volksblad*, 6.2.1939, 15.4.1939 en *Die Volkstem*, 13.2.1939.

4.1 “Die wêreld van die vrou”: Die algemene werksaamhede van OB-vroue met spesifieke verwysing na 1939-1943

Die meeste aktiwiteite van vroue het plaasgevind binne die OB se vroue-afdeling. Dit is hier in hulle eie “spesiale plek” waar vroue, teen die agtergrond van die genderkonstruksies van die dag, hulleself ook kon laat geld as historiese agente. Vroue het veral gedurende die tydperk 1939 tot 1943 die oorspronklike kulturele doelwitte van die OB nagejaag totdat die rol van vroue in 1943 ’n klemverskuiwing ondergaan het en die vroue-afdeling ook aandag begin skenk het aan ’n duidelik geformuleerde idee van “volksorg”.⁴

Die Vroue-adjunkrade van elke provinsie was verantwoordelik daarvoor om die leiding te neem in vrouewerksaamhede. Daar is bepaal dat die VAR sou toesig hou oor die reeds genoemde doelstellings van die Vroue-afdeling. Hoofvroue-offisiere van die verskillende gebiede sou seker maak die werksaamhede van vrouekommando’s in haar spesifieke generaalskap voldoen aan die amptelike doelstellings van die Vroue-afdeling en was ook verantwoordelik vir die koördinerings van werksaamhede.⁵ Om hierdie rede is die taak van die vrou in die OB (vanaf 1939 tot 1943) in meer besonderhede uitgewerk deur die VAR:

- (a) Dat die vroue die manne moet opwek tot diens, pligsgetrouheid, en morele steun verleen waar nodig tot nakoming van die doelstelling in die konstitusie van die OB bevat.
- (b) Volkspropaganda en veral propagering van ons eie staatstelsel soos uiteengesit in uniale omsendbrief No. 2/41 en alles wat ons eie is, sodat die volk dit leer liefkry wat gebore is uit die sweet en bloed van ons voorvaders.
- (c) Fondse bymekaarmaak deur kafees te hou by byeenkomste van die Ossewabrandwag, goedgesindes om bydraes en gifte te vra sodat die geweldige organisasie van die OB kan aanhou om die volk vir die laaste stormloop te mobiliseer.
- (d) Lede op te lei in administrasie, gesondheidsleer, opvoedkundige vraagstukke, tuisverpleging, volksvoeding en eerstehulp.
- (e) Volksang en volkspele by die volk aan te moedig.⁶

Vervolgens word die rol van die vrou in die OB beskryf deur te verwys na hoe vroue, by wyse van die uiteengesette taak van die vroue-afdeling en VAR, opgetree het as onmisbare agente in die Ossewa-Brandwag. Vroue se rol as fondsinsamelaars, hulle deelname aan die

⁴ Sien Hoofstuk 6.

⁵ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Die Vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag, Kaapland.

⁶ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/1, omslag 2: Bevel no. 5/42, aanhangsel A.

kulturele praktyke van die OB, sowel as die betekenis van hulle deelname teen die agtergrond van gender word vervolgens bespreek.

4.1.1 “Vroue vlytig in hul diens”⁷: OB-Vroue en fondsinsameling

Die Ossewa-Brandwag Noodhulpfonds is gestig in 1941 as gevolg van die massa arrestasies en internering van OB-lede onder die noodmaatreëls van die Smutsregering. Honderde mense is in die tronk of in kampe aangehou omdat hulle weerstand gebied het teen die oorlogspoging of omdat hulle deur regeringsagente beskou is as ’n bedreiging. Ander was weer voortvluggend en moes onderhou word soos hulle van die een huis na die ander gevlug het.⁸ Die Noodhulpfonds moes primêr seker maak dat daar genoeg geld beskikbaar was om te voorsien in die behoeftes van afhanklikes van die aangehouenes, voortvlugtiges en geïnterneerdes. Dit is hier waar vroue een van hulle belangrikste funksies in die OB vervul het, naamlik as die finansiële hart van die Noodhulpfonds.

Kort na die arrestasie van die eerste politieke gevangenes onder die Noodregulasies van die Smutsregering in 1940, het die Transvaalse Beheerraad van die OB onmiddellik stappe geneem om te sorg vir die afhanklikes van die gevangenes. Vir hierdie doel is die Boerevolk-Noodhulpfonds in die lewe geroep. In November van dieselfde jaar is die administrasie van die Fonds na die FAK oorgeplaas.⁹ Die feit dat soveel lede van die Ossewa-Brandwag geïnterneer is, het daartoe gelei dat die Transvaalse Beheerraad weer die administrasie van die fonds oorgeneem het vanaf Maart 1941.¹⁰ Met die aanhouding van massas broodwinners in ’n tyd toe vroue nie toegang gehad het tot beroepsarbeid nie, het “’n toestand van kritieke nood ontstaan”.¹¹ Vanweë hierdie omstandighede het Kommandant-Generaal J.F.J. van Rensburg elke lid van die OB opgeroep om te verseker dat “’n volksramp” afgeweer word: “Skep julle kommando’s in reddingslaers om! Een vir almal, almal vir elkeen!”.¹² Met hierdie wekroep van die KG het die OB Noodhulpfonds tot stand gekom op 22 Februarie 1942 en het dit die Boerevolk-Noodhulpfonds vervang. Kort hierna is daar ’n bevel uitgereik dat alle OB-vroue die insameling van fondse vir enige ander organisasies voorlopig moet staak en hulle

⁷ OBA: *Die OB*, 18.12.1942.

⁸ E. Theron. *Sonder hoed of handskoen*, p. 42.

⁹ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

¹⁰ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnrs. 76-77, 1979: H.M. Robinson/J.H. Coetzee, p. 18.

¹¹ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

¹² OBA: *Die OB*, 28.01.1942.

toespits op die OB Noodhulpfonds.¹³ Dit sou dus hoofsaaklik vrouekommando's se fondsinsameling wees wat die versinnebeelding sou word van hierdie sogenaamde "reddingslaers".

Die Noodhulpfonds is direk geadminestreer uit die kantoor van die KG in Pretoria.¹⁴ Aan die hoof van die Noodhulpfonds het professor Geoffrey Cronjé gestaan. Vandag is hy beroemd vir sy idees rondom ras en die invloed daarvan op die latere apartheidsbeleid¹⁵, maar hy het ook 'n groot rol gespeel in die vorming van die rol van die vrou in die OB. As sosioloog aan die Universiteit van Pretoria sedert 1936 sou hy sy merk maak op gesinsosiologie wat later 'n sterker invloed op die OB Vroue-afdeling en die amptelike ideologie van die OB sou uitoefen. Cronjé het sterk geïdentifiseer met die organisasie en het ook hoë posisies bekleed, naamlik as generaal van Pretoria, sekretaris van die Grootraad (1947/48), hoof van die Noodhulpfonds en latere hoof van Vroue-Volksorg.¹⁶

Die fonds is onder die beheer van 'n raad van trustees geplaas sowel as 'n komitee van minstens vier OB-lede wat deur die KG aangewys is. Tussen 1940 en 1943 het die raad bestaan uit professors van regoor Suid-Afrika sowel as die hoofgenerale van Wes-Kaapland, mev. Emmie du Toit, mev. M. de Villiers en die beroemde mev. M.E. Rothmann wat deur haar betrokkenheid in die ACVV ideaal geskik was as trustee van die fonds. Die administratiewe komitee het bestaan uit genl. P. Meyer as voorsitter, die hoofgenerale van die Witwatersrand, mev. K. Malan as ondervoorsitster en drie ander OB-lede. Die feit dat mev. Malan gedien het op die sentrale komitee is veelseggend, aangesien die Noodhulpfonds nie net aangewend is om die families van geïnterneerdes by te staan nie, maar ook groot bedrae geld spandeer het aan die opheffing van die "armblankes" van die Witwatersrand.¹⁷ Behalwe vir die administrasie en boekhouding van die Noodhulpfonds, moes hierdie sentrale komitee toesien dat daar ondersoek ingestel word na alle omstandighede van noodgevalle wat vereis dat daar maandeliks bedrae aan behoeftiges toegeken word.¹⁸ Elke kommando was verantwoordelik daarvoor om kennis te neem van behoeftiges wat ly onder die noodmaatreëls en vir elke kommando is daar 'n lys van hulpbehoewendes opgestel wat onder die aandag van

¹³ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Bevel.

¹⁴ OBA: Bandopname, onderhoud (tr.), bandnr. 34, 1985: L.M. Fourie/K.J.H. Behrens, p. 5.

¹⁵ J.M. Coetzee, "The mind of Apartheid", *Social Dynamics*, vol. 17, no. 1, 1999, pp. 1-35.

¹⁶ Sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 505-507 asook Hoofstuk 6.2.1 vir meer besonderhede oor Cronjé se invloed op OB beleid rakende vroue.

¹⁷ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 337.

¹⁸ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Reëls van die OB Noodhulpfonds.

die Noodhulpkomitee geplaas is. Die generaalskap van Pretoria het byvoorbeeld ten tyde van die begin van die internerings in 1941 nie minder nie as sestion gesinne maandeliks onderhou.¹⁹ Erika Theron skrywe dat die fonds vir baie vroue “die enigste hulp beskikbaar” was.²⁰

Die feit dat vroue- en mannekommando’s apart van mekaar gestaan het, het dikwels gelei tot verwarring wat betref wie verantwoordelik is vir die administrasie van noodhulp in ’n spesifieke kommando. Aanvanklik is die manlike kommandant verantwoordelik gehou vir die ondersoek en rapport in verband met alle noodgevalle in sy kommandantskap. Hierdie maatreël het egter gelei tot “ongelukkige wrywing tussen manne- en vroueoffisiere” oor die vraag wie nou eintlik verantwoordelik sou wees in verband met die ondersoekingswerk, rapporte en aanbevelings. G. Cronjé het raad verskaf in verband met hierdie wrywing wat veelseggend is as dit kom by die genderverhoudings tussen die vroue- en mannekommando’s. Hy skrywe: “die werk [kan] nooit vervangend wees nie – dit moet aanvullend wees”.²¹ Dit herinner aan die amptelike beleid van die OB teenoor die vrou, naamlik dat sy die “adjunk” van die mannekommando is en as’t ware beskou word as ’n “hulpafdeling van die manneafdeling”.²² Ten spyte van hierdie diskoers was vroue se “hulp” van só ’n aard in die Noodhulpfonds dat vrouekommando’s onmisbaar geword het. Cronjé het dit besef en daar is bepaal dat die maatskaplike werksaamhede van die fonds hoofsaaklik deur die vroue-afdeling behartig word. Besoek aan huisgesinne in nood was uitsluitlik ’n vroue-aangeleentheid en is beskryf as iets wat gereeld moet plaasvind in die gees van “die besoek van ’n simpatieke suster aan die huis van ’n suster in nood”.²³ Daarby het die fonds nie net geld aanvaar nie, want “sommige mense gee liever ’n skaap as ’n halfkroon”.²⁴ So het die fonds dikwels beskik oor baie plaasprodukte wat saam met die maandelikse geldbedrag aan gesinne verskaf is. Die uitdeel van hierdie produkte kon deur enige kommando behartig word, maar skenkings soos klere en skoene moes uitsluitlik deur die plaaslike organisasie van die vroue-afdeling behartig word.²⁵

¹⁹ OBA: M.S.F. Grobler-versameling, B/L 1/7, omslag 1: Noodhulp-gevalle.

²⁰ E. Theron. *Sonder hoed of handskoen*, p. 42.

²¹ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

²² OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: Doelstellings en taak.

²³ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

²⁴ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Insameling.

²⁵ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

Daar is 'n spesifieke prosedure voorgeskryf vir die hantering van noodgevalle in 'n kommandantskap. 'n Kommandante was verantwoordelik daarvoor om ondersoek in te stel ten einde uit te vind watter nood daar in haar kommando was. Daarna moes sy 'n rapport en aanbeveling instuur na die Noodhulpsekretariaat. Finale aanbevelings het gekom vanaf die hoofgenerale van 'n gebied (met ander woorde die VAR) of die generaal van 'n generaalskap. Wanneer die behoeftiges identifiseer is, het 'n dame van die kommando besoek afgelê in die vorm van 'n "egte boerekuier" of 'n "ritjie saam uit in jou motor na die OB-funksie toe, na die een of ander maatskaplike vermaak, na die Dieretuin of sommer uit op die veld." Vroue moes ook morele steun verskaf aan hulle noodlydende susters sodat daar "geen atmosfeer van vernederende liefdadigheid" was nie. Binne die geledere van die OB is daar gevoel dat vroue veral besonder goed aangelê is vir hierdie taak.²⁶ Sodra 'n persoon in 'n kommando-area geïnterneer word, het die vrouekommando gewoonlik dadelik ondersoek ingestel en voorsiening gemaak vir fondse indien hulpverlening noodsaaklik was.²⁷ Hierdie prosedure beskryf egter nie die omvang van die hulp wat gewone OB-vroue by wyse van hulle fondsinsameling en reël van funksies verleen het nie. Die volgende uiteensetting van die doeleindes waarvoor die fondse aangewend is, gee mens 'n idee van die impak wat vroue se insameling gehad het op diegene wat gely het onder die Noodregulasies:

- (a) Lewensonderhoud vir afhanklikes van geïnterneerdes en politieke gevangenes.
- (b) Betaling van huurkooppeaaiemente, assuransiepremies, en beskerming van ander eiendomme wat noodsaaklik mag wees vir die bestaansveiligheid van gesinne van genoemde geïnterneerdes of politieke gevangenes.
- (c) Betaling van noodsaaklike en/of wenslike vervoerkoste van sulke afhanklikes en/of hulle huishoudelike besittinge.
- (d) Betaling van noodsaaklike bedrae ten opsigte van mediese en/of tandheelkundige dienste ten behoeve van sulke afhanklikes.
- (e) Betaling van bedrae ten opsigte van voedselverskaffing, slaapgeriewe en ander soortgelyke dienste aan politieke gevangenes en geïnterneerdes.
- (f) Betaling van bedrae ten opsigte van studiegeriewe vir geïnterneerdes en politieke gevangenes ter betere bekwaming vir naoorlogse dienste.
- (g) Betaling van sulke ander noodsaaklike en/of wenslike bedrae vir die bestaansbeveiliging van sulke geïnterneerdes of politieke gevangenes en/of hulle afhanklike gesinne.

²⁶

OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 4, OB Noodhulpfonds: Memorandum.

²⁷

OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2, omslag 7: Notule van VAR-vergadering, 13.02.1942.

- (h) Beskikbaarstelling van lenings op sekuriteit van promesse of soos anders bepaal aan vrygestelde geïnterneerdes of politieke gevangenes wat hulle redelikerwys in staat sal stel om 'n bestaansmoontlikheid vir hulleself en hulle afhanklikes te verwesenlik.²⁸

Soos reeds genoem, het vroue se bydrae tot die Noodhulp nie net die insameling van geld ingesluit vir die bogenoemde doeleindes nie. Vroue het ook voorsien in die basiese behoeftes van mans in die interneringskampe en tronke. Hulle het die geld tot hulle beskikking gebruik om kos te koop “en alles wat 'n man nou eintlik daar in die kamp nodig gehad het moes ons maar bymekaargemaak het”, aldus mev. Rautenbach.²⁹ Dit was veral die vrouekommando's van Pretoria en die Witwatersrand wat hulp verleen het aan politieke gevangenes, vanweë die nabyheid van die Sentrale Gevangenis in Pretoria. Ten tye van die massa-internerings van 1942 het hierdie vroue kos voorsien vir tot 75 mans in die gevangenis, ten spyte van die voedselskaarste. Petrol was gerantsoeneer en dit was dikwels moeilik om by die tronk uit te kom. Mev. W.J. Seymore, hoofkommandante van Pretoria (Noord-Transvaal) vertel dat as die vroue nie vervoer kon kry nie “[het] ek dames gehad wat daardie massas kos gedra het, en wat na die tronk geloop het.” Die vroue het ook toegesien dat daar betaal word vir die maak van 'n pak klere vir die gevangenes wat in die hof moes verskyn.³⁰ Met Kersfees is daar besondere moeite gedoen om die mans in die interneringskampe te bederf. Daar was veral twee vroue, wat in hierdie verband gewerk het, naamlik tant Lenie Tom en tant Lenie Jack. Tant Lenie Jack se man was die kommandant van die Koffiefontein-kommando en daar het 'n goeie verstandhouding bestaan tussen hom en die kampowerhede van die Koffiefonteinse Interneringskamp. Dit het die twee tantes die geleentheid gegee om baie hulp te verskaf aan die geïnterneerdes in die nabye kamp. Tydens een Kersfees het hulle honderd-en-drie doekpoedings tussen hulle twee gebak.³¹ Vroue wou ook hulle mans bystaan op meer as net die gebied van materiële versorging. So het die vroue-kommando van Vryburg byvoorbeeld besluit om vir die mans in die gevangenis te gaan sing. Hulle is vervoer na die gevangenis met twee vragmotors en het voor die tronk vir ure gestaan en volksliedjies sing. Mev. J. Marais vertel: “Ons wou morele steun gee aan ons manne daar in die tronk. En hulle het ons gehoor. Hulle sê dit was vir hulle 'n groot beseeling gewees dat ons dit gedoen het.”³²

²⁸ OBA: G. Cronje-vers., B/L 1/12, omslag 1: Reëls van die OB Noodhulpfonds.

²⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 23, 1973: H.M. Robinson/C.W. Rautenbach, p. 5.

³⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 82, 1975: H.M. Robinson/W.J. Seymore, p. 3; Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1975: H.M. Robinson/F. Botha, p. 11.

³¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 131, 1977: L.M. Fourie/C.M. Immelman, pp. 6-7.

³² OBA: Bandopnames (tr.), bandnr. 208, 1985: Herinneringe van Mev. J. Marais, p. 3

Soos duidelik blyk uit die amptelike doelstellings en werksaamhede van die Vroue-afdeling en VAR, is die taak van fondsinsameling beskou as 'n werk wat deur OB-vroue behartig behoort te word. Plaaslike eenhede het gewoonlik spesiale Noodhulp-funksies of insamelingsfunksies (basaars) gereël in oorleg met die VAR. Vroue was by uitstek organiseerders van funksies. Mev. C.W. Rautenbach, Hoofvrou van Noord-Transvaal, het selfs sover gegaan om die verskil tussen die vroue en manne in die OB soos volg te beskryf: “Die mans het altyd vergaderings gehou. Ons het maar net die vrouens bymekaargemaak, ons het maar net georganiseer.”³³ Om hierdie rede moes die betrokke generaal in die generaalskap altyd eerstens soek na “flukse vroue met organisasietalent” om die leiding te neem by funksies.³⁴ Daar was geen einde aan OB-vroue se arbeid in hierdie verband nie. Mev B. Roux van die Paarl was vir tien jaar 'n adjudant in haar vrouekommando en beskryf die aktiwiteite van die vroue-afdeling as volg:

Elke Vrydagmiddag het ons bymekaargekom by die huis wat ons gehuur het. Die Boerejeug en die Vrouekommando het bymekaargekom, en daar het ons nou... wat het ons nie alles gedoen nie! Ons het baie gewoener en gewoel om geld vir die Noodhulpfonds bymekaar te maak. Ons het lesings gehou en demonstrasies gegee, en ons het 'n spinwiel daar gehad en 'n weefstoel. Dit was absoluut net 'n woelige tyd net om geld bymekaar te maak vir die Noodhulpfonds.³⁵

Weekliks, maandeliks, jaarliks is daar verskeie funksies van allerlei aard gereël om fondse in te samel. Klein en groot funksies is georganiseer – meestal onder die ongunstige omstandighede van die oorlogsjare. Dit het gewissel vanaf kollekte by die deur van 'n vergadering tot 'n verskeidenheid byeenkomste wat getuig van vroue se vindingrykheid. Een só 'n funksie, wat redelik populêr was, was die sogenaamde “Voorskootaand”. Elke vrou in die kommando bring 'n voorskoot wat sy na die funksie toe dra. Die mans teenwoordig by die funksie gooi dan muntstukke in die sak van die voorskoot wat vir hom die mooiste is en aan die einde van die aand word die voorskote opgeveil. OB-vroue het van elke geleentheid gebruik gemaak om geld in te samel. Daar is byvoorbeeld gedurende elke OB-funksie koffie en tee deur vroue-offisiere verkoop.³⁶ Vroue het ook gereeld basaars georganiseer. Mev. W.J. Seymore vertel van 'n basaar wat gehou is in 'n openbare park in Wonderboom-Suid. In 1941

³³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 23, 1973: H.M. Robinson/C.W. Rautenbach, p. 4.

³⁴ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Mobilisasie van vrouekragte.

³⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1985: H.M. Robinson & W.R. Laubscher/B. Roux, p. 1.

³⁶ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2, omslag 6: Wenke aan Vrouekommando's.

was daar 'n byeenkoms met duisende mense teenwoordig. Die OB-vroue van Pretoria het pannekoek verkoop teen 'n tienie per pannekoek. Aan die einde van die dag het hulle £100 met dié gebak gemaak.³⁷ Dit beteken dat hulle ongeveer 8 000 pannekoekes gebak het!

Vroue het besondere betekenis geheg aan hulle rol as fondsinsamelaars. Een van die werkskemas van die vrouekommando's van die Vrystaat, moontlik opgestel deur genl. Meyer, beskryf hierdie rol in die volgende terme: "Soos die vrou in die ou dae koeëls gegiet het vir die man om weg te skiet, sodat hul veiligheid en voortbestaan verseker kan word, so sal die vrou in die Ossewa-Brandwag sorg vir die nodige fondse sodat die stryd voortgesit en die oorwinning behaal kan word."³⁸ Die rede hiervoor mag wees omdat vroue nie net verantwoordelik was vir die insamel van geld vir die Noodhulpfonds nie, maar ook vir die Ossewa-Brandwag self. Die ekonomiese beleid van die OB dit ten doel gestel om mee te help dat die Afrikaner sy/haar regmatige plek in die ekonomiese sfeer kan verower. Ekonomiese opheffing het nie net gebly by die versorging van en steun aan geïnterneerdes se families nie, maar het ook versterkte steun aan die Reddingsdaadbond behels, bystand aan Boere en die byeenbring van verskeie fondse om hierdie opheffingsbeleid ten uitvoer te bring.³⁹ Met hierdie doel voor oë is OB-byeenkomste gebruik as 'n goeie bron van inkomste. Daar is berig in die *Burger* en *Transvaler* dat vroue "gewoonlik" meer as £600 gedurende 'n groot OB-funksie ingebring het.⁴⁰ Dit is dus nie verbasend dat die *Vaderland* per geleentheid berig het dat die swaar finansiële druk op "kultureel geïnspireerde" byeenkomste uiteindelik daartoe gelei het dat OB-lede se entoesiasme rondom die funksies verflou het nie.⁴¹ Nietemin, daar was altyd geld om in te samel gedurende hierdie soort geleenthede. Die grootste van hierdie funksies is genoem Uniale Fondsdag, Organisasiedag of OB-dag en het jaarliks plaasgevind op 8 Augustus.⁴²

Naas die viering van die Boere se oorwinning oor die Britte op 27 Februarie 1881, naamlik Vryheidsdag of Majubadag, was OB-dag die tweede groot amptelike feesdag op die kalender. OB-dag is baie nou verbonde aan die Voortrekkereëufees van 1938. Op 8 Augustus 1938 het die ossewaens van die simboliese ossewatrek uit Kaapstad op hulle noordwaartse tog vertrek.

³⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 82, 1975: H.M. Robinson/W.J. Seymore, p. 2.

³⁸ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2, omslag 6: Werkskema: Vroue-adjunkraad, Oranje Vrystaat.

³⁹ P.J.J. Prinsloo, "Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag", p. 359.

⁴⁰ *Die Burger*, 05.09.1941; *Die Transvaler*, 04.02.1941, 28.02.1941, 06.03.1941, 21.03.1941.

⁴¹ *Die Vaderland*, 28.05.1941.

⁴² OBA: *Die OB*, 08.04.1942; 09.12.1946.

Dit is beskou as die geboortedag van die Ossewabrandwag, omdat die volk op dié dag in beweging gekom het in die vorm van die OB.⁴³

OB-dag is die eerste maal gevier in 1942 en is tot in 1952 in stand gehou. Dit is beskou as dié “groot uniale onderneming van die vrou” en OB-vroue het na Fondsdag verwys as hulle “hooffees” wat betref insameling.⁴⁴ Vroue het die dag gesien as een van offer waar “die volk geleer moet word om offers te bring.”⁴⁵ Dit lyk of die genderbordjies op hierdie dag verhang is. Daar is bepaal dat die inisiatief van Fondsdag uitsluitlik lê by die vrou, maar ten spyte hiervan “is die heelhartige steun en samewerking van die mans noodsaaklik.” Gedurende hierdie dag sou die mans ’n “spesiale” plek inneem, aangesien “die mans hulleself spesiaal moet inspan om die vroue in alle opsigte waar moontlik by te staan.”⁴⁶ Op hierdie dag sou die Jeugfront ook saamwerk en hulle organisasie was ook die verantwoordelikheid van die vroue.⁴⁷ Die “insamelingspogings van elke man, vrou en kind” is opgedeel langs genderlyne. Mans kon vee verkoop en die waarde daarvan op Fondsdag skenk en vroue weer moes hulle regdeur die jaar besig hou met die vervaardiging van naaldwerk of kunswerke wat hulle voor die tyd of op Fondsdag kon verkoop. Die jeug het regdeur die jaar “pennies en tiekies” bymekaargemaak.⁴⁸

Die VAR het verskeie maniere gehad om regdeur die jaar geld in te samel vir Fondsdag. Een so ’n manier was om die vroue-offisiere van die verskillende kommando’s ’n klein bedrag geld te gee om mee te woeker. Op 8 Augustus sou hulle dan hulle opbrengs bekend maak. Aan die vroue-eenheid van Tzitsikama is daar in 1942 twee sjelings gegee. Die vroue het goedere uit koffiesakkies vervaardig en verkoop en ook ’n hoender laat broei en die kuikens verkoop. Op 8 Augustus 1942 het hulle die twee sjelings verander in £7-9-0.⁴⁹ Die gedagte was dat vroue, te midde van die tekorte veroorsaak deur die oorlog, spaarsamig moet wees en “iets uit niks” vervaardig. So is vroue ook aangemoedig om “spaarsamigheidsartikels” of “rommel-artikels” te maak. Die doel was om fondse bymekaar te maak, maar dit is ook beskou as opvoedkundig, aangesien die idee was “om mense so te lei en so te inspireer om self te dink en self te prakseer en self te skep... [dit] moedig nuttige handeewerk aan en verskerp die sin

⁴³ OBA: Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Viering: 8 Augustus.

⁴⁴ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1942.

⁴⁵ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5, Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

⁴⁶ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 1: Fondsdag: 8 Augustus.

⁴⁷ OBA: A. Potgieter-vers., B/L 1/1, omslag 1: Herinneringe aan die OB-Boerejeug, 1942-46.

⁴⁸ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 1: Fondsdag: 8 Augustus.

⁴⁹ OBA: *Die OB*, 18.12.1942.

van vindingrykheid...”⁵⁰ Die verskeidenheid artikels wat vroue vervaardig het, het geen einde geken nie. Artikels het ingesluit kinderspeelgoed soos telrame van leë tolletjies, en popspeelgoed van vuurhoutjiedose, ystervarkpenne, visblikkies en skoendose, komberse, knope van opgesaagde garingtolle of die helftes van perske of okkerneutdoppe wat verfraai word, servetringe gemaak uit die murgbeen van ’n bees en gevef deur ’n kunstige vrou, artikels van meelsakke en ’n verskeidenheid klerasie, die lys gaan aan.⁵¹ Vroue-kommando’s het die hele jaar lank gewerk aan hierdie artikels en dit voor of op Fondsdag verkoop.⁵² Die OB-vroue van die Vrystaat het weer by wyse van ’n sogenaamde “wisselskildery” vir jare lank geld ingebring met slegs een item. Die Kaaplandse VAR het in 1942 elf skilderye ontvang van ’n ene mev. Ferguson-Louw. Elke VAR-lid van Kaapland het een van die skilderye gekry om van geld te maak en daar is ook aan die hoofgenerale van elke gebied een skildery gegee om mee te woeker. Die Vrystaatse VAR het lotery onmiddellik afgestem en met ’n beter “meer aanvaarbare” metode vorendag gekom. Daar is besluit dat die skildery opgeveil sal word aan die verskillende kommando’s in die Vrystaat. Die kommando wat die hoogste bod maak kry die skildery vir een jaar. Daarna kry die kommando wat die meeste geld inbring gemiddeld per jaar per lid weer die skildery vir ’n jaar. So het die skildery die Vrystaatse vroue-kommando’s se “trofee” geword en dit is op Fondsdag toegeken.⁵³

Dwarsoor Suid-Afrika is 8 Augustus gevier in klein en in groot feeste. Mev. B. Roux vertel dat OB-dag in die Paarl gevier is in die vorm van ’n groot basaar in die stadsaal wat geduur het van die oggend tot die aand. Daar was ongelooflik baie kos wat voorberei is met behulp van talle boere se skenkings van plaasprodukte. Die Boerejeug het hulle eie tafel gehad en daar was ook “’n groot naaldwerktafel”. Die aand is afgesluit met ’n ete.⁵⁴ Vroue was ook verantwoordelik daarvoor om uitgestalde artikels wat nie verkoop is nie, ná die fees te verkoop – niks is gemors nie.⁵⁵ Baie fondsdae het ook vermaaklikheid verskaf “wat tiepies Afrikaans is.” In die namiddag is daar dikwels Boeresport gehou met wedstryde soos pappegaaiskiet, jukskei, driebeenresies en so meer. Opvoerings van volkspele was ook op die program en nog ’n hoogtepunt was wanneer oudstryders uit die Anglo-Boereoorlog hulle

⁵⁰ OBA: G. Cronje-vers. B/L 2/11, omslag 3: Die maak van rommel-artikels.

⁵¹ OBA: G. Cronje-vers. B/L 2/11, omslag 3: Die maak van rommel-artikels.

⁵² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1985: H.M. Robinson & W.R. Laubscher/B. Roux, p. 1.

⁵³ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942; Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2, omslag 6: Wenke aan Vrouekommando’s.

⁵⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1985: H.M. Robinson & W.R. Laubscher/B. Roux, p. 3.

⁵⁵ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5, Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

wedervaringe gedeel het met die jeug.⁵⁶ Die oproepe om Fondsdag was soms sterk propagandisties wat duidelik gebruik maak van unieke interpretasies van die *volksmoeder*:

Indien die moeders van ons volk in die verlede gewillig was om hul seuns, ja selfs hul suigeling op die altaar van ons vryheid te lê, is u nie bereid om vandag maar net 'n deeltjie van u geldelike inkomste op die altaar te lê vir dieselfde vryheid wat nog nie verwesenlik is nie? Die geleentheid daarvoor word op 8 Augustus gebied.⁵⁷

Dit is belangrik om in ag te neem dat Fondsdag *nie* gehou is met die doel om geld in te samel vir die Noodhulpfonds *nie*. Genle. Meyer het dit duidelik uitgespel in 1942: “Die fondse wat op hierdie dag ingesamel word gaan suiwer en alleen vir die Ossewa-Brandwag as beweging...”.⁵⁸ Die Vrystaatse OB-vroue alleen het in 1942 by wyse van Fondsdag meer as £3 000 ingesamel “vir die provinsiale kas”⁵⁹ en gepoog om dit elke jaar te *verdubbel*.⁶⁰ Alhoewel hierdie ideaal nie heeltemal verwesenlik is nie, het die Vrystaatse OB-vroue hulleself elke jaar oortref en aanhou mik na hoër bedrae. In 1944 doen genle. Meyer die volgende beroep op haar kommando's: “Ek voel trots op wat die vroue van hierdie Gebied reeds presteer het. In 1942 het ons £3 200 ingesamel, in 1943 het ons die bedrag opgeskuif na £4 500. Sal ons nie al ons kragte inspan en probeer om vanjaar £5 000 te haal nie?”⁶¹ As daar in ag geneem word dat soortgelyke opbrengste elke jaar verkry is in elke gebied van die OB⁶², kan daar sover gegaan word om vroue die finansiële lewensloop van die Ossewa-Brandwag te noem.

Buiten groot geleenthede soos Fondsdag of kleiner funksies wat deurentyd gemik was op die insameling van geld, was die OB vir vroue dikwels 'n middel waardeur sy sosiaal kon verkeer met haar mede-Afrikaner. Dit het huisvroue die geleentheid gegee om hulleself te laat geld buite die huis, maar dit het ook in die menslike behoefte vir interaksie met die medemens voorsien. Vroue wat gewoon het op verafgeleë plase is deur hulle lidmaatskap aan die OB blootgestel aan 'n groter en hegte sosiale sfeer. 'n Voorbeeld hiervan is die Vrystaatse vroue se skep van 'n “Dames-Ruskamer” in Bloemfontein. In Mei 1942 is dit in die vooruitsig gestel

⁵⁶ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 1: Fondsdag: 8 Augustus.

⁵⁷ OBA: *Die OB*, 22.07.1942.

⁵⁸ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

⁵⁹ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

⁶⁰ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

⁶¹ OBA: J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 3: Korrespondensie: J.A.S. de Wet/C. Meyer, 05.06.1944.

⁶² Sien OBA: Gebied F-vers., B/L 8(i)(b)/4/26, omslag 2: Sesmaandelikse verslag, 1944.

om 'n spesiale plek vir vroue in te rig vir “dames wat byv. net vir die dag inkom stad toe [wat] hulle pakkies daar [kan] laat of daar kom sit en uitrus wanneer dit nodig is.”⁶³ Vanweë die finansiële druk veroorsaak deur die oorlogssituasie is die idee nie dadelik verder gevoer nie. Vroue was egter heel entoesiasties oor die gedagte en teen Oktober 1942 het die Vrystaatse V.A.R. “Kamer no. 60 op die vierde verdieping van die S.A.S.-Bankgebou” in Bloemfontein gehuur. 'n Goedgesinde persoon het meubels geskenk en, alhoewel die Beheerraad van die Vrystaatse OB aangebied het om die huur te betaal, het OB-vroue geweier en een maand se huur was alreeds vooruit ingesamel deur die VAR.⁶⁴

Die Vrystaatse VAR. het 'n “Ruskamer-komitee” benoem wat verantwoordelik was om toe te sien dat daar eenmaal per maand 'n lesing gehou word in die Ruskamer. Dit sou vooraf geadverteer word in *Die OB-koerant*. Voorts sou die kamer ook gebruik word om “alle inligting in verband met winkels, losieshuise en geneeshere wat ondersteun kan word” (met ander woorde OB-gesindes) hier beskikbaar te stel. Vroue het dit nodig geag om tydens 'n vergadering te noem dat “mans sal ook toegelaat word, maar rokery word streng verbied.”⁶⁵

Vier maande ná die benoeming van die komitee was die Ruskamer alreeds 'n groot sukses. Die kamer is druk besoek en vroue van die Bloemfonteinse kommando het elke dag diens gedoen. Drie lesings is ook in die tyd gegee en “daar is 'n begin gemaak met die aankaffing van 'n boekery.” Voorts het vroue ook gebruik gemaak van die Ruskamer as 'n geleentheid om fondse in te samel. Tee en koffie is teen 3d 'n koppie verkoop en tussen Oktober 1942 en Maart 1943 is daar £24 6/ 7½d geïen waarvan £5 6/11d gebruik is vir ruskamerbenodighede. Die res is gestuur na die Vrystaatse hoofkantoor.⁶⁶ Die Vrystaatse Dames-Ruskamer, sowel as OB-vriendskapsentrums regoor die land, het vir OB-lede die geleentheid gebied om met eensgesindes sosiaal te verkeer en het so die gees van eenheid in die OB versterk.

So het OB-insamelingsaktiwiteite dikwels vir individuele OB-lede baie beteken. Mev. J. Marais onthou “dit was altyd baie lekker; dit was só 'n lekker gees wat altyd daar geheers het. Ons het almal eenders gevoel, en daar was nooit stryery of iets nie. Die een val in met die ander. Dit was regtig baie lekker. Ons het almal so een gevoel gehad, so saam.”⁶⁷ Dit wil ook

⁶³ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

⁶⁴ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

⁶⁵ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

⁶⁶ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

⁶⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1985: Herinneringe van Mev. J. Marais, p. 3.

voorkom dat die kameraderie van kerngroepies mense wat in verskillende kommando's saamgewerk het selfs die OB as beweging oorleef het. Mev. C.J.H. Steenkamp onthou byna 50 jaar later:

En dan was ons altyd verbaas as jy die groepie mense sien wat nou met die funksie daar was. Dan was jy verbaas as jy die aand die geld tel. Dan het mens gevoel of jy kon huil as jy dink dit is maar behoeftige mense, en as jy sien hoeveel geld die klein klompie mense ingesamel het, maar die samewerking was altyd pragtig, en almal het gedoen wat hulle kon doen. Selfs jare na die Ossewa-Brandwag het ek dit altyd opgemerk dat as ons funksies hou – wat dit ook al was, kerk- of partyfunksies – dan kon jy die klompie Ossewa-Brandwagte altyd daar kry... die mense wat die harde werk gedoen het en op wie jy regtig kon staatmaak, was altyd daardie klompie Ossewa-Brandwag-mense.⁶⁸

OB-vroue se werksaamhede as fondsinsamelaars was uniek in dié sin dat dit uitsluitlik beskou is as 'n vroue-aangeleentheid: Die mans het die vroue hier bygestaan. Dit was die gebied waar vroue hulle stempel die sterkste kon afdruk en was vrugbare grond vir die *volksmoeder* om haarself te laat geld (sien afdeling 4.3). Fondsinsameling was egter maar net een been van vroue se agentskap in die Ossewa-Brandwag.

4.1.2 OB-Vroue se algemene kultuuraktiwiteite

Die OB sou regdeur sy bestaan 'n baie sterk kultuuraanslag toon. Veral gedurende die tydperk 1939 tot 1941 is die OB uit verskeie oorde beskou as 'n kultuurorganisasie.⁶⁹ Die funksie en werksaamhede van die OB is byvoorbeeld soos volg beskryf:

Die viering van Afrikaanse volksfeeste en verjaardae van ons helde, die daarstelling van gedenktekens, kransleggings by monumente, die nasporing en instandhouding van geskiedkundige plekke en grafte van Afrikaners wat op die Pad van Suid-Afrika gesterf het, die hou van byeenkomste soos skyfskiet, pappegaai en aasvoëlshywe, jukskeigooi, ens., die beoefening van volkspele en volksliedere, die hou van optogte, gereelde byeenkomste van opvoedkundige en gesellige aard, opvoerings, lesings oor geskiedenis, ons letterkunde,

⁶⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 165-166, 1985: L.M. Fourie/C.J.H. Steenkamp, p. 8.
⁶⁹ Sien P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", pp. 332-384.

nasionale aangeleenthede en die wêreld van die vrou, debatte, kampe vir mans en vroue, ens.⁷⁰

Die OB wou egter ook meer wees as net 'n blote kultuurorganisasie: dit moes 'n voortsetting wees van die algehele eenheidskonsep wat deur die Eeufees verwesenlik is. So is die OB gesien as middel waardeur samewerking tussen Afrikaners kon plaasvind buite en bo die politiek ten einde die vryheidsideaal van die Afrikaner te verwesenlik. Met sy oorname van die beweging in 1941 het dr. Van Rensburg die kultuuraktiwiteite van die OB ingespan om breër doelwitte te dien. Vir hom was die OB 'n werktuig om 'n aktivistiese gees by die Afrikaner aan te wakker en uit te bou.⁷¹ Die beweging was vir hom uitmuntend geskik vir hierdie taak omdat hy dit gesien het “as die gemobiliseerde Afrikanerdom, gemobiliseer tot die stryd om die bestaan op die verskeie vertakkinge van ons volkslewe. Gemobiliseer ekonomies, kultureel en vir onderlinge beskerming... Ons wil die land nie in rep en roer bring nie. Ons wil net sorg dat die Afrikanerdom nie doodgedruk word in sy eie en enigste vaderland nie. Daartoe is die Ossewa-Brandwag daar.”⁷² Onder dr. Van Rensburg was die doel van die kultuuraktiwiteite van die OB een en enkel gerig op die Republikeinse ideaal.⁷³ Voorts was die funksie van die uitbou van volkskultuur hoofsaaklik om die insluiting en gelykheid van alle Afrikaners in die Ossewa-Brandwag te benadruk, sowel as die behoud van die “eie” in die naam van die Republiek wat kom.⁷⁴ Alhoewel dr. Van Rensburg hierdie ideale in die vooruitsig gestel het vir die Ossewa-Brandwag, het die kultuuraktiwiteite hoofsaaklik regdeur die beweging se bestaan dieselfde gebly, met enkele klemverskuiwings hier en daar. Vervolgens word die kultuuraktiwiteite van OB-vroue teen hierdie agtergrond verken.

In die kultuuraktiwiteite van die OB sou “die wêreld van die vrou” hoofsaaklik uitdrukking vind in die plek wat hulle bekleed het tydens vrouekampe en volksfeeste. Dat die OB 'n “gendered” beweging is, blyk duidelik uit die feit dat daar dikwels 'n skerp onderskeid getref is tussen die aktiwiteite van mans en dié van vroue. So is daar byvoorbeeld bepaal dat daar, net soos die geval van aparte kommando's op grond van geslag, ook aparte kampe vir mans en vroue gehou sou word. Vrouekampe was 'n belangrike aktiwiteit in elke gebied en individuele kommando's het gereeld kampe op eie houtjie gereël. Kampe vir mans en vroue

⁷⁰ *Die Volksblad*, 06.02.1939, 15.04.1939, *Die Volkstem*, 13.02.1939. Sien ook P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p. 33.

⁷¹ *Die Burger*, 25.02.1941.

⁷² A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 39-40.

⁷³ OBA: Kommandant-Generaalsvers: Toesprake: Laertrek te Bloemfontein, 13.04.1941.

⁷⁴ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 339..

sou 'n belangrike afdeling van die OB se werksaamhede vorm, waar liggaamsoefeninge, dril, gesellige verkeer en kulturele bedrywigheide aan die orde sou wees.⁷⁵ Gedurende die kampe moes alle lede in uniforme drag optree. Vroue was natuurlik geklee in wit rokke en hoede. Hoewel kampe verskillend van aard was, was daar sekere ooreenkomste tussen mans- en vrouekampe. Daar is beoog om tydens die kampe volksang te bevorder en saam te dril ten einde te leer om optogte wat beplan is in die toekoms plegtig te laat verloop.⁷⁶ Ander aktiwiteite wat beoog is, het onder meer uit studiekeringe, stap- en toerafdelings en sportbyeenkomste bestaan.⁷⁷ Die doel van laasgenoemde was om die Afrikaner na sy “nasionale” speletjies terug te bring en om OB-lede die geleentheid te bied om mekaar beter te leer ken en gesellig te verkeer.⁷⁸ Voorts is kampe ook beskou as 'n hulpmiddel in die vryheidstryd omdat dit gebruik kon word om die gees van dissipline in Afrikanergeledere vaardig te maak. Tydens kampe het streng dissipline gegeld en daar is gewoonlik ook toesprake gelewer wat deurtrek was met republikeinse gedagtes.⁷⁹ Binne die geledere van die OB is daar na 'n kamp verwys as 'n “laertrekking”. In hierdie verband is dit belangrik om die volgende vraag te vra: Wat het vrouelaertrekkings uniek gemaak?

Die hoofdoel van laertrekkings en kampe van vroue, was om vroue op te lei in wat die OB beskou het as “vrouevolksake”.⁸⁰ Die AKG van die Ossewa-Brandwag, J.A. Smith, wat voor 1943 die hoof van die vroue-afdeling was, het byvoorbeeld sterk standpunt ingeneem en in 'n toespraak genoem dat “die OB-laers nie as piekniekuitstappies beskou moet word nie, maar wel as gedissiplineerde laertrekkings waar die lede bepaalde kursusse ondergaan om hulle geestelik en fisies toe te rus vir die taai volkstryd wat ons voer.”⁸¹

Die eerste berig van 'n OB-vrouekamp is dié van een in Transvaal, gehou vanaf 14 tot 20 September 1942. Die kamp het plaasgevind op 'n plaas waarby meer as eenhonderd vroue “intensiewe kursusse” ondergaan het. So is daar byvoorbeeld gedurende hierdie kamp lesings gehou oor “noodhulp, tuinmakery, invloed van die moeder op die kind, kunsnaaldwerk, volksideale en demokrasie, kinderversorging ens.”. Tydens hierdie kamp het die KG die

⁷⁵ *Die Transvaler*, 26/01/1939.

⁷⁶ *Die Volksblad*, 15/04/1939.

⁷⁷ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 10.08.1939; 26.09.1939.

⁷⁸ P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p. 38.

⁷⁹ P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p. 69.

⁸⁰ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C.8/43.

⁸¹ OBA: *Die OB*, 11.04.1945.

vroue ook toegesprek oor die posisie van die vrou in die toekomstige republiek.⁸² Lesings gehou by 'n Transvaalse laertrek van 7 tot 14 Mei 1943 het soortgelyke temas ingesluit, wat hoofsaaklik deur mans gelewer is, beskou as “kundiges” op die gebied, naamlik “Senuweesiektes (dr. V. Bürman), tuisverpleging van aansteeklike siektes (hoofkomdte. P. Wassenaar), 'n gesonde voorgeboorte-lewe (dr. G.B. Bücher), postuur en die verhouding tot gesondheid (dr. J. Anderson), dissipline (hoofkomdte. A. Röscher).”⁸³

Dissipline was 'n belangrike komponent van vrouekampe. So word daar berig dat daar by die ingang van die bogenoemde kamp 'n vrouewag enige besoeker by die kamphek voorgekeer het en 'n ander dame het die besoeker dan na die kampterrein begelei, maar “dit help jou nie eers om 'n vriendelike woordjie met jou begeleidster te probeer wissel nie, want haar bevel is om nie met besoekers te praat terwyl sy op diens is nie en sy hou haar stiptelik daarby.”⁸⁴ Tydens kampe is daar natuurlik ook gesing en elke vrou moes óf 'n kopie van die FAK óf die amptelike OB-sangbundel met haar saamneem.⁸⁵ Kampe het ook vir vroue die geleentheid gebied om hulle vaardigheid in eerstehulp op die proef te stel. So is daar byvoorbeeld gedurende 'n vrouekamp van Gebied C 'n spesiale noodhulptent opgerig waar demonstrasies en lesings oor dié tema plaasgevind het.⁸⁶ Altyd getrou aan hulle “amptelike funksie” het OB-vroue dikwels ook die kampe gebruik as geleentheid om fondse in te samel of welsynswerk te verrig. Kos wat ná 'n kamp oorgebly het, is byvoorbeeld na 'n weeshuis gestuur en een Vrystaatse kamp is só georganiseer dat daar £85 nie gebruik was nie en dié is in die Noodhulpfonds gestort.⁸⁷ Tydens 'n Vrystaatse vrouekamp in 1947 moes vroue “benodighede vir die maak van 'n pop” saambring sodat elke vrou 'n handgemaakte pop by die kamp kon klaarmaak ten einde dit te verkoop, aangesien hulle gesien het “poppe verkoop goed op funksies.”⁸⁸ Daarby het die Republikeinse “aktiwisme” van dr. Van Rensburg ook deurgeskemer gedurende vrouekampe soos blyk uit die propagandawaarde wat aan vlae geheg is. Gedurende kampe was daar elke oggend 'n vlaghysing asook ten minste een formele vlagstryking in die verloop van die kamp (sien figuur 4a). Voorts het vroue ook gepoog om dit wat by die kampe geleer is, wel in die praktyk toe te pas. So skryf mev. J. Williams in *Die*

⁸² OBA: *Die OB*, 07.10.1942.

⁸³ OBA: *Die OB*, 14.04.1943.

⁸⁴ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

⁸⁵ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 28: Omsendbrief 1/47.

⁸⁶ OBA: *Die OB*, 14.03.1945.

⁸⁷ OBA: *Die OB*, 28.02.1945. Sien ook OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 1: Organisasietegote van die OB.

⁸⁸ OBA: G. Tomlinson-vers., B/L 1/5, omslag 3: Vrouekamp.

OB: “Almal probeer so hard om al daardie mooi dinge wat hulle in die kamp ondervind het, na te leef. In meer as een huis vind daar ’n jong rewolusie plaas wat betref etes, algemene gesondheid en dissipline. Dis prettig om te sien hoe sommige mans en broers hulle hierdie dinge laat welgeval.”⁸⁹



Figuur 4(a): Vrouekamp te Bellville

Links: Formele Vlagstryking; **Regs:** Gesellig om die kampvuur⁹⁰

Die reël van ’n vrouelaertrek het baie voorbereiding geverg. So kon die Vrystaatse vroue byvoorbeeld nie ’n gebiedslaertrek hou in 1942 nie. Genle. Meyer het tydens ’n vergadering genoem “Dit is te laat om hierdie jaar ’n kamp te hou aangesien minstens twee maande nodig is om te organiseer.”⁹¹ Offisiere en Brandwagte was gewoonlik verplig om kampe by te woon. Kos is dikwels self by die kamp voorsien en vroue moes slegs voorrade saambring wat in die oorlogstyd skaars was, soos tee, suiker, handewasseep, kerse en vuurhoutjies.⁹² Voorts moes vroue hulle eie beddegoed en kampbeddens saambring sowel as eetgerei, ensovoorts. Vroue het ook ’n kampfooi betaal wat na die organiseringskas sou gaan wat kostes gedek het soos die betaal van ’n kok. Die vrou “wat die kook sal waarneem” is £5 vergoed vir haar moeite.⁹³ Vanweë al die bogenoemde reëlins is daar maande voor die tyd al omsendbriewe uitgestuur om vroue voor te berei.⁹⁴ Die tipiese program van ’n vrouelaertrek het soos volg daar uitgesien:

⁸⁹ OBA: *Die OB*, 11.09.1943.

⁹⁰ OBA: OB Fotovers., fotonr. 1219: Wagkamp, 18.11.1945, Bellville.

⁹¹ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

⁹² OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 28: Omsendbrief 1/47.

⁹³ OBA: G. Tomlinson-vers., B/L 1/5, omslag 3: Omsendbrief, 17.01.1947.

⁹⁴ OBA: G. Tomlinson-vers., B/L 1/5, omslag 3: Vrouekamp.

Voorlopige Program	
Dinsdag, 13 Februarie	
3 uur n.m.	Opening.
4 uur n.m.	Koffie.
4.45 n.m.	Sang.
5 uur n.m.	Lesing deur Asst.-Hoofkomdte. V. Rooyen.
7.45 n.m.	Sang.
8 uur n.m.	Rolprentvertoning. Aandgodsdiens.
Woensdag, 14 Februarie	
6 uur v.m.	Opstaanfluit.
7 uur v.m.	Vlaghysing en oggendgodsdiens.
8 uur v.m.	Ontbyt.
9 uur v.m.	Lesing deur Prof. G. Cronje.
10.30 v.m.	Tee.
11 uur v.m.	Demonstrasie: maak van wolknope.
12.30 n.m.	Middagete.
3 uur n.m.	Lesing deur Prof. G. Cronje.
4.30 n.m.	Koffie.
5 uur n.m.	Demonstrasie: Sonhoed en leergordel.
7.45 n.m.	Sang.
8 uur n.m.	Lesing oor Volksgesondheid deur 'n dokter. Aandgodsdiens
Donderdag, 15 Februarie	
6 uur v.m.	Opstaanfluit.
7 uur v.m.	Vlaghysing en oggendgodsdiens.
8 uur v.m.	Ontbyt.
9 uur v.m.	Lesing en demonstrasie oor knip en pas van patrone
10.30 v.m.	Tee.
11 uur v.m.	Lesing vervolg.
12.30 n.m.	Middagete.
3 uur n.m.	Ontmoeting K.G., A.K.G. en G.G.
3.30 n.m.	Koffie.
4 uur n.m.	Toespraak Gebiedsgeneraal.
4.30 n.m.	Toespraak Adjunk-kommandantgeneraal.
7.45 n.m.	Sang.
8 uur n.m.	Toespraak Kommandantgeneraal. Aandgodsdiens.
Vrydag, 16 Februarie	
6 uur v.m.	Opstaanfluit.
7 uur v.m.	Vlaghysing en oggendgodsdiens.
8 uur v.m.	Ontbyt.
9 uur v.m.	Lesing Dr. P. Meyer.
10.30 v.m.	Tee.
11 uur v.m.	Demonstrasie.
12.30 n.m.	Middagete.
3 uur n.m.	Afsluiting.

Figuur 4(b): Program: Vrystaatse Vrouekamp: 13 tot 16 Februarie 1945⁹⁵

Die OB vroue-afdeling was ook verantwoordelik vir die reël van kampe vir die jong vroue, oftewel die Boeredogters, van die Ossewa-Brandweg Boerejeug. Soms is daar gesamentlike kampe vir beide seuns en dogters gehou, maar meer dikwels afsonderlik. Die Boeredogters het onder die beheer van die vroue-afdeling gestaan. Daar is verklaar: “Die Dogtersvertakking van die Jeugbeweging moet onder die Vrouevertakking ressorteer. Die hoofdoel van die jeugbeweging is die opvoeding van die seun en dogter as toekomstige man en vrou volgens die eise wat die volksgemeenskap aan hulle as volwassenes sal stel. Dit

⁹⁵ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 28: Omsendbrief, 29.11.1944: Program van vrouekamp. Opgestel deur genle. C. Meyer (Gebied C – Vrystaat).

spreek vanself dat sodanige opvoeding en vorming van die dogter aan die vrou en moeder van die volk toevertrou moet word.”⁹⁶ In lyn met die lede en leierskap van die OB se verstaan van geslagtelike verskil, was die aktiwiteite van die amptelike jeugvleuel ook verdeel op die grondslag van gender. Die inhoud van die werksaamhede is verdeel tussen die seuns en die dogters van die Boerejeug. Sommige aktiwiteite het wel ooreengestem, maar as ’n mens let op die OB se verdeling van arbeid op grond van gender, is dit nie verbasend dat die aktiwiteite daarop gerig was om die manlike en vroulike geslag toe te rus vir elkeen se besondere taak nie.⁹⁷ In ’n amptelike OB-pamflet word daar gehandhaaf dat dit “die plig van elke ware Afrikanerseun en –dogter [is] om al sy/haar kragte en talente in te span en gesamentlik te stry teen die vreemde klasseverskille in [die] volkslewe [en vir] ware volkseenheid op alle gebiede en algehele volksvryheid.”⁹⁸ Om toe te sien dat die jeug nie hierdie plig versuim nie, was kennis baie belangrik. So is amptelike OB-ideologie gedurende kampe vir beide seuns en dogters ingeprent, alhoewel sake rondom die volkspolitiek ’n groter deel uitgemaak het van lesings wat gehou is vir die seuns. Waar seuns hulle besig gehou het met veldwerk, soos rigtingvind, kaartteken en –lees, spoorsny, “aanvalstreke” en bekruiping, het OB-vroue veral aandag daaraan geskenk om die Boeredogters vaardig te maak in noodhulp.⁹⁹

Noodhulp was van die stigting van die jeugvleuel af ’n belangrike deel van dogters se opvoeding. Die klem op noodhulp moet ook beskou word binne die konteks van die tyd toe die OB gebore is. Met die Tweede-Wêreldoorlog wat in Europa gewoed het, en die OB wat die moontlikheid van ’n oorlog op eie bodem gepropageer het, was dit noodsaaklik dat die dogters ’n basiese kennis van noodhulp sou hê.¹⁰⁰ Selfs ná die Tweede Wêreldoorlog het noodhulp steeds ’n belangrike deel van die Boerejeug gebly. ’n Eerste diploma van die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga is beskou as die ideaal. Waar daar egter nie ’n tak van die Noodhulpliga was nie, sou daar voorsiening gemaak word tydens laers (kampe) van Boeredogters om toetse af te lê. Kennis gelykstaande aan die diploma is as voldoende beskou.¹⁰¹

⁹⁶ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/8, omslag 8: Die taak van die vrou in die volksbeweging.

⁹⁷ C. Blignaut & J.A. du Pisani, “Om die fakkel verder te dra”, p. 146.

⁹⁸ OBA: Boerejeug-vers., B/L 9/1, omslag 8: Boerejeugpamflette, “Die Boerejeug”.

⁹⁹ OBA: Boerejeug-vers., B/L 9/1, omslag 6: Uniforms, kleredrag, kentekens: “Erkenningstekens van die Boerejeug”, 1948.

¹⁰⁰ C. Blignaut & J.A. du Pisani, “Om die fakkel verder te dra”, p. 147.

¹⁰¹ OBA: Boerejeug-vers., B/L 9/1, omslag 2: korrespondensie D.J. van Rooy/P.J. Taljaard, 4 Mei, 1948.

Lede van die Boerejeug moes ook 'n minimum van twee onderwerpe kies en in 'n sekere rigting spesialiseer, asook oor elementêre kennis van alle rigtings beskik, sodat hulle 'n spesiale produk kon lewer of tema kon aanpak wat tot nut of diens van die Boerejeug kon wees.¹⁰² Die onderwerpe waaruit meisies kon kies, was naaldwerk en brei, metaalwerk, fotografie, volkspele, binnehuiskultuur, spin en weef, boekbindery, kookkuns en versierwerk, tuisverpleging en kennis van ten minste een musiekinstrument.¹⁰³ Hierdie aktiwiteite was nie daarop gemik om blote tydsverdryf te wees nie, maar elke Boeredogter moes iets leer wat tot haar voordeel sou strek in die toekoms.



Figuur 4(c): Die Boeredogters van die Ossewa-Brandwag

Links: 'n Boeredogter in haar amptelike uniform;¹⁰⁴ **Regs (Bo):** Boeredogters sing saam in eenvormige drag;¹⁰⁵

Regs (Onder): Gesamentlike vlagparade van Boeredogters en -seuns.¹⁰⁶

Die eenvormige kleredrag van die Boeredogters moes die dissipline van die OB in die algemeen weerspieël (sien figuur 4c). Mev. A Potgieter vertel in haar herinneringe oor die Boerejeug tydens kampe “het die streng dissipline ons opgeval... [d]aar het altyd groot ernstigheid geheers, maar terselfdertyd 'n ontspanne gees met humor, kameraadskap en onverbiddelike dissipline wat deur almal onvoorwaardelik aanvaar was”¹⁰⁷ Voorts is

¹⁰² OBA: Gebied F-vers., B/L 8(1)(b)6, omslag 34: Boerejeugbevele, 1943.

¹⁰³ OBA: Boerejeug-vers., B/L 9/1, omslag 6: Uniforms, kleredrag, kentekens: “Erkenningstekens van die Boerejeug”, 1948.

¹⁰⁴ OBA: OB Fotovers., fotonr. 1156: Boerejeug-uniform.

¹⁰⁵ OBA: *OB Jaarboek 1948*, p. 49.

¹⁰⁶ OBA: OB Fotovers., fotonr. 1112: Krugerdagviering, 10 Okt. 1941/42.

¹⁰⁷ OBA: A. Potgieter-vers., B/L 1/1: Herinneringe aan die Boerejeug, 1942-46, 1988.

dissipline en militêre organisering ook verteenwoordig in die paradewerk waarin Boeredogters ook opgelei is. Tydens optogte en formele vlagparades was die Boerejeug altyd te siene. Seremoniële parades moes vlot verloop en Boeredogters het hiervoor geoefen tydens laertrekke. Daar was twee tipes vlagparades in die Boerejeug: dié waar seuns of dogters afsonderlike vlagparades hou en ander waar die seuns en dogters gesamentlik opgetree het (sien figuur 4c). Offisiere van individuele vroue-kommando's regoor die land was verantwoordelik om die dogters te organiseer as deel van 'n Boerejeugkommando.¹⁰⁸ Só het dit ook 'n belangrike deel uitgemaak van OB-vroue se kultuuraktiwiteite in die organisasie. 'n Verdere belangrike kultuuraktiwiteit waarby vroue betrokke was, was OB-feesdae.

Die twee belangrikste feesdae wat die OB gevier het, was die reeds-genoemde Fondsdag en Vryheidsdag. Vryheidsdag is ook genoem “Majubadag” en het die Boere se oorwinning oor Brittanje op 27 Februarie 1881 herdenk. Die dag was ook nou verbonde aan die strewe van die OB, naamlik die stryd om totaal vry te wees van enige Britse invloed.¹⁰⁹ Vryheidsdag is jaarliks, vanaf 1942 tot 1952, op georganiseerde wyse landswyd deur die OB gevier met die grootste fees wat plaasgevind het by die berg self. Die OB het die plaas *Majuba-North* waar die berg Amajuba geleë is, namens die volk aangekoop. Die berg is tydens 'n groot OB-fees, bygewoon deur ongeveer 20 000 feesgangers, op 2 Januarie 1941, namens die volk in ontvangs geneem. OB-vroue het dadelik georganiseer en kollektelyste uitgestuur sowel as funksies gereël om die skuld af te los.¹¹⁰ Die viering van Vryheidsdag deur manne sowel as vroue, het gedien as onderskraging van die beweging se brandende vryheidsidealisme onder leiding van dr. Van Rensburg.¹¹¹ Hy het OB lede opgeroep om Vryheidsdag regoor die land te vier: “Laat ons dwarsdeur ons vaderland aantree op daardie dag, man en vrou en kind, met die bewussyn dat die dag van vrywording vinnig nader.”¹¹²

Die eerste Vryheidsdagviering van 27 Februarie 1942 op Majuba is deur meer as 7000 feesgangers bygewoon. Die hoogtepunt van die driedaagse fees was die aansteek van die “vryheidsvuur” op Amajuba.¹¹³ In *Die OB* word dit soos volg beskryf: “'n indrukwekkende plegtigheid, so skouspelagtig dat feesgangers in juigkrete en trane uitgebars het. Die vlamme het veertig voet in die lug opgeskiet en terselfdertyd is die vuur bo op die kruin van Amajuba,

¹⁰⁸ OBA: Boerejeug-vers, B/L 9/1, omslag 4; Die Boerejeug: sy doel, organisasie en administrasie, 1946.

¹⁰⁹ P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 371.

¹¹⁰ *Die Transvaler*, 02.01.1941.

¹¹¹ OBA: *Die OB*, 04.03.1942.

¹¹² OBA: *Die OB*, 30.12.1941.

¹¹³ Sien P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 372.

wat swart en massief teen die agtergrond gesilhoeëtteer het, aangesteek.”¹¹⁴ Buiten die aansteek van die “vryheidsvuur” op Majuba moes die kommandant van elke OB-kommando om nege-uur die aand van 27 Februarie sorg dat daar op ’n hoogliggende plek in sy gebied ’n houtstapel in vlamme opgaan.¹¹⁵ P.J.J. Prinsloo noem dat op hierdie wyse “het daar jaarliks ’n republikeinse vuurketting dwarsdeur die land ontstaan.”¹¹⁶ Genle. E. Theron, hoofvrou van Kaapland, beskryf die gebruik soos volg:

Een mooi gebruik wat die OB gehad het, was om op 27 Februarie alle “republikeinse en vryheidsbewuste Afrikaners” te vra om die oorwinning op Majuba te vier. Oral in die land moes ’n vryheidsvuur op ’n vasgestelde tyd die aand op ’n bult of hoogte aangesteek word. Ons het ’n vaste program gehad wat almal, waar ook al in die land, stiptelik moes uitvoer. In ’n stadium moes ons, volgens opdrag, ’n paar minute stil tuur in die vuur. Sommige van ons het effens gelag vir die “tuur in die vuur”, maar nogtans was die byeenkoms iets moois. Die blote gedagte dat duisende dwarsoor die land eners dink, voel en doen, was al ’n onderskraging.¹¹⁷



Figuur 4(d): OB-Boeredogters tuur in die vuur tydens Vryheidsdag op Majuba¹¹⁸

¹¹⁴ OBA: *Die OB*, 11.03.1942.

¹¹⁵ OBA: Grootraad-vers.: Bevele: KG-bevel insake 27 Februarie 1947, 07.02.1947.

¹¹⁶ P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 371.

¹¹⁷ E. Theron, *Sonder hoed of handskoen*, p. 43.

¹¹⁸ OBA: *OB Jaarboek 1948*, p. 32.

Ná die oorlog is daar vanaf 1946 ook van Vryheidsdag gebruik gemaak om fondse in te samel. Vroue het hulle plek ingeneem en het by wyse van kollektelyste en die hou van “kafes” op die feesterreine kos en so meer verkoop ten einde geld in te samel.¹¹⁹ Vroue het hulle taak van fondsinsameling direk gekoppel aan die republikeinse ideaal wat deur die vier van Vryheidsdag versinnebeeld is. In 1947 het genle. Meyer byvoorbeeld haar kommando’s opgeroep “om al u kragte in te span om soveel geld moontlik in te samel met Vryheidsdag... Laat die vure hoog opslaen op elke koppie in u kommando. Laat ons beslis of Februarie die Koning (van Brittanje) se maand of die Republiek se maand gaan wees. Laat elkeen sy offer bring, en dit beskou as ’n offer vir VRYHEID.”¹²⁰

Buiten Fondsdag en Vryheidsdag is daar ook verskeie ander feesdae en belangrike historiese gebeurtenisse deur die OB gevier. Vanaf 1941 is Helledagvierings landswyd deur die OB gereël. P.J. Prinsloo noem dat daar drie motiewe agter hierdie feesvierings was, naamlik om op die grootste wyse hulde te betoon aan volkshelde, om OB-lede in hulle tienduisende bymekaar te laat kom ten einde 10 Oktober tot ’n volksdag te laat verklaar en om grafte van gesneuweldes te herstel.¹²¹ Van die grootse OB-volkshelde het nie net mans ingesluit nie, maar ook vroue en kinders – veral die vroue en kinders wat gesterf het tydens die Anglo-Boereoorlog. Só het genle. Du Toit van Kaapland byvoorbeeld op 13 Oktober 1941 ’n kranslegging namens die OB in Bloemfontein waargeneem.¹²² 31 Mei, is deur die OB gevier as ’n dag van rou, aangesien “op 31 Mei 1902 die Boerevolk se vryheid ontroof is by Vereeniging”. OB-lede is verbied om aan enige feestelikhede deel te neem en het die dag deurgebring in “roubeklag en in diepe bepeinsing”.¹²³ Vroue het hier as morele maatstawwe opgetree deur manne te herinner aan die godsdienstige aard van só dag en dat dit ook as biddag gevier moes word.¹²⁴

Ook die verjaarsdae van die KG, dr. J.F.J. van Rensburg, en die AKG, mnr. J.A. Smith, is gevier as OB-feesdae waarop daar parades gehou is, saamgesing is en jukskei gespeel is.¹²⁵ Vroue moes hiervoor ook fondse insamel.¹²⁶ In haar herinneringe vertel mev. B. Roux dat

¹¹⁹ OBA: J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 3: I/S: Vryheidsdag, 13/02/1945.

¹²⁰ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 28: Oproep: Vryheidsdagviering, 10/02/1947.

¹²¹ P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 371.

¹²² OBA: P.J. Nienaber-vers.: Notule van die Eerste Laer van die OB-offisiere, Bloemfontein, 13-14.10.1941.

¹²³ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L/ 6/2/7, omslag 7: Vrystaatse OB Bevel, 5/42.

¹²⁴ OBA: Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09/05/1942.

¹²⁵ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Kennisgewing 1/8, 21/10/1941.

¹²⁶ OBA: B.C. Seymore-vers., B/L 1/2, omslag 10: Korrespondensie: B.C. Seymore/P.Widd, 26/06/51.

die uitstaande gebeurtenis wat ek kan onthou, is met die verjaarsdae van die KG en AKG: Die optog het begin by Kerkplein by die strooidakkerk. Die speerpunt met die vlae was heel vooraan, en toe het gevolg die groot OB-blaasorkes, en toe al die afdelings, en in die middel van die optog was die KG en die Adjunk-KG, en toe die Vrouekommando en daarna was dit die karre wat gekom het.¹²⁷

Vroue het ook buite die amptelike orgaan van die OB vroue-afdeling, maar steeds as deel van die OB, verskeie kultuuraktiwiteite beoefen. Die beste voorbeeld hiervan is die Katdoring Toneelgeselskap wat deur 'n prominente OB-vrou, Anna Neethling-Pohl, gestig is (sien Hoofstuk 5) sowel as die Kaapstadse Remskoene Toneelvereniging.

Hierdie toneelgeselskap het hulle ten doel gestel om die OB finansiële te versterk deur by wyse van kultuuraktiwiteite fondse in te samel vir geïnterneerdes en hulle afhanklikes.¹²⁸ Waar die Katdorings hoofsaaklik in die Transvaal en Vrystaat opgetree het, is die Remskoene toneelgeselskap tot stand gebring deur die entoesiasme van kultuurliefhebbers in Kaapland. Dit is ook genoem die Kaapstadse OB-Toneelvereniging.¹²⁹ Die vereniging het in 1942 tot stand gekom en die doelstellings was soos volg:

- (a) Insameling van fondse vir Noodlydendes;
- (b) Broederlike Kameraadskap te bevorder en te handhaaf;
- (c) Lede te besiel met 'n meer aanwassende belangstelling in die werksaamhede van die OB en Noodhulpfonds.¹³⁰

Die vereniging is gestig deur die Kommandant van die Kaapstadse manne-kommando, vandaar moontlik die “broederlike” kameraadskap ten spyte van die feit dat baie vroue deel gehad het aan die werksaamhede.¹³¹ Die tonele van die vereniging was ook gesentreer rondom patriotiese temas en die Afrikanervrou is weereens gebruik as magtige simbool in die tonele wat dui op die deugde van die volksmoeder. Een só 'n toneel was “Magrieta Prinsloo”, ook genoem “Liefde Getrou tot in die Dood”. Die titel spreek vanself. Die toneel is 'n

¹²⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 202, 1985: H.M. Robinson & W.R. Laubscher/B. Roux, p. 2.

¹²⁸ OBA: Bandopnames onderhoud (tr.), bandnr. 152, 1979: L.M. Fourie /H.T. Hickman, p. 19.

¹²⁹ OBA: *Die OB*, 30.09.1942.

¹³⁰ OBA: H.T. Hickman-vers., B/L 1/1: Konstitusie.

¹³¹ OBA: H.T. Hickman-vers., B/L 1/4: Verslag vir die eerste jaarvergadering, 31.12.1943.

historiese stuk uit die tyd van die Groot Trek en wentel rondom die getrouheid van die ideale Voortrekkervrou aan haar “volk” en “wederhelfte”.¹³²



Figuur 4(e): Die Kaapstadse Remskoene Toneelvereniging

“Magrieta Prinsloo”¹³³

Ander toneelstukke wat deur die vereniging op die planke gebring is, was “Afrikanerharte”, “Die Spook van Verlatenfontein”, “Die Laaste van die Takhare”, “Gesellige Aand” en “Piet se Tante”. Ontevredenheid is uitgespreek oor die feit dat die toneelvereniging ’n “beweging binne die OB-beweging is” en later het die vereniging onafhanklik van die OB gefunksioneer, maar het steeds bestaan uit OB-gesindes.¹³⁴ Die toneelvereniging het propaganda vir die OB se saak bevorder en die mitiese aspekte van die *volksmoeder* het sterk gefigureer in die rolle wat deur vroue vertolk is (sien figuur 4e).

Uit die bogenoemde beskrywing van vroue se aktiwiteite in die OB, is dit duidelik dat hulle ’n dinamiese en aktiewe komponent van die organisasie uitgemaak het. Alhoewel die verdeling van arbeid langs genderlyne plaasgevind het, beteken dit geensins dat vroue nie ’n belangrike rol gespeel het nie. Geen organisasie kan bestaan sonder geld nie en dit is hier waar vroue ’n onontbeerlike rol in die OB gespeel het (sien hoofstuk 6). Vroue se aktiwiteite werp ook lig op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Vervolgens word daar aandag geskenk aan die aard van hierdie verstaan teen die agtergrond van OB-vroue se algemene werksaamhede.

¹³² OBA: H.T. Hickman-vers., B/L 2/8: Magrieta Prinsloo.

¹³³ OBA: OB Fotovers., fotonr. 779: Magrieta Prinsloo.

¹³⁴ OBA: H.T. Hickman-vers., B/L 1/4: Verslag vir die eerste jaarvergadering, 31.12.1943.

4.2 “[D]oing gender is unavoidable”¹³⁵: Tydgenote se verstaan van gender en die rol van die *volksmoeder* soos weerspieël in vroue se deelname aan OB-aktiwiteite

Om te verstaan hoe die normatiewe konsepte van gender, soos vervat in die *volksmoeder* wat haar klimaks bereik het gedurende die Eeufees, OB-vroue se agentskap beïnvloed het, is dit belangrik om die volgende vraag te vra: Hoe het vroue self bygedra tot die konstruksie en handhaaf van die *volksmoeder*? In hierdie verband moet daar gelet word op hoe OB-vroue aktief betrokke was by die “doen” van gender in die bogenoemde aktiwiteite van die OB.

In 1978 en 1995 het C. West en D.H. Zimmerman in twee baanbrekerartikels ’n uitstekende beskrywing gegee van die “doen” van gender.¹³⁶ Hulle idees stem ooreen met Scott se verstaan van geslagtelike verskil deurdat die outeurs gender, oftewel die sosiale status van “man” en “vrou” en wat daarmee gepaard gaan, beskou teen die agtergrond van sosiaal-konstruksionisme. Hierdie statusse is met ander woorde afhanklik van die sosiale konteks waarin die mens gebruik maak daarvan. Gender is nie ’n objektiewe, wetenskaplike “feit” nie, maar ’n dinamiese proses van kultureel-gekonstrueerde norme vir morele gedrag in ’n spesifieke situasie. Die relevansie, en tydloosheid, van hulle idees vir ’n verstaan van gender, as deel van ’n sosiaal-gekonstrueerde werklikheid, is bevestig in ’n onlangse artikel gepubliseer in 2009.¹³⁷ Hulle evaluasie van die “gendered” samelewing is uiters bruikbaar vir die verkenning van die aard van vroue se agentskap in die OB teen die agtergrond van gender-analise. Die doen van gender word soos volg beskryf deur West en Zimmerman:

[T]he "doing" of gender is undertaken by women and men whose competence as members of society is hostage to its production. Doing gender involves a complex of socially guided perceptual, interactional, and micropolitical activities that cast particular pursuits as expressions of masculine and feminine "natures." [G]ender is not a set of traits, nor a variable, nor a role, but the product of social doings of some sort.¹³⁸

Die sterk skeiding tussen mans en vroue in die OB dui daarop dat OB-lede se verstaan van geslagtelike verskil grootliks bepaal is deur die geloof in die “essensiële natuur” van man en

¹³⁵ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, *Gender & Society*, vol. 1, no. 2, 1987, p. 136.

¹³⁶ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, *Gender & Society*, vol. 1, no. 2, 1987, pp. 125-155; C. West & S. Fenstermaker, “Doing difference”, *Gender & Society*, vol. 9, no. 1, 1995, pp. 8-37.

¹³⁷ C. West & D.H. Zimmerman, “Accounting for doing gender”, *Gender & Society*, vol. 23, no. 1, 2009, pp. 112-122.

¹³⁸ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, pp. 126, 129.

vrou. Mans en vroue het “van nature” van mekaar verskil op grond van biologiese kriteria. Met ander woorde op grond van ’n “determination made through the application of socially agreed upon biological criteria for classifying persons as females or males.”¹³⁹ Soos reeds genoem, het die OB verskil van ander bewegings waarby vroue betrokke was in dié sin dat dit ’n beweging vir “manne sowel as vroue” was. In die ACVV en SAVF het vroue die leiding geneem en slegs vroue kon lede wees – gender was ’n vereiste vir lidmaatskap. In die OB is dit nie die geval nie en daarom was dit besonder belangrik dat die aktiwiteite van OB-lede langs genderlyne ingedeel word ten einde die gender-orde te handhaaf:

Insofar as a society is partitioned by "essential" differences between women and men and placement in a sex category is both relevant and enforced, doing gender is unavoidable. Doing gender means creating differences between girls and boys and women and men, differences that are not natural, essential, or biological. Once the differences have been constructed, they are used to reinforce the "essentialness" of gender.¹⁴⁰

Die gekonstrueerde verskille tussen die geslagte kom baie duidelik na vore in die genoemde aktiwiteite van OB-vroue gedurende 1938 tot 1943. Die “essensiële aard van gender” word alreeds beklemtoon in die VAR se beskrywing van die taak van die vrou in die OB. Hierdie spesifieke beskrywing is deur vroue self uitgewerk: “dat die vroue die manne moet opwek tot diens, pligsgetrouheid, en morele steun verleen waar nodig tot nakoming van die doelstelling in die konstitusie van die OB bevat.”¹⁴¹ Dit word implisiet aanvaar dat vroue oor die vermoë beskik om op te tree as morele pilaar vir mans, as adjunk wat moet optree in ’n ondersteunende rol. Vroue moes ook pligsgetrou diens lewer in die OB, maar dit word nie nodig geag dat vroue iemand moet hê om *hulle* moreel te ondersteun nie. So is vroue gekonstrueer as die *essensie* van diens en pligsgetrouheid. Die verskille tussen mans en vroue is só gekonstrueer dat die vrou deur haar aktiwiteite simboliese regverdiging gee vir die aktiwiteite van mans. Die daarstelling van hierdie doelwit maak dit byna onmoontlik vir vroue se optrede om nie in interaksie te tree met dié van mans nie. As die vroue hard werk in die OB, is dit gesien as ’n opwekking tot pligsgetrouheid van die mans. So is daar byvoorbeeld kort-kort in die OB-koerant berig gegee van vroue wat in hulle optrede dien as inspirasie vir aksie.

¹³⁹ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, p. 126.

¹⁴⁰ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, pp. 136-137.

¹⁴¹ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/1, omslag 2: Bevel no. 5/42, aanhangsel A.

Mev. J.A. Smith, die eggenote van die AKG, het verskeie kere uitgehelp in die OB-vriendskapsentrum in Kaapstad en dit is beskryf as “’n voorbeeld van diensvaardigheid wat ’n weerspieëling is van die gees in die Ossewabrandwag.”¹⁴² OB-vroue wie se mans deur die polisie aangekeer is om geïnterneer te word, het dikwels na die gevangenis geloop om volksliedere te sing: “Die optrede van hierdie brave vroue laat ’n mens terugdink aan die dae van die Tweede Vryheidsoorlog toe die geesdrif van die vroue dit vir die Engelse naderhand onmoontlik gemaak het om die mans in Kaapland in hegtenis te neem.”¹⁴³ Oor hierdie tipe insidente skryf mev. J. Marais in haar herinneringe: “ons wou morele steun gee aan ons manne daar in die tronk. En hulle het ons gehoor. Hulle sê dit was vir hulle ’n groot besieling gewees dat ons dit gedoen het.”¹⁴⁴ Mev. H. van Eck, het £1 belowe as die Stellenbosse kommando’s £100 kon insamel. Dit het gedien as inspirasie vir die insameling van £111 en is beskryf in *Die OB* onder die opskrif “Behoeftige moeder stel die voorbeeld.”¹⁴⁵ Dat hierdie dikwelse beriggewing van vroue se optrede moes dien as inspirasie vir mans, blyk veral duidelik in ’n spesifieke berig oor mev. Ferguson-Louw wat beskryf is as ’n “bekende Afrikaanse skilderes” wat haar skilderye geskenk het om opgeveil te word vir Fondsdag. “[T]en einde die armer lede van die OB ook ’n geleentheid te gee moe[s] dit sjielingsgewys opgeveil word.” In 1942 het sy alreeds ses skilderye ten behoeve van die OB verkoop wat £25 ingebring het en die hoop is uitgespreek “dat hierdie mooi voorbeeld van ’n Afrikanervrou ook navolging onder die manlike geslag sal wek.”¹⁴⁶

Dié simboliese inkleding van vroue het van byna elke optrede van die vrou ’n saak van gender, oftewel ’n “genderaksie”, gemaak aangesien van die kleinste tot die grootste daad simboliese waarde gehad het: die vermoë om mans op te wek tot diens en pligsgetrouheid. OB-vroue self het egter ’n unieke blik op hulle rol gehad en het nie noodwendig elke daad beskou as iets wat primêr dit ten doel stel om mans te ondersteun nie. Genle. A.C.M. Mosterd, latere hoofvrou van Gebied F, skrywe:

Gedurende sy ontwikkeling het die Ossewabrandwag terdeë besef dat waar hy hom op die pad van Suid-Afrika bevind die vrou, die moeder en dogter moet saamtrek. Daarom is daar ruim voorsiening gemaak vir die vrou in die organisasie. In hierdie verband is die

¹⁴² OBA: *Die OB*, 28.02.1942.

¹⁴³ OBA: *Die OB*, 04.03.1942.

¹⁴⁴ OBA: Bandopnames, (tr.), bandnr. 208, 1985: Herinneringe van Mev. J. Marais, p. 3

¹⁴⁵ OBA: *Die OB*, 18.12.1942.

¹⁴⁶ OBA: *Die OB*, 13.05.1942.

Ossewabrandwag enig. Hoewel politieke en maatskaplike organisasies die vrou opneem as werker en helpster, vind ons dat in die Ossewabrandwag die vrou as 'n georganiseerde eenheid deel in al die werksaamhede van die beweging. Die vrou is nie net 'n funksie-houer nie, 'n "spaarwiel", om dit so uit te druk nie, maar sy is ingeskakel op dieselfde manier en met dieselfde status as die man.¹⁴⁷

Dat sommige vroue hulle plek in die OB in hierdie lig beskou het, dui daarop dat vroulike agentskap nie noodwendig moes manifesteer in formele politiek om wel oor mag te beskik nie. Alhoewel hulle aktiwiteite verskil het, het vroue hulleself gesien "met dieselfde status as die man." Daar was dus duidelike verskille in perspektiewe oor die plek van die vrou in die OB. Oral is die simboliese karakter van die vrou egter te bespeur. So is vroue ook by wyse van die *volksmoeder* gekonstrueer as 'n simbool van moraliteit, die *essensie* van moraliteit wat nie moreel kon afdwaal nie, maar die rigtinggewer daarvan is. Mans kon egter wel moreel afdwaal, soos mev. E. Holm dit tereg stel:

Dit gaan met [die volk] soos met 'n seun in die jare waarin hy oorgaan tot manlike rypheid. Die sagte gevoelens wat in hom wakker word kan hy nog nie formuleer nie. En nou word hy oorweldig deur die siniese lawaai van jazz-musiek en hy raak verstik in die nete van 'n prostituut. Dit vervul hom meer – en met iets anders as wat hy begeer. Dit sal lank duur voor hy die taal van sy eie liefde sal vind – wie weet, miskien vind hy dit nooit nie.¹⁴⁸

Mev. Holm se metafoor is veelseggend. Sy gebruik die illustrasie om te verwys na die stand van sake in die Afrikanervolk van die 1930s en 40s. Dit verwys veral na die impak van verstedeliking en nasionaliste se vrees dat die verstedeliking van die Afrikaner sou lei tot morele agteruitgang. Soos genoem was die *volksmoeder*, onder andere, 'n reaksie op hierdie vrese. Die volk kan dus soos 'n jong *seun* moreel afdwaal, maar die *volksmoeder* is daar om in te gryp – sy is die bron van moraliteit wat dit kan regstel: "Die vrou voel die wese van hierdie dinge aan, begryp die wil van die natuur uit haar eie struktuur."¹⁴⁹ Die laasgenoemde verwysing na "die natuur" dui daarop dat OB-vroue self ook deelgeneem het aan die konstruksie van verskille tussen mans en vroue deur die "essensialiteit" van hulle moraliteit ("haar eie struktuur") te beklemtoon en te versterk: "Soos die Vrou is, so sal dan ook die Volk wees! Die Vroulike roeping en gees moet heers in al ons bedrywighede, want dan sal

¹⁴⁷ OBA: A.C.M. Mostert, "Die vrou in die Ossewabrandwag" in *OB Jaarboek* 1948, p. 13.

¹⁴⁸ OBA: E. Holm, "Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns" in *OB Jaarboek* 1948, p. 24.

¹⁴⁹ OBA: E. Holm, "Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns" in *OB Jaarboek* 1948, p. 24.

daar hoop wees vir die goeie in ons Volkslewe.”¹⁵⁰ Die “doen” van gender het in byna elke aktiwiteit van OB-vroue kop uitgesteek.

Vroue se versorging van die afhanklikes van geïnterneerdes is een só ’n aktiwiteit. Die blote verwysing na die vroue van geïnterneerdes as “afhanklikes” gee ’n aanduiding van gender se invloed op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. As ’n sosiale instelling ken gender sekere sosiale statusse toe aan mans en vroue in ’n gegewe samelewing. Gender word dan by wyse van hierdie statusse gebruik as regverdiging vir die toeken van sekere regte en verantwoordelikhede aan mans en vroue.¹⁵¹ Alhoewel daar ’n identifiseerbare groep werkersklasvroue in Afrikanerkringe was, was dit hoofsaaklik mans wat in die jare 40 op grond van hulle gender verantwoordelik was vir beroepsarbeid. Sy arbeid moes vroue in staat stel om huishoudster te wees en kinders groot te maak en haar arbeid moes op sy beurt weer die man in staat stel om besig te wees met sy beroep en nie die verantwoordelikhede van die huishouding nie. Die internering van mans was dus as gevolg van hierdie genderorde ekonomies verwoestend vir sekere vroue wat totaal afhanklik was van ’n man se inkomste. In plaas daarvan om aanspraak te maak op die wysiging van die genderorde, deur vroue byvoorbeeld aan te moedig om betaalde werk te aanvaar, het die vroue van die Ossewa-Brandwag by wyse van hulle fondsinsamelings toegesien dat die genderorde gehandhaaf word.

Soos reeds genoem, is daar neergekyk op Afrikanervroue wat in die stad gaan werk het, aangesien só ’n vrou volgens tydgenote nie ’n ideale *volksmoeder* kon wees nie. Die *volksmoeder*-beeld van die OB was ook van só aard dat dit geensins die beroepsarbeid van die vrou aangemoedig het nie, soos blyk uit die aard van die vroue-afdeling se aktiwiteite wat geheel-en-al gefokus was op die huishoudelikheid en moederskap van vroue. Internering is gehanteer as iets wat net tydelik is – ná die oorlog sou die geïnterneerdes wel weer in staat wees daartoe om hulle *gendered* verantwoordelikhede na te kom. Om hulle susters in staat te stel om nie die *volksmoeder*-ideaal te versaak nie, en steeds voort te gaan met hulle huishoudelike pligte, het OB-vroue by wyse van die Noodhulpfonds beide die genderorde gekonstrueer. Te midde van die feit dat die ekonomiese situasie die genderorde bedreig het, is dit deur die OB gehandhaaf. Die aktiewe konstruksieproses waaraan vroue deelgeneem het,

¹⁵⁰ OBA: B.C. Seymore, “Die vrou in die Ossewabrandwag”, in *OB Jaarboek 1947*, p. 28.

¹⁵¹ J. Lorber, “Night to his day”: The social construction of gender”, p. 60; J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, pp. 43-44.

kom veral na vore in die verantwoordelikhede en regte wat gender as proses toegeken het aan OB-vroue – met ander woorde: in hulle doen van gender as susters van noodlydendes.

As lede van die Ossewa-Brandwag was mans en vroue ook verantwoordelik vir aparte aspekte van die versorging van “afhanklikes”. Daar is genoem dat OB-mans plaasprodukte kon uitdeel en aflaai by gesinne sonder ’n broodwinner, maar dat skenkings soos klere en skoene uitsluitlik deur die plaaslike organisasie van ’n OB-vroue afdeling behartig moes word. In hierdie verband gee die partikuliere aard van vroue se plek in die genderorde ’n leidraad oor waarom dit die geval was. Vroue se plek in die partikuliere veronderstel die “immediate, local, and particular place in which we are in the body.”¹⁵² Mans kon die rou produkte vir kos voorsien, produkte wat deur hom verbou is, maar die kos is self deur die vrou voorberei, want dit is haar taak. Net so is daar verhoed dat mans die partikuliere – liggaamlike – wêreld van die vrou betree deur die skenking van klerasie toe te laat, maar die taak van die verspreiding daarvan onder vroue aan vroue toe te ken. Wat meer is: as ’n man die verspreiding sou behartig, kon sy hulp volgens die genderorde van die dag vernederend wees. Laasgenoemde is pertinent deur OB-leiding aangeraak deur in ’n omsendbrief te noem dat daar “geen atmosfeer van vernederende liefdadigheid” moes wees nie. Om te verhoed dat só ’n atmosfeer heers moes *spesifiek* OB-vroue morele steun verskaf aan hulle “noodlydende susters”. Die OB het bepaal dat “vroue veral besonder goed aangelê is vir hierdie taak”, met ander woorde: die taak van liefdadigheid. Die uitvoer van die taak van liefdadigheid op só ’n wyse dat daar geen vernederende gees van liefdadigheid is nie, het in essensie die doen van sekere genderdade ingesluit. Wanneer ’n behoeftige gesin geïdentifiseer is, het ’n vrou van die plaaslike OB vroue-kommando by haar besoek afgelê in die vorm van ’n “egte boerekuier” of ’n “ritjie saam uit in jou motor na die OB-funksie toe, na die een of ander maatskaplike vermaak, na die Dieretuin of sommer uit op die veld”¹⁵³ – alles genderdade. Wanneer twee vroue by ’n OB-funksie opdaag, waar die een deel is van die kommando en die ander die vrou van ’n geïnterneerde man, sou dit as “normaal” aanvaar word. As ’n man egter sou moes opdaag by ’n funksie saam met die vrou van ’n geïnterneerde man, of alleen “sommer uit op die veld” saam met haar stap of vir ’n “ritjie” vat, sou die wenkbroue beslis gelig word. So word gender dus gedoen:

¹⁵² D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 317.

¹⁵³ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 4: OB Noodhulpfonds: Memorandum.

[I]t is individuals who "do" gender. But it is a situated doing, carried out in the virtual or real presence of others who are presumed to be oriented to its production. Rather than as a property of individuals, we conceive of gender as an emergent feature of social situations: both as an outcome of and a rationale for various social arrangements and as a means of legitimating one of the most fundamental divisions of society.¹⁵⁴

Vroue is beskou as besonder goed aangelê vir liefdadigheid *alleen* op grond van hulle gender, omdat dit *as vanselfsprekend* aanvaar is dat liefdadigheid hoofsaaklik die terrein van die vrou is. So skrywe J. Lorber: "Human society depends on a predictable division of labour... One way of choosing people for the different tasks of society is on the basis of their talents, motivations, and competence – their demonstrated achievements. The other way is on the basis of gender – ascribed membership in a category of people."¹⁵⁵ Of individuele vroue dalk beter aangelê was om motors reg te maak, of te boer of dat sommige mans beter huishoudsters kon wees, is geensins eers oorweeg nie – biologiese essensialisme het tydens die tydgenote se gendernorme bepaal. Dat gender "one of the most fundamental divisions of society" is, kom ook na vore in die afwesigheid van sosiale mobiliteit binne die amptelike geledere van die OB. Mans en vroue het nie inbreuk gemaak op mekaar se afgebakende gebiede nie. Een van die beste voorbeelde is die bepaling dat Fondsdag uitsluitlik die inisiatief van die vrou is, en dat die mans die vroue op hierdie dag moes bystaan en saam met hulle werk. Mans het wel toegang gehad tot meer genderstatusse in die OB, maar dit het nie beteken dat hulle die taak van die vrou kon oorneem nie. Op Fondsdag moes die mans die posisie van ondersteuning inneem en wel op grond van gender alleen: "dat die mans hulleself spesiaal moet inspan om die vroue in alle opsigte waar moontlik by te staan."¹⁵⁶ Die doen van gender is verder te bespeur in die spesifieke aard van vrouekampe en fondsinsamelings.

Die "doen van gender" moet nie bloot net beskou word as die nakom van 'n lys voorgeskrewe aspekte nie. Die aard daarvan is dinamies en veranderend. Net soos dié van die *volksmoeder* wat 'n integrale rol speel in die genderdade van OB-vroue. Oor die dinamika van genderdade skryf Lorber: "Members of a social group neither make up gender as they go along nor exactly replicate in rote fashion what was done before. In almost every encounter, human beings produce gender, behaving in the ways they learned were appropriate for their

¹⁵⁴ C. West en D.H. Zimmerman, "Doing gender", p. 129.

¹⁵⁵ D.E. Smith, "The conceptual practices of power", p. 55

¹⁵⁶ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 1: Fondsdag: 8 Augustus.

status, or resisting or rebelling against these norms.”¹⁵⁷ Alhoewel OB-vroue gendernorme oortree en gewysig het as lede van die OB (sien Hoofstuk 5), het hulle nooit openlik die genderorde van die beweging teengestaan nie. In hierdie verband was vrouekampe ’n belangrike deel van OB-vroue se genderdade, aangesien daar gedurende vrouekampe voorsiening gemaak is vir die opvoeding van vroue met die doel om hulle optrede en werksaamhede te laat strook met die normatiewe konsepte wat deur die *volksmoeder* daargestel is. Dit is juis die “moederskap” en “huishoudelikheid” van die vrou wat die meeste aandag geniet het gedurende die lesings en aktiwiteite wat by die kampe gehou is.¹⁵⁸

Gendernorme vir die verdeling van arbeid tussen die geslagte is tydens die kampe versterk. So is die demonstrasies wat gegee is byvoorbeeld gefokus op die maak van klere. Naaldwerk is gesien as een van die dinge wat ’n vrou behoort te doen en demonstrasies het ingesluit die maak van wolknoppe, sonhoede, leërgordels, die spin van wol ensovoorts.¹⁵⁹ Afgesien van die demonstrasies wat gehou is, gee die lesings en toesprake wat gedurende kampe gelewer is ’n verdere leidraad oor vir watter “genderdade” die vroue hulleself voorberei het. Beide jong meisies en ouer vroue het lesings bygewoon oor “kinderversorging” en die rol van die vrou as *volksmoeder* is benadruk in lesings soos dié van dr. Bührmann, naamlik “Die Invloed van die Vrou en Moeder op die Toekoms van die Kind en Volk.” Die vrou se invloed as moeder op die breë samelewing is as belangrik geag. So noem dr. Bührmann byvoorbeeld dat “[o]nse tronke, hospitale en sielsieke gestigte is vol deur die verkeerde optrede van ouers – veral moeders.”¹⁶⁰ Die *volksmoeder* is pertinent by hierdie lesings ter sprake, soos blyk uit die abstrahering van die temas tot iets wat die hele volk en nie net die gesin insluit nie, byvoorbeeld volksgesondheid: die vrou is nie net verantwoordelik vir die gesondheid van haar gesin nie, maar ook indirek vir dié van haar volk. Beide die demonstrasies en lesings het gedien as onderrig vir vroue wat sekere genderdade daargestel het wat vroue se plek in die genderorde versterk en vasgemaak het. Deur hierdie dade te doen, staan die vrou dan ook haar plek vol as *volksmoeder* in die Ossewa-Brandwag. ’n Verdere aspek van die *volksmoeder* wat deur hierdie genderdade uitgelig word, is dié van die “sorgende” moeder wat nog sterker na vore sou tree ná die herorganisasie van die OB in 1943 (sien Hoofstuk 6).

¹⁵⁷ D.E. Smith, “The conceptual practices of power”, p. 60

¹⁵⁸ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5/28: Omsendbrief 1/47.

¹⁵⁹ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5/28: Omsendbrief, 29.11.1944: Vrouekamp.

¹⁶⁰ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1/2: Toespraak: V. Bührmann, “Invloed van vrou en moeder op toekoms van die kind en volk”, 17.08.1942.

Voorts is vrou se handewerk ook nou verbonde aan die doen van gender. 'n Uitstekende voorbeeld hiervan is alreeds genoem, naamlik die insameling van fondse by wyse van die sogenaamde “voorskootaand”. Vrou het alreeds gender gedoen deur die voorskote te maak en 'n unieke sosiale “dans” vind plaas met die opveel van die voorskote. Mans word gegiet in die vorm van diegene wat geld maak en vrou as diegene wat huishoudelik funksioneer. Gedurende die voorskootaand is genderdade gepleeg deurdat mans hulle vermoë as broodwinners demonstreer deur as't ware die geld in die skote van die moeders te stort. Die vrou se genderdaad, naamlik die maak van die voorskoot ('n spesifiek huishoudelike item), word dan beloon in die vorm van geld. Die voorskootaand self veronderstel ook verskeie genderdade met vrou wat optree as die party wat die guns van die mans probeer wen met hulle kunstigheid. 'n Genderdaad soos die bogenoemde tipe fondsinsameling is weer nie net bloot beskou as die insameling van geld nie, maar dit is ook gekoppel aan die nasionalistiese strewe inherent aan die *volksmoeder*.

Die VAR self het byvoorbeeld self die doel van fondsinsameling in nasionalistiese terme gegiet: fondsinsameling moes verseker dat “die geweldige organisasie van die OB kan aanhou *om die volk vir die laaste stormloop te mobiliseer.*”¹⁶¹ Nóg 'n voorbeeld hiervan is genle. Meyer se oproep vir Vryheidsdag om soveel geld in te samel ten einde 'n simboliese oorwinning vir die Republiek te behaal¹⁶² en haar skets van fondsinsameling as ‘n vorm van verzet: “Soos die vrou in die ou dae koeëls gegiet het vir die man om weg te skiet, sodat hul veiligheid en voortbestaan verseker kan word, so sal die vrou in die Ossewa-Brandweg sorg vir die nodige fondse sodat die stryd voortgesit en die oorwinning behaal kan word.”¹⁶³ Verdere ideologiese konnotasies van die *volksmoeder* is uitgedruk in die OB se verstaan van “volksdrag”.

Daar is reeds in Hoofstuk 3 verwys na die betekenis wat OB-vroue geheg het aan hulle wit rokke. Hierdie betekenis spruit ook voort uit die OB se beskouing van die Afrikaner se “volksdrag” wat gedurende die Eeufesvieringe ten sterkste uiting gevind het. Saam met die nasionalisme van die Eeufes het daar 'n trots vir die “eie” onder Afrikaners ontstaan en só is die kleredrag van die Voortrekkers verhef tot 'n nasionalistiese standpunt. In 'n artikel oor hierdie tema skrywe 'n OB-vrou dat veral die Voortrekkerkappie “'n kunsskepping so

¹⁶¹ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/1 omslag 2: Bevel no. 5/42, aanhangsel A.

¹⁶² OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5/28: Oproep: Vryheidsdagviering, 10.02.1947.

¹⁶³ OBA: Vrystaatse Beheerraadvers., B/L 6/2, omslag 6, Werkskema.

betekenisvol is as enige groot nasionale kunsprestasie van 'n begenadigde enkeling.” In dié materiële kultuurskepping vind 'n mens ontsettend baie simboliese betekenis wat spruit uit die ideologiese aard van die *volksmoeder*. Die partikuliere, naamlik 'n “begenadigde enkeling” se Voortrekkerkappie, word verhef tot “nasionale kunsprestasie” met universele konnotasies, naamlik as simbool van die vrou as moeder van haar volk. Die fisiese manifestasie van die *volksmoeder* in die 1930s en 1940s is by uitstek dié van 'n Afrikanervrou in 'n Voortrekkerrok en -kappie. Só skrywe Mev. K. Roodt-Coetzee dat “Die Voortrekkerkappie, en veral die liggekleurde linnekappie, is enig van sy soort: dis eg Boers!”¹⁶⁴ Die simboliese mites geheg aan die reinheid van die Afrikaanse vrou word direk deur Mev. Coetzee se woordkeuse geheg aan die kappie: “Die materiaal was gewoonlik van 'n ligte kleur, die kappie sonder onnodige valle en strikke. Soveel reiner en suiwerder in vorm as die bruin en swart kappie.”¹⁶⁵ Dit verteenwoordig die ideale van die *volksmoeder*, want anders as die kappies van Europa “staan die Voortrekkertuitkappie soos 'n blymoedige, beskeie kind, onpretensieus, met niks petieterigs nie, maar vol van 'n eenvoudige skoonheid.” Die kappie se betekenis word abstraher tot 'n metafoor wat die Afrikanervolk verteenwoordig: “Hierdie kappie het die volksaard van die Trekker verpersoonlik, is die simbool van die Trekkergees.” Net soos die *volksmoeder*, wat 'n ideaal vir beide die individu en kollektiwiteit is, is die versierings van die kappie ook iets wat “volks” is: “dit het 'n betekenis wat verstaan kan word vir die gemeenskap”, maar dra ook betekenis vir die vrou self: “in die tweede plek is dit ook indiwidueel”.¹⁶⁶

Alhoewel verskeie aspekte van Scott se definisie van gender hier kop uitsteek is dit veral duidelik dat die kappie beskou is as 'n *kultureel-beskikbare simbool* wat die normatiewe konsepte van die *volksmoeder* as genderideaal verteenwoordig het.¹⁶⁷ Dit roep sekere simboliese voorstellinge op wat eie is aan die nasionalistiese aard van die *volksmoeder*: die Afrikanervrou as rein, beskeie, blymoedig, onpretensieus, kunstig met die naald en gare, eenvoudig, skoon. Laasgenoemde kwaliteite word dikwels omgesit in die normatiewe konsepte wat 'n genderorde in stand hou. Dit is veral die drag van die Boeredogters wat die simboliese voorstellinge, soos uiteengesit deur Mev. Coetzee, oproep. As manifestasie van die *volksmoeder* in die OB, is vroue se amptelike drag nou verbonde aan die genderorde van die beweging (“haar roeping... haar taak”) en vol metaforiese betekenis wat óf ruimte gee

¹⁶⁴ OBA: K. Roodt-Coetzee, “Gedagtes oor ons Volksdrag” in *OB Jaarboek, 1948*, p. 50.

¹⁶⁵ OBA: K. Roodt-Coetzee, “Gedagtes oor ons Volksdrag” in *OB Jaarboek, 1948*, p. 52.

¹⁶⁶ OBA: K. Roodt-Coetzee, “Gedagtes oor ons Volksdrag” in *OB Jaarboek, 1948*, p. 54.

¹⁶⁷ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 43.

om die konstruksie te gebruik as motivering vir meer mag, óf as konstruksie wat vroue se agentskap kan beperk (“Edel is haar *taak* en hoog haar *roeping*”). Of hierdie metaforiese betekenisse beperkend of bevrydend optree, hang natuurlik af van die omstandighede wat plek maak vir die vrou om haar plek as moeder van die *volk* (’n politieke posisie) in te neem al dan nie. Dat die bogenoemde nie net die mening van ’n individuele OB-vrou is nie, blyk duidelik uit die manifestasie van die *volksmoeder* in die OB se amptelike kleredrag van nie net die vroue met wit rokke nie, maar ook die Voortrekker-uniforms van die Boeredogters:



Figuur 4(f): Boeredogters geklee in hulle OB Voortrekker-uniforms¹⁶⁸

As sosiale instelling het die *volksmoeder* haarself gemanifesteer in spesifiek die sosiale konteks van die OB. In die woorde van Berger en Luckman: “...human sexuality is socially

¹⁶⁸ OBA, *OB Jaarboek*, 1948, p. 51.

controlled by its institutionalization in the course of the particular history in question.” Die OB het die geleentheid geskep vir die *volksmoeder* om op te tree as instelling vol gendernorme met vroue se optrede wat beide bepaal is deur, maar ook bygedra het tot die konstruksie van die *volksmoeder*. Die OB was ’n kollektiwiteit van individue wat vrugbare grond was vir só ’n konstruksie om te floreer: “In actual experience institutions generally manifest themselves in collectivities containing considerable numbers of people.”¹⁶⁹ Alhoewel vroue self deelgeneem het aan die konstruksie van die *volksmoeder*, het dié sosiale instelling ’n groot bydrae gelewer tot die handhaaf van die genderorde. Dit is gedoen deur vroue se “essensie”, oftewel “essensiële ideaal” as *volksmoeders* as vanselfsprekend te aanvaar. ’n Voorbeeld hiervan is die OB se gebruik van die *volksmoeder*-retoriek in ’n verklaring dat die Boeredogters onder die leiding van die VAR sal staan: “Dit spreek vanself dat sodanige opvoeding en vorming van die dogter aan die vrou en moeder van die volk toevertrou moet word.”¹⁷⁰ Die gevolge hiervan vir die handhaaf van ’n genderorde is verreikend. J. Lorber verwys na Bourdeu, Foucault en Gramsci wanneer sy noem:

The gendered practices of everyday life reproduce a society’s view of how women and men should act. Gendered social arrangements are justified by religion and cultural productions and backed by law, but the most powerful means of sustaining the moral hegemony of the dominant gender ideology is that the process is made invisible; any possible alternatives are virtually unthinkable.¹⁷¹

Om hierdie rede het OB-vroue hulle identiteit hoofsaaklik gekonstrueer binne die diskoers van die *volksmoeder* (sien Hoofstuk 8). In die konstruksie van hulle identiteit het OB-vroue baie maal uitlatings gemaak oor hulle plek in die OB. As samevatting van die aard van vroue se genderdade in die algemene werksaamhede van die OB, en die aard en handhaaf van die genderorde, is die volgende beskrywing van die OB-vrou se taak deur ’n vroueleier veelseggend:

Die taak van die vrou in die Ossewabrandwag is ’n veeleisende. Daar word in verskillende rigtings van haar baie verwag. Niemand se lewensgang is ooit heeltemal vry van moeilikhede nie. Dwars en teleurstellings sal daar altyd wees. Nietemin trotseer die vrou in die Ossewabrandwag alle moeilikhede en staan haar plekkie vol. Sy besef dat die volk haar

¹⁶⁹ P. L. Berger & T. Luckmann, “The social construction of reality”, p. 43.

¹⁷⁰ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/8, omslag 8: Die taak van die vrou in die volksbeweging.

¹⁷¹ J. Lorber, “Night to his day”, p. 58.

dienste nodig het en sy gee dit op onbaatsugtige wyse. Sy het onderneem om in hierdie donker dae na vore te tree en haar self in te span. Haar Landgenote wat magteloos tussen vier mure sit, steun sy moreel en prakties. Hulle gesinne, wat ewe hulpeloos is, voorsien sy van haar beste raad en steek sy 'n helpende hand oral na hulle uit. Nogtans is sy nie voldaan en gerus nie, want die pad is nog lank.¹⁷²

Alhoewel vroue beperk is deur die *volksmoeder*-diskoers, kon hulle wel by wyse van nasionalisme die konstruksie buig om meer in te sluit as net die kwaliteite wat as vanselfsprekend aanvaar is. In hierdie verband moes die vroue van die Ossewa-Brandwag ook in die organisasie se nasionalistiese verset teen die oorlogsbesluit haar plekkie volstaan.

¹⁷² OBA: B.C. Seymore, "Die vrou in die Ossewabrandwag" in *OB Jaarboek 1947*, p. 28.

HOOFSTUK 5

Die rol van vroue in die Tweede Rebelle: OB-vroue se aandeel in die verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog

Die OB se verset teen die Tweede Wêreldoorlog is deur sy lede op verskillende maniere geïnterpreteer. Elemente soos die Stormjaers het byvoorbeeld geweld voorgestaan, ander het anti-oorlogspropaganda verkondig en dit wil voorkom of vroue in die openbaar die verteenwoordigers wou wees van vrede en 'n passiewe en “kalmerende” invloed op die oorlogsversteurde samelewing wou uitoefen. Erika Theron noem dat vroue aangesluit het by die OB omdat Suid-Afrika se deelname aan die oorlog die vrou van Suid-Afrika “teen die bors gestuit” het. Die OB was vir haar 'n liggaam waardeur Afrikaners (en sy verwys spesifiek na vroue), “nes deur die Rebelle tydens die Eerste Wêreldoorlog” die wêreld kon wys hoe hulle voel. Sy beskryf 'n tipiese houding van lydende verset, naamlik dat daar “sonder gewere” weerstand gebied sou word deur die OB.¹ Ook Anna Neethling-Pohl noem dat haar jong lewe deurweef was met een silwer draad: “die bereiking van ons vryheid deur ander middele as die wapen.”² Ten spyte van hierdie edele doelwitte was die OB se verset nie altyd sonder geweld, passief of “kalmerend” nie. Die OB-vroue het die verskillende middele tot haar beskikking gebruik om haarself te verset, hetsy dit deur die dra van Voortrekkerdrag, versetkultuur of ondergrondse bedrywighede was. Dit is spesifiek by wyse van OB-vroue se verset teen die oorlog waar hulle sin vir onafhanklikheid as normatiewe konsep van die *volksmoeder* die sterkste na vore tree. In hierdie sin skryf D.W. Krüger die volgende oor spesifiek OB-vroue se deelname aan die Tweede Rebelle en koppel vroue se verset direk aan die gebeurtenisse wat die meeste bygedra het tot die skep van die *volksmoeder*-konstruksie:

O! Vrou van Suid-Afrika! In 'n oorlog waar dit die vryheid geld, het u nie geaarsel om alles te offer wat van u gevra is, en om u mans, seuns en broers te stuur om desnoods te val vir die ideaal nie. So het u gehandel tydens die Groot Trek en die Tweede Vryheidsoorlog, maar dan ook slegs omdat dit vir die vryheid van u volk was.³

In hierdie hoofstuk word OB-vroue se sin vir onafhanklikheid, soos beskryf in hoofstuk 2, *histories verken* deur 'n beskrywing van die middele wat vroue gebruik het om hulleself te verset. Ook die rol van die *volksmoeder* word teen die agtergrond van gender aangedui.

¹ E. Theron. *Sonder hoed of handskoene*, p. 41.

² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 1.

³ D.W. Kruger, “Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood”, in Stoker, H.G. (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 395.

5.1. “Dit is die vrou van die Boerenasie wat daar stap en vra vir vryheid”⁴: Die OB se aandeel in die vroue-optog van 22 Junie 1940

In ’n onlangse artikel met Afrikanernasionalistiese nuanses identifiseer J. Grobler ’n kenmerk van die *volksmoeder*-konstruksie wat deel uitmaak van die Afrikaner se heilsgeskiedenis. Hy skryf dat Voortrekkervroue, Boervroue en Afrikanervroue⁵ by wyse van optogte en protesdeputasies dikwels toegetree het tot die politieke strydperk. Die eerste van sy soort was volgens Grobler die geval van Susanna Smit en die deputasie van vroue wat protes aangeteken het teen die anneksasie van Natal op 9 Augustus 1843.⁶ Grobler noem dat daar nóg twee sulke deputasies in die twintigste eeu plaasgevind het, naamlik die vroue-optog na die Uniegebou op 4 Augustus 1915 en die vroue-optog van 22 Junie 1940. Hy fokus egter nie op die feit dat vroue binne die gender- en nasionalistiese beperkinge van die dag gebruik gemaak het van die volksmoeder-konstruksie, om soos die Voortrekkervroue wat die “dood bo die verlies van vryheid” verkies het, uitdrukking te gee aan hulle sin vir onafhanklikheid nie. In plaas daarvan beklemtoon hy die diskriminerende aard van die paradoksale *volksmoeder* en meen hy dat vroue se verset in die twintigste eeu “om die lot van Afrikanermans gewentel het.”⁷

Hierdie is ’n halwe waarheid, veral in die geval van die vroue-optog in 1940. Dit neem nie in ag hoe vroue by wyse van ’n konstruksie vol inherente ongelykhede, op hulle eie manier protes kon aanteken teen *politieke kwessies* wat hulle nie net gedoen het om vir hulle mans ’n hulp te wees nie, maar dat hulle ook ingetree het vir hulle mans se onvermoë nie. Daar waar hulle mans deur oorlogsregulasies verhoed is om in die openbaar protes aan te teken, het vroue die politieke aard van hulle moederskap gebruik om tussenbeide te tree. Mans wat geweier het om die rooi eed van Smuts te teken, is onder baie druk geplaas en die brosjure van die Vroue-optog van 1940 noem dat vroue namens hulle mans en seuns standpunt wou inneem “dat hulle nie verder deur dreigemente en gevaar van ontslag uit hulle werk gedwing [sou] word om die Afrika-eed af te lê, en dit om vir vreemdes te gaan veg in die verre Noorde nie.”⁸ Alhoewel Grobler noem dat die *volksmoeder* nie manlik-gekonstrueerd was nie, en dat

⁴ Reëlingskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

⁵ Sien redes vir hierdie indeling in hoofstuk 2.

⁶ J. Grobler, “Volksmoeders in verset: Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 23, no. 1, 2009, p. 27.

⁷ J. Grobler, “Volksmoeders in verset”, p. 28.

⁸ Reëlingskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

die optog nie op aandrang van mans plaasgevind het nie⁹, neem hy nie in ag dat dit ook 'n manier was vir nasionalisties gesinde vroue om uiting te gee aan hulle eie sin vir onafhanklikheid as agente binne die heersende genderpolitiek van die dag nie. In hierdie verband is hulle lidmaatskap van die OB veelseggend.

Die destydse aktrise, Anna Neethling-Pohl, was een van die vroue wat leiding geneem het in verband met die protesoptog van vroue na die Uniegebou in 1940. Sy het ook 'n leidende rol gespeel in die OB en was betrokke by baie fasette van die weerstandsbeweging teen die oorlogspoging.¹⁰ Die optog, wat plaasgevind het op Saterdag, 22 Junie 1940, is binne vyf dae georganiseer nadat 'n groep Pretoriase vroue op 17 Junie besluit het om ook vir die vrou van Suid-Afrika 'n geleentheid te gee om hulle stem te laat hoor in die verset teen die oorlog.¹¹ Neethling-Pohl vertel dat daar min mense was waarheen jy kon gaan vir steun in daardie dae, maar noem dat die Ossewa-Brandwag uiteindelik 'n belangrike rol gespeel het in die vinnige organisasie van en deelname aan die optog:

[E]k het toe al klaar uitgevind dat as jy mense soek om 'n onplesierige werk te doen – ek bedoel nou nie 'n onwettige ding nie, maar enigiets onplesierigs – as jy enige mense soek om deel te neem aan wat ook al, as jy dan vir die Ossewa-Brandwagmanne vra – dan is hulle dáár as jy hulle nodig het.¹²

Op 22 Junie 1940 het daar 6000 vroue van dwarsoor Suid-Afrika vanaf Kerkplein af gestap tot by die Uniegebou in Pretoria. Langs die roete het nog vroue aangesluit totdat daar uiteindelik 9870 vroue in gelid gestap het. Daarmee saam het duisende mans as toeskouers langs die pad gestaan. 'n Deputasie van drie vroue, beskryf as “bejaarde volksmoeders”, het die versoekskrif om neutraliteit by die Uniegebou afgegee vir genl. Smuts se sekretaris, minister J.H. Hofmeyr.¹³ Een van dié vroue was die weduwee van senator T.C. Stoffberg, “Oumatjie Stoffberg.” In haar kapasiteit “as ou volksmoeder” het sy haar rol as afgevaardigde en haar lidmaatskap aan die OB in dieselfde asem verduidelik:

Toe die versoek kom: “Sal Oumatjie aan die Vroue-optog as één van die leidsters deelneem, sal sy saam met die afvaardiging gaan om genl. Smuts te ontmoet?” was dit my

⁹ J. Grobler, “Volksmoeders in verset”, p. 54.

¹⁰ A. Neethling-Pohl, *Dankbaar die uwe*, p. 119

¹¹ Reëlinskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

¹² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 4.

¹³ Reëlinskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

’n duidelike stem van my geliefde volk wat my roep. Toe ’n versoek kom wat reeds as ’n innige verlange in my hart gebrand het, om die vroue van Suid-Afrika op te roep tot gebed vir die Volksraadsitting en die vredesversoek van duisende wat voor die Parlement gelê moes word, was dit ’n nuwe roepstem van my volk. Toe kom daar ’n versoek van die Ossewabrandwag: “Sal Oumatjie nie by die beweging aansluit om op te tree as ons voorbidder nie?” Hoe kon ek weier as my volk my nodig het?¹⁴

Vanaf Kerkplein in Pretoria het die vroue in Voortrekkerdrag gestap en het openlik geïdentifiseer met die gees van onafhanklikheid wat ’n mens vind in die storie van Susanna Smit. In hierdie verband het Neethling-Pohl na Afrikanervroue verwys as vroue “wat nog altyd in ons digkuns en histories ’n besielende element was.”¹⁵ Nóg ’n prominente vrou wat opgetree het as eregas by die Uniegebou gedurende die optog was mev. Miemie (M.E.R) Rothmann wat deur Erika Theron beskryf is as “’n OB end-uit”.¹⁶ M.E.R. het gedien op die OB-gebiedsraad van die Wes-Kaap.¹⁷ Hieronder volg ’n foto van mev. B.C. Seymore wat as die hoofkommandante van Gebied F deelgeneem het aan die optog:



Figuur 5(a): Mev. N. Seymore in ’n wit Voortrekkerrok en Mev. B.C. Seymore (langs mev. N. Seymore), Hoofkommandante van OB Noord-Transvaal¹⁸

¹⁴ *Die Transvaler*, 31.02.1941. Die Cinie Stoffberg kommando was ’n kommando in die OB wat spesifiek gewerk het aan die rehabilitasie van “minderbevoorregte” Afrikaners (die Armblankes).

¹⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 4.

¹⁶ E. Theron. *Sonder hoed of handskoene*, p. 44.

¹⁷ OBA: *Die OB*, 22.03.1950.

¹⁸ OBA: OB Fotovers., fotonr. 856: Vroue-protosoptog.

Nie net het vroue hulle stem laat hoor deur fisies teenwoordig te wees by die optog nie, maar daar is ook petisies onderteken met 3829 name en 3967 telegramme wat gestuur is waarin vroue hulle ondersteuning gee.¹⁹ Leiers van die OB-vroue het hier ook 'n belangrike rol gespeel. Mev. E. Steyn du Toit, hoofvrou van Gebied A het byvoorbeeld in *Die Burger* van 19 Junie 1940 Kaapse vroue opgeroep om hulle steun by wyse van telegramme te gee.²⁰ In 'n amptelike omsendbrief van die OB in 1940 bedank Anna Neethling-Pohl die skakelvroue in die Ossewa-Brandwag wat gehelp het met die kry van handtekeninge vir die “vroue-vredespetisie”. Hierin noem sy dat die twee sekretaresse van die reëlingskomitee na Kaapstad gestuur is om 148 150 handtekeninge vir genl. Hertzog te gee sodat dit in die parlement voorgehou kon word. Die uiteindelijke getal het gestaan op 150 533.²¹ Dit beteken dat die organisasiestruktuur van die OB doeltreffend deur die skakelvroue ingespan is en dat die OB geen klein bydrae gelewer het in die verkryging van al hierdie handtekeninge nie. Daarby het die OB se klem op aksie en gereedheid ook bygedra tot die groot getal mense wat deelgeneem het aan die optog self. Neethling-Pohl skryf dat daar wel baie vroue vanuit ander dele van die land by die optog was ten spyte van die feit dat die OB in plekke soos die Kaap en in die Suid-Vrystaat op daardie stadium nog nie groot kommando's gehad het nie “veral nie die vroue nie”.²² Uiteindelik het die regering egter nie ingegaan op die versoekskrif en petisie wat vroue oorhandig het nie, aangesien dit volgens Smuts teenstrydig met die besluite van die parlement was.²³ In haar bedanking van die skakelvroue word dit egter duidelik dat vroue soos Neethling-Pohl geensins hierdeur afgesit is nie:

Dit mag nou lyk of die hele taak verniet uitgevoer is, maar dit glo ons seker nie. Ons voel dat daar bewys gelewer is dat meer as 150, 000 vrouens en moeders bymekaar staan en in die belang van hul volk protesteer het teen 'n gruwelike oorlog en sal aanhou protesteer.²⁴

Neethling-Pohl se klem op die laaste drie woorde van die bogenoemde aanhaling sou vinnig binne die geleedere van die OB gestalte vind in nóg 'n vorm van lydelike verset. Hierdie keer deur 'n meisie van 16 jaar wat vir die OB 'n simbool sou word van die beweging se eie verset en strewe na onafhanklikheid.

¹⁹ Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

²⁰ *Die Burger*, 19.9.1940

²¹ OBA: H.O.F. Seyffert-vers., B/L 1/1, omslag 17: Omsendbrief: “Die vroue-vredesbeweging”.

²² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 5.

²³ Reëlingskomitee van die Vroue-Optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

²⁴ OBA: H.O.F. Seyffert-vers., B/L 1/1, omslag 17: Omsendbrief: “Die vroue-vredesbeweging”.

5.2 “Ek sal my mede-Afrikaner nooit in die steek laat nie”²⁵: Elsa Nel, die eerste heldin van die OB

Genl. Smuts het op 7 Februarie 1940 goedkeuring in die parlement ontvang vir sekere noodmaatreëls wat as gevolg van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog gerade geag is. Dit het onder andere ekonomiese regulasies, die onderneming van krygsoperasies en sekere veiligheidsmaatreëls ingesluit. Laasgenoemde sou die OB ten nouste raak, aangesien dit in besonder gehandel het oor die stelsel van internering.²⁶ Alreeds teen einde Mei 1940 word etlike prominente lede van die OB geïnterneer en ten spyte van besware vanaf die Grootraad van die OB, het die internering van OB-lede hoogty gevier.²⁷ Die versorging van geïnterneerdes se families en die herberg van vlugteling wat uit die kampe ontsnap het, of aangeklaagdes wat vir die owerhede weggekrui het, was ’n taak wat heelhartig onderneem is deur die vroue van die OB. As voorbeeld van hierdie “offervaardigheid” het die OB-vroue geskaar rondom die omstandighede van ’n meisie genaamd Elsa Nel.

Elsabé Nel is gebore op ’n plaas in die Oos-Transvaal. Haar ma was ’n niggie van Jopie Fourie. Laasgenoemde is binne die geledere van die OB beskou as een van die beweging se groot helde, aangesien hy in 1914 deel was van die Rebelle teen Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog en as martelaar voor ’n vuurpeloton gesterf het. In 1940 was sy in matriek op Afrikaans Hoër Meisieskool in Pretoria. Haar ouers het haar voor die Oktobervakansie plaas toe ontbied en daar het sy vir Jan Ackermann ontmoet. Hy was ’n ontsnapte geïnterneerde wat haar ouers gehuisves het, aangesien “die Afrikaners wat daardie tyd vervolgt is, vanselfsprekend baie welkom [was]” in haar ouerhuis.²⁸ Ackermann was ’n prominente OB-lid wat saam met Hans Rooseboom deur die “OB-leiding” genader is om te skakel met Duitsland.²⁹ Ackermann en haar ouers het haar gevra of sy ’n brief vir Ackermann se vrou na Durban sou neem. Sy het die brief aan die huis van Anna Neethling-Pohl ontvang en met die Oktobervakansie het sy na Durban gereis.³⁰ As gerieflike skerm vir die werklike rede waarom sy Durban toe sou gaan, noem Neethling-Pohl dat Nel se blindederm amper

²⁵ Woord van Elsa Nel nadat sy vrygelaat is uit die Sentrale Polisie-stasie in Pretoria, *OB Jaarboek 1948*, p. 69.

²⁶ P.F. van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, p. 208

²⁷ *Die Transvaler*, 29.5.1940 en 30.5.1940

²⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), band nr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (née Nel), p. 2.

²⁹ P.F. van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, p. 246.

³⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (née Nel), p. 1. Sien ook *Transvaler* 13.12.1940 tot 17.12.1940.

gebars het, en dat dit in September uitgehaal is. Toe word sy Durban toe gestuur “om ’n bietjie te gaan bykom en vakansie hou.”³¹

Die polisie was bewus daarvan dat daar ’n sterk Stormjaer-sel in Durban was en daar was ’n OB-agent by die hawe wat informasie oor skepe en hulle inhoud na Pretoria gestuur het.³² Later het die polisie ook beslag gelê op dokumente in die kantoor van die OB-generaal in Natal wat daarop gedui het dat ’n staatsgreep beplan is.³³

Dit is dus nie verbasend toe speurder Van Zyl van die Suid-Afrikaanse Polisie kort na die vakansie, toe Elsa besig was met matriekeksamen, by die skool opgedaag het om haar te ondervra nie. Elsa het egter geweier om enige getuienis te gee of vrae te beantwoord. ’n Woedende Van Zyl het “binne ’n halfuur” ’n dagvaardiging gereël en op Vrydag, 13 Desember 1940, het Elsa Nel in die hof verskyn.³⁴ Die Ossewa-Brandwag het gou hiervan te wete gekom, moontlik deur Nel se ouers. Neethling-Pohl, wat as lid van die OB ’n eed van geheimhouding afgelê het, skryf dat sy by monde van haar bevelvoerder, wie sy slegs geken het as “nommer 53” ’n telefoonoproep gekry het waar hy vir haar gesê het “Daar kom môreoggend ’n matriekdogtertjie voor die hof; hulle het haar gevang, want sy was in Durban.” Neethling-Pohl het vier vroue onder haar gehad aan wie sy bevele kon gee en sy het hulle dadelik opgeroep om elkeen vyf vroue te bel en dié moes op hulle beurt weer daardie vroue beveel om elk vyf vroue te bel en so aan.³⁵ Die volgende dag daag daar toe meer as 200 Pretoriase vroue in Voortrekkergewaad by die magistraatskantoor op waar Nel moes verskyn. Dit wil voorkom of vroue self hulle Voortrekkerdrag beskou het as ’n standpunt van verzet wat verwys na die destydse verzet van Susanna Smit,³⁶ aangesien vroue self besluit het om só by die hof op te daag. Die 200 vroue was almal ongetwyfeld lede van die Ossewa-Brandwag wat ook aktief besig was met ander werksaamhede van die organisasie. Neethling-Pohl vertel: “Jy staan daar en dit is warm en jy weet die vrouens moes hulle kinders by die huise laat; hulle moes dít doen en hulle moes hulle koeksisterbakkery by die huis laat; hulle het mos koeksisters gebak vir die vale om geld bymekaar te maak vir die Beweging.”³⁷ Dus, met hulle hande vol koekmeel en geklee in volksdrag, het hierdie vroue die *volksmoeder*-

³¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 11.

³² G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?*, p. 87.

³³ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?*, p. 92.

³⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (neé Nel), p. 3.

³⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 11.

³⁶ Sien in hierdie verband *OB Jaarboek 1948*, p. 11.

³⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 11.

konstruksie vir hulleself toegeëien en beide die huishoudelike en die politieke sy daarvan geïnternaliseer ten einde uiting te gee aan hulle eie nasionalisme, wat nie noodwendig geïnspireer of bepaal is deur die mans in beheer nie. Die vroue was almal teenwoordig in die hofsitting en toe Nel en die magistraat instap spring hulle op en sing uit volle bors die Transvaalse Volkslied, “Kent gij dat volk”.³⁸

Nadat die magistraat orde herstel het, het hy ’n aantal vrae aan Nel gestel, onder andere wat sy in Durban gemaak het en watter opdrag sy uitgevoer het. Nel het geweier om enige vrae te beantwoord en die magistraat het beveel dat sy tien dae in die tronk moet deurbring. Nel noem dat sy egter na die Pretoriase Sentrale Polisiestasie se selle geneem is, aangesien sy op daardie stadium mediese behandeling ontvang het vir ’n swak been.³⁹ Die 200 vroue het ná die vonnis weer begin om die Transvaalse Volkslied te sing, maar is hardhandig uit die hof verdryf en het met Voortrekkergevaad en al die polisiewa waarin Nel vervoer is agternagesit. Voor die selle is hulle gekeer deur vier jong soldate wat wag gestaan het met gevelde bajonette by ’n ystertraliedeur.⁴⁰ Mismoedig het die vroue nie dadelik geweet wat om te doen nie, maar ’n vrou van Pretoria-Wes het hulle aangespoor tot aksie. Neethling-Pohl vertel dit soos volg:

[D]aar was een vrou van Pretoria-Wes – ek sal haar nooit vergeet nie – ’n baie groot dik vrou; ’n jong dik vrou; en haar botande en haar ondertande voor was uit – en sy huil en sy sê: “Susters, gaan ons toelaat dat die jong sustertjie daar in die selle sit, sonder dat sy weet dat ons vir haar gaan bid? Wie volg my, ek sê, wie volg my? ... Prys die Heer met...” – en sy sing die verkeerdste psalm waar jy aan kan dink, “Prys die Heer”, in daardie omstandighede! En ons almal druk vorentoe. Ons stoot daardie hek oop, en die soldaatjies gee net pad.⁴¹

Nel noem dat die vroue se sang en gebede buite haar sel vir haar ’n groot bemoediging was en dat sy nooit bevrees gevoel het nie. Daarby het OB-vroue elke dag wat sy in die tronk was vir haar kos geneem.⁴² Nel het ook geglo dat die sel langs hare dié een was waarin Jopie Fourie aangehou is voor hy na die plaaslike tronk geneem is om gefusilleer te word.⁴³ Fourie se

³⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 12.

³⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (neë Nel), p. 3.

⁴⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 12.

⁴¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, pp. 12-13.

⁴² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 177, 1978: H.M. Robinson/E.P. Tolmay, p. 9.

⁴³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (neë Nel), 1985, p. 4.

geskiedenis was ook vir haar 'n regverdiging vir haar optrede: “As Jopie Fourie sy lewe kon gegee het vir die Afrikanersaak, kan ek nie sien hoekom ek nou my mede-Afrikaners in die moeilikheid moet bring nie.”⁴⁴ Beide godsdiens en patriotisme is dus deur Nel aangegryp in hierdie tyd van nood – albei kenmerke van die geïdealiseerde *volksmoeder*.



Figuur 5(b): Elsa Nel ná haar vrylating uit die tronk⁴⁵

Ná 'n landswye protesveldtog deur die OB het Nel net drie in plaas van tien dae in die selle deurgebring en is Maandag, 16 Desember 1940, om 9:00 die oggend vrygelaat.⁴⁶ Sy kon nie op 'n beter dag vrygelaat word nie. Dit was die ideale geleentheid vir die OB om haar op te hef tot simbool van die ideale Boervrou en haar optrede te gebruik vir geweldige propaganda. 'n Groot fees ter ere van Geloftedag (Dingaansdag) is deur die OB gereël by Wonderboom in Pretoria. Neethling-Pohl het die naweek van Nel se aanhouding weer 'n oproep van “53” af gekry om haar te laat weet dat Nel die Maandag vrygelaat sou word. Sy het gereël vir 'n Voortrekkerrok wat Nel sou pas, sowel as 'n motor met 'n afslaandak. Die oggend van haar vrylating is Nel deur die strate van Pretoria vervoer na Wonderboom waar daar elke dertig tree langs die pad 'n OB-lid in wit klere was wat Nel gesalueer het as die motor verbyry.⁴⁷ Saam met “lang kolonnes van die Ossewa-Brandwag” waarin “duisende goedaferigte mans Voortrekkerne uitmarsjeer van die stad af oppad Wonderboom toe” is Elsa Nel vervoer na die fees.⁴⁸ By Wonderboom het sy 'n “oorverdowende ontvangs”⁴⁹ gehad waar sy “die

⁴⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 204, 1985: H.M. Robinson/E. de Wet (neé Nel), p. 3.

⁴⁵ OBA: OB Fotovers., fotonr. 856, 1 & 2: Elsa Nel se vrylating uit die tronk.

⁴⁶ *Die Vaderland*, 16.12.1940

⁴⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 13.

⁴⁸ S.J. de Jongh, “Johanna” in *OB Jaarboek 1948*, p. 11.

⁴⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 13.

middelpunt van al die liefdevolle verering was.”⁵⁰ Vir die OB was Elsa Nel ’n heldin. In die woorde van C. Marx:

The OB heroine Elsabe Nel epitomised the ideal Afrikaans woman. She possessed all the characteristics of the ‘Afrikaner woman’ for, according to the historical myth, it was the women who would rather cross ‘the Drakensberg barefoot’ than submit to the ‘British yoke’. It was the women who showed tremendous courage, spurring their men on in the face of adversity. They were therefore the most important guarantors for the future existence of the Afrikaner volk.⁵¹

In ’n propagandastuk in die 1948 Jaarboek van die OB van Noord-Transvaal probeer S.J. de Jongh (skuilnaam van dr. J.F.J. van Rensburg) Nel se optrede voorhou as ’n inspirasie vir jongmense en vertel, na aanleiding van ’n ware verhaal, dat “onder die harte wat Elsabe aan brand gestee het was die van die tienjarige dogter uit die Bosveld, Johanna. En vanaf daardie oomblik [die oomblik toe Johanna vir Elsabe Nel sien by die Dingaansfees] was trou aan die Ossewabrandwag vir Johanna ’n vanselfsprekendheid... dit is iets wat mens nakom en uitleef – of mens pleeg verraad...”⁵² Volgens De Jongh is Johanna direk deur Nel geïnspireer om later ook ’n vlugteling, wat deur haar ouers gehuisves is, te help vlug toe die polisie op hulle plaas opdaag.⁵³ Ná die oorlog het ’n lid van die OB geskryf: “So het Elsa Nel simbool geword van die Afrikanervrou se trou en moed in die Tweede Wêreldoorlog, ’n kragtige teken van duisende wat ook in haar voetspore getrap het – die enigste ewige uit ons oorlog sonder wapens [sic].”⁵⁴

Die OB self het uitgevaar teen die aanhou van vroue deur die Smutsregering en het spesifiek die geval van Elsa Nel gebruik in hulle retoriek teen demokrasie. In die amptelike koerant van die OB word daar genoem dat die regering in sy stryd teen die bestendiging van die demokrasie en persoonlike vryheid “die kommunistiese minagting vir die vrou van hul nuutgevonde bondgenoot deelagtig geword het”. Die optrede van Nel word verhef en daar word aangevoer dat “deur hierdie daad is die naam van die Boerevrou nie verlaag, soos van kommunistiese kant miskien gehoop is nie, maar verhoog, en die heldinnery van ons volk het aangegroei met een.” In dieselfde asem noem die skrywer dat die “leiers van die Sappe...

⁵⁰ S.J. de Jongh, “Johanna” in *OB Jaarboek 1948*, p. 11.

⁵¹ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 341.

⁵² S.J. de Jongh, “Johanna” in *OB Jaarboek 1948*, p. 11.

⁵³ S.J. de Jongh, “Johanna” in *OB Jaarboek 1948*, p. 50.

⁵⁴ H.G. Stoker, *Agter tralies en doringdraad*, p. 402.

[wat] ’n stryd voer vir die demokrasie, het in hul kapitalistiese verhewendheid” nie gereageer op die volkswil “wat geopenbaar is in die verheffing van Elsabe Nel deur honderdduisende tot ’n heldin” nie.⁵⁵ Die teenstrydighede in hierdie berig dui op die algemene ontevredenheid van OB-lede met die Smutsregering se flikflooi met sogenaamde “volsvreemde elemente”. Te midde van die warboel wat veroorsaak is deur die oorlog wou die OB vashou aan die standvastige “volkseie” waarvan die konstruksie van die *volksmoeder* ’n voorbeeld was: “by ons eie volk is die Vrou en Moeder verhef tot die edelste en onaantasbaarste sierade van ons volk. Die Vrou en Moeder van die Boerevolk kon nie eens deur ’n Britse moordkamp van haar ereposisie gestoot word nie, en nog minder sal ’n Empire-tronk wat ruik na bolsjewistiese metodes daarin slaag.”⁵⁶ Ten spyte van vroue se eie agentskap was die *volksmoeder* duidelik ook ’n magtige simbool vir verskeie agendas van die Ossewa-Brandwag.

Daar is genoem dat vroue in die openbaar voorgestel is, en soms opgetree het, soos stemme van rede wat die idee van ’n rebellie “sonder gewere” voorgestaan het. Dit het die openbare protes van vroue ingesluit, soos hierbo uiteengesit, en die gebruik van die *volksmoeder*-retoriek om uiting te gee aan hulle nasionalisme. Vanuit dieselfde oord het dr. Van Rensburg die OB beskou as ’n werktuig om spesifiek die aktivistiese gees van die Afrikaner aan te wakker. Aangesien die OB ’n “kultuurorganisasie” was, is die Afrikanerkultuur dikwels ingespan as verzet teen die regering se oorlogspoging. Sekerlik die beste illustrasie van hoe vroue van kultuur gebruik gemaak het om hulleself “sonder gewere” te verset, was by wyse van die Katdorings.

5.3 “[D]it was ’n gloeiende, toejuigende, saambrullende mensdom gewees”⁵⁷: Die Katdorings as voorbeeld van vroue se “versetkultuur”

Soos reeds genoem, was een van die doelwitte van die vroue-afdeling om die volk aan te moedig om deel te neem aan “volkspele en volksang”. Daar is baie moeite gedoen om mense aan massasang te laat deelneem. Gedurende kampe, laertreкке en met groot saamtreкке van die Ossewa-Brandwag, was daar groot sanggeleenthede waaraan almal deelgeneem het. Vroue het egter nie net hiertoe bygedra binne die formele kanale van die OB Vroue-afdeling

⁵⁵ OBA: *Die OB*, 22.07.1942.

⁵⁶ OBA: *Die OB*, 22.07.1942, p. 4.

⁵⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 9.

nie. Elize Laubscher was 'n prominente OB-vrou wat beskryf is as “uiters musikaal” en het verskeie liedjies geskryf en gekomponeer met die doel om volksang te bevorder.⁵⁸ Haar eggenoot was Jan Pohl (die broer van die beroemde Anna Neethling-Pohl) en saam het hulle die eerste liedjie vir hierdie saamtrekke gekomponeer, naamlik “Pienk Pikkanien”, wat die spot gedryf het met die soldate wat die “rooi-eed” geteken het. Dit lui soos volg:

Pienkpikanien jou dage is getel;
Jy is mos 'n renegaat;
Hanskakie is jou grootste maat;
Pienkpikanien jou dage is getel.

Pienkpikanien jou asem ruik na bier;
Nou van jy die rooilus dra;
Is jou land Noord-Afrika;
Pienkpikanien jou asem ruik na bier.

Pienkpikanien jy's dronk dwarsdeur die nag;
Swart en wit is ewe goed;
Vel is vel en bloed is bloed;
Pienkpikanien jy's dronk dwarsdeur die nag.

Pienkpikanien jy roggel in die slyk;
Boeregoed het jy vermors;
Britse goed versier jou bors;
Pienkpikanien jy roggel in die slyk.

Pienkpikanien jy veg mos vir die Ryk;
Jy en Moor en Indiaan;
Staan nou saam in Kristus naam;
Pienkpikanien jy veg mos vir die Ryk.

Pienkpikanien jy sterf saam met die Ryk;
Elke hond kry mos sy dag;
Die een is baas wat laaste lag;
Pienkpikanien jy sterf saam met die Ryk.⁵⁹

Die eerste maal wat “Pienkpikanien” in die openbaar opgevoer is, was op 'n saamtrek van die OB Jeugbeweging in die Duitse Klub in Pretoria. Dit was 'n baie populêre lied wat by byna elke saamtrek gesing is, maar vanweë die neerhalende aard van die liedjie het speurders die sing daarvan later verbied.⁶⁰ H.M. Robinson vertel dat daar die aand met die eerste sing daarvan 'n paar speurders in die gehoor gesit het. Toe Robinson later gearresteer is om

⁵⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985, Herinneringe van H.M. Robinson, p. 20.

⁵⁹ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/11, omslag 3: Liedere.

⁶⁰ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

geïnterneer te word, sê die speurders vir hom: “O ja, jy is Pienk Pikanien, dis jou bynaam, jy het dit mos gesing ---”.⁶¹ Duidelik was regeringsamptenare nie in hul skik met dié liedjie nie.

Verskeie liedjies wat Laubscher geskryf het, was ’n parodie op gebeure van die dag en het skertsende kritiek gelewer op die heersende party. Liedere was gelaai met politieke betekenis en het ’n groot aantal sake aangespreek. “Salute, ou pellie, darso kom ’n koprel” was ’n satire van genl. Smuts se oorlogspoging wat op verskillende stadiums van die oorlog gesinspeel het en sekere dae in die lewe van ’n soldaat in die oorlog versinnebeeld het.⁶² “Vra is vry” is weer ’n spotlied met die Nasionale Party en is gekomponeer ná die skeuring tussen die OB en die NP.⁶³ Vers 7 vat die kern van die lied vas: “Jou onbeskaamde vent/Toe loop nou dis die end/Ek bly liefstokalleen/as met jou trou.”⁶⁴ ’n Verdere kontroversiële spotlied was “Swartvark”. ’n “Swartvark” was ’n polisieman in diens van die Smutsregering en daar is die spot gedryf met die ondervraging van ’n verdagte persoon deur die politieke speurders. Die lied dui ook op die OB-speletjie, “Swartvark”, waar mens moes antwoord op allerlei belaglike vrae sonder om te lag.⁶⁵ Die inhoud is ’n gesprek tussen ’n speurder en ’n OB-lid. Veral die koor is veelseggend:

Wat het jy gisteraand gedoen? (Swartvark)
Vir wie het jy gisteraand gesoen? (Swartvark)
Stilbly sal jou glad nie baat? (Swartvark, Swartvark)
Jy land nog werkloos in die straat!

Koor: Ek antwoord niks nie
Ek sal nie sê nie
Jy kry hier nimmer
Wat jy wil hê nie.

Wie het jy netnou gegroet? (Swartvark)
Waar het jy jou man ontmoet? (Swartvark)
Waar’s die bomme wat jy maak? (Swartvark, Swartvark)
Watter skote hoor ek kraak?

KOOR
Het jy koeëls in jou huis? (Swartvark)
Slaan jy Kakies met jou vuur? (Swartvark)
Hoeveel kinders het jou vrou? (Swartvark, Swartvark)
Hoe kan jy die spul bohou?

⁶¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1985: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 48.

⁶² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, pp. 20-21.

⁶³ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

⁶⁴ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/11, omslag 3: Liedere.

⁶⁵ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

KOOR

Is jou geweer al ingege? (Swartvark)
Drink jy 'n alsie in jou tee? (Swartvark)
Is jou meubels al betaal? (Swartvark, Swartvark)
Waarom blink jou toom en saal?

KOOR

Luister jy na Zeusen Leuens? (Swartvark)
Hoeveel's Noordwaarts van jou Seuns? (Swartvark)
Praat jy nie meer op jou foon? (Swartvark, Swartvark)
Gaan jy langer Tommies hoon?

KOOR

Wat weet jy van Elsa Nel? (Swartvark)
Is jy ook 'n vuil rebel? (Swartvark)
Sal jy die geknoei nou stop? (Swartvark, Swartvark)
Mastig, nee, nou gee ek op!

KOOR⁶⁶

Volkspropaganda, as doelwit van die Vroue-afdeling, is dus op unieke manier geïntegreer met volksang en OB-lede kon by wyse van massasang uiting gee aan hulle anti-Britse gevoelens en hulle ontevredenheid met die Smutsregering. Die dualistiese aard van die OB se kultuuraktiwiteite kom duidelik uit hierdie lieder na vore en dit was beslis 'n vorm van passiewe verset.⁶⁷ Die liedjies van Laubscher en Pohl is oral gesing waar OB-lede saam was en het groot populariteit geniet. Dit is toe dat Anna Neethling-Pohl in 1940 met die gedagte gekom het om 'n verskeidenheidsgeselskap op die been te bring vir die sing van hierdie liedjies en om konserte met politieke betekenis te hou. Neethling-Pohl was 'n baie aktiewe lid van die Ossewa-Brandwag. Sy en ander "kultuurmense" het dikwels opgetree by OB-saamtrekke en patriotiese gedigte voorgedra soos "Aan die renegaat" van W.E.G. Louw, "Die Kampsuster" van Jan F. Cilliers en "Die dieper reg" van N.P. van Wyk Louw. Sy vertel "ons het gevoel dat die tyd ryp is om al spelende en singende 'n slag te slaan vir ons kant." Aanvanklik het die groep uit ses bestaan, maar dit het later aangegroei tot agtien.⁶⁸ Sommige lede van die geselskap sou later bekende figure in die samelewing word, soos Helena Strauss wat later die hoofsopraan van die Cantarekoor in Pretoria geword het en Jan Schutte, latere

⁶⁶ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/11, omslag 3: Liedere.

⁶⁷ Sien P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p. 346.

⁶⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 8. Die volgende mense was volgens Pohl lede van die Katdorings: Anna Neethling-Pohl, Helena Strauss, Fietjie Neethling, Jan Pohl, Ben Engelbrecht, Senekal, Pierre Malan, Thys Bester, Elize Laubscher, Bosman de Kock, Rosina du Toit, Daantjie Smit, Olga Kock, Sam van Loggerenberg, Jan Cronje, M. van Schalkwyk, L.M. van Deventer, Gert van der Berg en Georgie Linder.

direkteur van die Televisiediens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.⁶⁹ Die groep het bekend gestaan as “Die Katdorings” en uit die aard van hulle aktiwiteite kan mens aflei dat hulle ’n doring in die vlees van regeringsgesindes wou wees.

Die eerste groot opvoering van die Katdorings was by die geleentheid van ’n groot saamtrek van die Ossewa-Brandwag op Potgietersrus, pas nadat dr. J.F.J. van Rensburg KG geword het. Daar is berig dat meer as 10 000 mense hierdie saamtrek bygewoon het.⁷⁰ Daar is ’n oop vragmotor voorsien wat gebruik is as verhoog en die optredes van die geselskap “het die mense byna tot raserny gevoer.”⁷¹ As reisende volksteater het die Katdoringgeselskap, onder leiding van Anna Neethling-Pohl, die kultuurmilieu van die Ossewa-Brandwag versterk. Die digkuns, volksteater en volksang is op ’n treffende wyse ingespan as bron van inspirasie en propaganda in die beweging.⁷²

Die “angel” in die Katdorings se optredes was natuurlik die spotliedjies en tonele wat teen die oorlogspoging gemik was en dat dit gepoog het om anti-OB-gesindes en politieke speurders “so te tart”.⁷³ Die geselskap het regoor die land opgetree. Oral is patriotiese tonele opgevoer wat dikwels ’n politieke boodskap gedra het. Een só ’n toneelstuk het vroue opgeroep om hulle te verset teen vreemde oorheersing, soos die eertydse volksmoeder Susanna Smit. Die Katdorings se opvoering van “Terugtog oor die Berge” tydens ’n OB-volksfees lê sterk klem op Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid.⁷⁴ Ook het tonele die spot gedryf met politieke sake. Die toneel “Nominasievergadering van die Vooraanstaande Progressiewe Demokratiese Party” was ’n parodie op partypolitiek en die demokratiese stelsel.⁷⁵ Die OB, as anti-parlementêre front, was uitgesproke teenoor hierdie elemente van politiek en het dit bestempel as “volksvreemd”.⁷⁶ So het die Katdorings selfs amptelike OB-ideologie in hulle konserte gepropageer. Wat hierdie “angel” in die kultuuraktiwiteite van die Katdorings betref, vertel Anna Neethling-Pohl dit soos volg:

⁶⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, p. 22.

⁷⁰ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 8: Program van optredes.

⁷¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, p. 22.

⁷² P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 346.

⁷³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 4.

⁷⁴ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/11, omslag 4: Toneelstuk: “Die terugtog oor die berge”.

⁷⁵ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 6: Toneelstuk: “Nominasievergadering van die Vooraanstaande Progressiewe Demokratiese Party”.

⁷⁶ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?*, pp. 16-17.

Maar toe het Jan [Pohl] ook musiek gemaak en woorde daarby gesit wat ons anti-oorlogspoging gehelp het. Met die digters en koorwerke tot ons beskikking het ons heftige dinge gedoen; ons het selfs later eenbedrywe gespeel wat ons sommer self opgemaak het. En dié mense het heeltemal rasend geword oor hierdie opvoerings. Die polisie het ons dikwels ná 'n opvoering kom stop en vra waar die woorde vandaan kom, en dan is ons stomverbaas; dan sê ons vir hulle dit is tradisionele woorde; dit kom daar anderkant Sutherland en tussen die Boegoeberg se dam, van daardie wêreld af. Hulle mag dit nou nie gehoor het nie, sien! Dit was alles pogings om die behoefte van die mense tot hierdie drang van nasiewees en vrywees te voed en te besiel en te sê: die groot dinge kom nog.⁷⁷

In 1941 is meer as 13 konserte dwarsoor Transvaal opgevoer, insluitende 'n radioprogram vir die SAUK waar die groep “nou maar liedjies gekies [het] wat oënskynlik minder polities geïnspireer was, maar wat tog nie werklik so onskuldig was as wat dit op die oog af gelyk het nie”.⁷⁸ Chris Neethling, eggenoot van Anna Neethling-Pohl, noem dat die werk van die geselskap “die mense opgesweep [het].”⁷⁹

Daar was ook 'n meer onderduimse karakter aan die Katdorings. Die geselskap was nie net 'n kultuurgroep nie, maar daar is ook daarna verwys as 'n “frontorganisasie” van die OB.⁸⁰ Die feit dat die geselskap dikwels rondgereis het, het “uitstekende geleentheid gebied om allerhande onheil te beplan onder die dekmantel van 'n konsert van die Katdoringgeselskap”.⁸¹ Die Katdorings is gebruik as 'n organisasie wat dikwels opdragte uitgevoer het vir die Ossewa-Brandwag se aktivistiese Stormjaerbeweging (SJ). Die reeds genoemde Chris Neethling was nie net 'n hoofgeneraal in die OB nie, maar ook 'n aktiewe lid van die Stormjaers wat later ook geïnterneer is.⁸² Wat OB-SJ werk betref, het die geselskap juis opdragte ontvang van dr. Neethling en die feit dat sy eggenote in beheer van die Katdorings was, het sake beslis vergemaklik.⁸³ Voorts het die idee dat die geselskap ondergrondse werk kon verrig, sy oorsprong by 'n vrou gehad. Dr. Neethling vertel: “Dit moet ek sê, is een van Anna Pohl se blink gedagtes...”⁸⁴

⁷⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 9.

⁷⁸ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 8: Program van optredes; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, pp. 22-23.

⁷⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 48.

⁸⁰ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

⁸¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, p. 23

⁸² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 14.

⁸³ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

⁸⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 19-20, 1973: H.M. Robinson/J.C. Neethling, p. 48.

Wanneer die Katdorings op verafgeleë plekke opgetree het, het daar slegs 'n kerngroep mense gegaan wat almal in een motor kon pas. Dikwels was daar “as aanhangsels tot die Katdoringgeselskap” gevaarlike manne wat ondergrondse werk uitgevoer het vir die Stormjaers, soos die vlugteling F.A. Faurie en verskeie ander.⁸⁵ Onder die dekmantel van 'n kultuurgroep is belangrike intelligensiewerk gedoen vir die Stormjaers en vir die OB. Die Katdorings het ook gedien as skakel tussen OB-SJ-leiding en voortvlugtiges.⁸⁶ Nie al die lede van die geselskap was bewus van hierdie ondergrondse element in hulle midde nie. Anna Neethling-Pohl noem dat “[d]ie geselskap het eintlik nie geweet waarom dit gaan nie... 'n Klein groepie van ons het geweet wat aan die gang is en waarheen dit alles stuur, en dit is miskien baie ondemokraties, maar daardie dae kon 'n mens nie alles sê wat gebeur nie.”⁸⁷

Die Katdorings het ook op ander wyses as dekmantel gedien. Een aand sou daar 'n geheime OB-vergadering in Rustenburg gehou word. Een van die OB se informante het gewaarsku dat die polisie dié aand sou toeslaan op die vergadering. Anna Neethling-Pohl het toe spoedig die kerngroep bymekaargekry en 'n konsert is gehou in plaas van 'n vergadering. Toe die speurders opdaag, moes hulle “net so onverrigtersake omdraai”, want daar was geen teken van 'n geheime vergadering nie. Mev. F. Botha vertel ná hierdie “impromptu”-konsert is daar deur die OB-leiding besluit om dikwels die Katdorings te gebruik “om vergaderings te verdoesel.”⁸⁸

Mettertyd is sommige lede van die Katdorings geïnterneer, soos die sekretaris, H.M. Robinson, maar dit het die populariteit van die geselskap nie laat afneem nie. Toe dit teen 1944 duidelik word dat Duitsland die oorlog gaan verloor, en die hele OB 'n wending neem, het die Katdorings die meeste van die spotliedjies in 'n operette verwerk met die naam “In 'n skewe straatjie”.⁸⁹ Dit is die eerste maal opgevoer in 1944 in die Pretoriase Stadsaal en selfs ook by geleentheid ná die oorlog.⁹⁰

Die aktiwiteite van die Katdorings is kenmerkend van die dualistiese aard van die OB se kultuurbeeld. Aan die een kant het dit 'n suiwer kulturele doel gedien in lyn met die amptelike doelstellings van die OB as massabeweging. Aan die ander kant was dit 'n versetbeweging

⁸⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 43 & 45, 1985: Herinneringe van H.M. Robinson, p. 23.

⁸⁶ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 4.

⁸⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 9.

⁸⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 5.

⁸⁹ OBA: H.M. Robinson-versameling, B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

⁹⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 8.

wat met opset die owerhede wou uittart deur gebruik te maak van die kulturele gereedskap tot hulle beskikking en die gees van Afrikanernasionalisme wat op daardie stadium bottend was.

Net soos die OB in die openbaar 'n kultuurbeeld voorgehou het, maar agter geslote deure (en veral by wyse van die Stormjaers) geweld gepleeg het, net so het vroue buigsaam te werk gegaan met die *volksmoeder*-konstruksie. Afgesien van passiewe verset en versetkultuur het hulle ook 'n aktiewe rol gespeel in die onwettige en soms gewelddadige verset van die OB. Sommige het dit geregverdig in die naam van hulle sin vir onafhanklikheid as lede van die OB, maar die meeste het opgetree in lyn met wat die omstandighede van die tyd geverg het, sonder enige nasionalistiese of patriotiese doel voor oë. Nogtans was juis hierdie doelwitte die onderliggende motivering vir hulle mans, seuns en eie ondergrondse bedrywighede. Vervolgens word daar gekyk na OB-vroue se aandeel in die gewelddadige verset van die OB.

5.4 “[E]k was eintlik die ene wat kwaai was, my man was nie kwaai nie”⁹¹: Ondergrondse volksmoeders

In Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog het ontsettend baie lede van die OB hulle verset teen die oorlogspoging van genl. Smuts – veral as deel van die Stormjaers. Laasgenoemde was, in die woorde van dr. J.F.J. van Rensburg, “die suurdeeg van aktivisme” in die OB.⁹² G.C. Visser skryf “[j]ust as the German Nazi Party had the Schutz Staffel (SS), so had the Ossewa-Brandwag the Stormjaers ready to storm forward as their militant action front when the time seemed ripe.”⁹³ Volgens Abraham Spies, wat 'n belangrike rol in die Stormjaers gespeel het, was dié organisasie se doel om georganiseer en gedissiplineer lede op te lei ten einde gereed te wees vir die dag as die Duitse oorwinning hulle die geleentheid gee om 'n staatsgreep uit te voer.⁹⁴ Die verwesenliking van die republikeinse ideaal sou vir die Stormjaers nie langs konstitusionele weg verkry word nie. Die jeugdige Stormjaer, Cas Bakkes, noem dat dit was “'n militante geheime ondergrondse vertakking van die Ossewa-Brandwag” wat “miskien die droom van 'n Republiek langs die weg van 'n Staatsgreep sou kon verwesenlik.”⁹⁵ P.F. van der Schyff som die doelstellings en optrede van die beweging soos volg op:

⁹¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979: L.M. Fourie/J. Wagner, p. 7.

⁹² J.F.J. van Rensburg, *Their paths crossed mine*, pp. 151 en 184.

⁹³ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?*, p. 29.

⁹⁴ Sien OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 216-219, 1985: H.M. Robinson/A.S. Spies.

⁹⁵ OB Argief, C.M. Bakkes, *Stormjaer-herinneringe*, p. 2 en 19.

Afgesien van die paraatheidsfunksie, met die oog op 'n moontlike staatsgreep, [het die Stormjaers ook] gehelp wanneer persone uit die kampe of gevangnisse moes ontsnap; om kleiner en groter sabotasiedade te pleeg as teken van verzet en as vergeldingsmaatreël; om in die behoeftes van behoeftige OB-gesinne te voorsien, byvoorbeeld 'n rooftog op die betaalmotorkar van die Venterspos-myn.⁹⁶

In al drie die bogenoemde doelstellings sou OB-vroue hulleself laat geld en deelneem aan die ondergrondse bedrywighede van die Stormjaers (SJs). Dit beteken egter nie dat alle OB-vroue saamgestem het met hierdie optrede nie. Mev. Emmie du Toit noem byvoorbeeld dat daar nie Stormjaers in die Kaap was nie en dat sy, as hoofvrou van Kaapland, “nie baie lus gehad” het vir hulle nie, want sy het gevoel “'n mens wil nie roekelose dinge doen nie.”⁹⁷ Nietemin, baie vroue is meegesleur in SJ-bedrywighede deur die feit dat hulle mans en seuns deel was van die SJs.⁹⁸ Ander weer het op eie houtjie, sonder enige invloed of rol van die SJs opgetree.⁹⁹ Dit was veral die geval met die herberg van voortvlugtiges wat, met of sonder die hulp van SJs, uit die gevangenis of interneringskampe ontsnap het. Hieronder volg enkele voorbeelde van die rol van OB-vroue in die ondergrondse verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog.

Mev. W.S. du Plessis het in Johannesburg gewerk toe die oorlog uitgebreek het. Toe haar kêrel by haar opdaag met die rooi lussie en vra of sy dit vir hom sal aanwerk was haar woorde: “Nee, dis hier waar ons vriendskap nou eindig. Dit doen ek nou nie.”¹⁰⁰ Kort daarna raak sy bevriend met 'n OB-lid en sluit ook self aan by die beweging. Dit was nie lank nie of haar woonstel word die vergaderplek van 'n Stormjaersel. Alhoewel sy nie altyd vertrouwd was met die inhoud van hulle geheimsinnighede nie, was sy meer as bereid om haar woonstel beskikbaar te stel. Soveel so dat sy daarna verwys het as hulle “hoofkwartier” waar ammunisie, wapens en dokumente geberg is. Sy het ook spoedig opgetree om 'n onwettige rewolwer weg te steek toe daar speurders by haar vriendin se huis opdaag.¹⁰¹

Mev. M.E. le Roux, wat haar deel in die OB beskryf as iets wat sy “met groot graagte en offervaardigheid” gedoen het, het haar woning weer beskikbaar gestel vir voortvlugtiges. Sy

⁹⁶ P.F. van der Schyff, “Verzet teen ‘Empire-oorlog’”, p. 227.

⁹⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 97 & 98, 1982: H.M. Robinson/E.S. du Toit, p. 30.

⁹⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 2.

⁹⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 14.

¹⁰⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 201, 1978: H.M. Robinson/W.S. du Plessis, p. 3.

¹⁰¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 201, 1978: H.M. Robinson/W.S. du Plessis, pp. 3-4.

noem dat “my huis was ’n bymekaarkomplek en soms ’n oase in die woestyn, waar offisiere en vlugteling hulle innerlike haastig kon verkwik of ’n slapie na ’n vermoeiende rit wat verby is, of wat nog verder gevoer moes word, kon geniet.”¹⁰² Nadat Anna Neethling-Pohl se man, dr. Chris Neethling, gevange geneem en geïnterneer is, het sy ook haar huis oopgestel vir mense om in weg te kruip – mense wat volgens haar later baie hoë posisies in die Suid-Afrikaanse politiek sou beklee. Vlugtelinge het in haar solder weggekruip wat die kostuumkas was vir die Volksteater. Daar was trappe wat van buite af na die solder geloop het en Neethling-Pohl het hierdie deur altyd oopgehou, aangesien “die boodskap rondgegaan het” dat haar huis ’n vlugtelingsoord was.¹⁰³ Nie net die kostuumkas van die volksteater was ’n goeie wegkruipplek nie. Mev. C.J.H. Steenkamp het tydens ’n klopjag op haar huis haar man in haar klerekas weggesteek om só die polisie te ontwyk.¹⁰⁴

Vlugtelinge se name is soms doelbewus van vroue weerhou. Dit is gedoen as voorsorgmaatreël indien die polisie hulle sou ondervra, in die woorde van mev. G. Wolf: “dan kon ek nooit iemand verrai – as ek nou dié soort gewees het – nie waar nie?”¹⁰⁵ Dit lyk egter of hierdie maatreël nie nodig was nie. Mev. M.J. Louwrens se broer was ’n generaal in die OB. Wanneer hy vlugteling na die huis geneem het, al was dit twee-uur die nag, het sy gereed gestaan met warm kos. Sy het ook dikwels vlugteling se klere gewas. In een voorval noem sy dat haar broer twee vlugteling met Engelse name na die huis gebring het. Terwyl sy die mans se verweerde klere was, sien sy dié se naam staan geskrywe op een van sy sokkies. Mnr. Baker was toe al die tyd Piet du Toit. Sy het ook opgemerk dat die ander “Engelsman” se naam Dries van der Merwe is, aangesien sy afgekom het op sy pen waarop dit gestaan het. Louwrens vertel dat sy egter vertrou kon word met hierdie informasie: “... niemand het dit ooit geweet nie. Ek het dit maar stilgehou.” Sy noem ook dat sy regdeur die oorlog op hierdie wyse die vlugteling gehelp het: “...so het dit maar aangegaan met die vlugteling hier. Kort-kort kom hier ’n paar ander.”¹⁰⁶

Die risiko dat iemand hierdie ondergrondse bedrywighede sou verklap, was altyd teenwoordig. Die plaas van mev. R.C.G. van der Merwe is ook deur vlugteling gebruik. Sake is hier bemoeilik deurdat mev. Van der Merwe se bure nie saam met hulle oor politiek

¹⁰² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), geen bandnr., 1985: Herinneringe van M.E. le Roux, p. 1.

¹⁰³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 14.

¹⁰⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 165-166, 1985: L.M. Fourie/C.J.H. Steenkamp, p. 12.

¹⁰⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 90-91, 1985: H.M. Robinson/G. Wolf, p. 13.

¹⁰⁶ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1985: H.M. Robinson/M.J. Louwrens, p. 1.

gestem het nie – hulle was ook anti-OB. Ten spyte hiervan het daar soms soveel as 17 mense gelyktydig by hulle huis op Kameeldrif, net buite Pretoria, oornag. H.M. Robinson noem dat “vlugteling na vlugteling, saboteur na saboteur” die plaas van mev. Van der Merwe en haar man as veilige hawe beskou het.¹⁰⁷ Die Van der Merwes het ook ’n groot huis gehad op die plaas Ten Hemele waar hulle spesiaal kaste ingebou het om te lyk soos ’n gewone muur met die doel om mense daarin weg te steek as die polisie sou opdaag.¹⁰⁸ Nóg ’n vrou wat sonde met die bure gehad het, was mev. J. Wagner. Haar man was ’n Duitser en het ’n groot risiko geloop om geïnterneer te word. Na bewering is haar buurman, ’n ene mnr. Viljoen, wat waarskynlik in die Anglo-Boereoorlog ’n joiner was en in 1914 aan regeringskant geveg het, aangestel as agent om haar man uit te lok. Aan hom is twaalf pond belowe as hy bewys kon lewer dat Wagner besig is met ondergrondse aktiwiteite. Toe Viljoen sake vir haar moeilik maak, het sy by hom besoek afgelê en prontuit gesê: “Kyk, mnr. Viljoen, jy het nou al so baie verraad gepleeg, en nou is jy weer besig om verraad te pleeg. As ’n vrou jou nog nooit geslaan het nie, dan gaan ek nou vir jou slaan.” Sy het ook die algemene oorlogsparanoia tot haar guns gebruik deur te bluf en te sê “toe hulle nou die dag die ligte, die elektrisiteit in jou huis nagesien het, het hulle ’n mikrofoon ingesit. Ons weet alles wat jy praat in hierdie huis, en nou gaan jy moeilikheid optel.”¹⁰⁹ Daar was ook gevalle waar anti-OB-gesindes hulleself voorgedoen het as vlugteling en by die vroue oornag het, waarskynlik met die doel om informasie vir die polisie te kry – vroue was in hierdie gevalle daarvan bewus dat “verraaiers” in hulle midde was.¹¹⁰

Die blote teenwoordigheid van vlugteling het vroue vanselfsprekend ook in ’n moeilike en inkriminerende posisie geplaas. F.A. Faurie, ’n voorvlugtige SJ, het ’n Rooms-Katolieke priester (“’n ou paap”) se motor gesteel en vir mev. F. Botha (wie se woonstel ook die vergaderplek van SJs was) en ’n vriendin gevra om saam met hom te ry na haar pa toe. Op die pad kom hulle ’n donkiewa tee en toe Faurie die remme trap was dit onklaar en hy ry toe teen die donkiewa vas. Terwyl Faurie nog in die motor sit, onderhandel hy spoedig met die eienaar van die donkie en vergoed hom vir sy verlies, maar omdat hy gesoek is deur die polisie het hy so gou moontlik uit die motor gespring en van die toneel af weggehardloop. Gevolglik sit mev. Botha en haar vriendin met ’n gesteelde motor en ’n dooie donkie. Die twee

¹⁰⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 23, 1985, H.M. Robinson/C.W. Rautenbach, p. 4.

¹⁰⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 2.

¹⁰⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, p. 3.

¹¹⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl. pp. 14-15

vroue het egter op hulle eie veilig by die huis gekom sonder enige konfrontasie met die polisie.¹¹¹

Baie vroue wie se mans betrokke was by ondergrondse bedrywighede het nooit uitgevra daaroor nie. Mev. J. Haasbroek noem byvoorbeeld dat vroue nie hulle mans kwalik geneem het vir geheimsinnigheid nie. Sy vertel “ons wou nie eintlik weet wat die mans doen nie. Dan het dit ons ook ontstel.”¹¹² A. Pohl het ander redes gehad: “Ek was nooit die soort vrou wat uitvraerig was nie. In dié opsig is ek ’n verskriklike trotse mens: ek sal nooit vir iemand vra waar hy was of wat hy gedoen het of dié soort van dinge nie.”¹¹³ Ander weer was sterk bewus van wat hulle mans aangevang het en het sonder skroom genderpolitiek gebruik om die polisie te ontwyk. Soos reeds genoem, was die polisie op die spoor van mev. Wagner se man. Op ’n vraag oor waar haar man se 303-geweer is, het mev. Wagner geantwoord: “Sersant, jy het die inspekteur by jou, jy het dus ’n getuie. Hierdie goed wat jy vir my vra, moet jy vir my man vra, hy kan nie lieg nie. Maar ek, ek sal vir jou lieg dat nete op jou kop bars!”¹¹⁴

Mev. C.H. Pretorius het weer haar man aktief bygestaan in die versteek van wapens. Toe hy vermoed een van sy vriende wat hom gehelp het in ’n sabotasiepoging gaan hom verrai, het hy en sy vrou spoedig die wapens en bomme, wat versteek was in ’n veldmagasyn, in die huis gaan bêre. Hy het dit as vanselfsprekend aanvaar dat hy sy vrou kon vertrou. Mnr. Pretorius vertel “sy was natuurlik bewus daarvan dat daar in my magasyn wat ek in die veld gehad het, bomme en goed was.”¹¹⁵ Dikwels moes ammunisie spoedig van buite af in die huis ingedra word as dit sou reën. Mev. J. Haasbroek se man het haar een middag gevra om die buite-oond, waarin sy gewoonlik brood gebak het, warm te maak, want “daar moet beskuit gebak word” nadat dit hard gereën het. Sy vermoed toe dat haar buurvrou die oond wou gebruik, soos dikwels die geval is. Mev. Haasbroek het egter omgesien na haar kinders en nooit gesien hoe die beskuit gebak word nie. Later vind sy uit dat haar oond gebruik is om wapens en ammunisie wat natgereën het spoedig droog te kry.¹¹⁶ Dit gee nuwe betekenis aan die *kaalvoet-volksmoeder* voor die oond.

¹¹¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 7.

¹¹² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 2.

¹¹³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 15.

¹¹⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, p. 7.

¹¹⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 33, 1979, H.M. Robinson/C.H. Pretorius, p. 6.

¹¹⁶ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 2.

Om flink te dink is deur OB-vroue se betrokkenheid by onderduimse dade genoodsaak. So het mev. R.C.G. van der Merwe gesteelde geld in die karkas van haar dooie perd versteek toe daar speurders by haar opdaag en die huis begin ondersoek en mev. Wagner het gehelp om haar man se 303-geweer in 'n kosyn toe te messel.¹¹⁷ Vroue het egter nie net hulle mans bygestaan en vlugteling geherberg nie. Baie was meer direk betrokke by ondergrondse bedrywighede.

A. Pohl het net soos die Stormjaers 'n eed van geheimhouding afgelê en opdragte “van bo” ontvang waarvan “sommige heeltemal angswekkend was”. Sy het ook “'n paar ou waardevolle dokumentjies” in haar besit gehad wat sy op vindingryke wyse in 'n kussingsloop aan 'n sipresboom in haar tuin gehang het.¹¹⁸ Vroue was ook bewus van die kodes en seine wat OB-lede gebruik het om mekaar te waarsku. Op 'n dag kry mev. Wagner kennis dat die polisie haar huis gaan visenteer. Sy het die inkriminerende dokumente in haar besit in 'n tas gepak en in haar motor na die bank toe gery. By die bank het die bestuurder, wat 'n OB-lid was, haar gewaarsku dat speurders in siviele drag haar agtervolg. Op pad huistoe sien sy die polisie agtervolg haar en draai vinnig in 'n agterstraat in. Met trots vertel sy “hy dink toe natuurlik ek wil hom ‘dodge’ en dit is ook wat ek gedoen het.” Sy het spoedig die dokumente afgegee by haar predikant, wat ook 'n OB was, en het die speurder, wat vir haar toe al by die huis gewag het, sonder skroom toegelaat om haar motor en die leë tas te visenteer.¹¹⁹ In min of meer dieselfde oord moes sommige vroue dikwels intelligensiewerk doen, boodskappe oordra en met mense skakel. Mev. F. Botha vertel dat haar aandeel in die oorlog was om te dien as skakel tussen dr. Chris Neethling en vlugteling. Sy het baie maal dokumente in haar besit gehad wat sy moes afgee by een of ander persoon wat voortvlugtig was of spioenasiewerk gedoen het. Ten spyte van baie klopjagte op haar woonstel kon niemand iets inkriminerend teen haar, of by haar, kry nie.¹²⁰ Mej. G. Wolf het opgetree as motorbestuurder vir 'n groep SJ's wat haar vriende was. Sy vertel “ek was maar altyd reg om te ry.” Vanweë die oorlogsmaatreëls was petrol gerantsoeneer. As onderwyseres en lid van die Noodhulpliga van die Unie Verdedigingsmag het sy toegang gehad tot meer petrolkoepons, maar “daardie petrol is natuurlik gewoonlik vir die Ossewa-Brandwag uitgery.” Wolf het dikwels ammunisie vervoer en die SJ's geneem na plekke waar hulle drade geknip en ander

¹¹⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 3; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, p. 3.

¹¹⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 11.

¹¹⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, p. 4.

¹²⁰ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 61, 1979: H.M. Robinson/F. Botha, p. 2, 6, 12-13.

sabotasiedade uitgevoer het. Sy moes by meer as een geleentheid vinnig wegry van die toneel af. Bo en behalwe dit is haar agterplaas ook gebruik om gesteelde motors weg te steek om mee te vlug indien nodig.¹²¹

Oor haar ervaring in die ondergrondse OB vertel mev. Wagner: “Ons het baie pret gehad. Ons het baie dinge gedoen wat ons nie moes doen nie. En ons het baie dinge aangevang wat ons ook eintlik nie moes nie. Dit was vir ons eintlik partykeer regtig baie lekker.”¹²² Mev. Wolf praat uit dieselfde mond: “Dit was natuurlik ’n avontuur om te voel dat jy nou hier is om ’n diens te doen en niemand weet daarvan nie.”¹²³ Ongetwyfeld het nie almal hierdie sentimente van mevv. Wagner en Wolf gedeel nie en was daar ook soms swaarkry verbonde aan vroue se deelname aan die verset.

Mev. D. (Debora) Dommissie, wat noem dat sy ’n kleindogter was van Debora Retief, was getroud met ’n Stormjaer wat baie aktief betrokke was in sabotasiepogings. Ná ’n klopjag op haar huis waarna haar man op die vlug geslaan het, is sy deur die polisie in die Pretoriase gevangenis toegesluit. Sy was vir langer as ’n week in die tronk. Tydens ondervraging gedurende hierdie tyd wou speurders die name weet van Stormjaers wat sy moontlik ken. Sy het volstrek geweier om informasie te gee: “al het ek ook geweet wie daardie mense is, sal ek dit tog nooit aan julle vertel nie.” Nadat haar ouers gedreig het om ’n prokureur te kry sodat daar ’n saak teen haar gemaak kan word, is sy vrygelaat. Sy was egter verplig om uit haar werk by die poskantoor te bedank omdat die polisie vermoed het dat sy ’n spioen was in die telegraafkantoor. Voorts kon sy daarna geen werk kry by enige staats- of semistaatsinstansie nie.¹²⁴ Ook mev. Du Plessis en twee van haar vriendinne is beskou as bedreigings en is deur die polisie “onder die Noodregulasies” gearresteer en toegesluit in die Springsgevangenis. Hulle was elf dae lank in die tronk tot familie ingegryp het.¹²⁵ Daarby het die politieke affiliasie van individue soms gelei tot familietwis en vervreemding van naasbestaandes. Mev. Haasbroek is byvoorbeeld byna uit haar eie familie geskop vanweë haar OB-lidmaatskap.¹²⁶ In die geval van mev. M.J. Erasmus is haar ganse gesin byna deur die verset teen die oorlog uitgewis. Albei haar seuns is doodgeskiet terwyl hulle op vlug was. Mnr. H. Erasmus is deur ’n speurder geskiet op die 27ste November 1941 en kort ná sy dood is sy broer, mnr. D.

¹²¹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 90-91, 1985: H.M. Robinson/G. Wolf, pp. 7-8, 11, 16.

¹²² OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, p. 6.

¹²³ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 90-91, 1985: H.M. Robinson/G. Wolf, p. 7

¹²⁴ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 90-91, 1985: H.M. Robinson/G. Wolf, pp. 1-5.

¹²⁵ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 201, 1978: H.M. Robinson/W.S. du Plessis, pp. 3-6.

¹²⁶ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 208, 1980: R. Groeneveldt /J. Haasbroek, p. 1.

Erasmus, op die 14de Desember 1941 geskiet. Die dag na haar tweede seun se begrafnis, word Mev. Erasmus se man gearresteer en die polisie belet enigiemand om by haar te loseer. Sy en haar man het 'n losieshuis besit wat tot 125 mense kon huisves, maar ná haar man se arrestasie het mev. Erasmus met 'n leë huis sonder inkomste gesit. Sy vertel haar man “het heeltemal ingegee na Hendrik se dood” en dat sy, nadat haar man geïnterneer is by Koffiefontein, “nie meer omgee [het] of ek lewe en of ek dood is nie.” Alhoewel sy geen bitterheid teenoor die OB koester nie, het die oorlog ontsettend baie van haar weggeneem: “Ek het met niks uitgekom nie, niks.”¹²⁷

Vroue van alle persoonlikhede het hulle bydrae gelewer in die OB se verzet teen die oorlogspoging: van diegene wat erken het “[e]k was maar altyd 'n vreeslike bang mens” tot vroue soos mev. Wagner wat stip vasgekyk het in 'n rewolwer se loop en gesê het “Ou grootman, ek skrik nie vir 'n rewolwer nie, waarom maak jy so geraas?” en haar gryse moeder wat met “'n groot lang lepel” in die hand vir dieselfde polisieman gesê het: “Jou Satanskind, vir wie dreig jy met 'n rewolwer? Ek het in die Boere-oorlog baie Kakies oor hulle kop geslaan. Maak dat jy uitkom!”¹²⁸ Verzet beteken ook nie noodwendig drastiese optrede soos die plant van bomme of sabotasiedade nie. Anna Neethling-Pohl beskou byvoorbeeld vroue se herberg en hulp aan vlugteling as 'n direkte vorm van verzet teen die oorlogspoging:

Jy weet self van die maniere wat ons gehad het om mense ondergronds te hou. Maar daar was geen kwessie dat ons besig was om iemand anders se land se probleme te probeer oplos nie. Ons was hier besig om nog op te tree teen ons vyand wat ons van watter eeu af vervolg, van die Kaapse dae af net waar ons trek en land skoonmaak, agterna gekom het om hulle pale in te slaan en te sê dit is hulle grond en dit te annekseer! Ons was net besig om op te tree teen daardie basiese, eerste aartsvyand... [O]ns het hiër probeer om dinge voor te berei vir die groot dag wat eendag sou kom – al sou ons nie meer lewe nie – die bevrydingsdag en die bevrydingsuur.¹²⁹

Vroue betrokke by die Ossewa-Brandwag was duidelik diep bewus van die dualistiese aard van die beweging. Die feit dat die OB so sterk verdeel is langs die lyne van gender, het vroue nie gekeer om op verskeie maniere deel te neem aan die organisasie se verzet teen die Smuts-

¹²⁷ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs. 209-210, 1985, H.M. Robinson/M.J. Erasmus, pp. 13-22, 25, 37.

¹²⁸ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 201, 1978: H.M. Robinson/W.S. du Plessis, p. 3; OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 153, 1979, L.M. Fourie/J. Wagner, pp. 6, 11.

¹²⁹ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnr. 75, 1979: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl, p. 15.

regering nie. In die proses was vroue aktief besig om hulle identiteit te konstrueer en boweal die dinamiese, meestal teenstrydige, betekenis van die *volksmoeder* in te span ten einde vir hulleself meer agentskap toe te eien. Wat beteken vroue se deelname aan die Tweede Republiek teen die agtergrond van gender as kategorie van historiese analise?

5.5 Volksmoeders met vryheidsin: OB-vroue se verzet teen die agtergrond van gender

Oorlog is ontwrigtend op alle vlakke van die samelewing – die sosiale ingesluit. Gedurende oorlog word die reëls dikwels gebreek. Sommige reëls word versterk om orde te handhaaf, maar daar word ook nuwe reëls geskep om by die omstandighede aan te pas. Dieselfde geld vir gender. Alhoewel die Tweede Wêreldoorlog nie op Suid-Afrikaanse bodem afgespeel het nie, het Suid-Afrika se deelname daaraan ook groot ontwrigting vir die land gebring. Hierdie ontwrigting het dit vir vroue moontlik gemaak om op te tree as agente wat die metaforiese moontlikhede van hulle identiteitskonstruksies geëksploiteer het, naamlik deur daad te pleeg wat onaanvaarbaar sou wees binne die konteks van die vooroorlogse genderorde. Daar is genoem dat die verdeling van arbeid op grond van gender een van die belangrikste fundamente in die handhaaf van 'n genderorde is – ook in die OB. Dieselfde verdeling geld vir oorlog en lei gewoonlik tot 'n versterking van die “tradisionele” tot die meer “reaksionêre” sy van die *volksmoeder*. Die woorde van M. Cooke en A. Woollacot werp lig op hierdie proses: “After biological reproduction, war is perhaps the arena where the division of labour along gender lines has been the most obvious, and thus where sexual difference has seemed the most absolute and natural.”¹³⁰ Aan die ander kant veroorsaak oorlog dikwels die tipe omstandighede wat die meer “radikale” aspekte van die *volksmoeder* na vore laat tree – aspekte wat hulle deel met mans. Moederskap is 'n aspek van die *volksmoeder* wat slegs deur vroue toegeëien kon word, maar die Afrikaner se vryheidsin is iets wat deur beide mans en vroue se identiteitskonstruksies gedeel is. So kon die uitleef van hulle vryheidsin vroue in staat stel om inbreuk te maak op die sfere wat tradisioneel beskou word as manlik gedomineerde gebiede. In hierdie sin word die verdeling van arbeid langs die lyne van gender so 'n bietjie verskans.

Daar is alreeds verwys na L. Vincent se beskouing van die *volksmoeder* as 'n tweesnydende swaard: “While it offered them (vroue) a platform from which to express their own

¹³⁰ M. Cooke & A. Woollacot (eds.), *Gendering war talk*, p. ix.

interpretation of their identity as women, it also had the potential to act as means of control over them.”¹³¹ Waar Vincent gekyk het na vroue se gebruik van die *volksmoeder* vir die eien van meer politieke mag, word daar hier gelet op die manifestasie van die volksmoeder-konstruksie in OB-vroue se versetoptrede deur te let op die simboliese betekenis wat die *volksmoeder* aan vroue se identiteit en agentskap heg. Hierdie betekenis volg die patroon van die tweesnydende swaard wat Vincent aangedui het, naamlik dat die diskoers van die *volksmoeder* vroue in staat gestel het om deel te neem aan verskillende soorte verset, maar dat dit nie die genderorde verander het nie. Die *volksmoeder* het hoofsaaklik gemanifesteer in die vorm van vroue se sin vir onafhanklikheid wat direk gekoppel is aan verset teen Brittanje.

In ’n herinneringsopstel oor die rol van die vrou in die oorlog, genaamd “Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood”, skryf D.W. Kruger dat “fierheid, taaiheid, geduld te midde van lyding en ontbering, liefde vir die vryheid” die “beste eienskappe van die Afrikanervrou” genoem kan word. Hy skryf verder dat “die bereidwilligheid om alles op te offer vir die vryheidsideaal” tot openbaring kom in die geskiedenis van die stryd teen die Afrikaner se “tradisionele vyand”, naamlik die Brit.¹³² Kruger prys dus die vrou vir een spesifieke eienskap, naamlik haar sin vir onafhanklikheid en vryheid sowel as die eienskappe wat daarmee gepaard gaan. Vroue se verset is in die OB direk gekoppel aan die *volksmoeder*-diskoers. Soos genoem, kan vroue se verset teen die oorlog direk gekoppel word aan die Afrikaner se verset teen Brittanje: “Die Ossewa-Brandwag se wortels was diep ingebed in die geskiedenis van die Afrikaners se stryd om die bande met Brittanje te breek, om onderhorigheid aan ’n vreemde moondheid af te sweer, om – soos in die republikeinse era – oor sy eie lotgevalle te kan beslis.”¹³³ Gender speel egter ’n belangrike rol in elkeen van die vorms wat vroulike verset aangeneem het.

So was die Vroue-optog van 1940 ’n demonstrasie gelaai met die *volksmoeder*beeld. Net soos wat die destydse Voortrekkervroue in 1842 ingetree het vir hulle mans by monde van Susanna Smit, so het die Afrikanervrou eenhonderd jaar later gevoel dat sy geregtig is om protes aan te teken.¹³⁴ Daar waar die genderorde van die meeste mans broodwinners gemaak het, het die Noodregulasies, saam met die rooilus, mans geplaas onder “die dreigement van

¹³¹ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 14.

¹³² D.W. Kruger, “Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood”, in H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad*, p. 391.

¹³³ P.F. van der Schyff e.a., *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag*, p. 2.

¹³⁴ Reëlinskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

ontslag, verplasing, of gedurige herinnering aan viktimisasie...” So het baie mans voor die keuse te staan gekom: “Teken die eed om in die vreemde te gaan veg of skep die toestand waaronder jou vrou en kinders moet ly as gevolg van verlies van werk.” Vanweë die genderorde moes mans baie dikwels ter wille van ekonomiese oorlewing teen hulle gewete ’n keuse maak. Mev. H.E.C. Armstrong skryf dat “oral het die vrou begin voel dat sy die aangewese een is om haar saak duidelik te stel nl. dat sy protesteer teen die dwangmetodes wat die onwilliges in die oorlog intrek en die uitgesproke begeerte dat ons die oorlog onmiddellik moet beëindig op eerbare wyse met al die lande waarteen die Regering die stryd voer.”¹³⁵ In hierdie trant wou vroue praat daar waar hulle mans nie self hulle stemme kon laat hoor nie. Die vrou, met haar titel as “moeder van die volk”, kon dus met reg in die Afrikaanse samelewing intree vir die mans in die openbaar. So skrywe L. Vincent: “It (die *volksmoeder*) operated as a mechanism by means of which the traditional role of women in the family could be extended to include a public role.”¹³⁶

Die Vroue-optog is ’n uitstekende voorbeeld van vroue se gebruik van hulle volksmoederskap in ’n openbare gebaar. So is daar openlik deur die pers en reëlingskomitee verwys na die hooffigure van die optog as “waardige ou *volksmoeders*” en óf vroue wat diep spore getrap het in die Afrikanersamelewing, óf weduwees van gesiene mans is gekies as verteenwoordigers.¹³⁷ Voorts het vroue Voortrekkerdrag beskou as ’n standpunt van verzet soos blyk uit die skare vroue se dra daarvan. Soos blyk uit berigte in die pers herinner die Voortrekkerdrag aan die simboliese betekenis geheg aan die protes van Susanna Smit en die kwaliteite van die *volksmoeder* is daardeur verteenwoordig: “Baie vroue was in Voortrekkerdrag wat hulle vryheidstradisies gesimboliseer het” en ook “Die vrou sal met haar bedde in stille eenvoud gaan, gekleed in die drag wat altyd herinner aan die vrome, nederige voorouers.”¹³⁸

Vroue se verzet was nie altyd so teatraal soos dié van die Vroue-optog, die Katdorings of die persdekking van Elsabè Nel nie. Hulle agentskap in die Tweede Rebellie het ook subtiele vorme aangeneem. So het vroue in hulle kapasiteit as huishoudsters bygedra tot die verleentheid van die regering deur kos te verskaf aan die gevangenes en die versorging van

¹³⁵ Reëlingskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

¹³⁶ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 14.

¹³⁷ *Die Transvaler*, 31.02.1941; Reëlingskomitee van die Vroue-optog, *Die Vroue-optog 22 Junie, 1940*, s.p.

¹³⁸ *Pretoria News*, 24.06.1940 (vertaal); *Die Transvaler*, 18.06.1940.

geïnterneerdes. Die samehorige identifisering met 'n saak het ook Afrikanernasionalisme sterk aangevuur. Dit is dikwels gemerk by wyse van gebare en optrede in die “private sfeer” waar vroue se invloed in die verset te bespeur is en waar hulle omgegaan het met die konstruksie van hulle eie identiteit as Afrikanervroue.

Vroue was nie, soos E. Brink voorgestel het, “man-made” konstruksies van 'n manlik gedomineerde diskoers nie, maar deurdat hulle optrede in interaksie met die *volksmoeder* beskou is, was vroue indirek in staat om inhoud te gee aan hulle eie identiteit. In die woorde van Vincent: “through their interaction with the *volksmoeder*-ideology women... were able to reshape its content to some extent.”¹³⁹ In die Ossewa-Brandwag is dit veral vroue se ondergrondse verset wat die inhoud van die *volksmoeder* meer inklusief gemaak het. Geen vroue kon 'n amptelike lid word van die Stormjaer beweging nie en wel op grond van gender, maar tog het hulle, nes die Stormjaers, onwettig opgetree in hulle verset teen die oorlog. In hierdie sin het vroue anders opgetree as die stereotipiese beeld van die lydende moeder. Dit kan beskryf word as “doing difference.” Hieroor skryf West en Fenstermaker:

Individuals “do difference” when they acknowledge (knowingly or unknowingly) how their categorization renders them socially accountable to acting in a particular way in a situation. However, when individuals recalibrate “doing difference” to produce alternative ways to conceptualize interaction patterns, it amounts to social change.¹⁴⁰

Vroue se verset kan wel beskou word as “doing difference”, maar hulle optrede kon nie noodwendig lei tot 'n verandering van die genderorde (“social change”) nie. Die rede hiervoor is dat die *volksmoeder* (as norm van die genderorde) in essensie vroue beperk deur 'n deterministiese verstaan van geslagtelike verskil. In die woorde van Vincent: “the embracing of the *volksmoeder*-ideology represented the ideological incorporation of women into a male-dominated nationalism and a socially, morally, economically and politically subordinate place in society.”¹⁴¹ Voorts het vroue in die Ossewa-Brandwag geen begeerte gehad om die genderorde te verander nie.¹⁴² Vroue was tevrede met hulle posisie en outonomie in die OB. Dit beteken egter nie dat hulle geen speelveld gehad het nie. Hulle verset teen die oorlogspoging was baie nou verbonde aan die vryheidsin wat gekoppel word aan tydgenote

¹³⁹ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 14.

¹⁴⁰ Sien C. West & S. Fenstermaker, “Doing difference”, *Gender and Society*, vol. 9, no. 1, 1995, pp. 8-37.

¹⁴¹ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 15.

¹⁴² OBA: A.C.M. Mosterd, “Die vrou in die Ossewabrandwag” in *OB Jaarboek, 1948*, p. 13.

se verstaan van die *volksmoeder*. Hierdie kenmerk het vir vroue die geleentheid gegee om hulle stemme ook dik te maak in die openbaar, maar aan die ander kant kon vroue ook ondergronds en agter toe deure hulleself verset teen die regering “without transgressing traditional conceptions of the proper sphere of women’s activity”¹⁴³, aangesien die nasionalistiese aard van die *volksmoeder* vroue se verset geregverdig het. Vroue het bloot net verskillend opgetree in vergelyking met ander kenmerke van die *volksmoeder* soos genoodsaak deur die omstandighede. OB-vroue het dus geen genderreël gebreek deur hulleself te verset nie. Daar kan wel reëls gebreek word wat deur die noodsaaklikhede van oorlog geregverdig word, maar dit lei nie tot ’n fundamentele verandering van die genderorde nie. Dit skep wel meer geleenthede vir vroue om die metaforiese moontlikhede van hulle identiteitskonstruksies te ontdek en uit te leef. Die metaforiese moontlikhede inherent in die *volksmoeder* is natuurlik voorsien deur die sterk simboliek wat deur die teruggryp na sekere historiese mites daaraan geheg is.

Om te verstaan dat die *volksmoeder* ’n konstruksie is wat nou verbonde is aan die Afrikaner se stryd teen Brittanje, is ’n baie wyer historiese perspektief van gender nodig. In die woorde van Helen Bradford: “A longer historical perspective is badly needed to explain what contemporaries saw...”¹⁴⁴ Om hierdie rede is daar in hoofstuk 2 ’n in-diepte agtergrondsbespreking gegee van Afrikanervroue se sin vir onafhanklikheid. Die wortel van vroue se verset moet gesien word teen die agtergrond van Afrikanernasionalisme, aangesien die *volksmoeder* self ’n skepping van nasionalisme is. Tydgenote in die OB het ’n baie nasionalistiese uitkyk op die verlede gehad wat ruim plek gelaat het vir OB-vroue om deel te neem aan die Tweede Rebellie. Die OB se geskiedbeskouing werp lig hierop. Binne die geledere van die Ossewa-Brandwag is die geskiedenis van die Afrikaner in eie idioom hervertolk. Volgens hierdie geskiedbeskouing is die verset teen Brittanje geregverdig. P.J.J. Prinsloo skrywe dat

Die hervertolking was ’n emosionele beroep op die rustelose Afrikaner om sy geskiedenis as opeenvolgende heroïese daade van opstand teen die Britse oorheersing te sien. Slagtersnek en die Groot Trek is as daade van rebellie beskou. Hierin is die OB as die direkte opvolger van genl. De Wet se rebelliemag ten tye van die Eerste Wêreldoorlog gesien. Die grootste

¹⁴³ L. Vincent, “A cake of soap”, p. 14.

¹⁴⁴ H. Bradford, “Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African War” in G. Cuthbertson, A.M. Grundlingh & M.L. Suttie (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, p. 47.

held uit die rebellie-geskiedenis was Jopie Fourie, omdat sy heroïese gedrag die wetteloosheid van sy daade geregverdig het.¹⁴⁵

Binne hierdie konteks is dit te verstane dat juis die *volksmoeder*-kwaliteite van vroue wat deelgeneem het aan hierdie verset uitgelig word. OB-vroue se deelname aan die Tweede Rebellie vorm deel van 'n historiese kontinuïteit. Hulle verset teen Brittanje is 'n voortsetting van die heroïese daade van opstand teen Britse oorheersing deurdat vroue in dieselfde gees “die stryd voer” as deur hulle moeders gedurende “versetgebeure” soos Slagtersnek en die Groot Trek. Hierdie kontinuïteit blyk veral duidelik uit D.W. Kruger se beskrywing van “Die Afrikanervrou in Tye van Nasionale Nood.” Waar Kruger die Afrikanervrou in die begin van hierdie hoofstuk geprys het omdat sy haar mans, seuns en broers tydens die Anglo-Boere Oorlog uitgestuur het om te veg vir vryheid, het hy OB-vroue weer geprys omdat hulle hulle mans verhoed het om deel te neem aan die Tweede Wêreldoorlog:

Waar die stryd aangevang is met die doel om die volksvyand te help beskerm, was u net so vasberade om u mans en seuns weg te hou van die oorlogstoneel, want u het geweet dit gaan nie om die vryheid nie, maar om die welsyn van die vyand wat verantwoordelik was vir die kerkhowe “waar die kindertjies slaap.” Daarom was die weg wat u in die verlede bewandel het, nog steeds reguit en oopgetrap sodat dié wat ná u kom, dit kan sien en volg.¹⁴⁶

Ten spyte van die simboliese betekenis wat vroue skilder as heldin van Afrikanernasionalisme, was OB-vroue se verset persoonlik gemotiveerd en gegrond in hulle eie agentskap. Hulle het na die beste van hulle vermoë aangepas by die omstandighede veroorsaak deur die oorlog en OB-vroue veral was bereid om die prys van nasionalisme te betaal. Dit is nie verbasend dat die volgende woorde van 'n vrou, pas nadat sy gehoor het haar man is gearresteer vir hoogverraad, 'n soort slagspreuk in die OB geword het nie: “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”¹⁴⁷

Vroue se sin vir onafhanklikheid het sterk na vore getree in die Ossewa-Brandwag. Die OB het aan vroue 'n platform verskaf wat gebruik kon word om ook hulle eie ontevredenheid met die oorlogsbesluit uit te spreek – in woorde en in daade. Hierin het die vryheidsin van die

¹⁴⁵ P.J.J. Prinsloo, “Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag”, p. 370.

¹⁴⁶ D.W. Kruger, “Die Afrikanervrou in tye van nasionale nood”, p. 395.

¹⁴⁷ OBA: Cronje, G.-versameling, B/L 1/12, omslag 1: Die OB-Noodhulpfonds.

volksmoeder sterk gefigureer. Die OB sou egter baie eienskappe van die *volksmoeder* binne sy geledere aanmoedig. So is dit ook belangrik om te let op die *konstruksie* van die vrou in die OB deur 'n evaluasie van OB-ideologie en die skep van die “amptelike” beeld en taak van die vrou op grond van ideologiese en beleidsoorwegings deur OB-leierskap.

HOOFSUK 6

“Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil”¹: Die aard van gender-ideologie in amptelike OB-beleid en die betekenis daarvan vir die plek en rol van vroue

In 1942 het die leierskap van die OB besluit om die beweging te reorganiseer. Die redes hiervoor was om die enorme groei in getalle van die OB te akkommodeer en om die ideologiese doelstellings van die organisasie na te streef ten einde ’n “allesomvattende *volksbeweging*” daar te stel.² Die doel was om sentralisering en segmentering te bevorder. In 1943 is die OB amptelik opgedeel in die reeds genoemde ses gebiede. Reorganisasie sou ook sy merk maak op die Vroue-afdeling. Die Vroue-adjunkraad, bestaande uit die hoof vroue-offisiere van die ses gebiede, sou steeds sitting hê op die Grootraad. Om sentralisering te bevorder, is daar weggedoen met die provinsiale Vroue-adjunkrade en vir elke gebied is daar ’n hoofvrou benoem met die rang van generale. Alhoewel vroue se aktiwiteite nie deur die reorganisasie verander is nie, het die totstandkoming van nuwe afdelings die plek en taak van die vrou ten nouste geraak. Pogings om alle maatskaplike werk van die OB te koördineer, het gelei tot die stigting van die afdeling *Sosiale Volksorg*.³ Daar is bepaal dat “daar bestaan noue verband tussen die Volksorgafdeling en die Vrouevertakking”. Die beleid rondom Sosiale Volksorg was gelaai met ideologiese oorwegings en gee ’n blik op hoe lede van die OB die plek van die vrou in die samelewing beskou het. Die aard van volksorg is beskryf as iets wat

beslis nie die oudtydse liefdadigheid moet wees wat nog steeds deur die volksvreemdes onder die benaming “Charity” vir die verwaarloose Afrikaners opgedis word nie. Dit moet ook nie die teenswoordige maatskaplike werk wees wat in die teken van die kunsmatige klasseverskille van die kapitalistiese samelewing staan nie. Die sosiale volksorg [wat] deur die Ossewa-Brandwag ontwikkel word, moet berus op die grondslag van die organiese volkseenheid en moet bo alles deur sosiale hoederskap gekenmerk wees [sic].

¹ OBA: Cronjé, C.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite. Die leser word herinner dat “gender” verwys na “a constitutive element of social relationships based on perceived differences between the sexes.” Wanneer die woord “gender” gebruik word, word daar verwys na die gesamentlik sosiale verhoudinge en betekenis gebaseer op waargenome verskille tussen die geslagte. Wanneer daar verwys word na “geslagtelike verskil” sluit dit slegs tydgenote se *waarneem en beklemtoon* van die verskille tussen die geslagte in. Die “betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil” verwys na hoe politiek gender konstrueer.

² P.J.J. Prinsloo, “Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag”, p. 333.

³ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 450-462.

Die idee van “organiese volkseenheid” was een van die hoofkenmerke van OB-ideologie. Dit sou die OB se beleid rondom vroue sterk beïnvloed aangesien die gesin volgens hierdie idee ’n uiters belangrike rol speel. Vroue se rol in die nuwe afdeling, Sosiale Volksorg, is in ’n Grootraadsverslag geskets soos volg: “Wat hier beklemtoon moet word, is dat die vrou, naas die gesinsvorming, in die sosiale volksversorging ’n baie groot taak het.”⁴

Tot dusver het hierdie studie sterk gefokus op die agentskap en optrede van vroue in die OB. ’n Ander belangrike komponent in die bepaling van die rol en plek van die Afrikanervrou in die Ossewa-Brandwag, is ook die plek van die vrou in die ideologie van die OB. In hierdie verband is dit nodig om veral aandag te skenk aan die *gesinsbeleid* van die OB waarin die vrou ’n prominente plek beklee, sowel as die beleid van Sosiale Volksorg. Die doel is om by wyse van amptelike OB-beleid oor sake wat die vrou raak, ’n beter blik te kry op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Soos genoem in die bogenoemde verslag van die Grootraad is die vrou se taak in 1944 gebou rondom “gesinsvorming” en “sosiale volksversorging”. Gesinsvorming is nie in die OB aanvaar as proses wat vanselfsprekend plaasvind nie. Gesinne het die kern uitgemaak van die OB se idee van “organiese volkseenheid” en ’n amptelike gesinsbeleid is uitgewerk wat die posisie van die Afrikanervrou in die samelewing duidelik uitstippel. Volgens die organiese volksgedagte is vroue egter nie net beperk tot die huishouding en die versorging van gesinne nie – die kwaliteit van versorging is geabstraheer om ook die *volk* in te sluit. Die *volksmoeder*-konstruksie is gebruik as die regverdiging hiervoor.

Vervolgens word die idee van die vrou as bewaarder en skepper van die gesin bespreek deur evaluasie van die OB se gesinsbeleid teen die agtergrond van die organiese volksgedagte. Die reorganisasie van die OB vanaf 1943 word onder die vergrootglas geplaas en daar word gekyk na die skep van die Vroue Volksorg Vertakking⁵ wat spruit uit die beleidsbesluite wat gedurende 1943/44 gemaak is. Die klem word in hierdie hoofstuk primêr geplaas op die beeld van die vrou soos vasgestel en voorgestel deur die ideologie en beleid van die OB.

⁴ OBA: Grootraad-vers., B/L1/2/12: Notule van vergadering 28-29/09/1944, Verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

⁵ Die amptelike verwysing na die Vroue Volksorg Vertakking verskil in die dokumente. Soms word dit met koppeltekens geskrywe en ander kere weer nie. Ter wille van konsekwensie word dit hier sonder koppeltekens geskryf.

6.1 Die hantering van geslagtelike verskil in die eiesoortige ideologie van die Ossewa-Brandwag

Tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil tree veral na vore in die OB se maatskaplike beskouing waarin die vrou, as skepper van die gesin, pertinent 'n rol speel. P. de Klerk noem dat die OB in sy ekonomiese en maatskaplike beleid sosialisme voorgestaan het en so ook gestrewe het in die rigting van 'n nuwe bedeling waar sosialisme die algemene ekonomiese stelsel sou word. Die sosialisme wat die OB voorgestaan het, het egter verskil van internasionale sosialisme of kommunisme. De Klerk beskryf dit as “volkseie of nasionale sosialisme.”⁶ Die eiesoortige nasionalisme van die OB-leierskap is belangrik om hier in ag te neem. Die sosiale moes hand aan hand loop met die nasionale. So verklaar J.F.J. van Rensburg dat “[d]ie Ossewabrandwag sien die volkspolitieke heil slegs in nasionalisme wat sosiaal is, en in sosialisme wat nasionaal is.”⁷ De Klerk skrywe dat die verband tussen die sosiale en nasionale wat deur die OB getref word, 'n kenmerk is wat die OB by uitstek met die Europese Fascistiese ideologieë deel.⁸ Hierdie nasionale sosialisme is in besonderhede deur die leierskap en intelligentsia van die OB uitgewerk en sou verreikende gevolge hê vir die uiteindelijke hantering van geslagtelike verskil in amptelike OB-beleid. Voordat daar egter gekyk word na die impak van hierdie soort nasionalisme op die vrou en die konstruksie van gender, is 'n goeie begrip van die “organiese eenheidskonsep”, soos voorgehou deur die OB, belangrik.

6.1.1 Die Afrikanerorganisme: Die gedagte aan die organiese eenheid van die volk

In Hoofstuk 3 is 'n kort oorsig van die OB-ideologie gegee deur te verwys na die algemene doel en strewe van die OB. Daar is genoem dat vroue nie betrokke was by beleidsformulering nie, maar dit beteken geensins dat vroue as onderwerp afwesig is in amptelike beleidsdokumente nie. Teen die agtergrond van die OB se nasionale beskouing van die “volk” is die plek van die vrou in die samelewing 'n onderwerp wat baie aandag geniet het. Vroue se ideologies gekonstrueerde plek moet gesien word binne die konteks van die OB se eiesoortige nasionaal-sosialistiese idees van nasionalisme. OB-ideologie is sterk gewortel in kulturele nasionalisme, volksnasionisme en Christelike nasionalisme.

⁶ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 311.

⁷ OBA: J.F.J. van Rensburg, *Die vooraand van ons volkseie sosialisme: Die Ossewa-Brandwag tree die toekoms tegemoet*, p. 22.

⁸ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 311.

Christoph Marx handhaaf dat Afrikanernasionalisme gedurende die dertigerjare geradikaliseer het deurdat kultuur 'n doel op sigself geword het. Nasionaliste soos Malan het nasionale trou en kulturele trou onlosmaaklik aan mekaar verbind. Malan het dit gedoen deur die mistisisme verbonde aan die volkskonsep te verbind met die oortuiging dat elke etniese groep 'n god-gegewe doelwit het. Die radikaliserings het ook gespruit uit reaksie op die vinnig-veranderende samelewing van die 1930s: "...the invention of traditions is closely connected to nationalism. In its reaction to the internal mobilisation of society and to an unprecedented drive towards innovation and mobilisation, nationalism fulfils the same function as invented traditions through cushioning the accelerated change by means of imagined and suggested continuity. Invented traditions need not be the result of sheer imagination, for existing customs can be remodelled and formalised into unchangeable 'traditions' in completely new contexts."⁹ Kulturele nasionalisme kom daarop neer dat die nasionalistiese individu die natuurlike orde van menslike sosiale bestaan verteenwoordig en om hierdie orde te regverdig speel geskiedenis 'n byna godsdienslike rol. T.D. Moodie het in hierdie verband die kulturele nasionalisme van die Afrikaner soos volg beskryf: "God imbues all history with ultimate meaning. God intervenes directly in history. He leads and directs people and nations, and thus their actions, past and present, are deeply imbued with a sense of salvation history."¹⁰

Volksnasionisme het weer sy oorsprong in die idee van 'n groep mense as gemeenskap met 'n gemeenskaplike oorsprong en herkoms. Alhoewel kulturele nasionalisme kultuur en geskiedenis beskou as die hoofbronne van gemeenskaplike identiteit, is kulturele nasionalisme en volksnasionisme soms ononderskeibaar. Marx skrywe dat hierdie twee vorme van nasionalisme in die 1930's só oorvleuel het dat dit uiteindelik saamgewerk het om die idee van die "essensie" van die Afrikanervolk te produseer.¹¹ Die idee dat elke volk 'n essensiële aard het, is in die kringe van Afrikanernasionaliste, wat later deel sou word van die OB, beskryf by wyse van die organisatoriese metafoor. So skrywe H.G. Stoker: "Die organiese eenheid van nasie spruit uit twee betreklik parallelle en samehangende wortels: (a) die vitaal organiese bloedband en (b) die geestelik-organiese kultuurband. Albei druk 'n stempel op die individu af, waardeur die volksgeheel tiepiese eieaard verkry."¹² Hierdie sterk mengsel van volks- en kulturele nasionalisme was nie beperk tot Stoker nie. Christoph Marx haal T.E.

⁹ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 173.

¹⁰ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, pp. 1, 11.

¹¹ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 174.

¹² H.G. Stoker, "Die idee van nasionalisme", *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, vol. 10, 1931, pp. 51-8.

Dönges aan, een van die voorste denkers in beide die Afrikaner Broederbond en die Nasionale Party, wat die waarde van kultuur interpreteer op die grondslag van organiese wêreldbeskouing:

Ons punt van oorsprong is organiese entiteit, die volk, gebind deur bande van grond, bloed en kultuur deur gedeelde verlede. Hierdie entiteit ontwikkel sy eie persoonlikheid en beskik oor eie siel wat strewe daarna om dit uit te leef in verskillende aktiwiteite – sosiaal, godsdienstig, ekonomies en nasionaal – wat alles deel uitmaak van die volkslewe. Hierdie objektiewe manifestasie van die siel van volk noem ons kultuur.¹³

Die organiese beskouing van nasionalisme sou 'n sterk fondament vorm waarop die ideologie van die OB gebou sou word. Daar is egter ook 'n ander element wat OB-ideologie, en gevolglik ook die ideologies gebonde konstruksies van gender, sterk sou beïnvloed, naamlik Christelike nasionalisme.

Christelike nasionalisme is gebou op die voorveronderstelling dat God diversiteit in sy skepping waardeur. Net soos wat daar groot verskeidenheid in die natuur is, so ook is daar 'n groot verskeidenheid volke. Dit is met ander woorde byna lasterlik om die Godgeskape diversiteit van volke te probeer ontken of oorkom. Christelike nasionalisme stel die diversiteit van volkere gelyk aan nasieskap, aangesien God se wil geïnterpreteer word as die begeerte om verskillende mense, bestaande uit verskillende nasies, te skep.¹⁴ As God dan nou die mensdom opdeel in verskillende nasies, dan is 'n goeie nasionalis vanselfsprekend ook 'n goeie Christen, aldus D.N. Kotzé: “Vaderlandsliefde is godsdienst”. Dit beteken ook verwerping van beide kultuur- en rassevermenging, aangesien: “Verskeidenheid is lewe. Maar by alle verskeidenheid moet daar suiwerheid van tipe wees.”¹⁵ Net so kan daar redeneer word dat Christenskap nou behoort tot die kulturele hulpbronne van 'n nasie. Slegs as mense Christelik is, kan hulle nasie genoem word, aangesien God se wil vir hulle bestaan as nasie eers aanvaar en waardeur kan word as 'n groep mense wat behoort tot die Christelike geloof. Implisiet beteken dit dat alle nie-Christelike nasies onder die voogdyskap van Christelike nasies moet behoort.¹⁶ Hierdie Christelike regverdiging vir nasionalisme kom duidelik na vore in die volgende woorde van H.G. Stoker: “Omdat ons Christene is, is ons ook nasionaal.

¹³ T.E. Dönges, Referate en verslag, FAK Kongres, Bloemfontein, 6-7/07/1937, soos aangehaal in C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 13 (vertaal).

¹⁴ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 191.

¹⁵ D.N. Kotzé, “Die Christen en sy vaderland”, *Koers*, vol. 2, no. 6, 1935, pp. 24 & 26.

¹⁶ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 192.

Ons is nasionaal omdat ons dit wat ons eie is liefhet en respekteer. Ons is nasionaal omdat alles wat ons is God se wil is en deur God geskep is [sic].”¹⁷

Vervolgens word daar ’n uiteensetting gegee van die belangrikheid wat die OB geskenk het aan die organiese volksgedagte wat gebou is op kulturele, volks- en Christelike nasionalisme. Daar word hoofsaaklik aandag geskenk aan die bydraes van Afrikanerdenkers tot spesifiek die OB se *organistiese* nasionalisme, aangesien hierdie idee ’n sterk invloed sou uitoefen op tydgenote se verstaan van gender en die latere gesinsbeleid.¹⁸

Die denkklimaat in Europa gedurende die jare voor die Tweede Wêreldoorlog, die bereik van die hoogtepunt van Afrikanernasionalisme, sowel as die sosio-ekonomiese krisis in Afrikanergeledere het gelei tot ’n soort nasionalisme waar daar meer waarde geheg is aan die kollektiwiteit van die nasie as om die individu die hoogste te skat.¹⁹ Hierdie soort organistiese nasionalisme is deur sommige lede van die Afrikaner-intelligentsia omskep tot ’n omvattende beskouing. Laasgenoemde is veral te bespeur in die brosjure van N. Diederichs, wat op sy beurt professor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, voorsitter van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, Reddingsdaadbond, Broederbond en later die staatspresident van Suid-Afrika was. In 1936 het hy sy belangrikste werk oor nasionalisme gepubliseer, naamlik “Nasionalisme as Lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme”. C. Marx verwys na hierdie werkie as “doubtless one of the most ambitious attempts ever to give nationalism a philosophical grounding.”²⁰

Diederichs benader nasionalisme deur die mens (in volksverband) te gebruik as middelpunt. Hy handhaaf dat die mens ’n “dubbele wese” is, bestaande uit “gees en natuur”. Binne hierdie konteks is die mens ook “gebroke wese” aangesien hierdie twee dele in direkte teenstelling met mekaar staan en deurentyd roep om versoening met mekaar: “Hy (die mens) is tweevoudige wese wat in hom verbind natuur en gees wat aan die een kant geplant is in die

¹⁷ *Die Volksblad*, 01.11.1947.

¹⁸ Vir ’n uiteensetting wat nie net na die organistiese gedagte kyk nie, maar ook ’n breër perspektief bied op OB-beleid, sien P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 1, pp. 43-81.

¹⁹ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 44. Verskeie skrywers oor die OB dui daarop dat die Afrikanerdenkers beïnvloed was deur sogenaamde “neo-Fichteaanse nasionalisme”. C. Marx het egter hewige kritiek hierop gelewer (Sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 220-227) en om daardie rede word die term hier vermy. Die Duitse invloed op die denkers van die OB is ’n studie op sigself en daarom fokus ek op die invloed van Afrikanerdenkers se eie idees, soos vervat in hulle eie publikasies, op OB-beleid.

²⁰ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 213.

wisselende fisiese wêreld, beweeg deur die magte en onderworpe aan die wette van die natuur, maar wat aan die ander kant ook verbind is met en deel het aan 'n geestelike wêreld met sy eie wette, norme en beginsels.”²¹ Hierdie voorveronderstelling van Diederichs lei tot die verwerping van materialisme wat die geestelike sy van die mens afskeep en in die plek daarvan neem hy idealisme aan as die basis van nasionalisme:

In hierdie gedagtes is vervat die idealistiese grondtoon van die nasionale lewensbeskouing. Egte nasionalisme kan onmoontlik versoen word met materialistiese of ekonomiese of fatalistiese geskiedenisopvatting of lewensbeskouing. Dit kan as lewensbeskouing slegs leef en groei waar geglo word in die oppergesag van die gees as selfstandige faktor in wêreldgebeure. Neem van die nasionalisme sy idealisme weg, dan is dit geen nasionalisme meer nie.²²

Op grond van hierdie insigte groepeer Diederichs die verskillende werklikheidsvisies wat in die dertigerjare 'n invloed op die politiek uitgeoefen het. Hy verwerp Kommunisme en Liberalisme deur dit te sien as ideologieë wat materialisme as basis gekies het. Beide hierdie ideologieë lei tot 'n beskouing dat die ganse mensdom bestaan uit geïsoleerde individue.²³ In teenstelling met Kommunisme en Liberalisme sien Diederichs nasionalisme as alternatiewe opsie, aangesien nasionalisme gebou is op die idee dat die mens 'n sosiale wese is wat geroepe is om in gemeenskap te lewe: “Die individu of enkelmens as sodanig is 'n abstraksie wat nie bestaan nie. Buite die gemeenskap en die verkeer met ander menslike wesens is die mens geen volwerklike mens nie. As van nature sosiale wese, word en is hy eers mens in die volle sin van die woord binne die menslike gemeenskap”. Diederichs gebruik dan 'n organisatoriese metafoor om sy idee by die leser in te prent: “Net soos die blaar nie buite die tak en die tak nie buite die boom kan bestaan as blaar of as tak nie, net so min kan die mens werklik mens wees sonder die lewende verbinding en verkeer met ander mense.” Voorts is die mens nie net sosiale wese nie, maar ook nasionale wese, aangesien die mens sonder “die opheffende, veredelende en verrykende invloed van hierdie hoogste omvattende eenheid wat ons nasie noem... nooit die volle hoogte van menswees bereik nie.”²⁴ Diederichs sien die nasie as kulturele gemeenskap wat bokant die politieke arena uitstaan. Die nasie is die oorkoepelende, totale gemeenskap waarin die mens sy vervulling vind. Die integrale,

²¹ N. Diederichs, *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*, pp. 14-15.

²² N. Diederichs, *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*, p. 59.

²³ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 214.

²⁴ N. Diederichs, *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*, p. 17.

organistiese en idealistiese karakter van sy nasionalistiese beskouing kom in die volgende aanhaling na vore:

Nasie is totaal-gemeenskap. Hiermee word bedoel: nasie is in sy liefde, in sy verpligtingsgevoel en in sy strewe nie betrokke op bepaalde waardegebiede nie, maar op alle waardegebiede, wanneer ook sy swaartepunt by die geestelike waardes lê. Die nasie dek nie net terrein van die menslike lewe nie, maar deurdring alles. Dit omvat nie net aspek van die individuele bestaan nie, maar omsluit die hele mens. Dit is die volledigste gemeenskap en omdat dit die volledigste gemeenskap is, daarom is die verhouding en gehegtheid van sy lede tot mekaar ook die innigste en diepste. Mens is in die eerste plek lid van sy nasie en eers in die tweede, derde, ens. plek lid van ander gemeenskap soos vereniging, klub, politieke party, ens [sic].²⁵

Diederichs se idee van die nasie as die omvattendste gemeenskap en die individu se onmisbare plek as deel van hierdie gemeenskap sou belangrike invloed op die OB uitoefen. Sy idealisme sou egter nie in totaliteit aanvaar word nie. Die OB sou bloedverwantskap en afstamming sien as dit wat individue tot 'n nasie laat behoort. Diederichs, aan die ander kant, het as gevolg van sy idealisme geglo “[o]m bloedverwantskap of afstamming tot toets van nasieskap te maak, sou beteken om alles wat skoon, hoog en edel in die nasie is, te verrai.”²⁶ Diederichs sou OB-beleid beïnvloed deurdat hy die mens beskou as nasionale wese, as integrale, organiese, deel van mekaar.

Diederichs het nooit enige posisie beklee in die OB nie, maar sy idees sou veral by wyse van sy dissipel en student, P.J. Meyer, in OB-beleid neerslag vind. Meyer het 'n belangrike rol in die OB gespeel. Hy was Voorligtingshoof en het ook gedien op die Grootraad. Hy sou veral baie aandag gee aan die *organiese* idees wat deur Diederichs se nasionalisme voorgehou word. So beskou Meyer ook die nasie (alhoewel hy die woord “volk” verkies) as die omvattendste werklikheid van die mens: “Buite hierdie organiese eenheid kan geen Afrikaner as Afrikaner bestaan nie.”²⁷ Meyer het die OB gesien as beweging wat só 'n tipe eenheid kan bewerkstellig. Die Afrikaanse volksbeweging wat ná 1938 tot stand gekom het, moes “'n strawwe, dissiplinerende organisasie [wees], waarin verantwoordelike volksleiding en aktiewe volksmedewerking as eenheidsgeagsverband omvat word.”²⁸ De Klerk skrywe dat

²⁵ N. Diederichs, *Nasionalisme as Lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*, p. 38.

²⁶ N. Diederichs, *Nasionalisme as Lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme*, p. 31.

²⁷ P.J. Meyer, *Die vooraand van ons vrywording: Die Afrikanerdom één en verdeeld*, p. 19.

²⁸ P.J. Meyer, *Die toekomstige ordening van die volksbeweging in Suid-Afrika*, p. 10.

Meyer se beskouing van die organisasie van die volksbeweging saam met sy siening van die volk se “organiese” verband hang: “Die volk is vir hom selfstandige skeppingskring wat wel met die ander kringe ineengevleg is, maar tog eie onvernietigbare kern het.”²⁹ In sy werkie, *Die Vooraand van ons Vrywording* skrywe Meyer die volk is ’n organiese gemeenskap, “piramidale ordening van volksgebonde enkelinge met aan die spits die leiers wat op natuurlike wyse daardie plek op grond van hul besondere gawes en daadkrag verwerf. Op dieselfde wyse verower al die volkslede binne hierdie natuurlike orde eie en onvervangbare plek op grond van hul besondere talente en arbeid.”³⁰ De Klerk dui aan dat Meyer ook in die volksbeweging self wil sien dat daar só ’n organiese verhouding tussen leiers en volgelinge is.³¹ Meyer beskou die volksbeweging (OB) as “die motor wat die staatsmasjienerie in beweging hou en wat die staat in sy wetgewing en instellings voed vanuit die gehele volkslewe.”³² In hierdie verband lyk dit asof Meyer aan die OB dieselfde plek wil toeken as aan die party in die totalitêre staat.³³ Sy mening dat elke lid van die volk op grond van sy/haar “besondere gawes en daadkrag” ’n besondere plek in die organiese volkseenheid het, sou die posisie van vroue direk raak.

Diederichs se idealisme is deur baie ander Afrikanerdenkers, soos onder andere H.G. Stoker en L.J. du Plessis, verwerp, maar Meyer se weergawe van nasionalisme, beïnvloed deur Diederichs, sou uiteindelik opgeneem word in OB-beleid. P. de Klerk noem dat daar hoofsaaklik twee denkrigtings was wat OB-beleid sou beïnvloed.³⁴ Aan die een kant sou die Calvinisme van Stoker en Du Plessis OB-beleid raak en aan die ander kant sou die idealisme van Diederichs nou aansluit by P.J. Meyer wat sy idees in OB-beleid sou laat geld. Albei hierdie denkstrominge sou in die OB geïntegreer word by wyse van “die organiese eenheid van die volk” wat die geheel groter beskou as die dele, maar waar elke deel sy eie, spesifieke “plek” in die geheel het om te vervul. Nie net die idealistiese denke van Diederichs en Meyer sou die plek van OB-vroue bepaal nie, maar ook die Calvinisme van Stoker sou in die OB se beleid met betrekking tot vroue neerslag vind.³⁵

²⁹ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 77.

³⁰ P.J. Meyer, *Die vooraand van ons vrywording: Die Afrikanerdom één en verdeeld*, p. 19.

³¹ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 78.

³² P.J. Meyer, *Die toekomstige ordening van die volksbeweging in Suid-Afrika*, p. 22.

³³ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 78.

³⁴ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 77.

³⁵ Daar word hier hoofsaaklik gefokus op denkers se idees van “organiese eenheid” wat die OB se beleid rondom vroue sou raak. Vir ’n uiteensetting van L.J. du Plessis se invloed sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 500-503.

In die beginjare van die OB het H.G. Stoker die amp van hoofkommandant in die OB bekleed. Tussen 1942 tot 1943 is hy nege maande lank deur die regering geïnterneer. P. de Klerk skryf sy internering toe aan die feit dat hy beskou is as “belangrike intellektuele leier van die versetbeweging teen die Suid-Afrikaanse oorlogsdeelname.” Stoker het in latere jare ’n adviserende rol in die OB gespeel.³⁶ Sy sleutelwerk, *Die Stryd om die Ordes*, is deur dr. J.F.J. van Rensburg bestempel as leidraad vir die OB op ideologiese gebied.³⁷ In hierdie werk dui hy die verhouding tussen die heersende ideologieë van die tyd, naamlik Liberalisme, Kommunisme, Nasionaal-Sosialisme, Fascisme en Calvinisme aan. P. de Klerk som sy evaluasie van elke stelsel soos volg op:

Stoker toon aan dat in elke stelsel of ideologie bepaalde faset van die werklikheid verabsoluteer word, naamlik in die Liberalisme die “soewereine redelik-sedelike individu”, in die Kommunisme “die werkersklas wat ekonomiese goedere, ekonomies-stoflike welvaart voortbring en onder ekonomiese wette staan”, en in die Nasionaal-Sosialisme die “deur bloed en bodem bepaalde volk”. Daarteenoor stel die Calvinis alleen God as absoluut.³⁸

In teenstelling met Diederichs beskou Stoker nie een menslike verband, soos die staat of volk, as totaalverband waarin ander verbande opgaan nie. Dit is deur sy gebruik van die leer van soewereiniteit in eie kring³⁹ waar sy organiese geheelbeeld begin kop uitsteek. Stoker skryf dat “[d]ie menslike verband (staat, volk, gesin, maatskappy, ens.) is nie kollektiwiteit, blote versameling nie, maar het eie struktuur, eie taak en bestemming, wat dit nie van individue nie, maar van God ontvang het.”⁴⁰ Dit beteken egter nie dat die verbande elkeen op sy eie is nie, die verbande werk saam in “organiese eenheid”. Hy handhaaf:

dat hierdie menslike verbande nie los langsmekaar, nie van mekaar geïsoleerd bestaan nie, maar onderling vervleg is, in elke individu mekaar kruis, op mekaar aangewys is, van mekaar afhanklik is, mekaar aanvul en dat hulle dus onderling behoort te harmonieër, saam te werk en onderlinge, vrye wisselwerking behoort te verseker, sonder dat die een die ander oorheers; sodat elkeen en almal saam aan hul doel beantwoord, wat uiteindelik gelyk staan

³⁶ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 56-57.

³⁷ OBA: *Die OB*, 15.04.1942.

³⁸ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 59.

³⁹ Vir ’n uiteensetting van hierdie Calvinistiese leerstelling, sien R.A. Clouser, *The myth of religious neutrality*, pp. 290-302.

⁴⁰ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 56.

met die eer en verheerliking van God; dat ook hier onderskeid en samehang erken moet word.⁴¹

Stoker sien dus konneksie tussen alle lewensverbande. Wat die samelewingsverband van die volk betref, is dit geen “optelsom van individue nie, maar organiese eenheid”. Stoker gaan in hierdie verband sover as om die volk ’n organisme te noem: “Die volk is organisme... want die mens is nie net individu nie. Hy is ook volksgenoot. Sy volk is organiese eenheid. Bowendien gee God aan elke volk, ook aan ons Afrikanervolk, eieaard, eie taak, eie bestemming en eie roeping, wat ons alleen as volk, in organiese volksverbondenheid kan vervul.”⁴² Stoker het verder gegaan deur te handhaaf dat die aard van die volk bepaal word deur vier beginsels. Hy noem dit die organiese bloedband, die organiese kultuurband, die landsband en die historiese band. Die volksgenoot is ’n organiese deel van die volk en kan slegs lid van ’n ander volk word deur ’n organiese groeiproses waarby hy deur die organiese kultuurband, en hy of later sy kinders ook deur die bloedband, ingelyf word.⁴³

Stoker se gebruik van die woorde “organies” en “organisties” is veelseggend. Aan die een kant lewer hy kritiek teen Diederichs se klem op die nasie, maar aan die ander kant is Stoker se gebruik van die organistiese metafoor, op dieselfde trant as Diederichs, in spanning met die rigiede verstaan van soewereiniteit in eie kring wat hy in *Die Stryd om die Ordes* voorstaan. Stoker is nes Diederichs duidelik beïnvloed deur die organistiese nasionalisme van Duitse denkers, soos die Romantiekdenker J.G. Fichte en die twintigste-eeuse Duitse filosoof, M. Scheler⁴⁴. Die beskrywing van die Afrikanervolk as ’n organisme is nie totaal versoenbaar met soewereiniteit in eie kring nie, aangesien dit die biotiese verband (modaliteit) van die werklikheid bó ander verbande plaas. Hierdie spanning is iets wat regdeur *Die Stryd om die Ordes* te bespeur is⁴⁵ en getuig van Stoker se nasionalisme wat wel gebruik maak van die organistiese metafoor, maar wat getem word deur Calvinisme deurdat die organiese nie, soos in die geval van Diederichs se “nasie”, as die totaalverband van die samelewing beskou word nie. Ten spyte van Stoker se aanspraak op soewereiniteit in eie kring is daar ook ’n ooreenstemming tussen hom en Diederichs deurdat hy individuele volksgenote sien as deel

⁴¹ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 13.

⁴² H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 83.

⁴³ P. de Klerk. “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, p. 60.

⁴⁴ Sien C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 220-227.

⁴⁵ Vergelyk byvoorbeeld H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, pp. 13-15 en p. 83.

van 'n oorkoepelende “Afrikanerorganisme”.⁴⁶ Spesifiek die organistiese idee van die volk, die abstrahering van die “nasie” tot totaalverband, sowel as die leer van soewereiniteit in eie kring sou deurslaggewende invloed op die OB gesinsbeleid uitoefen.⁴⁷

Die idees van beide Stoker en Diederichs sou die OB se beskouing van die organiese eenheid van die volk beïnvloed. Stoker se Calvinisme en Diederichs se “Fichteaanse” (organistiese) idealisme staan ook in baie opsigte in direkte konflik met mekaar. Stoker en Du Plessis het gemeen dat Diederichs die nasie verabsoluteer tot soort goddelikheid (wat deur die Nasionaal-Sosialiste en Fasciste in Europa gedoen is met die staat) terwyl alle samelewingsverbande volgens hulle alleen onderworpe is aan God teen die agtergrond van Calvinisme.⁴⁸ Vir elke sfeer om soewerein te bly, moet dit verantwoording doen aan God alleen. Stoker verwerp ook die idealisme van Diederichs deur die geestelike as aards te sien – as skepping van God en nie goddelik op sigself nie.⁴⁹ In teenstelling met Diederichs sien hy die mens ook nie alleen as sosiale wese nie, aangesien “die mens tegelyk individuele en sosiale wese is, tegelyk individu en bv. volksgenoot, kerklidmaat, staatsburger, gesinslid, ens. [is].”⁵⁰ Tog plaas Stoker 'n sterk klem op die sosiale deur sy gebruik van die idee van “organiese eenheid”. Dit wil voorkom of Stoker die samelewing beskryf as organisme ten einde die idee van soewereiniteit in eie kring op eiesoortige wyse te verduidelik. Stoker se Afrikanerorganisme bestaan uit samelewingsverbande wat soewerein is in eie kring, maar wat ook gelyk tot en interafhanklik van mekaar is. Ten spyte van Stoker se kritiek teen Diederichs se metafisiese voorveronderstellings, het laasgenoemde se idees vir Afrikanernasionaliste 'n praktiese doel gedien en was sy “verabsolutering” van die volksverband veral aantreklik vir die Nasionaal-Sosialistiese tendense in die OB asook vir die politieke stryd van Afrikanernasionaliste.

Die abstraksie van die volksverband tot iets waarin alle ander samelewingsverbande opgaan, en die beskouing van die mens as primêr sosiale wese, sou deurentyd in konflik kom met die

⁴⁶ Om hierdie rede kan die “organiese” byna sinoniem gebruik word met die “organistiese” siende dat die beskouing van die Afrikaner as ‘n organisme (wat organisties van aard is) ‘n oordrywing, oftewel ‘n totaliserings, van die organiese verband van die werklikheid is (volgens die leer van soewereiniteit in eie kring). Omdat die “organiese” gebruik word om te verwys na die oordrywing van die sosiale samelewingsverband, wat veral belangrik is vir die Nasionaal-Sosialistiese neigings in die OB, sou dit nie verkeerd wees om te verwys na “organistiese nasionalisme” nie.

⁴⁷ Sien Afdeling 6.1.3.

⁴⁸ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 160.

⁴⁹ *Die Volksblad*, 25.04.1936.

⁵⁰ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 13.

Calvinistiese beginsel van soewereiniteit in eie kring. Tog sou die middeweg die genoemde interne spanning in die idees van Stoker wees wat aan die een kant die mens as beide sosiaal en individueel sien en wat die volks- of nasieverband gelyk aan alle ander samelewingsverbande stel en tog erken dat die Afrikanervolk funksioneer soos 'n organisme. Hierdie konflik sou ook in OB-beleid kop uitsteek. Vervolgens word daar gelet op hoe die bogenoemde idees neerslag gevind het in die amptelike beleidsdokumente van die OB ten einde die impak daarvan op die OB gesinsbeleid te bepaal.

6.1.2 Die Afrikanerorganisme en die ideaal van 'n nuwe samelewingsorde: Die OB se verstaan van die organiese eenheid van die Afrikanervolk

Die voorafgaande afdeling verskaf die agtergrond vir die organiese idee van die Afrikanervolk wat uiteindelik neerslag sou vind in die nasionalistiese ideologie van die OB. Organiese nasionalisme sou op sy beurt weer tydgenote se idees rondom geslagtelike verskil beïnvloed. Om laasgenoemde invloed te bepaal, is dit egter nodig om te verstaan watter aspekte van OB-ideologie uitvoering gegee het aan die organiese idees van die genoemde Afrikanerdenkers. Dit is ook belangrik om te bepaal watter aspekte van hierdie konsep uiteindelik 'n impak sou hê op die konstruksie van gender. Hoe het die idee van organiese eenheid in die OB self neerslag gevind en in hoe 'n mate konstrueer dit idees rondom geslagtelike verskil?

Die invloed van organiese nasionalisme is oral te bespeur in die OB se amptelike beleidstukke. Die OB het die organistiese verstaan van die volk pertinent duidelik gemaak deur dit op biologiese grondslag te verduidelik waar die geheel (die volk) groter is as die dele (individuele volksgenote): “'n Organiese iets is 'n wese wat lewe en groei, wat 'n saamgestelde geheel is en samestellende dele of lede (organe) het wat deur die geheel beheers word en wat op hulle beurt mekaar aanvul en die geheel dien. Dit is dus 'n soort lewende liggaam.”⁵¹ Gevolglik word die volksverband bó die ander samelewingsverbande geplaas, maar word daar tog ook op teenstrydige wyse gehoor gegee aan die leer van soewereiniteit in eie kring:

[D]ie organiese eenheid van 'n groep soos 'n volk [is] ook 'n geestelike eenheid: dit vorm nie 'n werklike sigbare en tastbare liggaam waarvan die lede nie buite die liggaam kan bestaan nie. Nee, dit is 'n geestelike eenheid, 'n eenheid van saamhorigheid, waarvan die lede ook in

⁵¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 27.

ander selfstandige eenhede verbind kan wees. Die eenheid van 'n volk beheers dus nie die enkele persone en groepe wat daarin ingesluit is, volledig nie, maar beheers hulle net vir die doeleindes van die bepaalde bestemming van die volkslewe as geheel. En daarnaas behou hulle nog elkeen hulle eie bestemming en hulle selfstandigheid ook in die verwesenliking van daardie bestemming. Andersyds beteken hierdie eenheid tog dat vir die verwesenliking van die volksbestemming al daardie lede en dele saamverbonde is en geroepe is tot saamwerking volgens een plan en onder een leiding, elk volgens eie aard en op sy eie plek.⁵²

Ons sien in hierdie uiteensetting die duidelike teenstrydigheid wat ook in Stoker se organiese nasionalisme te bespeur is. Aan die een kant word die volk nie gesien as 'n totaalverband wat die enkelinge en groepe wat lid daarvan is volledig omvat nie (“die eenheid van 'n volk beheers dus nie die enkele persone en groepe wat daarin ingesluit is, volledig nie...”). Dit is ook natuurlik in lyn met die Calvinistiese idee van soewereiniteit in eie kring (“elkeen [behou] hulle eie bestemming en hulle selfstandigheid ook in die verwesenliking van daardie bestemming”). Aan die ander kant word die leuse “volksbelang voor eiebelang”⁵³ dikwels gebruik en word die prioriteit van die volk bó die van die individu vooropgestel: “die enkeling [kan] nie maar eiewillig doen en laat wat hy wil nie, maar hy moet sy lewe in diens stel ook van sy volk en sy volksgenoot; hiervolgens kan ook enige groep in die volk nie slegs sy eie belang en voordeel nastrewe nie, maar moet elke groep sy eie aandeel bydra tot die welsyn van ander en van die geheel.”⁵⁴ Die teenstrydigheid lê in die invloed van H.G.Stoker se Calvinisme, die Fichteaanse beskouing van N.J. Diederichs en P. Meyer op OB-ideologie, en ook die aantrekkingskrag van Nasionaal-Sosialisme. Nêrens spreek die OB hom verder uit in amptelike stukke oor hierdie probleem nie en word hierdie eiesoortige organiese nasionalisme voorgehou as deel van OB-beleid.⁵⁵

Net soos Diederichs se totalisering van die “nasie” die praktiese doelwitte van Afrikanernasionaliste in die Broederbond gedien het⁵⁶, so ook het die organiese nasionalisme van die OB (ongegag die teenstrydighede) as motivering en regverdiging gedien vir die daarstel van 'n gesagstaat wat aan alle samelewingsverbande – ook dié waarin vroue sou

⁵² OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 28.

⁵³ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 6.

⁵⁴ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, pp. 29-30. Dit is ironies om te sien die OB se organistiese beskouing neig meer in die rigting van die leer van holisme waarvan J.C. Smuts die vader was.

⁵⁵ P. de Klerk, “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ‘n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, p. 97.

⁵⁶ T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom*, p. 161.

funksioneer – ’n gemeenskaplike doel gee. So is die gesagstaat wat die OB in die vooruitsig gestel het ook ’n “organiese gesagstaat” genoem. In *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en Waarheen* word daar onderskei tussen die “suiwere magstaat”, die “liberalistiese wetstaat” en die “organiese gesagstaat”. Die liberalistiese wetstaat word beskou as “na sy wese niks anders as ’n verswakte magstaat nie” aangesien die mag van die staat in wetgewende, regterlike en uitvoerende mag verdeel is. As alternatief word die organiese gesagstaat of volkstaat voorgelê.⁵⁷ P. de Klerk wys daarop dat hierdie tipe staat beskou is as die staatsvorm van die toekoms wat deur die volksbeweging daargestel word, optree in die belang van die volk en ook die volk se vertroue geniet.⁵⁸ Die organiese gesagstaat is beskou as ’n deel van ’n nuwe wêreldbeweging waarvan die OB in Suid-Afrika die uitdrukking wou wees ten einde hierdie samelewingsideaal te bereik:

Die nuwe wêreldbeweging wat op ’n algehele omwenteling in alle lande uitloop, het ook in Suid-Afrika met die Ossewatrek ontstaan en die behoefte aan, ja, die noodsaaklikheid van ’n omvattende volksorganisasie, wat meer as ’n party sou wees, is geopenbaar in die aanvaarding van die Ossewa-Brandwag deur die volk as die organisasie wat die leiding van die omwenteling in ons volksgees moet gee en moet uitloop op die nuwe, organiese solidarisme. Hierdie ontwikkeling het die Ossewa-Brandwag tot ’n algemene volksbeweging gemaak.⁵⁹

Dit alles kom neer op die OB se ideologie wat eskatologies van aard is. Dit beteken dat die OB sy ideologie wou inspan vir die bereik van ’n nuwe samelewingsideaal wat wentel rondom ’n Afrikaanse gesagstaat wat alle samelewingsverbande wou inspan in diens van die volk. Die gesagstaat sou vir elke individu wat deel uitmaak van die geheel ’n doel gee wat ooreenstem met die organiese eenheid van die volk:

So alleen sal ons nasionale lewe eindelijk weer word, soos God dit bedoel het om te wees, ’n saamlewing volgens vaste plan op ’n vaste doel af, waarin elke lid en deel sy heil daarin sal vind dat hy volgens eie aard sy eie bestemming verwesenlik, maar ook sy bepaalde deel bydra tot die welsyn van al die ander en van die geheel. Dit is wat die Ossewa-Brandwag bedoel met die begrip van die Organiese Afrikanerdom...⁶⁰

⁵⁷ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 52.

⁵⁸ P. de Klerk, “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ’n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, p. 111. Dit is belangrik om in ag te neem dat die OB ’n gesagstaat *nie* gesien het as ’n totalitêre staat nie.

⁵⁹ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 121.

⁶⁰ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 30.

Die vrou is natuurlik ook een van die individuele dele waaraan daar 'n spesifieke plek, met 'n spesifieke doel, toegeskryf is as deel van die Afrikanerorganisme. Daar is aan haar 'n bepaalde doel en plek gegee wat gerig was op die OB se samelewingsideaal. Hierdie doel wentel hoofsaaklik rondom haar plek in die gesin wat gesien is as “die grondslag van die volk.”⁶¹ Deur haar plek in die gesin sou sy haar eie doel soewerein en in haar eie kring nakom, maar ook by wyse van die gesin die geheel dien in lyn met die organisatoriese “volkskonsep” van die OB. Om vas te stel hoe die eiesoortige ideologie van die OB, gegrond op organisatoriese nasionalisme, tydgenote se konstruksie van gender beïnvloed het, is dit belangrik om te let op die amptelike beleid wat *direk* uit die organisatoriese verstaan van die volk voortgevloei het, naamlik die Ossewa-Brandwag se gesinsbeleid.

6.1.3 Die kern van die Afrikanerorganisme: Die Ossewa-Brandwag se amptelike gesinsbeleid

Die sosialisme wat die OB op die grondslag van nasionalisme nagestreef het, kom duidelik na vore in die beweging se maatskaplike beleid waarvan die gesinsbeleid 'n uitvloeisel is. Sedert sy stigting het die OB die maatskaplike en ekonomiese opheffing van die Afrikaner as doelstelling gehad.⁶² In Oktober 1942 het die OB sy amptelike gesinsbeleid gepubliseer in 'n publikasie genaamd “Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk”.⁶³ Teen 1943 is die vernaamste beleidsbeginsels van die OB uitgewerk en het dit die gesinsbeleid ingesluit⁶⁴ en in 1949 is die gesinsbeleid opnuut gepubliseer in 'n reeks artikels in *Die OB*.⁶⁵ In die OB se maatskaplike en volksbeskouing staan die gesin sentraal en word die rol van die Afrikanervrou as deel van die Afrikanerorganisme duidelik omskryf.

Om 'n nuwe samelewingsorde daar te stel, gebou op sosiale en nasionale beginsels, het die OB homself gesien as die “herskepper van die organisatoriese Afrikanerdom”.⁶⁶ Die herskepping van die samelewing en die inlei van 'n nuwe samelewingsorde moes iewers begin en die OB

⁶¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 26.

⁶² A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek*, pp. 11-13.

⁶³ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1942).

⁶⁴ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag; OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

⁶⁵ OBA: *Die OB*, 9.02.1949; 16.02.1949; 16.03.1949; 23.03.1949; 30.03.1949; 13.04.1949.

⁶⁶ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 24.

het die gesin gesien as die beginpunt: “Daarom beklemtoon die volksbeweging dat vir die volksherskepping allereers die huisgesin herskep moet word sodat dit selfstandig kan wees, ’n menswaardige welstandpeil kan bereik en handhaaf en die organiese volksgeheel in stoflike en geestelike opsig kan bewaar.”⁶⁷ Die klem op die gesin as punt van oorsprong vir die hervorming van die samelewing stem ooreen met die organiese nasionalisme van die OB. Hiervolgens is die belangrikheid van die gesin dwarsdeur OB-beleid sterk benadruk. So is daar bepaal dat “[d]ie eenheid en hoeksteen van die Volk is die huisgesin.”⁶⁸ In *Die OB*-koerant is verklaar: “[v]ir die Ossewabrandwag as ’n uitgroeiing van die volksgedagte is die gesinslewe in die volk van besondere belang omdat die gesinslewe die vernaamste grondslag vorm van die volksbestaan.”⁶⁹ In die amptelike beleidsdokument wat goedgekeur is deur die Grootraad word ’n gesin beskryf as “in ’n sekere sin die volk in die klein.”⁷⁰ Vir die beweging se klem op die gesin het die OB in die geskiedenis van die Afrikaner ’n regverdiging gekry:

Nie die enkeling nie, maar die Afrikaanse gesin was die baanbreker van ons land. Die Afrikaanse gesin het die land bewoonbaar gemaak, en dit was die Afrikaanse gesin wat aan die grense gewoon en die kafferoorloë gevoer het. Die Afrikaanse gesin het die stryd van Slagtersnek gevoer. Dit was die Afrikaanse gesin wat getrek en die Republieke in die Noorde gestig het. Die Afrikaanse gesin het die Tweede Vryheidsoorlog gevoer en dit is die Afrikaanse gesin wat vandag veg vir die vryheid en eenheid van die Afrikanerdom.⁷¹

Die gesin het dus ’n sentrale plek in die ideologie en toekomsvisie van die OB beklee omdat dit gesien is as beide die beginpunt van die Afrikanervolk in die verlede en die beginpunt vir die hervorming van die Afrikanersamelewing in die toekoms. Vervolgens word die belangrikste aspekte van die gesinsbeleid beskryf met die oog op die betekenis daarvan vir tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil.

Die organiese nasionalisme van die OB loop hand aan hand met die gesinsbeleid. Daar is ’n direkte verband tussen die volk en die gesin getrek deurdat die gesin, as “elementêrste lewensvorm” van die volk, al die eienskappe daarvan in die klein dra. Daar is sover gegaan as om te sê “[d]ie Afrikanerdom is een groot gesin”.⁷² Voorts is die gesin ook ’n middel vir die

⁶⁷ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 26.

⁶⁸ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Die sedelike grondslag van die OB-familie.

⁶⁹ OBA: *Die OB*, 12.07.1948.

⁷⁰ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

⁷¹ OBA: *Die OB*, 20.05.1942.

⁷² OBA: *Die OB*, 20.05.1942.

OB om volksbelang b6 eiebelang te plaas. In die eerste plek is daar bepaal dat die OB “die nadruk meer op die gesinne laat val as op die individu”⁷³ en gevolglik kon die beweging handhaaf dat “die belange van die gesinsgeheel swaarder weeg as die belange van die gesinslid, terwyl die belange van die volksgeheel swaarder weeg as die belange van elke besondere gesin.”⁷⁴ Die organiese nasionalisme van laasgenoemde aanhaling word verder benadruk deur die gebruik van biologiese (organistiese) metafore om die gesin te beskryf: “Hoewel in sy wese meer as ’n blote sel, verteenwoordig die huisgesin in die bloedgemeenskap van die organiese volk ’n lewenssel.”⁷⁵ In die brosjure, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, word verklaar dat die gesin al sy funksies in diens van die volk moet beoefen.⁷⁶

Die gesinsbeleid, en die funksies wat vir die gesin uiteengesit is, was ’n reaksie van die OB op die vinnig veranderende Afrikanersamelewing wat aangehelp is deur verstedeliking en die verarming van die Afrikaner. Laasgenoemde faktore het gelei tot ’n gesinskrisis en die “liberalistiese lewensbeskouing”, met sy klem op die individu in plaas van die gemeenskap het bygedra tot “die ontbinding van die gesin”.⁷⁷ Met dit as rede het die OB aangevoer dat die volk herskep moet word deur ontslae te raak van die “huidige dobbelgebou” waarin die Afrikaner vasgevang was en dat dit vervang moes word met “’n gemeenskaplike volksgebou op die Nasionale en sosiale fundamente van die Christelike lewensbeskouing.” Om dit te bewerkstellig moes daar dus, volgens die plek van die gesin as kern van die Afrikanerorganisme, allereers begin word met die nuutskepping van die gesin: “Om te begin moet ons die gesinslewe van die volk op ’n heeltemal nuwe grondslag plaas en hervorm.”⁷⁸ So het die OB dit in die vooruitsig gestel dat die gesin s6 herskep moet word dat dit selfstandig is en ’n menswaardige welvaartspeil kan bereik en handhaaf. Die verband tussen die volk en die gesin se selfstandigheid is getref in die amptelike beleid deurdat die volgende as beginsel gestel is: “Die selfstandige gesin as kern van die selfstandige volk.”⁷⁹

Om hierdie selfstandigheid te bewerkstellig, moes die staat ’n baie belangrike rol speel. Hierdie rol het ingesluit die verskaffing van huweliksvoorskotte wat jong getroude paartjies

⁷³ OBA: *Die OB*, 21.06.1948.

⁷⁴ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

⁷⁵ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 25.

⁷⁶ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, p. 5.

⁷⁷ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 26.

⁷⁸ OBA: *Die OB*, 21.06.1948.

⁷⁹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Afrikaanse gesinsbeleid.

in staat stel om op die been te kom⁸⁰, rentelose lenings waarvan ’n kwart van die lening by die geboorte van tot vier kinders afgeskryf word⁸¹, die hersiening van inkomstepeile met die oog daarop om “die uiterste lae inkomstepeil en die uiterste hoë inkomstepeil nader aan die menswaardige gemiddelde te bring”. Verskeie ander voorbeelde wat ooreenstem met “die organiese volksbegrip” is deur die OB-leierskap voorgedra, soos die nasionalisering van alle eiendom in diens van die “volkshuishouding”.⁸² Verder het die gesin ook sekere funksies vervul waarin die vrou ’n onmisbare rol gespeel het, soveel so dat die gesinsbeleid niks sou beteken sonder die aktiewe deelname van die Afrikanervrou nie.

In ’n amptelike uiteensetting van sy doel en strewe tref die OB ’n belangrike onderskeid tussen die plek van die man en die plek van die vrou, alhoewel daar erken is dat elkeen in die volksbeweging saamwerk soos ’n “skakel in ’n ketting”. So is daar verklaar dat die Ossewa-Brandwag wil:

... deur intensiewe organisasie, gebaseer op die kommando-stelsel, elke man en vrou soos ’n skakel in ’n ketting ’n plek gee vir die doeltreffende uitvoering van sy taak van inskerping en handhawing van ’n hoë standaard van eer en plig teenoor ons land, volk en ons kerk, met insluiting van die openbare as die persoonlike en gesinslewe [sic].⁸³

Die onderskeid tussen die “openbare” en die “persoonlike en gesinslewe” is veelseggend. Volgens hierdie onderskeid sou daar aan elke man en vrou “’n plek” gegee word. In die gesin het elke lid, manne sowel as vroue, ’n besondere taak: “Die taak van die man is geleë in die behartiging van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou in die gesinshouding en die volksversorging geleë is – sy is die spil waarom die gesinsvorming, die gesinsopvoeding en volksorg, draai.”⁸⁴ In ’n kort uiteensetting van die gesinsbeleid se vernaamste beginsels word die volgende stelling as kern gebruik wanneer daar verwys word na die vrou se plek in die samelewing: “Die hoogste taak van die vrou: huishouding, gesinsvorming en opvoeding.”⁸⁵ Volgens die OB se gesinsbeleid het die “liberalistiese en egoïstiese lewensbeskouing”, gewortel in kapitalisme, die vrou van haar

⁸⁰ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, p. 18.

⁸¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 26.

⁸² Sien OBA: *Die OB* 16.02.1949; 16.03.1949.

⁸³ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: *Die Ossewa-Brandwag: Doel en strewe*.

⁸⁴ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, p. 20.

⁸⁵ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: *Afrikaanse gesinsbeleid*.

ereposisie onttroon en van moederskap 'n las gemaak.⁸⁶ Teen die agtergrond hiervan is daar in die vernaamste beleidsbeginsels van die OB bepaal dat die doel van die gesinsbeleid ook die “eerherstel van die vrou as gesins- en volksmoeder” is.⁸⁷

Benewens haar “ereplek” in die gesin is daar bepaal dat die vrou ook 'n bykomende taak het in die gemeenskap, naamlik dié van volksorg.⁸⁸ Dit het vroue se rol in die samelewing laat aansluit by die sosialisme van die OB (die “organiese volksbegrip”), wat verwoord is in die uitlating “ almal vir elkeen en elkeen vir almal” wat die fondament gevorm het van die begrip “volksorg”. Die vrou se taak behels nie net die versorging van haar eie gesin nie, maar omdat die gesin 'n maatskaplike funksie het, moes die vrou ook uitreik na ander gesinne wat in nood is. Die OB-vrou moet besef “dat as die een gesin swak is of vir die volk verlore gaan, die volk as geheel daaronder ly.”⁸⁹ Volksorg is gesien as die vrou se aandeel in die “breë volkslewe”, maar daar is duidelik uitgestippel dat dit as 'n bykomstige taak naas moederskap beskou moet word sodat “haar hoogste roeping daardeur [nie] in die wiele gery word nie.”⁹⁰ Sodra 'n vrou in die huwelik tree, moet sy dus aan die beroepsarbeid vaarwel sê. Die man se inkomste moet voldoende wees vir die versorging van die gesin en die OB-gesinsbeleid handhaaf dat die staat hiervoor voorsiening moet maak: “Soveel kan gedoen word as die staat sy roeping sien in die volk as organisme en nie net in die beskerming van geldbelange nie. As die volk berus op die gesin moet die staat die gesinslewe aanmoedig en beskerm.”⁹¹ Om dus die verdeling van arbeid tussen die geslagte te handhaaf, moet die staat optree as beskermheer van gesinne en toesien dat die man alleen die broodwinner van die huis is. Die beoefening van beroepsarbeid deur die getroude vrou is beskou as 'n skande, aangesien 'n vrou só haar hoogste roeping afskeep.⁹² Hierdie roeping het nie net die *versorging* van die gesin ingesluit nie, maar ook die belangrikheid van die vrou se vermoë om *kinders te baar* is sterk in die gesinsbeleid beklemtoon.

Die OB het gewys op die noodsaaklikheid van groot gesinne in die Afrikanersamelewing – nog iets waaroor daar “skimpend” en met afkeur gepraat word in die liberalisties-

⁸⁶ OBA: *Die OB*, 02.11.1949.

⁸⁷ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag

⁸⁸ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk*, p. 20.

⁸⁹ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk*, p. 1.

⁹⁰ OBA: *Die OB*, 13.04.1949. Die OB se konsep van “volksorg” word in besonderhede beskryf in afdeling 6.2.

⁹¹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 26.

⁹² OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

kapitalistiese lewensbeskouing.⁹³ In teenstelling met die OB se interpretasie van die liberalisties-kapitalistiese ideologie, het die OB-gesinsbeleid 'n direkte verband getrek tussen nasionalisme en die skep en vorming van 'n groot gesin. Teen die agtergrond van die gesin se plek in die organiese eenheid van die volk is daar sover gegaan as om te sê “die volksliefhebber beskou dit sy plig om die vader van 'n familie te wees” en dat “elke vader en moeder van die volk wat gesond is beoog 'n familie van ten minste drie kinders...”⁹⁴ Laasgenoemde getal is veelseggend, aangesien elke gesin so sal bydra tot die groei van die Afrikanerbevolking. Die gesinsbeleid handhaaf dat dit veral onder die boonste laag van die bevolking is dat die geboortesifery daal en die gevolg hiervan is 'n verswakking in die gehalte van die Afrikanerbevolking “biologies sowel as ekonomies-maatskaplik”.⁹⁵ Die OB-gesinsbeleid het dit duidelik uitgestippel dat die biologiese funksie van die gesin neerkom op “stelselmatige voortplanting in diens van die gesonde biologiese voortbestaan en groei van die volk”.⁹⁶

Die OB se klem op die bevolkingsaanwas van die Afrikaners was nou verbonde aan die vrees dat die blankes in Suid-Afrika numeries in die minderheid sal bly, aangesien “die nie-blankes in Suid-Afrika sterker voortplant as die blankes” en hierteenoor is “die voortplantingsifery onder die blankes in Suid-Afrika... sterk aan die daal.”⁹⁷ Die Ossewa-Brandwag het dan ook nie sy hoop op immigrasie of die moontlikheid van 'n daling in nie-blanke getalle geplaas nie. Nee, vir die aanwas van die blanke bevolking word die volk se hoop gevestig op niks anders nie as “die wieg van die Afrikanervrou”⁹⁸ Die OB het gesinsvorming gesien in die lig van die Goddelike Kultuuropdrag in Gen. 2:28: “Deur die huisgesin moet die mens die eerste deel van sy taak, naamlik om die mensegeslag te bou om daardeur die aarde te bewoon en te bewerk, ten uitvoer bring. Die huisgesin skenk dus die lewe aan elke nuwe geslag in die volkslewe.”⁹⁹ In gesinne waar egpare kinderloos is, beteken dit nie die vrou mag nou toetree tot beroepsarbeid nie. Hierdie egpare moet aangemoedig word om kinders aan te neem. Verder moet die staat ook die vorming van groot gesinne aanmoedig deur voordele soos gratis kraamverpleging, mediese dienste aan kinders, kindertoelaes, belastingvoordele vir groot gesinne en selfs die oorweging van 'n ekonomiese beleid waar die koste van

⁹³ OBA: *Die OB*, 02.11.1949.

⁹⁴ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Die sedelike grondslag van die OB-familie.

⁹⁵ Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk*, pp. 16-17.

⁹⁶ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

⁹⁷ OBA: *Die OB*, 23.03.1949.

⁹⁸ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2/12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, bylae D.

⁹⁹ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p.25.

lewensonderhoud verlaag word.¹⁰⁰ Die natuurlike aanwas van die volk moet ten alle tye deur die staat beskerm word.¹⁰¹ Die bevolkingsaanwas van die blankes in Suid-Afrika is egter nie al wat beskou is as afhanklik van die wieg van die Afrikanervrou nie.

In lyn met Stoker se idee dat die volk bestaan uit die organiese bloedband, die organiese kultuurband, die landsband en die historiese band is daar in die OB-gesinsbeleid verklaar dat “[g]esin, bloed en vaderlandse bodem” naas die Afrikaner se godsdienst en vryheidsliefde die “grootste en heiligste volkersefenis” is.¹⁰² Langs hierdie weë is bloedsuiwerheid beskou as die Afrikaner se “veiligste anker vir die bepaling van ’n volk se verhouding tot ander volksgroepe” en het die KG van die Ossewa-Brandwag sover gegaan as om te sê “Ons Afrikanerskap is ’n sedelike verpligting wat ons deur Gods Wil opgedra is en wat deur die bloed in ons are tot ’n lotsbestemming geword het wat ons nie kan ontkom nie. Alles kan ons verander, ons klere, ons beroep, ons burgerskap, ons partytrou, maar nie ons bloed nie, want ons bloed is onself.” Die OB het daarop gewys dat bloedsuiwerheid vir die Afrikaner “een van die allerbelangrikste kwessies is”, dat dit ’n bron van eer en ’n hoogste roeping is, en dat bloedvermenging met nie-blankes “’n gruwel en ’n skande” is.¹⁰³

Die huisgesin was dus die ideale bewaarder van die suiwerheid van die volk se bloed wat kon verseker dat gemengde bloed nie in die volk opgeneem word nie, maar dat die “bloedmengers tesame met die bloedmengsel uitgewerp word.”¹⁰⁴ Die huisgesin kon egter nie slaag in sy roeping sonder die vrou nie. In hierdie verband is daar verklaar dat die vrou “meer as iemand anders in staat [is] om die bloedband van haar volk te versterk.”¹⁰⁵ Die simboliese betekenis geheg aan reinheid het aan die vrou die taak gegee om ook haar volk se bloed rein te hou. Dié simboliese betekenis is te bespeur in die uitlating dat “die volksliefhebber bewaar as heilig die reinheid van sy moeder, vrou, suster en is hoflik teenoor enige dame”¹⁰⁶ en met die Afrikanervrou se wieg as kern van die gesin kon die Afrikaner alleen langs die weë van ’n volk, wat bestaan uit gesonde huisgesinne met rein moeders, die bloed van die volk suiwer

¹⁰⁰ OBA: *Die OB*, 23.03.1949; 30.03.1949.

¹⁰¹ OBA: *Die OB*, 19.11.1941. Sien ook P. de Klerk, “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van ’n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, p. 119.

¹⁰² Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, p. 23.

¹⁰³ OBA: *Die OB*, 25.11.1942.

¹⁰⁴ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?* pp. 25-26.

¹⁰⁵ OBA: *Die OB*, 25.11.1942.

¹⁰⁶ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Die sedelike grondslag van die OB-familie.

hou.¹⁰⁷ Volgens die idee van organiese nasionalisme was die volk dan ook nie net verbind op grond van bloed nie, maar ook deur die geestelike erfenis van die Afrikanerkultuur. Aan die vrou is die taak opgedra om haar kinders te laat deel in hierdie erfenis deur haar rol as opvoeder in die gesin. Die OB se riglyne vir die opvoeding van seuns en dogters “op grond van daardie (geslagtelike) verskille”¹⁰⁸ werp lig op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil. Die besondere plek van die vrou as gesinsopvoeder word in die volgende afdeling bespreek.

Die gesinsbeleid van die OB het nie los gestaan van die algemene beleid van die beweging nie. Dit is gesien as “volksbeleid” en nodig vir die uitvoer van die OB se republikeinse taak en die daarstel van ’n nuwe samelewingsorde. Daar is genoem dat die OB die gesin beskou as die beginpunt van die hervorming van die samelewing. Die vernaamste kernpunte van die gesin se pligte werp lig op dié besondere aspek van die OB se toekomsideaal en is soos volg:

- (a) Die stigting van ’n selfstandige en vrye Christelike republikeinse volkstaat wat nie op die enkeling nie, maar op die Afrikaanse gesinslewe gebou is, die struktuur van die gesinslewe aanneem en die belange van die volk as geheel behartig en bevorder.
- (b) Die beskerming van die erkende Christelike Kerke as gevestig in ’n Protestants-Christelike volk en die aanvaarding van hul selfstandigheid in so ver daardeur nie die aanvaarde gesinspligte ondermyn word nie.
- (c) Die bevordering van die Afrikaanse taal, kuns en kultuur as volksgemeenskaplike besit soos gedra deur die gesin.
- (d) Die daarstelling van ’n volksopvoedingstelsel wat aansluit by die gesinsopvoeding en waardeur elke volkslid in die geleentheid gestel word om sy besondere gawes tot hul hoogste ontplooiing in diens van die volksgeheel te stel en te ontwikkel.
- (e) Die beskerming van die maatskaplike eiewaardigheid, eer en plek van elke volkslid binne die volksgeheel in ooreenstemming met die natuurlike lewensordening van die gesin.
- (f) Die aanwending en beheer van al die ekonomiese hulpbronne en kragte van die volk deur die aanmoediging van privaat-onderneming binne die volksverband sowel as deur staatsoptrede, indien nodig, ter versekering van die ekonomiese selfstandigheid van die Afrikaanse gesin.
- (g) Die versorging en ontwikkeling van die vaderlandse bodem as tuiste van die Afrikanerdom.

¹⁰⁷

Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ‘n lewenskragtige volk*, p. 23.

¹⁰⁸

OBA: *Die OB*, 13.04.1949.

- (h) Die bstryding van alle magte wat die Afrikaanse gesinslewe verbrokkel, verkneg en verswak [sic].¹⁰⁹

Die verbintenis van die gesin met die volk, soos duidelik hierbo te bespeur is, sou verreikende gevolge inhou vir die Afrikanervrou. Hierdie verbintenis het veral vrugbare grond gebied vir 'n sterk manifestasie van die *volksmoeder*-beeld. 'n Interpretasie van die bogenoemde drie afdelings is beslis nodig. In die volgende afdelings van hierdie hoofstuk word die organiese eenheid van die volk, die gesinsbeleid sowel as die koppeling van die gesin met die volk verken langs die weë van gender en die betekenis daarvan vir beide die OB se verstaan van die verskille tussen die geslagte en die konstruksie van die Afrikanervrou se identiteit as *volksmoeder* van die volksbeweging op grond van haar “taak as vrou”.

6.1.4 Die essensie van die vrou en die essensie van die man: Die betekenis van die OB se organiese nasionalisme en die amptelike gesinsbeleid vir die plek en rol van die Afrikanervrou in die samelewing

Geslagtelike verskil, soos gesien deur die OB, begin vorm aanneem as organiese nasionalisme en die gesinsbeleid saam oorweeg word teen die agtergrond van die twee belangrike aspekte van Scott se definisie van gender.¹¹⁰ Die doel is hier om die konstruksie van die kategorie “vrou” na te spoor as 'n politieke en historiese gebeurtenis deur die ideologie van die OB se konstruksie van vroulike identiteit die objek van analise te maak. In hierdie afdeling word veral aandag geskenk aan die taal van gender in die organiese nasionalisme en gesinsbeleid van die OB. Alhoewel die sosiale betekenis wat die OB aan geslagtelike verskil geheg het alreeds aangeraak is, is dit belangrik om te let op dit wat tydgenote gebruik het as basis vir hulle verstaan van geslagtelike verskil. Eers dan kan daar gekyk word hoe hulle eiesoortige verstaan van laasgenoemde gebruik is as 'n beginsel, praktyk en konstruksie van sosiale organisasie.¹¹¹

Die organiese nasionalisme van die OB het 'n sterk invloed uitgeoefen op die amptelike gesinsbeleid. Albei is gebou op sekere “gegewes” wat deur die OB-leierskap as vanselfsprekend aanvaar is. Die vanselfsprekendheid van die gegewes waarop organiese

¹⁰⁹ OBA: *Die OB*, 17.06.1942.

¹¹⁰ Sien J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 42.

¹¹¹ Sien J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, p. 207.

nasionalisme en die gesinsbeleid gebou is, is beide geregverdig deur die OB se Christelik-Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Daar is reeds verwys na die Christelike nasionalisme van die OB se organiese nasionalisme. Veral Stoker se woorde “Ons is nasionaal omdat alles wat ons is God se wil is en deur God geskep is”, is veelseggend.¹¹² Die oorsprong van die Afrikanervolk word teruggetrek na God toe. Ook die oorsprong van verskillende nasies word beskou as voortspruitend uit God se liefde vir diversiteit en daar word gehandhaaf dat God vir elke nasie ’n spesifieke *doelwit* het en dat elke nasie ’n eie, unieke *aard* het.¹¹³ So verklaar die OB in sy amptelike doel en strewe dat

Die Ossewa-Brandwag erken die bestuur van God in die lotgevalle van volke en nasies en erken die konstitusionele gesag wat deur die volkswil en die roeping van God daargestel word, sowel as die reg van die volk om ontwikkeling en hervormings na te streef in ooreenstemming met die gees van die ingebore vaderlandsliefde en ondubbelsinnige trou aan Suid-Afrika as die enigste vaderland en tuiste van die Afrikanervolk, gegrond op die nasionale sedes en tradisies van die Voortrekkers.¹¹⁴

God is die ontologiese punt van oorsprong vir die Ossewa-Brandwag. By God het alles begin en God het ook ’n wil vir alles. Dit is die roeping van die Afrikaner om te weet wat God se wil is en om daardie wil na te streef. God maak sy wil bekend “... in sy Woord en verder... in Geskiedenis en Natuur.”¹¹⁵ Die volk word beskryf as “in sy diepste wese ’n skepping van God wat in die geskiedenis tot stand kom.”¹¹⁶ So is die Afrikaner dan ’n groep mense wat as bloedverwante met ’n gemeenskaplike afkoms saamlewe, een grondgebied beset as hulle land, saam geskiedenis maak en ’n eie staat selfstandig in die lewe roep en in stand hou.¹¹⁷ Die bou van die Afrikanervolk op dié soort organiese nasionalisme, gegrond op die organiese bloedband, die organiese kultuurband, die landsband, die historiese band en boweal geregverdig as afkomstig van God, kan gesien word in die lig van *primordialisme*. Hierdie konsep word beskryf deur C. Geertz as

One that stems from the 'givens' or, more precisely, as culture is inevitably involved in such matters, the assumed 'givens' of social existence: immediate contiguity and kin connection

¹¹² Die Volksblad, 01.11.1947.

¹¹³ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 192.

¹¹⁴ OBA: Kaaplandse beheerraad-vers., B/L 5(i)/1, omslag 5: Die Ossewa-Brandwag: Doel en strewe.

¹¹⁵ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 41.

¹¹⁶ P. de Klerk, “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag”, p. 298.

¹¹⁷ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 28.

mainly, but beyond them the givenness that stems from being born into a particular religious community, speaking a particular language, or even a dialect of a language, and following particular social practices. These congruities of blood, speech, custom and so on, are seen to have an ineffable, and at times overpowering coerciveness in and of themselves.¹¹⁸

Vir die OB is nasionalisme en die idee van die Afrikanervolk dus nie sosiaal gekonstrueer nie, maar is dit 'n natuurlike gegewe – “natuurlik” lees hier “afkomstig van God”. Geertz skrywe ook dat die bande wat 'n “volk” bymekaar hou en eenheid bewerkstellig, soos uiteengesit in die bogenoemde afdelings, “seem to flow more from a sense of natural – some would say spiritual – affinity than from social interaction.”¹¹⁹ Hierdie geestelike affiniteit is in die geval van die OB afkomstig van God. Stoker skrywe dat “Die Calvinisme besien alle menslike verhoudinge en aangeleenthede uiteindelik vanuit die oogpunt: uit God, deur God en tot God alle dinge.”¹²⁰ Elke volk, net soos elke lewensverband, het vanaf God “'n enigsoortige, 'n eie-aardige, 'n eie wet, 'n eie sin, 'n eie betekenis, 'n eie waarde ontvang..., en dit nie van die mens of van mekaar verkry nie [sic].”¹²¹ Vir die Afrikanervolk word die Christelik-Nasionale lewensbeskouing beskryf as “'n bindende krag [wat] ons volkslewe saam[snoer] tot 'n lewende organiese volksgemeenskap. Die volk is 'n lewende eenheid, dit anker in een en dieselfde bodem, spruit uit een bloed en beweeg tot een bestemming.”¹²² Hierdie eenheid is afkomstig van 'n absolute gegewe, naamlik God, wat dit 'n natuurlike en vanselfsprekende aspek maak van hoe die werklikheid aanmekaargesit is. Die feit dat die essensie en toekoms van die volk afhanklik is van 'n onmiddellike gegewe, toon ooreenstemming met die idee van primordialisme wat lidmaatskap tot die volk afhanklik maak van biologies-primordiale bande.

Waar primordialisme gebou is op verskeie “gegewes” wat die primordiale bande van 'n etniese groep daarstel, is die nasionalisme van die OB gegrond in die konstruksie van God as die oorsprong (gegewe) van alle dinge. Organiese nasionalisme was dus nie totaal primordialisties in die sin van Geertz se verstaan van die konsep nie, omdat die klem eerder op God as gegewe as die primordiale bande as gegewe geval het. Dit is egter wel relevant wanneer die belangrikheid wat die OB geheg het aan “sterk bande van bloed wat ons volk

¹¹⁸ C. Geertz, *The interpretation of cultures*, p. 259.

¹¹⁹ C. Geertz, *The interpretation of cultures*, p. 260.

¹²⁰ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 11.

¹²¹ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 13.

¹²² OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 23.

saambind” en “nasionale goedere, die goedere wat wesenlik en eie is aan die nasionale gemeenskap, goedere wat die beste geken word uit die nasionale verlede, die geskiedenis” in ag geneem word.¹²³ In hierdie verband staan Diederichs se idees in *Nasionalisme as Lewensbeskouing* nader aan primordialisme en het dus op sy beurt beslis ’n invloed op die OB uitgeoefen. Primordialisme toon een belangrike ooreenstemming met die OB se vorm van organiese nasionalisme wat bruikbaar is vir ’n analise van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil, naamlik essensialisme.

Die feit dat primordialisme nie totaal gebruik kan word om die organiese nasionalisme van die OB te beskryf nie, is as gevolg van die reeds genoemde spanning tussen Stoker se Calvinisme en die teenstrydige beskouing van die volk as ’n totaalverband (’n gegewe op sigself, soos verstaan deur primordialisme). Aan die een kant word God beskou as die enigste bron wat die mens “leer oor die verlede, oor die mens, sy aard, sy taak en sy bestemming. Dit (die OB) maak onder meer ook erns met wat die Bybel verklaar oor nasies, hul woonplek en roeping.”¹²⁴ As skepper van die heelal is God dus die gegewe. Aan die ander kant “spruit [die Afrikaner] uit een bloed”, word ’n tydgenoot gebore as ’n Afrikaner en kan hy of sy slegs ’n Afrikaner word as die tydgenoot in die volk in trou. In hierdie verband is die volk, en die bande (die bloedband) van die volk die gegewe. Vanuit hierdie bloedband vloei ander primordiale bande voort, naamlik die Afrikaner se “nasionale goedere... wat ons langs die weg van die geskiedenis kan terugvoer tot ons vroegste voorgeslagte en wat aanpas by ons volkskarakter en behoeftes.”¹²⁵ Bowaal het die volk, as totaalverband, ’n “onvernietigbare kern” en gevolglik kan die primordiale bande van die volk ook beskou word as ’n gegewe, maar in die eiesoortige ideologie van die OB.

Daar is ’n belangrike ooreenstemming tussen die eiesoortige primordialisme van die OB en die Calvinisme wat in die beweging se ideologie te bespeur is. Dit is hierdie ooreenstemming wat die plek en rol van die vrou in die volksbeweging sou bepaal, naamlik essensialisme. Beide primordialisme en Calvinisme plaas die essensie van die mens in iets buite die mens. Die aard van die mens is afhanklik van iets anders as die mens self – dit is afkomstig van God of van die primordiale bande van die volk. Deurdat die mens kyk na God en/of kyk na sy nasionale goedere kan hy of sy aflei wat sy of haar essensie is. J.D. DeLamater en J.S. Hyde

¹²³ OBA: *Die OB*, 25.11.1942.

¹²⁴ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 41

¹²⁵ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 23.

beskryf dit as “a belief that certain phenomena are natural, inevitable, universal and biological... it implies a belief in underlying true forms or essences; a discontinuity between different forms rather than continuous variation, and constancy, that is, the absence of change over time.”¹²⁶ Sentraal tot die idee van organiese nasionalisme in die OB is die gedagte dat die mens nie sy eie aard skep nie, maar dat die essensie van die mens afkomstig is van ’n gegewe. Die “true form or essence” van die volk bestaan in die bande van bloed en nasionale goedere van die Afrikaner en in die openbaring van God “in sy Woord... in Geskiedenis en Natuur.”¹²⁷ As die aard van organiese nasionalisme ’n vorm van essensialisme is, dan beteken dit dat die organiese kern van die volk, naamlik die gesin, ook hierdeur beïnvloed is. Nie net die volk het ’n essensiële aard nie, maar ook die mens, as lede van die Afrikanerorganisme. Dit is hier waar die gesinsbeleid inkom en waar die invloed van die OB se essensialistiese denke op tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil bepaal kan word.

Volgens die Christelike Nasionale lewensbeskouing van die OB is die mens se essensie afkomstig van God. Hierdie essensie bepaal uiteindelik die mens se doel op aarde met God wat deur sy openbaring in sy woord, die natuur en volksgeskiedenis, aan die mens bekend maak waar sy of haar taak lê. Dié soort essensialisme is oral te bespeur in uitlatings deur OB-leiers en in amptelike dokumente. So skrywe Stoker dat God “[het] aan die mens as individuele en sosiale wese ’n roeping gegee... om op aarde te vervul.”¹²⁸ In ’n lesing, getiteld “Ons lewensbeskouing of ideologie”, wat deur die OB-leier, prof. C.H. Rautenbach, voor vroue-offisiere in 1945 te Pretoria gelewer is, noem hy dat die woord “Christelik” in Christelik-Nasionaal dui op “’n reeks oortuigings aangaande God, Sy Wese, weg en werk aangaande die mens, sy oorsprong, geaardheid, lotgevalle en bestemming aangaande die wêreld.” Die mens se essensie word geopenbaar deur God: “Dis ’n deel van ons Christelike geloof. Ons geloof oor *wat die mens is* en *wat sy bestemming is*.” Die mens kan nie kies wat sy of haar roeping is nie – dit word deur God en sy openbaring bepaal: “op grond van die Bybel [kan] geglo word dat die mens nie somaar na willekeur geleentheid moet soek waar en wanneer en hoe hy sy verantwoordelikheid moet toon en dra nie. Die Here het ander op sy weg gestel in verskillende lewenskringe teenoor wie hy verplig en geroep is om

¹²⁶ J.D. DeLamater & J.S. Hyde, “Essentialism vs. social constructionism in the study of human sexuality”, *Journal of sex research*, vol. 35, no. 1, 1998, p. 14.

¹²⁷ OBA: D.J.M. Cronje-vers., B/L 1/5, omslag 4: *Die Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?*, p. 41.

¹²⁸ H.G. Stoker, *Die stryd om die ordes*, p. 13.

verantwoordelik te wees.”¹²⁹ Dat die aard en roeping van die mens gekonstrueer is op die biologiese¹³⁰ verskille tussen man en vrou word bevestig deur die rol van die vrou, soos uiteengesit in die gesinsbeleid, in die lig van die bogenoemde essensialisme te sien. Biologiese verskil speel hier ’n belangrike rol in beide die bepaling van die aard van die mens sowel as die mens se “roeping” op grond van daardie aard in die OB se konstruksie van gender.

Die aard van die mens is in die OB, en spesifiek die OB-gesinsbeleid, bepaal deur betekenis te heg aan die waargenome verskille tussen die geslagte en op grond van biologiese essensialisme is die sosiale konstruksies rondom vroulike identiteit gebou. Biologiese essensialisme, oftewel biologiese determinisme, is die geloof dat tydgenote “is wie hulle is” op grond van hulle genetiese samestelling en biologie. Hieruit vloei voort dat menslike gedrag en voorkeure biologies gedetermineerd en buite menslike beheer is – nie gebaseer op die besluite wat die mens maak of vanweë die omgewing waarin die mens grootword en leef nie. Wie en wat die mens is, is inherent, *apriori* en vooraf bepaal deur faktore buite die mens se beheer – in die geval van die OB deur God, jou bloed/gene wat van jou ’n Afrikaner maak en die biologiese verskil tussen man en vrou. Biologiese essensialisme is ook gebou op ’n gegewe. J.P. de Cecco en J.P. Elia skrywe dat volgens hierdie essensialisme is geslag “a papable *thing* of nature, a biologically given, lodged in the body and concentrated in the genitals, everywhere and at all times the same basic thing.” Die mens word dus reduceer tot óf man óf vrou en op grond van hierdie reduksie word sosiale betekenis geheg aan die biologie. De Cecco en Elia gaan in hierdie verband verder en skrywe dat biologiese determinisme “anchors sexual and gender expression in anatomy” en die belangrikste gevolg hiervan is dat “[a]natomy (along with physiology) becomes destiny.”¹³¹ Jou “roeping” word bepaal deur biologie, deur God se openbaring in die natuur van die mens. Die OB het geslagtelike verskil by uitstek verstaan as deterministies.

In die amptelike gesinsbeleid word daar verklaar: “Volgens hulle *onderskeie aard en aanleg* het man en vrou in die volkslewe ’n onderskeie, maar wedersyds aanvullende taak en

¹²⁹ OBA: B.C. Seymore-vers., B/L 1/1, omslag 4: Lesing: C.H. Rautenbach, “Ons lewensbeskouing of ideologie.” (Outeur se kursief).

¹³⁰ “Biologie” verwys hier na die anatomiese verskille tussen man en vrou.

¹³¹ J.P. de Cecco & J.P. Elia, “A critique and synthesis of biological essentialism and social constructionist views of sexuality and gender” in J.P. de Cecco & J.P. Elia (eds.), *If you seduce a straight person, can you make them gay? Issues in biological essentialism versus social constructionism in gay and lesbian identities*, pp. 2-3.

roeping.”¹³² Dat die “natuurlike”, biologiese, verskille tussen man en vrou die basis was wat hulle optrede moes bepaal, blyk duidelik in ’n amptelike dokument wat deur beide mans en vroue opgestel is oor die taak van die vrou: “Omdat man en vrou *van nature* van mekaar verskil, moet hulle uit die aard van die saak in die volkslewe en gevolglik ook in die volksbeweging elk ’n onderskeie taak hê, net soos dit in die huisgesin die geval is.”¹³³ Die vrou se posisie in die huisgesin as moeder is gebou op haar biologiese vermoë om ’n moeder te wees. ’n Man kan nie ’n moeder wees nie, want hy beskik nie oor die anatomiese karaktereenskappe van ’n vrou nie en gevolglik kan die sosiale betekenis van moederskap nie geheg word aan sy biologiese samestelling nie. Biologie word roeping (“destiny”) wanneer die OB in ’n memorandum verklaar dat “[o]p grond van die natuurlike verskille wat daar tussen man en vrou bestaan, moet die onderskeie taak van man en vrou in die volks- en staatslewe aangewys word.”¹³⁴ So het die vrou ’n “natuurlike (lees ‘essensiële’) belangstelling in die mens as lewende wese” en moet sy hierdie belangstelling uiteleef in haar rol as moeder van die gesin en moeder van die volk.¹³⁵ Hierdie rol is in die gesinsbeleid uiteengesit.

Die vrou se rol in die huisgesin is reeds aangeraak. Die biologiese essensialisme van die bogenoemde bespreking van die gesinsbeleid word nou duidelik. Die vestiging van hoop in die “wieg van die Afrikanervrou” as sleutel tot die blanke bevolkingsaanwas en dat die vrou se respek vir bloedsuiwerheid al is wat die primordiale bande van die volk, die essensialisme van die volk, aanmekeer gebind kan hou, is gebou op die verstaan van geslagtelike verskil as iets wat anatomies en biologies van aard is. In die lig van bogenoemde is die woorde van De Cecco en Elia veral veelseggend: “it is popularly believed that ‘nature’ (lees God) intended sexuality as a biological imperative for reproduction. In this conception, the physical structures of ovaries, uterus and vagina are believed to be the essential elements of female sexuality.”¹³⁶ In amptelike OB-beleid is dit baie duidelik uitgespel dat ’n vrou se plek in die samelewing primêr bepaal word deur die biologiese samestelling van haar “geslag”. Die volgende uittreksel uit OB-beleid gebruik biologiese essensialisme byna by die naam as rede en regverdiging vir die baseer van sosiale organisasie op geslagtelike verskil:

¹³² OBA: *Die OB* 28. 10.1942. (Outeur se kursief).

¹³³ OBA: Cronjé, C.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite. (Outeur se kursief).

¹³⁴ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: Die Ossewa-Brandwag Vroue-Volksorg: Memorandum.

¹³⁵ OBA: *Die OB*, 25.11.1942.

¹³⁶ J.P. de Cecco & J.P. Elia, “A critique and synthesis of biological essentialism”, p. 2.

Vroueaangeleenthede kan nie op presies die selfde manier behandel word as die van die manne nie, omdat die omstandighede van die vrou hemelsbreed verskil van die man[:]... As gevolg van haar geslag. Die primêre doel van haar bestaan is die voortplanting van die volk waaraan sy behoort. Sy moet van jongs af opgelei word om haar bestemming as vrou en moeder as die hoogste roeping te beskou [sic].¹³⁷

Dat die gesinsbeleid doelstellings verteenwoordig wat die omstandighede moes skep wat dit vir vroue moontlik maak om op te tree as baarmoeders van die volk, tree na vore in die punte wat uitbrei op die bogenoemde uiteensetting van die vrou se “bestemming”. Daar word gehandhaaf dat “[i]n die lig hiervan moet die gesinslewe in ons beweging besondere aandag geniet en mag nooit nadelig beïnvloed word nie.” Voorts moes die vrou spesifiek in die private sfeer van haar huis betrokke wees by die OB: “Vir hierdie rede moet die Ossewabrandwag by die vrou in haar huis gebring word en nie die vrou by die Ossewabrandwag nie.” Die vrou se betrokkenheid by die OB kan dan ook nie gesien word as iets wat los staan van biologiese essensialisme nie: “Haar werksaamhede binne die beweging moet altyd so wees dat daar nie afbreuk gedoen word aan haar primêre roeping nie.”¹³⁸

Die belangrikheid van hierdie essensialistiese, en gevolglik ook deterministiese, basis waarop die OB se verstaan van geslagtelike verskil gebou is, is gesetel in die konstruksie van sosiale betekenis op grond van waargenome verskille tussen die geslagte. Een van die belangrike sosiale gevolge van die bou van geslagtelike verskil op biologiese essensialisme is dat die *verdeling van arbeid* op grond van gender plaasvind. In die gesinsbeleid tree dit na vore in die taak van *opvoeding* wat aan die vrou opgedra is.

In die laaste van ’n reeks artikels wat die OB se gesinsbeleid uiteensit, getiteld *Taak van vrou is die van moeder*, word daar gewys op die gevaar van die stedelike gesin “wat al hoe meer geatomiseer word in individue” wat deur “gedifferensieerde arbeid en vryetydsbesteding sodanig individualiseer dat die hegtheid van die gesinsbindinge verswak word”.¹³⁹ Aangesien dit in direkte teenstelling staan met die OB se organiese ideologie, is daar ook klem gelê in die gesinsbeleid op die “oplei” van seuns en dogters vir die gesinslewe. Die taak is aan die vrou opgedra om die “[v]oorbereiding en opvoeding van seuns en dogters as

¹³⁷ Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Argief vir eietydse aangeleenthede (hierna AEA): PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Wenke vir die Vroueafdeling van die Ossewabrandwagbeweging.

¹³⁸ AEA: PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Wenke vir die Vroueafdeling van die Ossewabrandwagbeweging.

¹³⁹ OBA: *Die OB*, 13.04.1949.

toekomstige vaders en moeders” te behartig.¹⁴⁰ Dit wil voorkom of die biologiese essensialisme van die OB-ideologie selfs deur die vrou aan die kind oorgedra moes word. E. Holm skrywe in ’n artikel dat “[d]it is die vrou wat ’n tuiste skep. Sy druk haar stempel af op werksdae en feesdae. As moeder is sy beheerder en bewaarder van oeroue kultuurgoedere. Van haar leer die kind sy taal en sy eerste lied. Van die moeder kry hy sy eerste speelgoed en deur haar oë leer hy die wêreld sien – vorm hy ’n lewensbeskouing.”¹⁴¹ So word die OB se verstaan van geslagtelike verskil by wyse van die vrou, as opvoeder, oorgedra aan die kind:

Hulle (kinders) moet vroeg al begryp dat die twee geslagte baie van mekaar verskil en dat hulle op grond van daardie verskille elk ’n besondere taak en roeping het waarvoor hulle reeds van die jeugdige leeftyd af voorberei moet word. Die seun moet besef dat hy ’n toekomstige vader van ’n gesin is en die dogter moet weet dat sy ’n toekomstige moeder van ’n gesin is.¹⁴²

In die uitvoer van haar roeping as moeder versterk die vrou dus die dominante patriargale genderorde deur self by te dra tot die instandhouding en voortsetting daarvan. In die OB is dit kenmerkend van die genderorde dat die verdeling van arbeid plaasvind op grond van geslag. So moes die vrou, as moeder, toesien dat haar seun opgevoed word vir “beroepsvoorbereiding en –beoefening. Spesiale volksdiens, veral in die vorm van hande-arbeid vir ’n minimum tydperk. Militêre opleiding vir ’n minimum tydperk.” In die geval van jong meisies moet die moeder

dit veral beklemtoon... dat by haar ’n ontwikkelde vrouelikeheid aangekweek moet word. Beroepsvoorbereiding en –beoefening sal ongetwyfeld verantwoordelikeheidsgevoel by haar aankweek, maar met die oog op haar eintlike toekomstige taak moet meer nadruk gelê word op gesinsdiens. Daarmee word bedoel dat elke jong meisie vir ’n minimum tydperk praktiese voorberei moet word vir die behartiging van die taak van die huisvrou en moeder [sic].¹⁴³

Die bogenoemde is in lyn met die organiese gedagte wat agter die gesinsbeleid skuil wat neerkom op die gebruik van die gesin as beginpunt en kern waarna verwys word wanneer die verdeling van arbeid van die ganse volk ter sprake is. Soos blyk uit die bogenoemde aanhaling, is die gesin se arbeid verdeel op grond van gender en vanweë die universalistiese

¹⁴⁰ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Afrikaanse gesinsbeleid.

¹⁴¹ OBA: E. Holm, “Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns” in *OB Jaarboek 1948*, p. 14.

¹⁴² Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou ’n lewenskragtige volk*, p. 21.

¹⁴³ OBA: *Die OB*, 13.04.1949.

aard van organiese nasionalisme sluit dit ook die arbeid van die volk in. In hierdie verband word daar verwys na die gesin as 'n "arbeidsgemeenskap wat vir homself sorg." Die gesin is "die weerspieëling van die volk se arbeidsgemeenskap wat vir homself sorg. Die arbeid van die volk bestaan uit die arbeid van die huisgesinne. 'n Onselfstandige gesin beteken 'n onselfstandige volk."¹⁴⁴ Die gebruik in die OB om te verwys na die partikuliere (gesin) om die universele (volk) te verduidelik het ook duidelike gevolge ingehou vir die manifestasie van die *volksmoeder* in die amptelike beleid van die OB deurdat die vrou se rol as moeder van die huisgesin (partikulier) verbreed is na die moederskap van die volk (universeel). Teen die agtergrond van die bogenoemde uiteensetting van die kern van die OB se verstaan van geslagtelike verskil, naamlik essensialisme en biologiese determinisme, kan 'n paar belangrike gevolgtrekkings gemaak word oor die rol van gender teen die agtergrond van die *volksmoeder* in amptelike OB-beleid.

As daar gevra moet word na die beeld van die vrou in die Ossewa-Brandwag, dan is dit dié van die *volksmoeder*, gebou op organiese nasionalisme wat neerkom op die verstaan van geslagtelike verskil, en die gevolglike konstruksie van gender, op grond van biologiese essensialisme. Dit is egter nie biologiese essensialisme alleen wat 'n invloed op die beeld van die vrou uitoefen nie. Die determinisme in OB-beleid, met ander woorde die anatomiese verskille tussen die geslagte wat gebruik word as norm vir sosiale organisasie (insluitende die verdeling van arbeid) word geregverdig deur die verklaring dat die natuurlike verskille tussen man en vrou, wat gedrag bepaal, afkomstig is van God. Daar is dus 'n soort dubbele determinisme: God en biologie bepaal man en vrou se rol op aarde met biologie wat bestaan uit die organies-primordiale bande van die volk en die betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil op grond van hierdie determinisme.

In kort het die OB se konstruksie van gender wat voortvloei uit amptelike beleid die genoemde twee kante van die *volksmoeder*, waarna verwys is in Hoofstuk 2, versterk. Aan die een kant het biologiese essensialisme die vrou beperk deurdat haar "primêre roeping" dié is van 'n vrou wat by die huis moet bly en voortplant en optree as bewaarder van die volk se bloedsuiwerheid. Die klem is dus hier geplaas op die konvensionele verstaan van moederskap wat in die *volksmoeder*-konstruksie ingebou is. 'n Radikale interpretasie daarvan konstrueer die vrou as baarmoeder van die volk. 'n Vrou is egter nie net biologie nie. Biologie en

¹⁴⁴ OBA: *Die OB*, 20.05.1942.

primordialisme word bloot gebruik as die *punte van oorsprong* vir die sosiale betekenis wat die OB heg aan vrouwees. Die belangrikste van hierdie betekenis, wat die vrouebeweging ook sou beïnvloed, is dat die vrou “van nature” geneig is om meer versorgend op te tree as die man. Een van die betekenis wat aan die “natuurlike” moederskap, en gevolglik volksmoederskap geheg word, is dié van versorging – nie net van die kind nie, maar ook van die volk: “Die gedagte wat die Ossewabrandwag indra is dat die kinders nie net die sorg van die gesin is nie, maar ook van die volk. Dit plaas die moederskap as verhewe roeping midde in die volkslewe en daarom word aan moederskap ’n nog groter waarde geheg.”¹⁴⁵ Hier tree die ander kant van die *volksmoeder* na vore, gebaseer op die OB se biologiese determinisme, naamlik dat die vrou ook die volk moet versorg. Daar is genoem dat die amptelike rol van die vrou in die OB tweërlei van aard is, soos verklaar in ’n Grootraadsvergadering in 1944: “Wat hier beklemtoon moet word, is dat die vrou, naas die gesinsvorming, in die sosiale volksversorging ’n baie groot taak het.”¹⁴⁶ Die “sosiale volksversorging” spruit uit die gedagte dat die vrou, met haar “natuurlike talent” om te versorg, nie net in die private sfeer van die huis nie, maar ook in die openbaar ’n roeping het. Dit bring die ander sy van die volksmoeder na vore, die sy wat aan die vrou toegang gee in die openbare sfeer en selfs die sfere van formele politiek, naamlik maatskaplike werk.

In hierdie afdeling is daar in diepte gekyk na die ideologiese grondslag van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil, met ander woorde hoe politiek gender in die OB gekonstrueer het. Die gevolg van die OB se gender ideologie is dat daar vir die vrou ook naas die gesin, in die openbaar, ’n plek is. In die OB is daarna verwys as “Sosiale Volksorg” en is daar ’n spesiale afdeling daarvoor geskep wat gelei het tot ’n klemverskuiwing in beide die taak en werksaamhede van die vrou in die OB. In die gesinsbeleid is die meer konserwatiewe, beperkende aard van die *volksmoeder* beklemtoon. In volksorg word die meer bevrydende, pertinent politieke, aard van die *volksmoeder* benadruk. Daar moet egter in ag geneem word dat Volksorg nie los staan van die OB gesinsbeleid nie en dat die ideologiese ondertone van laasgenoemde beleid ’n sterk invloed sou uitoefen op die beleid van Sosiale Volksorg. Vervolgens word daar aandag geskenk aan die skep van die OB Vroue Volksorg Vertakking en die implikasies van genderidees rondom Sosiale Volksorg vir die konstruksie van die *beeld* van die vrou in amptelike OB-beleid.

¹⁴⁵ OBA: *Die OB*, 02.11.1949.

¹⁴⁶ OBA: Grootraad-vers., B/L1/2/12: Notule van vergadering 28-29.09.1944, Verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

6.2 Die Ossewa-Brandwag Vroue Volksorg Vertakking: Die Vroue-afdeling ondergaan 'n klemverskuiwing

Daar is genoem dat die afdeling Sosiale Volksorg gestig is met die oog op die koördinering van maatskaplike werk in die OB ná die beweging gereorganiseer het in 1942/43.¹⁴⁷ In 'n omsendbrief wat die implikasies van reorganisasie ook vir die Vroue-afdeling uiteensit, is daar te midde van die administratiewe informasie 'n duidelike klem geplaas op die spesifieke volksorg-taak van die vrou:

Kragtens besluit van die Groot Raad en in ooreenstemming met die Offisiërslaer tot die uitbouing van die Ossewabrandwag tot Volksbeweging, is Afdelings en Vertakkinge gestig en die Unie in Ses Gebiede in plaas van die voormalige vier Provinsies ingedeel... Die ses Gebiedshoofvroue-offisiere... en andere wat om hul besondere kennis aangaande vrouevolksorg met goedkeuring van die Organisasieleier gekoöpteer word, vorm die Vroue-Adjunkraad van die Groot Raad [sic].¹⁴⁸

Vanaf die reorganisasie van die OB is daar byna nooit weer na die taak van die vrou verwys sonder om “volksorg” te noem nie. In 'n voorstel wat handel oor die taak van die vrou ná die reorganisasie van die OB, tree die beklemtoning van “volksorg” ook sterk na vore:

1. Die vrouevertakking van die O.B. het 'n tweeledige taak:
 - (a) om as hulpafdeling van die manne-afdeling te dien; en
 - (b) om 'n georganiseerde beweging vir vrouevolksorg te wees [sic].¹⁴⁹

Die Vroue-vertakking word steeds ondergeskik gestel aan die mannekommando's, maar die maatskaplike rol van die vrou word sterker benadruk. Die VAR sou voorts nie net verantwoordelik wees vir fondsinsamelings en die noodhulpfonds nie, maar sou ook 'n duidelik omskryfde taak hê in die uitvoer van die OB se maatskaplike (sosiale) beleid wat die Gesinsbeleid en Sosiale Volksorg insluit. Dit het aanvanklik neergekom op die koördinering van die praktiese werkprogramme van die Vroue-afdeling met die sosiale beleid van die OB.¹⁵⁰ In 1945 is daar 'n voorstel gemaak dat Volksorg op stewiger voet geplaas moet word deurdat “die hele beweging deursuur moet word van die volksorgidee en die volksorgbeleid

¹⁴⁷ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 461.

¹⁴⁸ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel 5/43, 08.06.1943.

¹⁴⁹ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G. Cronjé.

¹⁵⁰ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Verhouding tussen die afdeling Sosiale Volksorg en die Vrouevertakking van die OB. In Hoofstuk 7 word hierdie “praktiese” uitvoering duidelik uiteengesit.

van die OB.”¹⁵¹ Hierdie voorstel het daartoe gelei dat die Vroue-afdeling voorts bekend sou staan as die Ossewa Brandwag Vroue Volksorg. In ’n verslag aan die Grootraad word daar verklaar: “Die OB-Vroue-Volksorg... is die vroue-vertakking van die OB en is ’n verdere aanpassing van die huidige OB-Vroue-organisasie deur die uitbouing van sy werksaamhede.”¹⁵² Daar is baie duidelik beklemtoon dat “[d]ie O.B.-Vrouevolksorg moet nie iets aparts binne die vroueafdeling van die O.B. wees nie [sic].”¹⁵³ Dit beteken dat die VAR nie net praktiese werkprogramme sou uitwerk wat ooreenstem met OB-beleid nie, maar ook afdelings sou skep vir die uitvoer van “vroue-volksorgtake”. In elke generaalskap van die OB sou daar ’n “vroue-volksorgoffisier” benoem word wat verantwoordelik sou wees vir die implementering van volksorg en die insamel van volksorg-verslae vanuit die verskillende kommandantskappe.¹⁵⁴ Die “volksorgtake” wat ná reorganisasie die prioriteit van die Vroue-afdeling sou wees, het in hoofsaak neergekom op die “praktiese toepassing van die reeds goedgekeurde volksorgbeleid”¹⁵⁵ wat uitgewerk is deur die hoof van Sosiale Volksorg, Geoffrey Cronjé.

Daar is reeds in die begin van hierdie hoofstuk verwys na die aard van volksorg en hoe daarna verwys is in die OB. In ’n beleidstudieprogram wat uitgewerk is vir vroue, word volksorg beskryf as “maatskaplike sorg, gesondheidsorg, arbeidsorg en wat regstreeks daarmee saamhang.” Daar is spesifiek ook besluit om die benaming “volksorg” in plaas van “sosiale sake” te gebruik, aangesien dit meer ooreenstem met die OB se nasionalistiese gedagte van organiese eenheid.¹⁵⁶ In die *Oorsig oor die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag* word volksorg omskryf as die bevordering van gesonde en selfstandige gesinne wat kan dien as “voedingsbodem van ’n gesonde persoonlike, sosiale en volkslewe.” Hierdie idee is uitgebou in die gesinsbeleid. Verder word dit beskryf as ’n middel waartoe opbouende arbeid deur elke “volkslid” bewerk moet word “wat tegelyk vir homself lonend en bevredigend sal wees”. Wanneer daar verwys word na die arbeid van die vrou in hierdie verband, kom die aard van wat bedoel word met volksorg as taak van die vrou duidelik te voorskyn:

¹⁵¹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 12: Sitting van die Grootraad, 1945: Sosiale Volksorg.

¹⁵² OBA: Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Ossewa-Brandwag-Vroue-Volksorg.

¹⁵³ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G. Cronjé. (Bron se eie beklemtoning).

¹⁵⁴ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Vrystaatse Ossewa-Brandwag, Bevel no. 4/34, 05.05.1943.

¹⁵⁵ OBA: Cronje, G.-vers., B/L 2/11, omslag 1: Volksorg: Beleidstudieprogram.

¹⁵⁶ OBA: Cronje, G.-vers., B/L 2/11, omslag 1: Volksorg: Beleidstudieprogram.

[Die] koördinasie en leiding van alle maatskaplike en liefdadigheidswerk en armsorg in die gees van waaragtige volksorg en noodhulpdiens deur die hele volk vir elke volksgesin en volkslid, met volle geleentheid vir die vrou tot selfontwikkeling en selfverwesenliking met die oog op vrugbare vervulling van haar besondere taak in hierdie verband.¹⁵⁷

Die amptelike OB-beleid rakende volksorg is uitgewerk deur G. Cronjé en is voorgelê aan en goedgekeur deur die Grootraad in 1944.¹⁵⁸ OB-vroue sou dan ook self besin oor en aandag skenk aan hulle “besondere taak” in hierdie nuwe gees van volksorg.

’n Uiteers belangrike uniale vrouevergadering, die eerste konstituerende vergadering van die VAR, is in 1943 gehou. Tydens hierdie vergadering is daar spesifiek deur vroue besin oor die taak van die vrou in die OB. ’n Reeks verklarings en besluite is uitgereik wat dan ook die nuwe klem op volksorg vir die vroue-afdeling uitgestippel het.¹⁵⁹ Die besluite wat by hierdie vergadering geneem is, is in omsendbriewe dwarsoor die vrouekommando’s van die OB versprei.¹⁶⁰ Die taak van die vrou, uitgewerk deur die belangrikste OB-vroue (in oorleg met die OB se organisasieleier), is by uitstek gebou op die biologiese determinisme van OB-ideologie. As daar gepraat word van “tydgenote” se verstaan van geslagtelike verskil, sluit dit teen die agtergrond van hierdie verhandeling se epistemologie vanselfsprekend nie vroue uit nie. “Tydgenote” verwys nie na die universele man nie, maar verwys na *almal* wat betrokke was by die OB. Vroue het ook ingekoop op die idee van biologiese determinisme. Die essensialisme wat spruit uit die primordialisme, maar veral die Calvinisme, wat hulle lewens- en wêreldbeskouing gevorm het, was ook vir vroue rigtinggewend in die uitwerk van ’n *amptelike* taak van die vrou in die OB soos blyk uit die volgende verklaring:

TAAK VAN DIE VROU

1. Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil, moet hulle uit die aard van die saak in die volkslewe en gevolglik ook in die volksbeweging elk ’n onderskeie taak hê, net soos dit in die huisgesin die geval is. Op grond van die onderskeie taak word man en vrou dan wedersyds aanvullend in die huisgesin, die volkslewe en die volksbeweging.

¹⁵⁷ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag.

¹⁵⁸ Sien OBA: Grootraad-vers., B/L1/2/12: Notule van vergadering 28-29/09/1944, Verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

¹⁵⁹ Sien afdeling 6.2.2.

¹⁶⁰ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

2. Die taak van die man is by uitstek geleë in die beoefening van die beroepsarbeid, die volkspolitiek en die krygskuns, terwyl die taak van die vrou by uitstek geleë is in die opvoedings- en versorgingsarbeid, allereers in die eie huisgesin en vervolgens in die breëre volkslewe.
3. Die eie taak van die vrou in die volkslewe is minstens net so belangrik en in sy uiteindelijke uitwerking selfs meer belangrik as die van die man. Net soos die vrou langs die weg van die opvoeding en die versorging die siel van die gesin is, net so is sy langs dieselfde weg ook die siel van die volk. In die uitvoering van haar eie taak moet die vrou minstens net soveel erkenning geniet as die man in die uitoefening van sy taak [sic].¹⁶¹

Hierdie gekonstrueerde beeld is nie noodwendig slaafs nagevolg nie. Dit dui egter daarop dat die vrou in amptelike beleid ook deur vroue self konstrueer is as 'n simboliese ideaal.

Leidende OB-vroue was vertrouwd met OB-ideologie. Trouens, vroue is kort-kort onderrig in OB-ideologie deur lesings en toesprake wat gehou is by vrouekampe en laertrekke.¹⁶² Dit is dus nie verbasend dat vroueleiers, soos genle. K. Malan van die Transvaal, die taak van die vrou in Sosiale Volksorg gesien het teen die agtergrond van die OB se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde vir Suid-Afrika nie. In verskeie toesprake het die KG van die OB verklaar dat die “sosiale gedeelte van die nuwe toekomsstaat [sic]” wat deur die OB in die vooruitsig gestel is, deur die vrou behartig sou word.¹⁶³ As reaksie op hierdie taak vanaf haar KG, het genle. Malan tydens 'n vergadering van die Transvaalse VAR aanbeveel dat die vrou in die OB opgevoed moes word om die pligte van Sosiale Volksorg te behartig. Volgens haar moet die vrou se pligte in die OB 'n voorbereiding wees vir die pligte van die toekoms. Sy is van mening dat die vrou “ideologiese en praktiese opvoedkundige leiding” behoort te kry in sake “wat saam gevat kan word onder die hoof van Volksorg”. Ons sien ook in genle. Malan se woorde die bewussyn dat die vrou se taak in die OB ná reorganisasie aan die verander is:

Tot nou toe was haar pligte in die OB hoofsaaklik om fondse in te samel; sy het dus net geleer om funksies te hou en met die het sy 'n bietjie kennis van organisasiewerk opgedoen. Is dit genoeg voorbereiding vir die vrou wat skouer aan skouer met die man moet help om haar volk op te bou en te dien? Omdat dit noodsaaklik is vir die toekoms van ons volk dat die vrou haar regmatige aandeel doen van die volkswerk en nie soos 'n parasiet sit nie, voel

¹⁶¹ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27, Omsendbrief no. C 4/43, 22.07.1943.

¹⁶² Sien OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 8(i)/1, omslag 2: Lesing: C.H. Rautenbach, “Ons lewensbeskouing of ideologie” (‘n Inleidende lesing gehou voor die Vrouewag en ander offisiere te Pretoria op 6 Februarie 1945).

¹⁶³ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

ons dat die vrou in die OB DEUR DIE VROU moet opgevoed word insake rakende Volksorg [sic].¹⁶⁴

Genle. Malan se uitlating dat die OB-vrou “*deur die vrou*” self opgelei moet word oor volksorg dui op die tydgenootlike verstaan van die vrou as “van nature” geneig om bekwaam te wees in sake rakende versorging. Die man kan die vrou nie oplei in volksorg nie – dit moet *deur die vrou* gedoen word. Dit is teen hierdie agtergrond ironies dat die hoof van Sosiale Volksorg juis ’n man was. Dit is ook veelseggend dat genle. Malan noem dat die vrou “nie soos ‘n parasiet’” wil funksioneer in die OB nie. Vlytigheid en hardwerkendheid is twee kenmerke van die *volksmoeder* wat hier ter sprake kom. Andersyds dui dit ook op die vrou wat vertrou het in *haar eie* agentskap en self wil werk vir haar “regmatige” plek in die OB. Vroue was dus duidelik bewus van en betrokke by die genoemde skuif na volksorg.

In kort het die klemverskuiwing vanaf reorganisasie vir vroue beteken dat “die bestaande Vroue-adjunkrade [wat] van die begin af bedoel as beleidsadviserende liggame ook vir sosiale werk, moet met al hulle funksies wat hulle het en tot hiertoe beoefen het, bly voortbestaan, maar sal verder vir uitvoering en propagering van volksorg-werksaamhede ingeskakel word...”¹⁶⁵ In die volgende twee afdelings word daar aandag geskenk aan die doelstellings en taak van die Vroue Volksorg Vertakking wat voortvloei uit die nuwe klem op volksorg. Voor dit onder die vergrootglas kom, word daar eers gelet op die beeld van die vrou as versorger van die volk. Wanneer Christoph Marx in sy navorsing verwys na Geoffrey Cronjé se bemoeienis met die beleid van Sosiale Volksorg noem hy dat “[h]ere too great store was set by ideological considerations.”¹⁶⁶ Hierdie ideologiese oorwegings het onder andere die beeld van die vrou in die OB gekonstrueer nie net as ’n simbool van versorging in die gesin nie, maar ook van die versorging van die breë samelewing, oftewel “die volk”. Dit het belangrike gevolge ingehou vir die uiteindelijke maatskaplike rol van vroue wat ideologies moes inpas by die dominante *volksmoeder*-beeld. Hierdie beeld van die vrou is deur beide mans en vroue in die OB gekonstrueer. Die OB-leier wat die meeste geskryf het oor die rol van die vrou, en die beleid hieroor die meeste beïnvloed het, was G. Cronjé. Vervolgens word daar gekyk na een spesifieke man se beeld van die Afrikanervrou wat in die OB voorgehou is

¹⁶⁴ AEA:; PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Aanbevelings van Transvaalse VAR uitspruitende uit vergadering gehou op 26.11.1942.

¹⁶⁵ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB Vroue-volksorg: Doelstellings en taak.

¹⁶⁶ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 461.

as die “ideaal-tipe” *volksmoeder*. In ’n latere afdeling word vrou se reaksie op hierdie beeld in diepte bestudeer.¹⁶⁷

6.2.1 “Moeder draer van Volk se lewe”¹⁶⁸: Geoffrey Cronjé se beskouing van die rol van die vrou in die Ossewa-Brandwag en haar rol in die volkslewe

In sy tydperk as prominente leier in die OB, het Cronjé die meeste van sy akademiese werke geskryf wat later beskou sou word as “seminaal” in die formulering van rasse-apartheid in Suid-Afrika sowel as nasionale beleid rondom maatskaplike vraagstukke.¹⁶⁹ Buiten die groot hoeveelheid artikels, beleidsdokumente en pamflette wat hy vir die OB geskrywe het, gee hierdie skrywes ook ’n blik op Cronjé se beeld van die Afrikanervrou en die plek wat sy moet volstaan in die samelewing. J.M. Coetzee het veral belangrike insigte gebied op Cronjé se hantering van die vrou teen die agtergrond van die bloedsuiwerheid van die Afrikaner. Sy opmerkings oor Cronjé se publikasie, *’n Tuiste vir die nageslag*, bring sekere voorveronderstellings onderliggend aan Cronjé se denke op die voorgrond.

Coetzee verwys in die eerste plek na die woorde wat Cronjé gebruik het om die boek op te dra aan sy vrou asook die Afrikanervrou in die algemeen. Die boek is opgedra aan “MY VROU en aan alle ander AFRIKANERMOEDERS omdat hulle die Beskermers van die Bloedsuiwerheid van die Boerenasie is [sic].”¹⁷⁰ Coetzee noem dat “*Afrikanermoeder* is... a morphological and lexical metaphor for *Afrikanereie*, the uniqueness of Afrikanerness.”¹⁷¹ Die Afrikanermoeder is dus nie enige moeder nie. Sy is ’n *volksmoeder*.

’n Verdere belangrike aspek van Cronjé se toewysing is die Afrikanervrou as bewaarder van die volk se bloedsuiwerheid. Die vrou hou die bloed van die volk suiwer in soverre sy seksuele gemeenskap het met slegs mans van suiwer Afrikanerbloed: “Pureblooded Afrikaner women give birth to children defined as Afrikaners; if they are biological bastards they are

¹⁶⁷ Sien Hoofstuk 7.1.3 en Hoofstuk 8 se gevolgtrekkings oor die konstruksie, weerstand en rekonstruksie rakende vroulike identiteit.

¹⁶⁸ OBA: *Die OB*, 01.10.1943.

¹⁶⁹ Sien G. Cronjé, *’n Tuiste vir die nageslag* (Johannesburg, Publicité, 1945); G. Cronjé, “Die huisgesin in die Afrikaanse kultuurgemeenskap”, in P. de V. Pienaar & C.M. van der Heever (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, vol. 1 (Kaapstad, Nasionale Pers, 1945), pp. 309-360; G. Cronjé, *Afrika sonder die Asiat: Die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk* (Johannesburg, Publicité, 1946); G. Cronjé, *Voogdyskap en apartheid* (Pretoria, Van Schaik, 1948); G. Cronjé et al., *Regverdige Rasse-Apartheid* (Stellenbosch, Christen-Studenteverenigingsmaatskappy, 1947).

¹⁷⁰ G. Cronjé, *’n Tuiste vir die nageslag*, p. 2.

¹⁷¹ J.M. Coetzee, “The mind of apartheid”, p. 7.

secret bastards, an insidious, weakening force within the nation.” Alhoewel Cronjé sy hoop plaas op die Afrikanervrou, sien hy die vrou se “reinheid” geensins as waarborg vir die bewaar van bloedsuiwerheid nie. Volgens Cronjé kan die Afrikanervrou slegs die bewaarder van rassesiwerheid en bloedsuiwerheid wees in soverre sy *beskerm* word van basters en ander rasse deur haar man en/of pa, met ander woorde die patriarg. In hierdie verband skryf Coetzee dat “as husband the Afrikaner wil confirm the virginity of his bride and protect her chastity during her marriage; and as father he will protect the purity of the race by choosing (or at least approving) the men with whom his daughters will mate.”¹⁷² Buiten die vrou se biologiese funksie as bewaarder van bloedsuiwerheid, gee Cronjé se idee van die “beskerming” van die vrou se reinheid deur ’n ander agent as die vrou self ’n verdere blik op sy voorveronderstellings rondom geslagtelike verskil, naamlik die patriargale stelsel.



Figuur 6(a): Prof. G. Cronjé, hoof van die Noodhulpfonds en die afdeling Sosiale Volksorg¹⁷³

Cronjé sien die patriargale familie as die model-Afrikanergemeenskap in die klein. Hy gebruik dit ook as die model van outoriteit – vandaar die koppeling van die gesin aan organiese nasionalisme – en hy verwys na die Afrikanergesin as ’n “gesagsgemeenskap”. Die patriargale karakter van “die ou boerehuisgesin”, waarop Cronjé sy gesinskonsiep skoei, volg ’n bepaalde gesagsordening. Hy noem dat “[d]ie vader (die patriarg) was die hoogste gesagsdraer, d.w.s. hy het aan die hoof van die gesagsordening gestaan. Die vrou het onder die gesag van haar man geressorteer, maar die moeder het uit die aard van die saak ten

¹⁷² J.M. Coetzee, “The mind of apartheid”, pp. 7-8.

¹⁷³ OBA: OB Fotovers., fotonr. 546: G. Cronjé in 1947.

opsigte van haar kinders ook 'n posisie van geslag bekleer [sic].” Cronjé gaan ook verder en skrywe dat die “ou boeregesin” was 'n lotsgemeenskap wat ook bestaan het uit 'n “hegte sosiaal-organiese eenheid [waar] daar vir die hedendaagse individualisme geen plek [is] nie”.¹⁷⁴ Die onderstaande skets is gekies deur Cronjé in sy bydrae tot die versamelwerk *Die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* om die ideale patriargale boeregesin uit te beeld:



Figuur 6(b): Die patriargale Boerehuysgesin¹⁷⁵

Hierdie skets is gelaai met simboliese betekenis. Vir Cronjé beeld dit die kenmerke uit van die ou Boerehuysgesin, naamlik dat dit 'n gesagsgemeenskap, 'n lotsgemeenskap, 'n arbeidsgemeenskap, 'n godsdienstige gemeenskap sowel as 'n kultuurgemeenskap was.¹⁷⁶

Ons sien duidelik dat Cronjé vasgehou het aan 'n sterk biologiese verstaan van geslagtelike verskil, die patriargale stelsel as leidraad vir gesagsordening en die organiese eenheid van die gesin as model vir die organiese eenheid van die volk. In die OB was Cronjé die leier wat die sterkste invloed uitgeoefen het op die maatskaplike beleid van die organisasie sowel as die “amptelike” beeld van die vrou. In 'n reeks amptelike dokumente en artikels in *Die OB* het hy

¹⁷⁴ G. Cronjé, *Mens tot medemens: 'n Algemene inleiding tot die maatskaplike sorg*, p. 26.

¹⁷⁵ G. Cronjé, “Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling”, in P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, 2de uitgawe, p. 104 (Skets deur Egersdörfer).

¹⁷⁶ Sien G. Cronjé, “Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling”, pp. 103-105.

sy beeld van die Afrikanervrou uiteengesit wat in baie gevalle woordeliks ooreenstem met veral die gesinsbeleid. Trouens, daar kan sover gegaan word om te sê dat die onderstaande idees van Cronjé in só 'n mate ooreenstemming toon met die Gesins- en Volksorgbeleid, dat die “amptelike” konstruksie van vroulike identiteit in die OB in hoofsaak die breinkind van Geoffrey Cronjé is. Die eerste tekens hiervan is te bespeur in Cronjé se weergawe van die taak van die vrou in die OB. Dit wil voorkom of die “tweeledige” indeling van haar taak van hom afkomstig is:

Op grond van haar natuurlike aanleg behoort die opvoeding van die vrou veral daarop gemik te wees dat egte vroulikheid by haar aangekweek en ontwikkel sal word en wel veral langs die weg van die beoefening van die versorging (veral in die sin van opvoeding), allereers van die eie gesinslewe en verder ook van die volksgenote wat in die een of ander sin of in die een of ander opsig hulp nodig het. Dit is by uitstek die tweeledige taak van die vrou.¹⁷⁷

Cronjé het sy idee van “egte vroulikheid” in die OB gekonstrueer in sy kapasiteit as hoof van Sosiale Volksorg tot amptelike beeld van die OB-vrou as *volksmoeder*. Cronjé het hoofsaaklik sy beeld van die vrou in 'n reeks toesprake voor die Afrikaanse Nasionale Studentebond, gepubliseer in *Die OB*, uiteengesit.

Die eksplisiete verduidelikings van die verdeling van arbeid langs die lyne van gender het waarskynlik sy oorsprong by Cronjé gehad. In 'n artikel gerig op die Boeredogters word die arbeid van man en vrou beskryf deur gebruik te maak van die bou van 'n groot gebou as metafoor. Man en vrou word beskryf as volksgenote wat moet saamwerk, maar die een kan en mag nie die plek van die ander inneem nie. “Uit die aard van sy samestelling” besluit die man watter vorm die gebou gaan aanneem en verder is dit sy werk om te messel en die swaar klippe te kap. Net so bou die man ook die wagtoring, mure en valbrûe om die vyande uit te hou en is die man se oë gerig op die gevare wat “die volksbestaan” bedreig. Die man se verantwoordelikheid word volgens hierdie metafoor gesien as “die staatsvorm, die staatsregering, die administrasie, die finansies [en die] verdediging.” Die vrou, aan die ander kant, is “soos in haar eie huis” verantwoordelik vir die sindelikheid en die gees van liefde en opoffering wat veronderstel is om in elke gelukkige huisgesin teenwoordig te wees. Die vrou is met ander woorde gesien as verantwoordelik vir die atmosfeer en geestelike aard van die

¹⁷⁷ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: Die Ossewabrandwag Vroue-Volksorg: Memorandum.

huishouding: “dit is die gees wat daar heers wat van die grootste belang is: die mooi vrolike blomtuintjie..., die fris gestyfde gordyntjies, die netjiese vertrekies, en die vriendelik-glimlaggende huisvroutjie.” Dit word pertinent gestel dat die vrou se posisie een is wat haar beperk: “Van nature is die taak van die vrou hoofsaaklik beperk tot die huisgesin.”¹⁷⁸ Ons sien hier weer die universele aard van die man se taak teenoor die partikuliere taak van die vrou in Cronjé se gebruik van gender vir die verdeling van arbeid. Sy waarneming van die verskille tussen die geslagte was sy riglyn vir die verdeling van arbeid. Oor die opvoeding van seuns en dogters skryf hy byvoorbeeld “[d]aar moet op gewys word dat die arbeidsdiens van die dogter geheel anders moet wees as dié van die seun. Terwyl die seun veral in die bodemdiens werksaam moet wees, moet die arbeidsdiens van die dogter uit die aard van die saak veral gesinsdiens wees.”¹⁷⁹

Die Armblankevraagstuk en die verstedeliking van die Afrikaner het wel daartoe gelei dat baie jong vroue begin werk het.¹⁸⁰ Cronjé het teen hierdie agtergrond erken dat “die vrou permanent die terrein van die beroepsarbeid betree het en daar is seker niemand wat so dwaas sal wees om haar daardie reg te ontsê nie...” In dieselfde asem noem hy dat niks die vrou keer om ’n beroep te beoefen nie, maar sy sal “die beroepsarbeid moet vaarwel sê” wanneer sy in die huwelik tree.¹⁸¹ As sy wel ’n beroep bekleë vóór sy trou moet die beroep van só ’n aard wees dat dit haar oplei en voorberei vir haar tweeledige taak, met besondere klem op haar rol as “hoofpersoon in die gesinsvorming.”¹⁸² Daarom moet die beroepsarbeid van die vrou volgens Cronjé aan vier belangrike vereistes voldoen. Hierdie vereistes sou toesien dat die vrou nie totaal haar “hoogste roeping” versak nie, maar eerder by wyse van ’n beroep haarself voorberei vir gesinsvorming.

Die eerste eis wat Cronjé stel, wentel rondom die aard van ’n vrou se beroep. Haar beroep moet arbeid insluit wat spesifiek ’n “opvoedings- en versorgingskarakter” dra. Hy verwys na beroepe soos verpleging, onderwys en maatskaplike werk. Die aard van hierdie beroepe stem ooreen met Cronjé se verstaan van “egte vroulikheid”. So skrywe hy “die vrou [moet] soveel moontlik *as vrou* in die beroepsarbeid... werksaam wees sodat die egte vroulikheid nie daardeur benadeel sal word nie.” Cronjé se tweede eis is dat die werksomstandighede waarin

¹⁷⁸ OBA: *Die OB*, 17.05.1950.

¹⁷⁹ OBA: *Die OB*, 11.08.1943.

¹⁸⁰ Sien Hoofstuk 2 vir die agtergrond van werkende Afrikanervroue.

¹⁸¹ OBA: *Die OB*, 25.08.1943.

¹⁸² OBA: *Die OB*, 11.08.1943.

’n vrou haarself bevind só moet wees dat dit nie haar gesondheid benadeel nie. Dit moet met ander woorde nie haar vermoë om eendag gesonde kinders in die wêreld te bring, belemmer nie. Verder het Cronjé, in lyn met sy genoemde patriargale verstaan van die vrou se plek, naamlik dat die vrou “beskerm” moet word deur nie te werk nie, vroulike beroepsarbeid gesien as iets wat moontlik ook ’n morele bedreiging inhou vir vroue. Só is die derde vereiste wat hy stel te make met die vergoeding wat ’n vrou vir haar werk moet kry. Hy noem dat ’n jongmeisie se loon sodanig moet wees “dat sy daarvan behoorlik en menswaardig kan bestaan sonder dat sy ooit genoodsaak sal wees om haar ongenoegsame inkomste langs ’n ander weg aan te vul en die prooi te word van die sedelike laagheid van daardie mans wat vir ons samelewing sowat die grootste vloek geword het.” In sy laaste vereiste noem Cronjé dat die “geestelike en maatskaplike welsyn” van die vrou wat werk, behoorlik beskerm moet word. Hy verwys hier na beide die armoede van Afrikaners op die Witwatersrand sowel as die stedelike kultuur wat beskou is as so ’n groot bedreiging vir die OB se verstaan van “Afrikanerwaardes.” Die vrou, as bewaarder van hierdie waardes, moes dus nie die risiko loop om in die stad vervreem te raak van die “volkseie” nie.¹⁸³ Ten spyte van sy toegewing dat vroue wel beroepe kan beoefen, is dit duidelik dat Cronjé selfs die werkende vrou gesien het as iemand wie se loopbaan eintlik dié van gesinsvorming is. Wanneer hy praat oor vrouearbeid noem hy dat moeders by hulle jong dogters “die besef moet tuisbring dat sy haarself voorberei om eendag self huisvrou en moeder te wees. Die meisie se arbeidsbesef moet dus ten nouste aan haar gesinsbesef gekoppel wees.”¹⁸⁴

Weens die sosiaal-ekonomiese omstandighede, veroorsaak deur die Armblankevraagstuk en die verstedeliking van die Afrikaner, was dit egter nie moontlik vir vroue om hulleself alleenlik toe te spits op gesinsvorming nie. Hulle inkomste was nodig om die pot aan die kook te hou. Om hierdie rede het Cronjé die taak van die toekomstige staat beklemtoon wat uiteindelik moes toesien dat die vrou geheel en al beroepsarbeid versaak. Hy verklaar dat dit die plig van die staat is om ’n spesifieke beleidsrigting te volg betreffende gesinsvorming deur onder andere “die verhoging van die welstandspeil en lewenspeil van die gesin te bevorder, die koste van lewensonderhoud te verlaag, beter en goedkoper volkshuisvesting te voorsien, die groot huisgesin te bevoordeel deur die belastingstelsel ens.”¹⁸⁵ Die staat, geskoei op die patriargale gesagsordening van die gesin, moet dus die beskerming verleen aan gesinne wat

¹⁸³ OBA: *Die OB*, 25.08.1943.

¹⁸⁴ OBA: *Die OB*, 11.08.1943.

¹⁸⁵ OBA: *Die OB*, 25.08.1943.

die vrou in staat sal stel om haarself totaal toe te spits op haar “hoogste roeping”. So noem hy dat dit “skynheilig” sal wees om van ’n vrou te verwag om moederskap ten doel te stel terwyl haar inkomste ongenoegsaam is en haar kinders so gebrek sal ly. Daarom verklaar hy: “Laat ons eers ’n einde maak aan die sosiale onreg en uitbuiting, laat ons eers vir elke huisgesin ’n menswaardige lewensbestaan verseker, en laat ons dan vir die vrou van ons volk sê dat moederskap en die gesinsvorming haar hoogste roeping is en dat sy daar die grootste volksdiens kan lewer.”¹⁸⁶ Cronjé het die gesagstaat wat die OB in die vooruitsig gestel het beskou as middel om hierdie doel te bereik. Aangesien Suid-Afrika nie ’n gesagstaat is nie, maar wel ’n volksbeweging het wat na só ’n staat strewe, het Cronjé die OB beskou as ’n middel om diegene te help wat nie hulle hoogste roeping kon nakom nie. Vandaar sy voorstelle wat gelei het tot die klemverskuiwing in die Vroue-afdeling na “volksorg”.

Genle. Malan se interpretasie van volksorg as die voorbereiding van die vrou vir haar posisie in die nuwe samelewingsorde wat die OB wou inlei, was dus korrek wanneer Cronjé se idees oor die plek van die vrou oorweeg word. Volgens die idee van organiese nasionalisme kan die herskepping van die volk eers plaasvind wanneer die gesinslewe hervorm word. Langs dieselfde weg kan die gesinslewe eers hervorm word wanneer die posisie van die vrou, as “siel van die gesin”, van só ’n aard is dat dit as hervormende krag optree. Cronjé het ’n baie spesifieke beeld van moederskap voorgestaan. Hierdie beeld is dan ook bevorder deur die Vroue Volksorg Vertakking. Volksorg was volgens Cronjé die middel wat gebruik kon word om gesinsvorming te bevorder en vroue in staat te stel om nie ’n beroep te beoefen nie, maar met behulp van die OB se werksaamhede haarself toe te spits op haar hoogste roeping. Daarom stel Cronjé dit duidelik dat “[d]ie volksorg verskil wesenlik van die maatskaplike werk soos dit vandag opgevat en beoefen word. Dit omvat meer as net bloot maatskaplike sorg”.¹⁸⁷ Volksorg was dus deel van die poging om die samelewing te hervorm en ’n manier om die genderorde in stand te hou deur vroue te beperk tot die huisgesin. Cronjé het egter ook klem daarop gelê dat die vrou self volksorg moet verrig en het daarom ook ’n taak in die breë Afrikanersamelewing.¹⁸⁸ Saam met haar plek in die gesin en haar versorging van die volk was “egte vroulikheid” vir Cronjé saamgevat in die beeld van die vrou as *volksmoeder*.¹⁸⁹

¹⁸⁶ OBA: *Die OB*, 01.10.1943.

¹⁸⁷ OBA: *Die OB*, 01.10.1943.

¹⁸⁸ OBA: *Die OB*, 11.08.1943.

¹⁸⁹ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag (Sien G. Cronjé se bydra tot hierdie dokument).

Wanneer Cronjé spesifiek verwys na moederskap maak hy ook 'n aanval teen die “liberalistiese” samelewing wat moederskap beskou as 'n beslommernis en kritiek lewer teen groot gesinne. Hy het die kerngedagte van die rol van moederskap vir die volk saamgevat soos volg: “'n Volk waar die kind nie meer van waarde geag en die moederskap nie in ere gehou en met die hoogste agting bejeën word nie, is 'n volk wat op die afgrond is en eintlik in die egte sin van die woord dekadent is.” Vir hom is die OB 'n baken van lig, want die volksbeweging verwerp die “liberalisme” deur nasionaal-sosialisme voor te staan wat neerkom op die taak van samelewingsherscheping. Dit kom neer op die “ereherstel” van die vrou en die verheffing van moederskap tot die essensie van “egte vroulikheid” by wyse van staatsbeleid. Die koppeling van moederskap met die staat volg dan ook die gesagsordening van die huisgesin in lyn met die idees oor organiese nasionalisme. Die patriarg is bō die vrou gestel en die vrou weer bō haar kinders. So is die Afrikanervrou, as sorgende moeder, ook verantwoordelik teenoor alle kinders van die *volk*: “... kinders [is] maar nie net kinders van hul ouers nie, maar kinders van die volk, dan is daardie moeders ook nie maar net moeders van hul kinders nie, maar moeders van die volk. Ons moeders is die draers van die lewe van die kind en dus die lewe van die volk.”¹⁹⁰

Cronjé het sy gedagtes rondom die kwaliteite van die *volksmoeder* neergepen in 'n artikel in *Die OB* wat gerig is op die opvoeding van dogters as toekomstige moeders van die volk. Die vrou is opvoeder van die “volkshuisgesin” en skenk nie net fisies lewe aan kinders nie, maar skenk ook “geestelike lewe” aan haar volk. Ons sien dus die skets van die vrou in simboliese terme van die tradisionele *volksmoeder*-beeld. Aangesien die vrou die karakter van die kind vorm, vorm sy so ook die karakter van die volk deurdat daar aanvaar is “[i]n ons eie huise is die moeder meer as die vader, verantwoordelik vir die aankweek van sekere deugde soos eerlikheid, opregtheid, sindelikheid, saamhorigheid, en arbeidsaamheid. En die waardes wat in die huisgesin geld, word weer in die breëre volkslewe weerspieël.”¹⁹¹ Cronjé som dan so ook die roeping van die vrou op as die “bouer van die huisgesin en dus ook die vernaamste bouer van die volkslewe waarvan die huisgesin die kern is.”¹⁹²

Daar is ook 'n duidelike ooreenstemming tussen Cronjé se beeld en die rol van die vrou in die gesinsbeleid. Ook Cronjé maak sekere uitlatings wat die vrou nie net die draer van die volk se

¹⁹⁰ OBA: *Die OB*, 01.10.1943.

¹⁹¹ OBA: *Die OB*, 17.05.1950.

¹⁹² OBA: *Die OB*, 25.08.1943.

lewe maak nie, maar ook die draer en handhawer van die genderorde. Dit is by die opvoeding wat die moeder aan haar kinders gee waar die verdeling van arbeid op grond van gender plaasvind saam met die primordiale skatte van die volk wat vir die kind geleer word: “Dit is sy wat die dogters in die weë van die voorgeslag moet lei en dit is sy wat hulle leer om ’n nasionale karakter aan hulle huise in die versiering daarvan te gee.” Cronjé sien dus “egte vroulike arbeid” as iets wat ook nasionale betekenis het wanneer die *volksmoeder* ter sprake is. Voorts sien hy die vrou ook as die bewaarder van die deugde en primordiale kultuurgoedere van die volk en ’n bergplek van “die skone in die lewe”: “Sy is die een wat hulle (haar seuns en dogters) leer om die fynste stekies te borduur, die kleure saam te stel; sy is die een wat die dogters help met blomrangskikkings en dit is sy wat ons skilders, beeldhouers, digters en die musiekmeesters van die wêreld aan hulle bekendstel.”¹⁹³

Cronjé noem dan ook die *volksmoeder* by die naam wanneer hy die vrou beskryf as simboliese kern van die “volkslewe”: “En as ons moeders arm van gees is en hulle plig versaak, sal die volk, waarvan sy terselfdertyd ook die volksmoeder is, geestelik wegkwyn, al besit dit ook die goud van die wêreld.”¹⁹⁴ So bereik Cronjé se beeld van die Afrikanervrou, gebou op biologiese essensialisme, sy klimaks wanneer hy haar sien as die Afrikanervolk se enigste hoop op oorlewing:

Mag ons geloof dié wees van die Afrikaanse vrou en moeder! En ons hoop? Ons hoop is gevestig op die wieg van die Afrikanervrou. Die wieg van die Afrikanervrou (laat ons dit tog nooit vergeet nie!), die wieg van die Afrikanervrou (laat ons dit onthou in die ongelyke stryd wat ons moet voer!), die wieg van die Afrikanervrou is magtiger as die swaard van die veroweraar [sic]!¹⁹⁵

Geoffrey Cronjé se beeld van die vrou, en haar plek en rol in die volkslewe, vorm saam met die amptelike gesinsbeleid, OB-ideologie en idees oor volksorg die gekonstrueerde beeld van die Afrikanervrou soos dit verstaan is en gepropageer is deur die OB self. Wat vroue self te sê gehad het oor hierdie beeld word in besonderhede behandel in Hoofstuk 7. Hierdie beeld van die vrou het dan ook duidelik gemanifesteer in die gesinsbeleid en het ook uiteindelik die riglyn verskaf vir die bepaal van die taak van die vrou in die Vroue Volksorg Vertakking.

¹⁹³ OBA: *Die OB*, 17.05.1950.

¹⁹⁴ OBA: *Die OB*, 17.05.1950.

¹⁹⁵ OBA: *Die OB*, 01.10.1943.

6.2.2 Die amptelike doelstellings en taak van die Vroue Volksorg Vertakking

Op grond van die genoemde “tweeledige taak” van die vrou ná reorganisasie is die vroue-afdeling ingedeel in twee hoofafdelings. Die een afdeling is genoem “Vrouevolksake” wat die spesifieke take van die vrou in die *volksbeweging*, naamlik die OB, uiteensit. Die tweede afdeling het bekend gestaan as “Hulpdienste” wat weer die werksaamhede bevat het wat *aanvullend* is vir die manne-afdeling. Die taak van die Vroue Volksorg Vertakking is onder hierdie twee hoofde saamgevat:

Die Hulpdienste staan veral in verband met die volgende:

- (a) Funksies, feeste, laertrekkings, ens.
- (b) Veldhulp (mediese noodhulp).
- (c) Volkspolitiese vorming (die opvoeding van die huisgesin in die ideologie, kultuur, lewensbeskouing, ens. van die volk).

Die Vrouevolksake behels veral die volgende:

- (a) Volksorg.
- (b) Jeugbeweging (d.w.s. die dogters).
- (c) Noodhulp.
- (d) Arbeidsdiens van die vrou [sic].¹⁹⁶

Tot en met reorganisasie het die meeste vroue wat behoort het tot die OB hulself besig gehou met die eerste punt van Hulpdienste. Met die klemverskuiwing na volksorg is daar in die loop van 1943 en 1944 omsendbriewe en bevele uitgestuur wat aan die vrouekommando's van die OB verduidelik het wat bedoel word met “Vrouevolksake”.¹⁹⁷ Volksorg is omskryf as 'n voortsetting van die Noodhulpfonds se aktiwiteite, maar met 'n groter klem op persoonlike aandag en kontak met hulpbehoewendes as net blote fondsinsameling. Dit is duidelik gemaak dat mense “nie net stoflike” behoeftes het nie, maar 'n reeks omstandighede ondervind “wat hulle met behulp van hulle volksgenote kan oorwin”.¹⁹⁸ Die OB wou by wyse van volksorg beide stoflike en geestelike hulp verskaf aan diegene wat gebaat het uit die Noodhulpfonds. Elke vrouekommando het self besluit hoe hier te werk gegaan sou word.

¹⁹⁶ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

¹⁹⁷ OBA: Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 14/44, 09.06.1944.

¹⁹⁸ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C. 8/43, 30.08.1943.

Teen die bogenoemde agtergrond het genle. K. Malan van Transvaal byvoorbeeld verklaar dat sy en haar vroue-afdeling moet poog om “[m]et alle gesonde en Christelike middels en metodes te ywer dat die sinkende deel van ons Boerevolk ekonomies gered word.” Sy het volksorg opgesom as “Voorsorg”, “Sorg”, en “Nasorg”. *Voorsorg* kom neer op die opvoeding van vroue “om haar self ekonomies selfstandig” te maak. Dit het ingesluit voorligting oor spaarsamigheid in die huis en bewusmaking van die gevolge van ekonomiese insinking. *Sorg* het die daarstelling van rehabilitasie-eenhede in die vooruitsig gestel vir “mense wat maatskaplik siek is” met die doel om die mense weer op hulle voete te kry. Dié eenhede moes saamwerk met die bestaande liefdadigheidsorganisasies en die Tienie Stoffberg-kommando is die beste voorbeeld van só ’n eenheid binne die geledere van die OB. *Nasorg* het beteken dat offisiere deurentyd besoek moes aflê aan diegene wat “ontslaan” is uit die rehabilitasie-eenhede ten einde te verhoed dat hulle weer ekonomies verval.¹⁹⁹ Die Transvaalse kommando’s het hulle veral toegespits op die armblikes aan die Witwatersrand.²⁰⁰

Voorts is daar met die uiteensetting van die vrou se taak in volksorg opnuut klem gelê op haar rol as opvoeder van spesifiek die dogter. Die “geestelike versorging” van die dogtersvertakking van die Boerejeug is aan die Vroue-afdeling opgedra. Hierdie versorging moes ooreenstem met die hoofdoel van die jeugbeweging wat beskryf is as “die opvoeding van die seun en dogter as toekomstige man en vrou volgens die eise wat die volksgemeenskap aan hulle as volwassenes sal stel” wat weer ooreengestem het met die amptelike Gesinsbeleid.²⁰¹ Die aard van die opvoeding wat verwag is, blyk duidelik uit die temas van lesings wat vir die Boeredogters gehou is. Dit sluit onder andere in “Moederkunde”, “Dit is die vrou wat die morele stand van die volk moet hoog hou” en “Onwenslikheid en gevaar van uitheemse invloede op die volkslewe, veral met betrekking tot maatskaplike omvang, ontspanning, vermaak en kleredrag”. Hier sien ons weer dat die vrou as’t ware die “tradisionele” genderorde van die OB in stand moes hou deur ook die toekoms, naamlik die jonger geslag, op te lei as getroue navolgers daarvan. Die verdeling van arbeid langs genderlyne is dan ook deur die volksorgtaak van die vrou aangemoedig in haar betrokkenheid by die dogters. Dit tree na vore in die werksklasse wat in die naam van die Vroue Volksorg Vertakking vir dogters gereël moes word. Werksklasse het voorligting en praktiese sessies ingesluit oor onder andere “moederkunde, kookkuns, naaldwerk,

¹⁹⁹ AEA: PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Beleidskema en werkprogram.

²⁰⁰ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 337.

²⁰¹ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

spaarsaamheid ens.” Hierdie take dui op die oplei van dogters as huisvroue, maar dit word ook aangemoedig dat die dogters moes leer “kar inspan, perd opsaal en leisels hou”. In hierdie take sien ons die duidelike invloed van die *volksmoeder*-beeld. Die vrou moet in die huishouding goed kan funksioneer, maar sy moet ook, soos haar voormoeders, die plattelandse take wat dateer uit die Groot Trek kon doen. Take wat gesien is as “tradisioneel Afrikaans”.²⁰²

Hierdie take is nog verder uitgebrei deur nie net die opvoeding van die Boeredogters nie, maar ook die opvoeding van die vrou *deur die vrou* te beklemtoon. Die Transvaalse VAR het in hierdie verband dit ten doel gestel “[o]m ‘n liggaamlik en geestelik gesonde volk in die wêreld te bring en groot te maak”. Die volk is hier direk gelykgestel aan ‘n kind en die taak van die vrou, haar arbeid, gelykgestel aan die skenking van geboorte – die *skepping* van ‘n “gesonde volk”. Om hierdie doel te bereik, moes die Vroue Volksorg Vertakking toesien dat die vrou kennis opdoen van die volgende hoofpunte:

1. Voeding van die kind van die eerste dag van sy lewensbestaan.
2. Kleding van die kind.
3. Higiëniese huisvesting van die kind en volk (Behuising)
4. Normale liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die kind:
 - a. Algemene liggaamlike afwykings en hulle behandeling.
 - b. Algemene geestelike afwykings en hulle behandeling.
5. Huishoudelike ekonomie (om die beste gebruik te kan maak van die man se inkomste)
6. Verplegingsdienste.
7. Staats-ondersteunde Sosiale werk:
 - a. Beheer en versorging van verwagte moeders.
 - b. Beheer en versorging van werkende meisies.
 - c. Beheer en versorging van voorskoolse kind.²⁰³

Buiten die bogenoemde take is volksorg opgedeel in ses verdere onderafdelings, naamlik opvoeding, huishoudelike voorligting, gesondheidsorg, maatskaplike sorg, vryetydsbesteding en arbeidsorg.²⁰⁴ Arbeidsorg het veral verwys na wat genoem is die “praktiese werkprogramme” wat die vrou in staat sou stel om by wyse van “vroulike arbeid” ekonomies selfstandig te word. Aangesien dit nie aanvaarbaar was vir vroue om hulleself totaal te wy


²⁰² OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

²⁰³ AEA: PV 158, Lêer nr. 30, Jerling-versameling: Aanbevelings van Transvaalse VAR uitspruitende uit vergadering gehou op 26.11.1942.

²⁰⁴ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C. 8/43, 30.08.1943.

aan die beroepsarbeid nie, het die OB-vroue 'n unieke manier gehad om hierdie aspek van volksorg te behartig. Hierna is verwys as “die arbeidsdiens van die vrou”. Hoe hierdie arbeidsdiens, saam met die Noodhulpfonds as deel van volksorg, prakties voortgevloei het uit die amptelike beleid van Sosiale Volksorg word in Hoofstuk 7 gehanteer.

Die Vroue-afdeling het na reorganisasie sommige take bygekry en sommige klemverskuiwings ondergaan wat ook in die administrasie van die OB gemanifesteer het. Net soos in die beginjare van die OB, is die organisasie van vroue geregverdig langs die weë van biologiese essensialisme: “Uit die onderskeie taak van man en vrou volg noodwendig dat elk sy eie organisasievorm moet hê. Die organisasievorm moet bepaal word deur die taak wat uitgevoer moet word.”²⁰⁵ Die taak is natuurlik afgelei van die sosiale betekenisgeheg aan geslagtelike verskil. So is die organisasie van die vrou se taak, ná reorganisasie van die OB in 1942/43, soos volg uitgebeeld:



Figuur 6(c): Skematiese voorstelling van vrouewerksaamhede ná reorganisasie²⁰⁶

Volksorg was nie net beperk tot 'n amptelike beleid en uiteensetting van vroulike take op papier nie. Dit is ook prakties uitgevoer deur vroue. Voorts is die amptelike beeld van die vrou ook iets wat op unieke wyse 'n invloed gehad het op die vorming van OB-vroue se identiteit. Ten einde vroue se eie agentskap uit te wys, is dit nodig om te kyk na hoe vroue volksorg in die praktyk beoefen het en meer nog: wat het hulle, *as vroue*, self te sê gehad oor die beeld van die vrou en haar posisie in die samelewing? En ook: Wat is die implikasies van die gekonstrueerde beeld van die OB-vrou teen die agtergrond van gender as kategorie van historiese analise?

²⁰⁵ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: Die Ossewabrandwag Vroue-Volksorg: Memorandum.
²⁰⁶ OBA: Cronjé G.-vers., B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg: Skema van vrouetake.

HOOFSTUK 7

“Die hand aan die wieg regeer die land”¹: Vroue se agentskap as *volksmoeders* betrokke by volksorg tot volkspolitiek

Dit is duidelik dat manne sowel as vroue sosiale betekenis gegee het aan die biologiese verskille wat hulle van mekaar waargeneem het en dit op hulle beurt in die OB gebruik het om gender te konstrueer in dit wat hulle verstaan as “manlikheid” en “vroulikheid”. So bevat die “amptelike” konstruksie van die vrou ’n reeks normatiewe konsepte wat ’n soort ideale beeld van vrouwees daarstel en wat gebruik is om die vrou se toegang tot mag te beperk. Gelaai met vereistes waaraan daar voldoen moet word ten einde beskou te word as “die ideale Afrikanervrou”, oftewel ’n *volksmoeder*, het vroue elk op hulle eie manier gereageer op hierdie normatiewe konstruksie. Alhoewel politiek in hierdie verhandeling nie beskou word as iets wat beperk is tot die openbare wêreld van “hoë politiek” nie, het die amptelike politiek van die OB beslis bygedra tot die konstruksie van gender. As ’n mens kyk hoe vroue self gereageer het op hierdie konstruksie plaas dit die fokus op vroulike agentskap en dui op die dinamika en vloeibaarheid van identiteit wat daarop neerkom dat die kategorie “vrou” beide leeg en oorvol is.

Die doel van hierdie hoofstuk is om te let op die rol van vroue in die OB tot 1954 by wyse van ’n beskrywing van hoe OB-vroue, binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil, opgetree het as politieke agente deur *self* betekenis te gee aan hulle identiteit. Die doel word bereik deur ’n verkenning van hoe vroue hulle “tweeledige taak” in die OB gebruik het as riglyn vir sosiale organisasie binne die volksbeweging, maar ook hoe vroue deelgeneem het aan identiteitspolitiek deur die amptelike beeld net so aan te neem of te weerstaan, maar veral hoe vroue *deur hulle eie optrede* gender gekonstrueer en gerekonstrueer het. In kort word die aandag gevestig op vroue se reaksie op en gebruik van die normatiewe genderkonsepte wat gebruik is as die legitimeerder van mag in die OB.

Vroue se deelname aan die konstruksie en rekonstruksie van hulle amptelik gekonstrueerde identiteit ná 1943 lê opgesluit in die spesifieke werksaamhede wat hulle gekies het om aan te pak as deel van hulle tweeledige taak. Dit sluit ook in hoe vroue die amptelike beeld van die vrou

¹ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

aangeneem het as hulle eie, en geregverdig het in uitsprake oor hulle posisie in die OB. Voorts het vroue gereageer op die *volksmoeders*-konstruksie deur hulle posisie te beskou as een wat hulle die reg gee om hulle stemme te laat opgaan oor wat in die wêreld van formele politiek aangaan.

Vervolgens word die bogenoemde aspekte uiteengesit deur 'n beskrywing te gee van vroue se praktiese uitvoer van hulle volksorgtaak ná reorganisasie deur te kyk na die aard van die belangrikste werksaamhede van die Vroue Volksorg Vertakking. Wat hierdie werksaamhede beteken teen die agtergrond van die *volksmoeder* word ook verken. Voorts word daar aandag gegee aan vroue se *eie* stemme ten einde uit te wys hoe vroue selfs in die openbaar opgetree het as politieke agente wat aktief deelgeneem het in die identiteitsposisies van gender wat hoofsaaklik gewentel het rondom die *volksmoeder* as sosiale instelling. Laastens word die agteruitgang van die OB bespreek en die gevolglige impak daarvan op die Vroue-afdeling.

7.1 Volksorg in praktyk: Die werksaamhede van vroue as deel van die Vroue Volksorg Vertakking

Met die klemverskuiwing na volksorg het vroue nie hulle aanvanklike werksaamhede versaak nie. Wat die oorspronklike werksaamhede van die Vroue-afdeling betref, is daar nou bloot net 'n baie belangrike onderskeid getref tussen “gewone OB-diens” en “vrouevolksake”. Gewone OB-diens verwys na die reeds-genoemde “hulpdienste” wat neerkom op die bystand wat vroue vir die manne-afdeling verleen het. Dit het beteken dat vroue steeds funksies, byeenkomste, feeste, laertrekkings, insameling van fondse en so meer behartig het, maar dat hulle nou ook daadwerklik deel sou word van die doelwitte van die afdeling Sosiale Volksorg.²

Die afdeling Sosiale Volksorg was ten nouste gekoppel aan die OB se hoop op die hervorming van die samelewing en het so drie grondgedagtes van die OB beliggaam, naamlik “a) die sosiale gedagte, b) die nasionale gedagte, c) die Brandwag-gedagte (versorging van volksgeenote)”. G. Cronjé het verklaar dat “die algehele herskepping van die huidige kapitalisties-liberalistiese

² OBA: Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 14/44, 09.06.1944.

samelewing tot 'n nasionale volksgemeenskap kan alleen bewerkstellig word wanneer hierdie drie gedagtes in hul juiste samehang praktiese verwerkliking vind.”³

Die “Brandwag-gedagte” sou veral in die werksaamhede van vroue neerslag vind. Dit behels die idee dat jy vir jou volksgenoot moet “brandwag staan” – moet instaan – in sy of haar tyd van nood. Die rede waarom dit vir die OB 'n belangrike kwessie was ná reorganisasie, is dat daar steeds ontsettend baie broodwinners was wat toegesluit was as politieke gevangenes of aangehou is in interneringskampe. Daarmee saam het die verstedeliking van die Afrikaner tot verdere vrese gelei van Afrikanerwerkers wat “vervreem” kan raak van hulle volksgenote deur die blootstelling aan die stedelike lewe. Voorts het die maatskaplike rol van die OB sterker op die voorgrond getree namate die politieke rol wat die beweging gespeel het, begin afneem het. Teen 1944 het dit begin duidelik word dat Duitsland nie die oorwinning sou behaal in die Tweede Wêreldoorlog nie en dit was 'n nederlaag vir die OB se politieke ideologie van Nasionaal-Sosialisme. Die waarskynlikheid dat die OB die land sou kon oorneem, het al hoe minder geword. Die klemverskuiwing na volksorg is dus ook beïnvloed deur hierdie historiese faktore en het daartoe bygedra dat die vrou se werksaamhede in die OB al hoe belangriker geword het, maar ook 'n nuwe aard aangeneem het. Voorts sou die arbeid van die vrou ten nouste gekoppel wees aan haar volksorgtaak.

In die eerste konstituerende vergadering van die VAR is daar verwys na die “arbeidsdiens van die vrou” wat direk gevolg het op 'n bespreking van haar rol in die Noodhulpfonds. Wat laasgenoemde betref, is die klem vanaf fondsinsameling verskuif om “versorging” te benadruk: “Die Noodhulp is nie net geldelike hulpverlening van geïnterneerdes, gevangenes, ens. nie. Dit vereis ook die maatskaplike en geestelike versorging van daardie huisgesinne en dit moet noodwendig aan die vrou van die volksbeweging toevertrou word.” Vrouearbeid is direk gekoppel aan die vrou se taak van versorging deurdat alles wat die vrou voorts in die OB sou doen, gemik sou wees op die “versorging van volksgenote”: “Die Arbeidsdiens van die vrou (d.w.s. veral handwerk van die vrou binne die dienslaerverband) sal veral daarop neerkom dat goedere met die hand gemaak word vir die Noodhulpfonds, vir O.B.-dag, die huisgesinne van

³ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg.

geïnterneerdes en die geïnterneerdes en gevangenes self en vir die hele huislike gebruik. Hierdie afdeling hoort vanself by die Vrouevertakking tuis.”⁴

In die bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat daar in die OB ’n vaste idee gevestig is oor vrouearbeid. Daar word genoem dat noodhulp “noodwendig” aan die vrou toevertrou moet word en die tipe arbeid wat gemik is op maatskaplike versorging “hoort vanself” by die Vroueafdeling. Aan die vrou is dus die taak van versorging gegee wat ooreenstem met die idees van biologiese essensialisme waarop gender in die OB gebou is. Volgens amptelike OB-beleid is die beroepsarbeid van die vrou taboe, maar dit beteken nie die vrou mag nie arbeide nie. Haar arbeid in die OB het dus baie aandag geniet in amptelike beleid omdat dit aan sekere vereistes moes voldoen om ooreen te stem met die gekonstrueerde beeld van “egte vroulikheid”. So is die praktiese uitvoering van die volksorgbeleid, oftewel die tweede deel van die vrou se “tweeledige taak”, teen die agtergrond van Sosiale Volksorg genoem “Arbeidsdiens”.⁵

In breë trekke is doelwitte van vroue se arbeidsdiens praktiese verwoord. Vroue sou in groepe (of spanne) sekere vaardighede moes aanleer “in verband met huishoudelike dinge wat met die hand gedoen of gemaak word.” Die vroue moes hierdeur in staat gestel word “om beter vir hulle huishoudelike taak opgewasse te wees” sodat hulle deur arbeidsdiens “belangrike nasionaal-sosiale opvoedingswerk” kon doen.⁶ Cronjé het arbeidsdiens gesien as “die opvoeding tot lidmaatskap van (d.w.s. eenwording met) die eie volk en van die daadwerklike uitlewing van die lewensbeskouing van die eie volk.” Arbeidsdiens is vir hom gekoppel aan volksdiens en stem dus ooreen met die organiese volksgedagte. Verder moes die “versorging” in arbeidsdiens hoegenaamd nie “liefdadigheid” wees nie, aangesien arbeidsdiens “[daartoe] moet bydra om die klasseonderskeidings (of –verskille) wat binne die volksgemeenskap bestaan bv. tussen ‘arbeiders’ en ‘intellektueles’ of ‘armes’ en ‘rykes’, te oorbrug en die nasionale saamhorigheidsgevoel in en deur die arbeid versterk.”⁷ Elke OB-lid, ongeag haar agtergrond,

⁴ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

⁵ OBA: Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

⁶ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

⁷ OBA: *Die OB*, 25.02.1948.

moes deelneem aan arbeidsdiens.⁸ Arbeidsdiens was teen die agtergrond van die vernietiging van klasseonderskeid in Afrikanergeledere, gekoppel aan wat Cronjé na verwys het as “sosiale hoederskap” wat beteken “volksgenote [is] mekaar se wagters” wat beteken dat die Afrikaner, as organiese volkseenheid, oor mekaar se welstand moes waak (brandwag staan). Prakties moes hierdie wagterskap uiting vind in spesifieke vorme van arbeid.⁹ Omdat die meeste OB-vroue nie beroepsarbeid beoefen het nie, het hulle meer tyd as mans gehad om arbeidsdiens te verrig – arbeidsdiens wat die praktiese uitvoer van die volksorggedagte is. Die aard van vroue se werksaamhede in die Vroue Volksorg Vertakking moes dan nou ook ooreenstem met hierdie idee van “sosiale hoederskap” en die amptelike verduideliking van die aard van hierdie werksaamhede sou ’n beduidende invloed hê op die uiteindelijke aktiwiteite wat vroue sou uitwerk en aanpak:

Wat die aard van die werksaamhede betref moet veral met die volgende rekening gehou word:

- i. Geestelike bystand en opregte belangstelling is meestal meer werd as stoflike bystand, ook al is laasgenoemde so broodnodig dat dit verleen moet word.
- ii. Die volksorgwerksaamhede van die Ossewa-Brandwag moet in geen opsig die karakter van liefdadigheidswerk dra nie.
- iii. Daar mag geen wins hoegenaamd gemaak word uit enige vorm van sosiale diens, b.v., voordelige groentevoorsiening, nie.
- iv. Daar bestaan ’n groot behoefte aan verwydering van onkunde deur middel van nuttige inligting en voorligting.
- v. Die Ossewa-Brandwag se vrouevolksorg-werksaamhede moet veral die karakter dra van opvoeding – opvoeding van die vrou, die dogter en die huisgesin.
- vi. Die Ossewa-Brandwag vrouevolksorg wat in die grond van die saak volksopvoeding moet wees, moet nie seksioneel wees nie, d.w.s. dit moet nie net vir die sogenaamde minderbevoorregtes bedoel wees nie maar vir alle volksgenote, afgesien van “klas” of “stand”.
- vii. In die sosiale versorging moet die O.B.-vroue hulle veral op groepsorg toelê.
- viii. ’n Metode wat in hierdie verband gevolg kan word, is om vroue in “huisvlytgroepe” in te deel. In daardie groepe kan die vroue baie dinge saam doen; die maak van huishoudelike benodighede, b.v., klere, gesamentlike groente - en vrugte-inkope, onderlinge bespreking

⁸ OBA: *Die OB*, 10.12.1941.

⁹ OBA: Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

van huishoudelike sake, kinderopvoeding, ens. Daar kan ook vir die groepe demonstrasies gereël word, ens.

Die ontwikkeling van sodanige volksorgwerksaamhede moet egter nie ten koste van die sosiale noodhulpversorging geskied nie [sic].¹⁰

Afgesien van die klem wat begin val het op die geestelike versorging van die volk, is die klem op opvoeding ook opvallend. Vroue se arbeidsdiens en volksorgwerksaamhede sou dus hoofsaaklik gefokus wees op *voorligting*, *opvoeding* en *onderrig* in groepsverband binne die verskillende OB vrouekommando's. Voorts is daar 'n duidelike onderskeid getref tussen hierdie vorm van arbeidsdiens en die noodhulpfonds. Waarom die klem op opvoeding? Dit stem ooreen met die gedagte dat die OB nie liefdadigheid wou verrig nie. Diegene wat stoflike en geestelike hulp nodig het, moes *opgehef* word deur opvoeding en arbeidsdiens ten einde weer op hulle eie voete te staan. Die doel was om toe te sien dat mense nie altyd afhanklik sal bly van toelaes en stoflike hulp nie, maar dat hulle uiteindelik bygestaan word om *self* om te sien na hulle behoeftes – vandaar die klem op *opvoeding* wat hiertoe moes bydra.¹¹ Binne die geledere van die OB was hierdie onderrig nie net gerig op huisvroue wie se mans toegesluit was nie, maar elke vrou moes baat by die “geestelike opbou” van volksorg.¹² Die kuns was om arbeid te beoefen wat geensins die vorm van 'n *beroep* aanneem nie, maar wat ooreenstem met die vrou se “hoogste roeping” en wat sou inpas by die idee van “egte vroulikheid”. Die aard wat werksaamhede gerig op opvoeding sou aanneem, moes dus ooreenstem met die gekonstrueerde beeld van die vrou.

Met die bogenoemde as riglyn het vroue byvoorbeeld te werk gegaan om verskeie werkklassse te reël met die oog daarop om behoeftiges in staat te stel om te *arbei* in plaas daarvan om net te ontvang. Wanneer 'n kommando 'n werkklass oprig lewer 'n vrou “dienste” vir die hulp wat sy vanaf die OB ontvang. So is daar byvoorbeeld materiaal bymekaargemaak en gekollekteer sodat vroue eenmaal 'n week bymekaar kon kom, onder die toesig van die offisiere, om klere vir hulleself en hulle kinders te maak. Hierdie geleentheid is 'n “werkklass” genoem omdat die offisiere vir vroue sekere tegnieke sou leer oor “hoe om die kledingstukke netjies te maak, en om

¹⁰ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

¹¹ OBA: Cronje, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Volksopvoeding.

¹² OBA: Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

elke stukkies te gebruik.” ’n Ander manier was om vroue te vergoed vir die klere wat hulle maak en dan die klaargemaakte kledingstukke teen ’n baie lae prys aan die einde van die maand weer aan die vroue self te verkoop. Aangesien daar in volksorg geen wins gemaak mag word nie, is daardie geld weer gebruik om nog materiaal te koop vir verdere werksklasse en vroue kon ook “uitbetaal” word in die vorm van materiaal.¹³ Tydens ander werksklasse, byeenkomste en die sogenaamde “huisvlytgroepe” is daar demonstrasies gehou oor hoe om rommelartikels en ander “spaarsaamheidsartikels” te maak. Verskeie voorligtingstukke is onder vroue versprei wat te doen het met die doeltreffende verrig van huishoudelike take.¹⁴

In ’n artikel in *Die OB* van 8 Augustus, 1945, het genl. C. Meyer van die Vrystaat verslag gelewer oor die “nuwe gees wat binne die Volksbeweging heers” vandat vroue hulleself begin besig hou het met volksorg. In haar beskrywing van die “toegewyde arbeid” en “stille werk” van die vrou, word dit duidelik dat daar in die volksorgtaak van die vrou hoofsaaklik praktiese aandag gegee is aan twee hoofstroomaktiwiteite.¹⁵ Aan die een kant is daar die praktiese werksklasse, voorligting en opvoeding wat daarop gerig is om die vrou in staat te stel op te tree as ’n soort “finansiële onafhanklike huisvrou” wat na haarself en haar kinders moes omsien terwyl haar man nie kon nie. Aan die ander kant was daar vroue se versorgingstaak as deel van die Noodhulpfonds. In die tydperk 1943 tot 1952 is daar veral een praktiese werksklas wat bo al die ander uitstaan as voorbeeld van die wesenheid van die Vrouevertakking se werksaamhede ná reorganisasie. Hierdie werksklas, en dit wat daarop gevolg het, gee beide gehoor aan die vereistes wat volksorg vir die arbeidsdiens van die vrou stel en dit dui tegelykertyd op vroue se keuse van arbeid wat ’n blik gee op hulle eie konstruksie van gender. Aangesien arbeid volgens die reeds genoemde OB-beleid streng gesien is in terme van gender, moes vroue hulle praktiese werksaamhede só kies dat dit binne die geledere van die OB ooreenstem met die vrou se “hoogste roeping” as moeder. Die aktiwiteit wat by uitstek ’n blik gee op vroue se konstruksie van hulle eie identiteit en hulle eie agentskap in volksorg, is die sogenaamde “spinkursus” en die “spin van wol”.¹⁶

¹³ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

¹⁴ Sien in hierdie verband OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Voorligting vir huisvrouens en OBA: G. Tomlinson-vers., B/L 1/5, omslag 5: Spaarsaamheidsartikels.

¹⁵ OBA: *Die OB*, 08.08.1945.

¹⁶ Die verkenning van hierdie aktiwiteit teen die agtergrond van gender as kategorie van historiese analise word gedoen in afdeling 7.1.3.

7.1.1. Die vrou moet op haar eie voete kan staan deur met haar eie voete te spin: Die spin van wol as voorbeeld van praktiese volksorg

Kort ná reorganisasie, en nadat die eerste omsendbriewe uitgestuur is wat vrouekommando's regoor die land bewus gemaak het van hulle volksorgtaak, het die VAR van die Vrystaat (Gebied C) besluit om aandag te skenk aan die maatskaplike probleme van hulle gebied deur 'n onderneming aan te pak wat OB-vroue in staat sou stel om hulle deel te doen in vrouevolksake. Tydens die vergadering, gehou op 12 Maart 1943, het genle. C. Meyer die vroue ingelig dat 'n vrouekamp op daardie stadium na haar mening nie die gewenste aktiwiteit sou wees nie en dat 'n spinkursus van meer praktiese nut vir die vroue van die Vrystaat, en van Suid-Afrika, sou wees.¹⁷

Die praktiese nut van hierdie kursus is hoofsaaklik deur die oorlogsomstandighede teweeggebring wat veroorsaak het dat Suid-Afrika 'n landswye skaarste aan breiwool ervaar het. Dit het praktiese werksklasse op plaaslike vlak belemmer en bemoeilik, aangesien die skaarste vroue verhoed het om verskeie kledingstukke te maak waarvan breiwool die belangrikste materiaal is. Daarom het genle. Meyer besluit dat elke vrouekommando in die Vrystaat "aandag sal gee aan die spin van wol."¹⁸ Die spinkursus sou 'n praktiese uitvoering wees van die doelwitte van arbeidsdiens as deel van volksorg en terselfdertyd gehoor gee aan beide die versorgings- en opvoedingstaak van volksorg deurdat vroue geleer word hoe om *self* in 'n behoefte te voorsien en deurdat die wol gebruik kon word vir praktiese werksklasse as deel van die Noodhulpfonds of vir vroue se eie naaldwerkbehoefte.

Die spinkursus sou plaasvind vanaf 11 tot 19 Mei 1943 in Bloemfontein. Die spinklasse, demonstrasies, toesprake en meeste van die aktiwiteite is gehou in die Bloemfonteinse stadsaal.¹⁹ Alle VAR-lede van die Vrystaat moes die kursus bywoon en moes ook hulle eie spinwiele aanskaf.²⁰ Daar is verwag van elke vrouekommando van die Vrystaat om ten minste die kommandant van die kommando na die kursus te stuur sodat sy weer kan teruggaan na haar kommandantskap om die vroue op plaaslike vlak te leer hoe om wol te spin in ooreenstemming

¹⁷ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

¹⁸ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7, Omsendbrief, 16.03.1943.

¹⁹ OBA: *Die OB*, 07.04.1943.

²⁰ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

met die opvoedingstaak van die vrou in volksorg.²¹ Die kursus was egter nie net beperk tot bywoning deur die kommandantes alleen nie – enige OB-vrou kon die kursus bywoon mits sy haar eie onkoste betaal en haar eie spinwiel en twee wolkamme saam na die kursus bring.²² Die OB self het voorsiening gemaak vir die betaal van die verblyf vir een afgevaardigde van elke kommando sodat vroue regoor die Vrystaat kon deel in die kursus wanneer die afgevaardigde terugkeer na haar kommando.²³ Dit wil voorkom of verskeie vroue alreeds in besit was van spinwiele, maar die meerderheid wat die kursus sou bywoon, het spinwiele by die OB-hoofkwartier self bestel teen £4 stuk en twee wolkamme elk teen 12/6.²⁴ Elke kommando was verplig om verteenwoordig te wees by die kursus en daar waar geld 'n probleem was, is daar voorgestel dat 'n klein funksie gereël word om die geld in te samel.²⁵ Dit wil egter voorkom of vroue hier nie 'n probleem ervaar het nie. Die kursus is regoor die Vrystaat en die land met groot entoesiasme begroet. Genle. Meyer moes verskeie aansoeke van die hand wys vanweë die groot belangstelling en elkeen van die ander provinsies is ook verteenwoordig deur vier vroue wat as afgevaardigdes na die kursus gestuur is.²⁶

Die spinkursus is hoofsaaklik gereël op die inisiatief van genle. Meyer. Sy wou graag die spinkursus 'n geleentheid maak waar vroue kon leer hoe om te reageer op 'n skaarste deur met die minste klaar te kom, vir haar eie huishoudelike omstandighede te sorg en iets totaal nuut, naamlik die spin van wol, te leer. Om daardie rede het sy self 'n skema uitgewerk vir die spinkursus wat 'n egte OB-geleentheid sou wees.²⁷ Dit het die karakter van 'n OB-saamtrek gedra in dié sin dat vroue hulle wit rokke tydens sekere dae van die kursus moes dra, musiek moes maak, volksliedjies sing, demonstrasies bywoon van hoe om rommelartikels te maak en dat daar selfs 'n kranslegging by die Vrouemonument gereël is. Daar is ook beplan om vrouekommando's die geleentheid te gee om hulle eie spaarsaamheidsartikels by die kursus uit te stal vir alle OB-vroue om te sien en so by mekaar te leer. Daarby sou die KG, dr. J.F.J. van Rensburg, die vroue ook gedurende die kursus toespreek.²⁸ Tydens die kursus is wol ook gratis verskaf en om die

²¹ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

²² OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

²³ OBA: Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Bevel 4/43, 05.05.1943.

²⁴ OBA: *Die OB*, 07.04.1943.

²⁵ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

²⁶ OBA: *Die OB*, 26.05.1943.

²⁷ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

²⁸ OBA: *Die OB*, 07.04.1943.

kursus volhoubaar te maak, is daar 'n afsetgebied verkry vir vrouekommando's om die wol wat hulle ná die spinkursus in hulle onderskeie kommandantskappe gaan spin, te verkoop. Die doel is om op hierdie manier weer geld in te samel vir die Noodhulpfonds en Fondsdag.²⁹ Die program wat genle. Meyer uitgewerk het vir die kursus reflekteer die samekoms van die vrou se "tweeledige taak":

PROGRAM.	
<u>Dinsdag 11 Mei:</u>	8 uur n.m. Opening.
<u>Woensdag 12 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. " "
	8 n.m. Sang. Toespraak Genl. Mevr. C.Meyer.
<u>Donderdag 13 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. " "
	8 n.m. Lesing deur 'n dokter.
<u>Vrydag 14 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. " "
	8 n.m. Demonstrasie oor die gebruik van rommelartikels.
<u>Saterdag 15 Mei:</u>	n.m. Kranslegging Vrouemonument.
	8 n.m. Gesellige byeenkoms. Toespraak deur K.G. Dr. J.F.J.v.Rensburg.
<u>Maandag 17 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. " "
	8 n.m. Lesing oor die verzuim van hoede.
<u>Dinsdag 18 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. " "
	8 n.m. Vertoning van O.B. Rolprente.
<u>Woensdag 19 Mei:</u>	8.30 v.m. Oggendgodsdiens.
	9 v.m. Spinklas.
	2 n.m. Spinklas en afsluiting.

Figuur 7(a): Program van spinkursus, 11 tot 19 Mei, 1943 te Bloemfontein³⁰

Die bogenoemde program is by uitstek 'n voorbeeld van vroue se eie reaksie op die doelwitte wat daargestel is deur die afdeling Sosiale Volksorg. Dit dra geensins die karakter van liefdadigheid nie, dit dra die karakter van opvoeding, vind plaas in groepsverband en is bygewoon deur vroue uit alle vlakke van die samelewing. Die spinkursus is dan ook teen hierdie agtergrond ontvang deur die leierskap van die OB wat teenwoordig was by die opening van die kursus en ook toesprake gelewer het wat dit stewig binne die raamwerk van arbeidsdiens plaas.

²⁹ OBA: Die OB, 07.04.1943.

³⁰ OBA: Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

Tydens die opening van die spinkursus het die gebiedsgeneraal van die Vrystaat, genl. F. van der Merwe, die vroue se keuse van 'n spinkursus gekoppel aan die reorganisasie van die OB. Hy het aangevoer dat die besluit om Suid-Afrika in gebiede op te deel ooreengestem het met “die aard van die bedryf volgens die gewoontes van die mense in daardie gebiede, -- die gebiede soos God die land gemaak het en nie soos die mense dit gemaak het nie.” Sy woorde verwys na die essensialisme van die unieke primordiale verstaan van die samelewing deur die OB. Volgens Van der Merwe is Gebied C (wat hoofsaaklik die Vrystaat en Noord-Kaap insluit) se keuse om wol te spin in ooreenstemming met hoe “God die land gemaak het” aangesien dié gebied veral toegespits is op wolproduksie. In sy verwelkoming van die vroue by die kursus werp Van der Merwe verdere lig op hierdie mening deur te sê: “Ons gaan die mense bymekaar snoer wat pas bymekaar, b.v. die nywerheidsdele van die Rand en Pretoria en die mielieproduserende dele bymekaar, sodat wie se lewenswyse en belange dieselfde is, bymekaar is. Dan kry ons die gebiede waar met beeste en skape geboer word en waar wynbou die hoofrol speel, en so word die Unie dan in ses natuurlike gebiede ingedeel in plaas van vier provinsies – die kunsmatige skeidslyne.” So is die “natuurlike” arbeid van die vrou, naamlik om wol te spin, ideologies deur Van der Merwe gesien as deel van die “natuurlike” ordening van dinge.³¹

In dieselfde uitgawe van die OB waar daar berig gelewer is oor die spinkursus, is die woorde van P.J. Meyer aangehaal oor die belangrikheid van arbeid in die OB. Hy noem dat “in die middelpunt van die nuwe sosiale struktuur waarvoor die OB veg, staan die arbeidende gemeenskap met sy behoeftes, mense met siele, en nie die ruilwaarde van handelsartikels nie.”³² Hierdie woorde is veelseggend as dit beskou word teen die agtergrond van die arbeidsdiens van die vrou. Die uiteindelijke *produkte* wat die spinkursus sou oplewer, sou in diens van die organiese volksgemeenskap gebruik word – vir die “versorging” van huisgesinne wat klere benodig en vir die “versorging” van geïnterneerdes deur die geld te gebruik “in diens van die volk”.³³ Wat meer is, vroue is in staat gestel om hulle kennis weer te gaan oordra aan ander. So verklaar genl. Meyer dat haar doel is dat “[d]ie vroue wat hier leer spin, gaan in hulle eie

³¹ OBA: *Die OB*, 26.05.1943.

³² OBA: *Die OB*, 26.05.1943.

³³ OBA: Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

afdelings spinklasse reël en binne 'n paar maande sal die hele Vrystaat se vroue hul eie wol kan spin”.³⁴

121 OB-vroue het uiteindelik die kursus bygewoon. In sy toespraak voor die kursusgangers het dr. Van Rensburg verwys na die spinkursus as deel van die plig van die vrou in die samelewing en in die volksbeweging: “Sy moet sorg vir die gesinslewe en die sosiale aangeleenthede van ons volk.” Hy het 'n duidelike verband getrek tussen die spinkursus en die sogenaamde “sosiale rol” van die vrou – verwysende na die spinkursus as deel van die vrou se versorgingstaak.³⁵ Die kundiges wat die OB-vroue moes oplei in die spin van wol is verskaf deur die Huisvlytraad van die Vrystaat. Hierdie raad het op daardie stadium alreeds 'n geruime tyd 'n spin- en weefskool in Bloemfontein gehad wat kursusse vir die publiek aangebied het. Die skool se deure is ook oopgemaak vir die kursusgangers ten einde nie net te leer hoe om wol te spin nie, maar ook hoe om wol te was en te kleur.³⁶ In haar aanvanklike oproep het genl. Meyer groot klem geplaas op streng dissipline. Tydens die vergadering waar sy die voorstel vir só 'n kursus op die tafel gelê het, sowel as in die omsendbrief wat aan vrouekommando's uitgereik is, het sy verklaar dat “[s]treng dissipline sal gehandhaaf word.”³⁷ Die rede hiervoor is dat die Huisvlytraad gewoonlik só 'n spinkursus oor veertien dae aanbied – dit terwyl die VAR van Gebied C die kursus oor slegs agt dae laat strek het én boonop tyd gebruik het om daavan 'n “egte OB-funksie” te maak. So het die “hoofinstruktrise” verklaar dat dit slegs moontlik was om die kursus in so kort tydjie aan te bied deur die “streng dissipline van die Beweging”.³⁸

In die artikel oor P.J. Meyer se toespraak oor die arbeid van die Afrikaner, word hy aangehaal waar hy sê die OB wil 'n nuwe struktuur bou “waarin elkeen gelukkig, gesond en al singende kan arbei tot die laaste asemtog toe.”³⁹ Dit wil voorkom of die OB-vroue wat die spinkursus bygewoon het hierdie ideaal van Meyer in die klein verweselik het. Daar is soos volg berig oor hoe vroue die kursus aangepak het: “'n Baie aangename gees het onder die kursusgangers

³⁴ OBA: *Die OB*, 26.05.1943.

³⁵ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

³⁶ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

³⁷ OBA: Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943; OBA, Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

³⁸ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

³⁹ OBA: *Die OB*, 26.05.1943.

geheers en al singende het hulle die spinwiele aan die draai gehou.”⁴⁰ Die volgende foto’s gee ’n blik op hoe OB-vroue in lyn met volksorgdoelwitte geleer het om huishoudelik op haar eie voete te staan deur met haar eie voete te spin:



Figuur 7(b): Gebied C se spinkursus as praktiese voorbeeld van volksorg
Bo: OB-vroue al singende aan’t spin. Onder: OB-vroue wat aan die kursus deelgeneem het⁴¹

⁴⁰ OB Argief, *Die OB*, 02.06.1943.

⁴¹ OBA: OB Fotovers., bo (links): fotonr. 1252, bo (regs): fotonr. 1253. Groepfoto uit Ossewa-Brandwag Museum geneem.

In 'n brief aan haar hoofkommandante, M. Tomlinson, skrywe genle. Meyer ná die spinkursus dat sy hoop dat “ons almal in ons volksbeweging as 'n eenheid ingeweef word.” Genle. Meyer se brief dui op haar tevredenheid met die afloop van die kursus en die genot wat sy self daaruit geput het. Haar klem op die opvoeding, genot en besieling wat dit gebring het, gee 'n blik op die ervaring van die vrou wat die spinwiele van die OB aan die rol gesit het:

Ek hoop u vorder goed met die spinwiel, hou aan, moenie dit eers opsy sit nie. As ek voor my wiel sit kan ek nie help om te dink aan die aangename tydjie wat ons saam deurgebring het nie. Ek vertrou dat die spinkursus daartoe bygedra het om geesdrif op te wek en ons almal opnuut besiel het.⁴²

Die impak van die spinkursus was nie net beperk tot die vrouekommando's van Gebied C nie. Kort na die spinkursus het die vroue van Gebied A (Wes-Kaapland) 'n jaarlikse spinwedstryd ingestel waaraan vroue kon deelneem en pryse wen. Die beskrywing van die tipe breiwool wat gespin moes word om 'n prys te wen, gee weer 'n idee van wat die vroue *prakties* geleer het by die spinkursus:

1. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad “tweed”-dikte, gespinde wol van natuurlike kleur of wit wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).
2. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad “tweed”-dikte, gespinde wol van gemengde natuurlik kleure wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).
3. £2 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad “tweed”-dikte, gespinde wol, gekleur deur Suid-Afrikaanse kleurmiddel (gewas en gerek) [sic].⁴³

Die gespinde wol sou uitgestal word in die OB-Vriendskapsentrum van Kaapstad en 'n kundige sou dit beoordeel. In 1944 het kommandante A.S. Theron van Merweville weggestap met eerste en tweede prys en 'n ene Mev. Jooste van Putsonderwater met die derde prys. Die beoordelaars was die hoof van die Vrystaatse Huisvlytskool en sy was van mening “dat dit die beste wol is wat die skool nog ooit ontvang het”. Dit is beskryf as 'n “besonder pluimpie” vir die OB en die wol was glo van só aard “om elke huisvrou se vingers te laat jeuk”. Saam met die artikels wat

⁴² OBA: Gebied C-vers., B/L 6/4, omslag 19: Korrespondensie: C. Meyer/M.M. Tomlinson, 23.06.1943.

⁴³ OBA: *Die OB*, 20.10.1943.

uitgestal is vir die spinwedstryd het hoofkommandante M. Erasmus, wat haar opleiding by die spinkursus in Bloemfontein ontvang het, 'n geweeftde kombers en gordyne uitgestal wat volgens die vroue “te pragtig vir woorde” was. Genle. J.S. du Toit, hoofvrou van Gebied A, het net soos genle. Meyer van Gebied A “haar sterk beywer om die O.B.-vroue spin- en weefbewus te maak”, aangesien “die gevoel van trots om jou huis met selfgemaakte gordyne, vloermatte en komberse te voorsien... iets [is] wat 'n vrou nie sal mis as sy dit eenmaal ervaar het nie.”⁴⁴

Afgesien van die spinwedstryd van Gebied A, het die OB-vroue dikwels deelgeneem aan die spin- en weefuitstallings van die Suid-Afrikaanse Huisvlytraad. Alhoewel daar hier geen pryse toegeken is nie, het genle. Meyer gevoel dat dit “die begeerte tot meer ondernemings” kan aanwakker en in dieselfde luim as haar brief aan mev. Tomlinson het sy by monde van gebiedsgeneraal C.L. de Jager die vroue in haar gebied aangemoedig wanneer dit kom by die spin van wol vir die Huisvlytuitstalling van 1945: “Laat ons nie agter staan nie. As u enigins wol of 'n artikel kan lewer, gee u onmiddellike aandag daaraan.”⁴⁵

Teen 1946 was die spin van wol 'n algemene praktyk onder veral die vroue van Gebied C om geld in te samel vir verskeie doeleindes, soos blyk uit die sesmaandelikse verslag van kommandante J.A.S. de Wet van Lindley. Sy skrywe dat haar vrouekommando in verband met huisnywerhede, vryetydsbesteding en voorligting in 1946 hoofsaaklik wol gespin het en met daardie wol artikels soos “tjalies en vloermatjies” gemaak het wat hulle verkoop het ten bate van 8 Augustus.⁴⁶ Komberse van skaapwol is ook gemaak en is gesien in lyn met die vrou se plig as deel van arbeidsdiens om “spaarsaamheid te beoefen.”⁴⁷

In 1946 is daar 'n verbod geplaas op die verkoop van koringprodukte tydens openbare funksies weens 'n gebrek aan meel wat veroorsaak is deur die na-oorlogse depressie. In Julie was verskeie kommandantskappe besig om voorbereidings te tref vir Fondsdag op 8 Augustus, maar baie was in 'n penarie vanweë die verbod, aangesien gebak so 'n groot deel uitmaak van vroue-fondsinsameling. In *Die OB* van 17 Julie 1946 verskyn daar 'n artikel getiteld “Vermy die wet en


⁴⁴ OBA: *Die OB*, 22.11.1944.

⁴⁵ OBA: G. Tomlinson-vers., B/L 15, omslag 5: Gebiedsomsendbrief no. C2/45, 01.03.1945.

⁴⁶ OBA: J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 6: Sesmaandelikse verslag, 1946.

⁴⁷ OBA: J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 5: Spaarsaamheid.

bak pannekoek vir O.B.-dag” tesame met ’n resep vir pannekoek waar koekmeel vervang is met bokwietmeel. Die verkoop van gebak is so gesien as ’n vorm van verset.⁴⁸ In Gebied F het die Steyn-gesin, waarvan elke lid ’n hoë rang in die OB bekleed het, weer ’n ander uitweg gevind op die wetsverbod. *Die OB* berig: “Ver in die Noord-Transvaal waar die Boeregees nog helder brand, kan in die binnekamers van Verlorelei die gesjag-sjag-sjag van spinwiele gehoor word, waar kledingstukke ter stywing van die fondse vir 8 Augustus deur vlytige hande gespin en geweef word [sic].” Mnr. Steyn het spinwiele en toebehore van “rooi-ivoor, tambotie, Transvaalse kijaat, ysterhout ens. [sic]” op bestelling vervaardig terwyl mev. Steyn en haar dogter “komberse, reisdekens, vloermatte, kussings ens.” vervaardig het vir Fondsdag met die einste wol wat gespin is op die spinwiele van mnr. Steyn. In die OB is hulle beskou as die model- arbeidsgemeenskap wat die gesin moes uitmaak, aangesien “[h]ulle glo dat ’n Afrikaner sy vrye tyd aan die vervaardiging van handwerk moet bestee en lag diegene uit wat kla dat hulle nou nie weet – dat hulle nie koek vir ’n funksie kan bak nie – wat om te doen nie [sic].”⁴⁹ Die aktiwiteite in verband met die spin van wol kan beslis beskou word as OB-aktiwiteite.



Figuur 7(c): Teen 1946 is spin en weef gebruik as algemene praktyk vir fonsinsameling⁵⁰

⁴⁸ OBA: *Die OB*, 17.07.1946.

⁴⁹ OBA: *Die OB*, 10.07.1946.

⁵⁰ OBA: *Die OB*, 10.07.1946.

Die “arbeidsdiens van die vrou” as deel van volksorg het natuurlik baie meer ingesluit as die bogenoemde beskrywing van die spinkursus en die spin van wol in die OB. Dit is slegs een van baie aktiwiteite wat deel uitmaak van volksorgwerkzaamhede, maar dien as goeie voorbeeld van die opvoeding- en voorligtingsrol van die Vroue Volksorg Vertakking met die oog daarop om vroue op te lei as huisvroue wat op hulle eie voete kan staan. Met die skaarste veroorsaak deur die oorlog en naoorlogse omstandighede, tesame met die internering van broodwinners, moes die vrou self die pot aan die kook hou.

Vir die OB het dit nie beteken dat die vrou nou die beroepsarbeid moet beklee nie – nee, dit het beteken dat sy nou, met behulp van die volksbeweging, meer vindingryk moes optree as *huisvrou*. Vandaar die opvoeding van vroue in “gesondheidsorg” deur lesings van “goedgesinde dokters” sodat sy self siektes kan voorkom en behandel in plaas daarvan om doktersfooie te betaal. Vandaar die verspreiding van leesstof “in verband met huishoudkunde en gesinsvoorligting” en “wenke oor huishouding op die goedkoopste manier in hierdie skaars tyd”. Vandaar die uitruil van resepte en patrone. Vandaar die insameling van fondse met die uitsluitlike doel om te *sorg* deur nie net fondse te skenk nie, maar om die vrou in staat te stel om *self* en uiteindelik *op haar eie voete as huisvrou* die pot aan die kook te hou.⁵¹ Vandaar die spinkursus wat dien as voorbeeld van die “ondernemingsgees” en “handewerk” van die vrou wat weer in die geledere van die OB dien as bewys “dat die hande van O.B.-vroue vir niks verkeerd staan nie.”⁵²

In die bogenoemde beskrywing word dit duidelik dat die spinkursus en die spin van wol gehoor gee aan die vereistes wat Sosiale Volksorg gestel het vir die arbeidsdiens van die vrou kragtens die uiteensetting van die “aard van volksorgwerkzaamhede”.⁵³ Histories is hierdie aktiwiteit beskryf. Daar is egter ook ’n ander sy aan die spin van wol, naamlik die blik wat dit ons gee op vroue se eie verstaan van gender en die konstruksie van die *volksmoeder* langs die weg van arbeid. Vervolgens word spesifiek die spinkursus en die spin van wol deur OB-vroue teoreties verken deur gebruik te maak van gender en die diskoers oor die *volksmoeder*.

⁵¹ Sien die gepubliseerde verslag van genle. Meyer in OBA: *Die OB*, 08.08.1945.

⁵² OBA: *Die OB*, 28.06.1044.

⁵³ OBA: Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

7.1.2 Arbeid en die biologiese verstaan van geslagtelike verskil: Gender as norm vir die verdeling van arbeid in die OB

In Hoofstuk 4 is daar beskryf hoe vroue aktief deelgeneem het aan die konstruksie van hulle identiteit as *volksmoeders* deur gebruik te maak van gender as kategorie van historiese analise – met besondere verwysing na die “doen van gender” in vroue se betrokkenheid by OB-aktiwiteite.⁵⁴ Hierdie afdeling poog om die invloed van gender op vrouewerksaamhede teoreties te kontekstualiseer deur spesifiek te bepaal hoe tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil die aard van vrouewerksaamhede in die OB geregleer het deurdat die konstruksie van die *volksmoeder* gedien het as norm vir die verdeling van arbeid wat op haar beurt weer gebaseer is op die biologiese essensialisme van OB-beleid en genderideologie. Voorts word die spin van wol gesien teen die agtergrond van vroue se *eie* konstruksie van hulle identiteit as hulle *eie* reaksie op die heersende verstaan van die genderorde.

Soos reeds verduidelik is, het tydgenote geslagtelike verskil verstaan as iets wat *biologies* gedetermineer word, iets wat essensieel tot elke mens is, iets wat afkomstig van God is en so dus genoegsaam is om te kan dien as norm en riglyn vir die organisasie van die samelewing. Die organisering van die samelewing gebaseer op gender tree in die eerste plek in die OB na vore in die feit dat daar *verskillende vorme van arbeid* aan mans en vroue toegeken is. Die “essensiële aard” van die vrou sou uiteindelik haar plek in die arbeidsgemeenskap bepaal. In hierdie verband is West en Zimmerman se woorde oor essensialisme veral relevant:

[W]hen human beings interact with others in their environment, they assume that each possesses an "essential nature" – a nature that can be discerned through the natural signs given off or expressed by them. Femininity and masculinity are regarded as prototypes of essential expression – something that can be conveyed fleetingly in any social situation and yet something that strikes at the most basic characterization of the individual. The means through which we provide such expressions are perfunctory, conventionalized acts, which convey to others our regard for them, indicate our alignment in an encounter, and tentatively establish the terms of contact for that social situation.⁵⁵

⁵⁴ Sien Hoofstuk 4.2.

⁵⁵ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, p. 129.

As “perfunctory conventionalized acts” dui die tipe arbeid wat vroue gedoen het op die invloed van gender wat gebaseer is op die idee dat dit “the most basic characterization of the individual” is. Voorts kan die arbeid van vroue teen die agtergrond van die bogenoemde gesien word as eksistensiële skeppings van die vrou. As arbeid ’n “essential expression” van ’n vrou se essensie is, dan *skep* sy tog haarself deur haar arbeid, maar haar “skepping” is binne die OB streng gereguleer en afgebaken deur die grense van biologiese determinisme. Vanweë hierdie essensialistiese blik op die mens skryf L.L. Frader vanuit dieselfde oord oor arbeid dat “perhaps the most fundamental characteristic of human labor... has been the fact that with the possible exception of the earliest human societies, it has virtually always been marked by ‘gender’.”⁵⁶ Om dus te verstaan wat die aard van die verdeling van arbeid in die OB is, is dit nodig om, in die woorde van M. T. Sinclair, eers te ’n begrip te hê van “the system of social reproduction, including the division of labour in the family, reciprocal relations in the wider kin group or community, assumptions concerning sexuality, fertility, procreation and nurturance, and the control over property and income allocation.”⁵⁷ Hierdie aspekte is in besonderhede uitgepluis in Hoofstuk 6. Wanneer die argument gevoer word dat die OB biologie en anatomie verstaan het as dit wat ’n blik gee op die “essensiële aard” van die mens, en dit gevolglik gebruik as norm vir sosiale organisasie, dan kan dit verder gevoer word deurdat dit dien as basis vir gender om op te tree as die norm vir die verdeling van arbeid in die OB. So het gender opgetree as legitimeerder van die verdeling van arbeid deurdat daar gebruik gemaak is van *normatiewe konsepte* en *subjektiewe indentiteitskonstruksie* om vroue-arbeid te laat ooreenstem met die heersende genderorde binne die OB en terselfdertyd as regverdiging vir die genderorde te dien. Daar word natuurlik hier verwys na die *volksmoeder*-beeld.

Die beeld van die *volksmoeder* mag nie onderskat word wanneer die aard van “vroulike” arbeid ter tafel gelê word nie. Daar is genoem dat die *volksmoeder* ’n instelling is wat vroue se optrede beperk en binne ’n aanvaarbare patroon giet. In die geval van OB-ideologie sou die “aanvaarbare patroon” van vrouewerksaamhede enige aktiwiteit wees wat te make het met die *gesin* en aktiwiteite wat ooreenstem met die *volksmoeder*beeld wat die artikulasie is van die

⁵⁶ L.L. Frader, “Gender and labor in world history” in T.A. Meade & M.E. Wiesner-Hanks (eds.), *A companion to gender history*, p. 26.

⁵⁷ M.T. Sinclair, “Women, work and skill” in N. Redclift & M.T. Sinclair (eds.), *Working women: International perspectives on labour and gender ideology*, p. 2.

Afrikanervrou se “hoogste roeping”. Wanneer die kwaliteite van die *volksmoeder*, soos geïdentifiseer deur E. Brink se navorsing, onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit gedien het as riglyn vir vroue-arbeid. Die “ideaal” van vrouwees is beskryf in ’n versameling van kwaliteite wat te bespeur is regdeur die bogenoemde beskrywings van arbeidsdiens en volksorg, naamlik ’n godsdiensin, dapperheid, ’n sin vir onafhanklikheid en vryheidsin, offervaardigheid, selfstandigheid, huismoederlikheid, woekering met talente, reinheid en die daarstel van ’n voorbeeld vir ander.⁵⁸ As “femininity en “masculinity” deur West en Zimmerman in ’n essensialistiese konteks gesien word as “prototypes of essential expression”, dan is die vereistes vir vrouearbeid wat deur die volksmoederdiskoers daargestel is dit wat optree as die norme wat arbeid uiteindelik “vroulik” maak en so ook die vrou se invloedssfeer beperk tot haar “afgebakende gebied” in die OB.⁵⁹ Hierdie “afgebakende gebied” verwys na die verdere gebruik van gender as legitimeerder van mag. Van al die karaktereienskappe van die *volksmoeder*, en die mitiese en simboliese kwessies wat daarmee saamhang, is self-onderhoud en “huismoederlikheid” twee kwaliteite wat veral kenmerkend is van vrouearbeid in die OB – en spesifiek ook wat betref die spin van wol as uitdrukking van die *volksmoeder*beeld.

Die gesinsbeleid en vrouevolksorg stem ooreen met die tradisionele en meer beperkende konstruksie van die *volksmoeder* soos uiteengesit in *Die Boervrou: Moeder van haar volk*. Die tipe arbeid wat in die diskoers van amptelike OB-beleid voorgestaan is, is hiervolgens beslis beïnvloed deur die *volksmoeder*beeld. Dat die vrou se arbeid afkomstig is van haar “vroulike essensie” word geregverdig deur Postma se verduideliking van die vrou se “begaafdheid” in arbeid. Hy voer aan dat “[n]atuurlike aanleg en omstandighede het hier meegewerk om die Boervrou te verrijk met grote begaafdheid. Behalve in die gewone vakke van die beroep is sij handig in allerlei kunswerke en daarbij verbasend gevat. Die fijnste naaldwerke word uitgevoer deur onse meisies en vrouwens, wat maar min kans gehad het om te leer.”⁶⁰ Die veronderstelling is dat die “natuurlike” vroulikheid van die Boervrou haar in staat stel om, sonder om te leer, ’n meesteres in naaldwerk te wees. Die tipe werk wat Postma dan ook uiteensit, is opvallend. Afgesien van naaldwerk verwys hy ook na die Boervrou se vaardigheid in “boerderij”, “musiek en sang, in die lettere” en “[d]ie talent strek sig ook uit tot praktiese dinge. So het ons in vele

⁵⁸ E. Brink, “Man-made women”, p. 280

⁵⁹ C. West & D.H. Zimmerman, “Doing gender”, p. 129.

⁶⁰ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 103.

huise gesien mooie en fijne houtwerk, wandversiering, papierwerk, metaalwerk, meubels en soveel meer van vrouwehand gemaak.”⁶¹ Dit is duidelik dat Postma die vrou se “begaafdheid” dan ook gesien het as beperk tot die huishoudelike: “Haar plek is thuis.”⁶² Ten spyte hiervan het hy haar arbeid ook gesien as politiek van aard deur dit te koppel aan die nasionale deur klem te lê op die *volksmoeder* se sin vir onafhanklikheid. Oor die vrou se woekering met talente skrywe hy: “Die talent is nasionaal, en voorspel daarom veels goeds vir die toekoms van ons volk”. Postma koppel so ook die arbeid van die huisvrou aan die arbeid van die vroue wat gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog die ideaal van onafhanklikheid uitgeleef het: “Mevr. Genl. Joubert kon roem op pragtige koeëls, wat sy kon giet en haar giettang was haar dierbaar, nou kan die Boernooi roem op ’n mooi skilderstuk.”⁶³ Vanuit dieselfde oord het die OB die tipe vrouearbeid wat deur Sosiale Volksorg voorgeskryf is, gesien as in diens van die volk.

Volgens Postma leef die vrou dus haar “begaafdheid” uit in die huishouding en vandaar kom ook die idee van wat hy noem “huismoederlikheid”. Die Boervrou, die *volksmoeder*, is essensieel ’n huisvrou. Sy is beperk tot die huis en haar plek is volgens Postma nie in die formele politiek nie. Hy tref ’n baie skerp onderskeid tussen die private en die openbare lewe wanneer hy in 1918 skryf:

Die man mag nog saam met Jantje en April naar die stembus gaan, maar nooit sal die Boervrouw haar verwaardig om met Aja Kaatje of ou Griet die skouers te skuur op politieke vergaderings en stembus lawaai. Nie omdat sij daar nie goed genoeg voor is nie, maar te goed. Ook hierin word die vrouw beheers deur die Bijbel. Sij glo dat haar plek in die huis is, haar krag in haar wandel, haar sieraad die verborge mens van die hart, van ’n sagmoedige en stille gees, wat onverderflik is en kostelik voor God (1 Pert. 3:1-7) [sic].⁶⁴

In die tyd van die Ossewa-Brandwag het die Afrikanervrou natuurlik al stemreg gehad. Die OB het egter steeds gebruik gemaak van die genderideologie van Postma se weergawe van die *volksmoeder* deurdat soveel klem geplaas is op die vrou se rol in die huis en die feit dat die vrou geen beleidmakende rol in die OB gespeel het nie. Net soos wat Postma ’n duidelike onderskeid

⁶¹ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 103.

⁶² W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 102.

⁶³ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 105.

⁶⁴ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, p. 102.

tussen die private en die openbare lewe getref het, só ook het die OB dit gedoen deur die vrou se “hoogste roeping” te sien as moederskap. Só ook deur haar arbeid te laat wentel rondom die huishouding. Voorts is die gebruik van godsdiens as regverdiging vir die “natuurlike” verskille tussen man en vrou ook duidelik te bespeur in Postma en is ook deur hom gebruik as riglyn vir wat hy uiteensit as “vroulike” arbeid. Ons sien dus ’n baie duidelike invloed van die volksmoederdiskoers op die verstaan van geslagtelike verskil van OB-lede.

Die toeskryf van huishoudelike arbeid aan die vrou alleen het in die OB ook saamgeval met die spoedige industrialisering van Suid-Afrika en die toename in mans wat die beroepsarbeid in die stede gaan beoefen het. Die ideaal van die Afrikanervrou wat arbei in die huishouding is veral vanweë die bedreiging van verstedeliking, industrialisering en die opkoms van die kapitalistiese samelewingsorde versterk in die OB. Dit blyk duidelik in die bogenoemde beskrywings van OB-beleid oor vrouearbeid teen die agtergrond van die gesinsbeleid. A. Oakley skrywe die volgende oor ’n huisvrou, wat ’n blik gee op die determinisme onderliggend aan die ideaal van die OB-vrou as huisvrou “wat die beroepsarbeid moet vaarwel sê”:

The characteristic features of the housewife role in modern industrialized society are (1) its *exclusive allocation to women*, rather than to adults of both sexes; (2) its association with *economic dependence*: that is, with the dependent role of the woman in modern marriage; (3) its *status as non-work* – or its opposition to ‘real’, that is, economically productive work; and (4) its *primacy* to women; that is, its priority over other roles.⁶⁵

Die bogenoemde karaktereienskappe van die huisvrou toon ooreenstemming met die idee van “huismoederlikheid” en die toeskryf daaraan aan *die vrou alleen*. In die OB is die vrou se arbeid egter nie beskou as “non-work” nie omdat daar in die beweging self nie kapitaalwaarde aan haar werk geheg is nie. Vrouearbeid hoef nie noodwendig “economically productive work” te wees om in die OB beskou te word as noodsaaklike arbeid nie. Dit kan natuurlik toegeskryf word aan die Nasionaal-Sosialisme in die OB en die meet van die waarde van arbeid in terme van “diens aan die volk”. Die huisvroustatus van die OB-vrou *moet* dus baie sterk gesien word teen die agtergrond van die *volksmoeder* om die verdeling van arbeid in die beweging te verstaan.

⁶⁵ A. Oakley, “What is a housewife?” in L. McDowell & R. Pringle, *Defining women: Social institutions and gender divisions*, p. 136.

Daar is genoem dat die arbeidsdiens van die vrou veral gekenmerk is deur die bogenoemde idees rondom “huismoederlikheid” wat in essensie neerkom op die arbeid van die vrou in die private sfeer van die huis. In die OB het die kwaliteit van *selfstandigheid* hoofsaaklik sy klimaks bereik in die geledere van OB-vroue se gebruik van die *volksmoeder* as norm vir vrouearbeid – veral in die geval van die spin van wol.

Selfstandigheid kan in die geval van die OB gekoppel word aan die idee dat die vrou op haar eie voete moet kan staan as huisvrou en nie afhanklik is van kapitalistiese verbruikersgoedere om oor die weg te kom nie. Die vrou vervaardig self die verbruikersgoedere wat nodig is vir die huishouding – vandaar haar selfstandigheid. So skryf Postma dat “selfstandigheid is die hoofelement van karakter en daar sit karakter in die Boervrou.” Sy beskrywing van die selfstandigheid van die Boervrou sou ’n groot invloed uitoefen op die tipe arbeid wat gedoen moes word deur ’n *volksmoeder*. Die idee is dat die vrou deur haar arbeid sorg vir die huishouding sonder om afhanklik te wees van enigiets of iemand behalwe haar man. Postma verstaan selfstandigheid dan ook hoofsaaklik as iets wat plaasvind deur vrouearbeid:

Die nie nodig om te herinner aan die gesonde trots van die Boervrou in alles wat “sij self gemaak het” en die smaad waarmee sij dié aansien, wat “die laaste ding in die winkel koop.” Haar klere, haar seep, haar lekkernije, dis alles wat sij self maak. En daar is vrouens, wat skoene maak en die klere vir die man. Ons krij Boervrouens op die plaas, wat hulle eie hoede maak en hulle huis versier met hulle eie kunswerk van allerlei aard. Dis die roem en die eer van die Boervrouw om selfstandig te wees – gee haar net die kans, leer haar net die weg – en sij kom klaar, al is dit met ’n knipmes en ’n hoenderveer.⁶⁶

Postma se woorde plaas die rol van selfstandigheid en huismoederlikheid in die *volksmoeder*beeld van die OB in perspektief. Die gesinsbeleid is duidelik beïnvloed deur die simboliese betekenis voortspuitend uit die volksmoederdiskoers en die beperking van die vrou tot die huislike lewe. Dit dien ook as norm vir arbeid deurdat die huisvrou se arbeid sentreer rondom die *gesin* en haar *huishouding*. Selfstandigheid is weer veral te bespeur in die praktiese werksklasse van die OB wat ’n aktiewe konstruksie van identiteit deur vroue self was.

⁶⁶ W. Postma, *Die Boervrouw: Moeder van haar volk*, pp. 95-96.

Binne die geledere van die OB het die skaarstes wat veroorsaak is deur die Tweede Wêreldoorlog die kwaliteit van selfstandigheid nog te meer op die voorgrond gebring. Die kwaliteit is verder nie net gekoppel aan die skaarste van goedere wat vroue genoodsaak het om selfstandig op te tree nie, maar is ook ideologies geregverdig in die OB as deel van die genderorde. Die *volksmoeder* het gedien as riglyn vir hoe vroue selfstandig kan wees – hulle was deel van ’n diskoers wat alreeds aan die gang was. In lyn met die OB se klem op opvoeding is daar verskeie omsendbriewe uitgestuur om die vrou te leer hoe om selfstandig te wees. Die opvallendste is die idee van “maak iets uit niks nie” wat in die OB “rommelartikels” genoem is.⁶⁷ Selfstandigheid was nou verbonde aan spaarsamigheid en vroue het “lesings, demonstrasies en wedstryde oor besuiniging in die huishouding” gehou.⁶⁸ Die belangrikste punt van huismoederlikheid en selfstandigheid is dat dit deel was van die *volksmoeder*, gegrond op biologiese essensialisme en uiteindelik die vroue in die OB se keuse om wol te spin, beïnvloed het.

Die spin van wol was “tipies” vroulike arbeid deurdat dit in die eerste plek gefokus het op die *eie voorsien* van naaldwerkmateriaal vir OB-vroue en deurdat dit in die tweede plek *self gebruik* kon word om klere en verbruikersgoedere vir die huishouding te maak. Dit is arbeid wat gegrond is in die essensiële aard van die vrou deurdat dit gekoppel kon word aan die idee dat “biology is destiny” deurdat die uitleef van die vrou se “hoogste roeping” in die OB die versorging van haar gesin insluit. In die arbeidskema van die OB is “naaldwerk van enige soort” telkens gebruik as voorbeeld van vrouearbeid en as die belangrikste vorm daarvan in die huishouding.⁶⁹ Die spin voldoen aan die vereiste van huismoederlikheid en terselfertyd ook aan die vereiste van selfstandigheid deurdat die vrou geleer word hoe om *self* die roumateriaal te omskep in ’n verbruikersartikel. Teen die agtergrond van die genderorde is die spin van wol “aanvaarbare arbeid” vir die vrou en ook ’n uiting van die *volksmoeder*.

Genle. Meyer se keuse van die spin van wol vir die vroue van Gebied C se groot werksklas en arbeidspoging dui op haar verstaan van gender as norm vir die verdeling van arbeid. Sy het arbeid gekies wat ooreenstem met die OB se amptelike beskouing van die vrou. Dit wys dat

⁶⁷ OBA: Cronjé, G.-vers., B.L 2/11, omslag 3: Die maak van rommel-artikels.

⁶⁸ OBA: J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 5: Spaarsaamheid.

⁶⁹ OBA: *Die OB*, 10.12.1941.

vroueleiding in die OB die *volksmoeder* geïnkorporeer het in hulle eie keuses van arbeid en dat hulle die beeld aangeneem het en uitgeleef het op hulle eie manier. Die spin van wol is OB-vroue se interpretasie van die tipe arbeid wat sou ooreenstem met die kwaliteite van 'n *volksmoeder* waarvan huismoederlikheid en selfstandigheid die meeste uitstaan. Nie net die *volksmoeder* nie, maar die spin van wol self word so 'n kultureel-beskikbare simbool van *vrouearbeid* wat binne die diskoers val van die “ideaal van vrouwees”. Dit dui daarop dat vroue self gebruik gemaak het van die diskoers van die *volksmoeder* om nie net die tradisionele grense daarvan te oorskrei deur byvoorbeeld hulleself te verset teen die Tweede Wêreldoorlog nie, maar om ook *binne* die meer tradisionele grense van die genderorde hulle rol van moederskap self te skep en aanvaar. So is die dinamika van vroue se gebruik van die *volksmoeder* in die OB duidelik. In die woorde van L. Vincent: “Afrikaner women employed an ideological device which served to reinforce the notion that women possessed certain natural predispositions which could legitimately circumscribe their social capacity in a variety of ways.”⁷⁰ Dit geld by uitstek ook vir vrouearbeid in die OB. Die *volksmoeder* het nie net in die arbeidsdiens van die vrou opgetree as versameling sosiale betekenis wat optree as norm vir die verdeling van arbeid nie. Verdere kwaliteite van die *volksmoeder* is ook te bespeur in die volksorgtaak van die vrou wat uiting gevind het in die vorm van die Noodhulpfonds.

7.1.3 Die sorgende kwaliteite van die *volksmoeder*: Gender, volksorg en die Noodhulpfonds

Soos genoem, is daar hoofsaaklik twee kwaliteite van die *volksmoeder* wat by uitstek gemanifesteer het in die OB, naamlik 1) die *volksmoeder* se vryheidsin en sin vir onafhanklikheid wat uiting gevind het in OB-vroue se verset teen Suid-Afrika se oorlogspoging en 2) moederskap en alles wat met hierdie konsep gepaard gaan. Laasgenoemde het veral uiting gevind in die amptelike beleid van die OB sowel as vroue se keuse van werksaamhede as deel van volksorg. Die manifestasie van die vryheidsin van die *volksmoeder* onder OB-vroue is in besonderhede uitgepluis in Hoofstuk 4 en 5. Hoofstuk 6 het begin dui op die manifestasie van die ideologie van moederskap in OB-beleid en in hierdie hoofstuk is daar gedui op vroue se interpretasie van *volksmoederskap* deur hulle keuse van tipes “versorgende arbeid” wat ooreenstem met die idee van moederskap, te verken. Wat is dit wat die bogenoemde tipes arbeid

⁷⁰ L. Vincent, ‘The power behind the scenes’, p. 73.

laat deelvorm van die gekonstrueerde idee van “moederskap” – die vrou se “hoogste roeping”? Ons kan van die standpunt uitgaan dat die primêre kwaliteit waarop die idee van moederskap, en gevolglik ook *volksmoederskap*, in die OB gebou is, dié is van versorging. In die OB is versorging beide partikulier en universeel gehanteer en het hoofsaaklik kop uitgesteek in vroue se reeds genoemde volksorgwerksaamhede en natuurlik die Noodhulpfonds. Vervolgens word die sorgende karaktereienskap van die *volksmoeder* in die OB verken teen die agtergrond van gender.

Wanneer Scott se definisie van gender in herinnering geroep word, is dit belangrik om nie uit die oog te verloor dat gender optree as ’n legitimeerder van mag nie. Die sorgende kwaliteit van moederskap is nou verbonde aan die konseptuele praktyke van mag teen die partikuliere en universele agtergrond. Organiese nasionalisme versterk die twee bene van die vrou in die konseptuele praktyke van mag deurdat die vrou se posisie in die gesin ook wat versorging betref, geabstraheer word tot ’n soort politieke posisie. Die partikuliere interpretasie van versorging kan gesien word as deel van die vrou se beperkte posisie in die huis – die versorging van haar man en kinders deur te sorg vir die bevrediging van hulle onmiddellike behoeftes. H. O’Connel skrywe hieroor dat

[t]he idealization of the institution of motherhood as all-powerful, strong and caring brings with it the implication that mothers alone have full responsibility for child-bearing and all the related household caring and domestic work. On the altar of maternity women have sacrificed many aspects of their lives, accepting their exclusion from various social spheres and taking a series of responsibilities with their husbands and children which should actually be shared with them and other social institutions.⁷¹

Die *volksmoeder* versag egter hierdie genoemde beperking en gee aan vroue die vermoë om hulle invloed te laat geld in “various social spheres.” Wanneer die universele ter sprake is, is die vrou nie uitgesluit nie, aangesien die politieke aard van die *sorgende volksmoeder* hier meer pertinent op die voorgrond tree. Vroue het hierdie interpretasie van die volksmoeder – naamlik die vrou se rol as *openbare versorger van die volk* – in partikuliere terme gesien deur die idee van organiese

⁷¹ H. O’Connel, *Women and the family*, p. 37.

nasionalisme te volg, naamlik dat die versorging van die volk begin by die versorging van die *kind* in sy of haar *opvoeding* wat ontvang word vanaf die hand van die moeder. Die opvoedings- en versorgingsrol van die vrou in die partikuliere sfeer van die gesin het dus so 'n rimpeleffek waarvan die invloed van hierdie versorging dit laat geld ook in die politieke terrein wanneer die behoud van die volk ter sprake is.

In 'n uitlating wat die leser byna laat dink sy het kennis gehad oor die konseptuele praktyke van mag, skryf mev. Elly Holm die volgende oor die vrou se rol in Afrikanerkultuur:

Ons weet dat die versorging en behoud van kulturele waardes in praktyk in die hande van die vrou lê – selfs al sou mans hulself wetenskaplik en teoreties veel meer daarmee besig hou. Dit is die vrou wat 'n tuiste skep. Sy druk haar stempel af op werksdae en feesdae. As moeder is sy beheerder en bewaarder van oeroue kultuurgoedere. Van haar leer die kind die taal en sy eerste lied. Van die moeder kry hy sy eerste speelgoed en deur haar oë leer hy die wêreld sien – vorm hy 'n wêreldbeskouing.⁷²

Die Ossewa-Brandwag kon dalk onder dr. Van Rensburg die konseptuele, universele, ideaal van 'n organiese Christelik-Nasionale republiek gehad het, met kultuur wat daartoe bydra, maar dit was die partikuliere werksaamhede van die vrou wat dit sou moontlik maak vir kultuuraktiwiteite om die doelwitte van die volksbeweging te dien. In die bogenoemde aanhaling vind ons 'n wye interpretasie van die *volksmoeder*. Mev. Holm was bewus van die feit dat dit uiteindelik die vrou is wat die toekomsdraer van die Afrikanerkultuur is. So interpreteer sy die rol van die moeder in die *huis* as 'n politieke rol wat nie noodwendig moet behoort tot die formele politiek om mag oor die toekoms van die volk te hê nie. As die kind nie aan die hand van die moeder die “oeroue kultuurgoedere” of “die taal” leer nie, kan die doelwitte van die nasionale beweging nie verwesenlik word nie. Die vrou moet in haar kapasiteit as moeder *sorg* dat die kind so opgevoed word. So word dit duidelik dat die betekenis van “volksorg” veel meer is as net die versorging van geïnterneerdes se families.

⁷² OBA: E. Holm, “Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns” in *OB Jaarboek 1948*, p. 24.

Holm se artikel is voorts ook deurtrek met primordialisme en dui op 'n vrou se eie eiening van biologiese determinisme in die konstruksie van haar idee van vroulikheid. Teen die “vreemde invloede” waaraan die Afrikaner in die stad blootgestel word, verset mev. Holm haar en benadruk die rol van die moeder in die bewaring van die “volkseie.” Sy gebruik essensialisme om haar argument te steun: “Daar is... 'n wet – net so onverbiddelik soos enige natuurwet: wat wesensvreemd is, kan mens oorneem maar nie behou nie. Net die dinge kan ons behou en waaragtig besit wat deur 'n moeitevolle wordingsproses ons eiendom geword het en wat vol is van ons eie bloed en lewe.”⁷³ Holm sien die vrou as iemand wat hierdie “wet”, hierdie “natuurwet” beter begryp as enigiemand anders deurdat sy die vrou sien as iemand wat hierdie “natuurlike gang van dinge” verstaan, aangesien sy in haarself dit kan aanvoel. Holm neem so deel aan die *volksmoederdiskoers* deur die volgende “wette” vir vroue neer te lê:

Die vrou voel die wese van hierdie dinge aan, begryp die wil van die natuur uit haar eie struktuur. As ons nou verstaan dat dit nie mooi is wanneer 'n oliekleed soos marmer lyk nie; as ons verstaan dat 'n jong moeder nie soos 'n rolprentster mag lyk nie; as ons verstaan dat die Voortrekkers nie as reklamemiddel vir brandewyn, sykouse of koelkaste mag dien nie; as ons dit verstaan dan begryp ons twee grondbeginsels van alle egte kultuur, alle egte kuns en egte verfyning. Die twee primêre wette moet baanbrekerswerktuie in ons hande wees. Hulle lui: Eerstens: Moenie anders of meer skyn te wees nie as wat jy is. Dit beteken: besit 'n natuurlik trotse selfbewussyn binne jou eie kring; wees saaklik in ondersoek; wees trou aan die materiaal waarmee jy werk! Tweedens (ook dit uit die werkinge van die natuur self): Wees spaarsaam in die keuse van jou middele! Dit beteken: beskeidenheid en tug in alle uitwendige dinge as blyk van volkome beheer daaroor [sic].⁷⁴

Holm se klem op die “natuurlike” en die “wet” is veelseggend. Vroue het self, apart van die amptelike beleid van die OB, geslagtelike verskil gesien in terme van biologiese determinisme. Haar woorde herinner aan Vincent se uitlating dat vroue die *volksmoederbeeld* gebruik het as “ideological device which served to reinforce the notion that women possessed certain natural predispositions which could legitimately circumscribe their social capacity in a variety of

⁷³ OBA: E. Holm, “Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns” in *OB Jaarboek 1948*, p. 24.

⁷⁴ OBA: E. Holm, “Vir die OB vrou: Die vrou en die kuns” in *OB Jaarboek 1948*, pp. 24, 26.

ways.”⁷⁵ Holm se beeld van die vrou is gebou op die geloof dat vroue beskik oor hierdie sogenaamde “natural predispositions” waaruit die sorgende kwaliteite van die moeder voortvloei. Alhoewel hierdie voorbeeld dui op *opvoeding* as deel van die moeder se sorgende kwaliteite, kan die idee van die sorgende moeder ook op die reeds genoemde werksaamhede van die vrou ideologies toegepas word. Buiten die werksaamhede wat die vrou ook in staat stel om vir haarself te sorg (soos die spinkursus en vrouearbeid), is daar ook in die OB die geleentheid aan vroue in die OB gebied om vir *mekaar* te sorg, naamlik in die vorm van die OB Noodhulpfonds.

In Hoofstuk 4 is ’n beskrywing gegee van die Noodhulpfonds. Ná reorganisasie is die Fonds gesien as een van die hoofinstrumente van *volksorg* en steeds die belangrikste motivering vir die insameling van fondse. Tot en met 1948, toe die laaste gevangene uit die tronk gelaat is, was dit een van die hoofwerksaamhede van vroue.⁷⁶ Trippense, sikspense en sjielings het uit alle oorde van Suid-Afrika maandeliks ingestroom na die Noodhulpkantoor in Johannesburg. Die uitgawes van bystand was op een stadium naby £3000 per maand, maar ten spyte hiervan kon die betalings elke maand gemaak word. G. Cronje skrywe: “Teen die einde van die maand as die honderde tjeks die kantoor verlaat het, was die kas feitlik leeg; maar die volgende maand toe die tjeks weer geteken moes word, was die geld weer daar.”⁷⁷ Met die afsluiting van die fonds is daar oor ’n tydperk van agt jaar meer as £120 000 ingesamel vir die Noodhulpfonds.⁷⁸

Alhoewel die insameling van fondse en die verdeling daarvan onder die gesinne op sigself ’n “sorgende” aktiwiteit is, is die rol van die vrou in die Noodhulpfonds ná reorganisasie (met die sterker klem op *volksorg*) geskets as iemand wat nie werk met hulpbehoewendes nie, maar wel met gelyke volksgenote. Vroue se noodhulpfondsaktiwiteite moes ’n unieke karakter aanneem – een wat *nie* ooreenstem met ’n karakter van liefdadigheid nie. So word die riglyn gegee dat “[dit] moet altyd in gedagte gehou word dat die geldelike hulpverlening slegs ’n onderdeel van die Noodhulpversorging is. Aan die sosiale en geestelike versorging moet soveel moontlik aandag bestee word.” Dit is oor en oor vir vroue benadruk “dat die huisgesinne gereeld besoek moet word. Hierdie simpatieke belangstelling is van die allerhoogste waarde. Veral moet die moeders

⁷⁵ L. Vincent, “The power behind the scenes”, p. 73.

⁷⁶ OBA: Bandopnames, onderhoud (tr.), bandnrs 34-35, 1979: Herinneringe van G. Cronje.

⁷⁷ G. Cronje, “O.B.-Noodhulp”, in Stoker, H.G., *Agter tralies en doringdraad*, p. 415.

⁷⁸ E. Theron. *Sonder hoed of handschoen*, p. 42.

nooit die gevoel kry dat hulle alleen staan nie. Sorg ook dat die besoeke wederkerig is.”⁷⁹ Ná reorganisasie is die aanpak van die Noodhulpfonds en gepaardgaande aktiwiteite ook geskets op die grondslag van die doelwitte van Sosiale Volksorg.

Die rol van die vrou in die Noodhulpfonds is dan ook dit wat die meeste geprys is deur diegene wat vanaf die OB hulp ontvang het in hulle tye van nood. In die versamelwerk van die BOPG, *Agter tralies en doringdraad* word dit gestel dat “dit was die vroue wat die grootste bydraes gedoen het tot die geldelike behoeftes van die Ossewabrandwag, beide in sy gewone administratiewe organisasie en sy noodhulpaksie, en sonder die werk en bydraes van die Afrikanervrou sou die hele beweging eenvoudig in onmag verloop het.”⁸⁰ Vroue se versorging via die Noodhulpfonds is baie simbolies gesien. Die vrou is opgehef as ’n sterke krag, ’n moeder met deursettingsvermoë, offervaarigheid, onkreukbaarheid en bereidwilligheid om sterk te staan vir haar gesin en volksbeweging. Daar is verwys na die “onbuigbare gees van die Boerevrou wat deur geen verdrukking of lyding van koers gebring kan word nie.”⁸¹ Tydens ’n Vryheidsdagviering van 8 Maart 1947 het die oud-gevangenes hulde gebring aan hierdie kwaliteite van die vrou deur A.G. Visser se woorde aan te haal:

Hulde aan skoonheid liefde en trou,
aan die adel van ’n Vrou
totdat geen ster meer skyn.⁸²

Die manlike hoof van die vroue-afdeling, AKG J.A. Smith, het die OB-vrou gesien as “die grootste morele krag van die Afrikanervolk” en het haar arbeid in volksorg en die Noodhulpfonds beskou as iets wat lei tot “die beste resultate deur die inspanning van vrouekragte” en die “bevordering van die hoogste mate van volksgeluk, beide geestelik en stoflik.”⁸³ Ten spyte van die hoë lof waarmee die vroue se sorgende arbeid in spesifiek die Noodhulpfonds besing is, is daar ’n ironiese sy daaraan as die propaganda van die Fonds onder

⁷⁹ OBA: Gebied A-vers., B/L 5(i)(a)/3, omslag 15: Noodhulpversorging (Algemeen).

⁸⁰ F. “Die vrou in die oorlogsjare” in H.G. Stoker, *Agter tralies en doringdraad*, p. 397. (Outeur word na verwys as “F.” in die versamelwerk.)

⁸¹ OBA: *Die OB*, 08.07.1942.

⁸² OBA: *OB Jaarboek 1948*, p. 75.

⁸³ OBA: J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Toespraak: J.A. Smith, “Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag”.

die vergrootglas geplaas word. Alhoewel die vrou beskou is as iemand met die hoofkwaliteite van sorg, was dit die doel van die Noodhulpfonds om te sorg vir vroue en kinders wat nie meer kan staatmaak op die finansiële sorg van die man nie. Die “sorg” van die vrou beteken dus alles behalwe finansiële sorg. ’n Vrou wat finansiëel sorg is een wat die beroepsarbeid betree het en so nie haar “hoogste roeping” kan nakom nie. Die vroue van geïnterneerdes en politieke gevangenes was getroude vroue met kinders en binne die genderorde en –ideologie van die OB was dit onaanvaarbaar vir hierdie vroue om nou werk te gaan soek. Vandaar die Noodhulpfonds wat moes toesien dat die vrou wel haar hoogste roeping kon nakom. Dit is dus nie verbasend dat die amptelike propagandaplakkaat van die Noodhulpfonds die vrou se “onvermoë” om finansiëel vir haarself en haar kinders te sorg uitgebeeld het nie:



Figuur 7(d): Amptelike propagandaplakkaat van die OB Noodhulpfonds⁸⁴

⁸⁴

OBA: Pamflette: OB, “Noodhulpfonds”.

Die vrou in die plakkaat is 'n moeder wie se “hoogste roeping” in die gedrang geplaas is, omdat die broodwinner van haar gesin agter tralies geplaas is. Alhoewel mev. Holm verwys het na die “natuurlike” krag van die vrou wat van haar 'n politieke agent maak, is dit juis ook daardie “natuurlike” aard wat die vrou, as moeder, beperk tot die huis. Die vrou is beperk deur haar natuurlike liggaam – “biology is destiny” – en kon vanweë haar verantwoordelikheid as moeder luidens die genderorde van die OB nie 'n beroep gaan beoefen om vir haar gesin te sorg nie. Die sorg van die vrou lê nie in die beoefening van beroepsarbeid nie. Dit wil selfs voorkom of die vrou in die plakkaat borsvoed wat nog verder dui op die *beperking* van die vrou tot die huishoudelike sfeer veroorsaak deur haar biologiese liggaam. So was die Noodhulpfonds, en by implikasie ook *volksorg*, 'n middel om die heersende genderorde en verdeling van arbeid in stand te hou. Die volk het ingestaan as man vir die vrou: “Die volk dra haar kruis”:

Die Noodhulpfonds is gestig om te help in die nood. Toe die broodwinner nie sy verpligtinge kon nakom nie, het die volk ingetree as vader van sy gesin en deur die Noodhulpfonds in hulle behoeftes voorsien. Woorde kan nie beskryf wat dit in daardie tye vir 'n moeder en kindertjies beteken het nie! Daardie hulp het haar lot draaglik gemaak. Haar volk het haar gehelp om haar kruis te dra. Haar leed is versag. Sy het nie finansiële kommer gehad nie. Daarom kon sy haar kindertjies, wat die leiding van die vader moes ontbeer, versorg en opvoed; en kon sy haar lot dra soos dit 'n Afrikanervrou waardig is.⁸⁵

Ons sien dus in volksorg 'n teenstrydigheid en spanning. Die vrou kan net sorg as daar finansiëel in haar behoeftes voorsien is. Die vroue wat bygedra het tot die Noodhulpfonds het gehelp om die genderorde in stand te hou deur toe te sien dat hulle susters “nie finansiële kommer” gehad het nie. Die OB het so ingetree vir die gevange vaders ten einde die vrou as sorgende moeder in staat te stel om haar hoogste roeping na te kom *totdat* die mans uit die tronk weer hierdie taak kon behartig. In die patriargale orde van die OB kom dit daarop neer dat die vrou, sonder die man – die broodwinner vader – tog hulpeloos is. Aan die ander kant is die “volk” wat die vrou deur die Noodhulpfonds gehelp het eintlik die Vroue-afdeling van die OB wat finansiëel gesorg het vir hulle susters. Die woorde van A. McClintock kan duidelik in hierdie stand van sake bespeur word wanneer die sorgende kwaliteit van die *volksmoeder* ter sprake is, naamlik as deel van “a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and

⁸⁵ OBA: *Die OB*, 13.12.1944.

women”.⁸⁶ As sorgende volksmoeders het vroue ook by wyse van volksorg deelgeneem aan die genderpolitiek van die OB en was hulle werksaamhede ongetwyfeld polities van aard. Vroue het ook hulle stemme laat hoor in die interne politiek van die OB sowel as die partypolitiek van die dag.

7.2 “Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?”⁸⁷: OB-vroue en politiek

Teen hierdie tyd is dit duidelik dat die OB se hipernasionalisme ’n sterk invloed uitgeoefen het op beide die agentskap van vroue en die ideologiese beeld wat rondom vroue gekonstrueer is. Die OB-weergawe van die *volksmoeder* sien die vrou as iemand met ’n afgebakende taak nie net in die gesin nie, maar ook in die openbare lewe. Vroue is erken as politieke agente in die beweging deur die leiers van die beweging sowel as deur die hiërargiese indeling van die OB. Voorts het die OB aan vroue ’n platform gegee om hulle menings oor politieke kwessies uit te spreek. Die feit dat die vrou se rol in die openbare lewe “afgebaken” is (met betrekking tot volksorg) dui op die invloed wat gender gespeel het as ’n legitimeerder van mag. Daar is wel meer mag toegeken aan mans in die formele politiek as aan vroue, maar dit was juis die hipernasionalistiese volksmoederbeeld van die OB wat vroue kon gebruik om ook hulle stemme te laat hoor in die openbaar en nie net deur die performatiewe agentskap van vroue as doeners van gender en nasionalisme nie. Gewapen met die titel “volksmoeder” het vroue gebruik gemaak van die middele in die OB om op drie weë op te tree as aktiewe agente waar politiek en nasionalisme ter sprake is. Die leser word herinner aan die woorde van L.M. Kruger:

“... women were active agents of Afrikaner nationalism on three different, but related, levels. They firstly served the nationalist cause in organisations and actions of an explicitly political nature. In the second place they were instrumental to Afrikaner nationalism as the active members of public women’s organisations, even if these were not explicitly political organizations, but welfare organizations or cultural groupings. Thirdly, on a much more basic level, as mothers, wives and houseworkers, they also contributed to Afrikaner nationalism in the private sphere of their own households.”⁸⁸

⁸⁶ A. McClintock, *Imperial leather*, p. 378.

⁸⁷ OBA, *Die OB*, 07.10.1942.

⁸⁸ L.M. Kruger, “Gender, community, identity”, p. 23.

As selfbenoemde volksorganisasie het die OB al drie die bogenoemde vlakke geïntegreer in sy organisasie. As nasionalistiese beweging kon vroue die Afrikanersaak bevorder by wyse van posisies as vroueleidsters in die OB. Dit het hulle toegang gegee tot die pers en openbare optredes waar die saak bevorder kon word. Binne die OB self was die vroue-afdeling wat nie eksplisiet politiek was nie, maar wat deur volksorgwerksaamhede 'n bydrae kon lewer tot die OB se stryd vir die “Afrikanersaak”. Soos reeds aangedui, het vroue ook opgetree as politieke agente as moeders en huisvroue en haar rol in die gesin, soos uiteengesit in die gesinsbeleid, is langs die ideologiese lyn van organiese nasionalisme as 't ware geskets as 'n eksplisiete politieke daad.

Bogenoemde kom baie duidelik na vore in 'n artikel in *Die OB* getiteld “Kan die vrou haar volk dien deur haar huis?” Hierin word aangevoer dat die vrou vergelyk kan word met die fabriekswerkers wat in 'n oorlog deurentyd werk om wapens aan die veggende soldate (die mans) te voorsien: “Net soos die werker aan die tuisfront sy deel tot die oorlog bydra, net so dra die vrou haar deel by tot die opbou van die volk wanneer sy in haar huis haar pligte teenoor haar gesin vervul.” Daar word verklaar dat die grootste diens wat die vrou aan die volk kan lewer, die opvoeding en vorming van haar kinders is “sodat hulle waardige lede van die volk kan wees”. So word haar werk in die gesin beskou as 'n politieke daad. In die OB is die vrou se bydrae tot die politiek egter nie totaal gesien in terme van Kruger se stelling nie. Die man is steeds in die OB gesien as die een wat die politieke hef in die hand het. So word daar geskrywe: “Deur haar huis kan die vrou verder volksdiens verrig as sy haar man besiel om sy dagtaak te doen nie net vir homself of sy gesin nie, maar vir sy volk.”⁸⁹

Só 'n beskouing kan natuurlik gesien word in die lig van Kruger se mening dat vroue in die private sfeer van haar huishouding bydra tot nasionalisme deur die “besieling” van haar man, maar in die OB het vroue hulleself geensins in hulle *aksies* beperk tot die huishouding nie. In hulle “afgebakende” gebied het OB-vroue gebruik gemaak van die meer politieke aard van die *volksmoeder* om hulle stemme te laat hoor oor verskeie politieke kwessies, naamlik in die OB self en in die breë Suid-Afrikaanse politiek van die dag.

⁸⁹ OBA, *Die OB*, 07.10.1942.

Die doel van hierdie afdeling is om spesifiek te fokus op die politieke agentskap van OB vroue as deel van die politieke *diskoers* in die OB en die breë samelewing. Daar word gelet op wat vroue-leidsters *self te sê* gehad het oor die Ossewa-Brandwag se taak en die politieke gebeure van die 1940's. Voorts word daar veral gelet op hoe vroue hulle eie posisie in die OB geïnterpreteer het teen die agtergrond van die reeds genoemde “amptelike konstruksie” van die vrou.

7.2.1 Vrouestemme: OB-leidsters oor die Ossewa-Brandwag as volksbeweging en hulle eie posisie en beeld in dié beweging

Dat OB-vroue erns gemaak het met hulle amptelike posisie in die OB, tree vir die eerste maal sterk na vore in 1942 toe die Grootraad begin het om die wiel van reorganisasie aan die rol te sit. Op 'n Grootraadsvergadering van 1 Oktober 1942 is G. Cronjé se memorandum insake vroue-volksorg (en die Vroue Volksorg Vertakking) vir die eerste maal ter tafel gelê. Geen vrou was op hierdie vergadering teenwoordig nie. Die lede van die Grootraad het besluit om Cronjé se voorstelle te verwys na 'n komitee vir oorweging, bestaande uit AKG J.A. Smith en genl. F. du Toit van Zyl van Kaapland, wat 'n rapport moes indien vir die dagbestuur van die OB.⁹⁰ Daar het egter verwarring ontstaan en gerugte het die rondte gedoen dat die voorstelle by hierdie spesifieke vergadering aanvaar is sonder om die vroue in die saak te ken.

In 'n brief aan J.A. Smith verwys A.J.H. van der Walt, sekretaris van die Grootraad, na 'n uittreksel uit 'n dagbestuursnotule wat soos volg lui: “Intussen het moeilikhede ontstaan deurdat die Memorandum in Kaapland as 'n offisiële stuk van die Grootraad aangesien is. Die bestaan en inhoud daarvan het by die vroue opspraak en ontevredenheid verwek.” Van der Walt het Smith aangeraai om aan die Vroue-adjunkrade van die OB mee te deel dat die memorandum nie 'n amptelike stuk van die Grootraad is nie, maar net 'n studiestuk en “dat geen stappe dienaangaande geneem sal word voordat die Vroue-adjunkrade behoorlik geraadpleeg is nie.”⁹¹

In antwoord op Van der Walt se brief skrywe Smith dat hierdie bewering geensins korrek kan wees nie. Hy noem dat hy die enigste persoon is wat die Kaaplandse vroue genader het om hulle

⁹⁰ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/2/12: Notule van vergadering, 01/10/1942.

⁹¹ OBA: Grootraad-vers., B/L 1/1/1: Korrespondensie, A.J.H. van der Walt/J.A. Smith, 13.11.1942.

menings “oor ’n moontlike inskakeling van die bestaande vroue-organisasie vir die voorgestelde vroue-volksorg” in te win. Na gedagtewisseling met Mev. du Toit, Mev. Conradie en Mev. Van Zyl het dié drie vroue “hulle volle goedkeuring aan die rapport geheg” en die rapport met ’n brief na die stafhoof gestuur. Smith beweer dat “iemand kwaadwillig gehandel het om die rapport by die Dagbestuur in te dien as offisiële stuk” dat daar dissiplinêre stappe geneem moes word.⁹²

Of iemand kwaadwillig gehandel het deur die memorandum voor te hou as amptelike stuk en of dit ’n administratiewe flater was, maak nie regtig saak nie. Die belangrike punt is dat besluite oor die Vroue-afdeling en vroue-aangeleenthede in die OB nie gemaak is sonder die goedkeuring van die vroue nie. Die voorstelle en memorandums is wel deur mans opgestel, soos deur G. Cronjé, maar kragtens die konstitusie van die OB was dit onderhewig aan die goedkeuring van die leierskap van die OB waarvan die vroueleidsters ’n belangrike deel uitgemaak het. Dat die korrespondensie plaasgevind het oor die “moeilikhede wat ontstaan het” omdat sommige OB-vroue gedink het hulle word uit die besluitnemingsproses gesluit dui op die bemoeienis wat vroue gemaak het met hulle rol in die OB. Hulle het nie slaafs die beleidsbesluite van die mans nagevolg nie, maar is geken in die saak en daar is “opspraak en ontevredenheid” binne hulle geledere verwek – of die memorandum nou kwaadwillig voorgehou is as amptelike stuk of nie. Vroue sou dan ook deurgaans hulle stemme laat hoor in die OB.

Dit was veral die verskillende vroueleidsters wat in staat gestel is om deur die mondstuk van die Ossewa-Brandwag, *Die OB*, hulle menings oor die belangrikheid van OB as beweging sowel as hulle eie posisie in die organisasie in die openbaar bekend te maak. Vervolgens word hieraan aandag geskenk.

In drie oproepe vir OB-dag koppel vroue hulle werksaamhede aan politiek en by implikasie Afrikanernasionalisme. In *Die OB* van 9 Mei 1945 word geskrywe dat “die ideaal wat die vroue in die OB aanmekeerbind [is] dat sy werk om haar volk diepverskeurd, uitmekaargejaag weer bymekaar... bring.” Hierdie “werk” wat bydra tot die nasionalistiese ideaal van volkseenheid is gekoppel aan haar taak as fondsinsamelaar: “dit is die vrou se bydrae tot die stryd vir verwesenliking van hierdie ideaal dat sy haar spaartyd en volle kragte sal gee vir die insameling

⁹² OBA: Grootraad-vers., B/L 1/1/1: Korrespondensie, J.A. Smith/A.J.H. van der Walt, 25.11.1942.

van fondse vir Ossewabrandwagdag.”⁹³ Vanuit dieselfde oord skrywe genle. K. Malan van Gebied E dat die OB daartoe bydra om toe te sien dat die Afrikanersaak gehandhaaf word en die enigste manier om dit te handhaaf, is om toe te sien dat die volksbeweging genoeg geld maak op Fondsdag.⁹⁴ In 1948, ná die oorwinning van die Nasionale Party, roep genle. Mosterd die OB-lede van Gebied C op deur te verklaar “die vyand is verslaan, maar nog nie vernietig nie.” In haar oproep om Fondsdag herinner sy die lede dat “sonder fondse moet ons die stryd gewonne gee.” Haar regverdiging is dat die OB se taak nog geensins afgehandel is nie en daarom moet “elkeen [sy] plig doen, om so ons eindoorwinning te bereik, nl. ons Christelike nasionale Republiek waarvoor ons stry en gewillig is om te ly.”⁹⁵ Hierdie drie oproepe dui daarop dat vroue self hulle algemene taak in die OB selfs ná die verkiesing van 1948, toe die OB se doodsklokke begin lui het, as ’n politieke daad gesien het. As vroue hulle taak in hierdie lig beskou het, beteken dit dat die OB vir hulle ’n middel was waardeur hulle politieke agentskap kon uitoefen. Vroue se menings oor die OB se belangrikheid en hulle posisie in die beweging kom egter die sterskste na vore in die artikels wat vroueleidsters vir *Die OB* geskrywe het tussen 1943 en 1946. Teen 1947 was daar ’n duidelike verskuiwing in die artikels van vroue toe dit duidelik geword het dat die OB nie baie langer sou bestaan nie.⁹⁶

OB-vroue het hoofsaaklik gebruik gemaak van die volksmoederdiskoers om hulle posisie in die OB te beskryf en daarmee saam hulle aanvaarding uitgespreek van die OB se amptelike beskouing van die vrou. Vroue het hierdie beskouing geïnterpreteer as een wat aan die vrou groot belangrikheid toeken. So skrywe genle. A.C.M. Mostert dat die OB sonder die vrou geen OB is nie, “net so min as die Ossewa van die verlede vir ons enige betekenis sou gehad het sonder die vrou. Sy ry nie net saam nie, sy werk saam, sy ly saam, sy offer saam.” Mostert meen dat die vrou die hart van die OB is en as jy haar sou wegneem, bly daar net ’n “lewenlose liggaam” en ’n “dop sonder ’n kern” oor.⁹⁷ Genle. Meyer het uitgebrei hierop deur te noem dat die rede vir die belangrikheid van die vrou hoofsaaklik is dat sy “die sedelike stand van die volk hoog moet hou” en dat sy die een is wat die volkseie aan die volgende geslag moet oordra.⁹⁸ Vir genle. Du Toit is

⁹³ OBA: *Die OB*, 09.05.1945.

⁹⁴ OBA: *Die OB*, 09.07.1947.

⁹⁵ OBA: *Die OB*, 16.06.1948.

⁹⁶ Sien afdeling 7.3.

⁹⁷ OBA: A.C.M. Mostert, “Die vrou in die Ossewa-Brandwag”, in *OB Jaarboek 1948*, p. 13.

⁹⁸ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

die vrou belangrik, want vir haarself vra sy niks: “Sy is bereid om te dien en te gee, in die toekoms net soos in die verlede.”⁹⁹ Die verwysing na die verlede is veelseggend. Dit is in die geskiedenis waar die vrou se kwaliteite gekweek is wat haar só ’n belangrike deel van die OB maak. Vroue self het die mitiese konstruksie van die *volksmoeder* in die verlede gepropageer as die model vir die “ideale vrou”.

Vir die genoemde vroue was die OB ’n voortsetting van die Afrikaner se heilsgeskiedenis en so is daar ’n direkte verband getrek tussen die vrou van die verlede en die Afrikanervrou in die OB: “... die Ossewabrandwag [het] dieselfde pad bewandel as die voorgeslagte, die pad wat die moeders en dogters saam betree het, die pad wat sonder die vrou op niks sou uitgeloop het nie. Gedurende sy ontwikkeling het die Ossewabrandwag terdeë besef dat waar hy hom op die pad van Suid-Afrika bevind die vrou, die moeder en dogter moet saamtrek.”¹⁰⁰ Dit is duidelik dat vroue uit die geskiedenis die kwaliteite van die “ideale Afrikanervrou” afgelei het – die kwaliteite van die *volksmoeder* soos geïnspireer deur die verlede. Genle Meyer gryp so byvoorbeeld terug na die Groot Trek om die beeld van die vrou te beskryf: “Mag die staal in die karakter van die Voortrekkervrou ook in ons geopenbaar word. Die Afrikanervrou is onoorwinlik op die pad van Suid-Afrika. Aangevuur deur vroueliefde is niks vir haar te veel nie.”¹⁰¹ Komdte C. Gericke van Mosselbaai skrywe dat “[d]ie geskiedenis bewys dat waar die mans dikwels offers eis in sy stryd om te bestaan, die vrou nooit offers eis nie, maar waar daar ’n offer nodig is daar offer sy haarself.”¹⁰² Nie net komdte. Gericke het verwys na die “opoffering” as karaktereienskap van die vrou nie.

In ’n oproep vir die Fondsdag van 1942 is die “opoffering” van die vrou in die verlede voorgehou as inspirasie vir skenkings: “Indien die moeders van ons volk in die verlede gewillig was om hul seuns, ja selfs hul suigeling op die altaar van ons vryheid te lê, is u nie bereid om vandag maar net ’n deeltjie van u geldelike inkomste op die altaar te lê vir dieselfde vryheid wat nog nie verwesenlik is nie?”¹⁰³ ’n Direkte verband word ook getrek tussen die vrou se opoffering in die geskiedenis en die “offers” wat gebring is vir die OB. Komdte. Gericke het tydens ’n OB-dag-

⁹⁹ OBA: *Die OB*, 13.02.1946.

¹⁰⁰ OBA: A.C.M. Mostert, “Die vrou in die Ossewa-Brandwag”, in *OB Jaarboek 1948*, p. 13.

¹⁰¹ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

¹⁰² OBA: *Die OB*, 09.06.1943.

¹⁰³ OBA: *Die OB*, 22.07.1942.

funksie in 1945 gesê dat “[m]et die styging van pryse, van rantsoenering en bediende-vraagstuk weet ek dit was vir elke vrou wat bygedra het tot hierdie uitstalling van lekkernye nie net ’n groot offer nie, maar wel ’n geloofsdaad. Vir dié van u wat dit vandag weer moet koop, is dit ook ’n offer, maar ek weet u is trots daarop dat u iets **kan** offer op die altaar van ons toekomstige vrye Republiek.”¹⁰⁴ Vroue is deur genle. Meyer aangemoedig om vanuit verskeie oorde op te offer: “Ons sal moet bereid wees om ons alles veil te hê anders is alles verlore. Moet tog nie u mans terughou om hul plig te doen in hierdie tyd van ’n volk se nood nie. Intendeel, moedig hulle aan al dreig persoonlike vervolging. Daar is groter dinge as dit op die spel. Laat die volksbelang en die toekoms van u kind meer tel as persoonlike belang.”¹⁰⁵ Die OB-leidsters het dan ook nie net die *volksmoederkwaliteit* van opoffering beklemtoon nie, maar hulleself ook gesien as voortsetters van die vryheidsin van hulle voorgeslagte. Vroue het hulle posisie in die OB gesien as anti-Brits. Genle. Mostert skryf “[s]oos in vervloë dae die moeders liever kaalvoet oor die Drakensberge sou gaan, so het hulle dogters ook in tye van krisis hulle aandeel bygedra om die O.B. staande te hou, en solank die vrou voortgaan op hierdie weg is daar niks vrees vir die toekoms nie – ons sal oorwin!”¹⁰⁶

Vroue was ook bewus van hulle “hoogste roeping”, naamlik dié van moeder en het by verskeie geleenthede hierdie “roeping” probeer regverdig. Die vroue self het hulle pligte beskryf as dit wat hoofsaaklik om die gesin wentel. Dit is duidelik uit genle. Meyer se artikels en toesprake dat sy baie goed belese was in die amptelike gesinsbeleid van die OB aangesien sy dit byna woordeliks aanhaal as sy praat oor die taak van die vrou.¹⁰⁷ Sy skryf dat die vrou onder die regering van die dag nie haar plig as moeder kan nakom nie: “Die veredeling van die vrou raak verlore onder armoede en ellende. Die vrou besef dat sy van die huidige stelsel niks te verwag het nie, daarom het sy haar ingegooi in die stryd wat die Ossewabrandwag voer.”¹⁰⁸ Die vernaamste taak van die vrou is volgens genle. Gericke die volgende:

Die werk van die vrou in die O.B. is en moet altyd bly dié van vrou en moeder. Ons kindertjies moet nie net hul eerste gebedjie aan moedersknien leer nie, maar hulle moet daar ook leer om

¹⁰⁴ OBA: *Die OB*, 09.06.1943.

¹⁰⁵ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

¹⁰⁶ OBA: A.C.M. Mostert, “Die vrou in die Ossewa-Brandwag”, in *OB Jaarboek 1948*, p. 13.

¹⁰⁷ OBA: *Die OB*, 02.06.1943; 08.03.1944; 19.09.1945.

¹⁰⁸ OBA: *Die OB*, 19.09.1945.

hulle eie volkshelde te ken en te eer, daar moet ons moeders vir hulle vaderlandsliefde en trou inboesem; daar moet hulle hul geskiedenis leer, want 'n volk wat sy geskiedenis nie ken nie, ken ook geen vaderlandsliefde en trou nie.¹⁰⁹

Aangesien die vrou nie onder die regering van die dag die bogenoemde plig volkome kon uitleef nie, het hierdie vroueïdsters die OB gesien as die alternatief. Genle. Meyer skryf soos volg:

Daar is nie een organisasie wat so goed besef wat 'n belangrike rol die vrou speel as die Ossewabrandwag nie. Daarom gee die Ossewabrandwag soveel aandag aan vroueorganisasie en is die werk aan die vroue opgedra van so aard dat dit die vrou sal bekwaam om haar plek met eer in te neem in die lewe van die volk. Dit is dan ook die strewe van die Ossewabrandwag om as dit die dag die gesag in die hande het, die vrou alle moontlike hulp, voorligting en bystand te verleen wat haar in staat sal stel om haar met welslae van haar taak te kwy, en daardeur haar beste vir haar volk te lewer.¹¹⁰

In min of meer dieselfde luim skrywe genle. Du Toit dat dit 'n “soet gedagte” is dat die Vroue-Adjunkraad opgeneem is op die Grootraad en dat die vrou ook sitting gehad het op die Uitvoerende Raad. Sy fokus weer op die ander sy van die vrou se “tweeledige taak” en het verklaar dat sy trots is op die prestasies van die vrou in die OB. Hierdie prestasies verwys na die algemene taak van die OB-vrou: “Sy herinner aan die vriendskapsentrums wat oral verrys het; aan die wit rokke wat onafskeidbaar van die O.B. geword het, en boweal aan 8 Augustus (Fondsag) en aan 27 Februarie (Vryheidsdag) wat in die O.B. die skitterendste prestasies van die vrou geword het.”¹¹¹ Genle. Meyer verwys ook na die volksorgtaak van die vrou wanneer sy skrywe dat “[d]ie grootste en die grootste taak van die vrou lê opgesluit in opheffingswerk [sic]” en dat die Noodhulpfonds 'n belangrike uiting is van die vrou se taak in hierdie verband.¹¹²

Die bogenoemde beskrywing van vier vroueïdsters se openbare verklarings oor die OB en die vrou in die OB dui daarop dat vroue nie net gebruik gemaak het van die *volksmoeder* in die beskrywing van hulle posisie nie, maar selfs die amptelike weergawe van die OB se beeld van

¹⁰⁹ OBA: *Die OB*, 09.06.1943.

¹¹⁰ OBA: *Die OB*, 02.06.1943.

¹¹¹ OBA: *Die OB*, 13.02.1946.

¹¹² OBA: *Die OB*, 08.03.1944; 02.06.1943.

die vrou met ope arms aanvaar het. Dit beteken dat die vroue self ook geslagtelike verskil verstaan het as gebou op biologiese determinisme en gevolglik die sosiale betekenis wat aan “vroulikheid” toegeskryf is in die OB-beleid, aanvaar. In die diskoers oor die vrou se posisie het die vroue leidsters hulle posisie in die OB gesien as een wat politiek van aard is. In die eerste plek het vroue ’n sê gehad in die formele politieke aangeleenthede te make met die vrou, maar ook in die breë samelewing.¹¹³ In die tweede plek het die opheffingswerk en volksorgtaak die vrou in staat gestel om op maatskaplike wyse op te tree as politieke agent. Soos genoem in hoofstuk 4 is fondsinsameling gesien as ’n daad wat bydra tot Afrikanernasionalisme. Op die mees basiese vlak het vroue daarmee saam moederskap aangeneem as hulle hoogste roeping – ’n roeping wat nie net toesien dat die volk oorleef nie, maar ook dat die politieke idees van die volk vanaf die moeder aan die kinders geleer word. Vandaar genle. Meyer se uitlating: “Die hand aan die wieg regeer die land.”¹¹⁴ Vroue het dus aktief deelgeneem aan die konstruksie van die tradisionele weergawe van die *volksmoederbeeld* en het hulle identiteit gesien as bepaal deur biologiese determinisme geregverdig deur hulle geloof in God en hulle deelname aan die hipernasionalistiese diskoers van die OB – dit blyk duidelik uit die volgende woorde van genle. Meyer:

Ons glo in God wat die Boerevolk so wonderlik gevestig het. Ons glo in ons roeping om ’n witmansland in Suid-Afrika te verseker. Laat die fakkel van hand tot hand gegee word, van geslag tot geslag. Boerenooi, eis dit van jou minnaar dat hy hom sal inskerp in hierdie vryheidstryd! Boerevrou, verg dit van jou man dat hy sy man sal staan in die uur van sy volk se nood! Boeremoeder, boesem dit in in die siel van die klein aan jou knie:

“Die stryd wat ons vaders
begin het,
Sal woed tot ons sterf of
gewin het!”[sic]¹¹⁵

¹¹³ Sien afdeling 7.2.2.

¹¹⁴ OBA: Transvaalse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

¹¹⁵ OBA: *Die OB*, 19.09.1945.

7.2.2 Vrouestemme: OB-vroue en die politieke stryd tussen die OB en HNP

Die Ossewa-Brandwag wou van sy stigting af 'n *volksorganisasie* wees en nie 'n politieke party nie. Gedurende die beginjare van die OB het die beweging baie naby aan die Herenigde Nasionale Party (HNP) gestaan. L.M. Fourie verwys na die tydperk 1938 tot 1941 as die “wittebroodsdae” van die OB en HNP.¹¹⁶ In 1941 het daar 'n skeuring tussen die OB en die HNP plaasgevind en tussen 1941 tot 1948 was die OB uitgesproke teen alle vorms van partypolitiek en het vyandig gestaan teenoor die HNP. Tydens die 1948-verkiesing was daar steeds erge twis tussen die OB en HNP, maar op die laaste nippertjie het dr. Van Rensburg opdrag gegee aan OB-lede om tog te gaan stem – om Smuts se bewind te beëindig en ter wille van die “behoud van Blank Suid-Afrika.”¹¹⁷ Teen hierdie tyd was die OB sterk aan die agteruitgaan. Vervolgens word daar kortliks gelet op OB-vroue se deelname aan die partypolitieke diskoers, naamlik gedurende die tydperk 1938 tot 1941 en 1941 tot 1948. OB-vroue se reaksies op die verkiesing van 1948 en die gevolge wat dit vir die OB ingehou het, word in afdeling 7.3 verken.

In sy vooroorlogse fase het die OB hoofsaaklik gekonsentreer op organisering, strukturering en die bestendiging van die gees van die 1938-Ossewatrek. Die HNP en OB het ooreenstemming getoon in dié sin dat albei hulleself beywer het vir die “Afrikanersaak”. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die gevolglike swak vertoning van partypolitiek om Afrikanereenheid te bewerkstellig, het die OB 'n toevlugsoord geword “buite die enigermate geneutraliseerde partypolitiek” van die oorlogsjare.¹¹⁸ Dit het natuurlik gelei tot die reusagtige groei van die OB wat volgens *Die Transvaler* die 400 000-merk in 1941 bereik het.¹¹⁹ Alhoewel daar aanvanklik geen konflik was oor die afbakening van werksterreine tussen die OB en HNP nie, sou dit later 'n brandpunt word. So is die Cradock-ooreenkoms op 29 Oktober 1940 tussen dr. D.F. Malan en die dagbestuur van die OB gesluit. Dit het daarop neergekom dat die HNP die “party-politieke

¹¹⁶ Vir 'n deeglike agtergrond oor die politieke woelinge van die OB sien L.M. Fourie, “Mobilisering van die Afrikanerdom”, in P.F. van der Schyff (red.), *Die OB: Vuurtjie in droë gras*, pp. 45-182. Hierdie afdeling fokus slegs op die vrou se deelname aan die *politieke diskoers* en gaan nie in besonderhede in die geskiedenis van die verhouding tussen die OB en partypolitiek nie. Daar word spesifiek hier gekyk na die OB se verhouding met die HNP. Die OB se verhouding met die AP word in L.M. Fourie se studie deeglik verken.

¹¹⁷ L.M. Fourie, “Mobilisering van die Afrikanerdom”, p. 145.

¹¹⁸ L.M. Fourie, “Mobilisering van die Afrikanerdom”, p. 46.

¹¹⁹ *Die Transvaler*, 22.01.1941.

terrein” en die OB die “nie-politieke terrein” sou behartig.¹²⁰ Dit is juis hierdie moontlike oorvleueling van terreine – en in besonder die politieke mag van die OB – waaroor vroue hulle mening in die pers sou uitspreek. Mev. Sylvia Moerdyk, veldkornette van die OB-kommandantskap van Pretoria Oos, sou in twee artikels in *Die Transvaler* van 1941 deelneem aan die politieke diskoers tussen die OB en HNP – eers oor die bestaansreg van die OB langs die HNP en daarna sou sy haar mening lug oor die moeilikhede wat uiteindelik sou lei tot die skeuring tussen die OB en HNP.

Moerdyk se artikel in *Die Transvaler* van 27 Mei 1941 verskyn in die kolom “Die vrou in die politiek”. Die titel van haar artikel is “Die party en die Ossewabrandwag” waarin dit duidelik word dat sy as lid van beide die OB en HNP die bestaansreg van die OB langs die party wil regverdig. Sy verwys na die Cradock-ooreenkoms en verwys na die twis oor politieke terrein deur te noem dat “al hierdie gissings behoort tot ’n end te kom noudat sowel die politieke leiers as die O.B.-leier die posisie van die twee organisasies teenoor mekaar uiteengesit het.” Vir haar voldoen die OB en HNP aan twee groot funksies, naamlik die politieke lewe en die volkslewe en so is daar “ruimte vir albei en elke regsgesinde Afrikanervrou kan haar kragte inspan om albei te bevorder. Sy kan ook help om elkeen se werk op die juiste afgebakende gebied te hou.”¹²¹

Ten spyte van haar OB-lidmaatskap is Moerdyk duidelik meer HNP-gesind. Sy verdedig die HNP teen die kritiek wat teen die party ingebring is ná Suid-Afrika se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog en skryf dat “[s]ulke opmerkings sou dom wees as hulle in normale omstandighede gemaak word. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat almal vandag in ’n hoog gespanne toestand lewe.” Haar ophemeling van die party gaan ook verder. Sy skryf die bestaan van die OB toe aan die arbeid van die HNP: “Was dit nie vir die aanhoudende stryd wat die party tot steun van die kultuurstryd gevoer het nie, dan sou daar vandag geen Afrikaanse kultuurverenigings gewees het nie, geen Afrikaanse ekonomiese en handelsorganisasies nie en geen Ossewabrandwag nie. Omdat die volk die Nasionale Party liefgehad het, kon sy ideale posvat en is die OB moontlik gemaak.”¹²²

¹²⁰ A.J.H. van der Walt, *’n Volk op trek*, p. 26.

¹²¹ *Die Transvaler*, 27.05.1941.

¹²² *Die Transvaler*, 27.05.1941.

Hierdie mening van Moerdyk het egter reaksie ontlok van 'n ander OB-vrou, naamlik Mev. C.M. Lotter wat in 'n brief aan *Die Transvaler* geskrywe het “ek [wil] met haar saamstem waar sy sê dat daar ruimte is vir sowel die politieke party as vir die OB”, maar sy gaan verder en skrywe “[e]k verskil egter van mev. Moerdyk se stelling dat die Nasionale Party die ontstaan van die O.B. moontlik gemaak het.” Lotter skrywe dat dit eerder die OB self en sy ideale is wat noodgedwonge ontstaan het as 'n aanvulling vir die leemtes wat daar in die politieke party ontstaan het. Sy noem dat die fenomenale groei van die OB 'n bewys hiervan is. Wat die aanvulling van die party betref, meen Lotter die party het wel nasieliefde onder Afrikaners aangekweek, maar die OB leer die Afrikaner weer nasiediens. Haar brief is baie meer gebalanseerd as die artikel van Moerdyk en sy lê groot klem op die behoefte aan Afrikanereenheid en sê dat die vrou in dié geval “durf en eis” dat die HNP en OB die hand vat en saamwerk op weg na daardie eenheid. Lotter brei dan ook daarop uit waarom die vrou so “durf” en haar woorde is veral belangrik teen die agtergrond van die OB-vrou self se mening oor haar posisie in die politiek:

Hier en daar hoor 'n mens van 'n vrou wat sê dis nie volgens die tradisies van ons voorouers vir vroue om hulle met die politiek te bemoei nie. Hier het hulle dit verkeerd. Die vrou van Suid-Afrika is die stemreg in volksake toegesê nog in die Natalse dae van die Voortrekkers, jare voor dit in ander dele van die wêreld gedoen is. Die vrou se opinie is nog altyd geëer – seker omdat sy so saam gely en gestry het met die man. Sal sy dan nie ook in die toekoms haar plig doen en ook haar invloed laat geld nie? Laat die voorwaarde net wees: edel en groots in al haar dade.¹²³

Haar voorwaarde dui op die invloed van die *volksmoeder* op die politieke posisie van die vrou. Lotter is oortuig daarvan dat die vrou 'n belangrike rol in die politiek speel, maar hierdie rol *verskil* van die van die man, aangesien haar dade “edel en groots” is – in lyn met die simboliese klem op die *volksmoeder* as die bewaarder van die morele waardes van die volk.

Ons sien in die bogenoemde artikels twee vrouens wat diep bewus is van die politieke gebeure wat om hulle plaasvind. Hulle bemoei hulle daarmee en ag hulleself as agente wat 'n sê het oor

¹²³ *Die Transvaler*, 09.06.1941.

die politiek en geregtig is om haar mening uit te spreek. Dit is belangrik vir die vrou se beskouing van *haarself* as agent. Met die skeuring tussen die OB en HNP kom dit nog te meer na vore dat baie vroue hulleself gesien het as onafhanklike politieke agente wat *self* besluite oor hulle eie politieke posisie en affiliasie kon neem.

Groot reaksie onder vroue is ontlok na die finale skeuring tussen die OB en HNP in September 1941. Alhoewel verhoudings tussen die twee organisasies alreeds gespanne geraak het oor die twis oor inmenging op mekaar se terreine, is die eerste groot oorsaak van skeuring die konsep-republikeinse grondwet wat die OB in 'n omsendbrief in Julie 1941 gepubliseer het. Hiervolgens is die verkryging van 'n republiek nie 'n partypolitieke saak nie, maar 'n volksideaal van die Afrikanerdom. Dr. Malan het dit gesien as blatante inmenging van die OB in politieke sake en het 'n ultimatum aan die OB gestel. Die OB moes dadelik Omsendbrief 1/41 terugtrek anders sou Malan die OB as vyandig verklaar en alle HNP's versoek om uit die OB te bedank.¹²⁴

As gevolg van hierdie geskil het die Afrikanereenheidskomitee (AEK) 'n vergadering belê vir 1 September 1941. Dr. Malan het geëis dat die OB sal voldoen aan effektiewe terreinerkenings en hom onmiddelik van die politieke terrein moes verwyder. Die besluite van die komitee is verwys na die OB en HNP om opmerkings te maak en terug te stuur na die AEK, maar dit was klaar te laat. Skeuring het reeds plaasgevind. Op 'n Grootraadsvergadering van 4-5 September bedank ds. C.R. Kotzé as voorsitter van die Grootraad vanweë die twis tussen die OB en die party. Sy bedanking is gebruik as anti-OB-propaganda deur die HNP. Voorts het dr. Malan tydens die vergadering van die AEK op 12 September die houding ingeneem dat die eerste basis vir eenheid misluk het en versoening onmoontlik is. In die woorde van L.M. Fourie: "Een ding is seker: die Afrikanerdom was verskeurd, en die oorsaak daarvan was die magstryd tussen die leierskorpse van die OB en HNP."¹²⁵

Met die skeuring tussen die OB en HNP was lede van beide organisasies genoop om te besluit aan wie hulle getrou moes wees. Ook die OB-vroue het geworstel met hierdie saak en moes uiteindelik oorgaan tot 'n besluit. Die reeds- genoemde me. Sylvia Moerdyk het as veldkornette

¹²⁴ L.M. Fourie, "Mobilisering van die Afrikanerdom", p. 60.

¹²⁵ L.M. Fourie, "Mobilisering van die Afrikanerdom", pp. 61-62.

uit die OB bedank “omdat die rigting wat die afgelope tyd ingeslaan is m.i. nie in ooreenstemming is met en ’n ware vertolking van die konstitusie van die organisasie waarop ek lid geword en die gelofte afgelê het nie” [sic]. Sy gaan verder deur te verklaar: “My gelofte van getrouheid aan my land en my volk word nie geraak deur my bedanking nie. Die besluite van die Groot Raad kan aan my getrouheid as Afrikanervrou geen afbreuk doen nie” [sic].¹²⁶

Die hoofkommandante van Transvaal, mev. A. Wassenaar, het ook uit die OB bedank en ’n verklaring aan *Die Transvaler* oorhandig waarin sy haar redes uiteensit. Sy skrywe dat “[d]ie betrekkinge tussen die H.N.P. of V. en die O.B. het in die laaste weke dermate versleg dat dit vir my onmoontlik geword het om langer trou aan albei te wees. Die party is in hierdie tydsgewrig... volkome onmisbaar vir die Afrikaner se staatkundige vryheidstrewes, en ek kan dus nie anders doen as om die party te kies nie.” In haar verklaring versoek sy dan ook dr. Van Rensburg om te erken die OB het ’n fout gemaak deur die politieke terrein te betree en eerste vir dr. Malan te nader met die oog op versoening. Sy gaan sover as om te verklaar dat indien Van Rensburg dit nie kan doen nie, hy liefers die offer ter wille van Afrikanereenheid moet neem en uit die OB as KG bedank sodat iemand die leisels kan neem “wat bereid sal wees om met die party saam te werk en daarmee ’n bittere en onderling vernietigende Afrikanerstryd te voorkom.”¹²⁷ Mev. Moerdyk het in ’n verdere artikel, getiteld “Die nasionale vrou en die Ossewabrandwag”, haar mening gelug oor die skeuring tussen die OB en HNP.

Moerdyk betreur die skeuring en vra haar lesers af waarom die vrou in die eerste plek by die OB aangesluit het. Sy tref ’n skerp onderskeid tussen die politieke en nie-politieke terreine en noem dat vroue aangesluit het, want “[o]ns het geglo dat daar ’n terrein buite dié van die terrein van die party was waarop ons ook dienste kon lewer.” Met die OB wat die terrein van die party betree het, staan die “nasionale vrou” nou volgens Moerdyk voor ’n keuse, naamlik “Wat is werklik in belang van MY LAND EN MY VOLK?” Vir Moerdyk bestaan daar geen twyfel op die antwoord van hierdie vraag nie, so skrywe sy: “Dit is, dit was altyd, dit sal altyd wees, dat die party die hoofwapen is wat ons het om mee te stry vir volk en vaderland.” Sy herhaal ook haar mening wat sy gelug het in haar eerste artikel dat die HNP verantwoordelik is vir die

¹²⁶ *Die Transvaler*, 11.08.1941.

¹²⁷ *Die Transvaler*, 11.08.1941.

totstandkoming van die OB: “Die party is die bron van alles wat Afrikaans is: van die RDB, van die F.A.K. en ook van die O.B. As die party nie deur sy leiers en sy lede die nasionale gevoel van die Afrikaner gewek en bevorder het nie, sou daar nooit ’n herlewing gewees het nie...” Moeryk moedig so met hierdie artikel “elke Afrikaanse vrou wat intelligent belang stel in volksake” om hulle lidmaatskap aan die OB prys te gee en die pad van die HNP te stap.¹²⁸

Die twis tussen die OB en HNP bring duidelik aan die lig dat daar wel vroue was wat nie blindelings die pad van die OB gevolg het nie. Daar is vroue wat hulleself as politieke agente geag het en so geregverdig gevoel het *om oor suiwer politieke redes* nie saam te stem met die OB nie en in die openbaar hulle stemme te laat hoor. Die patriargale samelewing van die 1940’s het die vrou wel toegelaat om te kies aan watter politieke front sy sou behoort. Die ironie is egter dat sy een manlike patriarg bloot net vir ’n ander prysgee. Vroue het dit wel nie in hierdie lig gesien nie. Vir hulle was die patriarg bloot die verteenwoordiger van die politieke idees waarmee hulle saamgestem het. Met die OB-HNP stryd was daar nie net vroue wat die OB prysgegee het ter wille van die party nie. Daar was ook kritiek teen die HNP vanuit vroulike oord en openlike ondersteuning vanaf vroue oor veral die plek wat die vrou in die OB beklee. Ná die skeuring tussen die OB en HNP verskyn daar in die HNP-gesinde *Burger* van 30 November 1942 ’n reaksie op die posisie van die Afrikanervrou soos uiteengesit in die OB se gesinsbeleid. Die stryd tussen party en volksbeweging het ook op die terrein van genderpolitiek afgespeel.

In die bogenoemde artikel kritiseer *Die Burger* die gesinsbeleid wat betref die posisie van die vrou. Die artikel verwys na die “grense” wat die beleid vir die vrou se posisie stel as die “Drie K’s van die ou Duitsland – Kerk, Kinders en Kombuis.” *Die Burger* interpreteer dit as die uitskakeling van die vrou uit alle seggenskap in die bestuur van die land en totale ondergeskiktheid aan die man. Oor die vrou se roeping as dié van moeder binne die gesin word daar verklaar: “as die vrou se plek in die huis is, dan volg dit logies dat die ander plekke vir haar gesluit moet wees. Die O.B. se vrouebeleid beteken dat die vrou uit die handel, die nywerheid en die professies moet verdwyn.” *Die Burger* gaan sover om te noem dat die OB se oplossing vir die toename in die getal vroue, wat dit vir ’n vrou onmoontlik maak om die huwelik te betree

¹²⁸ *Die Transvaler*, 21.09.1941.

weens 'n gebrek aan mans, moontlik die invoer van veelwywery as staatsbeleid sal wees.¹²⁹ Nodeloos om te sê het hierdie artikel hewige reaksie ontlok.

Mev. Margot Roux het teen die artikel gereageer in 'n brief deur te skrywe “'n Walglike en meer anti-Duitse artikel as in *Die Burger* onder die opskrif ‘Skakel die Vrou uit’ het ek nie vir 'n lang tyd gelees nie [sic].” Sy kritiseer die skrywer en noem dat hy waarskynlik nooit in Duitsland was nie, want hy sou dan sien dat daar meer tevrede vroue is onder die beleid van “Kerk, Kinders en Kombuis” as onder die vroue wat die beroepsarbeid beklee. So tref sy 'n vergelyking met Afrikanervroue en verklaar “ek [het] tot dusver nog nooit 'n vrou of meisie ontmoet wat teen ‘Kerk, Kinders en Kombuis’ gekant is nie. Hulle het genoeg gesonde verstand om te weet waar die regte plek van die vrou is, wanneer sy haar deel wil bydra tot die welsyn en opbou van haar nasie.”¹³⁰ Mev. Roux het dus die tradisionele beeld van die *volksmoeder* verdedig en so ook die gesinsbeleid van die OB gesien as iets wat die vrou bevry en nie inperk nie. Dit dui op vroue se eie aanneem van hulle posisie in die “tradisionele” genderorde van die OB.

Die OB self het ook gereageer op die artikel in *Die Burger* deur dit “'n stemvee-aanval op die Ossewa-Brandwag” te noem “wat in kinderagtigheid slegs deur sy liberalistiese uitkyk oorskitter word.” In 'n artikel in *Die OB* verdedig die skrywer die OB se gesinsbeleid en gebruik genderpolitiek om die OB se saak duidelik te stel en die partypolitieke stelsel af te kraak:

Omdat die partypolitiek meer waarde heg aan 'n stembrief as aan 'n kind, moet die vrou maar kinderloos bly en as die volk met ondergang gedreig word deur 'n daling in sy geboortesifer, neem die partypolitiek sy toevlug nie tot die natuurlike aanwas nie, maar tot die kunsmatige immigrasie van vreemdelinge uit vreemde lande, want hy ken geen bloed nie, maar net koppe.¹³¹

Mev. Roux het in haar verdediging van die OB-beleid ook gebruik gemaak van genderpolitiek. Oor vroue in die beroepsarbeid vra sy die manlike skrywer van die artikel in *Die Burger* die vraag af: “Miskien sal u in die toekoms liever baba wil oppas en kos kook? Sal u en u mede-

¹²⁹ *Die Burger*, 30.11.1942.

¹³⁰ *Die Burger*, 03.12.1942.

¹³¹ OBA: *Die OB*, 09.12.1942.

Afrikaners daarvan hou?” Die omdraai van genderrolle is deur haar gesien as iets wat deur mans beskou sou word as walglik. Sy sien ook die politieke motiewe van *Die Burger* raak en noem dat “U wil die Afrikanervrou bangmaak vir Nasionaal-Sosialisme. U wil haar stem met bangmaak wen! Maar ons is net bang vir ’n staat waar die vrou geleer word om minagting vir ‘Kerk, Kinders en Kombuis’ te hê.”¹³²

Vroue was ongetwyfeld op hoogte van politieke sake. Vroue het ongetwyfeld elkeen hulle eie mening gehad oor hulle posisie in die samelewing en die reg om hulle politieke affiliasie te kies. Vroue was nie “man-made women” wanneer dit by die formele politiek of genderpolitiek kom nie. Tot en met die einde van die OB was daar vroue, veral onder die leierskap, wat volhard het in hulle lojaliteit teenoor die Ossewa-Brandwag en vasgehou het aan die vrou se posisie in dié beweging. Vandaar die vurige verdediging van die OB se bestaansreg en die aanhoudende oproepe om volharding vanuit vroulike oord toe die doodsklokke van die OB begin lui.

7.4 Die agteruitgang en ontbinding van die Ossewa-Brandwag

Verskeie faktore het gelei tot die agteruitgang van die OB. Dit het nie skielik gebeur nie, maar stadig, en in die meeste gevalle agter die skerms. Die OB het vanaf 1946 begin momentum verloor. Die einde van die Tweede Wêreldoorlog was ’n doodsknal vir die OB, aangesien niemand in die beweging ’n politieke alternatief uitgewerk het as Duitsland die oorlog sou verloor nie. Een van die hoof faktore waaraan die OB sy ontstaan te danke gehad het, was die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die OB was by uitstek ’n oorlogsorganisasie omdat sy bestaan grootliks in die oorlogsjare geval het.¹³³ Na die oorlog het die OB ’n krisis begin beleef, aangesien dit begin blyk het dat die organisasie se tyd uitgedien was. Voorts het grootskaalse demoralisasie onder OB-lede versprei ná die oorlog en gelei tot ’n afname in die ledetal en ’n gees van apatie onder aktiewe OB’s. Daarby het die OB vanaf 1946 ernstige finansiële probleme begin ervaar.¹³⁴

¹³² *Die Burger*, 03.12.1942.

¹³³ P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 378.

¹³⁴ Die agteruitgang van die OB word in besonderhede bespreek in C. Marx, *Oxwagon sentinel*, pp. 530-554.

Die OB-leiding was pynlik bewus van die agteruitgang en het pogings aangewend om dit te stuit. Groter toetrede tot die politiek was die gevolg hiervan. Die voorstel van 'n parlementêre volksfront is gemaak, sodat die OB verkiesings kon beïnvloed ten spyte van die feit dat dit geen politieke party was nie. Die poging het egter misluk, omdat die OB steeds 'n partylose staat voorgestaan het en die uitsprake teen demokrasie nie laat vaar het nie.¹³⁵ Die politieke terrein het ook al hoe warmer vir die OB geword en die HNP het gekapitaliseer op die tekens van die OB se verval. Ten spyte van al die negatiewe verwickelinge het die OB geweier om te gaan lê en het ter wille van oorlewing al hoe meer klem begin plaas op die onmisbaarheid van die OB as voorvegter van republikenisme. Ook hier het vroue hulle stemme dik gemaak.

Na die oorlog het dit duidelik geword dat die OB se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde nie meer verwesenlik kon word nie. So het die OB sy hoofdoelstelling in die naoorlogse tydperk anders verwoord. Ná die 1948-verkiesing is daar 'n manifest deur die Uitvoerende Raad van die Grootraad uitgegee wat soos volg lui: “Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou. Hierdie volk sal sowel die Afrikaanssprekende as die Engelssprekende blankes omvat en het as bestemming die vrye republiek van Suid-Afrika.” In dieselfde gees skrywe prof. D.J. van Rooy: “Ons beskou ons huidige staatstelsel as uitheems, vreemd aan ons volksaard en tradisie en derhalwe vir ons verwerplik. Ons strewe is om dit te vervang deur 'n eie inheemse stelsel ooreenkomstig ons Christelik-nasionale republikeinse rigting.”¹³⁶ Gedurende 'n Grootraadsitting van 1951 is dr. J.F.J. van Rensburg se voorstel “[d]at die O.B. se taak die propagering van die republiek is” aanvaar.¹³⁷ Die OB se klem op die republikeinse ideaal kan opgesom word in die volgende woorde van L.M. Fourie:

[A]angesien partye in hulle verkiesingsveldtogte die republikeinse strewe in die koelkas moes bêre, elke volgende verkiesing die politieke partye voor die keuse stel: óf die republikeinse strewe, óf die bereiking van mag. Daarteenoor kon die OB as buite-parlementêre organisasie onbelemmerd die republikeinse gedagte propageer...¹³⁸

¹³⁵ J.J. Badenhorst, “Vroeë organisasiestruktuur”, p. 39.

¹³⁶ OBA: *Die OB*, 01.10.1952.

¹³⁷ OBA: Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 15: Notule van vergadering, 13.10.1951.

¹³⁸ L.M. Fourie, “Mobilisering van die Afrikanerdom”, p. 148.

OB-vroue het al so vroeg as 1947, voor die nekhouslag van die 1948-verkiezing, begin om die bestaansreg van die OB te verdedig deur klem te plaas op die republikeinse ideaal en deur te wys op die prestasies van die OB as onmisbaar vir die bereiking van hierdie ideaal.

Genle. E. Theron verklaar in 1947 in 'n toespraak dat sy trots is op die OB se verset teen “die Empire”. Sy verwys na die historiese kontuiniteit waarmee soveel OB's na die beweging gekyk het deur te noem “[o]ns is net so hoogmoedig op ons verset teen die Empire en sy oorlog as wat ons trots is op die rebellie van 1914.” Haar keuse van woorde dui ook op die nuwe omstandighede waarin die OB homself op daardie stadium bevind het deurdat sy in haar toespraak voortdurend die republikeinse ideaal benadruk het: “Die Ossewabrandwag het deur sy verset teen die Empire en sy handlangers getoon dat daar nog 'n groep in die Afrikanervolk is wat nie sy siel verkoop het en sy republikeinse ideaal laat vaar het nie.” Tydens die oorlog is die OB se verset gesien teen die agtergrond van die omvorming van die samelewing. Ná die oorlog is die verset geïnterpreteer as dade in diens van republikanisme. Theron gaan sover om die OB in 1947 die enigste “republikeinse volksbeweging” te noem wat die ideaal van vryheid en die toekomstige republiek nooit sal prysgee nie.¹³⁹ Tydens 'n ander geleentheid verwys Theron ook na die OB se bestaansreg deur te noem dat die Eeufees vir baie Afrikaners net 'n opflikkering van emosie was en dat daar net 'n “kiekie met 'n baard of Voortrekkerrok” oorgebly het. Die OB, daarenteen, vind sy bestaansreg in die ideaal van die republiek wat by Monumentkoppie weer aangeblaas is in 1938.¹⁴⁰

Hierdie grootskaalse verdediging van die OB se reg om aan te hou bestaan ná die oorlog en die verwysing na die prestasies en ideale van die OB as genoegsame motivering vir die relevansie van die beweging binne Afrikanergeledere was in 'n sekere mate 'n teken van die OB se ondergang. Dit kom voor of OB-leiers nie net hulle brandwagte nie, maar ook hulleself wou oortuig van die OB se bestaansreg ná die oorlog. Nie net genle. Theron het probeer om die OB's te bemoedig en die belangrikheid van die beweging aan te dui nie, maar ook verskeie ander vroue leidsters het hulle brandwagte probeer oortuig dat die stryd nie verlore is nie.

¹³⁹ OBA: *Die OB*, 27.08.1947.

¹⁴⁰ OBA: *Die OB*, 08.10.1947.

Genle. Meyer was van mening dat die vrou 'n nóg belangriker taak in die OB het te midde van al die terugslae wat deur die beweging ervaar word. Vir haar gaan die OB deur 'n moeilike tyd, maar dit is juis in die moeilikste tye “dat die Afrikanervrou ongekende hoogtes bereik het.” Teen dié agtergrond glo sy dat “[o]ok in hierdie tyd van bedreiginge sal sy die front nie verlaat nie.” In haar verwysing na die vrou se taak in die republikeinse strewe herinner genle. Meyer die vroue dat hulle besig is om 'n volk te bou en dat “nou, meer as ooit tevore, moet die Afrikanervrou kniewerk doen en sorg dat die huisaltare brandend gehou word.” Haar oproep aan elke Afrikanervrou in dié moeilike tyd waarin die OB hom bevind het, lui soos volg: “Wees getrou aan en staan brandwag vir huis en haard, vir volk en vaderland.” Ten spyte van Meyer se bemoedigende woorde dui die opskrif van haar artikel alreeds op die geloof dat die OB onomkeerbaar besig is om agteruit te gaan: “Laat ons weier om met gevoude arms onder te gaan.”¹⁴¹

Die HNP-oorwinning tydens die 1948-verkiesing was vir die OB 'n nóg groter slag as die resultate van die Tweede Wêreldoorlog. Die meeste van die OB se lede is in die Herenigde Nasionale Party (HNP) opgeneem.¹⁴² Die uitslag van die algemene verkiesing op 26 Mei 1948 het die besef gebring dat die beweging tot niks sou lei nie. Die OB het homself beskou as die verpersoonliking van die republikeinse ideaal en tog het dit geblyk dat die ideaal slegs op partypolitieke terrein bereik kon word. Dit het tot die verdere agteruitgang van die OB gelei. Tog het die vroueleidsters volhard in hulle geloof in die OB se historiese taak.

In 1950 het M.E. Rothman verklaar dat sy 'n bittereinder vir die OB is deur te sê die OB se stryd het al hoe belangriker geword, selfs ná die verkiesing, aangesien die OB die enigste beweging is “wat iets beters in die plek van 'n stelsel van politieke partye [kan] bring.”¹⁴³ Vir haar moes daar nou nog meer deur die OB gewerk word “vir 'n volksregering soos van die ou republieke.”¹⁴⁴

Vroue het egter ook die oorwinning van die HNP gesien as 'n geleentheid vir nuwe eenheid onder Afrikaners en as verdere geleentheid vir die bereik van 'n republiek. Genle. E.du Toit was van

¹⁴¹ OBA: *Die OB*, 27.08.1947.

¹⁴² P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p 380.

¹⁴³ OBA: *Die OB*, 22.03.1950.

¹⁴⁴ OBA: *Die OB*, 15.11.1950.

mening dat die verkiesing moontlik gewen is deur die HNP as gevolg van die gebede van vroue. Vir haar het daar in die politieke partye “goeie republikeine” gesit, maar sy noem ook dat hulle om een of ander rede nie ’n republiek vir die Afrikaner kan kry nie. Vir haar lê die relevansie van die OB nog daarin dat dit nou die OB se taak is om hierdie republikeine te help om die republiek te bring. Op die vraag of die OB nog ’n taak het, vra sy self “of jy al ooit gehoor het dat ’n volksbeweging se taak kan ophou?”¹⁴⁵ Sy het so dan ook gewys op die taak van die vrou so laat as 1950 as steeds dié van fondsinsamelaars, aangesien die OB nie sy republikeinse taak kan voortsit sonder fondse nie.¹⁴⁶ C. Marx skrywe dat dit was juis die vroue wat die sterkste bittereinders van die OB was en het hulle beskryf as “the great, invincible force of the movement in several areas.”¹⁴⁷

Ten spyte van vroue se volharding van geloof in die ideale van die OB en hulle openbare uitlatings wat gepoog het om die OB se bestaansreg te regverdig, het die OB ná 1948 by die dag net meer agteruitgegaan. Oor die impak van die 1948-verkiesing op die OB is C. Marx se woorde besonder akkuraat:

For a while Van Rensburg and his masterminds continued to work on their heroic epic in the dizzy heights of the OB’s Mount Olympus, the rank and file kept their feet on the ground, led by the commonsense of those who had not yet been completely befuddled by the opiate of nationalism. The stars under which the OB was born had disappeared from the heavens like shooting stars from their firmament. All that remained was the unity of the volk, and for this the OB proved to be more of a hindrance than a help. The true legitimation had found expression in the movement of resistance against the war. This was now over and the glory associated with resistance faded. The voters knew that republicanism was in good hands with politicians like Strijdom, and they no longer needed the OB.¹⁴⁸

Tussen 1950 tot 1952 het die OB begin disintegreer. Soos wat die HNP se steun gegroei het, het die OB al hoe meer steun verloor. Die ironie van die saak is dat die OB, wat vir meer as ’n dekade lank afkeer van die partypolitiek getoon het, juis as gevolg van sy poging om in die

¹⁴⁵ OBA: *Die OB*, 15.11.1950.

¹⁴⁶ OBA: *Die OB*, 06.12.1950.

¹⁴⁷ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 532.

¹⁴⁸ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 547.

normale stroom van die Afrikanerdom terug te kom, tot niet gegaan het.¹⁴⁹ Selfs Kommandant-Generaal Van Rensburg het die OB se stryd as verlore bestempel.¹⁵⁰ Die agteruitgang van die beweging het algaande versnel en teen 1949 is op die Grootraad besluit dat die beweging maar van maand tot maand moes voortgaan so goed as wat omstandighede sou toelaat. Voorts het die OB 'n al groter finansiële krisis beleef en 'n begroting kon nie meer uitgevoer word nie.¹⁵¹

Die OB en al sy onderafdelings se tyd was uitgedien. Die belangrikste aktiwiteit teen 1950 was dat die oorblywende lede van die OB, insluitende die vroue, met ywer sou voortgaan om die republikeinse ideaal te verkondig.¹⁵² Gedurende April 1952 het dr. Van Rensburg in 'n spesiale omsendbrief die OB-lede gemaan om nie te vergeet wat die beweging se oorsprong en uitgangspunt was nie en dat die onsigbare band van kameraadskap behou moes word. Tydens die laaste laertrek van OB-offisiere in Augustus 1952 in Bloemfontein is besluit om die beweging te ontbind en 'n kerngroep van vier GR-lede sou voorts 'n nuwe koerant, genaamd *Die Republikein* as mondstuk van wat oor was van die OB behartig. *Die OB* het vir die laaste keer op 17 Desember 1952 verskyn. Die OB organisasie het van dag-tot-dag bestaan, maar is in effek oorgeneem in 1953 deur die Republikeinse Bond. Op 16 Januarie 1954 is daar finaal besluit om die OB-kantoor te sluit en *Die Republikein* op te gee weens 'n gebrek aan fondse.¹⁵³ Alhoewel die OB tegnies tot 1954 bestaan het, kan die sterfdag van die Ossewa-Brandwag, saam met die eenskrachtige Vrouevertakking, gesien word as 23 Augustus 1952 – die dag van die laaste OB-laertrek. Manne sowel as vroue, wat met soveel entoesiasme by die skouspelagtige beginjare van die OB aangesluit het, moes in stilswye aan hulle volksbeweging vaarwel sê.

¹⁴⁹ L.M. Fourie, "Mobilisering van die Afrikanerdom", p. 160.

¹⁵⁰ P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p. 380.

¹⁵¹ J.J. Badenhorst, "Vroeë organisasiestruktuur", p. 40.

¹⁵² P.J.J. Prinsloo, "Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag", p. 381.

¹⁵³ C. Marx, *Oxwagon sentinel*, p. 553.

HOOFSTUK 8

Gevolgtrekking



Figuur 8(a): Eerste uniale laertrek van OB-offisiere, 13-14 Okt. 1941¹

Die Suid-Afrikaanse historiografie, sowel as die historiografie van die Ossewa-Brandwag en dié van Suid-Afrikaanse vroue, is doodstil oor die Afrikanervroue wat betrokke was by die OB. Die stilte oor OB-vroue in die belangrikste historiese werke oor die OB-organisasie kan moontlik interpreteer word as 'n bewys dat vroue geen rol gespeel het nie – dat die universele man die enigste agent in die geskiedenis van die OB is. Tog dui die bogenoemde foto op die teendeel, aangesien manne sowel as vroue deelgeneem het aan hierdie belangrike laertrek. Tot 'n sekere mate is hierdie foto verteenwoordigend van die rol wat vroue in die OB gespeel het. Elkeen van die vroue in die foto is 'n offisier van een van die honderde kommandantskappe van die OB regoor die destydse Unie – ook die Boeredogters in die linkerkantste hoek van die foto. So verteenwoordig hierdie offisiere elke vrou betrokke by die OB se subjektiewe identiteit as *volksmoeder*. Geklee in wit is dit juis die vroue wat die meeste uitstaan in die foto. Simbolies is die vrou die handhawer van die reinheid van die volk, materieel is sy die finansiële lewensloop van die magtige OB van 1941, sy is die grensmerker van Afrikaanse bloedsuiwerheid en, hoofsaaklik in die middel van die foto,

¹ OBA: OB Fotoversameling, fotonr. 21120: Eerste uniale laertrek van OB-offisiere, 13-14 Okt. 1941.

maak sy aanspraak daarop om die hart van die OB te wees. Sy is onmisbaar vir die verstaan van die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag. Die stilte rondom haar is finaal gebreek.

8.1 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag

The core of the definition rests on an integral connection between two propositions: gender is a constitutive element of social relationships based on perceived differences between the sexes, and gender is a primary way of signifying relationships of power.²

Die sentrale hipoteses van hierdie studie, oftewel die standpunte wat ingeneem word, kan afgelei word in die oorweging van die navorsingsvrae: (1) Wat was die rol van die Afrikanervrou, as historiese agent, binne die konteks van die wesensaard, aktiwiteite en ideologie van die Ossewa-Brandwag? (2) Hoe het vroue, deur sosiaal te organiseer, hulleself laat geld as politieke agente in die OB, gesien binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil? (3) Hoe is vroue beïnvloed deur (en het op hulle beurt weer 'n invloed uitgeoefen op) die sosiale konstruksie van die *volksmoeder*? Die leser word herinner dat daar deurentyd in die studie gefokus is op historiese agentskap, politiek/mag en identiteit. Van die begin af is die voorveronderstellings onderliggend aan die navorsingsvrae soos volg en kan gekoppel word aan die belangrikste bevindinge van die studie:

(1) Afrikanervroue wat betrokke was by die Ossewa-Brandwag het 'n geskiedenis wat beskryf kan word. Hulle het opgetree as aktiewe historiese agente deurdat hulle van die begin van die beweging se stigting af betrokke was by byna elke faset van die OB se aktiwiteite. Die wesensaard van die OB was nou gekoppel aan die rol wat vroue in die beweging gespeel het, aangesien “manne sowel as vroue” kon aanspraak maak op lidmaatskap. Vroue se agentskap in die beweging is ook sterk beïnvloed deur die OB se doelstellings en ideologie wat uiteindelik die aard van vroue se aktiwiteite in die beweging bepaal het: Van fondsinsameling tot kulturele werksaamhede tot maatskaplike werk tot gewelddadige verzet teen die Smutsregering en selfs betrokkenheid by partypolitiek.

(2) Vroue se agentskap in die OB is nie net beïnvloed deur amptelike OB-beleid nie, maar ook deur gender. Gender dui op die sosiale betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil en tree ook op as aanduiding van *mag* wat van gender *die belangrikste*

² J.W. Scott “Gender: A useful category of historical analysis”, p. 42

faktor maak in OB-vroue se sosiale organisering, tipe arbeid, werksaamhede en boweal hulle politieke agentskap wat hoofsaaklik bepaal is deur gender en die heersende genderorde binne die Ossewa-Brandwag. Laasgenoemde is gebou op biologiese determinisme voortspruitend uit “organiese nasionalisme” en die sosiale instelling van die *volksmoeder*. Só was vroue ook aktiewe agente van die OB se weergawe van Afrikanernasionalisme. Binne hierdie konteks het OB-vroue hulleself laat geld as politieke agente deur self betekenis en inhoud te gee aan die subjektiewe identiteitskonstruksies van “egte vroulikheid” deur beide deel te neem aan die *volksmoeder*-diskoers en by wyse van hulle *optrede* self identiteit te konstrueer. Die performatiewe aard van gender het van alle aktiwiteite in die OB *genderaktiwiteite* gemaak.

(3) Die *volksmoeder* kan beskou word as ’n middel tot die verstaan van tydgenote se kennis van, en die betekenis wat hulle geheg het aan, geslagtelike verskil, maar ook as die sosiale konstruksie wat die belangrikste gendernorme vir OB-vroue se optrede vasgestel het. Die *volksmoeder* verklaar die aard van OB-vroue se *historiese agentskap*, die aard van die *magspeletjies* wat vroue (binne die konteks van mag “as dispersed constellations of unequal relationships, discursively constituted in social ‘fields of force’”) binne die perke van die diskoers kon speel en ook die historiese, simboliese en mitiese aard van OB-vroue se *identiteit* as *Afrikanervroue* in die Ossewa-Brandwag. As kultureel-beskikbare simbool kon die *volksmoeder* gebuig, gebreek en gebou word deur vroulike agente self en is vroue se agentskap nie noodwendig deur mans ingeperk nie. Dit beteken dat vroue in hulle *optrede* en *uitoefen van agentskap* in die OB ook self nuwe betekenis gegee het aan hulle identiteit as *volksmoeders*. So is dié konstruksie wel amptelik konstrueer in die OB, maar vroue het dit óf weerstaan, óf aangeneem, óf gebuig om hulle te pas en so is vroulike identiteit dikwels deur OB-vroue self ook *rekonstrueer*.

Die leser word herinner die drie hoofvrae van hierdie verhandeling integreer die kernelemente van Scott se gender-kategorie en bied terselfdertyd ’n geskiedenis van OB-vroue aan. Daar moet dus in ag geneem word dat die drie navorsingsvrae oorvleuel. Daarom is die *volksmoeder* byvoorbeeld in alle bevindinge teenwoordig net soos wat biologiese determinisme, die magspel en die aard van vroue se agentskap in byna elke bevinding ter sprake is. Vervolgens word die bogenoemde standpunte uitgepak en in groter besonderhede bespreek deur te let op die belangrikste bevindinge van hierdie studie. Aangesien daar soveel klem geplaas is op diskoers rig die stemme van tydgenote (soos aangehaal in die vorige hoofstukke) die hoofbevindinge van elkeen van die onderstaande afdelings.

8.1.1 Die aard van vroue se agentskap en rol in die Ossewa-Brandwag

Wat was die rol van die Afrikanervrou, as historiese agent, binne die konteks van die wesensaard en ideologie van die Ossewa-Brandwag?

Die historiese rol van die vrou in die Ossewa-Brandwag was velerlei van aard en kan nie beperk word tot een spesifieke aktiwiteit nie. In beheer van die Vroue-afdeling het vroue nou wel nie enige beleidmakende rol gespeel nie, maar kon sy koningin kraai oor haar eie “afgebakende gebied” wat betref die werksaamhede van die Vroue-afdeling en die tipe gedrag wat vereis word van ’n *volksmoeder*. Daar is genoem dat die doel van hierdie studie nie net is om ’n “aanvulling” te skryf vir die geskiedenis van die OB wat vroue as ’n soort nagedagte hanteer nie, maar om ’n geskiedenis te skryf wat nie net vir die eerste keer die rol van vroue in die OB beskryf nie, maar ook ’n *nuwe* perspektief bied op die OB self. Sekerlik die belangrikste nuwe perspektief dui daarop dat die wesensaard van die OB “gendered” was.

In daardie eerste uiteensetting van die doelstellings van die beweging het die leierskap van die OB hulleself gebind om gerig te word deur hulle sosiaal-gebonde verstaan van geslagtelike verskil deur te noem dat “manne sowel as vroue” in die OB gemobiliseer sou word. Met hierdie vaslegging van die binêr sou die OB se sosiale organisering deur al sy bestaansjare bepaal word deur gender. Wat meer is: aangesien beide mans en vroue kon behoort tot die OB beteken dit dat gender nog te meer gebruik is as legitimeerder vir die verdeling van mag, aangesien vroue nie, soos in die geval van die Broederbond, ’n abstrakte konsep “daarbuite” was nie, maar ’n realiteit is wat *teenwoordig* was in die dag tot dag funksionering van die Ossewa-Brandwag. Vandaar dat die OB byna met die eerste oogopslag ’n *gendered* beweging was. Dit is egter nie verbasend dat daar ’n stilte rondom die rol van vroue geheers het nie. Die eerste oogopslag hang natuurlik af met watter “oog” die historikus na die geskiedenis kyk.

Dit beteken dat die geskiedenis van die OB tot op hede *half* was. Een van die *halwewaarhede* wat so gekritiseer is deur die skool van vrouegeskiedenis. Met die stigting van die OB het vroue hulleself nie laat keer nie. Hulle was teenwoordig in die tienduisende wat aangesluit het by die OB. Met die verbod op lidmaatskap van staatsamptenare is dit selfs moontlik dat daar op ’n stadium *meer* vroue as mans behoort het aan die OB. Met hierdie studie is die OB-vrou se geskiedenis neergepen. Vervolgens word die bevindinge oor haar rol saamgevat.

“Vroue vlytig in hul diens”: Die doen van gender (genderdade) in die wesensaard van vroue se rol in die OB

Die gekonstrueerde verskille tussen die geslagte kom baie duidelik na vore in die genoemde aktiwiteite van OB-vroue gedurende 1938 tot 1943. Vroue moes ook pligsgetrou diens lewer in die OB deur by wyse van hulle dade die mans moreel te ondersteun, maar dit word byvoorbeeld nie nodig geag dat vroue iemand moet hê om *hulle* moreel te ondersteun nie. Essensialisme druk dus sy merk af in die aktiwiteite wat vroue se rol in die OB bepaal. So is vroue gekonstrueer as die *essensie* van diens en pligsgetrouheid.

Die wesensaard van vroue se rol in die OB was ontsettend simbolies ingekleur. Dié simboliese inkleding van vroue het van byna elke *optrede/daad* van die vrou ’n saak van gender, oftewel ’n “genderaksie”, gemaak aangesien van die kleinste tot die grootste daad simboliese waarde gehad het, soos die vermoë om mans op te wek tot diens en pligsgetrouheid. OB-vroue self het egter ’n unieke blik op hulle rol gehad en het nie noodwendig elke daad beskou as iets wat primêr dit ten doel stel om mans te ondersteun nie. Hulle het hulle posisie in die OB gesien “met dieselfde status as die man” deur hulle dade by wyse van die *volksmoeder* te konstrueer as ’n simbool van moraliteit, die *essensie* van moraliteit wat nie moreel kon afdwaal nie, maar die rigtinggewer daarvan is. Vroue het dit gedoen in hulle deelname aan die *volksmoeder*-diskoers in die OB. In hierdie diskoers het vroue self gebruik gemaak van essensialisme om hulle dade te interpreteer. Vroue self was van mening dat hulle optree vanuit hulle “natuur”.

Vroue is so byvoorbeeld beskou as besonder goed aangelê vir liefdadigheid *alleen* op grond van hulle gender, omdat dit *as vanselfsprekend* aanvaar is dat liefdadigheid hoofsaaklik die terrein van die vrou is. Die “doen van gender” moet nie bloot net beskou word as die nakom van ’n lys voorgeskrewe aspekte nie. Die aard daarvan is dinamies en veranderend. Net soos dié van die *volksmoeder* wat ’n integrale rol speel in die genderdade van OB-vroue. In vroue se aanvaarding van essensialisme sien ons dat hulle nooit openlik die genderorde van die beweging teengestaan nie. Hulle het wel hulle identiteit gewysig en rekonstrueer deur hulle dade, maar daar was nooit “feministiese verset” vanuit die geledere van OB-vroue nie. Hulle het funksioneer binne die duidelik-omskrewe gebied van die *volksmoeder*. Die aard van vroue se werksaamhede is dus gekleur deur gender deurdat vroue se werksaamhede beskou is as totaal apart van die mans en geregverdig is deur ’n essensialistiese verstaan van geslagtelike verskil wat uiting gevind het in “genderdade”.

“Flukse vroue met organisasietalent”: Fondsinsameling en kultuuraktiwiteite

Vroue was die amptelike fondsinsamelaars van die Ossewa-Brandwag. Dit was dan ook dwarsdeur die bestaan van die beweging een van die belangrikste werksaamhede van die Vroue-afdeling. OB-vroue se werksaamhede as fondsinsamelaars was uniek in dié sin dat dit uitsluitlik beskou is as 'n vroue-aangeleentheid. Vroue se fondsinsamelingfunksies was in genderdiskoers soms skerp beskou as 'n “adjunk” en “aanvullende” posisie wat nie juis veel impak gemaak het op die “hoë politiek” van die OB nie. Dit is egter onwaar as die konseptuele praktyke van mag in ag geneem word. Vroue was in die volste sin van die woord die finansiële lewensloop van die Ossewa-Brandwag. Daar is nie net ingesamel vir die Noodhulpfonds nie, maar ook vir die beweging self. Fondsinsamelingsfunksies was nie beperk tot Fondsdag nie, maar is *elke week* in *elke kommando* ook op klein skaal aangepak. Die OB was finansiële afhanklik van die arbeid van die Vroue-afdeling. Fondsinsameling is die gebied waar vroue hulle stempel die sterkste kon afdruk en was vrugbare grond vir die *volksmoeder* om haarself te laat geld. Vroue het by wyse van die *volksmoeder*-diskoers hulle fondsinsamelingsaktiwiteite gesien het as 'n vorm van nasionalistiese verzet en die tipe arbeid wat aangepak is om fondse in te samel het ingepas by die idee van “egte vroulikheid” (soos die maak van huishoudelike artikels, naaldwerk ensovoorts).

Vroue se kultuuraktiwiteite het hoofsaaklik gewentel rondom vrouekampe en laertrekkings waar vroue onderrig is in “egte vroulikheid” en die uitleef van Afrikanerwaardes soos voorgeskryf deur die *volksmoeder*beeld. Hierdie waardes, gekoppel aan egte vroulikheid, het neergekom op die inskerp van die vrou se arbeid in die huishoudelike sfeer, die opvoeding van kinders binne die Afrikanernasionalistiese diskoers en die eiesoortige “gereedmaak” van die OB vir die magsoorname in Suid-Afrika. Vrouekampe was 'n belangrike deel van OB-vroue se kulturele aktiwiteite binne die *volksmoeder*-diskoers, aangesien daar gedurende kampe voorsiening gemaak is vir die opvoeding van vroue met die doel om hulle optrede en werksaamhede te laat strook met die normatiewe konsepte wat deur die *volksmoeder* daargestel is. Dit is juis die “moederskap” en “huishoudelikheid” van die vrou wat die meeste aandag geniet het gedurende die lesings en aktiwiteite wat by die kampe gehou is. As organiseerders was vroue ook nou betrokke by die OB se twee belangrikste feesdae, naamlik Vryheidsdag en Fondsdag. Wat meer is: met vroue soos Anna-Neethling-Pohl aan die stuur het OB-vroue ook deelgeneem aan die “versetteater” van die OB. Dit sou dan ook by wyse van nasionalistiese verzet wees waar OB-vroue duidelik in die voetspore van hulle *voor-volksmoeders* sou trap.

“Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”: Vroue se verset

OB-vroue se rol in die beweging was nou verbonde aan die OB se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog. Hulle verset het hoofsaaklik vier vorme aangeneem, naamlik lydende verset deur hulle deelname aan die Vroue-optog van 1941, Elsabé Nel se weiering om in die hof te getuig, verset by wyse van die kultuuraktiwiteite van die OB, in besonder die Katdorings, en die buig van die *volksmoeder* deur deel te neem aan die ondergrondse verset van die OB.

Tydens die vroue-optog het vroue protes aangeteken teen *politieke kwessies* wat hulle nie net gedoen het om vir hulle mans ’n hulp te wees nie, maar dat hulle ook ingetree het vir hulle mans se onvermoë. Daar waar hulle mans deur oorlogsregulasies verhoed is om in die openbaar protes aan te teken, het vroue die politieke aard van hulle moederskap gebruik om tussenbeide te tree.

Elsabé Nel het aan OB-vroue ’n platform gegee om verdere protes aan te teken deur hulle nasionalistiese ondersteuning van Nel. Met Elsabé Nel se weiering om te getuig teen mede-OB-lede het die versetkarakter van die *volksmoeder* ’n belangrike deel geword van die OB se deelname aan die *volksmoeder*-diskoers. In hulle verset teen die oorlogspoging kon vroue aktief protes aanteken deur gebruik te maak van die sin vir onafhanklikheid van die *volksmoeder*.

Met die Katdorings is volkspropaganda, as doelwit van die Vroue-afdeling, op unieke manier geïntegreer met volksang en OB-lede kon by wyse van massasang uiting gee aan hulle anti-Britse gevoelens en hulle ontevredenheid met die Smutsregering. Die teateropvoerings was ’n verdere manier waar vroue saam met mans gewerk het om gebruik te maak van die dualistiese karakter van die OB om hulleself te verset en op te tree as dekmantel vir die onderduimse aktiwiteite van die beweging.

Afgesien van passiewe verset en versetkultuur het hulle ook ’n aktiewe rol gespeel in die onwettige en soms gewelddadige verset van die OB. Die feit dat die OB so sterk verdeel is langs die lyne van gender, het vroue nie gekeer om op verskeie maniere deel te neem aan die organisasie se verset teen die Smuts-regering nie. In die proses was vroue aktief besig om hulle identiteit te konstrueer en boweal die dinamiese, meestal teenstrydige, betekenis van die *volksmoeder* in te span ten einde vir hulleself meer agentskap toe te eien.

“Wat hier beklemtoon moet word, is dat die vrou... in die sosiale volksversorging ’n baie groot taak het”: Vroue se maatskaplike rol in die Noodhulpfonds en volksorg

Daar is reeds in die bevindinge verwys na die OB se geloof dat liefdadigheid, oftewel maatskaplike werk, by die vrou tuishoort. Vroue het in hierdie verband veral ’n belangrike rol gespeel in die Noodhulpfonds en die OB se idee van volksorg.

Alhoewel die insameling van fondse en die verdeling daarvan onder die gesinne op sigself ’n “sorgende” aktiwiteit is, is die rol van die vrou in die Noodhulpfonds ná die reorganisasie van die OB (met die sterker klem op volksorg) geskets as iemand wat nie werk met hulpbehoewendes nie, maar wel met gelyke volksgenote. Vroue se noodhulpfondsaktiwiteite moes ’n unieke karakter aanneem – een wat *nie* ooreenstem met ’n karakter van liefdadigheid nie. Die OB het bepaal dat “vroue veral besonder goed aangelê is vir hierdie taak”, met ander woorde: die taak van liefdadigheid.

Afgesien van hierdie rol in die Noodhulpfonds het volksorg ook ’n sterk invloed uitgeoefen op die tipe werksaamhede wat vroue gedoen het. Vroue se arbeidsdiens en volksorgwerksaamhede het gefokus op *voorligting*, *opvoeding* en *onderrig* in groepsverband binne die verskillende OB vrouekommando’s. Daar is groot klem geplaas op die “opvoeding” van die vrou en dit stem ooreen met die gedagte dat die OB nie liefdadigheid wou verrig nie. Diegene wat stoflike en geestelike hulp nodig het, moes *opgehef* word deur opvoeding en arbeidsdiens ten einde weer op hulle eie voete te staan. Die doel was om toe te sien dat mense nie altyd afhanklik sal bly van toelaes en stoflike hulp nie, maar dat hulle uiteindelik bygestaan word om *self* om te sien na hulle behoeftes – vandaar die klem op *opvoeding* wat hiertoe moes bydra wat ook gelei het tot vroue se keuse van die spin van wol en hulle eie bepaling van wat die praktiese werksklasse van volksorg sou insluit.

Vroue se keuse van volksorgwerksaamhede het ook ’n blik gegee op hulle verstaan van hulle plek in die *volksmoeder*-diskoers. Vroueleiding in die OB het die *volksmoeder* geïnkorporeer in hulle eie keuses van arbeid en het die beeld aangeneem en uitgeleef op hulle eie manier. Die spin van wol is so byvoorbeeld OB-vroue se interpretasie van die tipe arbeid wat sou ooreenstem met die kwaliteite van ’n *volksmoeder* waarvan huismoederlikheid en selfstandigheid die meeste uitstaan. Nie net die *volksmoeder* nie, maar die spin van wol self word so ’n kultureel-beskikbare simbool van *vrouearbeid* wat binne die diskoers val van die “ideaal van vrouwees”. Dit geld vir byna alle volksorgaktiwiteite wat vroue aangepak het.

8.1.2 Gender en die politiek van die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag

Hoe het vroue, deur sosiaal te organiseer, hulleself laat geld as politieke agente in die OB, gesien binne die konteks van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil?

Mag en die spel om die verkryging van mag was nie net een van die grootste motiveerders vir die stig van die Ossewa-Brandwag nie, maar ook een van die redes waarom die beweging vir meer as 'n dekade bestaan het. Dat die OB daarna gestrewe het om die politieke mag in Suid-Afrika oor te neem, en by wyse van 'n soort gesagstaat die lewe van die individu te reguleer, is nie te bevraagteken nie. Daar is egter ook 'n ander sy aan hierdie magstrewe – iets wat nie net 'n strewe was nie, maar 'n realiteit – en dit is die komplekse web van magsverhoudings gereguleer deur die sosiaal gekonstrueerde verskille tussen die geslagte. Hierdie verskille het in die beweging self gestalte gevind. Die konseptuele taal van gender is deur tydgenote gebruik om differensiasie tussen die geslagte in te span wat weer betekenis toegeken het aan die “geslagtelike” identiteit van vroue. So het geslagtelike verskil een van die primêre maniere geword waarmee daar nie net gedifferensieer is nie, maar ook 'n manier geword het vir gender om sosiale verhoudings te konstrueer en legitimeer. In die OB is hierdie dinamiese proses kontekstueel-spesifiek en het in byna elke faset van die beweging na vore getree.

“Die wieg van die Afrikanervrou”: Biologiese determinisme en tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil

Wat tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil betref het beide biologiese determinisme en die *volksmoeder* die vrou se “amptelike” posisie in die OB, en volgens die OB, bepaal. Die vrou se posisie in die gesin is volgens organiese nasionalisme en ook volgens die gesinsbeleid van die OB essensialisties en biologies gedetermineer wat die vrou sien as 'n blote baarmoeder van die volk. Nie net word daar sosiale betekenis aan die vrou se biologie geheg nie, maar die vrou se biologie word as't ware in ditself haar roeping, naamlik dat haar primêre doel op aarde voortplanting is. Aan die ander kant gee die sosiale konstruksieproses van biologiese determinisme vir die volksmoeder die kans om ook op ander maniere as net biologiese funksies na vore te tree. In die geval van die OB was dit by wyse van die kwaliteite wat daar aan vroue toegeskryf is op grond van die kategorie van *moeder*, gebaseer op hulle biologie, wat *deur die sosiale prosesse van die samelewing* aan vroue toegeken is. Rondom moederskap is die idee uitgebou dat 'n vrou, net soos wat sy 'n kind versorg, so ook die volk moet kan versorg. Dit het neergekom op vroue wat op grond van die sosiale

betekenis wat aan haar biologie geheg is “meer geskik” beskou is vir maatskaplike werk en vandaar het die vrou as *volksmoeder* in die OB ook ’n openbare funksie gehad om te vervul as lede van die Vroue Volksorg Vertakking wat juis tot stand gekom het vanweë die klemverskuiwing wat gemaak is op grond van die betekenis wat tydgenote geheg het aan geslagtelike verskil.

Die organiese nasionalisme van die OB het ’n sterk invloed uitgeoefen op die amptelike beeld van die vrou. Albei is gebou op sekere “gegewes” wat deur die OB-leierskap as vanselfsprekend aanvaar is. Die vanselfsprekendheid van die gegewes waarop organiese nasionalisme en die beeld van die vrou gebou is, is beide geregverdig deur die OB se Christelik-Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Die vestiging van hoop in die “wieg van die Afrikanervrou” as sleutel tot die blanke bevolkingsaanwas en dat die vrou se respek vir bloedsuiwerheid al is wat die primordiale bande van die volk, die essensialisme van die volk, aanmekaar gebind kan hou, is gebou op die verstaan van geslagtelike verskil as iets wat anatomies en biologies van aard is. In amptelike OB-beleid is dit baie duidelik uitgespel dat ’n vrou se plek in die samelewing primêr bepaal word deur die biologiese samestelling van haar “geslag”. Tydgenote het sosiale betekenis geheg aan hierdie biologiese gegewes. Die gevolg vir vroue in amptelike OB-beleid is dat “biology became destiny”.

“Omdat man en vrou van nature van mekaar verskil”: Die verdeling van arbeid op grond van gender

Soos reeds verduidelik is, het tydgenote geslagtelike verskil verstaan as iets wat *biologies* gedetermineer word, iets wat essensieel tot elke mens is, iets wat afkomstig van God is en so dus genoegsaam is om te kan dien as norm en riglyn vir die organisasie van die samelewing. Die organisering van die samelewing gebaseer op gender tree in die eerste plek in die OB na vore in die feit dat daar *verskillende vorme van arbeid* aan mans en vroue toegeken is.

Die beeld van die *volksmoeder* mag nie onderskat word wanneer die aard van “vroulike” arbeid ter tafel gelê word nie. In die geval van OB-ideologie sou die “aanvaarbare patroon” van vrouewerksaamhede enige aktiwiteit wees wat te make het met die *gesin* en aktiwiteite wat ooreenstem met die *volksmoeder*beeld wat die artikulasie is van die *Afrikanervrou* se “hoogste roeping”, naamlik moederskap. Van al die karaktereienskappe van die *volksmoeder*, en die mitiese en simboliese kwessies wat daarmee saamhang, is self-onderhoud en “huismoederlikheid” twee kwaliteite wat veral kenmerkend is van vrouearbeid in die OB.

Alle arbeid in die OB was organiseer op grond van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil.

“Deur haar oë leer hy die wêreld sien”: Vroue se instandhouding van die genderorde

Fondsinsameling het ’n belangrike rol gespeel in die instandhouding van die genderorde. Die internering van mans was dus as gevolg van hierdie genderorde ekonomies verwoestend vir sekere vroue wat totaal afhanklik was van ’n man se inkomste. In plaas daarvan om aanspraak te maak op die wysiging van die genderorde, deur vroue byvoorbeeld aan te moedig om betaalde werk te aanvaar, het die vroue van die Ossewa-Brandwag by wyse van hulle fondsinsamelings toegesien dat die genderorde gehandhaaf word.

Daar is neergekyk op Afrikanervroue wat in die stad gaan werk het, aangesien só ’n vrou volgens tydgenote nie ’n ideale *volksmoeder* kon wees nie. Die *volksmoeder*-beeld van die OB was ook van só aard dat dit geensins die beroepsarbeid van die vrou aangemoedig het nie, soos blyk uit die aard van die vroue-afdeling se aktiwiteite wat geheel-en-al gefokus was op die huishoudelikheid en moederskap van vroue. Internering is gehanteer as iets wat net tydelik is – ná die oorlog sou die geïnterneerdes wel weer in staat wees daartoe om hulle *gendered* verantwoordelikhede na te kom. Om hulle susters in staat te stel om nie die *volksmoeder*-ideaal te versaak nie, en steeds voort te gaan met hulle huishoudelike pligte, het OB-vroue by wyse van die Noodhulpfonds beide die genderorde gekonstrueer. Te midde van die feit dat die ekonomiese situasie die genderorde bedreig het, is dit deur die OB, en in besonder die vroue, gehandhaaf.

Die genderorde is ook instand gehou deur vroue se taak van “opvoeders” van die volk. Die taak is aan die vrou opgedra om die voorbereiding en opvoeding van seuns en dogters as toekomstige vaders en moeders te behartig. Dit wil voorkom of die biologiese essensialisme van die OB-ideologie selfs deur die vrou aan die kind oorgedra moes word. In die uitvoer van haar roeping as moeder versterk die vrou dus die dominante patriargale genderorde deur self by te dra tot die instandhouding en voortsetting daarvan. In die OB is dit kenmerkend van die genderorde dat die verdeling van arbeid plaasvind op grond van geslag. So moes die vrou, as moeder, toesien dat haar seun opgevoed word vir beroepsvoorbereiding en –beoefening. Seuns moes opgelei word vir spesiale volksdiens, veral in die vorm van hande-arbeid vir ’n

minimum tydperk, asook militêre opleiding vir 'n minimum tydperk. In die geval van jong meisies moes daar *moederskap* vir hulle aangeleer word.

“Ons weet dat die versorging en behoud van kulturele waardes in praktyk in die hande van die vrou lê”: Die konseptuele praktyke van mag

Die konstruksie van mag langs genderlyne in 'n organisasie soos die Ossewa-Brandwag is gewortel in die universele aard van manlike agentskap teenoor die partikuliere aard van vroue se plek in die hiërargiese liggaam. Die “tradisionele” verstaan van gender skets die vrou as 'n “adjunk”. Hierdie “adjunk”-posisie van vroue is in godsdienstige terme geregverdig na wat die “Skrif” daaroor sê in Genesis, waar God die vrou as “hulp” vir die man geskep het. Volgens die divisie van arbeid langs hierdie “tradisionele” verstaan van gender beteken dit dat “men enter the conceptually organized world of governing without a sense of transition.” Die partikulariteit van vroue se posisie is weer gesetel in die “immediate, local, and particular place in which they are in the body” en dit is duidelik te bespeur in die OB dat “[t]he domestic sites of women’s work, traditionally identified with women, are outside and subservient to this structure [die konseptuele struktuur].” In die OB het vroue egter toegang gehad tot hierdie konseptuele struktuur.

Vroue was van die begin af betrokke in 'n organisasie wat geen geslagsonderskeid getref het vir lidmaatskap nie. Tog is vroue soms duidelik gegiet in die vorm van “die ander”. Afgesien van die feit dat die aard van vroue se mag en posisies verskil het, met vroue wat in hulle “afgebakende gebied” moes funksioneer, het OB vroue gedien op liggame soos die Grootraad wat besluite geneem het oor die gebruik en inspan van konseptuele kapitaal. Voorts was vroue-offisiere in hoër range nooit afwesig by groot OB-byeenkomste nie en het dikwels saam met die manlike leierskap toesprake gelewer oor die rol van die vrou.

Die hiërargiese aard van OB-organisasie veronderstel natuurlik dat dit baie makliker is vir mans om beheer oor die materiële en simboliese hulpbronne te voer, maar die *volksmoeder* is die nimmereindigende sosiaal-gekonstrueerde skuiwergat waarvolgens vroue in die OB weg kon beweeg van die meer tradisionele en beperkende definisie van Afrikaner-vrouwees, na een waar hulle groter toegang gehad het tot die konseptuele struktuur van die OB.

As konstruksie wat die organisering van die OB beïnvloed het, het die *volksmoeder* met twee bene in beide die partikuliere (plaaslike, liggaamlike en onmiddellike) en die universele

(regerende, konseptuele, abstrakte, praktyke van mag) gestaan. So is vroue toegang gegee tot die konseptuele struktuur van mag by wyse van die plaaslike, partikuliere struktuur, aangesien die *volksmoeder* beide universeel en partikulier gekonstrueer kan word.

Dit sou dus onmoontlik wees vir mans om die konseptuele sfeer te betree as daar nie vir hulle gesorg word in die partikuliere sfeer nie. In die OB word vroue se “afgebakende gebied” eksplisiet beskryf in terme van arbeid wat voorsiening maak vir “the logistics of his [die man se] bodily existence”. Vroue se fondsinsamelingsfunksie is ’n voorbeeld hiervan. Sonder haar sorg vir die onmiddellike behoeftes, naamlik geld, sou die beweging tot niet gaan.

Die *volksmoeder* abstraher vroue se arbeid onder die tradisionele genderregime (“die versorging van huis en haard”) tot iets wat aan vroue toegang gee tot die konseptuele praktyke van mag. Mag word diskursief geskep en so word vroue se partikuliere optrede as ’t ware konseptuele aksie. Dit loop hand aan hand met die idee dat vroue se optrede in die private, huishoudelike sfeer, ook politieke gevolge inhou. Vroue het dus as ’t ware ’n voorsprong bo mans, aangesien hulle toegang het tot beide die partikuliere en die universele. Hulle tree nie net op as moeders van ’n onmiddellike gesin (partikulier) nie, maar as moeders van ’n ganse nasie (universeel). Daar kan dus sover gegaan word om te sê dat binne die konteks van die aanvanklike organisering van die OB, vroue ook oor die geleentheid beskik het om konseptuele praktyke van mag toe te pas, maar nie op dieselfde manier as mans nie. Dit was steeds binne die grense van die *volksmoeder*, maar daardie grense kon wel deur die diskursiewe konstruksieproses verskuif word. As toegang tot die konseptuele verstaan word as die vermoë om genderverhoudinge te skep en wysig ten einde meer mag vir mans of vroue te legitimeer, dan is OB-vroue beslis in staat gestel deur die organisasiemetode van die OB om toegang te hê tot die eien van meer mag vir hulleself.

8.1.3 Volksmoeders in die kollig: OB-vroue en die sosiale konstruksie van die *volksmoeder*

*Hoe is vroue beïnvloed deur (en het op hulle beurt weer ’n invloed uitgeoefen op)
die metaforiese konstruksie van die volksmoeder?*

Die *volksmoeder* kan gesien word as ’n sosiale instelling wat deur die proses van sosiale institusionalisering deel geword het van die Afrikanersamelewing in die tydperk van die OB

se bestaan. Die essensiële karakter van die *volksmoeder* het sy oorsprong in die interaksie tussen die geslagte. Die “social stock of knowledge” oor die *volksmoeder*, en daarmee saam die “standaard” of “ideaal” waaraan Afrikanervroue se optrede in die samelewing van die eerste helfte van die twintigste eeu gemeet is, het onder andere ingesluit ’n sterk sin vir godsdiens, bravade, ’n sin vir onafhanklikheid en vryheid, die gees van selfopoffering, self-onderhoud, “huismoederlikheid”, woekering met talente, integriteit, reinheid en die daarstel van ’n voorbeeld vir ander. Die oorsprong daarvan lê opgesluit in die proses van gewoontevorming wat lei tot institusionalisering, maar dit lê nog te meer opgesluit in die gedeelde geskiedenis van die Afrikanersamelewing.

Die *volksmoeder* is dus ’n instelling wat vroue se optrede beperk en binne ’n aanvaarbare patroon giet. Nietemin, dit is belangrik om die implikasies te begryp van só ’n sosiale instelling. Vroue het dikwels die grense van “predifined patterns of conduct” oorskrei by wyse van die dinamiese, paradoksale, aard van die *volksmoeder*. Die *volksmoeder* is dus ’n diskursiewe en historiese proses wat “a changing, dynamic ideology rife with paradox, under constant contest by men and women” aanhoudend skep. In hierdie proses, beide die historiese (gewortel in menslike optrede in die verlede) en die diskursiewe (gewortel in tydgenote se verstaan en gebruik van menslike optrede in die verlede), het die idee van vroue se sin vir onafhanklikheid en moederskap ’n onafskeidbare deel van die *volksmoeder* in die OB geword.

“Om ’n vrije volk te teel”: OB-vroue se vryheidsin en moederskap

Een van die belangrikste aspekte van die *volksmoeder* het hoofsaaklik gemanifesteer in die vorm van vroue se sin vir onafhanklikheid wat direk gekoppel is aan verset teen Brittanje. Dit is in die manifestasie van die *volksmoeder* se sin vir onafhanklikheid in die OB waar OB-vroue die meer radikale aard van die *volksmoeder* eksploiteer het.

Oorlog is ontwrigtend op alle vlakke van die samelewing – die sosiale ingesluit. Gedurende oorlog word die reëls dikwels gebreek. Sommige reëls word versterk om orde te handhaaf, maar daar word ook nuwe reëls geskep om by die omstandighede aan te pas. Dieselfde geld vir gender. Alhoewel die Tweede Wêreldoorlog nie op Suid-Afrikaanse bodem afgespeel het nie, het Suid-Afrika se deelname daaraan ook groot ontwrigting vir die land gebring. Hierdie ontwrigting het dit vir vroue moontlik gemaak om op te tree as agente wat die metaforiese moontlikhede van hulle identiteitskonstruksies te geëksploiteer het, naamlik deur dae te pleeg wat onaanvaarbaar sou wees binne die konteks van die vooroorlogse genderorde.

Moederskap is 'n aspek van die *volksmoeder* wat slegs deur vroue toegeëien kon word, maar die Afrikaner se vryheidsin is iets wat deur beide mans en vroue se identiteitskonstruksies gedeel is. So kon die uitleef van hulle vryheidsin vroue in staat stel om inbreuk te maak op die sfeer wat tradisioneel beskou word as manlik gedomineerde gebiede. In hierdie sin word die verdeling van arbeid langs die lyne van gender so 'n bietjie verskans. Die Vroue-optog is 'n uitstekende voorbeeld van vroue se gebruik van hulle volksmoederskap in 'n openbare gebaar. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat die nasionalistiese aard van die *volksmoeder* vroue se verset binne die genderorde geregverdig het.

Vroue het bloot net verskillend opgetree in vergelyking met ander kenmerke van die *volksmoeder* soos noodsaak deur die omstandighede. OB-vroue het dus geen genderreël gebreek deur hulleself te verset nie. Daar kan wel reëls gebreek word wat deur die noodsaaklikhede van oorlog geregverdig word, maar dit lei nie tot 'n fundamentele verandering van die genderorde nie. Dit skep wel meer geleenthede vir vroue om die metaforiese moontlikhede van hulle identiteitskonstruksies te ontdek en uit te leef. Die metaforiese moontlikhede inherent in die *volksmoeder* is natuurlik voorsien deur die sterk simboliek wat deur die teruggryp na sekere historiese mites daaraan geheg is. Vroue het saamgestem met die heersende konstruksie van hulle identiteit. Verset beteken nie noodwendig dat daar is verset teen die genderorde nie, maar wel manevres gebruik deur vroue binne die orde self om vir hulle mag toe te eien.

OB-vroue se deelname aan die Tweede Rebelle vorm verder deel van 'n historiese kontinuïteit. Hulle verset teen Brittanje is 'n voortsetting van die heroïese dade van opstand teen Britse oorheersing deurdat vroue in dieselfde gees “die stryd voer” as deur hulle moeders gedurende “versetgebeure” soos Slagtersnek en die Groot Trek. So tree vroue se sin vir onafhanklikheid sterk na vore in die Ossewa-Brandwag. Die OB het aan vroue 'n platform verskaf wat gebruik kon word om ook hulle eie ontevredenheid met die oorlogsbesluit uit te spreek – in woorde en in dade. Hierin het die vryheidsin van die *volksmoeder* sterk gefigureer.

Voorts het die kwaliteit van *moederskap* net so sterk in die OB kop uitgesteek. Die *volksmoeder* gee aan vroue die vermoë om hulle invloed te laat geld in verskeie aspekte van die samelewing *juis omdat daar van moederskap 'n politieke saak gemaak word*. Wanneer die

universele ter sprake is, is die vrou nie uitgesluit nie, aangesien die politieke aard van die *sorgende volksmoeder* meer pertinent op die voorgrond tree. Vroue het hierdie interpretasie van die volksmoeder – naamlik die vrou se rol as *openbare versorger van die volk* – in partikuliere terme gesien deur die idee van organiese nasionalisme te volg, naamlik dat die versorging van die volk begin by die versorging van die *kind* in sy of haar *opvoeding* wat ontvang word vanaf die hand van die moeder. Die opvoedings- en versorgingsrol van die vrou in die partikuliere sfeer van die gesin het dus so 'n rimpeleffek waarvan die invloed van hierdie versorging dit laat geld ook in die politieke terrein wanneer die behoud van die volk ter sprake is – so word moederskap universeel. Daar is dus 'n politieke dimensie toegeken aan die *volksmoeder*. As “moeder” van haar volk, gee haar moederskap vir haar die moontlikheid om aanspraak te maak op 'n sê in politieke sake. Aan die ander kant kon haar moederskap haar ook inperk en gebruik word as regverdiging vir die vrou om haarself alleenlik besig te hou met die huisgesin. Daarom kan daar na die *volksmoeder* in die OB verwys word as 'n pendulum wat kan swaai na 'n wyer interpretasie van die *volksmoeder*, wat vroue meer politieke mag gee, en ook kan swaai na 'n meer eng interpretasie wat die vrou beperk tot die huis alleen. Wat albei hierdie interpretasies betref het vroue vindingryk deelgeneem aan die *volksmoeder*-diskoers ten einde op te tree as historiese agente wat hulleself in die OB laat geld het.

Die *volksmoeder*-pendulum: Die “eng interpretasie” en die “wyer interpretasie”

Die eng interpretasie van die *volksmoeder* kom neer op die biologiese determinisme van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil, naamlik dat vroue, op grond van hulle biologie, beperk is tot moeders van 'n huisgesin. In die OB is vroue se taak beskryf as “tweeledig” en het daarop neergekom dat die vrou se “hoogste roeping” wel dié van moederskap is (eng), maar dat sy ook in die wye samelewing 'n taak het (wyer). Daar kan sover gegaan word om te sê dat die eng interpretasie van die *volksmoeder* hoofsaaklik opgesluit is in die “amptelik”-gekonstrueerde beeld van die vrou, maar dat vroue, binne die *volksmoeder*-diskoers, selfs gebruik gemaak het van die meer eng interpretasie om vir hulleself meer mag toe te eien in die uitoefening van hulle agentskap. Vroue se mag was natuurlik altyd beperk tot die grense van die *volksmoeder*-konstruksie.

Ten spyte van die sterk biologiese essensialisme van die OB hoef vroue se optrede dus nie noodwendig te behoort tot formele politiek om geklassifiseer te word as “politiques” nie. Deur mag te beskou in die bogenoemde terme van Scott, lyk die morele wêreld, wat behoort aan

die vrou, totaal anders. As vroue dus optree in hulle “tradisionele” rolle as moeders en werkers vir die morele welsyn van die volk, soos voorgeskryf deur sosiale instellings, beteken dit nie noodwendig dat hulle apolities is, of dat hulle agentskap ingeperk word nie.

Vroue het politieke waarde aan hulle moederskap geheg deur hulleself te beskou as die toekomsdraers van die Afrikanerkultuur. So word die rol van die moeder in die *huis* interpreteer as ’n politieke rol wat nie noodwendig moet behoort tot die formele politiek om mag oor die toekoms van die volk te hê nie. As die kind nie aan die hand van die moeder die “oeroue kultuurgoedere” of “die taal” leer nie, kan die doelwitte van die nasionale beweging nie verwesenlik word nie. Die vrou moet in haar kapasiteit as moeder *sorg* dat die kind so opgevoed word.

OB-vroue het nie net gebruik gemaak van die *volksmoeder* in die beskrywing van hulle posisie nie, maar selfs die amptelike weergawe van die OB se beeld van die vrou het hulle met ope arms aanvaar, met ander woorde die meer “eng” interpretasie. Dit beteken dat die vroue self ook geslagtelike verskil verstaan het as gebou op biologiese determinisme en gevolglik die sosiale betekenisse wat aan “vroulikheid” toegeskryf is in die OB-beleid, aanvaar. In die diskoers oor die vrou se posisie het die vroue leidsters hulle posisie in die OB gesien as een wat polities van aard is. In die eerste plek het vroue ’n sê gehad in die formele politieke aangeleenthede te make met die vrou, maar ook in die breë samelewing. In die tweede plek het die opheffingswerk en volksorgtaak die vrou in staat gestel om op maatskaplike wyse op te tree as politieke agent. Op die mees basiese vlak het vroue daarmee saam moederskap aangeneem as hulle hoogste roeping – ’n roeping wat nie net toesien dat die volk oorleef nie, maar ook dat die politieke idees van die volk vanaf die moeder aan die kinders geleer word. Vroue het dus aktief deelgeneem aan die konstruksie van die tradisionele weergawe van die *volksmoederbeeld* en het hulle identiteit gesien as bepaal deur biologiese determinisme geregverdig deur hulle geloof in God en hulle deelname aan die *volksmoeder*-diskoers.

OB-vroue en vroueierskap in die OB het egter ook toegang gehad tot konseptuele kapitaal. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die aard van die *volksmoeder* wat nie ’n “man-made” konstruksie is nie, maar een is wat inherent vroue terselfdertyd bemagtig en onderdruk. Die punt is dat OB-vroue self toegang gehad het tot die swaai van die *volksmoeder*-pendulum in die rigting van bemagtiging. Volgens hierdie interpretasie van vroue se posisie in die OB kon

hulle, volgens 'n streng toepassing van Scott se magsbeskouing, vir hulleself beheer oor die toegang tot sekere materiële en simboliese hulpbronne eien en so die genderkonstruksie van die *volksmoeder* inspan ten einde die konsep en konstruksie van “mag” in die OB self te beïnvloed/konstrueer. In hierdie verband word daar saamgestem met die genoemde gevolgtrekkings gemaak deur L. Vincent oor die *volksmoeder*.

Wanneer daar egter gekyk word na tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil tussen man en vrou, naamlik as iets wat altyd gedefinieer word op simboliese grondslag, grense en *beperkings* van konstruksies soos die *volksmoeder*, word dit duidelik dat vroue mag vir hulleself kon eien tot op 'n punt. Voorts moet daar in ag geneem word dat om 'n vrou te wees en deel te neem aan die konstruksieproses van identiteit nie noodwendig beteken dat jy onmiddellik 'n aktivis word wat jou beywer vir meer politieke mag nie. Radikaal-gesproke kon OB-vroue rebelleer teen die tradisionele genderorde deur hulle arbeid in die partikuliere sfeer te staak en dit so onmoontlik te maak vir mans om op te tree in die konseptuele sfeer wat regering en beheer moontlik maak. Dit korreleer egter nie met tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil nie. OB-vroue het hulleself beskou as *volksmoeders* en het diensooreenkomstig opgetree.

So het die *volksmoeder* dit moontlik gemaak vir vroue om politiek op te tree in die OB op die drie genoemde vlakke wat identifiseer is deur L.M. Kruger. Eerstens was vroue betrokke by die OB as 'n politieke organisasie wat gestrewe het na die magsoorname van die Suid-Afrikaanse regering (alhoewel dit nie 'n politieke party was nie) en het hulle ook hulle stemme dik gemaak wanneer partypolitiek ter sprake was. Vroueleiers was in die posisie om hulle eie menings in die Afrikaanse pers te publiseer. Tweedens was daar in die vorm van die Noodhulpfonds en volksorg 'n sterk welsynskarakter wat terselfdertyd instrumenteel was tot die bevordering van die OB se politiek, omrede dit onder andere gedien het as anti-oorlogspropaganda en nou verbonde is aan die konseptuele praktyke van mag. Derdens was OB-vroue gesien as die *kern* van die huisgesin en het daardie basis gebruik om vir haarself politieke mag in te palm deur die logiese verloop van organiese nasionalisme te volg: As die vrou die kern is van die gesin en die gesin die kern van die volk, dan is die vrou tog ook die kern van die volk. OB-vroue het dus die amptelike konstruksie van die *volksmoeder* aangeneem en dikwels rekonstrueer, maar altyd binne die grense van die heersende genderorde.

**

Histories gesproke het Afrikanervroue 'n sentrale rol gespeel in die OB vanaf 1938 tot 1954. Teoreties gesproke was hierdie rol afhanklik van tydgenote se verstaan van geslagtelike verskil en is die uitoefen van vroue se agentskap diep beïnvloed deur gender.

**

BIBLIOGRAFIE

1. Argivale Bronne

1.1 Ossewa-Brandwag argief (OB-argief), Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

1.1.1. Dokumenteversamelings van die OB-argief

i) Boekeversameling van die OB-argief

Bakkes, C.M., *Stormjaer-herinneringe* (Potchefstroom, OB-argief, Ferdinand Postma Biblioteek, 1987).

Grootraad van die Ossewa-Brandwag, *Gesonde huisgesinne bou 'n lewenskragtige volk* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1942).

OBA: Pamflette: OB, "Noodhulpfonds".

OB Jaarboek 1947.

OB Jaarboek 1948.

Van Rensburg, J.F.J., *Die vooraand van ons volkseie sosialisme: Die Ossewa-Brandwag tree die toekoms tegemoet* (Pretoria, Kultuur- en Voorligtingsafdeling van die Ossewa-Brandwag, 1943).

ii) Die OB-koerant gehuisves in die OB-argief

Ketting-Vlugskrifte, no. 1, 1941 (Voorganger van *Die OB*).

Die OB, 12.11.1941.

Die OB, 19.11.1941.

Die OB, 10.12.1941.

Die OB, 30.12.1941.

Die OB, 28.01.1942.

Die OB, 28.02.1942.

Die OB, 04.03.1942.

Die OB, 11.03.1942.

Die OB, 08.04.1942.
Die OB, 15.04.1942.
Die OB, 13.05.1942.
Die OB, 17.06.1942.
Die OB, 20.05.1942.
Die OB, 08.07.1942.
Die OB, 22.07.1942.
Die OB, 30.09.1942.
Die OB, 07.10.1942.
Die OB, 28.10.1942.
Die OB, 25.11.1942.
Die OB, 09.12.1942.
Die OB, 18.12.1942.
Die OB, 07.04.1943.
Die OB, 14.04.1943.
Die OB, 26.05.1943.
Die OB, 02.06.1943.
Die OB, 09.06.1943.
Die OB, 11.08.1943.
Die OB, 25.08.1943.
Die OB, 11.09.1943.
Die OB, 01.10.1943.
Die OB, 20.10.1943.
Die OB, 08.03.1944.
Die OB, 28.06.1944.
Die OB, 22.11.1944.
Die OB, 13.12.1944.
Die OB, 28.02.1945.
Die OB, 14.03.1945.
Die OB, 11.04.1945.
Die OB, 09.05.1945.
Die OB, 08.08.1945.

Die OB, 19.09.1945.

Die OB, 13.02.1946.

Die OB, 10.07.1946.

Die OB, 17.07.1946.

Die OB, 09.12.1946.

Die OB, 09.07.1947.

Die OB, 27.08.1947.

Die OB, 08.10.1947.

Die OB, 25.02.1948.

Die OB, 16.06.1948.

Die OB, 21.06.1948.

Die OB, 12.07.1948.

Die OB, 09.02.1949.

Die OB, 16.02.1949.

Die OB, 16.03.1949.

Die OB, 23.03.1949.

Die OB, 30.03.1949.

Die OB, 13.04.1949.

Die OB, 02.11.1949.

Die OB, 22.03.1950.

Die OB, 17.05.1950.

Die OB, 15.11.1950.

Die OB, 06.12.1950.

iii) Skenker-versamelings

A. Potgieter-versameling

B/L 1/1, omslag 1: Herinneringe aan die OB-Boerejeug, 1942-46.

B.C. Seymore-versameling

B/L 1/2, omslag 10: Korrespondensie: B.C. Seymore/P.Widd, 26/06/51.

Boerejeug-versameling

B/L 9/1, omslag 2: Korrespondensie D.J. van Rooy/P.J. Taljaard, 4 Mei, 1948.

B/L 9/1, omslag 4: Die Boerejeug: sy doel, organisasie en administrasie, 1946.

B/L 9/1, omslag 6: Uniforms, kleredrag, kentekens: “Erkenningstekens van die Boerejeug”, 1948.

B/L 9/1, omslag 8: Boerejeugpamflette, “Die Boerejeug”.

D.J.M. Cronjè-versameling

B/L 15, omslag 4: Ossewa-Brandwag: Vanwaar en waarheen?

F.D. du Toit van Zyl-versameling

B/L 1, omslag 7: Die Ossewa-Brandwag en die parlamentsverkiesing: Die kommuniste en soldate.

G. Cronjè-versameling

B/L 1/12, omslag 1: Die OB Noodhulpfonds.

B/L 1/12, omslag 1: Noodhulpfonds: Insameling.

B/L 1/12, omslag 1: Reëls van die OB Noodhulpfonds.

B/L 2/11, omslag 1: Volksorg: Beleidstudieprogram.

B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

B/L 2/11, omslag 3: Die maak van rommel-artikels.

B/L 2/11, omslag 3: Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite.

B/L 2/11, omslag 3: Volksopvoeding.

B/L 2/11, omslag 3: Voorligting vir huisvrouens.

B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg.

B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg: Skema van vrouetake.

Gebied A-versameling

B/L 5(i)(a)/3, omslag 14: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 37/41, 15.09.1941.

B/L 5(i)(a)/3, omslag 15: Noodhulpversorging (Algemeen).

B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 6/44, 1944.

B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Gebied A-bevel, OB Kaapland, no. 14/44, 1944.

B/L 5(i)(a)/3, omslag 16: Viering: 8 Augustus.

Gebied C-versameling

B/L 6, omslag 5: Vrystaatse OB-bevel, no. 10/41, 16.06.1941.

B/L 6/4, omslag 17: Vrystaatse OB-bevel no. 5/42, 1942.

B/L 6/4, omslag 19: Korrespondensie: C. Meyer/M.M. Tomlinson, 23.06.1943.

B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C.8/43.

B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel 5/43, 08.06.1943.

B/L 6/5, omslag 27: Vrystaatse Ossewa-Brandwag, Bevel no. 4/34, 05.05.1943.

B/L 6/5, omslag 27: Omsendbrief no. C 4/43, 22.07.1943.

B/L 6/5, omslag 27: Gebiedsbevel no. C. 8/43, 30.08.1943.

B/L 6/5, omslag 28: Omsendbrief 1/47.

B/L 6/5, omslag 28: Omsendbrief, 29/11/1944: Vrouekamp

B/L 6/5, omslag 28: Oproep: Vryheidsdagviering, 10.02.1947.

B/L 6/8/34, omslag 3, Boerejeug-omsendbrief 1/44.

Gebied F-versameling

B/L 8(i)(b)/4/26, omslag 2, Sesmaandelikse verslag, 1944.

B/L 8(1)(b)6, omslag 34: Boerejeugbevele, 1943.

Grootraad-versameling

Bevele: KG-bevel insake 27 Februarie 1947, 07.02.1947.

B/L 1/1/1, Korrespondensie, A.J.H. van der Walt/J.A. Smith, 13.11.1942.

B/L 1/1/1: Korrespondensie, J.A. Smith/A.J.H. van der Walt, 25.11.1942.

B/L 1/2, omslag 9: OB Konstitusie, c. 1939.

B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 17.07.1939.

B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 10.08.1939

B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 26.09.1939.

B/L 12, omslag 11: Notule van vergadering, 9.07.1940.

B/L 1/2, omslag 11: Notule van vergadering, 03.10.1940.

B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 01.10.1942.

B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 02-04.11.1943.

B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, bylae D.

B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering 28-29.09.1944, verslag van die afdeling Sosiale Volksorg aan die Kommandant-Generaal.

B/L 1/2, omslag 12: Sitting van die Grootraad, 1945: Sosiale Volksorg.

B/L 1/2, omslag 15: Notule van vergadering, 13.10.1951.

B/L 1/3, omslag 18: Die Vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag.

B/L 1/3, omslag 18: Die Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking.

B/L 1/3, omslag 18: Organisasie metode van die Ossewa-Brandwag, Junie 1940.

B/L 1/3, omslag 20: Notule van vergadering, 12.09.1939.

B/L 1/3, omslag 20: Notule van vergadering, 29.08.1940.

B/L 1/4, omslag 36: Afrikaanse gesinsbeleid.

B/L 1/4, omslag 36: Die sedelike grondslag van die OB-familie.

B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

B/L 1/4, omslag 36: Ossewa-Brandwag-Vroue-Volksorg.

G. Tomlinson-versameling

B/L 1/5, omslag 3: Omsendbrief, 17.01.1947.

B/L 1/5, omslag 3: Vrouekamp.

B/L 1/5, omslag 5: Spaarsaamheidsartikels.

B/L 1/5, omslag 5: Gebiedsomsendbrief no. C2/45, 01.03.1945.

H.M. Robinson-versameling

B/L 2/10, omslag 4: Kort verduidelikende aantekeninge.

B/L 2/10, omslag 6: Toneelstuk: "Nominasievergadering van die Vooraanstaande Progressiewe Demokratiese Party".

B/L 2/10, omslag 8: Program van optredes.

B/L 2/11, omslag 3: Liedere.

B/L 2/11, omslag 4: Toneelstuk: "Die terugtog oor die berge".

H.O.F. Seyffert-versameling

B/L 1/1, omslag 17: Omsendbrief: “Die vroue-vredesbeweging”.

H.T. Hickman-versameling

B/L 1/1: Konstitusie.

B/L 1/4: Verslag vir die eerste jaarvergadering, 31.12.1943.

B/L 2/8: Magrieta Prinsloo.

J.A.S. de Wet-versameling

B/L 1/7, omslag 3: Korrespondensie: J.A.S. de Wet/C. Meyer, 05.06.1944.

B/L 1/7, omslag 3: I/S: Vryheidsdag, 13.02.1945.

B/L 1/7, omslag 5: Spaarsaamheid.

B/L 1/7, omslag 6: Sesmaandelikse verslag, 1946.

J.F.J. van Rensburg-versameling

J.F.J. van Rensburg (jr.), My Vader, Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag (ongep. manuskrip).

J.S. de Vos-versameling

B/L 1/2, omslag 1: Oorsig van die vernaamste beleidsbeginsels van die Ossewa-Brandwag.

B/L 1/5, omslag 3: Omsendbrief: Werksaamhede.

B/L 1/5, omslag 3: Patroon van wit rok van Ossewa-Brandwag vroue.

B/L 1/5, omslag 3: Toespraak: J.A. Smith, “Vroue-afdeling van die Ossewabrandwag”, Paarl, 29.01.1943.

B/L 1/5, omslag 3: Verhouding tussen die afdeling Sosiale Volksorg en die Vrouevertakking van die OB.

B/L 1/8, omslag 8: Die Taak van die Vrou in die Volksbeweging.

Kaaplandse beheerraad-versameling

B/L 5(i)/1, omslag 5: Bevel.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Die Ossewa-Brandwag: Doel en strewe.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Die Vroue-afdeling van die Ossewa-Brandwag, Kaapland.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Kaapland Omsendbrief no. 4/41, 19.07.1941.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Kennisgewing 1/8, 21.10.1941.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Pamflet: Die Ossewabrandwag.

B/L 5(i)/1, omslag 5: Mobilisasie van vroue-kragte.

Kommandant-Generaal-versameling

KG Korrespondensie: sekretaresse/J.L. Uys, 12//09/1939

KG Korrespondensie: sekretaresse/ Mev. J. Theron, 26/01/1940

Toesprake: Laertrek te Bloemfontein, 13/04/1941.

M.S.F. Grobler-versameling,

B/L 1/7, omslag 1: Noodhulp-gevalle.

N.G.S. van der Walt-versameling

B/L 2/13, omslag 1: Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag.

B/L 2/13, omslag 7: Verklaring van P.J. Oosthuizen, 10/06/1939.

B/L 2/13, omslag 9: Korrespondensie: sekretaris/P.J. Oosthuizen, 28/3/1939.

P.J. Meyer-versameling

B/L 1/4, omslag 4, OB Noodhulpfonds: Memorandum.

B/L 1/4, omslag 7: Die Ossewa-Brandwag Vroue-Volksorg: Memorandum.

B/L 1/4, omslag 7, Doelstellings en taak.

B/L 1/4, omslag 7: OB Vroue-volksorg: Doelstellings en taak.

B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G. Cronjé.

P.J. Nienaber-versameling

Notule van die Eerste Laer van die OB-offisiere, Bloemfontein, 13 & 14 Oktober 1941.

Transvaalse Beheerraad-versameling

B/L 8(i)/1, omslag 1: Fondsdag: 8 Augustus.

B/L 8(i)/1, omslag 1: Organisasie-metode van die Ossewa-Brandwag met spesiale verwysing na die pligte van die verskillende range, Junie 1940.

B/L 8(i)/1, omslag 2: Lesing: C.H. Rautenbach, “Ons lewensbeskouing of ideologie” (’n Inleidende lesing gehou voor die Vrouewag en ander offisiere te Pretoria op 6 Februarie 1945).

B/L 8(i)/1, omslag 2: Toespraak: A. Wassenaar, “Kinderversorging”.

B/L 8(i)/1, omslag 2: Toespraak dr. V. Bührmann, “Invloed van vrou en moeder op toekoms van die kind en volk”, 17.08.1942.

Vrystaatse Beheerraad-versameling

B/L 6/1, omslag 2: Bevel no. 5/42, aanhangsel A.

B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 13.02.1942.

B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 09.05.1942.

B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

B/L 6/2/7, omslag 6: Werkskema: Vroue-Adjunkraad, Oranje Vrystaat.

B/L 6/2, omslag 6: Wenke aan Vrouekommando’s.

B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

B/L/ 6/2/7, omslag 7: Vrystaatse OB Bevel, 5/42.

iv) Mondelinge onderhoude: Transkripsieversameling van die OB-argief

Bandnr. 19-20: H.M. Robinson/J.C. Neethling (1973).

Bandnr. 23: H.M. Robinson/C.W. Rautenbach (1985).

Bandnr. 33: H.M. Robinson/C.H. Pretorius (1979).

Bandnr. 43 & 45: Herinneringe van H.M. Robinson (1985).

Bandnr. 47: H.M. Robinson/R.C.G. van der Merwe (1985).

Bandnr. 61: H.M. Robinson/F. Botha (1975).

Bandnr. 75: H.M. Robinson/A. Neethling-Pohl (1979).

Bandnrs. 76-77: H.M. Robinson/J.H. Coetzee (1985).

Bandnr. 82: H.M. Robinson/W.J. Seymore (1975).

Bandnr. 90-91: H.M. Robinson/G. Wolf (1985).

Bandnrs. 97-98: H.M. Robinson/E.S du Toit (1982).

Bandnr. 129: H.M. Robinson/C.J.N. Fourie (1979).
 Bandnr. 131: L.M. Fourie/C.M. Immelman (1977).
 Band nr. 153: L.M. Fourie/J. Wagner (1979).
 Bandnr. 165-166: L.M. Fourie/C.J.H. Steenkamp (1985).
 Bandnr. 177: H.M. Robinson/E.P. Tolmay (1978).
 Bandnr. 202: H.M. Robinson & W.R. Laubscher/B. Roux (1985).
 Bandnr. 204: H.M. Robinson/E. de Wet (née Nel) (1985).
 Bandnrs. 205 & 211: H.M. Robinson/D. Dommissie (1978).
 Bandnr. 208: Herinneringe van Mev. J. Marais (1985).
 Bandnr. 208: H.M. Robinson/M.J. Louwrens (1985).
 Bandnr. 208: R. Groeneveldt /J. Haasbroek (1980).
 Bandnr. 209-210: H.M. Robinson/M.J. Erasmus (1985).
 Bandnr. 216-219: H.M. Robinson/A.S. Spies (1985).
 Bandnr. 201: H.M. Robinson/W.S. du Plessis (1978).
 Geen bandnr.: Transkripsie: Herinneringe van Mev. M.E. le Roux (1985).

v) Fotoversameling van die OB-argief

OB Museum: Foto van E. Theron.
 OB Museum: Foto van lede van spinkursus.
 Fotonr. 195: Krugerdagviering.
 Fotonr. 546: G. Cronjé in 1947.
 Fotonr. 675: Vrouewag Feb. 1945.
 Fotonr. 677: Kaapstadse Vrouewag.
 Fotonr. 779: Magrieta Prinsloo.
 Fotonr. 849: OB Hoofvroue.
 Fotonr. 856: Vroue-protosoptog, 22.06.1940.
 Fotonr. 856, 1 & 2: Elsa Nel se vrylating uit die tronk
 Fotonr. 1112: Krugerdagviering, 10 Okt. c. 1941/42.
 Fotonr. 1156: Boerejeug-uniform.
 Fotonr. 1219: Wagkamp: Belville, 18.11.45.
 Fotonr. 1252: Spinkursus (1).

Fotonr. 1253: Spinkursus (2).

Fotonr. 21120: Eerste uniale laertrek van OB-offisiere, 13-14 Okt. 1941

1.2. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Argief vir Eietydse Aangeleenthede, Bloemfontein.

1.2.1. Skenker-versamelings

Jerling-versameling

PV 158, lêer nr. 30: Aanbevelings van Transvaalse VAR uitspruitende uit vergadering gehou op 26 November 1942.

PV 158, lêer nr. 30: Beleidskema en werkprogram.

PV 158, lêer nr. 30: Wenke vir die Vroueafdeling van die Ossewabrandwagbeweging.

2. Periodiese publikasies

Die Besembos, September 1939.

Die Burger, 19.09.1940.

Die Burger, 25.02.1941.

Die Burger, 05.09.1941.

Die Burger, 30.11.1942.

Die Burger, 03.12.1942.

Die Transvaler, 26.01.1939.

Die Transvaler, 29.05.1940.

Die Transvaler, 30.05.1940.

Die Transvaler, 18.06.1940.

Die Transvaler, 13.12.1940-17.12.1940.

Die Transvaler, 02.01.1941.

Die Transvaler, 22.01.1941.

Die Transvaler, 04.02.1941.

Die Transvaler, 28.02.1941.

Die Transvaler, 31.02.1941.

Die Transvaler, 06.03.1941.
Die Transvaler, 21.03.1941.
Die Transvaler, 27.05.1941.
Die Transvaler, 09.06.1941.
Die Transvaler, 11.08.1941.
Die Transvaler, 21.09.1941.
Die Vaderland, 16.12.1940
Die Vaderland, 28/05/1941
Die Volksblad, 06.02.1939.
Die Volksblad, 15.04.1939.
Die Volksblad, 25.04.1936.
Die Volksblad, 01.11.1947.
Die Volkstem, 13.02.1939.
Pretoria News, 24.06.1940.
The Friend, 17.12.1913.

3. Joernaal- en tydskrifpublikasies

Abray, J., “Feminism in the French Revolution”, *American Historical Review*, vol. 80, 1975, pp. 43-62.

Blignaut, C. & Du Pisani, J.A., ““Om die fakkelt verder te dra’: die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag”, *Historia*, vol. 54, no. 2, Nov. 2009, pp. 133-157.

Boxer, M.J., “Women’s studies as women’s history”, *Women’s Studies Quarterly*, vol. 30, nr. 3, Winter, 2002, pp. 42-51.

Boydston, J., “Gender as a question of historical analysis”, *Gender and History*, vol. 20, nr. 3, Nov., 2008, pp. 558-583.

Bozzoli, B., “Marxism, Feminism and South African Studies”, *Journal of Southern African Studies* vol. 9, nr. 2, 1983, pp. 139-171.

Bridenthal, R., "The dialectics of production and reproduction in history", *Radical America*, vol. 10, 1976, pp. 3-11.

Bucur, M., "An archipelago of stories: Gender history in Eastern Europe", *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1375-1389.

Cloete, E.L., "Afrikaner identity: culture, tradition and gender", *Agenda*, vol 13, 1992, pp. 42-56.

Cloete, E.L., "Die vrou in Afrikanergeskiedenis: ingeskryf, herskryf en weggeskryf!", *Woord en Daad*, no. 370, Somer, 1999, pp. 14-16.

Coetzee, J.M., "The mind of Apartheid", *Social Dynamics*, vol. 17, no. 1, 1999, pp. 1-35.

Davidoff, L., "Gender and the 'Great Divide', *Journal of Women's History* vol. 15, no. 1, Spring, pp. 11-27.

Davin, A., "Imperialism and Motherhood", *History Workshop*, vol. 5, 1978, pp. 9-66.

Davis, N.Z., "'Women's History' in Transition: The European Case", *Feminist Studies*, vol. 3, 1976, pp. 83-103.

De Klerk, P., "Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 14, no. 1, Jun. 1989, pp. 43-81.

De Klerk, P., "Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol 14, no. 2, Des. 1989, pp. 90-131.

DeLamater, J.D. & Hyde, J.S., "Essentialism vs. social constructionism in the study of human sexuality", *Journal of sex research*, vol. 35, no. 1, 1998, pp. 10-18.

Delmont, E., "The Voortrekker Monument: Monolith to myth", *South African Historical Journal*, vol. 29, 1993, pp. 70-102.

Du Toit, M., “‘Die bewustheid van Armoed’: The ACVV and the construction of Afrikaner identity, 1904–1928”, *Social Dynamics*, vol 18, no. 2, 1992, pp. 1-25.

Du Toit, M., “The domesticity of Afrikaner nationalism: Volksmoeders and the ACVV, 1904-1929”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 29, no. 1, Mar., 2003, pp. 155-176.

Elliott, D., “The three ages of Joan Scott”, *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1390-1403.

Folbre, N., “Of patriarchy born: The political economy of fertility decisions”, *Feminist Studies*, vol. 9, 1983, pp. 261-248.

Furlong, P.J., “Fascism, the Third Reich and Afrikaner nationalism: an assessment of the historiography”, *South African Historical Journal*, no. 27, 1992, pp. 113-126.

Grobler, J., ”Volksmoeders in verset: Afrikanervroue-optogte in Pretoria, 1915 en 1940”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 23, no. 1, 2009, pp. 26-54.

Hershatter, G. & Zheng, W., “Chinese history: A useful category of gender analysis”, *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1404-1421.

Hetherington, P., “Women in South Africa: The historiography in English”, *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 26, nr. 2, 1993, pp. 241-269.

Hyslop, J. “White working-class women and the invention of Apartheid: 'Purified' Afrikaner nationalist agitation for legislation against 'mixed' marriages, 1934-9”, *The Journal of African History*, vol. 36, no. 1, 1995, pp. 57-81.

Kotzé, D.N. , “Die Christen en sy vaderland”, *Koers*, vol. 2, no. 6, 1935, pp. 19-26.

Krebs, P.M., The last of the Gentlemen’s Wars’: Women in the Boer War concentration camp controversy, *History Workshop*, vol. 33, 1992, pp. 38-56.

Marx, C., "The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941", *Journal of Southern African Studies*, vol. 20, no. 2, Jun. 1994, pp. 195-219.

Marx, C., "'Dear listeners in South Africa': German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941", *South African Historical Journal*, vol. 27, 1992, pp. 148-172.

Mason, K.O., "The status of women: Conceptual and methodological issues in demographic studies", *Sociological Forum*, vol 1, nr. 2, 1986, pp. 284-300.

McClintock, A., "Family feuds: Gender, nationalism and the family", *Feminist Review*, vol. 44, 1993, pp. 61-80.

McClintock, A., "'No longer in a future heaven': Women and nationalism in South Africa", *Transition*, no. 51, 1991, pp. 104-123.

McLaren, A., "Contraception and the working classes: Social ideology of the English birth control movement in its early years", *Comparative Studies in Society and History*, vol. 20, 1978, pp. 408-51.

Meyerowitz, J., "A history of gender", *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008 p. 1346-1356.

Mitchell, J., "Women: The longest revolution", *New Left Review*, vol. 40, pp. 11-37.

Offen, K.M., "First wave feminism in France: New Work and resources", *Women's Studies International Forum*, vol. 5, 1982, pp. 685-689.

Postma, R., "Die kind en die Groot Trek", *Huisgenoot Gedenkuitgawe*, 1838, pp. 165-175.

Prinsloo, D., "Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952", *Kleio*, vol. 17, no. 1, 1985, pp. 73-85.

Prinsloo, P.J.J., "Die oorsprong van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig", *Historia*, vol. 4, no. 1, 1996, pp. 62-73.

Purvis, J., "Hidden from history", in *The Polity Reader in Gender Studies* (Cambridge, Polity Press, 1994), pp. 135-142.

Ross, C., "Separate spheres or shared dominions?", *Transformation*, 23, 4 (2006), pp. 238-235.

Sacks, K. 'Toward a unified theory of class, race, and gender', *American Ethnologist*, 16, 3 (1989), pp. 534-550.

Scott, J.W., "Deconstructing equality versus difference, or, the uses of poststructuralist theory for feminism," *Feminist Studies*, Spring, 1988, pp. 33-50.

Scott, J.W., "Gender: A useful category of historical analysis," *American Historical Review*, vol. 91, No. 5, December, 1986, pp. 1053-75.

Scott, J.W., "Gender: Still a useful category of analysis?" *Diogenes*, vol. 57, no. 225, Feb, 2010, pp. 7-14.

Scott, J.W., "History and difference," *Daedalus*, Fall, 1987, pp. 93-118.

Scott, J.W., "On language, gender, and working class history," *International Labor and Working Class History*, vol. 31, Spring, 1987, pp. 1-13.

Scott, J.W., "Politics and the profession: Women historians in the 1980's," *Women's Studies Quarterly*, vol. 9, no.3, 1981.

Scott, J.W., "Reply to critics of this piece," vol. 32, Fall, 1987, pp. 39-45.

Scott, J.W., "The mechanization of women's work," *Scientific American* 247, no. 3, September, 1982, pp. 166-87.

Scott, J.W., "Unanswered questions," bydrae tot AHR Forum, "Revisiting 'Gender: A useful category of historical analysis'," *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1422-30.

Scott, J.W., "Women's history: The modern period," *Past and Present*, no. 101, November, 1983, pp. 141-157.

Schneider, R.A., "Revisiting Gender: A useful category of historical analysis", *American Historical Review*, vol. 113, nr. 5, Des., 2008 pp. 1344-1422.

Stoker, H.G. "Die idee van nasionalisme", *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, vol. 10, 1931, pp. 51-8.

Swart, S.S. 'Desperate men': The 1914 Rebellion and the politics of poverty, *South African Historical Journal*, vol. 42, May, 2000, pp. 161-175.

Swart, S.S., 'Motherhood and otherhood': Gendered citizenship and Afrikaner women in the South African 1914 Rebellion, *African Historical Review*, vol. 39, no. 2, 2007. pp. 41-57.

Terre Blanche, H., "Mothers of the nation: Afrikaans women's magazine advertisements in the 1940s", *Kleio*, vol. 28, 1996, pp. 174-188.

Tinsman, H., "A paradigm of our own: Joan Scott in Latin American history", *American Historical Review*, vol. 113, no. 5, Dec., 2008, pp. 1357-1374.

Van der Merwe, R., "Moulding *volksmoeders* or *volks* enemies? Female students at the University of Pretoria, 1920-1970", *Historia*, vol. 56, no. 1, 2011, pp. 77-100.

Van der Watt, L., "The comradely ideal and the *volksmoeder* ideal: Uncovering gender ideology in the Voortrekker tapestry", *South African Historical Journal*, vol. 39, Nov. 1998, pp. 91-110.

Van Heyningen, E., "The voices of women in the South African War", *South African Historical Journal*, no. 41, November, 1999, pp. 22-34.

Vincent, L., "Bread and honour: White working class women and Afrikaner nationalism in the 1930s", *Journal of Southern African Studies*, vol. 26, no. 1, Maart, 2000, pp. 61-78.

Vincent, L., "A cake of soap: the *volksmoeder*-ideology and Afrikaner women's campaign for the vote", *The International Journal of African Historical Studies*, vol. 32, no. 1, 1999, pp. 1-17.

Vincent, L., "The power behind the scenes: the Afrikaner nationalist women's parties, 1915-1931", *South African Historical Journal*, vol. 134, no. 40, pp. 51-73.

Walker, C., "Conceptualising motherhood in twentieth century South Africa", *Journal of Southern African Studies*, vol. 21, no. 3, Sep., 1995, pp. 417-437.

Wells, R.V., "Family history and demographic transition", *Journal of Social History*, vol. 9, 1956, pp. 1-19.

West, C. & Zimmerman, D.H., "Doing gender", *Gender & Society*, vol. 1, no. 2, 1987, pp. 125-155.

West, C. & Fenstermaker, S., "Doing difference", *Gender & Society*, vol. 9, no. 1, 1995, pp. 8-37.

West, C. & Zimmernan, D.H., "Accounting for doing gender", *Gender & Society*, vol. 23, no. 1, 2009, pp. 112-122.

4. Gepubliseerde literatuur

Amsden, A. (ed.), *The economics of women and work* (London, Penguin Books, 1980).

Anderson, B. *Imagined communities: Reflections on the origin and spread of nationalism* (London, Verso, 1991).

Bacchetta, P. & M. Power, *Right-wing women: From conservatives to extremists around the world* (London, Routledge, 2002).

Badenhorst, J.J., “Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geksiedenis*, vol. 12, no. 3, Des. 1987, pp. 54-82.

Badenhorst, J.J., “Vroeë organisasiestruktuur” in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, PU vir CHO, 1991), pp. 17-44.

Banks, J.A., *Prosperity and parenthood* (London, Routledge, 1954).

Beddoe, D., *Discovering women's history*, third ed. (New York, Longman, 1998).

Berger, I., “Solidarity fragmented: Garment workers of the Transvaal, 1930-1960” in S. Marks & S. Trapido (eds.), *The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa* (London, Longman, 1987), pp. 124-155.

Berger, I. *Threads of solidarity: Women in South African industry* (Indiana University Press, Indiana, 1992).

Berger, P.L. & Luckmann, T., *The Social Construction of Reality: A Treatise in the Sociology of Knowledge* (New York, Random House, 1967).

Bird, J., *The Annals of Natal – 1495 to 1845*, volume 2. (Cape Town, P. Maskew Miller, 1888).

Bowlby, R., *Virginia Woolf, A Woman's Essays* (London, Penguin, 1999).

Bozzoli, B. (ed.), *Class, community and conflict: South African Perspectives* (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Bradford, H., "Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African War" in Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, (Cape Town, David Phillip, 2002), pp. 37-66.

Brandt, J. *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in geheime dienst* (Kaapstad, HAUM, 1915).

Brandt, J. *Die smeltkroes: 'n Politieke vlugskrif* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1920).

Breytenbach, J.H., *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902 (vol5)*. (Pretoria, Nasionale Pers, 1983).

Bridenthal R. & Koonz, C., *Becoming visible* (New York, Houghton Mifflin Harcourt, 1987).

Brink, E., "Die Volksmoeder: 'n Beeld van 'n vrou" in Grundlingh, A.M. & Huigen, S. (eds.), *Van volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke* (Stellenbosch, Sun Press, 2008), pp. 7-16.

Brink, E. "Maar net 'n klomp 'Factory' meide': Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920s" in B. Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict: South African Perspectives* (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Brink, E., "Man-made Wwomen: Gender, class and the ideology of the *volksmoeder*", in *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Phillip, 1990), pp. 273-292.

Brown, C. & Seitz, J., “‘You’ve come a long way baby’: Historical perspectives”, R. Morgan (ed.), *Sisterhood is powerful: An anthology of writings from the Women’s Liberation Movement* (New York, Vintage Books, 1970) , pp. 3-28.

Burke, P., *New perspectives on historical writing*, 2nd ed. (Pennsylvania, Pennsylvania State University Press, 2001).

Butler, J., “Afrikaner Women and the Creation of Ethnicity in a Small South African Town, 1902-1950”. in L. Vail (ed.), *The creation of tribalism in South Africa*, (Berkely, University of California, 1989), pp. 55-81.

Butler, J., *Undoing gender* (New York, Routledge, 2004).

Cachet, F.L., *De worstelstrijd der Transvalers* (Amsterdam, Höveker & Wormster, 1989).

Calhoun, C., Gerteis, J., Moody, J., Pfaff, S. & Virk, I. (eds.), *Contemporary sociological theory* (Oxford, Blackwell, 2002).

Chisholm, L., “Gender and deviance in South African industrial schools and reformatories for girls, 1911-1934” in C. Walker, ed., *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Claremont, David Phillip, 1990), pp. 293-312.

Clouser, R.A., *The myth of religious neutrality*, (Norte Dame, University of Notre Dame Press, 2005).

Cooke, M. & A Woollacot (eds.), *Gendering war talk* (New Jersey, Princeton University Press, 1993).

Cronjé, G., *‘n Tuiste vir die nageslag* (Johannesburg, Publicité, 1945).

Cronjé, G., “Die huisgesin in die Afrikaanse kultuurgemeenskap”, in P. de V. Pienaar & C.M. van der Heever (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, vol. 1 (Kaapstad, Nasionale Pers, 1945), pp. 309-360.

Cronjé, G., *Afrika sonder die Asiaat: Die blywende oplossing van Suid-Afrika se Asiatevraagstuk* (Johannesburg, Publicité, 1946).

Cronjé, G., *Voogdyskap en apartheid* (Pretoria, Van Schaik, 1948).

Cronjé, G. et al., *Regverdige Rasse-Apartheid* (Stellenbosch, Christen-Studenteverenigingsmaatskappy, 1947).

Cronjé, G., *Mens tot medemens: 'n Algemene inleiding tot die maatskaplike sorg* (Kaapstad, HAUM, 1958).

Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, (Cape Town, David Phillip, 2002).

Davidoff, L., & C. Hall, *Family fortunes: Men and women of the English middle class* (London, Hutchinson, 1987).

De Beauvoir, S., *The Second Sex*, trans. H.M. Parshley (Harmondsworth, Penguin, 1972).

De Cecco, J.P. & J.P. Elia, “A critique and synthesis of biological essentialism and social constructionist views of sexuality and gender” in J.P. de Cecco & J.P. Elia (eds.), *If you seduce a straight person, can you make them gay? Issues in biological essentialism versus social constructionism in gay and lesbian identities* (New York, Haworth, 1993), pp. 2-3.

De Cecco, J.P. & J.P. Elia (eds.), *If you seduce a straight person, can you make them gay? Issues in biological essentialism versus social constructionism in gay and lesbian identities* (New York, Haworth, 1993).

De Kiewiet, C.W., *A history of South Africa: social and economic* (London, Oxford University Press, 1975).

De Klerk, P., “Die ideologie van die Ossewa-Brandwag” in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, PU vir CHO, 1991), pp. 292-400.

Delegorgue, A. *Travels in Southern Africa*, translated by Fleur Webb. (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1990).

De Villiers, A., *Barrevoets oor die Drakensberg: Pioniersvroue van die neëntiende eeu* (Johannesburg, Perskor, 1975).

Die Gereformeerde Vroueblad, *Gedenkboek. Die Gereformeerde vrou, 1859-1959* (Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1959).

Diederichs, N., *Nasionalisme as lewensbeskouing en sy verhouding tot internasionalisme* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1936).

Dubois, E., *Feminism and suffrage: The emergence of an independent women's movement in America, 1848-69* (Ithaca, N.Y., Cornell University Press, 1978).

Du Plessis, E.P., *'n Volk staan op: Die Ekonomiese Volkskongres en daarna* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1963).

Du Toit, M., “Framing volksmoeders: The politics of female Afrikaner nationalists, 1904-c.1930, in P. Bacchetta & M. Power, *Right-wing women: From conservatives to extremists around the world* (London, Routledge, 2002), pp. 57-70.

Du Toit, M., *Vrou en Feminist: Iets oor die Vrouevraagstuk*. (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1920).

Eisenstein, H., *Contemporary feminist thought* (London, Unwin Paperbacks, 1984).

Engelenburg, F.V., *General Louis Botha* (Pretoria, J.L. van Schaik, 1928).

Evans, R., *The feminist movement in Germany, 1933-1934* (London, Sage Publications, 1976).

Fentress, J. & C. Wickham, *Social memory: new perspectives on the past* (London, Blackwell, 1992).

Ferreira, O.J.O., *Die geskiedenis van die sentrale volksmonumentekomitee* (Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1970).

Fisher, J., *The Afrikaners* (London, Cassel, 1969).

Frader, L.L., "Gender and labor in world history" in T.A. Meade & M.E. Wiesner-Hanks (eds.), *A companion to gender history* (London, Blackwell, 2004), pp 26-50.

Furlong, P.J., *Between crown and swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991).

Gaitskell, C., & Kimble, J., "'Wailing for purity': Prayer unions, African mothers and adolescent daughters, 1912-1940" in S. Marks & R. Rathbone, (eds.), *Industrialization and social change in South Africa* (London, Longman, 1982).

Gaitskell, D. & Unterhalter, E., "Mothers of the Nation: A Comparative Analysis of Nation, Race and Motherhood in Afrikaner Nationalism and the African National Congress" in N. Yuval-Davis, & F. Anthias (eds.), *Women-Nation-State* (London, Macmillan, 1989), pp. 58-78.

Gasa, N. (ed.), *Women in South African History* (Cape Town, HSRC, 2007).

Grundlingh, A.M. & Huigen, S. (eds.), *Van volksmoeder tot Fokopolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke* (Stellenbosch, Sun Press, 2008).

Geertz, C., *The Interpretation of Cultures* (New York, Basic Books, 1973).

Giliomee, H., *Die Afrikaners: 'n biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004).

Giliomee, H., *The Afrikaners: biography of a people* (Richmond, University of Virginia Press, 2003).

Giliomee, H., "The beginnings of Afrikaner ethnic consciousness" in L. Vail (ed.), *The creation of tribalism in southern Africa* (London, Currey, 1989), pp. 21-50.

Giliomee, H. & Mbenga, B. (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007).

Grundlingh, A.M., *Die 'Hendsoppers' en 'Joiners': die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, HAUM, 1979).

Grundlingh, A.M., "The National Women's Monument" in Cuthbertson, G., Grundlingh, A.M. & Suttie, M.L. (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902*, (Cape Town, David Phillip, 2002), pp. 18-36.

Grundlingh, A.M. & Swart, S.S., *Radelose Rebelle?: dinamika van die 1914-1915 Afrikanerrebelle* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2009).

Gowing, L., *Common bodies: Women, touch and power in seventeenth-century England* (New Haven, Yale University Press, 2003).

Hexham, I., "Afrikaner nationalism 1902-14", in P. Warwick & S.B. Spies, *The South African War: The Anglo-Boer War, 1899-1902* (London, Longman, 1981), pp 368- 397.

Higonnet, M., et al. (eds.), *Behind the lines: Gender and the two World Wars*, (Yale University Press, 1987).

Hofmeyr, I., "Building a Nation from Words: Afrikaans Language, Literature and ethnic Identity, 1902-1924", in Marks, S. & Trapido, S. (eds.), *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth-century South Africa* (New York, Longman, 1987), pp. 92-123.

Hollis, P., *Women in public* (London, Allen & Unwin, 1979).

Jorissen, E.J.P., *Transvaalsche herinneringen. 1876-1886* (Amsterdam, De Bussy, 1897).

Kanner, B., *The women of England from Anglo-Saxon times to the present* (Hamden, Conn., Archon Books, 1979).

Kelly, J., "Did women have a Renaissance?" in R. Bridenthall & C. Koonz (eds.), *Becoming visible* (New York, Houghton Mifflin Harcourt, 1987), pp. 137-164.

Kelly, J., *Women, history and theory* (Chicago, University of Chicago Press, 1984).

Kemp, J.C.G., *Vir vryheid en reg* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1941).

Kleinberg, S.J., (ed.), *Retrieving women's history: Changing perceptions of the role of women in politics and society*, (London and Paris, Berg/Unesco, 1988).

Kotzé, D.J., *Nasionalisme: geskiedenis en pan-nasionalistiese bewegings, Nasionalisme as historiese faktor*, deel 2 (Kaapstad, Tafelberg, 1970).

Kruger, N. *Rachel Isabella Steyn: Presidentsvrou* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949).

Lamar, H. & Thompson, L. (eds.), *The frontier in history: North America and Southern Africa compared* (New Haven & London, Yale University Press, 1981).

Landman, C., *The piety of Afrikaans women: Diaries of guilt* (Pretoria, UNISA, 1994).

Landman C (ed.) *Digging up our foremothers: Stories of women in Africa* (Pretoria, UNISA, 1996).

Lorber, J., “‘Night to His Day’: The Social Construction of Gender”, in P.S. Rothenburg (ed.), *Race, class and gender in the United States: An integrated study* (New York, Worth Publishers, 2006), pp. 54-65.

MacDonald, J.R., *What I saw in South Africa* (London, Echo, 1902).

Malan, K., *Die vrou en die politiek* (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1975).

Marx, M, J. Lorber, & B. Hess, (eds.), *Revisioning gender*, (Sage Publications, 1999).

Marx, C., *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, UNISA, 2008).

Marks. S. & R. Rathbone, (eds.), *Industrialization and social change in South Africa* (London, Longman, 1982).

Marks, S. & S. Trapido (eds.), *The Politics of Race, Class and Nationalism in Twentieth Century South Africa* (London, Longman, 1987).

Marquard, M., *Letters from a Boer parsonage* (Cape Town: Purnell, 1967).

McClintock A., *Imperial leather* (London, Routledge, 1995).

Meade, T.A. & M.E. Wiesner-Hanks (eds.), *A companion to gender history* (London, Blackwell, 2004).

Meyer, P.J., *Die vooraand van ons vrywording: Die Afrikanerdom één en verdeeld* (Kaapstad, ANJ, 1941).

Meyer, P.J., *Die toekomstige ordening van die volksbeweging in Suid-Afrika* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1942).

Meyer, P.J., *Nog nie ver genoeg nie* (Johannesburg, Perskor, 1984).

Miles, R., *The women's history of the world* (London, Paladin Books, 1989).

Mosterd, D., *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* (Pretoria, Nasionale Pers, 1940).

Moodie, T.D., *The rise of Afrikanerdom: power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion* (Berkeley, University of California Press, 1975).

Muller, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 3de uitgawe (Pretoria, Academica, 1980).

Neethling-Pohl, A., *Dankbaar die Uwe: Anna Neethling-Pohl* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1974).

Oakley, A., *Women's Work: The Housewife Past and Present* (New York, Pantheon, 1974).

Oakley, A., "What is a housewife?" in L. McDowell & R. Pringle, *Defining women: Social institutions and gender divisions*, p. 136-164.

O'Connel, H., *Women and the family* (London, ZED Books, 1994).

Oost, H., *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1956).

O'Meara, D., *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nationalism, 1934-1948* (Cambridge, Cambridge University Press, 1983).

Pienaar, P. de V. & C.M. van der Heever (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, vol. 1 (Kaapstad, Nasionale Pers, 1945).

Pinsky, V. & A. Wylie, *Critical traditions in contemporary archaeology: Essays in the philosophy, history and socio-politics of archaeology* (Cambridge, Cambridge University Press, 1989).

Postma, W., *Die Boerevrou: Moeder van haar volk* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1918).

Preller, G.S., *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-generaal* (Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1940).

Pretorius, F., *Die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Struik, 1998).

Pretorius, F., The fate of Boer women and children, in F. Pretorius (ed.), *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2002).

Pretorius (ed.), F., *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2002).

Quass, F.W., Die Tweede Rebelle: 'n roman uit die dae toe die Vierkleur opnuut die simbool was van alles wat die Afrikaner verteenwoordig het (Johannesburg, Afcet-uitgewers, 1975).

Redclift, N. & M. Thea Sinclair (eds.), *Working women: international perspectives on labour and gender ideology* (London, Routledge, 1991).

Reëlinskomitee van die Vroue-optog, *Die vrou roep Suid-Afrika, Die Vroue-optog, 22 Junie 1940* (Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1940).

Rompel-Koopman, *Wat Mev. Joubert Vertelt* (Kaapstad, HAUM, Dasseau, 1915).

Riley, D., *Am I that name? Feminism and the category of "women" in history* (Houndmills, Macmillan Press, 1988).

Roberts, M, "Women's history and gender history", P. Lambert & P. Schonfield (eds.), *Making History* (New York, Routledge, 2004), pp. 192-203.

Rosen, A., *Rise up women! The militant campaign of the Women's Social and Political Union* (London, Routledge, 1974).

Ross, J.J., "Karaktertrekke van die Trekkers: die goeie uit die verlede waarop ons 'n toekoms kan bou", in Sentrale Volksfeestekomitee, *Gedenkboek: Voortrekkereufees 1838-1938* (Johannesburg, L.S. Gray & Co., 1938), pp. 81-83.

Rothman, M.E., *The poor white problem in South Africa. Report of the Carnegie-Commission, Part V: The mother and daughter of the poor family* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1932).

Rowbotham, S., *Hidden from history: 300 years of women's oppression and the fight against it* (London, Pluto Press, 1973).

Rowbotham, S., *Promise of a dream: Remembering the Sixties* (New York, Verso, 2001).

Sachs, E.S., *Rebels' daughters* (Johannesburg, MacGibbon & Kee, 1957).

Scholtz, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner* (Johannesburg, Voortrekkerpers/Perskor, 1967-1984).

Schoeman, K., *Die wêreld van Susanna Smit, 1799-1863* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1995).

Scholtz, G.D., *Die Rebelle van 1914/15* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1942).

Schreiner, O., *Thoughts on South Africa* (Johannesburg, Africana Book Society, 1976).

Scott, J.W., "Women's history" in P. Burke (ed.), *New perspectives on historical writing*, 2nd ed. (Pennsylvania, Pennsylvania State University Press, 2001), pp. 43-70.

Scott, J.W., *Gender and the Politics of History*, (New York, Columbia University Press, 1988).

Scott, J.W., *Gender and the politics of history*, revised ed. (New York, Columbia University Press, 1999).

Scott, J.W. & Tilly, L.A., *Women, work and family* (New York, Holt, Rinehart and Winston, 1978).

Scott, J.W., "Rewriting history," in M. Higonnet, et al. (eds.), *Behind the lines: Gender and the two World Wars*, (Yale University Press, 1987), pp. 19-30.

Scott, J.W., *The fantasy of feminist history* (Durham & London, Duke University Press, 2011).

Scott, J.W. "Millennial Fantasies: The future of "Gender" in the 21st century", in Honegger, Claudia and Caroline Arni (eds.), *Gender: Die Tücken einer Kategorie*. (Zurich, Chronos, 2001).

Scott, J.W., "The problem of invisibility," in S. Jay Kleinberg (ed.), *Retrieving women's history: Changing perceptions of the role of women in politics and society*, (London and Paris, Berg/Unesco, 1988), pp. 5-29.

Scott, J.W., "Some reflections on gender and politics," in M. Marx, J. Lorber, & B. Hess, (eds.), *Revisioning gender*, (Sage Publications, 1999), pp. 70-96.

Sentrale Volksfeestekomitee, *Gedenkboek: Voortrekkereefeest 1838-1938* (Johannesburg, L.S. Gray & Co., 1938).

Shadar, S., *The fourth estate: A history of women in the Middle Ages* (London, Routledge, 2003).

Sinclair, M.T., “Women, work and skill: economic theories and feminist perspectives” in N. Redclift & M. Thea Sinclair (eds.), *Working women: international perspectives on labour and gender ideology* (London, Routledge, 1991), pp 1-24.

Sicherman, B., Monter, E.W, Scott, J.W. & Sklar, K.K., *Recent United States Scholarship on the History of Women* (Washington, D.C., American Historical Association, 1980).

Smith, D.E. “The conceptual practices of power” in C. Calhoun, J. Gerteis, J. Moody, S. Pfaff & I. Virk (eds.), *Contemporary Sociological Theory* (Oxford, Blackwell, 2007), pp. 318-326.

Smith, K., *The Changing Past* (Johannesburg, Southern Book Publishers, 1988).

Spies, S.B., “Women and the war”, in Warwick, P. & Spies, S.B. (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899- 1902* (Harlow, Longman, 1980), pp 161-285.

Steenkamp, A., et al., *Die dagboek van Anna Steenkamp en fragmentjies oor die Groot-Trek* (Pietermaritzburg, Natalse Pers, 1939).

Steenkamp, E. *Helkampe* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1941).

Stites, R., *The Women’s Liberation Movement in Russia* (Princeton, Princeton University Press, 1978).

Stockenström, E., *Die vrou in die Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Volk* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1921).

Stoker (red.), H.G., *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1953).

Stoker, H.G., *Die stryd om die ordes* (Potchefstroom, Calvin-Jubileumboekefonds, 1941).

Theron, E., *Sonder hoed of handskoen* (Kaapstad, Tafelberg, 1983).

Theron, E., *Fabriekwerksters in Kaapstad* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1944).

Theron E & Lambrechts, H.C., *Vrouevolksdiens* (Kaapstad, HAUM, 1956).

Tosh, J., *The Pursuit of History*, fourth ed. (Harlow, Pearson, 2002).

Tilley, C., "Archaeology as socio-political action in the present" in V. Pinsky & A. Wylie, *Critical traditions in contemporary archaeology: Essays in the philosophy, history and socio-politics of archaeology* (Cambridge, Cambridge University Press, 1989), pp 104-115.

Vail, L. (ed.), *The creation of tribalism in southern Africa* (London, Currey, 1989).

Van der Schyff, P.F. (red), *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras*. (Potchefstroom, PU vir CHO, 1991).

Van der Schyff, P.F. (red), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (ongep. verslag, Departement van Geskiedenis, PU vir CHO, 1984).

Van der Walt, A.J.H. e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2de uitgawe (Kaapstad, Nasou, 1965).

Van der Walt, A.J.H., *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg, Kultuur en Voorligtingsdiens van die Ossewa-Brandwag, 1941).

Van der Watt, L., "Art, Gender Ideology and Afrikaner Nationalism: A History of the Voortrekker Monument Tapestries", (M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1996).

Van Heyningen, E., The Voices of Women in the South African War, *South African Historical Journal* 41, November 1999, pp. 22-43.

Van Heyningen, E., “Women and gender in the South African War 1899-1902”, in N. Gasa (ed.), *Women in South African History*, (Cape Town, HSRC, 2007), pp. 91-125.

Van Jaarsveld, F.A., *Wie en Wat is die Afrikaner* (Kaapstad, Tafelberg, 1981).

Van Jaarsveld, F.A., *Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1959).

Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaner en sy Geskiedenis* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959).

Van Jaarsveld, F.A., *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede* (Johannesburg, Perskor, 1982).

Van Jaarsveld, F.A., *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha* (Johannesburg, Perskor, 1982).

Van Jaarsveld, F.A., *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (Pretoria, HAUM, 1980).

Van Reenen, R. *Emily Hobhouse: Boer War Letters* (Cape Town, Human & Rousseau, 1984).

Van Rensburg, A.P., *Moeders van ons volk* (Johannesburg, Afrikaanse Pers Boekhandel, 1966).

Van Rensburg, J.F.J., *Their paths crossed mine* (Cape Town, CNA, 1956).

Van Rooyen, J., “Vroue in die politiek”, in Van der Merwe, C.P. & Albertyn, C.F. (reds.), *Die Vrou*, deel 5 (Stellenbosch, C.F. Albertyn Beperk, 1972).

Venter, D.G., *Die Vrou in die Openbare Lewe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1937).

Ver Loren van Themaat, *Twee Jaren* (Haarlem, Tjeenk Willink, 1903).

Visser, G.C., *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Johnathan Ball, 1976).

Walker, C., *Women and Gender in Southern Africa to 1945*, (Claremont, David Phillip, 1990).

Warwick, P. & S.B. Spies, *The South African War: The Anglo-Boer War, 1899-1902* (London, Longman, 1981).

Weedon, C., *Feminist practice and poststructuralist theory* (Oxford, Basil Blackwell, 1991).

Wright, C., (ed.), *Feminism and Psycho-analysis: A Critical Dictionary* (Oxford, Blackwell, 1992).

Yuval-Davis, N. & F. Anthias (eds.), *Women-Nation-State* (London, Macmillan, 1989).

5. Ongepubliseerde literatuur

Badenhorst, J.J., “Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag” (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1985).

Brink, E. “The Afrikaner women of the Garment Workers Union, 1918-1939” (unpublished M.A.-thesis, University of Witwatersrand, 1986).

Buys, E.L., *Die drukkers- en uitgewersbedryf in Transvaal, 1857-1902* (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1988).

Cloete, E.L., “Frontierswomen As Volksmoeders: Textual Invocations in Two Centuries of Writing” (unpublished M.A.-thesis, UNISA, 1994).

Du Toit, M., “Women, Welfare and the Nurturing of Afrikaner Nationalism: A Social History of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging” (unpublished Ph.D.-thesis, University of Cape Town, 1996).

Eisenberg, B.Y., “Gender, Class and Afrikaner Nationalism: the South African Vrouefederasie” (unpublished B.A. Honnours-dissertation, University of Witwatersrand, 1987).

Fourie, L.M., *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid* (ongepub. D.Litt-proefskrif, PU vir CHO, 1987).

Gaitskell, D., “Female Mission Initiatives: Black and White Women in Three Witwatersrand Churches, 1903-1939” (Ph.D thesis, University of London, 1981).

Kruger, L.M., “Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the *Volksmoeder* discourse of *Die Boerevrou*, 1919-1931” (unpublished M.A.-thesis, University of Cape Town, 1991).

Lambrechts, H.C., “Die eerste vyftig jaar: Geskiedenis van die Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging” (Ph.D-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1956).

Maritz, L., *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women’s National Coalition van 1991 tot 1994* (ongepub. Ph.D. proefskrif, US, 2004).

Messina, E.A. *Die Voortrekkereuefees, 1938* (ongep. M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981).

Pollak, H.P., “Women in Witwatersrand industries” (M.A. dissertation, University of the Witwatersrand, 1932).

Prinsloo, P.J.J., *Kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag, 1938-1952* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1983).

Van der Schyff, P.F. (red), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (ongep. verslag, Departement van Geskiedenis, PU vir CHO, 1984).

Weidemann, N.C., *Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907* (D.Phill.-proefskrif, UP, 1955).

6. Elektroniese bronne

Giliomee, H., "The rise and fall of Afrikaner women", 2 Augustus 2003, <http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp>

Sapp, S.G., *The Social Construction of Reality: Notes*, www.soc.iastate.edu/sapp/Berger.pdf.
Datum van gebruik: 14 Oktober 2011.

Taylor, B., *History Workshop Journal*, 2008, www.history.ac.uk/makinghistory/resources/articles/HWJ.html, Datum van gebruik: 7 September 2010.

7. Persoonlike informasie

Mondelinge informasie

Onderhoud tussen C.M. Bakkes/J.A. du Pisani en C. Blignaut, Pretoria, 7.5.2007 (Persoonlike versameling van outeur).
